# TUISLANDGERIGTE ADMINISTRASIE VAN BANTOES IN BLANKBEHEERDE GEBIEDE MET VERWYSING NA DIE WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD

---

deur
Cornelis Hoek Serfontein

Proefskrif aangebied ter voldoening aan die vereistes vir die graad Doctor Philosophiae aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Promotor: Prof. J.J. Henning
Mede-promotor: Prof. F.J. Potgieter

Potchefstroom
Januarie 1974

2

Opgedra aan Linda, sonder wie se voortdurende hulp, bystand en aanmoediging hierdie proef=skrif menslik gesproke nooit moontlik sou ge=wees het nie.

VOORWOORD

Aan elke mens gee God sy talente, aanleg, omstandighede en geleenthede, om daarmee tot eer en verheerliking van Hom alleen te woeker. Aan God die eer en die dank in Wie se wil dit bestaan het dat ek hierdie werkstuk kon voltooi het.

By die voltooiing van hierdie studie dink ek graag in dankbaarheid aan diegene wat my op een of ander wyse bygestaan het en wie se samewerking bygedra het tot die resultaat van die onderneming.

Aan my promotor, prof. J.J. Henning, baie dankie vir u meelewing en voorligting wat ek by die skrywe van hierdie proefskrif kon ondervind. U opofferende gewilligheid om dikwels onder drukke werksaamhede en in late ure my met toegeneëntheid te woord te staan, stel ek hoog op prys. Dit is hierdie liefde en erns vir die saak van navorsing en leiding wat aansteeklik werk op 'n promovendus.

'n Besondere woord van dank en waardering gaan ook aan u prof. F.J. Potgieter. Dat u gewillig was om as mede-promotor op te tree, stel ek hoog op prys. In die uitvoering van u taak het u diepe erns en toewyding gepaar met begrip en Christelike wellewendheid. U positiewe gesindheid, skerpsinnige maar opbouende kritiek en akademiese eerlikheid was onontbeerlik vir die voltooiing van die proefskrif.

Groot waardering word ook uitgespreek teenoor dr. P.J. Riekert. U was nie alleen 'n leermeester nie, maar ook 'n vriend aan wie ek baie dank verskuldig is. U vriendelikheid, tegemoetkomentheid, eerlikheid en opregte belangstelling as 'n Christenmens, kan ek

maar net altyd waardeer. U het ontsaglik veel vir my gedoen en beteken.

'n Besondere woord van dank aan hulle onder wie se inspirerende leiding my eerste skrede gelei is op die weg van wetenskaplike studie. Met dankbaarheid dink ek terug aan hulle wat verbonde is aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Dit is vir my 'n behoefte om 'n besondere woord van dank te boekstaaf aan my gewaardeerde leermeester en vriend C.J. Maritz, vir sy inspirerende belangstelling en voortdurende bemoediging. Sy arbeid aan die departement Naturelleadministrasie van ons Alma Mater was al sedert my voorgraadse studiejare 'n prikkeling tot verdere studie.

Voorts gaan my dank ook aan mnr. B.G. Wandrag. Sy besondere by= drae aan inligting, nugtere advies en hulp met betrekking tot hierdie proefskrif, word met dank vermeld. Met genoeë en opregte dank noem ek ook die name van mnre. C.J.H. Lessing, Adjunk-Uni= versiteitsbibliotekaris, A.E. Williams, A.N.P. Pelzer, L.A. van Wyk en R.R. Lindeque vir hulle onbaatsugtige hulpverlening. Aan mev. M. Scott sê ek baie dankie vir veral haar geduld en tege= moetkominge en konsensieusheid as tikster. My erkenning is ook gerig aan dr. L.C. Minaar vir haar hulpverlening ten opsigte van die taalversorging van die proefskrif.

Aan my dierbare ouers en skoonouers 'n besondere woord van diepe erkentlikheid vir hulle liefde, opofferinge en inspirasie. Hulle voorbeeld is 'n kosbare kleinnood. In dieselfde lig ook aan Jan, Betsie en Carina.

Dat die onderhawige studie op hierdie stadium tot 'n bepaalde vol=

tooiing kon kom, is nogmaals 'n teken van Gods trou en liefde. Hy skenk die tye en geleenthede en seëninge van ons lewe.

C.H. Serfontein

Potchefstroom
Desember, 1973

INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING

1. Motivering en probleemstelling 1

2. Doel van ondersoek 17

3. Metode van ondersoek 24

4. Terminologie 30

2. AGTERGRONDSTUDIE: DIE TSWANASTAMMEGROEP

1. Etniese verband 44

2. Historiese agtergrond 45

3. Huidige stamsamestelling 54

4. Die tradisionele en moderne Tswana-kultuur 68

3. AFSONDERLIKE ONTWIKKELING EN TUISLANDGERIGTE ADMINISTRASIE VAN DIE BANTOEBEVOLKING IN DIE BLANKE GEBIED

1. Betekenis van die beleid van afsonderlike ontwikkeling 130

2. Tuislandgerigte administrasie van die Bantoebe= volking in die Blanke gebiede met verwysing na die wetlike vaslegging daarvan 136

4. AFSONDERLIKE ONTWIKKELING EN TUISLANDGERIGTE ADMINISTRASIE VAN DIE BANTOEBEVOLKING IN DIE BLANKE GEBIED (vervolg)

1. Stedelike Bantoerade 174

2. Tuislandverteenwoordigers en Volksverteenwoordigende rade 193

3. Die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 201

4. Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke-aangeleenthede 206

5. Die etniese indeling van 'n Bantoedorp, Lokasie of Bantoetehuis 209

6. Hulpsentrums 214

7. Die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967 222

8. Die Wet op die Burgerskap van Bantoetuislan= de, 1970 234

5. TUISLANDGERIGTE ADMINISTRASIE VAN BANTOES OP 'N STREEKS= GRONDSLAG DEUR DIE INSTELLING VAN BANTOESAKE-ADMINISTRA= SIERADE

1. Sentralisasie en desentralisasie 242
2. Bantoe-arbeidsrade 262
3. Ministeriële opdrag aan die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke-Aangeleenthede 268
4. Afbakening van Bantoesake-administrasierade 277
5. Die funksionering van Bantoesake-administrasierade met verwysing na die Wes-Transvaalse Bantoesake-admi= nistrasieraad 283

6. BANTOE-TUISLANDSKAKELING IN DIE WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAADSGEBIED AS 'N VOORWAARDE VIR DORPSTIGTING EN HERVESTIGING VAN DIE BANTOE IN BLANKBEHEERDE GEBIEDE IN DIE TUISLANDSE DORPE

1. Die betekenis van Stad-tuislandskakeling 316
2. Stad-tuislandskakeling in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraadsgebied 330

7. DORPSTIGTING IN DIE WES-TRANSVAALSE STREEKSVESTIGINGSGEBIED DEUR DIE WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD

1. Verstedeliking 380
2. Die plek van dorpstigting en hervestiging in die uit= voering van beleid 385
3. Kategorieë Bantoe wat hervestig moet word 389
4. Dorpstigting deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad 402

8. BEVINDINGS EN ENKELE AANBEVELINGS 467

LITERATUURVERWYSINGS 500

BYLAES 519

HOOFSTUK 1

INLEIDING

## 1. Motivering en probleemstelling

> „Geen mens kan politieke regte gegee word vir tyd en ewigheid in 'n land waar hy nie gebore is en woon nie. Hierdie stelling is onaanveg= baar korrek en ons sal onsself slegs 'n ondiens bewys deur van die waarheid hiervan weg te skram. Via die ontwikkeling van die tuislande sal die stedelike Bantoe se toekoms betekenisvol moet word. Daar is net geen uitweg nie tensy - en almal weet wat dit beteken."
>
> J.L. Boshoff[1)]

Op grond van die voorgaande stelling kan dan ook beweer word dat die grootste enkele faktor wat probleme oplewer wanneer daar oor die afsonderlike ontwikkeling van Bantoevolke gedebatteer word, die aanwesigheid van baie groot getalle Bantoes in Blankbeheerde gebiede is.

Die Bantoebevolking van Suid-Afrika bestaan uit 'n aantal etnie= se groepe, dit wil sê betreklik afgeslote kulturele en politieke eenhede of volke wat onderling ook in 'n hoë mate 'n gemeenskap= like herkoms het. Die verskillende volke word in tabel 1[2)] nader aangedui.

Die nasionale ontwaking van die Bantoevolke het in die afgelope jare vinnig plaasgevind. Dit het daartoe gelei dat elke volk bewus geword het van sy afsonderlike politieke bestemming en dat daar

---

1) Boshoff. Kwellinge van 'n eerlike Nasionalis, p. 1.
2) Statistiek soos gebruik in die hoofstuk is verkry van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede (S.A.B.R.A.) met besondere erkenning aan die Direkteur van S.A.B.R.A.

TABEL 1

DIE BANTOEVOLKE VAN SUID-AFRIKA, ENKELE GEGEWENS

| Volk | Land | Bevolking 1970 | Regeringsvorm | Regeringshoof | Staatshoof |
|---|---|---|---|---|---|
| Xhosa | Transkei | 3 223 000 | Selfbestuur | Hoofminister | Staatspresident |
| | Ciskei | 707 000 | Selfbestuur | Hoofminister | |
| Zoeloe | KwaZulu | 4 026 058 | Wetgewende vergadering | Hoofraadslid | J.J. Fouche |
| Swazi | Swaziland | 395 138 | Koninkryk | Eerste Minister | Koning Sobhuza II |
| | S.A. Swazigebied | 498 716 | Gebiedsowerheid | - | |
| Ndebele: | | | | | |
| Suid- | Ndebelegebied | 233 021 | Gebiedsowerheid | - | Staatspresident |
| Noord- | Ndebelegebied | 181 748 | Gebiedsowerheid | - | J.J. Fouche |
| Tswana | Botswana | 593 000 | Republiek | President | President Seretse Kgama |
| | Bophuthaswana | 1 719 367 | Selfbestuur | Hoofminister | Staatspresident |
| Noord-Sotho | Lebowa | 1 603 854 | Wetgewende vergadering | Hoofraadslid | J.J. Fouche |
| Suid-Sotho | Lesotho | 880 000 | Koninkryk | Eerste Minister | Koning Moshoeshoe II |
| | Qwa-Qwa | 1 451 790 | Wetgewende vergadering | Hoofraadslid | |
| Machangana/Tsonga | Gazankulu | 737 169 | Wetgewende vergadering | Hoofraadslid | Staatspresident |
| Vhavenda | Venda | 357 919 | Wetgewende vergadering | Hoofraadslid | J.J. Fouche |

baie vinnig gevorder is op die pad na selfregering. Die model van Suid-Afrika as een land met een volk of nasie is dus nie meer aanneemlik nie. Die aanvaarde model waarvolgens ontwikkeling tans plaasvind, is die van 'n volkeverskeidenheid, dit wil sê elke volk ontwikkel tot soewereine onafhanklikheid op sy eie grondgebied.

Die sensusopname van 1970 het met hierdie model rekening gehou en die gegewens wat ten opsigte van elke volk ingesamel is, is afson=derlik verwerk. In die toekoms sal inligting wat op die Bantoebe=volking as geheel betrekking het al minder betekenis hê, net so min as wat globale syfers vir die bevolking van Wes-Afrika of Oos-Afrika het. Elke afsonderlike volk neem meer en meer verantwoor=delikheid vir sy eie ontwikkeling en sal die inligting verlang wat in daardie verband betekenisvol is.

Dit volg dus logies dat die Bantoebevolking buite die onderskeie tuislande ook nie langer as 'n eenheid benader kan word nie. Ban=toes verander nie van etniese verband, van kultuur en van herkoms wanneer hulle die grens na die Blankbeheerde gebied oorsteek nie. Dit neem geslagte om so 'n verandering op noemenswaardige skaal te weeg te bring, en die geskiedenis het geleer dat dit 'n baie pynlike proses is; dit kan nie effektief beheer word nie en gaan gewoonlik met maatskaplike ontwrigting, geestelike verval en dik=wels met bloedvergieting gepaard. Maatskaplike en politieke stabi=liteit in die subkontinent, vreedsame internasionale verhoudinge en volgehoue ontwikkeling vereis dus dat elke persoon benader en behandel moet word as 'n lid van 'n bepaalde volk, as burger van sy land, afgesien van waar hy hom van tyd tot tyd mag bevind.

Die verspreiding van die Bantoevolke in hulle eie en in ander lan=de word in tabel 2 uiteengesit. Daaruit blyk dit dat 'n mens hier nie met 'n eenvoudige verdeling van Bantoes in die tuislande en Bantoes in die Blankbeheerde gebiede te maak het nie. Daar is byna een miljoen Bantoes wat gedurende 1970 nie in hulle tuislande nie

en ook nie in die Blankbeheerde gebiede gewoon het nie, maar in ander Bantoetuislande.

Hoewel daar in sommige gevalle 'n proses van hervestiging en grondverdeling aan die gang is wat deurmekaarwonery sal vermin= der, is daar in ander gevalle, soos in Bophuthatswana 'n teen= oorgestelde neiging waarneembaar. In Bophuthatswana het 32 persent van die 1970-bevolking uit vreemdelinge bestaan. In die Blankbe= heerde gebiede van Suid-Afrika is dié persentasie natuurlik veel hoër, 74 persent, maar die bedoeling is dat hierdie syfer moet afneem, terwyl dit in die geval van Bantoetuislande, en veral die kleine= res, waarskynlik sal toeneem as hulle industrieel ontwikkel. Daar sal dus in die toekoms almeer met die sosiopolitieke vraagstukke van trekarbeiders of kontrakarbeiders of gaste-arbeiders te doen gekry word.

In die 1970-sensus is daar sowat 320 000 Bantoes opgeneem wat nie tot enige van die volke waarna in tabel 2 verwys word, behoort het nie. Hulle was meestal van onafhanklike Bantoebuurstate af= komstig. Van hulle is 6 persent nie in die Blankbeheerde gebied opgeneem nie, maar in die Bantoetuislande.

Die persentasie van elke volk wat in 1970 binne sy eie landsgren= se was, word in tabel 3 aangetoon. Die syfers is egter nie aange= pas om vir persone wat gedurende die week buite hulle tuislande werk maar in werklikheid daar woon, voorsiening te maak nie; ook nie vir mense uit onafhanklike state aan wie nog nie paspoorte uitgereik is nie of wat op grond van hulle huistaal Tswana, Suid-Sotho of Swazi geklassifiseer is nie. As dit gedoen word, sal die persentasie binne die tuislande groter en dié in die Blankbeheerde gebiede kleiner wees.

TABEL 2

BANTOES BINNE EN BUITE HULLE ONDERSKEIE TUISLANDE, 1970

| | Binne eie tuisland | | | In ander tuislande | | | In Blanke land | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Volk | Totaal | Landelik | Stedelik | Totaal | Landelik | Stedelik | Totaal | Landelik | Stedelik |
| Xhosa: Transkei<br>Ciskei | 1 650 825<br>509 607 | 1 607 166<br>408 434 | 43 659<br>101 173 | 45 750 | 31 541 | 14 209 | 1 723 905 | 675 903 | 1 048 002 |
| Zoeloe | 2 057 471 | 1 835 976 | 221 495 | 77 480 | 68 313 | 9 167 | 1 891 107 | 877 816 | 1 013 291 |
| Swazi | 81 890 | 79 394 | 2 496 | 30 130 | 24 781 | 5 349 | 386 696 | 217 334 | 169 362 |
| Ndebele Suid- | - | - | - | 55 249 | 50 127 | 5 122 | 177 772 | 102 690 | 75 082 |
| Noord- | - | - | - | 70 008 | 63 375 | 6 633 | 111 740 | 70 403 | 41 337 |
| Tswana | 600 241 | 521 227 | 79 014 | 10 288 | 9 321 | 967 | 1 108 838 | 511 551 | 597 287 |
| Noord-Sotho | 899 301 | 855 198 | 44 103 | 101 887 | 87 704 | 14 183 | 602 666 | 283 311 | 319 355 |
| Suid-Sotho | 24 189 | 23 007 | 1 182 | 119 816 | 112 953 | 6 863 | 1 307 785 | 668 987 | 638 798 |
| Machangana Tsonga | 234 244 | 230 405 | 3 839 | 158 666 | 140 569 | 18 097 | 344 259 | 139 981 | 204 278 |
| Vhavenda | 239 334 | 238 856 | 478 | 11 901 | 9 582 | 2 319 | 106 684 | 44 044 | 62 640 |

TABEL 3

PERSENTASIE VAN ELKE VOLK BINNE EN BUITE DIE EIE TUISLAND, 1970

| Volk | Binne eie tuisland | In ander Bantoebuurstate | In Blanke gebied |
|---|---|---|---|
| Xhosa - Transkei | ± 51% | 1% | 44% |
| Xhosa - Ciskei | ± 70% | | |
| Zoeloe | 51% | 2% | 47% |
| Swazi | 16% | 6% | 78% |
| Tswana | 35% | 1% | 64% |
| Noord-Sotho | 56% | 6% | 38% |
| Suid-Sotho | 2% | 8% | 90% |
| Machangana/Tsonga | 32% | 22% | 46% |
| Vhavenda | 67% | 3% | 30% |

Volgens tabel 4 was daar gedurende 1970 in Suid-Afrika as geheel 15 057 952 Bantoes van wie 8 060 773 in die Blankbeheerde gebied opgeneem was. Van hierdie 8 060 773 Bantoes was 3 653 758 of 45 persent op Blanke plase gevestig en 4 407 015 of 55 persent in Blankbeheerde stede en dorpe. Die verskuiwing van die swaartepunt van die bevolking na die Bantoetuislande blyk daaruit dat hierdie syfers slegs sowat 18 persent groter is as in 1960, terwyl die ge= talle in die onderskeie tuislande gemiddeld 70 persent groter is.

Uit tabel 4 blyk dit ook dat die tendense wat tot ongeveer 1960 gegeld het, dus in die afgelope dekade tot 'n mate omgebuig is. Gedurende 1951 is 28 persent van die totale Bantoebevolking in Blankbeheerde stede en dorpe opgeneem. Dié syfer het gestyg tot 32 persent in 1960 maar in 1970 weer gedaal na 29 persent. Wat die Blankbeheerde platteland betref, het die persentasie Bantoes reeds sedert 1951 gedaal van 34 persent tot 31 persent in 1960 en tot

TABEL 4

DIE BANTOEBEVOLKING VAN SUID-AFRIKA, 1904 - 2000

| Sensus | Bantoe |
|---|---|
| 1904 | 3 490 291 |
| 1911 | 3 018 878 |
| 1921 | 4 697 285 |
| 1936 | 6 595 597 |
| 1946 | 7 830 559 |
| 1951 | 8 560 083 |
| 1960 | 10 927 922 |
| 1970 | 15 057 952 |
| 1980 | 18 248 000 |
| 1990 | 23 894 000 |
| 2000 | 30 591 000 |

24 persent in 1970. Die Bantoes in die tuislande het van 38 per=sent in 1951 gedaal tot 37 persent in 1960 en toe opgeskuif na 47 persent in 1970. Die vollediger sensusopname in 1970 moet eg=ter in aanmerking geneem word by 'n beoordeling van hierdie ver=meerdering vir die tydperk tussen 1960 en 1970. Die verwagting is ook dat namate die volledigheid van die sensus toeneem, die oor=wig van Bantoes in hulle tuislande groter sal blyk te wees as wat die huidige gegewens aandui. Die beplanning en ontwikkeling wat dan ook tans aan die gang is, dui sterk daarop dat die gun=stige tendense van die afgelope dekade in die huidige voortgesit kan word. Dit sal dan ook in die lig van die voorgaande bespre=king onsinnig wees om die verdeling van Bantoes tussen tuislande en die Blankbeheerde gebiede in 1970 as finaal te aanvaar en op grond daarvan 'n ander benadering te bepleit vir diegene wat bui=te hulle tuislande opgeneem is.

Alhoewel die indruk verkry kan word dat die 4 407 015 Bantoes wat gedurende 1970 in Blankbeheerde dorpe en stede opgeneem is, 'n ho= mogene bevolking ten opsigte van taal, kultuur en etniese verbande is, blyk hulle heterogeniteit baie duidelik uit tabel 5.

TABEL 5

STEDELIKE BANTOES IN DIE BLANKBEHEERDE GEDEELTE VAN SUID-AFRIKA EN IN JOHANNESBURG VOLGENS VOLKSVERBAND, 1970

STEDELIKE BANTOE

| Volk | Suid-Afrika | | Johannesburg | |
|---|---|---|---|---|
| Xhosa | 1 048 000 | 24% | 82 000 | 10% |
| Zoeloe | 1 013 000 | 23% | 245 000 | 30% |
| Swazi | 169 000 | 4% | 30 000 | 4% |
| Ndebele | 116 000 | 3% | 14 000 | 2% |
| Noord-Sotho | 319 000 | 7% | 78 000 | 10% |
| Suid-Sotho | 639 000 | 14% | 108 000 | 13% |
| Tswana | 597 000 | 14% | 146 000 | 18% |
| Machangana/Tsonga | 204 000 | 5% | 57 000 | 7% |
| Vhavenda | 63 000 | 1% | 32 000 | 4% |
| Ander en ongespesifiseerd | 238 000 | 5% | 12 000 | 2% |
| Totaal | 4 406 000 | 100% | 804 000 | 101% |

Soos reeds gemeld is daar 4 407 015 Bantoes in Blankbeheerde dor= pe en stede opgeneem in 1970 in vergelyking met 3 421 378 in 1960. Dit beteken 'n toename van 29 persent. In die voorafgaande dekade was die toename meer as 45 persent. Drie vyfdes of 60 persent van hierdie Bantoes is in die Blankbeheerde stede en dorpe van Trans= vaal gevestig, 17 persent in dié van Kaapland en 12 persent en 11 persent in dié van die Vrystaat en Natal onderskeidelik. As gevolg van natuurlike aanwas kan die 3,7 miljoen Bantoes wat ge= durende 1970 op Blanke plase opgeneem is, die getal tot byna 8 mil=

joen laat styg teen die jaar 2000.

Die stabielwording van die man-vrouverhouding van Bantoepersone in Blankbeheerde gebiede blyk ook duidelik uit tabel 6. Trouens, die aanduiding is duidelik dat hierdie eweredige balans veral die ouderdomsgroep onder 20 jaar raak omdat hulle reeds sedert geboorte in die Blankbeheerde gedeelte van Suid-Afrika woonagtig is.[3)]

TABEL 6

MANNEVERHOUDING VOLGENS OUDERDOM, BANTOES IN BLANKBEHEERDE GEBIEDE, 1970

| Volk en gebied | | 0-4 | 5-14 | 15-49 | 50-64 | 65+ |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Totaal:[a)] | stedelik | 98 | 95 | 132 | 130 | 84 |
| | landelik | 98 | 105 | 104 | 120 | 96 |
| Xhosa: | stedelik | 100 | 97 | 166 | 137 | 79 |
| | landelik | 97 | 104 | 125 | 139 | 110 |
| Zoeloe: | stedelik | 103 | 92 | 126 | 133 | 97 |
| | landelik | 95 | 105 | 99 | 108 | 85 |
| Swazie: | stedelik | 104 | 90 | 94 | 83 | 80 |
| | landelik | 98 | 114 | 100 | 117 | 96 |
| Noord- | stedelik | 91 | 101 | 184 | 225 | 108 |
| sotho: | landelik | 94 | 94 | 97 | 134 | 78 |
| Tswana: | stedelik | 95 | 95 | 98 | 93 | 74 |
| | landelik | 98 | 108 | 107 | 137 | 117 |
| Suid- | stedelik | 92 | 92 | 95 | 93 | 73 |
| | landelik | 103 | 105 | 90 | 99 | 90 |
| Shangana/ | stedelik | 94 | 93 | 199 | 394 | 151 |
| Tsonga: | landelik | 106 | 111 | 130 | 136 | 122 |
| Vhavenda: | stedelik | 105 | 109 | 246 | 670 | 450 |
| | landelik | 90 | 97 | 123 | 125 | 105 |
| Ander: | stedelik | 98 | 100 | 123 | 140 | 80 |
| | landelik | 104 | 107 | 97 | 123 | 99 |
| Vreemd- | stedelik | 144 | 95 | 2 456 | 482 | 176 |
| geborenes: | landelik | 144 | 95 | 482 | 387 | 160 |

a) Vreemdgeborenes uitgesluit

3) Hulle kwalifiseer dan ook meestal vir permanente verblyf in Blankbeheerde gebiede volgens artikel 10 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945.

Uit tabel 6 blyk dit dus ook duidelik dat natuurlike aanwas in die toekoms genoegsaam sal wees om die Bantoebevolking in Blank= beheerde stede en dorpe vinnig te laat toeneem. Die moontlikheid bestaan dat die natuurlike groei hier vir 'n aantal jare nog hoër kan wees as in die tuislande. Die 4,4 miljoen Bantoes wat dus tans in Blankbeheerde stede en dorpe woon, sou naamlik teen die einde van die eeu 'n syfer van oor die nege miljoen kan be= reik sonder dat toestroming van buite hoef plaas te vind.

In uitsprake en verklarings[4)], veral sedert die bekendmaking van die 1970-bevolkingsensus, word daar verskeie oproepe gemaak om die sogenaamde 4 407 015 „stedelike Bantoes" as 'n permanente be= volking van Blanke Suid-Afrika te aanvaar en om die beplanning van toekomstige ontwikkeling dienooreenkomstig te laat geskied. Die implikasies wat genoem word, is hoofsaaklik die volgende:

a) dat die afsonderlike ontwikkeling van die onderskeie tuislande aanvaar word maar dat die "stedelike Bantoes" heeltemal los van daardie ontwikkeling gesien moet word en 'n ander benadering vereis, en
b) dat die "stedelike Bantoes" eiendomsreg in die Blank= beheerde gebied en verantwoordiging in 'n sentrale

---

4) Anon. Urban African ideal - a non-racial S.A. Sunday Times, 14 Januarie 1972, p. 5.
Anon. The urban African problems. The Star, 17 Januarie 1972, p. 3.
Anon. U.P. plan has urban black assemblies. The Star, 26 Augustus 1972, p. 2.
Anon. Government asked to study grievances. Rand Daily Mail, 19 Januarie 1972, p. 2.
Anon. "Urban Africans here to stay" - U.P. policy. The Star, 23 Mei 1972, p. 1.
Wessels. Rethink Urban African policy, Nats urged. Rand Daily Mail, 2 Februarie 1972, p. 6.

parlement moet kan verkry. Die "stedelike Bantoes" moet dus as volwaardige burgers van 'n veelrassige Suid-Afrika aanvaar word sodat hulle saam met die Blankes, Kleurlinge en Indiërs in 'n enkele Suid-Afrikaanse gemeenskap kan integreer.

Wat die voorstanders van bogenoemde benadering egter uit die oog verloor, is dat die beleid van die regering van Suid-Afrika oor veelvolkinge ontwikkeling handel. Daardie beleid beteken dus nie alleenlik die ontwikkeling van die tuislande nie, maar ook die ontwikkeling van volke. Daar word aangevoer dat dit vir 'n Bantoe in Potchefstroom byvoorbeeld min bevrediging verskaf om burgerskap van 'n tuisland te verkry wat hy miskien nog nooit gesien het nie. Dit moet egter besef word dat daar nie alleen aan die Bantoe burgerskap van 'n bepaalde tuisland gegee word nie maar ook van 'n volk en van hierdie volksidentiteit is hy ten volle bewus. Dit is egter, soos reeds gestel, aan die ander kant net so waar dat die "stedelike Bantoe" slegs sy maatskaplike, ekonomiese en politieke aspirasies ten volle in die Bantoetuis= lande kan uitleef, indien hulle in die tuislande aanwesig is. In die lig van die voorgaande stelling is dit dus nodig om die verstedeliking van die Bantoe ordelik en ook tot sy voordeel as individu en as burger van 'n volk na die tuislande toe te ver= skuif. Hierdie hervestiging of verskuiwing van die Bantoes kan dan ook heelwat vergemaklik word indien die "stedelike Bantoe" ten volle bewus is van sy volksidentiteit.

Dit is belangrik om daarop te wys dat die permanente verlies van volksgenote vir die Bantoevolke self ook nadelig kan wees. Ver= dienste buite die eie landsgrense is vandag vir die Bantoetuis= lande 'n belangrike bron van inkomste wat hulle sal verloor en wat hulle ontwikkeling dus sal strem as hulle werkers in die vreemde permanent vervreem sou word. Die tuislande sal ook bekwa=

me en ervare burgers wat vir die opbou van 'n eie staatkundige en ekonomiese bestel nodig is, permanent verloor. Coetzee stel dit dan ook dat "Soveel as moontlik van die verstedelikte Ban= toes moet na hulle tuislande terug. Hulle is die natuurlike ontwikkelingsfaktor in daardie lande".[5] Elke volksowerheid sal graag staatkundig volle beheer oor al sy onderdane wil hê en dit is alleen moontlik as hulle binne sy gebied woon en met sy toestemming oor landsgrense beweeg.

Deur die "stedelike Bantoes" in isolasie te benader, los van hulle volksverband, word ontstamde, ankerlose grenspersoonlik= hede geskep, wat gesamentlik 'n ongemotiveerde, onstabiele en gevaarlike massa uitmaak. Bantoes wat tot 'n volk behoort waar= binne hulle sinvol kan lewe, mag nie in die Blankbeheerde stede ontwortel word en in dié troostelose situasie ingestoot word waar hulle aan niks behoort, aan niemand iets verskuldig en son= der langtermynideale is nie. Die Eerste Minister[6] het dan ook op 25 April 1973 tydens die bespreking van sy begrotingspos in die Volksraad bevestig dat "'. .. hierdie Regering niks sal doen of sal instem tot enige beleid wat verwydering bring tussen die stedelike Bantoe en sy tuisland nie. Hierdie Regering se beleid is onherroeplik dit om die bande wat die stedelike Bantoe aan sy tuisland bind, nie alleen te behou nie, maar hierdie Regering se beleid is daarop gemik om dit te versterk soveel as wat hy kan. Sy hele beleid is daarop ingestel om dit inderdaad te doen"'. Die Bantoes in die Blankbeheerde stedelike gebiede het geen ge= meenskaplike taal of kultuur op grond waarvan hulle afsonderlik tot 'n volk kan groei nie.[7]

---

5) Coetzee. Afrikaner-denke, Die Transvaler, Donderdag 30 September 1971, p. 15.
6) Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, weeklikse uitgawe, no. 14, 24 tot 27 April 1973, kolom 5165.
7) Vergelyk tabel 5.

Die opvatting dat sosio-politieke eenhede spontaan ontplooi nadat geografiese grenslyne getrek is, is so uitgedien soos die kolo= nialisme self. Die koloniale klem op geografiese grenslyne het aanleiding gegee tot etniese versnippering, en dit lê aan die wortel van die politieke onstabiliteit en ekonomiese stagnasie wat so kenmerkend van Afrika is. Navorsing in Wes-, Sentraal- en Suid-Afrika[8)] het getoon dat faktore soos bloedverwantskap, etniese en taalverband, in die mees dinamiese stedelike nywer= heidsgemeenskappe van die grootste belang is. Daarop word die grondslag gevorm waarop die probleme van 'n vreemde omgewing die hoof gebied word, huwelike word op dié basis gereël, vriend= skappe word gesluit en hulp word verleen. Dit is faktore wat ook 'n aktiewe en lewensvatbare bron van politieke en ekonomiese mag is.

'n Plurale ordening wat erkenning verleen aan die permanente aan= wesigheid van Blankes, Kleurlinge, Indiërs en "stedelike Bantoes" in een en dieselfde grondgebied, onder een staatsgesag, waarin elkeen sy "regmatige aandeel" moet kry kan dus nie aanvaar word nie. Botha stel dit dan ook '"... dat die blankes en Bantoe afson= derlike entiteite en gemeenskappe is wat om hulself te verwesenlik weens hul andersoortigheid nie in een gemeenskap kan opgaan nie... Daar word deesdae te veel van die stedelike Bantoe gepraat asof hulle eerstens heeltemal van die tuisland-Bantoe afgeskei is, tweedens 'n tipiese stadsgemeenskap is en derdens selfs asof hulle en die ander stedelike mensegemeenskappe (soos blankes, Indiërs en Kleurlinge) kan opgaan in een stedelike mense-orga=

---

8) Beals. Urbanism, urbanization and acculturation.
Hunter. Reaction to Conquest.
Malinowsky. The dynamics of culture change.
Mayer. Townsmen or tribesmen.
Schmidt. Stamverbondenheid van 'n stedelike Bantoegemeenskap.

nisme'".[9] Voorbeelde van plurale gemeenskappe in die wêreld, wat met vertroue as model gebruik kan word vir die oplossing van Suid-Afrika se bevolkingsvraagstuk, bestaan ook nie. Die teen= deel kan op grond van bestaande kennis en ervaring beweer word, naamlik dat pluralisme by uitstek ondoeltreffend en ongeskik is vir die omstandighede van Afrika en Suid-Afrika.

Geen beleid wat daarop gerig is om die meerderheid van die staats= burgers se stemreg en verteenwoordiging in die hoogste gesagslig= game permanent te beperk en hulle dus permanent aan 'n minderheid ondergeskik te stel, kan egter op morele en sosio-politieke gron= de geregverdig word nie. So 'n beleid kan uiteindelik uitloop op volle integrasie of onrus en geweld of waarskynlik albei. Die aanvaarding van die "stedelike Bantoes" as permanente inwoners van Blanke Suid-Afrika kan die voortbestaan van die Blanke staat op die duur onmoontlik maak. Bantoes kan nie as burgers van Blanke Suid-Afrika aanvaar en dan van belangrike burgerregte soos die algemene stemreg uitgesluit word nie.

Verder is dit belangrik om daarop te wys dat 'n volk hom alleen= lik op die politieke en kulturele terrein kan laat geld indien hy vry, dit wil sê, soewerein onafhanklik is. Die staat is 'n volk se politieke organisasie, dit is sy magsinstrument waarmee hy nie net die wet en orde handhaaf nie maar ook sy eie voortbe= staan beskerm en bevorder. Dit spreek dus vanself dat twee volke nie dieselfde staat kan deel nie en dat 'n volk wat onderhorig is nooit kan of sal ophou om na vryheid te strewe nie.

In die uitvoering van die beleid van afsonderlike of veelvolkige

---

9) Botha. Ons stedelike Bantoebeleid teen die agtergrond van ons landsbeleid, p. 12.

ontwikkeling neem die huidige Regering bogenoemde stelling in aanmerking en vorm dit dan ook die grondslag vir die hantering van stedelike Bantoevraagstukke. Voorstanders en eksponente van die beleid van afsonderlike ontwikkeling is dan ook die mening toegedaan dat, indien die Bantoe numeriek 'n betreklik perma= nente meerderheidsgroep in Blanke Suid-Afrika sal bly, dié Bantoes mettertyd 'n deurbraak kan maak met betrekking tot die verkryging van politieke regte in Blankbeheerde gebiede, en 'n swart meerderheidsregering[10)] dan uiteindelik in Suid-Afrika sal volg. 'n Toestand waar die Bantoes numeriek die permanente meerderheidsgroep uitmaak in Blankbeheerde Suid-Afrika is nie alleen gunstig vir rassekonflik en rassebotsinge nie, maar sal op 'n feitlik "ewigdurende" belangekonfrontasie op verskeie ter= reine tussen Blanke en Bantoe in Suid-Afrika neerkom. Die rege= ring wend dan ook 'n doelgerigte poging aan om die Bantoetuis= lande te help ontwikkel tot lewensvatbare gebiede waar hulle burgers buite hulle grense met goeie gevolg in die toekoms her= vestig sal kan word. Indien hierdie proses van tuislandontwikke= ling nie vinnig genoeg plaasvind nie, sodat die "volke-in die- vreemde" onbepaald in die Blankbeheerde gebied bly, sal die on= derskeie tuislandbevolkings mettertyd hulle eie balans binne die tuislande vind en sal hulle nie maklik hulle "burgers in die vreemde" terug kan of wil ontvang nie.[11)]

---

10) Scholtz. 'n Swart Suid-Afrika.
Coertze. Die Bantoe in Blanke gebiede as politieke faktor.

11) Matanzima. Clarity on Transkei migrants. The Star, Dinsdag 16 Augustus 1972, p. 3. Volgens hierdie verklaring van Op= perhoof Matanzima het hy duidelik laat blyk dat hy sy mense wat buite hulle tuisland gebore is as vreemde burgers beskou en homself nie gebonde ag om vir sulke "vreemdgeborenes" verantwoordelikheid te aanvaar nie. Hulle sal dan slegs langs die normale immigrasiekanala kan terugkeer. Lesotho het dié beginsel toegepas toe 'n Bantoevrou uit Suid-Afrika terug= geneem sou word maar nie haar kinders wat hier gebore is nie.

Die volgende faktore moet dan ook as van kardinale belang be=skou word om die Blankbeheerde stedelike gebiede en plattelandse gebiede te ontswart tot so 'n mate dat die Bantoes daarin mini=maal en die Blanke maksimaal is, naamlik:

a) die doelgerigte en versnelde pogings tot konsolidasie van die Bantoetuislande;
b) die ekonomiese ontwikkeling van die tuislande inslui=tende landbou-ontwikkeling;
c) die stigting van dorpe in die tuislande waar die ge=sinne en werkers wat buite die grense werk, gevestig kan word, welke dorpe terselfdertyd sentra vir nywer=heidsvestiging kan wees;
d) die stelselmatige en versnelde hervestiging van die bevolkings vanuit die Blankbeheerde gebiede na hulle onderskeie tuislande en
e) die toepassing van 'n tuislandgerigte Bantoeadministra=sie in Blankbeheerde gebiede deur Bantoesake-administra=sierade waardeur die oorblywende Bantoes in die Blank=beheerde gebiede kultureel aan hulle onderskeie tuis=lande gekoppel kan word en dus ook fisies daarheen oor=geplaas kan word.

Gunstiger omstandighede kan vir die "stedelike Bantoes" in die tuislande geskep word as meer nywerhede daar gevestig word; die versnelde ekonomiese groei gestimuleer word; die tuislande meer grond kry en gekonsolideer word. Maar selfs dit sal die vraagstuk van die politieke en kulturele toekoms van die "ste=delike Bantoes" nog nie in sy geheel oplos nie. Daar moet aan=vaar word dat 'n werklik groot aantal Bantoes nou en in die toekoms permanent in die Blankbeheerde gebiede sal woon. Die "stedelike Bantoes" is ook reeds in 'n groot mate ingeskakel by die Blanke stedelike ekonomie.

Dit kan dus gestel word dat die probleem van die Bantoes in die Blankbeheerde stedelike gebiede een van die mees sensitiewe aspekte van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en son=der twyfel ook 'n besonder dringende vraagstuk is. Dit raak die toekoms van elke mens in Suid-Afrika. Gevolglik vereis dit omvattende beplanning oor die lang termyn, wat onder andere in=sluit die toepassing van 'n tuislandgerigte Bantoeadministrasie in Blankbeheerde gebiede deur Bantoesake-administrasierade ter wille van 'n vreedsame, regverdige, posisitewe naasbestaan.

## 2. Die doel van die ondersoek

"... our policy only recognizes one Bantu community in its ethnic subdivisions, and there can be no room in our planning for a separate Bantu urban community ... It is, therefore, essential from this point of view that urban Bantu remain in step with and in touch with Bantu in their true homelands ... Finding the best ways and means of achieving this is one of the main tasks of the next few years. The present system of having an unat=tached mass of Bantu individuals living in cities not subject to any traditional authority or sanctions has proved to be a dismal failure. It is, therefore, well worthwhile to re-establish lines of social, cultural and educational communication between the city Bantu and the homeland Bantu. Whatever the results are, they cannot be other than an improvement on the present posi=tion."

W.W.M. Eiselen[12)]

Die doel van hierdie ondersoek is om teen die agtergrond van

---

12) Eiselen. Harmonious multi-community development, pp. 13-14.

die motivering en probleemstelling, in die lig van die voorgaande aanhaling, die administrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede te analiseer en te evalueer. Deur die toepassing van 'n tuislandgerigte administrasie kan 'n belangrike bydrae gelewer word om die beleid van veelvolkige of afsonderlike ontwikkeling deur te voer.

Die grondslag van die beleid en administrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede is die beginsel van veelvolkigheid, en indien dit nie in die daaglikse administratiewe handelinge toegepas word nie, mag 'n duur onderneming misluk met ernstige implikasies vir Suid-Afrika. Dit was dan ook nog nooit die bedoeling om nuwe Bantoegemeenskappe, totaal verwyder van hulle volksverband, in die Blankbeheerde stedelike gebiede tot stand te bring en te perpetueer nie. Alle Bantoes wat in Blankbeheerde gebiede aanwesig is, is en bly lede van 'n bepaalde volksgemeenskap en onderhewig aan 'n eie gesag.

Hoewel die Bantoes hulle dus in die Blankbeheerde gebiede as tydelike werkers bevind en dus in 'n los hoedanigheid daar is, sal in hierdie ondersoek gepoog word om aan te toon hoedat die Sentrale Owerheid tans deur middel van verskeie tuislandgerigte administratiewe maatreëls doelbewuste stappe neem om die onvervreembare reg van elke Bantoe te bevorder, hom aan 'n tuisland te koppel, tuislandgerig in te stel en fisies daarheen oor te plaas, dit wil sê om hom as volksmens met die volle reg tot selfbeskikking binne eie volksverband te ontwikkel.

Hierdie doelstelling word dan ook benader vanuit die standpunt van die Naturelleadministrasie. Waar die Naturelleadministrasie te doen het met die gesagsvestiging van een volk oor 'n ander volk, vorm die gesagsuitvoeringsaspek of administrasie dan ook die omvangrykste en belangrikste gedeelte van die Naturellead=

ministrasie. "Administrasie" is dus die sentrale begrip en staan ook chronologies tussen die motief en gevolg.[13] Dit verklaar dan ook waarom daar tot nog toe op akademies-wetenskaplike vlak so baie klem gelê is op dié aspek van die Naturelleadministra=sie.[14] In hierdie werkstuk word nie op volledigheid aanspraak gemaak nie want "One cannot expect that in his first essay on a subject he would have mastered it... Nor should he be asked to withhold publication until his definite work on the subject has been completed. .. Indeed, if he were to do so he might never complete his task for he requires the stimuli, suggestions, and criticisms of his first readers..."[15]

Die Naturelleadministrasie bestudeer ook die verskil tussen die intensionele werklikheid, die beleid en die empiriese werklik=heid, normaalweg die praktyk genoem.[16] Aangesien daar dus nie slegs gekyk word na wat beoog word nie, maar ook na wat inder=daad tereg kom, is dit dus belangrik dat vir 'n studie-onder=werp van hierdie aard 'n bepaalde navorsingsterrein afgebaken word. Die administrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede word primêr deur die Staat deur middel van sy Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling gedoen. Hierdie gesagsuit=voeringsaspek word egter hoofsaaklik by wyse van agentskap opgedra aan Bantoesake-administrasierade wat die taak in hier=die verband van die konvensionele plaaslike besture vervang. Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraadsgebied is dan ook as navorsingsterrein gekies om die volgende redes:

---

13) Labuschagne. Naturelleadministrasie 'n vakwetenskaplike objektivering, p. 15.
14) Ibid., p. 75.
15) Riggs. Administration in developing countries, p. 321.
16) Labuschagne, op. cit., p. 77.

a) Alhoewel die Wes-Transvaalse Bantoesake-administra= sieraad maar eers op 18 Augustus 1972 ingestel[17) ] is, is tuislandgerigte administrasie al reeds vir 'n hele aantal jare deur die meeste van die streeks= dorpe wat deur die Raad ingesluit word, toegepas.

b) Die hoofkantoor van die Wes-Transvaalse Bantoesa= ke-administrasieraad is te Potchefstroom gesetel, en die verskillende lêers en dokumente was maklik bereikbaar.

c) Reeds gedurende Februarie 1969 het sewentien ste= delike plaaslike besture 'n voortsettingskomitee aangewys wat dan ook die ontwikkeling van 'n dorp in die huidige Bophuthatswana begin het.

d) 'n Groot aantal van die Naturelleadministrateurs in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is akademies goed onderlê en kon dus met vrug ge= raadpleeg word waar praktiese probleme opgeduik het, en

e) die skrywer hiervan was ook verbonde aan die Departe= ment Bantoe-aangeleenthede van die stedelike plaas= like bestuur van Potchefstroom, waar waardevolle ken= nis van die praktiese administrasie opgedoen is aan= gesien Potchefstroom 'n leidende rol vervul het in die uitvoering van tuislandgerigte administrasie in Transvaal.

Aangesien tuislandgerigte stedelike Bantoeadministrasie nie al=

---

17) Kragtens Goewermentskennisgewing no. 1445 in Staatskoerant no. 3632 van 18 Augustus 1972.

leen die toepassing van 'n reeks wette en regulasies op Bantoes buite hulle tuislande behels nie, maar in hoofsaak handel oor die hantering van menslike verhoudinge, van volkereverhoudinge en die daarstelling van verskillende Bantoevolke is 'n volke= kundige kennis van die Bantoevolkere van Suid-Afrika noodsaak= lik vir die Naturelleadministrateur wat die administratiewe aktiwiteit verrig. Herskovits stel dit dan ook dat "Irressis= tibly the knowledge about man and his works that antropologists have amassed has continued to force the revision of our ideas about the value of human ways of living, and to reorient policy and the implementation of policy".[18] Mair voel nog sterker oor die toepassing van volkekundige kennis in praktiese administra= sie soos blyk uit sy verklaring dat "... in realising that the traditional customs of colonial peoples are not just a matter of antiquarian interest, that they do not simply vanish when confronted with what we call civilisation, and that Europeans who are responsible for the government of these peoples must understand the rules and values by which they live".[19] Aan= gesien die Tswanavolksgroep 72 persent van die Bantoebevolking van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad vorm en daar hoofsaaklik met die Tswanatuisland geskakel word, word daar dan ook eerstens in hoofstuk 2 'n breë agtergrondstudie van die Tswana, sy stamverdeling en die belangrikste aspekte van sy tra= disionele en moderne kultuuraspekte gemaak. Vir hierdie hoofstuk is dan ook van bekende internasionale bronne gebruik gemaak sodat dit as 'n bronnestudie beskou kan word.

In die hieropvolgende twee hoofstukke, wat hoofsaaklik handel oor afsonderlike ontwikkeling en die verskillende tuislandgerigte maatreëls, is eerstens 'n kort uiteensetting gegee van die be=

18) Herskovits. Antropology today, p. 859.
19) Mair. Studies in Applied Antropology, p. 70.

leid van afsonderlike ontwikkeling, wat ook die uitgangspunt van die werkstuk vorm. Die uiteensetting van afsonderlike ontwikkeling is noodsaaklik want "Jou uitgangspunt bepaal die hooflyne van die gebou wat jy oprig. Jou uitgangspunt bepaal tot bepaalde hoogte jou resultate".[20] In die volgende hoofstukke is aandag geskenk aan die verskillende maatreëls en instansies wat 'n ef=fek uitoefen op tuislandgerigte administrasie.

Die Regering word dikwels deur sy eie ondersteuners verwyt dat hy nie genoeg aandag aan die vraagstuk van die stedelike Bantoe gee nie. In die lig van die geweldige omvang en verreikende implikasies van die probleme soos reeds aangetoon, is die mate van ongeduld begryplik. Die kritiek gaan in hierdie geval nie teen die beleid nie, maar is eerder 'n kwelling dat dit nie vin=nig genoeg en konsekwent toegepas word nie. Met die instelling van die Bantoesake-administrasierade het die Sentrale Owerheid egter bewys dat hy nie net bewus is van die vraagstuk nie, maar dat hy daadwerklike stappe doen om dit die hoof te bied. In hoofstuk V word dan eerstens aangetoon dat die sentralisasie van die beheer en administrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede geregverdig kan word en uiters noodsaaklik is. Die hele verloop van die totstandkoming van die Bantoesake-administra=sierade word ook gevolg, aangesien dit noodsaaklik is vir die onderwerp. Daarna word die samestelling, funksionering en by=drae wat die Rade kan lewer in die toepassing van 'n tuisland=gerigte administrasie met verwysing na die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad aangedui.

Teen hierdie breë agtergrond word die aandag verder eerstens op

---

20) Stoker. Kristendom en wetenskap, p. 30.

Bantoe-tuislandskakeling in die algemeen en dan op Bantoe-tuis= landskakeling in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiege= bied toegespits met die klem op die funksionele, beleids- en administratiewe aspekte. 'n Afsonderlike ondersoek na die stad= tuislandskakeling wat reeds bestaan, is ten opsigte van elkeen van die 26 streeksdorpe van die Wes-Transvaalse Bantoesake-ad= ministrasieraad gedoen, aangesien daardeur duideliker bepaal kon word in watter mate die Bantoebevolking van elke dorp reeds tuislandgerig ingestel is en aan 'n tuisland gekoppel is. Aan= dag is ook geskenk aan die behoefte wat daar reeds onder die Bantoebevolking van elke streeksdorp bestaan vir hervestiging in 'n volwaardige dorp in die Tswanatuisland self.

In enige gebied waar stad-tuislandskakeling suksesvol toege= pas word, sal daar Bantoes in Blankbeheerde stede en dorpe na vore kom wat in hulle eie tuisland hervestig wil word. Indien daar dan nie voorsiening gemaak is vir huisvesting in die tuis= lande waar dié Bantoes hervestig kan word nie, sal 'n gefrus= treerde Bantoegemeenskap in Blankbeheerde gebiede ontwikkel. Dit is dus belangrik dat daar in hoofstuk 7 aangedui word tot watter mate die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad reeds voorsiening maak vir huisvesting in die Bantoetuislande. Eerstens word dan aangetoon watter Bantoes hervestig word en tweedens word deur middel van die deskriptiewe en analitiese Naturelleadministrasie 'n werklike beeld gegee van die Bantoedorp, Itsoseng, wat deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasie= raad ontwikkel word. Dit is egter onvermydelik om in so 'n stu= die ook aspekte van ander vakdissiplines aan te raak.

In hoofstuk 7 is in 'n geringe mate die terreine van die ekono= mie, geografie, en in 'n meerdere mate die terrein van die be= planning betree. Moolman verklaar egter dat "inderdaad is be=

planning ook nie die alleenreg van enige individu of groep nie. Alle denkende weses beoefen beplanning".[21] In die ondersoek as geheel is daar ook nog by die Staatsleer en die Volkekunde ge= leen. By al hierdie interdissiplinêre grensoorskrydings het die onderlinge verband tussen die verskillende wetenskappe weereens duidelik geblyk. In die geesteswetenskappe, anders as wat die geval is by sommige natuurwetenskappe, is dit nie altyd moont= lik om onderlinge "waterdigte" kompartemente te handhaaf nie, en is oorvleuelings dikwels nie slegs onvermydelik nie, maar selfs noodsaaklik.

## 3. Metode van ondersoek

Die metodes en werkwyse wat by enige wetenskaplike ondersoek aangewend word, word grootliks bepaal deur die doel, aard en omvang van die onderhawige onderwerp self. Hoewel die stappe in enige geesteswetenskaplike navorsingsmetode en dus ook in die Naturelleadministrasie dieselfde wetenskaplike patroon van aksie volg,[22] naamlik

a) bepaling en omskrywing van die ondersoek,
b) formulering van 'n hipotese,
c) oriëntering en insameling van voorlopige gegewens;
d) werklike insameling van die gegewens,
e) ontleding, klassifisering en samevatting van die ingesamelde gegewens en
f) die vasstelling van gevolgtrekkings,

kan verskillende metodes in hierdie wetenskaplike patroon van

---

21) Moolman. Fisiese beplanning en die universiteite, p. 5.
22) Vergelyk ook Labuschagne, op. cit., p. 17.

aksie gevolg word.

Die metode waarvolgens die stof of gegewens versamel word, onderskei meer in besonder die metodologiese verskeidenheid van die verskillende vakwetenskappe. In die Naturelleadmi= nistrasie word veral die volgende stofversamelingsmetodes on= derskei:[23)]

a) By die bepaling van die volksintensionele word onder andere gebruik gemaak van sosio-psigiese en sosio-analitiese metodes soos die invul van vraelyste, gedragswaarneminge en gevallestudieprosedure en
b) in die gevolgskundige Naturelleadministrasie kan weer gebruik gemaak word van die Volkekundige veld= werkmetodes.

Labuschagne[24)] maak dan ook die volgende metodologiese indelinge van Naturelleadministrasie:

a) die beskrywende of deskriptiewe Naturelleadministrasie;
b) die analitiese Naturelleadministrasie;
c) die vergelykende Naturelleadministrasie en
d) die verklarende of filosofiese Naturelleadministrasie.

'n Onderskeid word dikwels gemaak tussen metodologie, prosedu= res en tegnieke. Metodologie kan breedweg omskryf word as die ba= siese uitgangspunte en beginsels, dus die norme en reëls waar= volgens bepaalde prosedures en tegnieke vir navorsingsdoelein= des ontwikkel en bepaal word. Prosedures dui op die spesifieke

---

23) Ibid., p. 18.
24) Ibid.

wyse waarop in 'n wetenskaplike ondersoek te werk gegaan word ten einde die nodige stof of gegewens te verkry en daarmee ver= troud te raak. Tegnieke kan gedefinieer word as die instrumente deur middel waarvan die gegewens ingesamel word. Dat daar 'n di= rekte en noue verband bestaan tussen metodologie, prosedures en tegnieke wat in 'n mate interafhanklik van mekaar is, blyk dui= delik uit bostaande kort omskrywinge. Metodologie, prosedures en tegnieke word dan ook soms in geesteswetenskaplike navorsing onder een sentrale hoof aangebied, naamlik metodes van ondersoek.

In hierdie werkstuk is daar gebruik gemaak van 'n bepaalde meto= dologiese benaderingswyse en bepaalde prosedures en tegnieke, in die lig van die voorafgestelde doel van die ondersoek. Die benaderingswyse wat hoofsaaklik gevolg is, is die deskriptiewe-funksioneel-analitiese benaderingswyse. In die lig van die voor= gaande doelstelling is vir hierdie werkstuk grootliks gebruik gemaak van die tematiese, geografiese, vergelykende en statis= tiese prosedures. By die toepassing van bogenoemde navorsings= prosedures is daar hoofsaaklik van die volgende navorsingsteg= nieke gebruik gemaak om die werkstuk saam te stel en te voltooi.

a) Beskikbare literatuur wat op die onderwerp betrekking het, is nagegaan en bestudeer. Die samestelling van hoofstuk 2 het hoofsaaklik uit 'n bronnestudie van beskikbare primêre en sekondêre bronne bestaan.[25)]
b) Aangesien gesaghebbende publikasies oor die onder= werp uiters skraal is, is vir die latere hoofstukke

---

25) Waardevolle onderhoude, wat 'n belangrike bydrae gelewer het met die samestelling van hoofstuk 2, is ook gevoer met dr. P.L. Breutz, senior Etnoloog van die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling.

hoofsaaklik gebruik gemaak van departementele verslae, periodieke beleidsverklarings, lêers van die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling en lêers van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad.[26)] Waardevolle gegewens vir die samestelling van hoofstuk 5 is ook verkry uit die lêers van die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke-aangeleenthede en lêers van die Bantoesakeadministrasierade Implementeringskomitee.

c) Alhoewel daar ook van vraelyste gebruik gemaak is, was dit net suksesvol in die geval waar vraelyste ten opsigte van 100 Bantoes, woonagtig in Ikageng, die Bantoewoongebied te Potchefstroom, voltooi is. Aangesien die deursnee Bantoe besonder agterdogtig is teenoor vreemdelinge wat hulle met 'n vraelys nader, is die samewerking van 'n goedgesinde Bantoeskoolhoof verkry wat die persone besoek het, en die vraelyste voltooi het.

d) Persoonlike onderhoude is ook gevoer met amptenare van die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling, amptenare van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad,[27)] adviserende Bantoekomitees, die stedelike Bantoeraad van Carletonville, kapteins en hoofmanne en Bantoes uit verskillende lae van die onderskeie volksgroepe.

---

26) Onder lêers van die Bantoesake-administrasieraad word ook die lêers van elkeen van die streeksdorpe van die Raad ingesluit.

27) Onderhoude is hoofsaaklik met die hoofdirekteur, direkteur administrasie, assistent direkteur administrasie, vier streeksdirekteure en verskillende Bantoedorpsbestuurders gevoer. Samesprekings met die amptenare was van onskatbare waarde vir die samestelling en voltooiing van die werkstuk.

e) Daar is ook heelwat gebruik gemaak van visuele waarneming in die versameling en samestelling van gegewens veral ten opsigte van hoofstuk 7. Ver= skeie besoeke is ook gebring aan die Bantoedorp, Itsoseng. Met die besoeke aan dié Bantoedorp, was skrywer feitlik deeurgaans vergesel van die Direk= teur van die Lichtenburgstreek van die Wes-Trans= vaalse Bantoesake-administrasieraad wat aan die hoof van die ontwikkeling van dié dorp staan, waardeur verdere noodsaaklik praktiese wenke en kennis opgedoen is.

In die keuse van 'n studieonderwerp is die ondersoeker gemo= tiveer eerstens deur persoonlike belangstelling, tweedens deur die aktualiteit van die vraagstuk ten opsigte van die Bantoes wat hulle in die Blankbeheerde stedelike en platte= landse gebiede bevind en derdens deur die begeerte om 'n by= drae tot die bestaande feitlike materiaal oor die relevante navorsingsterrein te maak. Met betrekking tot die veldwerk wat vir die ondersoek gedoen is, was die aanvanklike bedoeling om van vraelyste, ter aanvulling van die persoonlike onderhou= de, gebruik te maak. Baie min van die persone aan wie vraelys= te gestuur is, het egter daarop gereageer. Dit het dus geblyk dat enige vorm van vraelyste in die Wes-Transvaalse Bantoesake= administrasiegebied op die huidige stadium weinig, indien enige, waarde sal hê. Die redes vir hierdie enigsins negatiewe bevin= ding is die volgende:

a) As gevolg van die totale onbekendheid met vraelyste - en veral die voltooiing daarvan - van die Bantoes wat hulle in die Wes-Transvaalse Bantoesake-admi= nistrasiegebied bevind, sou deurgaans gebruik ge=

maak moes word van veldwerkers wat behulpsaam sou moes wees met die voltooiing van die vraelyste. Sodanige geskikte veldwerkers sou feitlik op 'n voltydse basis in diens geneem moes word alvorens enige sukses verwag kan word. Vraelyste het dan ook net in een geval suksesvol geblyk te wees, naamlik waar, soos reeds gestel, die samewerking van 'n Bantoeskoolhoof verkry is, wat die perso= ne besoek het en die vraelyste voltooi het.

b) Die deursnee Bantoes is besonder agterdogtig teenoor vreemdelinge wat hulle met 'n vraelys oor hulle behoeftes aan 'n eie tuisland uitvra en daaroor aantekeninge maak.

c) Daar is deurgaans gevind dat Bantoes negatief gereageer het op vrae soos: "Wil julle graag in 'n eie tuislanddorp hervestig word?". Die hoof= rede vir dié negatiewe reaksie kan nie toege= skryf word aan 'n onwilligheid by die Bantoes om na 'n eie tuisland terug te keer nie, maar is hoofsaaklik as gevolg van die vrees by die Ban= toes dat hulle eenvoudig in 'n onontwikkelde ge= bied afgegooi sal word sonder enige heenkome.

Die veldwerk wat derhalwe vir die onderhawige ondersoek ge= doen is, berus hoofsaaklik op

a) persoonlike onderhoude, insluitende die vrye ge= sprek en die vraaggesprek en
b) persoonlike waarneming of observasie, insluitende sowel uiterlike as deelnemende waarneming.

## 4. Terminologie

Aan die begin van hierdie ondersoek is dit noodsaaklik om sekere terme te omskryf of af te baken om sodoende verwarring en onduidelikheid te voorkom. Dit is nie net noodsaaklik nie, maar ook gebruiklik by elke wetenskaplike werk om helderheid te bewerkstellig. Elke vakwetenskap het eerstens 'n eie naam wat hom identifiseer met 'n besondere studieterrein. Hierdeur word die vakwetenskappe naas mekaar geplaas en verteenwoordig elkeen 'n vakwetenskaplike geobjektiveerdheid.

Naturelleadministrasie het "... te make met die gesagsvestiging van een volk oor 'n ander volk. Kardinaal is die begrip "volk" aan albei pole".[28] Die Naturelleadministrasie kan dus daardie groep gegewens bestudeer wat saamhang met die verskynsel waar een volk gesag voer oor 'n ander. Volgens Labuschagne[29] word in die breë hoofsaaklik die volgende bestudeer:

a) die motiefsaspekte van so 'n gesagsvestiging;
b) die gesagskundige aspekte daarvan, naamlik die wyses van gesagsvestiging, gesagsuitvoering en gesagsbeëindiging;
c) die gevolgsaspekte daarvan;
d) kousaliteitsbeperkinge van en verbande tussen a), b) en c) en
e) aanvanklik sal die ruimte- en tydsaspekte betrag moet word voordat die ander aspekte ontleed kan word.

---

28) Labuschagne, op. cit., p. 44.
29) Ibid., p. 11.

Die onderwerp van hierdie werkstuk sentreer om die begrip tuis=landgerigte administrasie, en dit is dus nodig om helderheid daaroor te verkry asook oor die begrip administrasie.

Garner[30] gee die volgende breë definisie van administrasie: "... the governmental machine by which policy is implemented ... By policy is meant formation of a general line or course of action... administration involves the execution or implementa=tion of that policy so formulated in accordance with general principles". Volgens die aangehaalde beskrywing vervul admi=nistrasie 'n sleutelrol in die uitvoering van regeringsbeleid; dus ook in die uitvoering van die beleid van afsonderlike ont=wikkeling. Aangesien die beleid van afsonderlike ontwikkeling volkereverskeidenheid as 'n basiese beginsel aanvaar het, moet die administrasie van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede so uitgevoer word dat dié Bantoe as volksmens met volle reg tot selfbeskikking binne 'n eie volksverband kan ontwikkel. Waar volkereverskeidenheid dui op die bestaan van 'n aantal afson=derlike volke waarbinne die heterogene bevolkingsgroepe van Suid-Afrika geakkommodeer moet word, moet die administrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede dus, eenvoudig gestel, tuis=landgerig ingestel wees.

Gladden omskryf die term administrasie eerstens soos volg: "Administration... means to care for or to look after people, to manage affairs".[31] In 'n volgende werk verklaar Gladden[32] dat "... administration is concerned with the management of

30) Garner. Administrative law, p. 3.
31) Gladden. Introduction to Public Administration, 1969, p. 16.
32) Id. Approach to Public Administration, 1970, p. 11.

human affairs". Wanneer die omskrywing nou geanaliseer word, word die volgende gevind:

a) die sinsdeel "... the management of human affairs..." dui onteenseglik op die bestaan van 'n bepaalde objek want iets of iemand word tog geadministreer. Dit is be= langrik dat daar nou bepaal word wat die administratiewe objek nou eintlik is.

Hierop verklaar Meyer[33)] dat "Administration deals with people and not with things". Dit moet toegegee word dat die administra= sie te doen het met die mens, maar dan die begrip "mens" in sy breedste konnotasie. Die administrasie tref die mens in sy sub= jeksin, naamlik die funksionele en sosio-funksionele mens op al die lewensterreine. Daar kan dus nie met Meyer[34)] saamgestem word wanneer hy dit stel dat "It is ... the active, and not the passive, group of persons which interest us... the administrators not those administrated". Die objek is nie passief of staties nie, want daardeur sou die funksionele mens neergetrek word tot die anorganiese: die funksionele mens is organies aktief.[35)] White verklaar dan ook tereg dat "The objective of administration is... also the human resources bound up in the hundreds of thousands of men and woman who work for the state".[36)]

Dit moet dus beklemtoon word dat geen administratiewe verhou= ding as 'n verhouding kan voortbestaan indien dit een passiewe pool het nie.

---

33) Meyer. Administrative organization, p. 27.
34) Ibid.
35) Labuschagne, op. cit., p. 76.
36) White. Introduction to the study of Public Administration, p. 2.

b) die administratiewe verhouding is organies-aktief, want dié verhouding het twee aktiewe pole, die subjek en die objek; en in die administrasie word ook deur iemand of iets geadministreer, want "... every organisation depends on administration for accomplishing its aims".[37)]

Aangesien White[38)] in dieselfde sinsnede wat aangehaal is in a) praat van 'n "objek", impliseer hy daardeur ook dat daar in die administratiewe verhouding 'n subjek moet wees, want daar= sonder kan die objek en gevolglik in dié geval die administra= tiewe verhouding nie bestaan nie. Labuschagne gebruik die woord Naturelleadministrateur vir die subjek of administrerende, want dit is die "... persoon wat die administratiewe aktiwiteit ver= rig...".[39)] Die funksionele administrasiesubjekte word saamge= skakel in sekere strukture. Die funksionaliteit gee weer aan die struktuur, in die administratiewe verhouding, administratiewe subjektiwiteit. Die teendeel is ook waar, naamlik dat funksio= naliteit ook aan die objekstrukture, in die administratiewe ver= houding, administratiewe objektiwiteit gee. Daar bestaan dus 'n administratiewe subjek - objek - verhouding. Hierdie verhouding het twee pole en kan vanaf albei pole beskou word.

Volgens Labuschagne[40)] is 'n verdere verhouding binne die admini= strasieraamwerk wat identifisering verg, die administratiewe oprigtingsverhouding. Gladden[41)] stel dit so: "First there is

---

37) Marx. Elements of Public Administration, p. 5.
38) White, op. cit., p. 2.
39) Labuschagne, op. cit., p. 16.
40) Ibid., p. 76.
41) Gladden, op. cit., 1970, pp. 11-12.

the stage of decision (which implies an interpretation of the situation), then there is the stage of administration (covering such processes as planning, arranging or organizing, co-ordina= tion, and so on), and finally there is the stage of fulfilment (operation). Someone decides, someone administers, someone performs". Uit die voorgaande aanhaling blyk dit duidelik dat in hierdie administratiewe opregtingsverhouding die vooradmi= nistratiewe subjekte, normaalweg die administratiewe beleids= bepalers genoem, as subjek staan teenoor

a) die omskrywing van die administrasiesubjekte en -objekte, want hulle bepaal hoe die administrasie= subjekte, in struktuur en funksie, daar sal uit= sien en ook wie of wat objekte sal wees;

b) die verhouding tussen die administrasiesubjekte en -objekte, want hulle bepaal hoe geadministreer sal word; en

c) hulle stel die beleid daar, met ander woorde hulle omskryf die intensionele van die metropool, hoewel nie altyd korrek nie.

Die beleidsbepalers is normaalweg die Metropoolse regskeppen= de orgaan.[42] Laasgenoemde positiveer dan sekere reëls wat weer die administratiewe beginsels vervat. In hierdie begin= sels vind die administrasie sy fundering. Du Preez van Wyk[43] wys daarop dat dit die funksie van die administrasie is om

42) Labuschagne, op. cit., p. 77.
43) Du Preez van Wyk. Gesonde administratiewe praktyke vir die sentrale en provinsiale administrasie, p. 2.

die beleid wat deur die metropoolse regskeppende orgaan voorgeskryf word, steeds realisties by veranderende toestande aan te pas.

Konkluderend kan dit dus gestel word dat tuislandgerigte administrasie 'n administrasie is wat daarop ingestel is om die beleid van afsonderlike ontwikkeling, soos bepaal deur die regskeppende orgaan van die Republiek van Suid-Afrika, in die Blankbeheerde gebiede tot sy volle konsekwensies deur te voer.

Die term "staat" verdien ook aandag aangesien die staat die belangrikste politieke instelling binne die samelewing is. Die staat is die assosiasie wat binne 'n bepaalde gebied oor die meeste mag beskik. Die staat beskik oor die monopolie van die gewettigde gebruik van dwang, en selfs fisiese geweld, binne 'n bepaalde gebied. Die staat bly voortbestaan ongeag regerings wat kan kom en gaan. Johnson omskryf 'n staat dan ook as volg: "A state includes the governed as well as the government; more specifically a state consists of all persons within a definite territory in their social positions as members of a sovereign government or as citizens or subjects".[44)]

Aangesien daar in hierdie ondersoek ook deurgaans verwys word na die "regering" wat die beleid van afsonderlike ontwikkeling geformuleer het, moet dit gestel word dat die staat en die regering nie dieselfde instelling is nie. Dit is twee verwante instellinge binne die politieke sisteem. 'n Regering[45)] kan beskryf word as 'n besondere groep persone wat op enige gegewe tyd die mags=

---

44) Johnson. Sociology - A systematic introduction, p. 317.
45) Cilliers & Joubert. Sosiologie - 'n sistematiese inleiding, p. 108.

groep is wat die staat met sy verskillende uitvoerende organe tot sy beskikking het, en as sodanig gedurende die betrokke tyd die werkende beliggaming van die staat uitmaak. Volgens Hunt[46] is die staat in die praktyk altyd 'n abstrakte begrip, en kan dit slegs 'n konkrete vorm aanneem wanneer dit as regering uit=drukking vind. Alhoewel die regering kan wissel, bly die staat voortbestaan. Apter[47] omskryf 'n regering tereg soos volg: "In a system 'government' is the most generalized membership unit possessing

a) defined responsibilities for the maintenance of the system of which it is a part and

b) a practical monopoly of coervice powers... government, although a concrete unit, is distinct from others in the following respect: it is a concrete structural requisite for any social system".

Volledigheidshalwe moet die begrip volk ook kortliks nader om=skryf word. Duvenage definieer 'n volk soos volg: "By "volk" het ons te doen met 'n veel intiemer lewensgemeenskap. Daar is 'n sterker gevoel van saamhorigheid wat voortspruit uit die historiese lotsverbondenheid van diegene wat deur verskillende meewerkende faktore op mekaar aangewys is en mekaar ondersteun... 'n tradisionele saamhorigheidsgevoel wat in die eerste plek op historiese lotsverbondenheid berus en versterk kan word deur eenheid van geloof, kultuur (veral die taal), afstamming en deur 'n homogene sosiale struktuur.[48] Van der Walt[49] omskryf 'n

46) Hunt. Social Science - an introduction to the study of so=ciety, p. 520.
47) Eckstein & Apter. Comparative politics, a reader, p. 84.
48) Duvenage. Kerk, volk en jeug. Deel I. Die verhouding van kerk tot volk, p. 72.
49) Van der Walt, e.a. Rassesosiologie, pp. 17 en 19.

volk as 'n groep mense met 'n gemeenskaplike sosio-kulturele besit (met 'n gemeenskaplike taal en -kultuurpatroon). Volgens Dittmer dui die begrip volk 'n bevolking aan in 'n beslote woongebied wat deur 'n gemeenskaplike taal, kultuur en histo=riese lot saam gebind is, wat ook bewus is van hulle saamhorig=heid en van hulle gesamentlike andersheid ten opsigte van hulle bure. So 'n volksbewustheid is die resultaat van 'n latere ont=wikkeling en kom selde by natuurvolke voor.[50)]

Kotzé[51)] wys daarop dat 'n volk gewoonlik beskou kan word "... as 'n kultuurgebonde groep (besitters van 'n partikuliere kultuurvorm), wat ook uit rassies ooreenstemmende individue saamgestel is. Binne die selfde ras kan daar derhalwe op grond van partikuliere kulture, eie aan afsonderlike groepe van die=selfde ras, 'n verskeidenheid van volke uitkristalliseer". Uit 'n ontleding van die voorgaande omskrywinge blyk dit dat daar eenstemmigheid bestaan dat 'n volk uit 'n aantal persone be=staan (wisselend in getal) wat op grond van verskeie faktore soos taal, geskiedenis, religie, woongebied, herkoms en subjek=tiewe gevoele as behorende tot mekaar en as vormende 'n eenheid, gesamentlik 'n bepaalde eenheid vorm. Dit kan elemente van ander rasse en ander volke opneem sonder dat dit noodwendig 'n ander volk kan word, terwyl dit ook eksklusief kan optree en nie be=reid is om vreemdelinge te aanvaar nie en wat in die geval van druk van buite na binne konsolideer en deur nasionalisme poog om om die druk af te weer. Hoewel 'n volk op grond van 'n aantal faktore gesamentlik gegroepeer word, is dit redelik algemeen dat

---

50) Dittmer. Algemene Volkenkunde, pp. 33-36.
51) Kotzé. Ras, volk en nasie in terme van die Skrif, p. 50.

enkele van die faktore soos taal en godsdiens, die verdelende elemente kan wees wat daartoe aanleiding kan gee dat 'n nuwe volk ontstaan na afsplitsing as gevolg van verdeeldheid oor genoemde aangeleenthede. 'n Volk "is" nooit maar "word" steeds, en in sy ideale toestand bestaan dit in maksimale gekonsoli= deerdheid. Dit is belangrik om daarop te wys dat 'n volk ook 'n etniese groep is, maar dat alle etniese groepe nie volke is nie. 'n Volk verteenwoordig ook 'n besondere ryp fase in die proses van etniese vergroeiing.

Dit is verder belangrik om daarop te wys dat die terme volk en nasie nie dieselfde betekenis inhou nie. 'n Nasie kan, teenoor die voorgaande bespreking van 'n volk, omskryf[52] word as 'n groep mense wat gewoonlik 'n gemeenskaplike territoriale ge= bied bewoon, en die begeerte het om hulle eie staat te vorm en indien hulle alreeds 'n eie staat het, daarna streef om dit te behou as die belangrikste sosiale band waardeur uitdrukking ge= gee kan word aan hulle sentimente, samehorigheidsgevoel en ge= meenskaplike lotsbestemming. Hoewel 'n gemeenskaplike taal, gemeenskaplike godsdiens of dieselfde rassesamestelling faktore is wat nasieskap hegter kan maak, is hulle nie noodsaaklik vir die vorming van 'n nasie nie. 'n Sekere gemeenskaplike historie= se ervaring is egter wel noodsaaklik vir nasieskap - omdat dit juis die sentiment vir 'n gemeenskaplike lotsbestemming ver= skaf. 'n Nasie is dus primêr 'n politieke eenheid wat 'n ver= skeidenheid etniese eenhede kan bevat. 'n Nasie kan dus be= staan uit verskillende volke en rasse, met verskillende tale en godsdienste, indien die nasionale sentiment en historiese gemeenskaplikheid sterk genoeg is. Daar kan dus onderskei word tussen 'n bevolkingstaat, nasiestaat en 'n volkstaat op grond

52) Johnson, op. cit., p. 315.
Cilliers & Joubert, op. cit., p. 254.

van die onderlinge afstoting of aanvaarding. 'n Nasie open=baar sy soewereiniteit en bestuursgesag formeel in sy staat=kundige organisasie. Die formele organisasie en implementering van beleid, gesag, bestuur en soewereiniteit is die vier funda=mentele funksies van die staat, en almal wat binne die effek=tiewe trefwydte van hierdie funksies ressorteer, vorm dan ge=samentlik die nasie. Hunt[53)] formuleer die staatkundige bete=kenis van nasie soos volg: "... a group of people, living on a definite territory, under a common government, and recognized by other states as possessing sovereignty".

Etniese groepe is weer veranderlik van grootte, taalkundig en kultureel eenvormig, endogaam en bewus van hulle bestaan. In hulle word die erflike aanleg voortgeplant en verander sowel as wat die geestelike besit oorgelewer word. Etniese groepe is derhalwe nie stabiel nie maar in die tyd gesien is dit die di=namiese resultaat van die ewewig tussen sentripetale en sentri=fugale kragte wat die ontstaan en/of verval van die eenhede bewerkstellig.[54)] 'n Etniese groep kan ook beskryf word as 'n mense-eenheid, wisselend in grootte, kultureel min of meer ho=mogeen met 'n gemeenskaplike taal, tradisie, woongebied, sedes en gewoontes, 'n aanvaarde bloedgemeenskap met 'n innerlike ge=rigtheid en 'n strewe tot 'n eie afsonderlike politieke ordening.

Wat die term burgerskap betref, is dit belangrik om daarop te let dat burgerskap en etniese verband twee duidelik onderskei=bare begrippe is. Etniese verband is 'n suiwer antropologiese

---

53) Hunt, op. cit., p. 520.
54) Coetzee. Volkereleer, pp. 10-11.

begrip wat dui op die etniese groep waarvan 'n besondere persoon lid is.[55] Burgerskap is weer 'n suiwer staatkundige begrip waar= deur 'n persoon sy nasionaliteit en burgerskap aan 'n bepaalde gebied ontleen en ook by daardie owerheidsgesag ingeskakel word. Burgerskap kan verkry word deur geboorte of deur middel van naturalisasie. Burgers van 'n bepaalde staat behou hulle verplig= tinge ten opsigte van daardie staat indien hulle in die vreemde (of "buiteland" soos Du Plessis dit stel) verkeer.[56] Veels te lank is in Suid-Afrika gehandel en wetgewend geadministreer asof al die Bantoes, selfs ook die Indiërs en Kleurlinge, een werklike of potensiële menslike eenheid is. Dit is dan ook om hierdie identifikasieproses te bestendig dat die Wet op Burger= skap van Bantoetuislande, 1970 daargestel is. Dit sal daartoe bydra dat die verstedelikte Bantoe ook 'n tuiste vir sy politieke aspirasies kan kry by die volk waar hy tuishoort.

Die term Bantoewoongebied dui op 'n stuk grond kragtens artikel 2(1) (a) van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, be= paal, afgesonder en aangelê as 'n lokasie, Bantoedorp of Bantoe= tehuis.

Waar daar in dié proefskrif heelwat verwys word na die "tyde= likheid" van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede dui dit op:

a) die erkenning van die feit dat die Bantoes wat hulle in die Blankbeheerde gebiede bevind, 'n integrale

---

55) Botha. Openingsrede gehou by die openingsgeleentheid van die derde tweejaarlikse saamtrek van beamptes belas met stedelike Bantoeadministrasie, 9 November 1970, p. 6.
56) Du Plessis. Die moderne staat, p. 78.

deel uitmaak van een van die Bantoevolke in Suid-Afrika. Geen erkenning word verleen aan die gedagte dat die Bantoes in Blankbeheerde gebied, as 'n eie afsonderlike groep los van dié in een van die Bantoetuislande beskou word nie;

b) die feit dat die Bantoe in Blankbeheerde gebiede geen gevestigde regte mag verkry nie; en

c) dat die aanwesigheid van die Bantoe in Blankbe= heerde gebiede oorwegend verband hou met die aanbieding van sy arbeid teen vergoeding.

Die begrip Bantoetuislande is 'n oorkoepelende begrip wat ver= wys na die tradisionele woongebiede van die verskillende Bantoe= volke. Die tuisland van elke betrokke Bantoevolk bestaan uit:

a) afgesonderde gebiede soos uiteengesit in die By= lae van die Naturellen Grond Wet, 1913; en

b) oopgestelde gebiede soos vervat in die eerste Bylae van die Naturelletrust en -grond Wet, 1936.

Volgens hierdie wette is die volgende Bantoetuislande vir die verskillende volke erken:

a) die Ciskei vir die (Ciskei) Xhosa;

b) die Transkei vir die (Transkei) Xhosa;

c) Bophuthatswana vir die Tswana;

d) Lebowa vir die Noord-Sotho;

e) Venda vir die Vhavenda;

f) Gazankulu vir die Machangana-Tsonga;

g) die Swazituisland vir die Swazi;

h) Basotho-Qwa-qwa vir die Suid-Sotho en

i) KwaZulu vir die Zoeloe.

## HOOFSTUK 2
## AGTERGRONDSTUDIE: DIE TSWANA-STAMMEGROEP

Stedelike Bantoeadministrasie[1] is nie net die toepassing van 'n reeks wette en regulasies op die Bantoes in die jurisdiksie=gebied van 'n Bantoesake-administrasieraad nie, maar dit be=hels ook die hantering van mense met verskillende kulture in 'n proses van aanpassing aan en handhawing in 'n bepaalde om=gewing vir korter of langer periodes. Coertze verklaar: "Aangesien die Volkekunde 'n studie maak van die lewe van vol=ke, die gang en ontplooiing daarvan met insluiting van die faktore wat dit ten goede of ten kwade beheers, is die Volke=kundige kennis van groot belang vir enige persoon of regerings=instansie wat koers gee in die lewe van volke, veral die kul=tuuragterlike volke van wie die voete op die pad van beskawing gesit moet word".[2]

Die wetenskap volkekunde, soos hierbo aangedui is, behels onder andere die studie van die Bantoevolkere in Suid-Afrika en kul=tuurkontak of akkulturasie. Hierdie kennis en beginsels soos deur die volkekundige versamel en daargestel is, moet nou die rigsnoer wees vir die praktiese administrateur ook in stedelike Bantoeadministrasie. In die eerste plek is 'n breë agtergrond=studie van die Tswana, sy stamverdeling en die belangrikste as=pekte van sy tradisionele en moderne kultuur noodsaaklik vir hierdie onderwerp. In hierdie hoofstuk word die navorsingsgebied

---

1) Riekert. Toepassing van volkekundige beginsels en kennis in stedelike Bantoeadministrasie, 1967, p. 160.
2) Coertze, P.J. Inleiding tot die algemene volkekunde, 1959, p. 14.

uiteengesit om as agtergrond en leidraad vir latere bespreking van die kulturele[3)] en fisiese[4)] skakeling van die Bantoes met hulle tuisland te dien.

## 2.1 Etniese verband

Die Tswana of BaTswana is een van die Bantoevolke van die Republiek van Suid-Afrika. Die Bantoes[5)] van die Republiek van Suid-Afrika is hoofsaaklik die produk van die vermenging tussen die Hammiete en Negers in Noordelike Afrika baie jare gelede. Om ekonomiese en ander redes het die Bantoes in verskillende trekke suidwaarts beweeg en hulle in Suidelike Afrika gevestig. Die Suid-Afrikaanse Bantoes[6)] word, hoofsaaklik op grond van algemene kulturele eienskappe, gesteun deur tradisionele woonplek, in die volgende hoof- en subgroepe ingedeel:

<u>die Nguni</u>: (a) die Zoeloe,
(b) die Swazi,
(c) die Xhosa en
(d) die Ndebele;

<u>die Sotho</u>: (a) die Suid-Sotho,
(b) die Noord-Sotho (Pedi) en
(c) die Wes-Sotho (Tswana);

---

3) Met kulturele skakeling van die Bantoe in die Blankbeheerde stedelike gebiede met sy volkseenheid in die tuisland, word hier bedoel die politieke, ekonomiese, sosiale en regsgebied (dit wil sê op die totale front van sy kulturele lewe).
4) Fisiese skakeling dui hier op die verplasing van die Bantoes uit die Blankbeheerde stedelike gebiede na die tuislande.
5) Bruwer, Die Bantoe van Suid-Afrika, p. 3.
6) Ibid., pp. 26-28.

die Venda: (a) die Suidelike Venda,
(b) die Oostelike Venda en
(c) die Westelike Venda;

die Tsonga: (a) Tsonga en
(b) Shangana.

Elkeen van hierdie volke het sy eie kultuur wat verskillend is van die van die ander. Met kultuur word bedoel al die gees=telike en materiële skeppings van 'n volk. Al die komponente of fasette van die kultuur van 'n Bantoevolk soos sy godsdiens, regstelsel, ekonomiese stelsel en taal is met mekaar vervleg sodat dit 'n hegte eenheid vorm en wat dus nie in waterdigte kompartemente verdeel kan word nie. Volke lewe ook nie in iso=lasie nie, maar maak op verskillende maniere kontak, as gevolg waarvan 'n proses van akkulturasie of kultuuroorname plaasvind. In Suid-Afrika met sy veelvolkige karakter vind hierdie proses gedurig plaas met die gevolg dat die onderskeie kulture steeds besig is om te verander.

## 2.2 Historiese agtergrond

Die Tswanavolksgroep is een onderafdeling van die Sotho-hoof=groep wat bestaan uit die Noord-Sotho, Suid-Sotho en Wes-Sotho (Tswana). Die gemeenskaplike benaming Sotho volg hoofsaaklik uit taal- en kultuuroorwegings wat die algemene samehorigheid van die onderskeie subgroepe kenmerk. Die oorsprong van die benaming Tswana[7] is onduidelik maar beteken vermeerdering of

7) Schapera. The Tswana, p. 9.
Van Warmelo. A preliminary survey of the Bantu Tribes of South Africa, p. 103.
Jeppe. Die ontwikkeling van bestuursinstellings in die wes=telike Bantoegebiede (Tswana-Tuisland), p. 2.

onderverdeling, 'n naam wat dui op die onderverdeling in 'n groot aantal stamme wat die moedergroep ondergaan het.

Baie min is bekend aangaande die voorgeskiedenis van die Tswanas, maar dit is duidelik dat hulle die eerste groep van die Suid=oos-Bantoes was wat Suidelike Afrika vanuit die Noorde bereik het.[8)] Die algemeen aanvaarde mening is dat die Tswanas oor=spronklik afkomstig is uit die vestigingsgebied van die Bantoes naby die groot mere van Oos-Afrika en dat die Tswana suidelike Afrika in drie migrasiegroepe binnegetrek het, ongeveer geduren=de die 14de eeu. Hoewel Schapera[9)] onseker is oor die tyd van die Tswana se koms na Suidelike Afrika, aanvaar hy dat hulle die oostelike dele van hulle huidige woonplek beset het teen 1600.

Breutz[10)] beweer egter dat die Tswana vroeër na Suid-Afrika ge=kom het as die Rhodesiese Koningskultuur na Suid-Rhodesië (on=geveer 1445 n.C.). Die Tswana-emigrasieroete was vermoedelik oor die Limpoporivier en langs die Magalakwenrivier af, alhoewel ook aanvaar word dat hulle aan die kant van die Kalahari suidwaarts beweeg het.[11)] Die Digôja, ook bekend as Lignoya, word as die oudste Tswanagroep beskou en het in klein clanverbande na die hui=

---

8) Schapera. The Bantu speaking tribes of South Africa, p. 58.
9) Id. The Tswana, p. 15.
10) Breutz. Stamme en geskiedenis van die Tswana groep. (Vertaling van 'n gedeelte van Suid-Afrika bydrae in H. Baumann, "Volkerkunde von Afrika", 1963.)
11) Ibid. Breutz wys daarop dat alhoewel daar tye was toe die Tsetsevlieg die trek met beeste langs die roete onmoontlik gemaak het, is daar bewys dat die tsetse plotseling oor 'n gebied versprei het en net so plotseling weer verdwyn.

dige Lesotho en aangrensende Vrystaat getrek en daar met Hotten=totte vermeng.[12] Die stam het egter ongeveer in 1820 verbrok=kel en die huidige groepe baTaung en baKubung en Nogeng is oor=blyfsels van hulle. Almal woon vandag in sowel Lesotho as in Bophuthatswana.

Die eerste Tswana-immigrantegroep, die Kgalagadi[13] het die eerste identifiseerbare intrekkers in die gebied wat vandag as Tswanagebied bekend staan, naamlik die Boesmans (Sarwa), gedeel=telik verdring en gedeeltelik geassimileer.[14] Die Kgalagadi word vandag hoofsaaklik in die oostelike dele van Botswana en direk ten suide van die Moloporivier aangetref. Aangesien die Tswana die Kgalagadi soos slawe behandel het, het 'n groot groep van hulle ongeveer 1850 voor die Tswana pad gegee en grotendeels na die sentrale Kalahari getrek.

Die tweede Tswana-immigrantegroep bekend as die Rolong[15] het hulle aanvanklik aan die bolope van die Moloporivier gevestig, maar na verloop van tyd het hulle suid- en weswaarts versprei sodat hulle vandag onder andere in Suidwes-Transvaal aangetref word. In hulle gang het die Rolong heelwat Sarwa en Kgalagadi in hulle geledere opgeneem.[16] Die Tlhaping[17] en Kaa het as

---

12) Ibid. Sommige van die Tswanas beweer ook dat hulle met Boes=mans vermeng het.
13) Schapera, op. cit., p. 14, stel dit dat die Kgalagadi tot vier=de lid van die Sotho-hoofgroep gereken behoort te word.
14) Maritz. Bestuursontwikkeling van die Tswana-stammegroep met besondere verwysing na die skakeling tussen stad en tuis=land, pp. 47-48.
15) Schapera, op. cit., p. 14.
16) Ibid.
17) Id. The ethnic composition of Tswana tribes, p. 10; maak die afleiding dat die Tlhaping van die Rolong weggebreek het. Breutz. (The tribes of Vryburg district, pp. 22-23) het egter op grond van jaartalle bevind dat dit uiters onwaarskynlik is dat die Tlhaping van die Rolong afgestam het. Die oorsprong van die Tlhaping is dus nog onseker.

selfstandige stamme van die Rolong weggebreek en met verloop van tyd het die Rolong opgesplits in etlike selfstandige stam= me, sodat die Tlhaping en Kaa nie die enigste was wat uit die Rolongstam ontstaan het nie. Schapera[18] wys daarop dat dit een van die kenmerke van die Tswana-geskiedenis is dat 'n deel van 'n stam wegbreek indien hulle nie met die stamleiding tevrede is nie. 'n Selfstandige stam word gestig en die nuwe naam van die afgestigte stam word gewoonlik afgelei van die naam van sy stigter. Gedurende 1800 het die Rolongstam onder die heerskappy van Seitshiro in vier onafhanklike selfstandige stamme verdeel, naamlik die Barolong boo Rratlou, Barolong Rratshidi, Barolong boo Seleka en Barolong boo Rrapulana.

Die derde en grootste groep Tswana-immigrante, die Hurutshe-Kwena, onder leiding van hulle stamhoof, Malope[19], het hulle tussen 1300 en 1400 in die omgewing van Marico en Rustenburg gevestig. Hierdie groep het ook in veel meer stamme verdeel as die Rolong. As gevolg van onderlinge twis en verskille oor die erkenning van 'n vroulike opvolger[20] vir die kapteinskap, ver= deel die Hurutshe-Kwena-groep ongeveer gedurende 1450. Mohurutshe het met haar volgelinge weggetrek deur die huidige Botswana na Modimong, naby die huidige Taung. Tussen 1480 en 1500 het hierdie Hurutshe-groep teruggekeer na die huidige Wes-Transvaal en hulle in die Maricodistrik gevestig. Kaptein Motebele,[21] 'n seun van Mohurutshe wat oor die Hurutshe in die

---

18) Schapera. op. cit., p. 15.
19) Ibid., 1952. p. 8.
20) Ibid.
21) Jeppe, op. cit., pp. 4-5.

huidige Pilansbergdistrik regeer het, het met sy broer Motebejane gebots en so is die Hurutshe verdeel. Motebejane het die kaptein=skap oorgeneem terwyl Motebele se volgelinge noordwaarts gevlug en die Ganawastam[22] gevorm het. Die Hurutshe[23] het daarna ver=der onderverdeel in die tans bekende Hurutshe-stamme, naamlik die boo Manyane, bo ga Suping, ba ga Gopane, ba ga Lentswe, ba ga Moilwa, van die Maricodistrik en die Hurutshe boo Mokgatla van Rustenburg- en Maricodistrikte.

Die navolgers van kaptein Malope wat na sy afsterwe nie onder sy dogter, Mohurutshe wou staan nie, het by Mohurutshe se half=broer Kwena uit die tweede huis van Malope aansluiting gevind. Onder die gesag van stamhoof Kwena het twee van sy halfbroers, Ngwato en Ngivaketse, wykshoofde geword.[24] Die stam was bekend as die Bakwena en het vir 'n hele aantal generasies onversteurd by Swartkoppies gewoon. Gedurende die regering van stamhoof Ma=gopâ was die Kwenastam verplig om as gevolg van 'n droogte van Swartkoppies na die oewers van die Krokodil- en Maricorivier

---

22) 'n Noord-Sotho stam van Noord-Transvaal.
23) Volgens Ellenberger (History of the Ba Ga Malete of Ramoutsa. Transactions of the royal society of South Africa, Vol; XXV, Deel I, 1937, p. 62) is die Hurutshe volgens afkoms die mees senior in rang van alle Tswanastamme. Van al die Hurutshe=stamme is die Bahurutshe boo Manyane weer die meer senior in rangorde, en dus binne die Tswanavolk die senior Tswanastam. Die Hurutshe boo Manyane se huidige kaptein L.M. Mangope het dan ook op 1 Junie 1971 hoofminister van die selfregerende gebied Bophuthatswana geword met die inwerkingtreding van die Bophuthatswana-grondwetproklamasie 1972 ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet no. 21 van 1971).
Breutz. Comparison of state-forming elements in Botswana and Bophuthatswana, p. 2. Hy wys ook daarop dat daar in die Repu=bliek van Suid-Afrika 61 erkende Tswanakapteins is. In Botswana bestaan daar slegs 8 stamme.
24) Sillery. The Bechuanaland protectorate, 1952, p. 105.

te verhuis. Met die terugkeer van die stam na Swartkoppies het 'n gedeelte daarvan, waaronder die Ngwato- en Ngwaketsewyke, on= der leiding van Kgabo, 'n halfbroer van Magôpa, agtergebly. Hier= die groepe het later die huidige Botswana ingetrek waar die Ngwaketse en Ngwato gedurende die 18de eeu as onafhanklike stam= me van die Kwena weggebreek het.[25] Die Kwena wat vandag te Molepolole gevestig is, is die nasate van die kerngroep, dit wil sê 'n splintergroep van die Kwena, tans van Rustenburg.[26]

Die Kwena wat onder Magôpa na Swartkoppies teruggekeer het, het weer as gevolg van interne konflikte in vier Kwena ba Magopa-stamme verdeel (een in die huidige Rustenburg- die moederstam-, twee te Hammanskraal en een te Ventersdorp); vier Kwena ba Modimosanastamme (drie in Rustenburg en een in Pilansberg), as= ook die BaPhalane van Pilansberg.[27]

Volgens Schapera[28] stam die Kgatla ook uit die Hurutshe-Kwena-groep van die Tswana. Aan die begin van die sewentiende eeu het die Bakgatla ba ga Kafela weggebreek van die Bakgatla ba Mosetlha te Momusweng in die Hammanskraaldistrik.[29] Die Mosetlha woon vandag nog as 'n outonome stam in die Hammanskraaldistrik. Na 1700 het die Bakgatla ba ga Kgafela hulle te Saulspoort in die Pilansbergdistrik gevestig. Kaptein Kgamanyane het gedurende 1869 Saulspoort met 'n groot getal volgelinge verlaat en na die huidige Mochodi in Botswana getrek. As gevolg van die verset van

---

25) Maritz, op. cit., p. 53.
26) Sillery, op. cit., p. 104.
27) Maritz, op. cit., p. 53.
28) Schapera, op. cit., 1952, p. 9.
29) Jeppe, op. cit., p. 6.

die Kwena teen die vestiging van die Kgatla in die gebied, het daar sporadiese botsings tussen die twee groepe ontstaan gedu= rende die jare 1875 tot 1885. Kaptein Lentswe van die Kgatla van Mochidi was die Zuid-Afrikaansche Republiek goedgesind en kaptein Setshele van die Kwena het weer die Britse anneksasie van Betsjoeanaland in 1885 gesteun. Die Republikeinse Regering van Transvaal wou in 1890 die gebied van die Kgatla van Mochudi by Transvaal ingelyf het, maar dit is deur die Britse owerheid ge= weier. Die stamgebiede van die Kwena en Kgatla in die gewese Betsjoeanaland-Protektoraat is in 1896 deur 'n grensvasstelling finaal geskei en die Kgatla se grondbesit erken deur Proklamasie no. 9 van 1899.[30)]

Gedurende 1895 is 'n poging aangewend om die stamdeel van die Kgatla wat by Saulspoort agtergebly het, onafhanklik te verklaar van dié van Mochudi. Hierdie poging is egter deur die groep van Saulspoort verwerp. In teenstelling hiermee is kaptein Lentswe se poging, in 1903, om ook sy kapteinskap oor sy mense te Sauls= poort erken te kry, deur die Blanke owerheid van Transvaal van die hand gewys. Ramono Kgamanyane Pilane, 'n broer van kaptein Lentswe van Mochudi, is hierna as kaptein van die Bakgatla ba ga Kgafela van Saulspoort erken. Verskillende selfstandige Kgatla= stamdele het mettertyd uit die Kgatla-stam weggebreek om hulle in verskillende gebiede te gaan vestig. Voorbeelde van Kgatlastamme wat deur wegbreking en onderlinge verdeling ontstaan het, is die volgende: die Bakgatla ba Makau, - Bakgatla ba Seabe- en Bakgatla ba Motchastamme, woonagtig onderskeidelik in die distrikte Ham= manskraal, Groblersdal en Pretoria; die Bakgatla ba ga Mmanaana en

---

30) Jeppe, op. cit., p. 7.

Bakgatla ba Kgaffêla albei woonagtig in Botswana. ('n Groot deel van die Bakgatla ba Kaafêla woon ook in die huidige Pilansberg=distrik) en die Bakgatla ba Mosetlha wat die Hammanskraaldistrik bewoon.[31)]

Die Tlokwa[32)] beweer ook dat hulle uit die Hurutshe-Kwena[33)] en meer bepaald die Kgatla ontstaan het. Volgens Breutz[34)] was die Tlokwa nie oorspronklik Tswana nie maar het die Tlokwastamme in die distrikte van Rustenburg en Pilansberg gaandeweg wel Tswana geword.

Aanvanklik het die verspreiding en stamverdeling van die Tswana vreedsaam verloop wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die kenmerk van die oorspronklike heersersklas om met groepe volge=linge van die kapteins en hulle opvolgers weg te breek en 'n eie outonome stam te stig.[35)] Vanaf 1800 het die verdeling van die Tswanastamme egter grootliks gevolg op aanvalle van ander Bantoe=groepe uit die ooste, Mantatees se Tlokwa (1822-1823), die Kololo onder Sebetwane (1823-1828) en Moselekatse se Matabele (1825-1837) het 'n periode van ordeloosheid en verwarring oor die Tswanastam=me gebring. Sommige Tswanastamme het weggevlug na die weste en noorde van hulle woongebiede en het onderdele van ander stamme geword.[36)] Die bewoners wat in statte agtergebly het, is uitge=moor en hulle statte afgebrand. Ander stamme het die Kalahari

31) Schapera, op. cit., 1952, p. 9.
32) Ibid., p. 10.
33) Uit bostaande verspreidingsuiteensetting is dit duidelik dat bykans alle Tswanastamme, hulle herkoms wil terugvoer na óf die Rolong óf die Kwena-Hurutshe-emigrantegroepe.
34) Breutz. The tribes of Rustenburg and Pilanesberg districts, p. 200.
35) Jeppe, op. cit., p. 3.
36) Schapera, op. cit., 1953, p. 15.

ingetrek, terwyl andere in grotte by Potchefstroom en Klerksdorp gaan woon het, of selfs na Thaba'Nchu in die Vrystaat gevlug het waar hulle ook beskerming by die eerste Blanke boere gesoek het.[37] Die meeste stamme het eers na 1837, na die verdrywing van Moselekatse, uit Marico na hulle oorspronklike tuistes in die huidige Wes-Transvaal en Noord-Kaapland teruggekeer.

Die Tswanastamme, met ongeveer 300 oorlogsmanne wat die Boere gehelp het in die veldtog teen Moselekatse, het as vergoeding daarvoor hulle ou woongebiede teruggekry. Hierdie woongebiede soos Molopo en Setlagole in die Mafekingdistrik, Moilwa in die Maricodistrik en Khunwana in die Lichtenburgdistrik is later tot reservate verklaar.[38] Stamme wat later na hulle tuisgebiede geëmigreer het, het op die plase van Blanke boere gaan bly en vir hulle gewerk. Enkele stamme het eers na die Transvaal terug=gekeer nadat die land verdeel was en grondpryse gestyg het. Ver=dere grootskaalse stamverbrokkeling is nou egter verhoed[39] deur die Voortrekkers wat die oorspronklike vestigingsgebied van die Tswana binnegetrek het. Daarna volg 'n periode van Blanke beheer en Tswana-afhanklikheid.[40]

---

37) Breutz. Stamme en Geskiedenis van die Tswana-groep, 1972.
38) Ibid.
39) Met die vasstelling van die grens tussen Transvaal en Brits-Betsjoeanaland (1881) is daar tog 'n aantal Tswana=stamme verdeel, nl. die Rolong boo Rapulana en boo Ratlou; die Rolong boo Ratshidi se stamgenote wat afgeskei is van die hoofstam met Mafeking as setel; die Hurutshe van Derde=poort is deur die grens in twee verdeel en die Hurutshe van kaptein Lentswe van Witkleigat in die Maricodistrik van wie die stamgenote oorkant die grens in Botswana woon maar steeds die kapteinskap van Lentswe erken.
40) Maritz, op. cit., p. 54.

## 2.3 Huidige Stamsamestelling

Die woongebied van die Tswana is nie 'n geografies aaneenge= skakelde geheel[41] nie, maar is los eenhede wat oor Noordwes- en Wes-Transvaal, Noordwes-Kaapland en 'n gedeelte van die Oranje-Vrystaat verspreid lê. Die huidige woongebied is oor die volgende distrikte versprei: Cullinan, Warmbad, Pretoria, Brits, Rustenburg, Thabazimbi, Swartruggens, Marico, Lichten= burg, Delareyville, Mafeking, Vryburg, Kuruman, Taung, Gordonia (aangrensend aan S.W.A.) en Thaba'Nchu (O.V.S.). Die Tswana= gebiede in die distrikte Coligny, Ventersdorp en Koster is in die proses van verskuiwing en word as "swart kolle" beskou.[42] Die Hurutshegebied (Zeerust of Marico) en die Rolonggebied te Mafeking lê aangrensend aan Botswana en word geskei deur slegs 'n grensdraad. In die huidige Tswanatuisland word ook ander groepe nie-Tswana aangetref, hoofsaaklik Xhosa, naamlik te Kaya Khulu (Rustenburg), Klipkuil (Rustenburg), Magepane (Zee= rust) en Swartkopfontein (Zeerust). Laasgenoemde twee gebiede grens aan Botswana.

Die 1 719 367[43] Tswana's van die Republiek van Suid-Afrika word as volg deur Schapera[44] ingedeel:

---

41) Riekert. Die Tswana en sy Tuisland, p. 134.
42) Ibid. Met die uitdrukking "opruiming van swartkolle" word bedoel die opheffing van eiendomsreg wat Bantoes besit in grond geleë in landelike Blanke gebiede. Die opruiming van swartkolle is inderdaad 'n eerste taak om konsolidasie te bewerkstellig en dit geniet, wat die Departement van Ban= toeadministrasie en -ontwikkeling betref, ook voorkeurbe= handeling.
43) Republiek van Suid-Afrika. Bevolking van stede, dorpe en nie-stedelike gebiede, p. 3.
44) Schapera, op. cit., p. 10. Vergelyk ook die indelings van Van Warmelo. A preliminary survey of the Bantu tribes of South Africa, pp. 103-108 en Cole. An introduction to Tswana grammar, pp. 16-17.

TABEL 7

DIE TSWANA

**WESTELIKE TSWANA**

Hurutshe:

| | |
|---|---|
| Manyana | : Ngwaketsi (B.), Marico (Tvl.) |
| Mokhubidu | : Kweneng (B.), Marico (Tvl.) |
| Gopane | : Marico (Tvl.) |
| Moilwa | : Marico (Tvl.) |
| Khurutshe | : Francistown (B.) |
| Tlharo | : Mafeking, Vryburg, Kuruman (K.P.) |

Rolong:

| | |
|---|---|
| Rratlou | : Lichtenburg (Tvl.,) Mafeking, Vryburg (K.P.) |
| Tshidi | : Mafeking (K.P.), Lobatsi (B.) |
| Seleka | : Thaba'Nchu (O.V.S.), Francistown (B.) |
| Rrapulana | : Lichtenburg (Tvl.), Mafeking (K.P.) |
| Tloung | : Lichtenburg (Tvl.) |
| Kaa | : Mochudi, Ngwato, Kweneng (B.) |
| Kubung | : Ventersdorp (Tvl.) |

Tlhaping:

| | |
|---|---|
| Phuduhutswana | : Kuruman, Vryburg, Taung, Herbert (K.P.) |
| Maidi | : Taung (K.P.) |

| | |
|---|---|
| Nogeng: | : Lichtenburg (Tvl.) |
| Kwena: | : Kweneng (B.) |
| Ngwaketse: | : Ngwaketsi (B.) |
| Ngwato: | : Ngwato (B.) |
| Tawana: | : Ngamiland (B.) |

(B. - Botswana)

**OOSTELIKE TSWANA**

(a) Kwena:

| | |
|---|---|
| Fokeng | : Rustenburg, Ventersdorp (Tvl.) |
| Mogopa | : Pretoria, Rustenburg, Ventersdorp (Tvl.) |
| Mmanamela | : Rustenburg (Tvl.) |
| Modimosana | : Rustenburg (Tvl.) |
| Mmatau | : Rustenburg (Tvl.) |
| Matlaku | : Rustenburg (Tvl.) |
| Phalane | : Rustenburg, Marico (Tvl.) |

| | |
|---|---|
| Tlhalerwa | : Rustenburg (Tvl.) |
| Phiring | : Rustenburg (Tvl.) |
| Taung | : Rustenburg (Tvl.) |

Kgatla:

| | |
|---|---|
| Mosetlha | : Pretoria (Tvl.) |
| Kgafela | : Mochudi (B.), Rustenburg (Tvl.) |
| Mmanaana | : Kweneng, Ngwaketsi (B.) |
| Mmakau | : Pretoria (Tvl.) |
| Motsha | : Pretoria (Tvl.) |
| Seabe | : Pretoria (Tvl.) |

Bididi : Waterberg (Tvl.)

Tlokwa:

| | |
|---|---|
| Thethe | : Gaberones (B.), Rustenburg (Tvl.) |
| Motsatsie | : Rustenburg (Tvl.) |

(b) Malete: Gaberones (B.), Marico (Tvl.)
Tlhako: Potgietersrus (Tvl.)
Po : Rustenburg (Tvl.)
Hwaduba: Pretoria (Tvl.)

) Hierdie groepe genoem onder Oostelike Tswana is in werklikheid Tvl. Ndebele, d.w.s. Nguni van herkoms wat vandag polities by die Tswana inskakel.

Schapera wys verder daarop dat sekere van die Tswanastamme, byvoorbeeld die Kaa en Mmanaana, voorheen outonome stamme was en dat ander, byvoorbeeld die Tlhaping, Rolong, Hurutshe, Kwena en ander sekere kleiner stamdele insluit wat nie aangetoon word nie. Brokstukke van byna elke stam is tans afhanklike onderdele van een of meer van die ander Tswanastamme; daar is byvoorbeeld groepies Kwena by al die ander stamme in Botswana. Jeppe,[45) ] soos meegedeel deur Breutz, maak egter die volgende meer kon= temporêre indeling van die Tswana:

TABEL 8

TSWANASTAMME (in genealogiese volgorde)

| | | Kaptein of onaf= hanklike Hoofman | Distrik |
|---|---|---|---|
| SUID-TSWANA (K.P. - Kaapprovinsie, Tvl. - Transvaal, O.V.S. - Oranje-Vrystaat, B. - Botswana) | | | |
| BAROLONG | boo Rrtalou boo Mariba | Letlhogile | Vryburg, K.P. |
| " | " " | Morumolwa | Mafeking, K.P. |
| " | " " | Motsekwakhumo | Mafeking, K.P. |
| " | boo Rratlou boo Seitsiro | Moshwêtê | Lichtenburg, Tvl. |
| " | " " | Phoi | Mafeking, K.P. |
| " | (boo Rratlou & Hurutshe) | Molefe (hfm.) | Mafeking, K.P. |
| " | boo Rratshidi | Montshiwa | Mafeking, K.P. |
| " | boo Seleka | Morôka | Thaba'Nchu, O.V.S. |
| " | boo Seleka | + Klein afhanklike Botswana groepe | |

45) Jeppe, op. cit., pp. 411-414.

Tabel 8 (vervolg)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| BAROLONG | boo Seleka | + | Klein afhanklike groepe | Mount Fletcher, K.P. |
| - | Bakaa | + | Klein afhanklike groepe | Mochudi, Kwena, Francistown, Rolong Farms B. |
| BATLHAPING | ba Phuduhudu - Molehe | | Gaseemelwe | Vryburg, K.P. |
| " | boo Marumo | | Sengae (hfm.) | Vryburg, K.P. |
| " | ba ga Moduana | | Seboko (hfm.) | Kuruman, K.P. |
| " | ba Phuduhut=swana | | Phetlhu & Jantjie | Kuruman, K.P. |
| " | " | * | 8 onafh. hfme. | Taung (Barkly-W.) |
| " | " | | Mankuroane | Taung, K.P. |
| " | " | ** | Sehunele + 4 hfme. | Herbert/Kimberley, K.P. |
| " | " | | Mahura (hfm.) | Vryburg, K.P. |
| " | " | | Thaganyane (hfm.) | Vryburg, K.P. |
| " | ba ga Maidi | | Motlhabane | Taung, K.P. |
| BATLHARO | ba Phadima (vroeër Hurutshe) | | Tôtô | Kuruman, K.P. |
| " | " | | Kegokilwe (hfm.) | Vryburg, K.P. |
| " | " | | Mampe (hfm.) | Vryburg, K.P. |
| " | ba ga Lotlh=ware | | Buti Bareki | Vryburg, K.P. |
| " | " | | Seneô (hfm.) | Vryburg, K.P. |
| " | ba Thokwane | | Masibi | Mafeking, K.P. |
| " | " | | Diemong (hfm.) | Postmasburg, K.P. |
| " | " en anders | | Kweetsane (hfm.) | Postmasburg, K.P. |
| BATSHWENG | (vroeër deel van Batlhaping) | | Selao (hfm.) | Kuruman, K.P. |

Tabel 8 (vervolg)

TRANSVAAL-TSWANA

| | | | |
|---|---|---|---|
| BAHURUTSHE | boo Manyane | Mangope | Marico, Tvl. |
| " | ba Suping (Manyane) | Suping | Marico, Tvl. |
| " | ba Mokhibidu + | Klein onafhl. groep | Kanye B. |
| " | ba ga Gôpane (Moilwa) | Gôpane | Marico, Tvl. |
| " | ba ga Lentswe (Moilwa) | Lentswe | Marico, Tvl. |
| " | ba ga Moilwa | Moilwa | Marico, Tvl. |
| " | ba ga Mokgatlhe | Mooketsi | Marico, Tvl. |
| BA(K)HURUTSHE + | | | Serow, Francis=town, B. |
| (BAGANANWA + vandag Noord-Sothogebied | | | Blauwberg, Tvl.) |
| BAKWENA | *ba Mogôpa (4 dele) | Mmamagalo | Rustenburg, Brits, Pretoria, Venters=dorp |
| " | ba Modimosana ba Ramanamêla | Maimane | Pilanesberg |
| " | ba Modimosana ba Mmatau | Maselwane | Rustenburg |
| " | ba Modimosana ba Matlhako | Moshome | Rustenburg |
| " | ba Modimosana ba Maaka | Legwale | Pilanesberg |
| " | ba Setshele + | Sechele | Molepolole B. |
| BANKWAKETSE+ | (Kwena) | Batweng | Kanye, B. |
| BAMANGWATO | en ander + (Bakaa, Bapha=leng, Bakhu=rutshe, Birwa) | Khama | Serowe, B. |
| BATAWANA | en ander + | Mathiba | Ngamiland, B. |
| BAKWENA | ba Molotsane | Malefo (hfm.) | Ventersdorp, Tvl. |

Tabel 8 (vervolg)

| | | | |
|---|---|---|---|
| BAPHALANE | (Bakwena) | Ramakôka | Pilanesberg, Tvl. |
| BAFOKENG | (Bakwena)<br>ba Phogôle | | Pilanesberg, Tvl. |
| " | ba Motlatla | Serobatse | Lichtenburg, Tvl. |
| " | | Molotlhegi | Rustenburg, Tvl. |
| (ba Ntwane | Bakwena vandag<br>Noord-Sotho + | | Groblersdal, Tvl.) |
| BAKGATLA | ba ga Mosetlha | Mokôpane | Hammanskraal, Tvl. |
| " | ba ga Kgafêla | Pilane | Pilanesberg |
| " | " + | " | Mochudi, B. |
| " | ba Mmakau | Motsepe | Pretoria, Tvl. |
| " | " | Mokgoko | Hammanskraal, Tvl. |
| " | ba Mtsha | Moepi | Groblersdal, Tvl. |
| " | " | Maubane | Hammanskraal, Tvl. |
| " | " | Maloka | Hammanskraal, Tvl. |
| " | ba ga Seabe | Tshaane (Chaane) | Groblersdal, Tvl. |
| " | ba ga Manaana + | afhanklik van<br>versk. stamme<br>Kanye B. en Tvl. | |
| BAROKOLOGADI | (vroeër onder<br>Kgatla) | Maotwe | Pilanesberg, Tvl. |
| BATLÔKWA | ba Thethe? + | Makabe | Gaberones, B. |
| " | ba ga Sedumedi | Sedumedi | Pilanesberg |
| " | ba Kgosi | Matlapeng | Pilanesberg |
| " | ba ga Bogatsu | Tlôlwe | Rustenburg, Tvl. |
| " | ba Mosemele +<br>Tswana-geassi=<br>mileerde vroeëre Ndebele | afhanklik | Mochudi, B. |
| BATLHAKO | ba Lêêma | Ntwane | Pilanesberg, Tvl. |
| " | " | Mabe | Pilanesberg, Tvl. |
| | (Clans daarvan by die Bakwena ba Modimosana<br>ba Matlhako) | | |
| BAPO | "No. 1" | Mogale | Rustenburg, Tvl. |
| BAPO | "No. 2" | " | Pilanesberg, Tvl. |

Tabel 8 (vervolg)

| | | | |
|---|---|---|---|
| BATLOUNG | | Shôle | Lichtenburg, Tvl. |
| BAGAMALETE + | | Mokgosi | Gaberones, B. |
| " | | Mokgôbjwe | Marico, Tvl. |
| | Tswana-geassimileerde vroeëre Noord-Sotho: | | |
| BATLHALERWA | ook BABIDIDI | Shongwane | Pilanesberg, Tvl. |
| " | | Malekutu (hfm.) | Ventersdorp, Tvl. |
| BAKOLOBENG | ba Maloka (vroeëre maShona?) ou-Tswana oorsprong | Molete | Lichtenburg, Tvl. |
| BATAUNG | ba Mobana (vroeër Digôja) | Sefanyetso | Pilanesberg, Tvl. |
| " | ba ga Selale (vroeër Digôja) | Sefanyetso | Rustenburg, Tvl. |
| BAKUBUNG | (vroeër Digôja) | Mathope | Ventersdorp, Tvl. |
| " | (van Molotestat) (vroeër Digôja) | Monnakgotla | Ventersdorp, Tvl. |
| BAPHIRING | | Mabalane | Rustenburg, Tvl. |
| BANOGENG | | Mabalane | Lichtenburg |

(BATSATSING of BATHAMAGA vandag van Tlhaping afhanklike clans K.P.)

Breutz[46] wys daarop dat daar vandag 'n groot verskil bestaan in die bevolkingsdigtheid van die verskillende Tswanastamme aange= sien sommige stamme eers na die Transvaal teruggekom het nadat die land verdeel was en grondpryse baie gestyg het. In sommige gebiede word 'n bevolkingsdigtheid van ongeveer 50 tot oor die 200 per vk. myl of 20 tot 80 per vk. km aangetref. Hierteenoor

46) Breutz, op. cit., p. 4.

het die ou reservate meestal 'n bevolkingsdigtheid van 10-30 per vk. myl of 4-12 per vk. km.[47]

Bantoegrond in Suid-Afrika kan vandag in vier kategorieë inge= deel word:

Eerstens is daar die Bantoe-eiendomsgronde oral versprei in die Blankbeheerde gebiede van Suid-Afrika. Hierdie eiendomsgronde is nie vir Bantoes gereserveer nie en is deel van die Blankbe= heerde gebiede; dit staan bekend as "swartkolle".

Tweedens is daar die klein geïsoleerde Bantoegebiede, bestaande uit ingelyste (afgesonderde) gebiede gereserveer vir die Bantoes deur die Naturellen Grond Wet 1913 (Wet no. 27 van 1913); sowel as uit oopgestelde gebiede onder die Naturelletrust en grond Wet, 1936 (Wet no. 18 van 1936). Hierdie geïsoleerde Bantoegebiede lê ook losliggend oral in die Blanke tuisland en is dus in werk= likheid "swartkolle".

Derdens bestaan daar die groter ingelyste (afgesonderde) Bantoe= gebiede wat onder die 1913-wetgewing gereserveer is en wat die ware Bantoetuislande vorm. Hulle is nie planmatig daargestel nie, maar het op willekeurige wyse ontstaan as gevolg van besetting deur afsonderlike Bantoestamme, met die gevolg dat die gebiede allerlei uitlopers en inhamme in mekaar sowel as in die Blankbe= heerde gebiede maak.

---

47) Ibid. Die bevolkingsdeel wat by 'n bevolkingsensus nie in hul= le gebied aanwesig is nie en die grond van die Blanke gebruik, is nie ingereken nie.

Vierdens is daar die addisionele Bantoegrond wat aan die Bantoes toegewys is kragtens die 1936-wetgewing, die sogenaamde kwota=grond wat oopgestel is vir aankoop deur die Bantoes of deur die Suid-Afrikaanse Bantoetrust, dus die Oopgestelde Gebiede.

Die Tomlinsonkommissie[48)] wys daarop dat die druk, wat deur die skaarste aan lewensbehoeftes in die Bantoegebiede uitgeoefen is en die groot behoefte aan Bantoearbeid in die nie-Bantoegebiede, veroorsaak het dat 'n volgehoue emigrasie uit die Bantoegebiede plaasgevind het. Heelwat van die Tswana's wat hulle stamgebiede verlaat het en hulle leeftog op blanke plase of dorpe gaan ver=dien het, het hulle daar gevestig.[49)] Breutz[50)] het beraam dat meer as 20% van die Tswana op plase van Blankes in Wes-Transvaal en Noord-Kaapland woon en werk en 22% tot 26% in Blanke stedelike en dorpsgebiede woon.[51)] Van die 46%[52)] van die totale bevolking

---

48) Unie van Suid-Afrika. Samevatting van die verslag van die kom=missie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoe=gebiede binne die Unie van Suid-Afrika, p. 95.
49) Vir 'n historiese uiteensetting van die Tswana se toetrede tot die Blanke lewensterrein kan die volgende werke geraad=pleeg word:
Potgieter. Die vestiging van die Blanke in Transvaal (1837-1886).
Engelbrecht. Geskiedenis van de N.H. Kerk in Zuid-Afrika.
Van Biljon. Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika.
Van der Walt, e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika.
50) Breutz, op. cit., p. 4.
51) Riekert, op. cit., p. 134. Stel die persentasie Tswana's wat hulleself buite die Tswana-tuislande op die Blanke platteland en in Blanke stedelike gebiede bevind, op 65%.
52) Maritz, op. cit., p. 62 wys daarop dat die afwesigheidsper=sentasie deur Breutz egter baie konserwatief bereken is.

wat hulle in die Blankbeheerde gebiede bevind, is 'n groot per= sentasie manlike Tswana's tussen die ouderdomme 20 tot 50 jaar. Maritz[53] verklaar dat die res van die Tswanabevolking, naamlik die 54% in die stamgebiede, hoofsaaklik bestaan uit jong kinders, vroue en ou mans, en hulle leef nog in stamgemeenskappe onder kapteins en hoofmanne. Volgens Breutz[54] is sowat 21% van die Tswana in die Blanke tuisland ontstam. Met ontstam word bedoel dat die Bantoes gedeeltelik verstedelik het, nog hulle taal praat, grotendeels hulle kapteins en verwantskapsbetrekkinge en in 'n minder mate hulle kultuurverband opgegee het.[55] Om die Tswana in Blanke stedelike gebiede ook te laat deelneem aan die staat= kundige, ekonomiese en politieke ontwikkeling van Bophuthatswana, is daar oral waar noemenswaardige getalle van hulle is, tuis= landverteenwoordigers aangestel en Tswana-volkskomitees gevorm. 'n "Tswana-ambassadeur" is ook vir die stedelike gebiede, veral die Johannesburgkompleks aangestel, om die Tswana buite die tuisland met sy volk in verbinding te hou.

### 2.3.1 In die Vestigingsgebiede van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad

Die Tswanastamme wat in die regsgebied van die vestigingsgebiede van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad gevestig is, is volgens Breutz[56] die volgende:

---

53) Ibid.
54) Breutz, op. cit., p. 4.
55) Ibid.
56) Breutz. List of Tswana tribes and chiefs according to Tswana-districts, 1970.

TABEL 9

TSWANASTAMME EN KAPTEINS IN DIE VESTIGINGSGEBIEDE VAN DIE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD VAN WES-TRANSVAAL (Bevolkingsensus 1970)

| Opname No. | Stam | Kaptein | Pleknaam | Raming van die hele stambevolking 1970 |
|---|---|---|---|---|
| **Taung distrik (Bevolkingsensus 1970):** | | | | **70 411** |
| 31 | Thlaping Ba-Phuduhutswana | Mankuroane, Scotch | Taung Reservaat | 45 000 |
| 50 | Thlaping (Voorheen "Mmamutla Owerh". en Majeakgoro Owerh.) | Kgame Mothibi | Mmamutla<br><br>Reservaat: Shaleng<br>Driefontein<br>Hoër Majeakgoro<br>Laer Majeakgoro<br>Seoding<br>Seking | 13 000 |
| 54 | Thlaping gemeng (Geen Owerh., gedeeltelik ingelyf by No. 50) | | Majeng | 2 200 |
| 55 | Thlaping-Ba-ga-Maidi | Motlhabani Walter L. | Manthe Reservaat | 12 000 |
| 60 | Bantoedorp | - | Pampierstat | 6 652 |
| 61 | Bantoedorp | - | Magogong | 713 |
| 62 | Bantoedorp | - | Taung stat | 1 011 |

Tabel 9 (vervolg)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Ditsobotla distrik (Bevolkingsensus 1970):** | | | | 66 656 |
| 141 | Rolong-Boo-Ratlau-Boo Seitsiro "Barolong-boo" Ratlou Owerh. | Moshwêtê, L. | Khunwana | |
| 143 | Rolong-Boo-Ratlau-Boo-Seitsiro "Barolong-boo" Ratlou Owerh. | Phoi T. | Motsitlane (Setla=gole Reservaat) | |
| 151 | Rolong-Boo-Rapulana (voorheen "Tsu-Rapulana" Owerh.) | Matlaba | Palfontein-Bodibe | |
| 152 | Rolong-Boo-Rapulana | Seatlhôlô | Rietfontein-Lotlha=kane | |
| 153 | "Kopano Stamowerheid" Tswana en Xhosa gemeng | Tlhadinyane (verkies) | Trustblok | |
| 154 | Bakolobeng | Molete, K.L.R. | Rooijantjiesfontein-Maloka | |
| 155 | Batloung | Shole, L.S. | Putfontein-Botsabêlô | |
| (156 | Banogeng nog nie erken | Mosiane, J. | | 900) |
| 157 | Fokeng-Ba-Ga-Motlatla | Serobatse, J.G. | Kwaggaslaagte | |
| 158 | Bantoedorp | - | Itsoseng (plaas De Hoop) | 7 100 |
| **Lehurutshedistrik (bevolkingsensus 1970):** | | | | 39 661 |
| 161 | Hurutshe-Boo-Manyane | Mangope, L.M. | Motswedi | |
| 162 | Hurutshe-Ba-Ga-Suping | Suping, V.S. | Supingstat-Leowana | |

Tabel 9 (vervolg)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 163 | Hurutshe-Ba-Ga-Lentswe | Lentswe, E.R.K. | Witkleigat-Moshwane | |
| 164 | Hurutshe-Ba-Ga-Gopane | Gôpane | Gopanestat-Manoane | |
| 165 | Hurutshe-Ba-Ga-Moilwa | Moilwa | Dinokana en Drie= fontein | |
| (166 | Hurutshe-Ba-Ga-Moilwa | | Driefontein) | |
| (167 | Hurutshe-Ba-Ga-Moilwa | | Kalkpan) | |
| (168 | Hurutshe-Ba-Ga-Moilwa | | Braklaagte) | |
| (aangesluit by Stamowerheid 165) | | | (swartkol) | |
| 169 | Baga Malete | Mokgobjwa, M.T.B. | Hartebeesfontein-Lekgopung | |
| (170 | ama Gcina Xhosa stam | (Thambe) | Zwartkopfontein) | |
| (aangelsuit by Owerheid van No. 163 in 1972) | | | | |
| 171 | Bantoedorp | | Lehurutshe | 1 000 |
| **Madikwedistrik (Bevolkingsensus 1970):** | | | | 29 583 |
| 173 | Hurutshe-Boo-Mokgatlha | Mooketsi, A. | Koffiekaal-Thêbê Lokasie | |
| 174 | Hurutshe-Boo-Makgatlha (vorm een Owerh. saam met No. 173) | hoofman Mooketsi, S. | Brakkuil-Phakwane | |
| 175 | Kwena-Ba-Modimosana-Ba-Mmatau | Maselwane, A.T. | Leeuwkuil | |

Tabel 9 (vervolg)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 176 | Bataung | hoofman Sefanyetso | Vrisgewaagd | 600? |
| 177 | Kwena-Ba-Modimosana-Ba-Ramanamela (Manamêla Stamowerheid) | Maimane, M. | Vlakplaats-Masekulane | 800? |
| 178 | Kwena-Ba-Modimosana-Ba-Mmatlhaku | Moshome, A.G. | Tampostat-Pêla | |
| 179 | Kwena-BapModimosana-Ba-Maaka | Leguale, S.M. | Taaiboschkuil | |
| 180 | Tlôkwa-Ba-Ga Sedumedi | Sedumedi, H.J.M. | Elandsdoorn-Letlhakeng | |
| 181 | Tlôkwa-Ba-Kgosi | Matlapeng, S. | Naauwpoort-Molatedi | |
| 182 | Tlôkwa-Ba-Ga-Bogatsu | Tlôlwe, Kg. M.C. | Grootfontein-Ko=lontwane (=Silwer=krans) | |
| 183 | Barokologadi | hoofman Maotwe | Misgund | |
| 184 | Kwena-Ba-Phogole (Geen Owerh.) | Ngakane, Mogagabe | Uitkyk | 900 |
| 185 | Phiring | Mabalane, S. | Rietfontein | |
| 187 | Bantoedorp | - | Morsgat | 2 000 |

### 2.3.2 In die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiegebied

In die distrikte Bloemhof, Christiana, Coligny, Delareyville, Klerksdorp, Koster, Lichtenburg, Marico, Oberholzer, Potchef=stroom, Schweizer-Reneke, Swartruggens, Ventersdorp, Wolma=ransstad en Mafeking - Mafekingdorp en -dorpsgrond wat die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiegebied vorm, word lede van al die stamme in die Tswanastamgroepe aangetref. Die lede=tal van die verskillende stamme wissel en in geen Bantoewoon=gebied word slegs lede van een stam aangetref nie. Dit blyk dus 'n uiters moeilike taak te wees om die lede van die verskillen=de stamme in die betrokke distrikte sodanig te aktiveer en te kondisioneer dat hulle kultureel weer aansluiting by hulle eie stamme in die tuislandgebiede kan vind. Opperman[57)] wys egter daarop dat daar vandag nie meer enige diepgaande verskille tus=sen die kultuurpatrone van die verskillende Tswanastamme aange=tref word nie. Groot gemengde Bantoebevolkings word ook in som=mige van die Blanke dorpe van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiegebied aangetref.[58)]

## 2.4 Die tradisionele en moderne Tswanakultuur

Die mens is 'n skeppende wese wat sy bestaan voer in sosiale verbande.[59)] Soos wat die mens saam met ander binne volks- of

---

57) Opperman. Stedelike Bantoe-Tuislandskakeling met die Wes-Transvaalse streeksvestigingsgebied met besondere verwysing na die rol van Potchefstroom, p. 27.
58) Klerksdorp kan as 'n goeie voorbeeld van 'n dorp met 'n gemengde Bantoebevolking beskou word.
59) Coertze, op. cit., p. 11.

stamverbande leef, kom sy skeppinge tot stand. Coertze[60] omskryf kultuur dan ook as " ... die prestasie van 'n volk (of stam) in sy poging om homself en die omgewing waarin hy leef te kultiveer sodat hy kan bly voortbestaan". Hoewel elke besondere volk 'n eie kultuurpatroon het, toon kultuurpatrone van alle volke egter be= paalde en fundamentele ooreenstemminge wat ook "kulturele uni= versalia" genoem word.[61] Die universele kenmerke van alle kul= ture is gedurig onderhewig aan veranderinge, aanpassing en her= aanpassing by veranderende omstandighede en bestaan gewoonlik uit 'n sosiale organisasie, politieke organisasie, regspraak, ekonomiese lewe en religie. Volke lewe ook nie in isolasie nie, maar maak op verskillende maniere kontak as gevolg waarvan 'n proses van akkulturasie of kultuuroorname plaasvind.

Akkulturasie bestaan uit daardie veranderings wat in 'n kultuur veroorsaak word deur die invloed van 'n ander kultuur, met die gevolg dat daar 'n groter ooreenkoms tussen die twee ontstaan. Die invloed mag wederkerig wees maar kan ook slegs eensydig ge= skied. Die gevolglike assimilasieproses kan so ver vorder dat die een kultuur geheel en al verdwyn as gevolg van die oorname van die ander kultuur.[62] In Suid-Afrika met sy veelvolkige ka= rakter vind hierdie proses van akkulturasie gedurig plaas met die gevolg dat die onderskeie kulture steeds besit is om te ver= ander. Kennis van die Bantoevolkere in Suid-Afrika en in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiegebied, in besonder die Tswana, soos deur die volkekundige versamel en daargestel is, moet

---

60) Ibid.
61) Ibid., p. 43.
62) Kroeber. Antropology, p. 452.

dus ook die rigsnoer wees vir die praktiese administrateur in die prosesse van tuislandskakeling en dorpstigting. Dit moet egter beklemtoon word dat al die komponente of fasette van die kultuur van 'n Bantoevolk, soos sy godsdiens, regstelsel, eko= nomiese stelsel en taal met mekaar vervleg is, sodat dit 'n hegte eenheid vorm wat nie in waterdigte kompartemente verdeel kan word nie.[63)]

### 2.4.1 Sosiale organisasie

Herskovits[64)] definieer die term sosiale organisasie baie dui= delik wanneer hy verklaar: "Social organization includes the institutions that determine the position of men and women in society and thus channel their personal relationships". Dit gaan dus by die bestudering van die sosiale organisasie van 'n volk hoofsaaklik om die gesin of huwelik, sosiale groeperinge en die verwantskapstelsel.

Dit is hier van kardinale belang om te konstateer dat die mens nie 'n alleen-lewende wese is nie, maar wel 'n sosiale wese wat in sosiale of groepsverband saam met ander leef.[65)] Aange= sien die mens nie as enkeling kan bly voortleef nie en omdat hy heelwat met besondere lede van sy volk in gemeen het, vind ons in enige volksverband die neiging tot groepsvorming. Hierdie

---

63) Riekert, op. cit., p. 132. Die belangrikste komponente van die tradisionele en moderne Tswanakultuur word egter af= sonderlik bespreek, sodat dit kan dien as agtergrondma= teriaal in die prosesse van tuislandskakeling en dorp= stigting.
64) Herskovits. Man and his works, p. 289.
65) Coertze, op. cit., p. 11.

groepsvorming spruit voort uit die feit dat die mens 'n sosiale wese is en staan dus bekend as sosiale groeperinge. Alle so= siale groepe kan in twee kategorieë geklassifiseer word, naam= lik dié wat op bloedverwantskap gebaseer is of daaruit ontwikkel het en die wat op vrywillige assosiasie berus.[66] Sosiale groe= peringe wat op verwantskap gebaseer is, is "... primêr verant= woordelik vir die ontstaan van ander groepe".[67] Hieronder ressorteer die gesin en familie, en by primitiewe volke ook nog die meervoudige gesin, familiegroep (Lesika), seksie (kgoro) en die stam (Morafe of Letsaba). Sosiale groepe wat nie op ver= wantskap berus nie, maar op vrywillige assosiasie, ontstaan hoof= saaklik as gevolg van een of ander gemeenskaplike kenmerk, funksie, belang of belangstelling wat 'n bepaalde groep mense saambind, en dit sluit onder andere ouderdomsgroepe, geslags= groepe, werksgroepe, vakbonde en politieke partye in. Waar so= siale groeperinge wat op vrywillige assosiasie berus 'n beson= der belangrike rol speel in die lewe van westerse volke, val die klem by primitiewe volke hoofsaaklik op sosiale groeperinge wat op verwantskap berus. Aangesien die gedragsverhoudinge tussen die lede van 'n bepaalde groep veral opmerklik is in die geval van verwante groepe, is die verwantskapstelsel ook van kardinale belang by die bestudering van die sosiale organisasie van 'n volk.

2.4.1.1 Die gesin en saamgestelde gesin

Die kleinste en mees basiese sosiale groepering by alle volke van die wêreld is die gesin. Alle groter sosiale groepe se ont=

---

66) Eloff, in Coertze. Inleiding tot die algemene volkekunde, p. 93.
67) Ibid.

staan berus ôf direk ôf indirek by die gesin, wat ook die kern van die stam se politieke struktuur vorm.[68] Die gesin kom op 'n besondere wyse tot stand, naamlik deur die sluiting van 'n huwelik. Die verband tussen die huwelik en die gesin is so in= tens dat Hoebel selfs kan verklaar dat "Marriage and the family are really one and the same. It is for analytical reasons only that we draw a distinction between them".[69] Normaalweg bestaan die gesin uit een man[70] en vrou wat 'n erkende huwelik gesluit het en hulle eie of aangenome kinders wat nog ongetroud en af= hanklik is. Wanneer 'n man met meer as een vrou getroud is en kinders by elke vrou verwek het, word daar soms verkeerdelik van 'n poligame gesin gepraat.[71] Elke Bantoevrou en haar kinders bewoon 'n afsonderlike hut en alhoewel nou geskakel met die ander vroue, funskioneer sy tog as 'n afsonderlike eenheid. Dit spreek vanself dat die man dan eintlik gelyktydig die hoof van meer as een gesin is. 'n Poligame huwelik bring dus slegs 'n aan= eengeskakelde groep van gesinne tot stand, met die man as gemeen= skaplike skakel.[72] 'n Meervrouige gesin kan alleen bestaan in gevalle waar 'n stutvrou (seantlo) getrou word om kinders namens 'n kinderlose vrou te baar en dan is dit ook nie 'n gesin in die ware sin van die woord nie, omdat elke vrou nog haar eie lapa en land sal hê.[73] Maritz[74] omskryf die kleiner gesinne-eenheid baie duidelik wanneer hy verklaar dat dit "... bestaan uit 'n aantal

---

68) Eloff, op. cit., p. 95.
69) Hoebel. Man in the primitive world, p. 205.
70) Die man is ook die bron van die patriargale gesagspatroon van die Tswana.
71) Eloff, op. cit., p. 95.
72) Ibid.
73) Maritz, op. cit., p. 95.
74) Ibid.

gesinne met die poligamis as gemeenskaplike bindingsfaktor. En in die vader van dié eenheid, die dissiplinerende gesagspersoon, het die beginsel van gesag en dissipline wat van soveel belang is vir die politieke organisasie van die stam, sy ontstaan".

2.4.1.2 Die huishouding

Hierdie groter eenheid bestaan uit 'n man met sy vroue of vroue, die getroude manlike kinders met hulle gesinne, die getroude manlike, afhanklike verwante en hulle gesinne,[75] asook ander getroude of ongetroude groepsvreemdelinge en bediendes.[76] Die grootte en omvang van die huishouding word bepaal deur die ryk= dom, status, ouderdom en afkoms van die hoof van die huishouding. Die aantal persone per huishouding wissel tussen vyf en 15 en kan ook nog in groter getalle voorkom.[77] 'n Monogame huishouding word aanmekaar verbind deur 'n gemeenskaplike lapa met 'n klei ringmuur terwyl elke vrou in die poligame huishouding egter haar eie lapa het. Dit kan aanvaar word dat vrou, lapa en land ten nou= ste aanmekaar gekoppel is.[78] Die lede van die huishouding sal nie na buite optree, 'n vreemdeling te woord staan en besluite neem sonder die wete en goedkeuring van die hoof nie. Die huis= houding is in alle opsigte onderworpe aan die gesag van die hoof. Die mate van gesag wat hy voer, word bepaal deur sy algemene sta= tus in die stam, wat weer deur verwantskap en die grootte van die huishouding bepaal word. Die belangrikheid van die hoof van die

---

75) Soms word ook getroude vroulike kinders en getroude vroulike afhanklikes binne die huishouding aangetref.
76) Schapera. A handbook of Tswana law and custom, pp. 12-15 en pp. 150-164.
77) Radcliffe-Brown & Ford. African systems of kinship and marriage, p. 141.
78) Maritz, op. cit., p. 70.

huishouding blyk duidelik uit die feit dat hy ook die rituele leier van die groep is en dat hy dien as skakel tussen die huis= houding en die volgende groter eenheid, die familiegroep.

2.4.1.3 Die familiegroep

'n Patrilokale uniliniêre verwante groep wat uit verskeie en= kelvoudige of saamgestelde gesinne bestaan en wat hulle afkoms na 'n gemeenskaplike voorvader terugvoer, vorm die familiegroep of lesika.[79] As die kleinste administratiewe eenheid staan die familiegroep in Tswana bekend as die lekgotlang of Kgorwana - dit is die verkleinwoorde vir kgoro en lekgotla - 'n term wat gewoonlik 'n wykskonnotasie het en dus subwyk kan beteken.[80] Aan die hoof van die lesika staan die mogolwana, bygestaan deur 'n raad bestaande uit senior manlike lede van die familiegroep.[81] Sosiale, religieuse en politieke aangeleenthede soos huwelike, feeste, reëling van erfopvolging en die beslegting van geskille wat nie net een huishouding raak nie, maar die hele lesika, word deur die kern van die groep onder voorsitterskap van die mogol= wana of senior manlike persoon gereël of verhoor.

'n Belangrike funksie van die mogolwana is om leiding te neem in samesprekings van die lesika, dit wil sê by die phuthego ya ban= na ba mpa (vergadering van die kinders van een maagd).[82] In 'n geding tussen lede van sy eie familiegroep tree die mogolwana as

79) Holleman. Struktuur van die Bantoeregsgemeenskappe - Tswana, p. 21.
80) Schapera, op. cit., 1955, p. 15. Vergelyk ook Maritz, op. cit., p. 71.
81) Schapera, op. cit., 1953, p. 40.
82) Ibid., p. 45. Maritz, op. cit., p. 72.

arbiter op, maar wanneer die geding met 'n lid van 'n ander fa=miliegroep gevoer word, moet die mogolwana as tussenganger dien.[83] Dit moet duidelik gestel word dat die gesag van die mogolwana nie afdwingbaar is nie, maar dat lede van die lesika hulle gewoonlik vrywilliglik aan sy gesag onderwerp. Indien 'n lid van die lesika egter nie tevrede is met 'n uitspraak van die mogolwana nie, kan na die wykshoof (kgosana) geappelleer word. Maritz stel dit dat die mogolwana "... hoofsaaklik 'n arbiter met morele gesag (is) en sy belangrikste funksie is die ver=soening van lede van die lesika".[84]

2.4.1.4 Die wyk

'n Aantal familiegroepe wat van 'n gemeenskaplike voorvader af=stam, vorm 'n wyk (kgoro, kgotla, ntlha)[85] en kan beskou word as 'n administratiewe en sosiale eenheid wat die basis van die stamadministrasie vorm. 'n Stamhoof kan 'n nuwe kgoro stig deur byvoorbeeld die kinders (manlik) uit een van sy huise saam te groepeer onder die senior seun as hoofman (kgosana) en daaraan 'n aantal stamlede toe te voeg. Die seuns van die kapteinshuis wat so gegroepeer word, vorm dan die nuwe kgoro. 'n Groot aantal van die wyke beskik oor 'n aantal vreemdelinge in hulle geledere. Die vreemdelinge word egter as 'n integrale deel van 'n stam be=skou, vir solank hulle die wette en gebruike van die stam eer=biedig. 'n Homogene, vreemdelinggroep mag wel vergunning verkry om 'n eie wyk te stig onder leierskap van hulle eie hoofman.[86] Die erkenning van die kaptein moet altyd verkry word vir die

83) Schapera, op. cit., 1955, p. 16.
84) Maritz, op. cit., p. 73.
85) Schapera, op. cit., p. 19.
86) Schapera, op. cit., 1955, p. 20.

vorming van 'n nuwe kgoro, en indien dit nie verkry word nie, sal die nuutgestigte wyk (kgoro) steeds beskou word as 'n deel van die senior wyk en is die bewoners onderworpe aan die juris= duksie van die hoofman van die senior wyk.[87)] Die hoof van die wyk is verteenwoordiger van sy groep en verantwoording verskul= dig aan die stamhoof. Die wykshoof het nie 'n raad wat hom by= staan nie. Wyksvergaderings word egter byeengeroep om sake te bespreek. 'n Informele raad mag hom egter bystaan, naamlik die baga kolodi (geheueverfrissers) of die bathusi (helpers) ge= noem.[88)] Hierdie raadgewers word nie aangestel nie, maar word slegs erken op grond van hulle status, afkoms, ouderdom en ondervinding.

Die wykshoofde speel 'n belangrike rol in die administrasie van die stam. Hulle is die raadsmanne van die stamhoof, sy belas= tinggaarders, kanale na die stam en verteenwoordigers van die stam by die kaptein. Riekert verklaar dan ook tereg dat die wykshoof met die stigting van 'n wyk publiekregtelik aangestel word deur die stamhoof en dat die opvolgers van so 'n wykshoof hulle hoofskap erfregtelik bekom.[89)] Dit word ook gestel dat die wykshoofde die skarniere is waarop die stamadministrasie draai en as sodanig "... bewaarders van die magsbalans tussen die open= bare mening en die kapteinsgesag is".[90)] Omdat afkomslinies nooit gelyk kan wees nie, het wykshoofde ook nie gelyke status binne die stam nie. Die mees senior wyk en wykshoof is die kapteins= wyk; daarna volg in rangorde die hoofmanne uit koningshuise en

---

87) Maritz, op. cit., p. 73.
88) Ibid.
89) Riekert. Die huweliksreg van die Bahurutshe onder die invloed van die Suid-Afrikaanse regsadministrasie, p. 92.

hulle wyke, en laastens, die vreemdelingswyke - ook in rangorde wat afhang van die tyd wanneer aansluiting plaasgevind het. Maritz merk ook op dat "... die hoofman wat die naaste aan die stamhoof verwant is na laasgenoemde die belangrikste wykshoof in die stam is".[91) ] Sowel die familiegroep as die wyk is nie uitsluitend eksogamies nie, met die gevolg dat huwelike oor die algemeen binne die eie geledere plaasvind. Indien 'n vrou van buite die genoemde groep as 'n huweliksmaat geneem word, moet sy en haar toekomstige kinders by haar man se groep aan= sluit.[92)]

Die distrik en seksie is primêr administratiewe indelings en kom slegs by besonder groot stamme voor. Die distrik bestaan uit verskillende wyke wat saamgegroepeer is op 'n wyse waar= volgens die senior of ouer wyke as senior erken word en waarin die gesag van die mees senior wyk oor al die ander wyke geld. Seksies bestaan dan nou uit twee of meer distrikte. Die se= nioriteitsbeginsel word ook hier streng toegepas, dit wil sê 'n vreemdelingsdistrik of -seksie is veel laer in rang as die distrik en seksie waarvan die kaptein hoof is. Vir die leeftyds= groep is die seksie-indeling egter van groter belang as die wyksindeling, omdat die seksiebasis hegter as die stam- of wyks= basis is.[93)] Die kaptein se magte strek hier ook direk oor die van die seksiehoof en elke seksiehoof moet deur die kaptein aan=

---

91) Ibid., p. 76.
92) Schapera, op. cit., 1953, p. 46.
93) Schapera, op. cit., 1955, p. 26. Die distrik en seksie is nie 'n verskynsel wat by alle Tswanastamme voorkom nie. Sover bekend kom hierdie indeling slegs onder 'n paar groot stamme in Botswana voor omdat die stamgebiede so uitgestrek is.

gestel word.

2.4.1.5 Die stam

Die stam is 'n sosiale groep wat die gesin en saamgestelde ge= sin, die huishouding, familiegroep en wyk insluit en uit hulle opgebou is. Dit is egter meer as net die somtotaal van die klei= ner eenhede want dit vorm 'n geïntegreerde en geordende geheel met sy eie kenmerkende eienskappe waardeur dit op sigself 'n so= siale eenheid vorm.[94] 'n Stam beskik oor sy eie naam, 'n eie stamgebied, is polities grootliks in beheer van sy eie interne aangeleenthede en tree na buite op as 'n enkele eenheid, onder leiding van die stamhoof.[95] Die wydste sosio-politieke groepe= ringsbasis waarbinne dié regering bestaan, is by die Tswana die stam (morafe), wat onder 'n stamhoof of kaptein (kgosi) staan en 'n ledetal van tussen 500 en 30 000 het of kan hê.[96]

Lidmaatskap van 'n stam word normaalweg bepaal deur afkoms, en daarom behoort 'n man gewoonlik aan dieselfde stam as sy vader en bly 'n lid daarvan vir die res van sy lewe. Alhoewel daar genealogiese verbintenisse tussen die stamme van die Tswanagroep bestaan, is elke stam onafhanklik en word saamgestel uit verskil= lende kgoros elk onder 'n kgosana a kgoro.[97] Elke stam het egter ook lede van vreemde herkoms en dit gebeur dikwels dat die bloed= verwante van 'n stamhoof slegs 'n baie klein persentasie van die

94) Eloff, in Coertze (red.), op. cit., p. 109.
95) Schapera, op. cit., 1953, p. 34.
96) Maritz, op. cit., p. 64.
97) Schapera, op. cit., 1953, p. 34.

stam uitmaak. 'n Kgoro kan ook wegbreek uit 'n stam en 'n afson= derlike stam stig wat dan bekend sal staan onder die naam van die genealogies senior persoon of hoof van die wegbrekende kgoro. Soms het dit ook in die verlede gebeur dat 'n kgoro of groep uit een stam wegbreek en asiel gaan soek by 'n ander stam waar die groep dan die eie totem behou en bekend staan as moratshwana.[98] Dit kan dus gestel word dat lidmaatskap aan 'n stam eerder bepaal word deur lojaliteit aan die kaptein as deur geboorte, en dat die eenheid van die stam teweeggebring word deur die gemeenskaplike lojaliteit van alle stamlede aan die kaptein wat die simbool van stameenheid en -solidariteit is. Dit impliseer ook geensins dat die samestellende groepe absoluut homogeen moet wees nie - va= riante van dieselfde kultuurgebruik kan voorkom sonder dat dit 'n teken van stamverbrokkeling is of hoef te wees.[99] Die lede van 'n stam kan dus onderling soms ook ten opsigte van hulle gebruike en veral hulle taal, verskil.[100]

Ons tref by die Tswana die beskouing aan dat daar 'n mistieke verband bestaan tussen 'n sekere groep mense en 'n bepaalde diersoort, sodat 'n hele aantal totemgroepe in dieselfde stam= verband aangetref word. Lede van dieselfde totemgroep kan ook verspreid in verskillende stamme woon.[101] Die totemgroep kan dus gesien word as snydende oor alle onderafdelings van die stam en soms oor stamgrense.[102] Die verwarring wat daar soms ontstaan omdat daar meestal van 'n stamtotem gepraat word, is as gevolg

98) Maritz, op. cit., p. 66. Moratshwana is die verkleinwoord van stam.
99) Ibid., p. 67.
100) Schapera, op. cit., 1953, p. 34.
101) Schapera. Government and politics in tribal societies, p. 30.
102) Maritz, op. cit., p. 67.

van die feit dat die stam as 'n geheel onder die totem van sy stamhoof geken word.[103] Verskillende taboe's is van toepassing op die totemdier van 'n groep, die totemdier mag byvoorbeeld nie gedood, geëet of aangeraak word nie. Die totem (seano, sereto, seila, seboko) is gewoonlik deur mites ten nouste ver= vleg met die voorgeskiedenis van die besondere groep. Schapera[104] meld dat die Tswana verdeel word in vyf-en-twintig totemgroepe, elk met 'n eie dier (bv. die duiker, krokodil, oli= fant, aap en leeu) as die groep se totem. Mense met dieselfde totem word veronderstel van gemeenskaplike afkoms te wees en almal met verskillende totems as dié van hulle kaptein word geag van vreemde afkoms te wees. Jeppe[105] wys egter daarop dat die veronderstleling nie deurgaans korrek is nie aangesien men= se hulle totem verander om magiese of politieke redes. Totemgroe= pe is nie eksogamies nie, maar die totem word patrilinies oor= gedra.[106] Afgesien van die geloof in gemeenskaplike afstamming en sosiale aangetrokkenheid tot mense met dieselfde totem be= staan daar geen bepaalde omlynde en aparte sosiale eenheid wat as die totemgroep beskou kan word nie. Die opvatting dat die oor= vleueling van totemgroepe oor stamgrense heen geag bewys te wees van die politieke homogeniteit (volkseenheid) van die Tswana, is by verskillende stamme aangetref.[107]

Riekert[108] meld ook dat daar by al die Suid-Afrikaanse Bantoes

---

103) Schapera, op. cit., 1955, p. 6.
104) Schapera, op. cit., 1953, p. 35.
105) Jeppe, op. cit., p. 20.
106) Schapera, op. cit., 1953, p. 35.
107) Jeppe, op. cit., p. 20.
108) Riekert, op. cit., 1967, p. 92.

duidelik onderskei word tussen die sosiale status van manlike en vroulike persone. 'n Persoon word nie as gevolg van sy ouderdom nie, maar deur verskeie ander faktore mondig. Manlike persone word tradisioneel alleenlik mondig nadat hulle in die huwelik getree en familiehoofde geword het. 'n Vrou word egter nooit mondig nie, maar staan voortdurend onder die voogdyskap van òf haar vader, òf haar man, òf na haar man se dood, onder sy man=like bloedverwante òf die erfgenaam van haar man se huis, wat gewoonlik haar oudste seun is. Indien sy as weduwee weer trou, staan sy outomaties weer onder voogdy van haar tweede man.[109) Die sosiale status van individuele lede binne die stam word be=paal deur die genealogiese verwantskap van 'n derglike lid aan die stamhoof. Vreemdelinge in 'n stam se sosiale status word weer hoofsaaklik bepaal deur hulle posisie in die politieke or=ganisasie van die stam. In die moderne Tswanasamelewing geniet geestelikes, onderwysers, dokters en ander tegnies opgeleide per=sone 'n heelwat hoër status as die gewone werker.[110)]

'n Belangrike aspek van die stamstruktuur is die leeftydsgroep wat oor alle linies sny. Weliswaar is dit nie 'n samestellende eenheid nie, maar eerder 'n verdelende eenheid, maar wat 'n sterk saambindende invloed op die stam het. Nuwe regimente of leeftyds=groepe word elke 4 tot 7 jaar gevorm onder 'n lid uit die kap=teinsfamilie. Elke regiment word saamgestel uit stamlede van min of meer dieselfde ouderdom (tussen 16 en 20 jaar).[111)] Seniori=teit tussen regimente word ook nog streng gehandhaaf. Voorheen

---

109) Ibid., p. 93.
110) Schapera, op. cit., 1955, pp. 32-33.
111) Schapera, op. cit., p. 38.

was leeftydsgroepe gemobiliseer as oorlogseenhede (regimente of mephato),[112] maar hulle vorm vandag eerder werksgroepe. Tussen lede van dieselfde leeftydsgroep bestaan daar 'n gevoel van een=heid en wedersydse verpligting wat 'n innerlike bindingskrag aan die stam verleen.

2.4.1.6 <u>Die huwelik</u>

Net soos 'n huwelik wat sivielregtelik gesluit word, is die Ban=toeregtelike huwelik ook 'n behoorlike maritale verbinding. Riekert sien die huwelik as "... die hoeksteen waarop die so=siale en regsorde van die gemeenskap berus".[113] Dit is die vernaamste middel waardeur die sosiale organisasie en regsge=meenskap in stand gehou, vernuwe en opgebou word. Die doel van die huwelik is dan ook, benewens die geslagsbevrediging, die voortbring van kinders vir die behoud van die groep. Dit kan beskou word as 'n ooreenkoms tussen twee familiegroepe waardeur hoofsaaklik die baarvermoë van die vrou van die een groep aan die ander oorgedra word. Slegs wanneer trougoedere (bogadi), gewoonlik beeste, oorgedra is deur die familie van die man aan die familie van die vrou, is hierdie aanverwantskapsooreenkoms eers volmaak.[114] Die verlowing is nie 'n noodsaaklike voor=ganger van die huwelik nie en die meeste huwelike word gesluit sonder dat daar 'n verlowing was. Inwoning na die huwelikslui=ting is patrilokaal hoewel tydelike matrilokaliteit kan voor=kom. Met die uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwik=

---

112) Schapera, op. cit., p. 29.
113) Riekert, op. cit., 1967, p. 95.
114) Ibid., p. 96.

keling en gepaardgaande die stigting van dorpe in die Bantoe=tuislande kan daar ook neolokale inwoning plaasvind, naamlik weg van beide families van die man en die vrou.[115)]

By die Tswana word daar sekere voorbehoude en voorkeure gestel by die keuse van 'n huweliksmaat. Die Tswana verbied enersyds 'n huwelik tussen familielede van sekere kategorieë, terwyl dit andersyds weer aangemoedig word. Die verbod op 'n huwelik met 'n man se direkte verwante soos byvoorbeeld met sy susters, sy vader se susters, sy moeder se susters, 'n stiefdogter en sy eie susters se dogters word streng gehandhaaf.[116)] Voorkeur word aan die kruis-neef-niggie-huwelik gegee. Die aangewese vrou vir 'n man is sy moeder se oudste broer (malome) se dogter. In=dien die malome egter nie 'n dogter het nie, dan is sy aange=wese vrou die dogter van sy rrakgadi (vader se suster) of van

---

115) Ibid., p. 101.

116) Riekert, op. cit., 1967, pp. 104-105 wys daarop dat 'n huwelik tussen 'n Hurutshe en 'n Masarwa, Kgalakgadi, Ka=laka of Ndebele verbode is. Die verbod spruit voort uit die feit dat die eersgenoemde drie groepe as minderwaardig aan die Hurutshe beskou word en as slawe behandel word. Dit is taboe dat 'n Hurutshe met 'n slaaf mag trou. Wat die Ndebele betref, beskou die Hurutshe hierdie volksgroep as 'n heeltemal vreemde groep wat hul gewoontes en taal betref. Dit is nie wenslik om hierdie vreemde elemente bin=ne die groep of stam toe te laat nie, want dit kan versteu=rings in die groep of stam veroorsaak tot nadeel van die groep of stam. Verder ken die Hurutshe die Ndebele as 'n aggressiewe en oorlogsugtige volk terwyl die Hurutshe baie konserwatief is en jaloers vaskleef aan hulle gewoontes en gebruike. Met die 1951 A.N.C.-onluste in die Hurutshe-ge=bied wat eintlik teen die stamhoofde en tradisionele instel=lings gemik was en vanuit Johannesburg georganiseer is, het die stamhoofde en stamlede meedoënloos teen hierdie onrus=stokers opgetree.

sy rangwane (vader se jonger broer). 'n Man word nie verplig om 'n vrou uit hierdie groep te neem nie, maar dit word baie sterk aanbeveel.[117)]

Poligamie was tradisioneel 'n gebruik by die Tswana maar word vandag selde beoefen. Meeste huwelike is vandag monogaam terwyl 'n groot persentasie volgens Blanke gebruik gesluit word al= hoewel bogadi nog oorgedra word. Gewoonlik is die eerste vrou die hoofvrou, en uit haar word die erfgenaam gebore. In die stamhoof se geval is die hoofvrou die vrou wie se bogadi deur die stam voorsien word. Indien die eggenoot impotent is, word die junior leviraat toegepas, naamlik die jonger broer van die man word gevra om namens sy broer saad by laasgenoemde se vrou te verwek. Indien die jonger broer te jonk is of om ander redes nie namens sy ouer broer kan optree nie, word die vader se jonger broer (rangwane) gevra om namens hom saad te verwek. In die geval waar die vrou steriel is, word haar jonger suster ge= woonlik gestuur om vir haar as stutvrou (seantlo) op te tree. Die man is nie verplig om vir die stutvrou (seantlo) 'n hut te bou nie en die kinders wat sy verwek, is haar ouer suster vir wie sy as stutvrou optree, se kinders. Voor die ontbinding van

---

117) Riekert, op. cit., p. 103, soek die rede vir 'n voorkeur= huwelik in die sosiale struktuur van die stam. Ouers wil graag vir hulle seun 'n goeie vrou kry want die vereiste vir 'n goeie vrou is deugsaamheid, hardwerkendheid en ge= hoorsaamheid. Haar ouers moet mense van aansien wees deur bekend te staan as hardwerkende mense wat hulle nie op= hou met toordery en ander slegte gebruike nie. So 'n dog= ter en sulke ouers is die bloedverwante van die jongman want 'n persoon ken gewoonlik sy bloedverwante beter as enige ander persoon. So 'n familiehuwelik sal die twee familiegroepe nog hegter aan mekaar bind en dit is belang= rik, want 'n hegte familie-eenheid is 'n noodsaaklike ver= eiste vir die ordelike vorming en voortbestaan van die stam.

'n huwelik werp die twee families alles in die stryd om dit te voorkom. Daar bestaan egter sekere gronde waarom die huwelik wel ontbind kan word deur 'n ooreenkoms tussen die betrokke fami= lies".[118)]

2.4.2 Politieke organisasie en regstelsel

Die politieke organisasie van 'n volk kan beskou word as daar= die instelling of instellings wat verband hou met die reëling van die belange van die besondere volk. Die politieke organisa= sie en regstelsel van 'n volk en veral die primitiewe volk, vorm 'n integrale deel van die kultuur van daardie volk. Waar daar ten opsigte van die ander kultuurkomponente na 'n volk verwys word as 'n eenheid wat op eenvormige lewenswyse gebaseer is, hoef dit ten opsigte van politieke organisasies nie noodwendig die geval te wees nie. Coertze stel dit dan ook so: "... onder mense met eenvormige kultuurbesit vind ons dikwels verskillende politieke eenhede en binne een politieke eenheid tref ons gewoon= lik draers aan van verskillende kulture".[119)] Binne die Westerse kultuurorde word daar onderskei tussen die wetgewende, uitvoeren= de en regterlike gesag. By die primitiewe volke en ook die Ban= toes in Suid-Afrika is die politieke organisasie en regstelsel

118) Riekert, op. cit., pp. 116-118. Optredes van die man wat tot ontbinding kan lei, is buitensporige wreedheid teen= oor sy vrou, versuim om vrou en kinders te onderhou en te versorg, flagrante misbruik maak van die vrou as vrou en toordery. Die volgende dade van die vrou kan aanleiding gee tot ontbinding: toordery, herhaalde owerspel, nie-na= koming van huislike pligte en losbandige wispelturigheid.

119) Coertze, R.D. in Coertze, P.J. (red.) op. cit., p. 140.

so geïntegreer dat dit nie in waterdigte kompartemente afgebaken en ingedeel kan word nie. Dit vorm 'n eenheid "... soos 'n weef=sel waarvan die verskillende onderdele met mekaar vervleg is tot 'n eenheid. Die een aspek van sy lewe vind weerklank in elke ander aspek".[120] As gevolg van die noue verband tussen hierdie twee kultuurkomponente by die Tswana word dit dan ook as 'n eenheid behandel. Coertze onderskei die volgende belangrike ken=merke van 'n politieke eenheid:

"(a) 'n sosiale verbondenheid van die inwoners;
(b) 'n aanduibare gebied waarin die sosiale eenheid homself op politieke terrein kenbaar maak;
(c) 'n gesag wat binne hierdie gebied oor die so=siale eenheid gesag voer;
(d) gewillige onderdaanskap aan hierdie gesag en
(e) die erkenning deur ander politieke eenhede van die onafhanklike beskikkingsreg van hier=die politieke eenheid".[121]

By enige volkseenheid is daar sekere vereistes waaraan die ge=sagsinstansies moet voldoen met die oog op gesagsvoering. So=siale prestige en die reg tot politieke gesagsbeoefening berus op lidmaatskap van die kerngroep, die oorspronklike eenheid waar=by die vreemdeling op nakoming van voorwaardes wat die kerngroep stel, mag aansluit. Binne elke politieke eenheid kan die aanwe=sigheid van 'n gesagsinstelling aangedui word wat die gemeenskap binne die geografiese eenheid oor hulle erken. Hierdie gesag or=

---

120) Coertze, P.J. (Red.) op. cit., p. 44.
121) Coertze, R.D. in Coertze, P.J. (red.) op. cit., p. 140.

den en lei die gemeenskap en kan uitgeoefen word deur 'n enkele leier, verskillende leiers of selfs 'n instelling soos 'n raad.[122] Die omvang van politieke instellings en aktiwiteite verskil van volk tot volk, en Herskovits[123] verklaar in hier=die verband dat "... governmental institutions are more com=plex where population mass is great and where the technological base permits the production of an economic surplus sufficient to support those who must exercise the functions of supervision, control and direction, than where the population is small and the technological base is less adequate". Hoe groter die sosia=le eenheid waaroor gesag gevoer word en hoe groter die geogra=fiese gebied wat daardeur bewoon word, hoe groter ook die nood=saaklikheid vir gedesentraliseerde gesagsvoering, onderhewig egter aan die sentrale gesag.

In 'n studie van die politieke organisasie van 'n volk moet daar aandag geskenk word aan die gesagsvoerder, die wyse waar=op die gesagsvoerder sy posisie verkry, die voorregte, funksies en verpligtinge van die gesagsvoerder, die wyse waarop die ge=sag beoefen word, d.w.s. met of sonder raadgewende instansies, asook die aard, die omvang van bevoegdhede en werksaamhede van die raadgewende instansies en gedesentraliseerde beheer en ver=houding tussen die sentrale owerheid en die ondergeskikte ower=hede.

---

122) By primitiewe volke geld die reël altyd dat die gesags=voerder dit in ooreenstemming met die wense van sy raad=gewers moet doen.
123) Herskovits, op. cit., p. 328.

2.4.2.1 Die stamhoof

Die stamhoof neem 'n besondere plek in die lewe en organisa= sie van die stam in. Riekert sien die stamhoof as "... die na= vel van die stam, die politieke hoof, hoofregter, hoëpriester en hooftoordokter".[124] Alle gesag is dus gesentraliseer in die stamhoof en hy dien as simbool van stameenheid en solidariteit. Die stamhoofskap is erflik en 'n stamhoof word gebore en nie ge= kies nie.[125] Schapera vat die tradisionele status van Tswana= stamhoofde soos volg saam: "The Chief, as head of the tribe, occupies a position of unique privilege and authority. He is the symbol of tribal unity, the central figure round whom the tribal life revolves. He is at once ruler, judge, maker and guardian of the law, respository of wealth, dispenser of gifts, leader in war, priest and magician of the people".[126]

Opvolging tot die kapteinskap geskied langs die vaderregtelike lyn en die oudste seun van die kaptein se hoofvrou sal kaptein word. Die stamhoof se hoofvrou word deur die stam gekies en haar bogadi word deur die stam betaal.[127] Indien die hoofvrou onvrug= baar is, word 'n stutvrou getrou en word haar kinders gereken as die kinders van die hoofvrou en moet die oudste seun wat so ge= bore word, opvolg. Waar geen manlike opvolger gebore word nie, volg die kaptein se jonger broer hom op, omdat die kapteinskap altyd oorgaan na die mees senior bloedverwant langs die patrilinie.

---

124) Riekert, op. cit., 1967, p. 91.
125) Die Tswana sê: "kgosi ke kgosi ka a tsetswe" - 'n Kaptein is kaptein omdat hy dit gebore is.
126) Schapera, op. cit., 1955, p. 62.
127) Riekert, op. cit., 1967, p. 91.

In 'n poligame huwelik, waar daar geen manlike kind in die hoof=hut is nie, moet die oudste seun van die vrou tweede in rang[128) ] kaptein word. Soos deur die geskiedenis van die Tswana aange=toon, het poligamie al dikwels tot gevolg gehad dat 'n stam ver=deeld geraak het oor wie opvolger moet wees.[129)] Uit bogenoemde feite is dit duidelik dat die posisie van die stamhoof erflik is en dat leierskap dus berus op afkoms. Volgens Labuschagne[130)] het "... oorerwing volgens vasgelegde reëls stagnasie aan die politieke ingesteldheid gegee, want daar was weinig geleentheid vir progressiewe, dinamiese individue om invloedryke posisies te beklee". Dit kan ook gestel word dat die grondslag van die posisie van die stamhoof te vinde is in die genealogiese en nie in meriete nie.

Die genealogiese opvolgingspatroon van die stamhoof of kaptein het 'n hegte religieuse grondslag. Die stamhoof is ook reli=gieuse hoof van die stam en hierdeur is hy ook die belangrikste skakel tussen die aardse en bo-aardse lewe.[131)] Die stamlede glo dat die stamhoof die lewende verteenwoordiger van die eint=like herders van die stam, die voorvadergeeste is met ander woorde, dat die stamhoof se posisie deur die voorvadergeeste ge=sanksioneer word. Na sy afsterwe word die stamhoof ook opgeneem

---

128) Hierdie vrou kan ook chronologies die eerste vrou wees.
129) Maritz, op. cit., p. 80. Hy wys ook daarop dat die op=volgingslyn net verander kon word deur geweld of knoeiery, en dat alhoewel opvolgingslyne soms wel verander is, is die senioriteit van die onterfde lyn tog wel erken in ri=tuele gebruike.
130) Labuschagne. Blanke bestuurstelsels en hulle invloed op die tradisionele politieke instellinge in die Transkei, p. 47.
131) Ibid., p. 49.

in die geledere van die voorvadergeeste, waar hy dan 'n skakel in 'n ketting vorm.[132] Die versoeke van die stam aan die opper=wese, Modimo, kan nie deur die hiërargiese orde van die voorva=dergeeste aan die opperwese oorgedra word nie, indien die ge=nealogiese kontinuïteit verbreek word. Die stamhoof vorm dus 'n noodsaaklike skakel tussen die lede van die stam en die voor=vadergeeste, wat weer op hulle beurt die behoeftes van die stam aan die opperwese Modimo, bekend maak. Om die kontak met die voorvaderwêreld te behou, het die stamhoof heelwat religieuse funksies om uit te voer. Die aanbidding van en offering tot die voorvadergeeste is die belangrikste religieuse funksie van die stamhoof.[133]

Uit hoofde van die feit dat die geloof in toordery en manisme so diep gegryp het in die psige van die Tswana, het die stamhoof ook belangrike seremoniële funksies wat ten behoewe van die stam uitgevoer moet word en dus gesagsbevestigend vir die stamhoof se posisie is. Hy is of was verantwoordelik vir die uitvoering van seremonies vir die beskerming van die oeste teen natuurrampe, die versterking van die stamleër en die stamlede in die alge=meen, reënmaker van die stam en verantwoordelik vir vrugbare oes=te. "Uit hom emaneer die noodsaaklike kragte, vermoë, vrugbaar=heid, voorspoed, welstand van land, dier en mens."[134] In die uitoefening van sy verpligtinge word die stamhoof bygestaan deur professionele toordokters.[135] Ons sien dus dat die stamhoof die

---

132) Maritz, op. cit., p. 82.
133) Labuschagne, op. cit., p. 49.
134) Coetzee. Inboorlingowerhede en die politieke ontwikkeling van Afrika. 1962, p. 217.
135) Schapera. Government and politics in tribal societies, 1956, p. 147.

kragvoorsiener van die stam is of was.

Uit die stamhoof se funksie as kragvoorsiener, wat versterk is deur sy religieuse band met die voorvadergeeste, vloei sy eko= nomiese, staatkundige, militêre en patriargale funksies voort. Ten opsigte van die ekonomiese sanksies van die stamhoof geld die uitdrukking "kgosi ke mosadi wa morafe" (die stamhoof is die vrou van die stam) wat by implikasie beteken dat die stamhoof die stam moet voorsien in die nodige behoeftes.[136] Die ekono= miese faktore het die duale werking, naamlik dat dit beide die oorsaak en gevolg van die stamhoof se posisie is. Die stamhoof was in beheer van feitlik alle middele van produksie, en ge= volglik moes die stamlede hulle onderwerp aan die gesag van die stamhoof om te kon bestaan. As trustee van die stamgrond wat ge= meenskaplik deur die hele stam in eiendom gehou is, was hy ook in beheer van die regulering en uitdeling van die gebruiksreg van die stamgrond. Aangesien die stamhoof die reg tot oplegging van boetes en belastings het, het hy 'n nimmereindigende bron van inkomste. In tye van ekonomiese nood moet hy egter hierdie fond= se ten behoewe van die stam as geheel aanwend. Deur vry arbeid aan die stamhoof te lewer het die onderdane hom as ekonomiese hoof erken.[137]

Die belangrikheid van die funksie van die stamhoof as militêre hoof van die stam blyk duidelik uit die feit dat daar gedurig oorlog gevoer is tussen verskillende stamme. In sy uitvoerende hoedanigheid is die leër deur die stamhoof gebruik om oorloë te

---

136) Language. Stamregering by die Thlaping, 1943, p. 169.
137) Labuschagne, op. cit., p. 51.

voer en opstandelinge tot onderdanigheid te dwing. Maritz wys daarop dat "... as finale instrument om sy gesag as staatshoof af te dwing en te bevestig, is die stamleër dus nie te onder= skat nie".[138] Die stamhoof het ook tot 'n sekere mate van die leër gebruik gemaak in die uitoefening van sy gesag na buite.

Verder was die stamhoof in die tradisionele staatkundige op= set die hoogste wetgewende instansie, finale regspreker en hoof= uitvoerende amptenaar in stamsake. Die stamhoof was in beheer van die alledaagse administratiewe aangeleenthede van die stam en gevolglik was sy kraal die administratiewe hoofkwartier van die stam.[139] Dit was die stamhoof se reg en plig om wet en orde in die stamgebied te handhaaf en hy het die middele tot sy beskikking aangewend om hierdie funksie ten uitvoer te bring. Gesag kon wel gedelegeer word, maar die stamhoof het aan die hoof van die staat gestaan en het die finale seggenskap bly behou. Hierby was die stamhoof ook die hoogste en finale reg= spreker in die stam.[140] In tussenstaatlike verhoudinge het die stamhoof ook opgetree as hoofdiplomatieke agent van die stam.

Die patriargale funksie van die stamhoof berus in die feit dat die stam bogadi betaal het vir sy moeder. As vader van die stam moet die stamhoof ten alle tye gereed wees om te luister na die griewe en versoeke van sy onderdane. Hy was verantwoordelik vir

---

138) Maritz, op. cit., p. 84.
139) Schapera, op. cit., 1951, p. 175.
140) Ibid., p. 104. In sy uitsprake het die stamhoof 'n wille= keurige diskresie gebruik. Die woord "willekeurig" moet nie te streng beskou word nie, want ons het hier te make met 'n konserwatiewe gemeenskap waarin nie sommer van 'n vorige uitspraak afgewyk word nie: die presedentereg het dus 'n belangrike rol gespeel in die regspraak van die stamhoof.

die algemene welsyn van die stam. In tye van hongersnood moes die stamhoof voedsel verskaf terwyl die beloning van liefde en sorgsaamheid teenoor onderdane deel uitgemaak het van sy taak as patriarg.[141)] Die vaderverhouding van die stamhoof tot sy on= derdane het meegebring dat hy geëer en gerespekteer moes word en is kinders uitdruklik aangemoedig om die stamhoof te gehoor= saam en te onderskraag.[142)]

Melding moet egter gemaak word van die feit dat, alhoewel stam= hoofde nog heelwat van hulle oorspronklike pligte verrig en voorregte geniet, daar heelwat inperkinge van hulle tradisio= nele funksies en magte ingetree het. Heelwat van hulle reli= gieuse sanksies, magiese funksies, regtelike gesag en hulle militêre leierskap het verdwyn.[143)]

Samevattend kan dit gestel word dat daar 'n baie noue organie= se verband bestaan tussen die verskillende funksies van die stamhoof. Die een vloei voort uit en is onlosmaaklik verbind aan die ander. Dit vorm 'n funksionele samehangende kringloop en kan gevolg word vanaf die genealogiese funksie waaruit voort= vloei die religieuse, seremoniële, ekonomiese, militêre, staat= kundige en patriargale funksies, tot dit weer uitloop in die ge= nealogiese funksie. Al hierdie funksies voer die stamhoof uit omdat hy daartoe gemagtig is uit hoofde van sy afkoms.

---

141) Labuschagne, op. cit., p. 53.
142) Schapera, op. cit., p. 106.
143) Breutz. Tswana tribal government today. 1959, pp. 39-40; Schapera, op. cit., 1955, p. 62.

2.4.2.2 Stamrade

In beginsel is die stamhoof geen despoot nie, maar 'n patriar= gale politieke leier, met beperkte magte. Maclean verklaar dat "If... it is intended to be implied that the will of the Chief is the sole law of nation, it is incorrect".[144)] Die mag van die patriargale leiers was beperk deur 'n stelsel van konsul= tatiewe rade en raadsmanne, deur gewoonte en tradisie en die openbare mening soos uitgedruk in die stamvergaderings.[145)] Die sentrale regering bestaan uit die stamhoof, bygestaan deur verskeie soorte rade, terwyl daar in die omgeskrewe stamkon= stitusie ook voorsiening gemaak is vir 'n doeltreffende stel= sel van plaaslike owerhede wat gefundeer is op gedelegeerde verantwoordelikheid. Daar moet dus onderskeid gemaak word tussen die verskillende raadgewende instansies.

Die regspraak word ook beoefen deur die stamhoof-in-rade as die hoogste regterlike en politieke gesag.[146)] 'n Stamhoof sal ook nie enige besluite neem sonder raadpleging nie want 'n kap= tein is kaptein uit hoofde van die stam (kgosi ke kgosi ka morafe). 'n Kaptein is ook die kind van die stam omdat sy moe= der se bogadi deur die stam betaal is. Maritz wys daarop dat dit dan ook geen ongewone gebeurtenis is dat 'n kaptein deur sy stamraad berispe word indien hy enige buitensporigheid mag aanvang.[147)] Met verwysing na die tradisionele bestuurstelsel van die Tswana verklaar Schapera dat "The administrative sys= tem of the Tswana is founded upon the principle of delegated

---

144) Maclean. A compendium of Kafir laws and customs, p. 23.
145) Schapera, op. cit., 1956. p. 144; Labuschagne, op. cit., p. 58.
146) Riekert, op. cit., 1967, p. 92.
147) Maritz, op. cit., p. 85.

responsibility. At the head of the whole tribe is the Chief (kgou). He is assisted in the execution of his duties by various forms of Council.[148]

Die stamhoof word in die administrasie van stamsake deur ver= skillende instellings bygestaan. In die eerste plek is daar die binneraad (khuduthamago), 'n geheime familieraad bestaande uit bloedverwante en vertrouelinge van die stamhoof.[149] Tradi= sioneel is dit 'n klein raad wat volgens Breutz uit tussen twee en sewe lede bestaan, wat self geen administratiewe of regsprekende funksies het nie. Vergaderings van die raad is nie toeganklik vir enige persoon nie en word gewoonlik in die nag op afgesonderde plekke gehou. Die lede van die khuduthamago is die onmiddellike familieraadgewers van die stamhoof in beleid= sake, sake rakende die bevordering van sy aansien, voorkoming van ondermyning van sy gesag, die bespreking van griewe teen sy optrede en, indien nodig, om hom tereg te wys. Die raad kan dus beskryf word as 'n hoogste beskermings- en vertrouensraad om die persoon van die stamhoof. 'n Stamhoof kan die volle raad byeenroep of kan individueel opinies verneem, na gelang van die aard van die saak waaroor hy raad verlang.

By die meeste Tswanastamme in Suid-Afrika bestaan daar nog steeds khuduthamaga-rade, maar hulle invloed het heelwat afgeneem.[150]

---

148) Schapera, op. cit., 1955, p. 53; Riekert, op. cit., 1967, p. 92.
149) Die ntona (hoofraadslid of uitvoerende raadsman) van die stam= hoof word ook hier ingesluit.
150) Breutz, P.L. Senior etnoloog in die etnologiese afdeling van die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling. Onderhoud gevoer op 15.6.1972.

Die woord khuduthamago het vandag ook ander gebruike waarvan die mees bekende dié is van uitvoerende raad of uitvoerende komi= tee.[151] 'n Belangrike funksie van die khuduthagama is om te be= sluit oor opvolging tot die kapteinskap. Die fout is al dikwels in die verlede deur die Blanke administrasie gemaak deurdat volksvergaderings byeen geroep is om oor kapteinsopvolging te besluit, terwyl die besluit van die khuduthamaga slegs bekend gemaak moes word.[152] Kwalifikasies vir raadsmanskap is ken= nis, lojaliteit aan die kaptein en politieke invloed in die stam. Indien 'n kaptein alle bloedverwante sou uitskakel en slegs wykshoofde sou raadpleeg, sou sy familie hom beskuldig van onkonstitusionele optrede. Teenstand sal in so 'n geval van die familie verwag kan word, omdat bloed-ooms sou voel dat in= breuk nou gemaak word op hulle reg om die kaptein van advies te bedien oor belangrike stam- en familiesake.

Tweedens is daar die liggaam wat in bestuursaangeleenthede aan die buitestaander die duidelikste na vore kom, naamlik die stam= raad (lekgotla of lekgotla la dikgosana, letterlik die raad van ondergeskikte kapteins). Die raad bestaan uit die kgôrôhoofde, 'n paar senior ooms van die stamhoof, die ntona[153] en die kap= tein. Al die sleutelfigure in die stamstruktuur het dus sitting op die raad en alle besluite wat hier geneem word, is bindend op die stam. 'n Uitstaande kenmerk van die stamraad is dus dat die stam as 'n geheel verteenwoordiging op die raad geniet het.[154]

---

151) Ibid. Die Uitvoerende Raad van die gebiedsowerheid tot 1968 is bv. die khuduthamaga genoem.
152) Maritz, op. cit., p. 86.
153) Maritz, op. cit., p. 86. Sien die ntona as die gelyke van 'n eerste minister.
154) Schapera, op. cit., 1955, pp. 75-80; Breutz, op. cit., 1959, pp. 41-42.

Die stamraad is tradisioneel die breë adviserende en uitvoerende raad van die stam wat sake van algemene stambelang, o.a. vas=stelling van stamgrense, die hersiening van wyksgrense, aanstel=ling van addisionele raadsmanne, geldelike bydraes deur die stam vir openbare doeleindes en toelating van nuwe intrekkers bespreek en goedkeur. Hoewel die stamraad in teorie slegs 'n konsultatie=we liggaam van die stamhoof was, het dit normaalweg konvensio=neel gebeur dat die stamhoof die stamraad se besluit gevolg het. Indien die stamhoof nie die stamraad se besluit wou volg nie, het hy gevaar geloop om sy reputasie en sy gesag skade aan te doen en kon sy optrede selfs die oorsaak wees vir die verdeling van die stam.[155)] Indien die stamhoof 'n dinamiese persoonlikheid gehad het, kon hy egter 'n deurslaggewende invloed op die be=sluite van die stamraad uitoefen.

Hier dien opgemerk te word dat die stamraad normaalweg geen ju=disiële funksies verrig nie en dat die stamraad en stamhoof nie identies is nie. 'n Kleiner uitvoerende stamraad, ook genoem lekgotla, was (is) bepaaldelik verantwoordelik vir die verhoor van hofsake saam met die stamhoof. Hierdie kleiner stamraad of uitvoerende stamraad is saamgestel uit die stamhoof en 'n paar spesiaal gekose hoofmanne en ander vertrouelinge van die kap=tein en hoef nie noodwendig uit kgôrôhoofde te bestaan nie. Die stamhoof is hoof van die stamhof en die hofadviseurs word deur die kaptein benoem op grond van bevoegdhede soos regskennis en redenasievermoë. Die stamhoof is ook 'n ope liggaam waar alle geïnisieerdes teenwoordig mag wees en waar hulle aan die verrig=tinge kan deelneem.[156)] Jeppe wys daarop dat latere ontwikkeling

---

155) Schapera, op. cit., 1956, p. 144.
156) Schapera, op. cit., 1955, p. 49; Breutz, op. cit., 1959, p. 42.

meegebring het dat daar nie meer 'n onderskeiding getref word tussen die twee soorte stamrade nie.[157] Die mening word ook uitgespreek dat die stamrade van die meeste Tswanastamme wat vandag deur die Regering erken word as stamowerhede, 'n samestel= ling van dié twee tradisionele stamrade is.[158]

As aanvullende politieke instelling is daar drie tipes tradi= sionele stamvergaderings. Tydens stamvergaderings word belangrike aankondigings gemaak en soms menings verneem waaroor reeds 'n groot mate van sekerheid bestaan. Maritz wys daarop dat voordat 'n saak op so 'n vergadering bespreek word, dit waarskynlik reeds bespreek is op die khuduthamaga of die stamraad en was die raad van mening dat die stam gunstig sou reageer.[159] Die phuthego (go phutha - om byeen te roep) was 'n periodieke byeenkoms van stamlede om minder belangrike sake te bespreek en te luister na formele aankondigings van die stamhoof. Ernstige leierskap= twiste, militêre bedreiginge, inisiasie en regimentvorming is op 'n letsholo of stamjag wat in die veld plaasgevind het, bespreek. In die kgotla van die stamhoof word vergaderings gehou om belang= rike stambestuursake soos die heffing van bydraes, die onderne=

---

157) Jeppe, op. cit., p. 123.
158) Ibid. Jeppe het ook gevind dat kapteins en hoofmanne, raads= manne en stamlede die hedendaagse stamowerhede beskou as die wetlik erkende funksionerende stamraad (lekgotla) met 'n ver= kleinde of veranderde samestelling. Die meerderheidsopvatting is verder dat hierdie verandering en verkleining van die stam= raad aanvaar word omdat die beste natuurlike leiers in alle geval saam met die stamhoof en enkele opgevoede en progres= siewe gewone stamlede daarop dien in belang van beter be= stuur en algemene ontwikkeling.
159) Maritz, op. cit., p. 89.

ming van ontwikkelingswerke en die opvolging of instelling van 'n nuwe kaptein te bespreek, dit staan bekend as 'n pitso (go bitsa - om te roep).[160] Vandag is alleenlik die pitso van noemenswaardige belang, en dit is 'n vereenvoudigde veeldoelige algemene stamvergadering. 'n Seremoniële letsholo word elke jaar gehou deur stamme wat nog inisiasie beoefen.[161] Waar die stamvergaderings ook in die verlede deur die meeste stamlede by= gewoon is onder verpligting en dit soms langdurige en selfs om= strede byeenkomste was waar elkeen die reg gehad het om deel te neem aan besprekings, is dit vandag swak bygewoonde perio= dieke byeenkomste waar veral amptelike mededelinge gedoen en ontwikkelingsprojekte aangekondig word.[162]

Tradisioneel was daar verskillende amptenare en raadgewers[163] wat die stamhoof persoonlik bygestaan het in sy bewind oor die stam. Van al die raadgewers en amptenare het nog net die ntona en dikala tsa kgosi (herders van die stamhoof) vandag enige noemenswaardige funksie.[164] Die ntona word deur die stamhoof self aangewys en kom nie noodwendig uit sy familie nie. Die ntona is 'n begaafde persoon met sterk leierseienskappe en 'n raadslid van die lekgotla en khuduthamaga belas met die vernaam= ste uitvoerende verantwoordelikhede op politieke, administratie= we en judisiële vlakke. In die meeste gevalle is hy vandag 'n ontwikkelde, gerespekteerde en invloedryke raadslid van die stam=

---

160) Schapera, op. cit., 1953, p. 53; Breutz, op. cit., 1959, pp. 43-44; Schapera, op. cit., 1955, pp. 80-83.
161) Jeppe, op. cit., p. 126.
162) Ibid.
163) Schapera, op. cit., 1955, pp. 75-77.
164) Jeppe, op. cit., p. 124.

owerheid en by die meeste Tswanastamme dien hy saam met die kaptein op die streeksowerheid.[165] Die dikala tsa kgosi kan beskryf word as 'n groep persoonlike raadgewers of assistente van die stamhoof wat onderskei is van ander raadsmanne wat nie 'n formele raad gevorm het nie. Hulle is die manne wat in die stilte die stamhoof se posisie en wense bevorder het. Volgens Jeppe is hulle vandag nog vertrouelinge van die stamhoof, maar is meermale ook lede van die stamowerheid.[166]

Die stamhoof het ook gebruik gemaak van spesiale verteenwoordigers en hulle kan gesien word as die prototipe van die hedendaagse kapteinsverteenwoordigers in stedelike gebiede. Stamme wat 'n groot grondgebied bewoon, laat distrikte vir administratiewe doeleindes deur spesiale verteenwoordigers verteenwoordig. Hierdie verteenwoordigers is dan ook in die hoofstat (bareeletsi) woonagtig. Hierdie reëling het veral gegeld vir vreemdelingdistrikte. Daar bestaan gewoonlik ook geen verwantskap tussen die verteenwoordiger en die groep wat hy verteenwoordig nie.[167] Die verteenwoordiger of administratiewe agent[168] moet die groep wat hy verteenwoordig, inlig oor enige belangrike besluite in die hoofstat, die hoofde van die groep van huisvesting voorsien wanneer hulle die hoofstat besoek, en moes as agent optree wanneer appélle verhoor moet word.

---

165) Jeppe, op. cit., p. 125.
166) Ibid., p. 126.
167) Die verteenwoordiger vir so 'n groep word deur die stamhoof aangewys en is in die reël die genealogies senior persoon van een van die kgôrôs van die kerngroep van die stam wat in die hoofstat geleë is.
168) Die pos van so 'n verteenwoordiger of "konsul" was erflik langs die vaderregtelike lyn.

Dikwels word 'n persoon uit die familie van die stamhoof na 'n distrik gestuur waar hy dan as verteenwoordiger van die stam= hoof optree. Maritz beskryf ook so 'n verteenwoordiger as 'n kommissaris en wys daarop dat so 'n pos ook erflik was.[169)] Die verpligtinge van die "kommissaris" was hoofsaaklik die be= slegting van geskille binne die distrik en die onderneming van openbare dienste. Indien die beslissings van die "kommissaris" nie aanvaarbaar vir die inwoners in sy distrik was nie, kon hulle hom deur die agent in die hoofstat by die stamhoof verkla. So 'n klagte kon die terugroeping van die "kommissaris" en die aanstelling van 'n ander persoon in sy plek tot gevolg hê.

Nadat stamlede hulle stamgebied begin verlaat het om hulle ar= beidskragte in die Blanke stede te verkoop, het die praktyk ont= staan dat die stamhoof verteenwoordigers benoem het in die ste= de en dorpe waar daar heelwat stamlede aanwesig is. So 'n ver= teenwoordiger is dan die oë en ore van die stamhoof. Hy moet geskille tussen stamlede besleg, stamheffingsgelde invorder en aan die kaptein stuur, nuwe aankomelinge uit die stamgebiede van losies voorsien en behulpsaam wees met die vind van werk. Gewoonlik is die verteenwoordiger 'n naby bloedverwant van die stamhoof en dien hy as skakel tussen die stamregering en die stamlede in die Blankbeheerde stedelike gebiede.[170)]

#### 2.4.2.3 Die regstelsel

Die regstelsels van primitiewe volke en ook dié van die Bantoes

---

169) Maritz, op. cit., p. 78.
170) Ibid. Dikwels bring 'n stamhoof ook besoek aan so 'n ver= teenwoordiger wat dan 'n vergadering van stamlede reël, sodat hulle die kaptein kan sien.

in Suid-Afrika openbaar sekere ooreenstemmende kenmerke soos byvoorbeeld die lex talionis (terugbetaling in gelyke munt); dit onderskei nie duidelik tussen die reëls van die godsdiens, die sedes en die reg nie; dit het 'n bonatuurlike oorsprong en sanksie; dit het 'n ongeorganiseerde en georganiseerde hof= stelsel; die huwelik is 'n ooreenkoms tussen twee familiegroe= pe en dit gaan gepaard met die oorhandiging van trougoedere; dit het groepsverantwoordelikheid; in sommige gevalle mag die reg in eie hande geneem word en nog ander universele kenmer= ke.[171] Soos reeds aangetoon kan die verskillende kultuurkom= ponente van 'n volk nie in waterdigte kompartemente ingedeel word nie. Dus kan die regstelsel van 'n volk ook nie presies afgebaken word nie. Dit is dus duidelik dat 'n verandering in die regskomponent ook weerklank sal vind in die ander komponen= te en dus die kultuurpatroon ook sal beïnvloed. Andersyds sal 'n verandering in die ekonomiese lewe of godsdiens of enige an= der lewensaspek van 'n volk ook weer 'n invloed uitoefen op die regstelsel van daardie volk.

As gevolg van die Tswana se aanraking met die Westerse bestuurs= instellings het daar heelwat verandering plaasgevind in die ver= houding tussen die stamhoof, sy stam en stambestuur. Stamgrense is ook gewysig en grondbesit het verander. Die sendingaksie, formele onderwys en die geldekonomie het die posisie van stam= bestuur verder in sy wese geraak. Dieselfde mate van verandering het ook in die regspleging van die Tswana ingetree. Tradisioneel maak die Tswana in sy regstelsel wel onderskeid tussen siviele en kriminele reg.[172] Onder siviele reg word die reëls ten op=

---

171) Riekert, op. cit., 1967, p. 14.
172) Schapera, op. cit., 1953, p. 55.

sigte van persoonlike status, eiendom en kontrakte inbegryp. Siviele sake het gewoonlik voorgekom waar kontrakbreuk, aanrig van skade, diefstal, seduksie en owerspel plaasgevind het. Kri= minele sake het ingesluit: aanranding, towery, oortreding van wetgewing soos ingestel deur die stamhoof, en oortredings teen stamowerhede wat in hulle amptelike hoedanighede optree.[173)]

Die regspraak word beoefen deur die stamhoof-in-rade as hoogste regterlike gesag.[174)] Tradisionele nie-amptelike howe is die regiments- en familiehowe. Wykshoofde het weer hulle eie hof as hof van die eerste instansie met appèl na die hof van die stam= hoof. Die hof van 'n wykshoof is saamgestel uit die wykshoof (voorsitter) en verskillende familiehoofde. Alle belangrike familiegeskille word eers deur die familie-lekgotla besleg en, indien nodig, daarna na die stam-lekgotla verwys. Die stamhoof, as voorsitter van sy hof, word deur ooms en broers bygestaan en in sy afwesigheid neem een van hierdie persone waar as voorsit= ter van die hof.[175)] Kriminele sake is, streng gesproke, net in die stamhof verhoor, maar laer howe kon derglike sake ondersoek, verslag daaroor doen en sodoende die saak aan die hoër hof vir die oplegging van 'n vonnis voorlê. Tradisionele howe fungeer tans nog op groot skaal, maar hoofsaaklik in arbitrêre hoedanig= heid. Die Bantoeadministrasiewet, 1927 wat op 1 September 1927 deur proklamasie no. 201 van 1927 in werking getree het, het o.a. die eenvormige erkenning en toepassing van Bantoereg in Suid-Afrika ten doel gehad.[176)]

---

173) Ibid.
174) Riekert, op. cit., 1967, p. 92.
175) Ibid.
176) Ibid., p. 51.

Die wet maak voorsiening vir die instelling van verskillende spesiale howe om sake tussen Bantoes te bereg en geregtelike stappe teen Bantoes te neem. Dit moet egter beklemtoon word dat die Bantoes in siviele sowel as in strafsake onderworpe is aan die wette van die land en dat die gewone howe, naamlik die land=droshowe en die verskillende afdelings van die Hooggeregshof, vir hulle toeganklik is. Riekert verklaar dan ook dat "... die regstelsel van die land dus ook op die Bantoes van toepassing (is), behalwe vir sover dié stelsel as gevolg van die bepalinge van Wet 38 van 1927 uitdruklik anders vir Bantoes bepaal".[177] Dit is be=langrik om daarop te wys dat regsmag slegs aan erkende of aange=stelde kapteins of hoofmanne verleen word. Waar 'n tradisionele stamhoof dus nie sodanig erken of aangestel is nie, het hy geen wetlik erkende hof nie. In die praktyk gebeur dit egter dat volgens Bantoegewoonte sodanige kapteins of hoofmanne (wykshoof=de) wel sake sal "verhoor" indien beide partye tot die geding daartoe instem en hulle "uitspraak" sal normaalweg deur die partye in die geding aanvaar word as synde 'n werklike uitspraak.

Met die aanname van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 is 'n be=langrike periode ingelui in die bestuur en administrasie van Bantoes in die tuislande. Hierdeur is die tradisionele Bantoebe=stuurstelsel, naamlik die stamhoof-in-rade, herstel.[178] Ken=merkend van primitiewe gemeenskappe en soos die geval by die Tswa=na ook is, is die bestuur en administrasie van die stam tradi=sioneel nie te skei van die beoefening van die regspraak nie. Ingevolge die Wet op Bantoe-owerhede, 1951, moet 'n stamowerheid

---

177) Ibid., p. 55.
178) Verwoerd. Debatte van die Volksraad. Hansard. 1951. Kolom 9808.

dan ook sy kaptein of hoofman bystaan in die beoefening van die regspraak.[179] Die Wet en daaropvolgende toepaslike wetgewing en regulasies[180] erken nou weer die kern van die stamlewe, naamlik die stamregering en knoop die beoefening van die reg= spraak in die stam vas aan die stambestuur. Dit blyk dus dui= delik dat die huidige bestuursopset van die Tswana 'n nuwe rigting ingeslaan het met die aanvaarding van die Wet op Ban= toe-owerhede, 1951. Die instelling van stam-, gemeenskap-, streeks- en gebiedsowerhede word ook hierdeur gemagtig. Dit kom hoofsaaklik neer op 'n erkenning van die tradisionele be= stuursinstellings van die Tswana, naamlik die stamhoof, die ntona, die wykshoofde, twee of drie persone uit die khuduthama= ga en enkele ander persone op grond van hulle bekwaamhede.[181]

Die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur[182] het 'n ver= dere bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die Tswana se reg= stelsel. Dit erken in die breë die feit dat elke volkseenheid 'n eie regstelsel het[183] en maak voorsiening vir die opleiding van die Bantoes tot doeltreffende uitbouing van hulle eie reg= stelsel en tot goeie begrip en onkreukbare beoefening van die gemenereg, sodat die verantwoordelikheid vir regsbedeling in hul= le eie gebied aan hulle oorgedra kan word. Dit impliseer die ge= leidelike vervanging van Blanke regtelike amptenare deur gekwa=

---

179) Artikel 4(1)(b) bepaal dat so 'n stamowerheid aan sy kap= tein of hoofman hulp en leiding moet verleen in verband met die verrigting van sy werksaamhede.
180) Proklamasie 110 van 1957.
181) Maritz, op. cit., pp. 127-128.
182) Wet no. 46 van 1959.
183) Artikel 2.

lifiseerde en bevoegde Bantoes.[184]

Voorsiening word ook in die Wet op die bevordering van Bantoeself= bestuur gemaak vir die aanstelling van 'n kommissaris-generaal vir elke volkseenheid. Alvorens die kommissaris-generaal die re= gering oor die wense en behoeftes van die volkseenheid inlig, moet hy vooraf eers raadpleging hou met stamhoofde, hoofmanne, gebiedsowerhede en die bevolking,[185] met ander woorde dit is 'n verstewiging van die Bantoeregtelike beginsel van raadpleging en die tradisionele bestuursvorm van kaptein-in-rade.[186] Verder maak die wet voorsiening vir die aanstelling van stedelike ver= teenwoordigers en die verlening van regsmag aan hierdie verteen= woordigers soortgelyk as die wat 'n erkende kaptein ingevolge die Bantoe Administrasiewet, 1927 kan kry.[187]

### 2.4.3 Ekonomiese stelsel

'n Bestaansekonomie met 'n swak ontwikkelde ruilhandelstelsel vorm die basis waarop die ekonomiese bedrywighede van die Tswana berus het. Alle ekonomiese bedrywighede van die Tswana was daarop gemik om aan elke gesin, deur middel van gesinsarbeid, 'n blote bestaan te verseker. Hulle was gevolglik selfonderhoudend ten opsigte van alle lewensmiddele behalwe tydens droogtes en mis= oeste. Die vernaamste ekonomiese bedrywe sentreer om die landbou en veeteelt wat ooreenkomstig die geslagsdifferensiasie verdeel

---

184) Witskrif 3, 1959.
185) Artikel 3(c).
186) Riekert, op. cit., 1967, p. 81.
187) Artikels (4) en (5).

word. Die vrou is tradisioneel die landbouer terwyl die man vir veeteelt verantwoordelik is. Hiernaas is die versameling van veldkosse die taak van die vrou terwyl die man se vernaamste ak= tiwiteite die onderneem van gereelde jagtogte is of was.

Veeboerdery was die belangrikste enkele landboubedrywigheid waar= in die Tswana belanggestel het. Vee was nie hoofsaaklik aangehou vir die voorsiening van vleis nie, maar wel vir sosiale en sere= moniële doeleindes. Suurmelk is egter wel as voedsel gebruik. Beeste, skape en bokke was nie van 'n baie hoë gehalte nie en getalle was belangriker as gehalte. Die besit van beeste het die status van en eerbetoon aan 'n persoon bepaal.

In die tuislandgebiede van die Tswana word landbou nog op groot skaal op die tradisionele wyse beoefen. Stamgronde word nog be= heer deur die tradisionele wyks- en familiehoofde. Onder toesig van die afdeling landbou van die Departement van Bantoeadmini= strasie en -ontwikkeling moet die tradisionele hoofde nog aan elke getroude manlike lid van sy groep 'n stuk grond vir woon- en landboudoeleindes toeken. Iemand aan wie sodanige regte op grond toegeken is, behou daardie regte tot tyd en wyl hy te sterwe kom, waarna dit aan sy erfopvolger oorgedra word. Verlaat hy en sy gesin egter daardie grond permanent, verbeur hy sy reg= te daarop. 'n Baie belangrike deel van die beoefening van die landbou is die magiese behandeling van die landerye wat 'n goeie oes sal verseker. Reënmakery deur middel van magie kom ook al= gemeen voor. Die belangrikste graansoorte wat verbou word, is kafferkoring, mielies en grondbone, asook vrugtebone, indien voldoende water beskikbaar is.[188] Vir die grootste gedeelte van

188) Schapera, op. cit., 1953, pp. 22-30.

die jaar is pap en bykosse van ander landbouprodukte soos pam=poene en bone of eetbare veldplante geëet.

Die gebiede wat deur die Tswana bewoon word, bied weinig grond=stowwe vir tuisnywerhede.[189] In groot dele word verskeie tipes mandjies en hoede van gras gevleg. Gebruiksvoorwerpe is van horing, been en sening gemaak. Leerwerk word ook gedoen, ter=wyl in sommige dele ook pottebakkery voorkom. Dit is orals die gebruik om op vasgestelde wyse 'n deel van die produksie as belasting - indien dit so genoem kan word - aan die stamhoof of hoofman te gee. So gaan daar altyd na die jagtog 'n gedeelte van die vleis na die stamhoof of hoofman. Na die oes neem die vroue ook 'n mandjie graan na die hoofman se plek.[190]

Namate daar egter met die Blankes nouer kontak gemaak is, het die Westerse ekonomiese stelsel en veral geld, 'n belangrike rol in die Tswanalewe begin speel. Daar moes klere gekoop en belas=ting betaal word; verskillende belangrike artikels moes van die Blanke bekom word. Om die aanvraag na hierdie benodigdhede te bevredig, was baie van die Tswana verplig om kontantarbeid in die Blanke gebiede te gaan lewer. 'n Groot persentasie Tswana het na die Blanke gebiede verskuif om daar as arbeiders diens te doen. Grootskaalse migrasie na Blanke stadsgebiede vind nog steeds plaas. Omvangryke Tswana-sametrekkings word tans veral aan die Witwatersrand en omgewing aangetref. Grootskaalse pogings word egter deur die huidige Regering aangewend om hierdie ekono=

---

189) Schapera. Native land tenure in the Bechuanaland Protec=torate, 1943, pp. 262-264.
190) Ibid. pp. 151-152 en pp. 258-260.

mies bedrywige Tswana weer in te skakel in die ekonomiese ont=
wikkeling van hulle tuisgebiede.

### 2.4.4 Die Religie

Dit is nodig om die Tswanavolk met betrekking tot al die fasette van sy lewe te bestudeer. Maar om enige ander faset van sy lewe enigsins te begryp, is dit nodig om kennis aangaande sy gods=
diens te bekom. Die politieke, ekonomiese en sosiale aspekte van die Tswana se kultuur word soms beskrywe of bestudeer son=
der om van die religie voldoende kennis te neem. Dit is nie moontlik om die Tswana se politieke, ekonomiese en sosiale le=
we te bestudeer en te begryp, sonder om van sy religieuse lewe kennis te neem nie. So kom Erasmus tot die gevolgtrekking dat dit "... nie moontlik (is) om tot 'n volk se kultuurbegrip deur te dring wanneer die fundamentele, die religieuse, buite reke=
ning gelaat word nie".[191)]

Die opmerklikste in die godsdiens van die Tswana is die hiërar=
gie in die heelal, wat hierdie wêreld sowel as die "ander" wêreld insluit en as 'n geheel omsluit. Die opperwese, of hoogste krag Modimo, is 'n vae, dof omlynde begrip van 'n krag of persoon wat senior is bo alles. Weinig of selde word 'n bepaalde ritueel nagevolg ten opsigte van die opperwese.[192)] Die opperwese is be=
skou as die skepper van alle dinge. Sy optrede is gesien in na=
tuurverskynsels soos droogtes, haelstorms en misoeste. Voorva=
dergeeste het as tussengangers tussen stamlede en die opperwese opgetree. Daar was enkele minder belangrike seremonies waartydens

191) Erasmus. Die Godsdienstige begrip en uitlewing in die Tswanagemeenskap, p. 5.
192) Schüler. Die BaRolong van Thaba'Nchu, O.V.S., p. 262.

koring en bier geoffer is om reën, die vrugbaarheid van oeste en sukses met oorloë te verseker.

'n Aantal demigode, genoem medimo het ook by die Tswana be= staan.[193] Hierdie gode val in dieselfde klas as Modimo. Hier word veral die name van Nape, Tsosa, Thobega en Tintibane ge= noem. Verder word verwys na die voorouers, waarvoor die kollek= tiewe begrip badimo gebruik word. Die voorouers vorm dan 'n eie rangorde, opgebou op grond van ouderdom, geslag, afkoms, ver= moëns en status. Volgende op die voorouers, is die religieuse hoofde, naamlik die stamhoof, die hoofman, die wykshoof, die familiehoof en die gesinshoof wat hulle onderskeie groepe in die stamlewe verteenwoordig. Skakeling in die linie strek oor die dood heen en die skeiding tussen dooies en lewendes is geensins 'n radikale skeiding nie. Die onderhoriges smeek hulle aardse voorganger min of meer op dieselfde wyse as wat hulle hulle voorouers om genade gesmeek het. Die skakeling met hulle voorouers verskil nie so baie van die skakeling met hulle aard= se vaders nie.

Die belangrikste enkele godsdiensbeoefening wat deur die Tswana beoefen is, was die verering en aanbidding van afgestorwe voor= vaders.[194] Na sy afsterwe is 'n man in die beeskraal van sy fa= miliegroep begrawe en 'n vrou in die agterplaas van hul woon= eenheid. 'n Man is met sy wapen in die hande, terwyl 'n vrou met 'n skoffelpik en saad begrawe is. Hierdie gebruike is gevolg met die oog op die afgestorwenes se reis na die wêreld van die voor=

---

193) Erasmus, op. cit., p. 69.
194) Schüler, op. cit., p. 264.

vadergeeste waar die man die vee sou versorg en die vrou die grond sou bewerk. Die Tswana glo dus tradisioneel in 'n lewe hiernamaals. Die siel van 'n afgestorwene verander in 'n gees (bodimo) wat êrens ondergronds sy wêreldse lewe voortsit. Die gees van 'n afgestorwe stamhoof word ook deur alle lede van die stam vereer ten einde voorspoed en algemene versorging te ver= seker. Eens gewilde stamhoofde word spesiaal aanbid vir hulp en ondersteuning.

Wanneer 'n voorouer hom manifesteer deur middel van byvoorbeeld drome of teenspoed, is dit dikwels nodig om die hulp van die toordokter (ngaka) in te roep om aan die betrokkene die wense of optrede van die voorouer bekend te maak. Soms moet die ngaka ook aandui of die boodskap wel van die voorouers kom en of dit nie miskien die poging van 'n moloi (towenaar) of een van die badimo is wat probeer om die betrokkene te benadeel nie. Dit is nie enige ngaka (toordokter) wat instaat sal wees om te skakel met enige familie se voorouers nie. Indien die familie dit ook ligtelik doen om enige toordokter in te roep, kan hulle die toorn van die voorouers te wagte wees. Die toordokter van die familie ken ook die voorouers van die familie sowel as hulle geaardhede en optredes. Goedwillige en kwaadwillige towerkuns en manlike en vroulike toordokters kom nog algemeen onder die Tswana voor. Sekere medisyne (ditlôre) word voorgeskryf vir by= na elke siekte of gebeurtenis. Veral reënmakers word as stam= dokters beskou en tree by openbare geleenthede op. Ten opsigte van die reënritus is dit die stamhoof wat moet optree. Hy vorm die middelpunt van die hele stam, hy is die senior om wie die hele stam opgebou is. Hy tree namens die stam op vir skakeling met die stam se voorouers.[195] So kom Language tot die gevolg= trekking, nadat hy die stamregering by die Tlhaping bestudeer

---

195) Erasmus, op. cit., pp. 146-165.

het, dat die eintlike gronde waarop die gesag van die stamhoof berus, "...in hul religieuse beskouings gewortel (is)".[196)]

Die London Missionary Society was een van die eerste sending= groepe wat hulle na 1800 onder die Tswana gaan vestig het. Ver= skeie ander sendelinge het hulle ook kort na die London Missio= nary Society onder die Tswana in die huidige noordelike Kaap= provinsie en Wes-Transvaal gevestig: die Franse sendelinge te Motiton in die Vryburg distrik, die Anglikaanse Kerk vanaf 1885 te Mafeking, die Hermannsburg Lutherse-Evangeliese Sending vanaf 1853, hoofsaaklik onder die Kwena, Phiring, Hurutshe en ander stamme van Wes-Transvaal, die Metodiste sendelinge vanaf 1923 onder die Rolong en die Rooms-Katolieke sendelinge na 1880 in die Marico-distrik en na 1920 in Mafeking en Taung.[197)] Vanaf die begin van die eeu het ook die Nederduitse Gereformeer= de, Gereformeerde en Nederduitse Hervormde kerke hulle sending= werk op groot skaal uitgebrei onder veral die Rolong, Thlaping, en Kgatla asook ander Tswanastamme.

Primêr was dit die doel van die sendelinge om deur middel van evangelisasie alle heidense gelowe en gebruike te ontwortel en om in die plek daarvan Christelike ideale en beginsels en 'n Christelike lewe in die algemeen daar te stel. Daar is heel gou besef dat met die verspreiding van die Woord van God alleen hier= die doel nie bereik sou kon word nie en dat haas alle fasette van die tradisionele lewensaard verander moes word ten einde die aanvaarding van Christelike leerstellinge moontlik te maak. Ge=

---

196) Language, op. cit., p. 167.
197) Breutz. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Etnologiese Reeks No. 32 van 1955, pp. 80-81; no. 49 van 1963, pp. 72-74; no. 28 van 1953, pp. 117, 135, 150, 225 en 238; no. 46 van 1959, pp. 9-10.

volglik het die sendingaksie hom nie uitsluitlik op 'n verande= ring van die geloof van die Tswana toegespits nie, maar ook ge= poog om instellinge soos die gebruik van poligamie, stamskole en reënseremonies af te takel. Merkbare sukses is hiermee behaal, en die kerk het reeds vroeg gedurende die negentiende eeu daarin geslaag om sommige beskouinge en gebruike van sosiale, reli= gieuse en ekonomiese aard te wysig. Dit is egter vanselfspre= kend dat die kerk nie die enigste faktor tot kultuurbeïnvloeding was nie. Saam met die kerk het skole, en deur die aanvanklike beywering van die sendelinge, ook hospitale en algemene mediese dienste ontstaan. Kerklidmaatskap hou vandag besondere sosiale aansien in en vorm in baie opsigte 'n nuwe basis vir sosiale ver= houdinge.

Riekert bevind dan ook tereg dat op godsdienstige gebied daar min Tswana is wat vandag nie aan een of ander kerk behoort nie.[198)]

### 2.4.5 <u>Die tradisionele vestigingswyse van die Tswana</u>

'n Dorps- of stadskonsentrasie met die normale stedelike funk= sies,[199)] wat in ses hoofgroepe verdeel kon word, nl. handel, administrasie, dienste, fabrieksnywerheid, konstruksie en wonings, is iets vreemds vir die Bantoes, veral in die suid-oostelike Ban= toegebiede. Selfs in die noordwestelike Bantoegebiede met die digter plaaslike konsentrasies van die bevolking, kan die statte hoogstens as voorlopers van 'n dorpspatroon gesien word. Die tra= disionele vorm en wyse van nedersetting by die Bantoes verskil

---

198) Riekert, op. cit., 1970, p. 134.
199) Berry & Garrison. The functional bases of the central place hierarchy, pp. 145-154.

wesentlik van die van die Blankes. Laasgenoemdes het hulle oor die land versprei volgens 'n stedelike sowel as 'n platteland=se patroon. Die Bantoes daarenteen, ken in hulle tuisgebiede nie so 'n onderskeid tussen stad, dorp en platteland nie. Slegs een basiese nedersettingspatroon is aan hulle bekend en Henning wys daarop dat "... hulle almal agrariese plattelanders (is) wat oor die hele stamgebied versprei woon".[200)]

'n Belangrike kenmerk van die Bantoes is dat hulle in hulle tuis=gebiede oor die algemeen nie in groot konsentrasies woon nie. Die enigste uitsondering ten opsigte van die Bantoenedersetting word in die Tswanatuisland gevind waar die verspreidingspatroon die indruk van 'n dorp-plattelandse verdeling skep. In hierdie gebied word dikwels digter plaaslike konsentrasies van die Ban=toes aangetref in statte wat streng gesproke nog geen dorpe is nie. Volgens die sensusopnames word dit ook nie as dorpe geklas=sifiseer nie en kan sodanige statte slegs beskou word as punte waar mense digter bymekaar woon.[201)]

Bruwer[202)] wys daarop dat die Bantoegesin in sy tradisionele stam=verband altyd saam met ander gesinne in 'n stat woon. Gewoonlik is dit verwante in die vaderlinie wat dieselfde kraal of stat bewoon,[203)] en is die moeders van die krale of statte van hulle vaders afkomstig. Hierdie "... gebondenheid van die verwante gee dan eintlik ook vorm aan die statsaanleg".[204)]

---

200) Henning. Dorpstigting in die Bantoetuislande, 1969, p. 80.
201) Ibid.
202) Bruwer. Die Bantoe van Suid-Afrika, p. 45.
203) Ibid., p. 57.
204) Ibid.

'n Interessante kenmerk van die Bantoenedersetting is die or= delike patroon van die kraal of stat. Die stats- of kraalaan= leg volg 'n besondere patroon ten opsigte van die rangskikking van die hutte en die samestelling van die gesinne wat dit bewoon. Verder word daar ook van 'n algemene patroon by die statsaanleg gepraat, want elke hoofgroep van die Bantoes volg sy eie ken= merkende patroon wat basies van die van ander groepe verskil.

Volgens Henning verskil die nedersettingswyse van die Sotho= groepe[205)] grootliks van dié van die Ngunigroepe. By die Nguni= groepe is dit gewoonlik die patriargale gesin, enkelvoudig of uitgebreid, wat 'n kraal bewoon. 'n Wyer saambindende organisa= sie soos 'n hele linie of segmente van 'n linie bepaal die aanleg by die Sothogroepe; daarom word in die Volkekundelitera= tuur derhalwe nie van die term "kraal" by die Sotho gebruik ge= maak nie, maar wel van die term "stat".[206)] Die statsaanleg van die Sothogroepe word in 'n groot mate bepaal deur 'n wedersydse of onderlinge gevoel van afhanklikheid van diegene wat om die= selfde vergaderplek, kgotla, kgoro of khoro georganiseer is. Henning het bevind dat die een subgroep van die Sothogroep, die Tswana, in 'n mate 'n unieke posisie beklee, aangesien hulle in aansienlike groot en digte konsentrasies woon.

Volgens beskikbare gegewens het die Tswana al van die vroegste jare in baie groot nedersettings gewoon. So verwys Dr. A. Smith[207)] in sy dagboek na Tswanastatte wat meer as vyfduisend inwoners

---

205) Die Sothogroepe bestaan uit die Suid-Sotho, die Noord-Sotho (Pedi) en die Wes-Sotho of Tswana.
206) Henning, op. cit., pp. 93-94.
207) Kirby. The diary of Dr. A. Smith, p. 240.

gehad het en maak hy melding van groot getalle vee wat in besit van die Tswana was. Arbousset berig dat hy statte met ongeveer 'n duisend hutte aangetref het, terwyl James Blackhouse gedurende sy reis deur suidelike Afrika statte met 'n inwonertal van tot negeduisend waargeneem het.[208)] Dit was geen uitsonderlike ver= skynsel dat 'n hele stam in een enkele stat saamgewoon het nie, en alreeds in 1801 het daar van tien tot vyftienduisend Tswana's in die Tlhapinghoofstat gewoon.[209)]

Alhoewel aansienlike veranderinge in die woonwyse by die Rolong van Thaba'Nchu plaasgevind het, het digte konsentrasie in stat= te by ander Tswanastamme bly voortbestaan.[210)] By die Tswana van Botswana is die inwoners bv. meesal in een groot, sentrale stat met 'n reeks kleiner statjies rondom, saamgetrek. Stamgebruike bepaal dikwels die grootte van 'n stat sodat sommige stamme, soos byvoorbeeld die Ngwato, die Tlôkwa, die Kgatla, die Ngwaketse en die Kwena, die neiging toon om in groot statte te woon. Die Tlôkwa word in 'n enkele groot stat met 'n beraamde inwonertal van tienduisend persone aangetref.[211)]

Volgens 'n raming word die inwoners van die hoofstat van die Kgatla Mochudi[212)] op so hoog as 20 000 en die Ngwaketse se hoof= stat op meer as 23 000 inwoners gestel. By die BaRolong van die Westelike gebiede sowel as die wat by Thaba'Nchu gevestig is, het daarenteen, aansienlike veranderinge plaasgevind wat territo=

---

208) Schüler, op. cit., p. 107.
209) Language, op. cit., p. 3.
210) Schüler, op. cit., p. 107.
211) Schapera. Native land tenure in the Bechuanaland Protectorate, 1943, p. 23.
212) Riekert, op. cit., 1970, p. 133.

riale organisasie betref: hulle woon oor die algemeen in kleiner statte.

Die woonplekke of statte van die Tswana is gewoonlik op die walle van riviere of spruite of in elk geval naby waterbronne aangelê. Gewoonlik was die hoofstat die woonplek van 'n stam=hoof. So 'n hoofstat het bestaan uit 'n groot aantal huishou=dings, opgedeel in patriliniêre familiegroepe en wyke. Die konsentrasie van die grootste gedeelte van die bevolking in die hoofstat met sy groep kleiner statjies rondom en die feit dat die landerye en weivelde ver daarvandaan geleë is, bring mee dat die Tswana se jaarlikse roetine wat die algemene leefwyse betref, aansienlik verskil van dié van ander suidelike Bantoe=stamme.[213] Gedurende die landbouseisoen van November tot Junie woon die meeste gesinne naby hulle lande en is daar 'n gedurige verskuiwing van inwoners van die statte na die landerye en an=dersom. Die Tswana het ook nog veeposte gehad wat dikwels van 20 tot 40 myl van die statte verwyder was. By hierdie veeposte is kleiner statjies opgerig wat permanent deur jong mans bewoon is.[214]

Die oprigting van 'n nuwe Tswanastat of motse kan nie plaasvind alvorens die kaptein daartoe toegestem het nie, en gewoonlik soek hy self die terrein uit. Die mees algemene gebruik is egter dat 'n hele gemeenskap of wyk moet besluit oor die terrein en nie die enkeling nie. Die hele stam het in dieselfde omgewing in groot gemeenskappe gewoon en geen individu het dit gewaag om afsonderlik met sy gesin te gaan woon nie.[215] In die verlede

213) Schüler, op. cit., p. 108.
214) Schapera, op. cit., 1943, p. 25.
215) Van Zyl. 'n Volkekundige studie van die ekonomiese lewe en posisie van die Bakgatla Bagamosetlka, p. 101.

was die verdedigbaarheid van 'n terrein 'n belangrike faktor in die keuse daarvan, maar vandag is dit nie meer 'n faktor wat in aanmerking geneem word nie.[216)]

Volgens Van Zyl[217)] moet 'n bouterrein aan die volgende kardi= nale vereistes voldoen:

(a) die terrein moet oor ten minste een groot skaduryke boom beskik waaronder die mans vergadering kan hou (lekgotla la banna);

(b) die grond moet kleierig wees aangesien kleigrond beskou word as die beste vir boudoeleindes;

(c) daar moet genoegsaam water beskikbaar wees vir die boubedrywighede en daarna vir menslike gebruik;

(d) die bouterrein moet verkieslik op 'n plato of teen die hang van 'n rantjie geleë wees om die gevaar van vloedwaters en periodieke moerasagtigheid uit te skakel; en

(e) genoegsame landbougrond en weiveld moet beskikbaar en indien moontlik, nie te ver van die stat verwyder wees nie.

By die oprigting van 'n stat word eers 'n stuk grond vir die vergaderplek of kgotla en die woonplek van die kaptein deur hom= self aangewys. Hierna vind die toewysing van die verskillende wyke deur die kaptein en hoofmanne plaas. Die grootte van die

---

216) Schüler, op. cit., p. 110.
217) Van Zyl, op. cit., p. 101.

grondgebied wat aan elke wyk toegewys word, word bepaal deur die aantal mans en seuns wat later hutte vir hulle gesinne sal moet oprig. Die wykshoof van elke wyk is geregtig om die staan=plek vir sy hut eerste uit te soek en daarna word grond vir die bou van hutte aan elke gesinshoof toegeken. Laasgenoemde moet dan weer op sy beurt van die grond aan elk van sy getroude seuns toewys. 'n Wykshoof het gewoonlik genoeg grond in reser=we gehou met die oog op vermeerdering van die bevolking. Vroeër het 'n toordokter ook die hele terrein waarop die stat gebou moes word, behandel en afgesteek met 'n aantal houtpenne.[218)]

By die Tswanastamme word 'n baie meer gekompliseerde statsuit=leg aangetref as by die ander Sothogroepe. Elke stat word ver=deel in wyke en die wyke word weer onderverdeel in kleiner een=hede wat elk bestaan uit 'n groep verwante wat saam woon.[219)] Anders gestel is 'n stat niks anders as groepe wooneenhede wat van mekaar geskei word deur smal gangetjies of selfs breë paaie nie. Elke wyk is die tuiste van 'n groep mense wat om dieselfde kgoro georganiseer is, die sentrum van sosiale samehorigheid. So bestaan elke wyk weer uit verskillende huishoudings of lapas. Die huishouding bestaan weer uit 'n man, sy vrou of vrouens en ongetroude kinders. Henning beskryf die huishouding dan ook heel gepas as 'n "... geslote eenheid met sy eie woonhutte, stoorkamers, "graanskure" en binnehof, omring met 'n riethei=ning of kleimuur".[220)]

In die middel van elke stat of motse word gewoonlik 'n gemeen=

---

218) Van Zyl, op. cit., p. 102.
219) Bruwer, op. cit., p. 61.
220) Henning, op. cit., p. 97.

skaplike beeskraal opgerig waarin al die vee van die stat oor=
nag. 'n Afsonderlike beeskraal kan ook vir 'n stamhoof deur sy
onderdane gebou word.[221] Die neiging bestaan ook vandag by meer
welvarende gesinne om hulle eie beeskrale op te rig. Baie groot
Tswanastatte beskik dikwels oor meer as een beeskraal. Die
beeskraal is 'n eenvoudige konstruksie van pale wat in die grond
geplant en met doringtakke deurvleg word.

Nuwe wyke ontstaan as gevolg van bevolkingstoename. Die aantal
huishoudings in elke wyk neem uit die aard van die saak onder
normale omstandighede voortdurend toe en soms is familiegroepe
weens hulle grootte of omdat hulle hulle afskei en elders ves=
tig, as aparte wyke deur die kaptein erken. Dit kan ook gebeur
dat onenigheid en rusie veroorsaak dat 'n deel van 'n familie=
groep hom afskei en elders vestig. Ook in hierdie geval word
so 'n groep, veral namate die inwonertal vermeerder, as 'n
nuwe wyk erken. Daar was in vroeëre tye geen beperkings op die
grootte van bouterreine nie. Die grootte van die terrein het
afgehang van die behoeftes van 'n man en indien hy 'n poliga=
mis was, het hy uit die aard van die saak meer grond vir die
bou van hutte bekom.

Die sentrum van elke stat is die kgotla of vergaderplek. Dit
is 'n oop ruimte met 'n groot skaduryke boom waaronder die
mans vergader om stamsake te bespreek en reg te laat geskied.
Elke stat het sy kgotla en vir die Tswana is dit een van die
belangrikste plekke in die hele aanleg. Dikwels word die
kgotla ook omhein met pale wat in die grond geplant word. Die

---

221) Schüler, op. cit., p. 111.

groter statte is dikwels die hoofkwartier van die kaptein van die stam. Naas so 'n stat se sosiale funksies verrig dit ook nog in 'n sekere mate politieke en administratiewe funksies.

Samevattend kan dit gestel word dat die Wes-Sotho of Tswana in digte nedersettings of statte van verskillende groottes woon. "Die saamwoon in statte is 'n resultaat van die Wes-Sotho se kultuur maar terselfdertyd het dit ook weer 'n invloed op die kultuur van die mense", aldus Henning.[222] Alhoewel die nei= ging bestaan om in statte saam te woon, is daardie statte egter nog nie ware dorpe nie, want sekere belangrike dorpsfunksies ontbreek daar nog.

## 2.5 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Met die bestudering van die entno-historie van die Tswanastam= me blyk dit duidelik dat bykans alle stamme wat vandag in die Bophuthatswana woonagtig is, hulle herkoms wil terugvoer na ðf die Rolong ðf die Hurutshe-Kwena-migrasiegroepe wat kort opeenvolgend gedurende 1400 na Suidelike Afrika gekom het. Dat baie van hierdie oorleweringe oor herkoms op veronderstellings berus, kan nie betwis word nie. Dat veel daarvan egter waar is, moet ook aanvaar word, en dit moet verder ook aanvaar word dat hierdie oorleweringe oor die herkoms intensionele waarde het en vandag nog 'n bepaalde rol speel in interstamlike verhoudings en in die bepaling van die status van persone binne 'n stam. Dit werp ook lig op die feit dat die Tswana, as gevolg van omvang= ryke stamsplitsings, nooit 'n politieke eenheid gevorm het nie.

---

222) Henning, op. cit., p. 99.

'n Ander interessante onderskeidende eienskap tussen die Tswana en die ander Bantoevolke van Suid-Afrika is dat die Tswana se stamverdeling toegeneem het in meer en meer losstaande outonome stamme terwyl nouere assosiasie en verenigings in groter een=heidsverband onder die Zoeloe, Suid-Sotho en die Xhosa plaas=gevind het. Die Tswana het ook nie in dieselfde mate die om=vang van binnekoms van etnies-vreemde groepe en stamdele geken soos die ander Bantoevolke nie. Hierdie etnies-historiese homo=geniteit van die Tswana is egter gevolg, soos vermeld, deur 'n lang proses van stamverdeling en onderverdeling wat bevorder is deur latere aanraking en konflik met veglustige Bantoegroepe en latere kontak met die Blankes.

Dit blyk ook dat die leier van 'n wegbrekende groep Tswana's altyd lid van die heersersfamilie was. Sover vasgestel kon word, is daar nie een enkele voorbeeld in die Tswanageskiedenis waar 'n stam deur 'n gewone stamlid gestig is nie. Dit verklaar ook waarom die huidige stamhoofde hulle afkoms kan bereken tot die=selfde voorvader en dit dui aan dat die stamlede geheg is aan hulle koninklike dinastie. Dit blyk ook dat hierdie gehegtheid op 'n magies-religieuse grondslag berus. Die Tswana kan ook be=skryf word as een van die sterkste homogene Bantoevolke, waarin stamverdeling hoofsaaklik binne die eie groep plaasgevind het. Schapera onderskryf voorgenoemde siening wanneer hy verklaar dat "The Tswana themselves seem on the whole to be sufficiently homogeneous to be classed as a single group in relation to the other peoples of South Africa".[223)]

So talryk as wat die voorbeelde van segmentasie in die Tswana

---

223) Schapera, op. cit., 1953, p. 9.

se geskiedenis is, so skaars is die van vereniging. Daar moes beslis baie sterk oorweging gewees het voordat 'n stam sy on=afhanklikheid prysgegee en met 'n ander stam geassimileer het. Die belangrikste redes waarom stamme soms saamgesmelt het, was hoofsaaklik oorlogsbedreiging, 'n onafwendbare simbiose, 'n tekort aan woonpersele, of deur onderwerping. Voordat die Blan=ke dus enige invloed op die staatkundige onafhanklikheid van die Tswanastamme kon uitoefen, het hulle, alhoewel kultureel en genealogies verwant, sosio-polities in afsonderlike, self=regerende eenhede of stamme geleef.

Die sosio-politieke organisasie van die tradisionele Tswana=bevolking kan geïdentifiseer word as 'n patriargale organisa=sie met 'n verwantskapstelsel as basis. By die meeste stamme is die politieke organisasie geheel en al gebaseer op verwant=skap en bestaan daar geen territoriale grense binne die stam=gebied waaroor 'n kgorohoof of liniehoof gesag voer nie. Som=tyds weer is die stamgebied verdeel in territoriale eenhede waaroor gesag gevoer word. In eersgenoemde geval het 'n hoof dus gesag oor mense en in laasgenoemde geval hoofsaaklik oor 'n gebied gevoer. 'n Territoriale indeling word gewoonlik gevind waar 'n uitgestrekte gebied bewoon word. Namate die bevolking egter toeneem en daar 'n oor-en-weertrekkery tussen die wyke plaasvind, word die territoriale indeling vervang deur die ver=wantskapstelsel as basis vir die politieke organisasie.

By die Tswana vorm die funksionele en strukturele aspekte van die wetgewende, uitvoerende en regterlike staatsfunksies 'n samevallende eenheid. 'n Ander interessante kenmerk van die tradisionele politieke organisasie van die Tswana is dat dit demokratiese trekke toon. Hierdie demokratiese trekke is belig=gaam in die stelsel van konsultatiewe rade en in die volksver=

gaderings. Ook vorm die politieke organisasie 'n piramidale eenheid met die stamhoof op die spits en word die funksionele posisie in die politieke organisasie gereserveer vir die mans. Dit moet ook baie duidelik besef word dat die gemeenskapsaspek= te by die Tswana struktureel en funksioneel, samevattend en on= losmaaklik is. Die politieke organisasie kan dus nie sonder meer ontkoppel word van die magiese, religieuse, sosiale, eko= nomiese en etiese nie.

Deur 'n sameloop van sosiaal-ekonomiese faktore word 'n groot aantal Tswana's gedwing om, naas gemengde boerdery, ook in toenemende getalle ander beroepe en bedrywe te beoefen. Waar die Tswana vóór aanraking met die Blanke en kennismaking met 'n westerse geldekonomie selfversorgend was, het die ou be= staansekonomie geleidelik afgetakel geraak en het al hoe meer inwoners van die gebied van ander bronne van inkomste afhanklik geword. Algemene ekonomiese ontwikkeling in die Blanke deel van Suid-Afrika het meegebring dat die bevolking van die huidige Bophuthatswana in steeds toenemende mate in die industrieë en op Blankes se plase in diens getree het. Die gevolg hiervan was dat die Tswana aan die trekarbeiderstelsel gewoond geraak het en dat dit 'n integrale deel van sy ekonomiese lewe geword het. Tesame hiermee het die oorskakeling na die geldekonomie 'n groter mate van individualisme laat ontstaan waardeur die kapteinsgesag tot 'n groot mate ingekort is en wat 'n versteu= ring in die totaliteit van die kapteinsfunksie beteken het.

Ten spyte van dekadelange verkondiging van die evangelie deur verskillende Christelike kerkgenootskappe, is tradisioneel religieus-magiese gelowe en praktyke nog geensins totaal ver= nietig of uitgewis nie. By sommige lae van die bevolking het die leerstellinge van die Christelike kerk miskien meer uiter= lik as innerlik posgevat. 'n Persoon mag 'n lidmaat van 'n kerk wees, gereeld kerkdienste bywoon en volgens alle uiterlike tekens

'n Christelike lewe lei, maar tog nog onder sekere omstandig= hede ongewenste toestande aan die werk van die towenaar (moloi) toegeskryf en gebruik maak van die hulp van 'n toordokter.

In die lig hiervan is dit dus besonder moeilik om te evalueer in hoeverre en tot watter mate tradisioneel religieus-magiese gelowe en gebruike, eie aan die vroeëre stamkultuur, deur Christelike beginsels en norme oorskadu word. Die sending, on= derwys en geldekonomie het die religieuse sanksie van die kap= teinskap in twyfel getrek en die reg van die individu om self die vrug op sy arbeid te geniet, beklemtoon. Die kaptein is nie meer die religieuse hoof van die stam nie en sy skakeling met die voorvaders het onder die invloed van die sending geen krag nie. Die enigste seremonie waar die kaptein nog enigsins 'n funksie te vervul het, is die seremonie van die eerste vrug= te en dan bloot deur toestemming te gee dat van die opbrengs ge= bruik mag word. Die kaptein se religieuse en seremoniële funk= sies is grondig versteur onder invloed van die Blankes, sonder 'n kompensering daarvoor in 'n ander vorm. Hierdie versteuring het dan ook 'n beperking op die gesag van die kaptein geplaas, wat 'n versteuring van die magsewewig tot gevolg gehad het.

Wat die tradisionele vestigingswyse en statsbou betref, beklee die Wes-Sotho of Tswana 'n unieke posisie. By hierdie groep word die verskynsel aangetref dat 'n hele stam in een groot nedersetting of stat met sy onderverdelings of wyke saamwoon. Tradisioneel is die Tswanastat primêr 'n selfversorgende, oor= wegend agrariese nedersetting, met 'n ongedifferensieerde so= sio-ekonomiese bestaanswyse.[224)] Hoofsaaklik as gevolg van geografiese faktore soos skaarste aan water, het die Tswana in

224) Henning, op. cit., p. 110.

groter konsentrasies gewoon. Administratief het die groter ne=dersettings ook groter eise gestel en vertoon dit 'n meer kom=plekse sisteem.

Daar moet ook gesoek word na faktore of oorwegings waarop die Bantoes se nedersettings so 'n besondere patroon aangeneem het en waarom hy nie die dorp of stad as vestigingswyse ontwikkel het nie. Henning[225] het bevind dat daar beslis geografiese faktore waaronder omgewing, klimaat en bodemgesteldheid was, wat 'n groot rol by die aanleg, struktuur en vestigingswyse van die Tswana gespeel het. So moet die bodem en die omgewing die materiaal vir strukture verskaf. Kleigrond, water, hout, klippe en gras moet aanwesig of in die nabyheid wees. Waar die waterbronne is, vind daar 'n konsentrasie van mense plaas. In=dien waterbronne volop is, sal kleiner konsentrasies gevind word. Waar slegs 'n enkele waterbron in 'n groot uitgestrekte omgewing bestaan, mag selfs 'n hele stam hom daar vestig.

Om verdedigingsoorwegings moes groter groepe dikwels in die verlede gekonsentreerd saamwoon. Dit dui dus weer op die ver=band tussen funksie en struktuur. Namate die militêre gevaar verdwyn het, veral as gevolg van Blanke vestigings in Suidelike Afrika, het die behoefte aan groter konsentrasies afgeneem. Volgens Potgieter[226] het die beskerming van die mens en vee teen roofdiere ook tot die vestigingswyse van die Bantoes by=gedra. Naas geografiese en verdedigingsfaktore het kulturele oorwegings en tradisie 'n ewe belangrike rol in die ontwikke=ling van die woonwyse en nedersettingspatroon van die Tswana gespeel.

225) Ibid., p. 112.
226) Potgieter. Die vestiging van die blankes in Transvaal (1837-1886), p. 41.

Die Tswana se verlede en sy algemene lewenswyse was verder by=draende faktore tot sy kraal- en statbou. As nomade en mense wat deur eeue gewoond was om te trek, is hulle woonwyse en ne=dersetting tot 'n groot mate die produk van tydelikheid. Volgens Henning[227] het die skuifkultuur van die Bantoes in vroeër ja=re nooit 'n rypwording van die argitektuur toegelaat nie. Aan=gesien die Tswana 'n gemeenskapsmens is met 'n sterk sin vir die kommunale, is dieselfde beplanning en boumetodes in oor=eenstemming met stamgebruik deur almal toegepas. Die antwoord op die vraag waarom die Tswana nooit sy eie dorpe en stede ge=bou het nie word baie duidelik deur Henning[228] beantwoord wanneer hy verklaar "... die antwoord op hierdie vraag moet miskien gedeeltelik gesoek word in die feit dat dorp- en stad=stigting 'n manifestasie van 'n hoë, of relatief hoë kulturele ontwikkeling is. Daarby bewys die geskiedenis ook dat geen werklike hoë peil van ontwikkeling kan plaasvind indien daar nie dorpe of stede is nie".

227) Henning, op. cit., p. 114.
228) Ibid.

## HOOFSTUK 3

## AFSONDERLIKE ONTWIKKELING EN TUISLANDGERIGTE ADMINISTRASIE VAN DIE BANTOEBEVOLKING IN DIE BLANKE GEBIED

Dit is belangrik om aan die begin van die hoofstuk dit te stel dat die sentrale regering, ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961,[1)] self die beleid ten opsigte van die Bantoes in Suid-Afrika bepaal en geen ander liggaam of instansie nie. Terwyl die staat enersyds die beleid neer= lê, delegeer hy andersyds sy magte aan die Bantoesake-admi= nistrasierade om daardie beleid uit te voer. As sodanig tree die Bantoesake-administrasierade en nie die provinsiale ower= hede nie, as agente van die staat op.

Die toepassing van die beleid in Blanke gebiede kan nie gekom= partementeer word los van die breër beleid ten opsigte van die Bantoes in die hele Republiek van Suid-Afrika nie. Henning stel dit dan ook tereg, dat "Stedelike Bantoeadministrasie en tuis= landadministrasie is nie twee kragte wat afsonderlik en teen mekaar werk nie, maar twee aspekte van een beleidsuitvoering".[2)] Die beleid en die toepassing daarvan in Blanke gebiede is dus ten nouste verbonde aan en onlosmaaklik van die daarstelling en uitbouing van die verskillende Bantoevolke en hulle tuislande. Indien daar enige teken of bewys bestaan dat die twee beleidsuit= voerende aspekte weg van mekaar beweeg of mededingend is, bestaan

---

1) Artikel 111 van Wet 32 van 1961 bepaal: "Die beheer oor en administrasie van Bantoesake en van sake wat Asiate dwars= deur die Republiek spesiaal of afsonderlik raak, berus by die Staatspresident, ....".
2) Henning, op. cit., 1969, p. 282.

daar gevaar dat die hele beleid kan verongeluk. Wanneer daar verder ook tekens is dat dit wel die geval is, moet die beleids=uitvoering by enige van die twee punte, naamlik die Blanke gebied en die Bantoetuislande, sodanig gewysig word dat daar harmonie en eenvormigheid bewerkstellig sal word.

Die omlyning van die Blanke gebied, of liewer nie-Bantoe gebied, neem meer en meer gestalte aan as gevolg van die vinnige op=ruiming van "swartkolle" en die daarstelling van die grense van die verskillende Bantoetuislande. Hierdeur word dan ook die ty=delikheid van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede meer en meer beklemtoon. 'n Kenmerkende beginsel van die beleid van afsonderlike ontwikkeling is die feit dat die Bantoes in Blank=beheerde gebiede nie 'n afsonderlike en andersoortige etniese groep as die Bantoes in die tuislande is nie. Voortvloeiende hieruit, moet die Bantoes in die Blankbeheerde gebiede beheer word as synde 'n deel van die kerngroep in die tuislande. "Stedelike Bantoeadministrasie behoort tuislandgerig en stam=sentries te wees".[3)]

Aangesien die fundamenteelste beginsels van afsonderlike ontwik=keling in dié stadium reeds in statutêre maatreëls gestalte ge=vind het, word dit belangrik geag om in die hierop volgende bespreking dikwels na die vernaamste wetgewing in die verband te verwys.

Oor die jare heen is baie wette op die wetboek geplaas om die nodige magtiging te verleen vir die administratiewe stappe wat

---

3) Ibid., p. 283.

nodig is ter uitvoering van die beleid. Dit moet besef word dat hierdie wette ondanks beperkinge wat dit mag inhou, seker=heid en orde skep ten opsigte van die geleenthede wat daar vir die lede van die verskillende bevolkingsgroepe is, en hierdie ordening het 'n groter beskermende waarde as wat soms besef word. De Kiewiet stel dit dan ook dat "Provided the basic as=sumption of racial and cultural separateness are accepted, these acts once again have admirable qualities of orderliness and reform. They disengage communities whose comingling causes provocation and strife".[4) ] Landswette weerspieël ook essensieel die gekristalliseerde gebruike, begeertes en belange van die nasionale gemeenskap(pe) ten opsigte waarvan die wette van toe=passing is, en in sy wese is enige demokratiese land se wet=gewingstruktuur 'n redelik betroubare sleutel tot die openbare mening wat aldaar geld.

## 3.1 Betekenis van die beleid van afsonderlike ontwikkeling

Suid-Afrika se beleid van afsonderlike ontwikkeling is gefundeer in 'n rasse-ideologie met 'n ontwikkelingsgeskiedenis van meer as driehonderd jaar. Anders gestel, is dit die uitkoms of kul=minasie van historiese, maatskaplike, politieke en ekonomiese gebeure.[5)] Alhoewel die ideologie van afsonderlike ontwikkeling[6)] reeds in die middel veertigerjare 'n betreklik volledig omskre=we vorm aangeneem het, het dié ideologie eers as 'n beleid ge=stalte aangeneem nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het.[7)] Basies is afsonderlike ontwikkeling gefundeer in

4) De Kiewiet. The Anatomy of South African misery, p. 64.
5) Ibid., p. 129.
6) Generaals J.B.M. Hertzog en Louis Botha met hulle volgelinge het van segregasie gepraat.
7) Gedurende daardie jare is algemeen van die term apartheid gebruik gemaak.

'n prinsipiële sintese wat sowel tradisionele as revolusionêre elemente bevat.

Dit moet ook beklemtoon word dat afsonderlike ontwikkeling nie die presiese beleidsekwivalent van die voor-oorlogse segrega= siebeleid is nie, aangesien eersgenoemde bepaalde prinsipes en oogmerke beliggaam wat nie in vorige segregasieskemas te= ruggeving kan word nie. Deur slegs die vorige segregasiestel= sel te toets aan die sintese van prinsipes en oogmerke wat aan die huidige regering se beleid ten grondslag lê, kan ge= sien word dat die voorafgaande differensiasiesisteme slegs blote stadia in die evolusie van afsonderlike ontwikkeling was. Dit kan ook gestel word dat afsonderlike ontwikkeling die lo= giese ontwikkeling ná segregasie is, en dat segregasie slegs 'n stadium in die ontwikkeling van die ideologie van afsonder= like ontwikkeling was.

Onder die term afsonderlike ontwikkeling word ook verstaan 'n praktiese politieke beleid wat deur die Nasionale Party as een van sy beleidspunte aanvaar is. Waar die Nasionale Party die huidige regerende party is, is afsonderlike ontwikkeling die praktiese politieke beleid van die regering ten opsigte van die Nie-Blankes in Suid-Afrika. Die regering voer sy beleid prak= ties uit deur middel van wetgewing waarmee die onderlinge ver= houdinge tussen die groepe in die heterogene samestelling van die bevolking in die Republiek van Suid-Afrika gereël word. Ook in die administrasie[8)] is dit 'n gemeenplaas dat die vorm

8) Coertze. Die plek van die Bantoe in die toekomstige openbare administrasie, 1970, p. 11.

wat administrasie aanneem, ten nouste verbonde is met die be= leid. Afsonderlike ontwikkeling is dus praktiese politieke be= leid en is verbind aan 'n bepaalde politieke party.

Die term volkereverskeidenheid kan as die basiese beginsel waarop afsonderlike ontwikkeling berus, gebruik word. Die lo= giese konsekwensie van hierdie stelling blyk duidelik wanneer verklaar word dat "... wat die Bantoe hier in Suid-Afrika wil hê, is erkenning van hul kommunale groepwese... ons par= ty se benadering (staan) op die grondslag van die kommunale en groepsbenadering".[9] Van Rensburg[10] wys ook daarop dat "Staatkundige ontwikkeling alleen bestendig en gerig kan wees indien dit in 'n volksbestaan geanker is". Volkereverskeiden= heid dui op die bestaan van 'n aantal afsonderlike volke waar= binne die heterogene bevolkingsgroepe van Suid-Afrika geakkommo= deer word. In teenstelling met die wêreld se ideologie van in= tegrasie en sy hartstog vir daardie bepaalde vorm van gelyk= heid beskou een van die mees objektiewe studente[11] van afson= derlike ontwikkeling die verskeidenheid van volkere as 'n stel= sel wat afsonderlike groeps-identiteit, vryheid en nasionale ontwikkeling toelaat tot vervulling van alle volkere in Suid-Afrika.

Aangesien dit 'n beginsel is, hoef dit nie tot een bepaalde

---

9) Unie van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, deel 6, 18 Maart tot 3 Mei 1963, kolom 3217-3218.
10) Van Rensburg. Grondslae van veelvolkige ontwikkeling in Suid-Afrika, p. 1.
11) De Klerk. "The concepts of "verkramp" and "verlig" (In Rhoodie, Nic. South African Dialogue), p. 529.

politieke party beperk te wees nie en hoef dit selfs nie nood=wendig aan enige politieke party verbonde te wees nie. Dit kan ook deur verskillende mense en partye verskillend geïnterpre=teer word en verskillende beleidsrigtings kan daarop gebou word. Volkereverskeidenheid wys onteenseglik op die fundamenteel an=dersoortige Bantoevolke met wie se regmatige nasionale aspira=sies 'n moreel regverdigbare versoening op die grondslag van afsonderlike etniese ontwikkeling bewerkstellig moet word. In Suid-Afrika is afsonderlike ontwikkeling en volkereverskeiden=heid verhef tot 'n lewens- en mensbeskouing waarvan die wor=dingsgeskiedenis oor meer as driehonderd jaar span. Basies het ons dus hier te doen met waardes en met norme wat uit hierdie waardes voortvloei. 'n Norm of maatstaf het die funksie van 'n meetsnoer waarmee ons handelinge, gebeurtenisse, toestande en verhoudinge meet en beoordeel. Tegelykertyd het die norm ook die funksie van 'n rigsnoer waarvolgens verskillende handelinge gerig word.

Die woord afsonderlik druk die grondgedagte van volkereverskei=denheid[12] uit, naamlik dat elkeen van die Nie-Blanke volke in hulle eie, besondere kultuuraard gesien en eerbiedig moet word en dat geen vermenging tussen Blank en Nie-Blank toegelaat mag word nie. Die individuele mens is altyd lid van 'n bepaalde huisgesin, gemeenskap en volk. Sy besondere aard en betekenis as mens word nie net bepaal deur die feit dat hy individu is nie, maar ook deur die feit dat hy lid van 'n bepaalde volk is. Ook die vryheid en verantwoordelikheid van die individu kan alleen sinvol binne die raamwerk van die gemeenskap en die volk

---

12) Dit dui op 'n uitmekaarwees en uitmekaar-hou.

uitgeoefen word. Verwoerd het dan ook tereg verklaar: "I be= lieve that any analysis of merit must take into account not only the merits of individuals but the merits as well of com= munities and nations".[13)]

In die woord ontwikkeling word uitgedruk dat elkeen van die Nie-Blanke volke moet ontwikkel. Met ontwikkeling word bedoel dat sowel die volke as die individuele lede van die volke hul= le inherente potensialiteite sal realiseer en op elke terrein van hulle bestaan sal groei tot die hoogste moontlike peil wat hulle kan bereik. As praktiese politieke beleid kom daar egter nog 'n wesentlike element by, naamlik dat die Regering tot die uiterste van sy vermoë die Nie-Blanke volke in hierdie ontwikkeling sal help en bystaan deur die geleenthede vir die ontwikkeling te skep en die middele daartoe te verskaf.

'n Voormalige eerste minister van Suid-Afrika het dan ook op ondubbelsinnige wyse die bereidwilligheid van die Suid-Afri= kaanse Regering te kenne gegee om die verskillende Bantoevolks= eenhede in Suid-Afrika tot volle politieke en ekonomiese onaf= hanklikheid in hulle eie gebiede te laat vorder. Hy het dan ook verklaar dat "... ek aan die Bantoe onder my sorg as voog die volle geleentheid gee om in hul gebiede hul voet te sit op 'n pad van ontwikkeling waarop hulle kan vorder ooreenkomstig die vermoë wat hulle het".[14)] Verder het hy daarop gewys dat "... as dit so mag wees dat in die toekoms hulle vorder tot 'n

---

13) Departement Inligting. The Price of appeasement in Africa, p. 1.
14) Unie van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, deel 99. 23 Januarie - 13 Maart 1959, kolom 66-69.

baie hoë peil, dan sal die mense van daardie toekoms rekening móet hou met hoe om die verhoudinge dan verder te reorganiseer".[15)]

Alreeds in 1947 is die bloot negatiewe term "segregasie" vervang met die term "apartheid" wat "segregasie met ontwikkeling" moes beteken. Hierdie beleid van apartheid is deur die formuleerders daarvan soos volg omskryf: "Dit beoog die handhawing en besker=ming van die inheemse rassegroepe as aparte volksgemeenskappe, met moontlikhede om in eie gebiede te ontwikkel tot selfver=sorgende volkseenhede, en die aankweking van nasionale trots, selfrespek en wedersydse agting by die verskillende rasse van die land... sonder dat die belange van die een in botsing kom met die belange van die ander en sonder dat die een die bestaan en ontwikkeling van die ander as 'n ondermyning of bedreiging vir homself aanvoel".[16)]

Dit kan dus gestel word dat afsonderlike ontwikkeling prinsi=pieel 'n beleidsisteem is wat die betrekkinge tussen Blankes en Bantoes op 'n etniese en nie op 'n individuele meriete-grondslag reguleer nie. Die Suid-Afrikaanse rassekonfrontasie word dus as 'n etniese konfrontasie vertolk, 'n kontaksituasie waarin die lede van die betrokke rassegroepe mekaar nie primêr as individue benader nie, maar wel as stereotipes van verskil=lende etniese konformasies. Voorts beoog die Blankes met af=sonderlike ontwikkeling die handhawing en verskansing van hulle volkseiendomlike en nasionale integriteit teen verswelging of ondermyning deur 'n kollektiewe front van getalsterker maar

---

15) Ibid.
16) Eiselen. Die aandeel van die Blanke ten opsigte van die praktiese uitvoering van die beleid van afsonderlike ont=wikkeling, Januarie 1965, p. 7.

fundamenteel andersoortige Bantoevolke met wie se regmatige nasio= nale aspirasies 'n moreel regverdigbare versoening op die grond= slag van afsonderlike etniese ontwikkeling bewerkstellig moet word. Verder beoog die beleid die afsonderlike, sistematiese en geba= lanseerde ontwikkeling van Blankes en Bantoes in volwaardige na= sionale en volksgemeenskappe, elk gesetel in sy eie geo-politieke vaderland.

Afsonderlike ontwikkeling erken en aanvaar ook die onderlinge ver= skille tussen volkere asook die hipotese dat alle mense, volks- en rassegroepe nie gelyk of eenders is nie, ofskoon wel potensieel gelykwaardig. Dit wil sê dat andersoortigheid nie noodwendig meerder- of minderwaardigheid impliseer nie, maar dat op grond van die andersoortigheid, eiesoortigheid aan elke volks- en rassegroep gegun word. By dié verskillende rasse- en bevolkings= groepe word ook 'n innerlike drang en begeerte na selfbehoud en selfhandhawing, na die behoud van die eie identiteit en eiesoor= tigheid aangetref. Dit impliseer dan ook veel meer as slegs die behoud van die blote rasse-identiteit; dit beteken die behoud en handhawing van alles waarvan elke afsonderlike bevolkingsgroep beskou kan word as synde die draers of verteenwoordigers.

### 3.2 Tuislandgerigte administrasie van die Bantoebevolking in die Blanke gebiede met verwysing na die wetlike vaslegging daar= van

Inleidend moet dit gestel word dat die administrasie van die lede van die verskillende Bantoevolke in Blanke gebiede gesien moet word binne die dinamiek van evolusionêre administrasie ten gevolge van snel voortskrydende ontwikkeling en gebeure van die tyd en binne die verband van tuislandkonsepsies, naamlik 'n Blanke tuisland en Bantoetuislande. Die benadering impliseer dat

die Bantoepersone in Blanke gebied slegs tydelik is en geen per=
manente burgers van Suid-Afrika is nie.

Dit moet beklemtoon word dat die basiese formulering van afson=
derlike ontwikkeling evolusionêre ontwikkeling behels en admini=
stratiewe toepassinge kan vir oningeligtes nuwe beleidstoepas=
singe blyk te wees, terwyl dit slegs nuwe openbaringe en wen=
dinge van beleid is. Positiewe en tuislandgerigte administrasie
vereis dikwels die hersiening van heersende maatstawwe, prose=
dures en tegnieke omdat nuwe behoeftes, vars insigte en gemo=
derniseerde toepassings na vore tree. Die beleid van afsonder=
like ontwikkeling het dan ook so vorm aangeneem dat die admini=
strasie van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede vandag betrag
moet word in samehang met die ekonomies-fisiese en konstitusio=
nele ontwikkeling van die tuislande.

Alhoewel die toetrede van die Bantoes tot die Blankgestigte
dorpe en stede in Suid-Afrika 'n resente verskynsel is, kan
die grondslae van beleid en administrasie ten opsigte van die
Bantoes in Blanke gebied, as integrale deel van die hoofbeleid,
ook nie van historiese gebeure losgemaak word nie. Toe die Bantoe
sy verskyning in die Blankbeheerde gebiede van Suid-Afrika gemaak
het, het die land se Bantoebeleid, as deel van sy kleur- of ras=
sebeleid, alreeds in so 'n mate vorm aangeneem dat aanvaarde
en selfs tradisioneel geworde opvattinge ook daardie situasie
gedek het.

Teen daardie agtergrond het Suid-Afrika se Bantoebeleid ont=
staan en ontwikkel. Die Bantoes het in toenemende mate hulle
plattelandse tuisgebiede verruil vir die Blanke dorpe en stede -
laasgenoemdes wat primêr tot stand gekom het as nedersettings

vir die Blankes[17] - sodat daar ook ten opsigte van hierdie ka= tegorie Bantoes standpunt ingeneem moes word. Dit kan dus ver= wag word dat die stedelike Bantoebeleid en administrasie met die reeds aanvaarde en tot 'n mate statutêr vasgelegde Bantoe= beleid in ooreenstemming sou wees.

Die aanwesigheid van die Bantoes in die Blankbeheerde platteland en stede het daartoe gelei dat afgesonderde woonbuurtes gestig is waarin die Bantoes verplig is om te woon. Hierdie tradisionele beleid is aanvaar omdat besef is dat kontak tussen die rasse= groepe gereël moes word, nie op grondslag van 'n willekeurige onderwerping van een ras aan die ander nie, maar na aanleiding van die verskillende lewenswyses en die verskillende stadia van ontwikkeling en beskawing waarin die twee hoofgroepe verkeer. Met die verskil tussen die Europese lewenswyse aan die een kant en die van die Bantoes aan die ander kant, moes eenvoudig re= kening gehou word. Hierdie bevolkingsdifferensiasie is van vroeg af aan erken. Dit moet beklemtoon word dat daar 'n verskil tussen Blanke en Bantoes is, maar dat differensiasie nie die onderwerping van laasgenoemde beteken nie. Tussen die beleid van identiteit en die beleid van onderwerping lê die beleid van differensiasie wat sowel die belange van die Blankes as die Bantoes beoog. Ander= soortigheid, soos reeds gestel, impliseer nie noodwendig meer= der- of minderwaardigheid nie, maar dat op grond van die ander= soortigheid, eiesoortigheid aan elke volks- en rassegroep gegun word. In die lig van die andersoortigheid van Blanke en Bantoe kan die Bantoe nie onderwerp word aan administratiewe maatreëls waardeur sy ontwikkeling in onnatuurlike en onbevredigende kanale gestuur word nie, maar dié maatreëls moet gerig wees op afsonder=

---

17) Henning, op. cit., 1969, p. 132.

like ontwikkeling.

Gesien binne die konstellasie van afsonderlike ontwikkeling blyk dit duidelik dat die sinvolle administrasie van die Bantoes buite die tuislande nie prinsipieel 'n andersoortige administra= sie kan wees as die administrasie van die onderskeie Bantoe= volke nie. Van Onselen stel dit dan ook dat "... die admini= strasie in Blanke gebiede en veral in die stadsgebiede, kan in die toekoms nie anders as 'n weerkaatsing wees van die be= leid van veelvolkige ontwikkeling nie. Wat in die tuislande gedoen word, sal hier weerklank vind, en wat hier gedoen word, sal weer in die tuisland weerkaats word, maar in die Blanke= gebiede kan die administrasie nie anders as om 'n spieëlbeeld van die administrasie van elke afsonderlike Bantoevolk te wees nie".[18] Die administrasie van die Bantoes in die Blanke gebie= de moet dus etnosentries gefundeer en tuisland gerig wees.

### 3.2.1 Die sisteem vir administrasie van Bantoes in Blankbeheer= de gebiede

In hierdie afdeling word gelet op die organisasie en funksio= nering van die uitvoerende sisteem van die sentrale regering wat direk by die administrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede betrokke is. Die uiteensetting van die sentrale gesag se administratiewe sisteem, veral ten opsigte van die organisa= toriese samestelling en funksionering, word oorsigtelik benader

---

18) Van Onselen. Openingsrede gelewer by die tweejaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleent= hede, 20 September 1972, pp. 11-12.

weens die vakkundige bestudeerdheid daarvan. Veral oor die in= stelling van die Departement van Naturellesake in 1910, die ont= wikkeling van die onderskeie afdelings daarvan en die gedetail= leerde uiteensetting van die werking van elke onderdeel is reeds in verskeie ander publikasies omvattende beskrywings gegee.[19)]

Die uitvoerende sisteem van die sentrale regering wat direk by die administrasie van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede be= trokke is, kan as volg ingedeel word:

(a) die Staatspresident,
(b) die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en Bantoe-onderwys,
(c) die Adjunk-ministers van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en Bantoe-onderwys,
(d) die Bantoesakekommissie,
(e) die Kommissarisse-generaal,
(f) die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwik= keling,
(g) Streeksorganisasie,
(h) Distriksorganisasie,
(i) die Bantoesake-administrasierade,
(j) die Departement van Inligting.

---

19) Raadpleeg in die verband Rogers. Native administra= tion in the Union of South Africa, pp. 15-17.
Evans. Native policy in Southern Africa - an outline, pp. 15-19.
Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, Vol. 6, Hoofstuk 17 en Vol. 16, Hoofstuk 44.

Die bogenoemde sisteem van die sentrale regering vir die administrasie van alle Bantoes in Blankbeheerde gebiede bestaan uit politieke en administratiewe elemente. Die funksionarisse in die politieke element is verkose wetgewers wat die beleid en wetgewing ten opsigte van Bantoes in Blankbeheerde gebiede moet formuleer. Die verkose wetgewers beklee hulle ampte vir solank as wat hulle die landsadministrasie tot bevrediging van die meerderheid van die staatsburgers of kiesers uitvoer. Die funksionarisse in die administratiewe element verseker egter stabiliteit aan die administratiewe sisteem aangesien hulle nie afhanklik is van die stem van die staatsburgers om hulle ampte te beklee nie.

### 3.2.1.1 Die Staatspresident

Artikel 111 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961,[20] bepaal dat die beheer oor en administrasie van Bantoesake en van sake wat Asiate dwarsdeur die Republiek spesiaal of afsonderlik raak, by die Staatspresident berus. Hierdie artikel het artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet van 1909 vervang en is, behalwe vir die konsekwensiële veranderings wat uit die verandering van staatsvorm voortvloei, 'n baie getroue herbepaling van die juridiese inhoud van artikel 147. Artikel 147 het byna deurgaans na "Goewerneur-generaal-in-rade" verwys terwyl Artikel 111 net na "Staatspresident" verwys. In albei gevalle is die Staatshoof egter verplig om op advies van die Uitvoerende Raad te handel.[21] Die Staatspresident is ook beklee met die

---

20) Wet nr. 32 van 1961.
21) Die staatspresident is ook kragtens artikel 16 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, Wet nr. 32 van 1961, verplig om op advies van die uitvoerende raad te handel.

opperhoofskap[22] van alle Bantoes in die Republiek van Suid-Afri= ka, en belangrike proklamasie-bevoegdhede[23] is aan hom opgedra.

Artikel 4(1) van die Naturelletrust en -grond Wet, 1936[24] het 'n liggaam die Suid-Afrikaanse Naturelle Trust, daargestel. Dié liggaam moet al die oopgestelde gebiede vir aankope van grond vir die Bantoes soos deur dieselfde wet bepaal, opkoop en beheer. Hiervan is die Staatspresident die trustee.[25] In die praktyk kom dit egter ook daarop neer dat die Uitvoerende Raad die trustee is. Al die staatsgrond of grond wat afgeson= der is vir bewoning deur Bantoes, gaan ook oor op die Trust.

Spesiaal met betrekking tot die Bantoes in Blankbeheerde ste= delike gebiede is die Staatspresident, as die hoogste uitvoe= rende gesag, beklee met omvattende magte ingevolge die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945,[26] naamlik:

(a) sy toestemming is vanaf 1 Januarie 1938 nodig vir 'n Bantoe om grond of 'n belang in grond van 'n an= der persoon as 'n Bantoe te verkry;[27]

(b) hy kan 'n proklamasie uitvaardig dat sekere oortollige Bantoes uit 'n voorgeskrewe gebied verwyder word;[28]

(c) hy kan aandklokregulasies voorskryf wat Bantoes verbied om tussen sekere ure in die stadsgebied te wees;[29]

---

22) Artikel 1 van Wet nr. 38 van 1927.
23) Artikel 25 gelees met artikel 26 van Wet nr. 38 van 1927.
24) Wet nr. 18 van 1936.
25) Artikel 4(3) van Wet nr. 18 van 1936.
26) Wet nr. 25 van 1945.
27) Artikel 6(1).
28) Artikel 28.
29) Artikel 31.

(d) hy kan regulasies binne die perke van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet 1945, en die wet op Bantoe-arbeid, 1964,[30] oor 'n verskeidenheid van aangeleenthede uitvaardig.[31]

Al die bevoegdhede deur die verskillende wette hierbo genoem, moet die Staatspresident as gevolg van die bepalings van artikel 2 van die Interpretasiewet[32] op advies van die Uit=voerende Raad uitoefen. Dit is dus duidelik dat die staatspre=sident, handelende op advies van die Uitvoerende Raad, verrei=kende bevoegdhede in verband met Bantoe-aangeleenthede het.

### 3.2.1.2 Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en Bantoe-onderwys

Die Minister is die staatkundige en politieke hoof van die Departemente van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en van Bantoe-onderwys. Benewens sy verantwoordelikheid om administra=tiewe beleid vir sy departemente te formuleer is hy ook die aangewese persoon om wetsontwerpe wat op Bantoes betrekking het, deur die parlement te loods. Die Minister adviseer ook die staatspresident ten opsigte van sy werksaamhede as Opper=hoof en die uitvaardiging van proklamasies. Ten opsigte van die Bantoes in Blankbeheerde stedelike gebiede dra die Bantoe (Stads=gebiede) Konsolidasiewet, 1945,[33] verskillende pligte en ver=antwoordelikhede aan die Minister op. Finale goedkeuring vir

30) Wet nr. 67 van 1964.
31) Artikel 38 van Wet nr. 25 van 1925 en Artikel 28 van Wet nr. 67 van 1964.
32) Wet nr. 33 van 1957, soos gewysig deur artikel 2 van Wet nr. 45 van 1961.
33) Wet nr. 25 van 1945; Sien Artikel 41, gelees saam met artikel 3 en artikel 4, Raadpleeg ook artikel 22 van Wet nr. 45 van 1971.

tuislandgerigte skemas en projekte wat deur Bantoesake-admini= strasierade uitgevoer word berus ook by die Minister.

### 3.2.1.3 Die adjunk-ministers van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en Bantoe-onderwys

Die adjunk-ministers staan die Minister by in die uitvoering van sy taak en kan volgens die Grondwet van die Republiek[34)] as plaasvervanger van die Minister optree en sodanige werksaamhede en pligte uitoefen as wat die Minister aan hulle gesamentlik of afsonderlik mag opdra.

### 3.2.1.4 Die Bantoesakekommissie

Die Bantoesakekommissie is vir die eerste keer in 1920 deur die Naturelle Zaken Wet, 1920 gekonstitueer.[35)] Gedurende 1959 is die wet van 1920 vervang deur die Wet op Bantoesake,[36)] waardeur die permanente statutêre Kommissie hersaamgestel[37)] is. Die Kommissie bestaan uit die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikke= ling as voorsitter, die Administrateur van Suidwes-Afrika, en nie minder as drie of meer as vyf lede nie wat lede van die Senaat of Volksraad kan wees, een waarvan deur die Minister aangewys kan word om as plaasvervangende voorsitter op te tree.

---

34) Artikel 21(1) van Wet nr. 32 van 1961.
35) Wet nr. 23 van 1920.
36) Wet nr. 55 van 1959.
37) Die samestelling van die Kommissie is heromskryf deur artikel 5 van die Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1966, Wet nr. 63 van 1966.

Die werksaamhede en pligte van die Kommissie sluit in die oor= weging van enige aangeleentheid betreffende die algemene behar= tiging van die administrasie van Bantoesake of betreffende wetgewing vir sover dit die Bantoebevolking raak (uitgesonderd aangeleenthede van departementele administrasie) en die voor= legging aan die Minister van sy aanbevelings ten opsigte van enige sodanige aangeleentheid. Die Kommissie moet ook enige kwessie van administratiewe roetine, wat op las van die Minister aan hom voorgelê word, oorweeg en aanbevelings daaromtrent doen. Aan die Kommissie is dus politieke en beleidsbeplanningsfunksies opgedra in noue samewerking met die Minister van Bantoe-admini= strasie en -ontwikkeling. Noue skakeling met die Bantoes ten einde op hoogte te wees met die Bantoes se sienswyses en om beleidsbeginsels aan die Bantoes te verduidelik is ook 'n be= langrike funksie van die Kommissie.[38)]

Die Minister kan ook na goeddunke en onderworpe aan die voor= waardes wat hy goedvind, 'n bevoegdheid, plig of funksie wat kragtens 'n wet aan hom verleen of opgedra is, aan 'n lid van die kommissie oordra. Kragtens artikel 3(3) van die Wet op Bantoesake, 1959[39)] word dan ook bepaalde funksies van die Minister administratief aan spesifieke lede van die Kommissie gedelegeer. Drie lede het spesifieke funksies ontvang ten op= sigte van elkeen van die volgende afdelings van Bantoeadministra= sie: Bantoe-onderwys, Blankgebiede en Bantoegebiede. Uitvoe= rende funksies kan verder ook aan lede van die Kommissie opge= dra word.

---

38) Vergelyk Regulasie 6(1) van Goewermentskennisgewing nr. R1371 van 8 September 1967.
39) Wet nr. 55 van 1959.

Die funksies van die Kommissie is dus hoofsaaklik van 'n ad=viserende aard, behalwe waar die Minister volgens artikel 3(3) van die Wet bepaalde uitvoerende funksies aan 'n lid opdra. Deeg=like aandag moet egter geskenk word aan die aanbevelings van die Kommissie. Indien 'n aanbeveling van die Kommissie nie aan=vaar word nie, of die Minister stappe neem wat in stryd daarmee is, kan die Kommissie eis dat die onderhawige aangeleentheid te=same met 'n memorandum van die Kommissie se beskouings daar=oor, aan die Staatspresident voorgelê word. Indien die Staats=president ook nie die Kommissie se aanbevelings aanvaar nie, kan die Kommissie versoek dat alle stukke met betrekking tot die aangeleentheid aan beide Huise van die Parlement voorgelê word.

3.2.1.5 Die Kommissarisse-generaal

Ingevolge die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur, 1959 word erkenning verleen aan agt Bantoe-volkseenhede,[40] en is voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n Kommissa=ris-generaal ten opsigte van elk van die eenhede.[41] Die in=stelling van die amp van Kommissaris-Generaal berus dus in wese op die regering se erkenning van die bestaan van afsonderlike Bantoevolke in die Republiek, en op die beleid om elkeen van dié volke tot volle selfverwesenliking te lei.

Die primêre funksie van die Kommissaris-Generaal is om die sen=trale regering by die betrokke Bantoevolkseenheid te verteen=

40) Wet nr. 46 van 1959.
41) Die Bantoe-volkseenhede is die volgende: Xhosa, Swazi, Zoeloe, Suid-Sotho, Tswana, Noord-Sotho, Shangaan en Vendavolkseenheid.

woordig. Hy dien dus as 'n politieke skakel tussen die sentrale regering en die betrokke Bantoevolkseenheid en word nie as 'n deel van die administratiewe struktuur van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling beskou nie. Herholdt[42] stel dit dat die Kommissaris-generaal in werklikheid die am=bassadeur van die sentrale regering by die betrokke volkseen=heid is. Hy moet ook leiding en advies gee ten opsigte van alle sake rakende bestuursontwikkeling en die maatskaplike, opvoed=kundige, ekonomiese en algemene vooruitgang van die Bantoes; die ontwikkeling van die regspraak en van geregshowe bevorder; oorleg pleeg met die bevolking en in besonder met gebiedsower=hede en ander kragtens wet ingestelde liggame wat Bantoebelange verteenwoordig; die bevolking inlig in verband met regeringsbe=leid en wetgewing en die Minister inlig in verband met die be=hoeftes en wense van die bevolking.[43]

Die Kommissaris-generaal dien nie slegs as 'n skakel tussen die tuislandowerhede en die sentrale regering nie, maar skakel ook met lede van die betrokke volkseenheid in die Blankbeheerde ge=biede. Dit vorm dus 'n belangrike taak van die Kommissaris-ge=neraal om die bande tussen die inwoners van die betrokke tuis=land en hul stamverwante in die Blankbeheerde gebiede te ver=stewig. Daar word dus van die Kommissaris-generaal verwag om be=soeke aan Blankbeheerde gebiede te bring, met die Bantoe leiers in die gebiede te skakel en inligting oor die ontwikkeling in die tuisland aan die Bantoes oor te dra. Hierdeur word die Bantoes in Blankbeheerde gebiede op hoogte gehou van die ontwikkeling in

---

42) Herholdt. Die Taak van die Kommissaris-generaal, p. 187.
43) Ibid.

hulle tuisland en word hulle steeds tuislandbewus gemaak. So= doende lewer die Kommissarisse-generaal indirek 'n positiewe bydrae in die proses van tuislandgerigte administrasie ten op= sigte van Bantoes in Blankbeheerde gebiede.

### 3.2.1.6 Die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling

Kragtens die bepalings van die Grondwet van Zuid-Afrika, 1909[44) ] soos vervang deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961,[45)] is 'n sentrale staatsdepartement in die lewe geroep om Bantoeadministrasie dwarsdeur Suid-Afrika te beheer. So= doende het daar gedurende 1910 'n departement van Naturelle= sake[46)] tot stand gekom met 'n voltydse sekretaris as departe= mentshoof en onder beheer van 'n Minister van Naturellesake. Hierdie Staatsdepartement sou beheer uitoefen oor die aange= leenthede wat vroeër deur die verskillende kolonies se depar= temente van Naturellesake behartig is. Hierdeur het die wetge= wer die Bantoebevolking as 'n afsonderlike groep erken en be= handel, wat aan afsonderlike administratiewe maatreëls onder= worpe sou wees.

Dit is noodsaaklik om daarop te wys dat sedert die begin van die vyftigerjare daar belangrike veranderinge ten opsigte van die Departement se doelstellinge ingetree het. Hierdie veran= deringe is hoofsaaklik meegebring deur die feit dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling vry algemeen aanvaar en toegepas

---

44) Artikel 14.
45) Artikel 111.
46) Goewermentskennisgewing nr. 1 van 1910.

is. Gedurende 1958 het die Departement van Naturellesake dan ook verdeel in twee selfstandige departemente, naamlik die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en die Departement van Bantoe-onderwys, elk met 'n Minister aan die hoof.

Sekretarisse is aangestel, bygestaan deur adjunk- en assis= tent-sekretarisse. Alhoewel die ministeries van die twee de= partemente gedurende 1966 weer saamgesmelt het, bly hulle eg= ter voortbestaan as twee afsonderlike administratiewe eenhede. Die naamsverandering van die Departement dui onteenseglik op die feit dat dit die besliste voorneme van die regering is om die administrasie van die Bantoes tuislandgerig toe te pas in die uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Eiselen stel dit dan ook dat "... hierdie Departement nie meer 'n suiwer administratiewe funksie ten opsigte van die Ban= toe vervul nie, maar dit instrument is waardeur die Bantoe ge= help word om met inagneming van sy tale, tradisie en geskiede= nis 'n eie ontwikkeling deur te maak".[47)]

Die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling is die belangrikste uitvoerende kanaal vir die bestuur en administra= sie van die Bantoes in Suid-Afrika. Vanuit die hoofkantoor word die werksaamhede van alle streeks- en distrikskantore beheer, asook toesig gehou oor die administrasie van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede. Voor 1966 was dié Departement se organi=

47) Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Ver= slag vir die tydperk 1 Januarie 1958 tot 31 Desember 1959, U.G. nr. 51 van 1960, p. 1.

satoriese indeling tot 'n groot mate op geografiese grondslag gedoen deurdat afsonderlike takke uitvoerende funksies ten opsigte van die Bantoetuislande en Blankbeheerde gebiede opge=dra is. Volgens die jongste organisatoriese indeling wat op 1 Februarie 1968 in werking getree het, is afdelings en sek=sies op betreklik ingrypende skaal herbenoem en oorgeplaas tus=sen die onderskeie takke. Twee nuwe takke is ook bygevoeg wat die totaal nou op sewe te staan bring.[48)] Die takke Behuising en Arbeid en Identifikasie is gedeeltelik verantwoordelik vir uitvoerende funksies rakende die Bantoes in Blankbeheerde ge=biede naas hulle funksies wat ook die Bantoetuislande omvat. Dit is opvallend dat daar nie meer 'n tak spesifiek vir Blank=beheerde gebiede en in besonder vir Blankbeheerde stedelike gebiede bestaan nie. Maritz verduidelik hierdie verandering baie goed wanneer hy verklaar: "Die beleid vereis tuislandge=rigtheid en die administratiewe struktuur moet daarby aangepas wees".[49)]

3.2.1.7 <u>Streeksorganisasie</u>

Die streeksorganisasie van die Departement van Bantoe-admini=strasie en -ontwikkeling is gevestig in Hoof-Bantoesakekommissa=risse. Vir administratiewe doeleindes word die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika verdeel in 'n aantal Hoof-Bantoesa=kekommissarisgebiede. Die magte en funksies van 'n Hoof-Bantoe=sakekommissaris soos deur die Minister voorgeskryf is, is die volgende:

---

48) Die takke Landbou en Ontwikkelingswerk, Behuising, Departe=mentele Administrasie, Arbeid en Identifikasie, Gemeenskap=sake, Grondbesit en Finansies.

49) Maritz. Die struktuur vir die uitoefening van beheer oor die Bantoe in Suid-Afrika, ongepubliseer, p. 15.

(a) in sy gebied is hy die verteenwoordiger van die Departement en moet hy uitvoering gee aan alle funksies wat deur wetgewing of spesiale instruksie aan hom opgedra is;

(b) hy moet toesig hou oor Bantoesakekommissarisse, landbouingenieurs, opperhoofde, hoofmanne en an=der amptenare van die Departement;

(c) hy moet waak oor die belange van die Bantoes deur homself op hoogte te stel van hulle klagtes, deur hulle te help om werk te kry en deur enige beweging te ondersteun wat hulle morele en materiële welvaart kan bevorder; en

(d) hy moet die Sekretaris op hoogte hou van enige saak van belang in sy gebied wat die Bantoes betref.[50)]

Vir die doeleindes van regspleging is die Republiek van Suid-Afri=ka, benewens distrikte, ook in drie streke ingedeel met 'n Bantoe-appêl- en egskeidingshof in elke streek. Die Bantoe-ap=pêlhowe, ingestel ingevolge die Bantoe-administrasiewet, 1927[51)] verhoor appêlsake in enige siviele regsgeding in 'n Bantoesake=kommissarishof. Dieselfde wet maak ook voorsiening dat Bantoe-egskeidingshowe met dieselfde regsgebiede as die van die appêl=howe ingestel mag word. Die voorsitters van die appêlhowe is ook die voorsittende beampte by die egskeidingshof.

Die Hoof-Bantoesakekommissaris vorm 'n belangrike skakel tussen

---

50) Rogers, op. cit., p. 8.
51) Wet nr. 38 van 1927.

distriksadministrasie en die Departement. Die afdelings wat aangetref word in die Hoof-Bantoesakekommissariskantoor stem grootliks ooreen met die takke in hoofkantoor, en dié kantoor moet dan ook gesien word as die hoofkantoor van 'n streek met 'n belangrike koördineringsfunksie.

### 3.2.1.8 Distriksadministrasie

Elkeen van die gebiede van die Hoof-Bantoesakekommissarisse is onderverdeel in 'n aantal distrikte en kragtens sub-artikel (2) van artikel 2 van die Bantoe-administrasiewet, 1927, kan die Staatspresident 'n Bantoesakekommissaris vir so 'n distrik aanstel. Sodanige aanstellings is gemaak in distrikte waar die getalle Bantoes dit regverdig. In distrikte waar daar oorwegend Bantoes aanwesig is, en ook in distrikte waar daar proporsioneel 'n groot getal Bantoes aanwesig is, is die Bantoesakekommissaris 'n amptenaar van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. In ander distrikte is die Landdros, wat 'n amp= tenaar van die Departement Justisie is, as Bantoesakekommissa= ris aangestel.

Die breë funksies van 'n Bantoesakekommissaris is soos volg:

(a) Hy moet beheer uitoefen en toesig hou oor die welsyn van die Bantoes wat in sy regsgebied woon of daar tydelik vertoef.

(b) Hy moet toeganklik vir alle Bantoes wees en gedurig bereid wees om hulle vertoë en klagtes geduldig aan te hoor.

(c) Hy moet die siviele en kriminele jurisdiksie uitoefen wat aan hom verleen word en moet nuwe wetgewing, in=

struksies en beleidsake wat op Bantoes in Blank=
beheerde (stedelike) gebiede van toepassing is,
verduidelik.

(d) Die beleid van die Departement is om die Bantoes in die rigting van maatskaplike en ekonomiese selfstan= digheid te lei; daarom moet hy hulle in besigheids= transaksies met raad en daad bystaan.

(e) Hy moet ook gedurig aan die Hoof-Bantoesakekommissaris oor voorvalle in sy distrik verslag doen en die Depar= tement van alle maatskaplike, ekonomiese, politieke en opvoedkundige aangeleenthede op hoogte hou.

'n Bantoesakekommissaris word, waar nodig, bygestaan deur tyde= like addisionele of assistent-Bantoesakekommissarisse. Gewoon= lik bestaan sy personeel uit Blanke sowel as Bantoe-amptenare wat bestaan uit regterlike beamptes, administratiewe beamptes, tegnici vir landbou- en ingenieursdienste en Bantoekonstabels.

3.2.1.9 <u>Bantoesake-administrasierade</u>

Die Staat het reeds in 1909 met die aanname van die Grondwet van die Unie van Suid-Afrika en soos herbevestig is in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika in 1961, bepaal dat dit sy prerogatief is om die beleid ten opsigte van die Bantoes in Suid-Afrika self te bepaal en toe te pas. Omdat die uitvoe= ring van die beleid so 'n wye omvang het en in baie gevalle ge= spesialiseerde kennis vereis, het die Staat dit goed gevind om van agente gebruik te maak om die beleid toe te pas. So het dit dan gekom dat aan plaaslike besture die taak opgedra is om Bantoesake in voorgeskrewe gebiede, onder toesig van die Depar= tement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, te admini=

streer. Buite die voorgeskrewe gebiede het die bogenoemde Departement deur middel van Bantoesakekommissarisse self Bantoesake geadministreer. Die feitlike toestand het dus in Blankbeheerde gebiede ontwikkel dat daar twee beheerinstansies is wat Bantoe-aangeleenthede behartig.

Hierdie duale stelsel van beheer het om verskeie redes verouderd, lomp en ondoeltreffend geword veral omdat op hierdie wyse nie dinamiese beslag aan die uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling gegee kon word nie. Die Staat het dan na raadpleging van alle belanghebbende instansies, die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971, aangeneem; dit lui die derde dinamiese fase in wat die hantering van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede, en die staatkundige tydelikheid van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede beklemtoon. Die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971, maak voorsiening vir die indeling van die Blankbeheerde gebiede van die Republiek van Suid-Afrika in geografiese gebiede, bekend as Bantoesake-administrasiegebiede, met 'n Bantoesake-administrasieraad,[52) ] as beheerinstansie vir elkeen van die gebiede.

### 3.2.1.10 <u>Die Departement van Inligting</u>

Hierdie Departement het ontwikkel uit die destydse Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens van die Departement van Buitelandse Sake en die Inligtingsafdelings van die Departemente van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Kleurlingsake en Indiërsake en is sedert 1961 'n selfstandige staatsdepartement. Die noodsaak=

---

52) Bantesake-administrasierade word volledig bespreek in Hoofstuk 5.

likheid vir 'n departement van Inligting blyk duidelik wanneer verklaar word: "... aan die een kant is dit nodig vanweë die verregaande propaganda teen die beleid van hierdie Regering, die agterdog wat gesaai word en die onwelwillendheid wat ge= kweek word by die nie-blanke bevolking... die inligtingsmasjien moet ten opsigte van die naturel tweeledig werk; eerstens in die rigting van die Bantoe en tweedens terug na die departe= ment".[53)]

Uit bogenoemde verklaring blyk dit duidelik dat een van die Departement se vernaamste funksies die hantering van inlig= tingswerk, skakeling en voorligting, ten opsigte van die Ban= toes is. Binne die Departement funksioneer daar dan ook 'n spesiale Bantoeskakelafdeling wat ingestel is op 'n tweerigting-kommunikasieproses met die Bantoes. Deur gebruikmaking van ver= skillende kommunikasiemiddele word gepoog om die Bantoes in te lig oor beleidsaspekte en om ontwikkeling van die Bantoes en hul= le tuislande, in die breedste sin te propageer. Andersyds verskaf die Departement aan ander staatsdepartemente en die binneland= se bevolkingsgroepe en aan die buiteland inligting oor beleid en ontwikkeling rakende die Bantoes en die Bantoetuislande. Deur korrekte feite en ware inligting oor die beleid van af= sonderlike ontwikkeling word die Bantoes in Blankbeheerde ge= biede geaktiveer vir die proses van tuislandgerigte administra= sie.

---

53) Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, deel 1, 5 Junie tot 27 Junie 1961, kolom 8420.

3.2.2 Die aandeel van die Bantoes aan tuislandgerigte admini= strasie in Blankbeheerde gebiede

3.2.2.1 Adviserende Bantoekomitees

Die uitgangspunt van staatsbeleid ten opsigte van bestuursdeel= name van die Bantoes, is gefundeer op die beginsel dat hulle op 'n tydelike grondslag in die Blankbeheerde gebiede is, slegs ter wille van hulle arbeid. Voortgaande vorm die Bantoe= gemeenskappe nie 'n permanente deel van die bevolking in Blank= beheerde gebiede nie. Die Bantoes is dus streng gesproke 'n vreemdeling by die permanente Blanke gemeenskap. Dit is dan ook logies dat staatsbeleid so ingestel sal wees dat die Bantoe-ge= meenskappe nie direk of indirek verteenwoordiging in die bestuurs= liggame van die permanente gevestigde Blanke gemeenskap kan ver= kry nie.[54] Derhalwe maak die Naturellen (Stadsgebieden) wet, 1923, vir die volgende voorsiening: "... voor elke lokasie of naturelledorp onder het toezicht van een stedelik plaatselik bestuur word een naturellen adviserend komitee ingesteld".[55] So 'n komitee moes bestaan uit nie minder nie as drie naturelle woonagtig binne die regsgebied van 'n stedelike plaaslike be= stuur en 'n voorsitter wat 'n Blanke kon wees. Van besondere belang was die feit dat geen regulasies vir so 'n Bantoedorp of lokasie bekragtig of ingetrek kon word voordat die adviserende komitees nie vooraf geraadpleeg is nie. Die werksaamhede en plig= te van die adviserende komitees is deur middel van regulasies

54) By enige Bantoestam sal 'n vreemdeling 'n persoon wat op 'n tydelike basis in die stamgebied vertoef, ook nooit seggenskap kry in die regering van die stam nie. So 'n vreemdeling kan nie stamhoof word nie, hy kan nie lid van die binneraad of van die stamraad word nie. Vergelyk ook Hoofstuk 2.
55) Wet nr. 21 van 1923, artikel 10.

soos deur die betrokke stedelike plaaslike besture ingestel, beheer. Die bedrywighede was egter slegs adviserend van aard.[56] Die rede vir die beperkte, bevoegdhede en adviserende funksies kan toegeskryf word aan die beginsel van tydelikheid aangevul deur die Bantoes se peil van ontwikkeling en sy gebrek aan ste= delike bestuurservaring. Met die uitvaardiging van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, het die beginsel van ad= viserende komitees behoue gebly. Terwyl die stedelike Bantoes in getalle toegeneem het en hulle ook tot 'n groter mate ver= westers geraak het, het die stelsel van deelname aan plaaslike bestuur nogtans dieselfde gebly. Die adviserende karakter van die ou stelsel, gebaseer op die tydelikheid van die Bantoe in Blankbeheerde gebiede, het nooit verander nie. Regter Greenberg se interpretasie van die wet gee 'n duidelike uiteensetting van die doel met die adviserende raadstelsel: "It seems to me from such consideration of this Act as I have been able to give, that it was the intention of the Act to promote harmonious co-opera= tion between the Native and the local Authority and it was in= tended that weight should be given to views of the Natives".[57]

Ingevolge artikel 21 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasie= wet, 1945, word 'n adviserende Bantoekomitee vir 'n stadsgebied of gedeelte daarvan ingestel en word die lede van die komitee gedeeltelik verkies deur die inwoners van daardie Bantoedorp en gedeeltelik deur die betrokke Bantoesake-administrasieraad aan= gestel.[58] Die wyse van verkiesing van 'n sodanige komitee, die

---

56) Meyer. Die Geskiedkundige aspekte van die adviserende Na= turelle-Komitees, pp. 30-32.
57) Rex v.s. Duba 1928, T.P.A., 253.
58) Artikel 21(2)(a).

die ampstermyn van lede en die bevoegdhede en funksies daarvan word deur regulasie bepaal wat die Bantoesake-administrasieraad ingevolge hierdie wet mag uitvaardig. Die bevoegdhede en funk= sies van 'n adviserende Bantoekomitee kan soos volg saamgevat word:

(a) 'n Adviserende komitee moet enige regulasies wat die Bantoesake-administrasieraad voornemens is om uit te vaardig oorweeg en verslag daaroor doen.[59)]

Dit lê 'n plig op 'n adviserende komitee, maar verleen nie aan hom die bevoegdheid om uit eie beweging stappe te doen nie. Slegs wanneer 'n Bantoesake-administrasieraad 'n beoogde re= gulasie aan hom voorlê, verkry die adviserende komitee die reg om iets te doen, naamlik om oor so 'n voorstel kommentaar te lewer. Sodra 'n adviserende komitee natuurlik sy reg om kom= mentaar te lewer uitgeoefen het, lê dit 'n ooreenstemmende plig op die Bantoesake-administrasieraad om die kommentaar te oorweeg en om, ingevolge die bepalings van subartikel 4, 'n afskrif van die adviserende komitee se verslag aan die Sekre= taris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling te stuur wan= neer die regulasie(s) vir goedkeuring voorgelê word.

(b) Enige aangeleentheid wat deur 'n Bantoesake-administrasieraad of die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling aan 'n adviserende komitee voorgelê word, moet deur die komitee oor=

---

59) Wet nr. 25 van 1945, artikel 21(2)(a)(i).

weeg word en moet hy verslag daaroor doen.[60]

Hierdie bepaling verleen ook nog geen bevoegdheid aan 'n ad= viserende komitee nie. Sy reg om op te tree, hang daarvan af of die Bantoesake-administrasieraad of die Minister die saak aan hom voorlê.

(c) Enige aangeleentheid wat in die besonder die be= lange van die Bantoes in die stadsgebied raak kan deur die komitee oorweeg word en kan hy 'n verslag daaroor opstel.[61]

Hierdie bepaling verleen aan 'n adviserende komitee die reg om iets uit eie beweging te doen of aan te voer.

(d) Verder verleen Artikel 21(2)(b) aan 'n adviserende komitee die bevoegdheid om die uitvaardiging of oorname van 'n regulasie wat hy in belang van die Bantoes in die stadsgebied nodig of wenslik ag, by die Bantoesake-administrasieraad aan te beveel.

Laasgenoemde twee bevoegdhede bied aan adviserende komitees die geleentheid om opbouende voorstelle in belang van hulle mense te doen en om sake waarvan die Bantoesake-administrasieraad miskien anders nie bewus sou wees nie, onder sy aandag te bring. Dit is inderdaad 'n algemene geleentheid om 'n wesenlike bydrae te lewer ter verbetering van die administrasie van die mense wat

---

60) Artikel 21(2)(a)(ii).
61) Artikel 21(2)(a)(iii).

hulle verteenwoordig.

(e) 'n Bantoesake-administrasieraad is ook verplig om sy begroting van uitgawes na oorlegpleging met sy ad= viserende komitee op te stel.[62]

Wanneer die begroting na die Departement van Bantoe-administra= sie en -ontwikkeling deurgestuur word vir goedkeuring moet 'n kopie van die notule van die komiteevergadering waarop dit be= spreek is, dit vergesel. Hierdie vereiste geld egter nie ten opsigte van die aanwending van gelde uit die Heffingsfonds vir Bantoedienste nie.

Indien daar 'n adviserende Bantoekomitee(s) binne die regsge= bied of 'n gedeelte van die regsgebied van 'n Bantoesake-ad= ministrasieraad bestaan, mag die Administrateur van die betrok= ke provinsie of die Minister[63] nie sy goedkeuring aan die uit= vaardiging van 'n regulasie heg nie, tensy 'n sodanige regula= sie aan die adviserende Bantoekomitee(s) voorgelê is. Hierdie vereiste verval indien 'n verslag oor so 'n regulasie nie binne dertig dae aan die Bantoesake-administrasieraad vir oorweging voorgelê word nie met die voorbehoud dat, indien die Minister daarvan oortuig is dat dit nie wenslik is om 'n adviserende Ban= toekomitee in te stel nie, of indien die regulasie binne die voorgeskrewe tydperk van dertig dae aan die komitee voorgelê is, maar geen verslag daaroor van die komitee ontvang is nie, die Minister/Administrateur dit kan goedkeur.

62) Artikel 19(5).
63) Artikel 21(3) en ook artikel 38(3) en (4).

Wanneer 'n komiteeverslag binne die voorgeskrewe tydperk ont=vang is, word 'n kopie van die verslag tesame met die konsep=regulasie(s) na die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gestuur vir goedkeuring deur die Minister/Admini=strateur. Sou die Minister enige wysiging aan 'n regulasie aan=bring, hoef dit nie opnuut aan die komitee voorgelê te word nie.[64]

Uit bogenoemde funksies blyk dit duidelik dat die "onderliggende beginsel van adviseer nooit verander is nie".[65] Alhoewel advi=serende Bantoekomitees vandag nog in die meeste stedelike Ban=toewoongebiede bestaan,[66] blyk dit duidelik dat met enkele uitsonderings die funksionering van die komitees as 'n misluk=king beskou word. Die Fagankommissie[67] kom ook tot die gevolg=trekking dat die adviserende komiteestelsel 'n mislukking is uit getuienis van sowel Blankes as Bantoes. Volgens die Blankes stel die Bantoes geen belang in die verkiesing van lede van die ad=viserende komitee nie, bring net 'n baie klein getal van die stemgeregtigde Bantoes hulle stemme uit, toon die gekose lede geen verantwoordelikheidsbesef nie, wy hulle geen aandag aan maatreëls vir die verbetering van hulle woonbuurte nie, maar kom hulle slegs met griewe en onmoontlike eise voor die dag en

---

64) Artikel 21(3), gelees met artikel 38(5).
65) Meyer, op. cit., p. 33.
66) Alhoewel daar sedert die aanname van die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961 (Wet nr. 79 van 1961) soos gewysig, die instelling van verdere adviserende Bantoekomitees verbied is, is daar tot die einde van 1973 slegs 21 stedelike Bantoe=rade in Suid-Afrika ingestel. Hierdie rade bestaan op die volgende plekke: Grahamstad, Uitenhage, Durban, Bloemfon=tein, Kroonstad, Parys, Welkom, Bethlehem, Virginia, Oden=daalsrust, Benoni, Boksburg, Johannesburg, Roodepoort, Alberton, Witbank, Oogies, Nigel, Carletonville, Stander=ton en Ermelo.
67) Verslag van die Naturellewette-Kommissie 1946 - 48, p. 18.

maak dan moeilikheid as aan hulle eise nie voldoen word nie. Die Bantoes wyt weer hulle gebrek aan belangstelling aan die feit dat die komitee geen administratiewe magte het nie en slegs bloot adviserend is, en kla ook dat van sy besluite geen notisie geneem word nie.

Koller[68] benader die aangeleentheid in verband met die ge= slaagdheid al dan nie van die adviserende komiteestelsel vanuit drie gesigspunte, naamlik dié van die adviserende komitee self, dié van die wetgewer en die van die veranderde omstandig= hede sedert die instelling van adviserende komitees gedurende 1923. In verband met die eerste oorweging beweer hy dat die bevoegdhede van 'n adviserende komitee vanuit 'n regsoogpunt, sowel as uit die komitee se oogpunt self, betreklik waardeloos is, aangesien hulle almal, met uitsondering van die komitee se bevoegdheid om sy regte te laat afdwing, bloot van 'n advi= serende aard is. Bantoesake-administrasierade[69] hoef geen ag te slaan op die adviserende komitee se aanbevelings of voorstelle nie. Ten opsigte van die tweede oorweging beweer hy regtens dat dit die bedoeling van die wetgewer was dat adviserende komitees bloot adviserend van aard moet wees. Inagnemend regter Greenberg se vertolking van wat adviserend is asook die bevoegdhede wat die wet self en wat deur Bantoesake-administrasierade by regu= lasies aan 'n adviserende komitee verleen word, dan is hierdie bevoegdhede toereikend vir die beoogde doel. As voorbehoud stel hy egter dat 'n Bantoesake-administrasieraad pligte en werksaam= hede moet voorskryf wat 'n adviserende komitee in staat kan stel

---

68) Koller. Magte van die Adviserende Naturelle-Komitees - is hierdie magte doeltreffend, pp. 50-52.
69) Destyds nog stedelike plaaslike besture.

om sy sienswyse oor die veelvuldige en verskillende aspekte van die administrasie van hulle woongebiede uit te spreek en met die verdere voorbehoud dat 'n Bantoesake-administrasieraad bereid moet wees om die menings van die adviserende komitee grondig te oorweeg.

Verder beweer Koller dat die adviserende komiteestelsel in Johannesburg vrugbare werk gelewer het ter verbetering van die administrasie. Hy beskou die adviserende komitee ook as 'n nuttige barometer, waarvolgens die openbare Bantoemening ge= meet kan word. As voorbehoud stel hy egter die voorwaarde dat in gevalle waar daar duidelike bewys is dat 'n Bantoesake-ad= ministrasieraad sy adviserende komitee se raad en kommentaar benut, die adviserende komitee dit makliker vind om 'n eerlike mening uit te spreek oor sake wat die Bantoes raak en dan nie geneig sal wees om afbrekende kritiek te lewer nie. Maritz onderskryf egter nie die optimistiese beskouing nie en ver= klaar: "... dit is nie tot nadeel van alleen die Bantoe self dat daar nie doeltreffende volksorgane in stedelike gebiede bestaan nie, maar ook tot nadeel van die blanke owerhede wat onder die huidige toestand geen betroubare termometer het om die politieke koors van stedelike gebiede te meet nie".[70)]

Kingsley[71)] het ook bevind dat die stelsel van adviserende ko= mitees onbevredigend is. Syns insiens is die lae stempersenta= sie in die verkiesing van dié komitees ook 'n teken daarvan dat

---

70) Maritz, op. cit., p. 183.
71) Kingsley. Moontlike oplossing wat betref die verteenwoor= diging van Naturelle deur adviserende Naturelle-komitees, pp. 56-59.

die stedelike Bantoebevolking besef dat die liggaam nie tot enige doeltreffende optrede in staat is nie en gevolglik nie veel daarin belangstel nie. As verdere grond vir sy stelling dat die stelsel onbevredigend is, beweer hy dat dit tot aller=lei wanpraktyke aanleiding gee, soos byvoorbeeld:

(a) beloftes wat voor 'n verkiesing gemaak word;
(b) agitasie dat poste wat deur Blankes gehou word, deur Bantoes gevul moet word;
(c) vertragingstaktiek wat toegepas word by wysiging van regulasies, begrotings, ens.;
(d) invloed van die smokkelkroegkoninginne op die verkiesings;
(e) aanhangers van die meerderheidsgroep word byna sonder uitsondering aanbeveel vir die toekenning van han=delspersele; en
(f) lede maak aanbevelings vir toekenning van woonhuise aan persone wat in baie gevalle nuwe intrekkers in 'n stedelike gebied is.

Coertze[72] het ook ten opsigte van 'n studie wat te Atteridge=ville, Pretoria, gemaak is, bevind dat die adviserende komitee=stelsel onvrugbaar en onbruikbaar vertoon vir die doel waar=voor dit ingestel is, omdat die lede in die aanbieding van hul=le advies 'n onrealistiese agitatorshouding inslaan. Volgens hom vloei dit voort uit die wyse waarop die komitee verkies word, waardeur die lede van die komitee as verteenwoordigers van

---

72) Coertze. Die Adviserende Komiteestelsel en politieke orga=nisasie, soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria, met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville, p. 374.

een politieke party sonder die offisiële opposisie in die komitee, deur hulle verkiesingsbeloftes gebind is om eise te stel. Binne die raamwerk van die landsbeleid bevind hy ook dat die adviserende komiteestelsel onbruikbaar is, aangesien dit aan die stedelike Bantoes 'n gevestigde eis aan vooruitgang in die proses van politieke integrasie gee. Hy voel dat dit lynreg in stryd is met die landsbeleid van skeiding tussen Blanke en Bantoes en dat dit nie binne enige gekoördineerde uitbouing van die beleid pas nie.

Riekert onderskryf ook die bogenoemde siening van Coertze wanneer hy verklaar dat "Die Adviserende komiteestelsel wat in 1924 in werking getree het, is nie net 'n Bantoevreemde stelsel nie, maar 'n stelsel wat glad nie meer inpas by die beleid van selfstandige ontwikkeling nie".[73] Slegs waar die administrateurs in stedelike Bantoeadministrasie van die tradisionele bestuursvorm van die Bantoes gebruik maak (nie-amptelik) deur dit planmatig in die funksionering van die adviserende Bantoekomitee in te werk funksioneer die komitee doeltreffend. Waar dit hier gaan oor tuislandgerigte administrasie in Blankbeheerde gebiede is dit dan nou ook noodsaaklik om aan te dui tot watter mate 'n adviserende komitee wat doeltreffend funksioneer 'n bydrae kan lewer in die proses.

3.2.2.1.1 Die adviserende Bantoekomitee van Potchefstroom

Die adviserende komiteestelsel was in Potchefstroom tot ongeveer 1956 'n totale mislukking omdat die Bantoes tot op daardie stadium min belangstelling daarin geopenbaar het.[74] Ook het

73) Riekert, op. cit., 1967, p. 168.
74) Riekert, op. cit., 1963, pp. 97-103.

die lokasie-inwoners aanvanklik nie die metode van die verkiesing van hulle verteenwoordigers begryp nie, aangesien die nominasie van persone as kandidate vreemd was aan die politieke stelsel van die Bantoe. 'n Verdere rede tot die mislukking van die ko= miteestelsel kan gewyt word aan die feit dat die lokasie-super= intendente van 1925 tot 1956 geen akademiese opleiding gehad het nie en dus nie oor die nodige kennis en belangstelling be= skik het om van die stelsel 'n sukses te maak nie.[75] Bedry= wighede van ondermynende organisasies het ook 'n bydrae ge= lewer tot die mislukking van die stelsel.

Die model regulasies vir adviserende Bantoekomitees van die Departement is ook in Potchefstroom van toepassing gemaak. Hierdie regulasies behandel die stedelike Bantoes as 'n af= sonderlike gemeenskap en totaal verskillend van die Bantoes buite die Blanke stadsgebiede, veral dié in die tuislande.[76] As gevolg hiervan het die stelsel van adviserende Bantoekomi= tees in 'n groot mate aanleiding gegee tot die verwestersing van en losmaking van die stedelike Bantoes van hulle kultuur. Hierdeur is die kulturele skakeling van die Bantoes in die stadsgebied van Potchefstroom met hulle volksgenote in die verskillende tuislande aansienlik belemmer en vertraag.

Vanaf 1958 is daar in Potchefstroom gepoog om die belange van die Bantoes te bevorder, veral ten opsigte van aangeleenthede van belang in die Bantoewoongebied. Positiewe skakeling en sa= mewerking met die Stadsraad van Potchefstroom het dan ook hier= uit voortgevloei. Gedurende 1959 versoek die adviserende Ban=

---

75) Ibid., p. 99.
76) Ibid., pp. 102-103.

toekomitee dan ook die Stadsraad "to approach the Native Af= fairs Department to constitute a lekgotla for the hearing of civil disputes".[77] Deur middel van hierdie hof sou siviele sake[78] op 'n Bantoeregtelike basis bereg word. Alhoewel die besluit bestaande wetgewing ver vooruit was, moet dit duide= lik gestel word dat die Bantoes van Potchefstroom slegs gepoog het om wetlike erkenning te verkry vir 'n aangeleentheid wat reeds jare lank in gebruik was. Die Bantoesake-kommissaris het egter aanbeveel dat die aangeleentheid terug gehou moet word tot en met die inwerkingtreding van die Wet op Stedelike Ban= toerade, 1961, wanneer daar wel voorsiening gemaak sou word vir die instelling van 'n hof om siviele gedinge te bereg. Die Ban= toesakekommissaris het ewenwel tog verder aanbeveel dat die be= staande lekgotla in die tussentyd voortgaan om soos in die ver= lede minder belangrike siviele sake af te handel.[79]

In ooreenstemming met staatsbeleid is daar ook in Potchefstroom gepoog om die Bantoes kultuurbewus te maak om so deel te hê aan hulle tuisland. Ook hierin het die adviserende Bantoekomitee 'n bydrae gelewer deur op 20 Februarie 1959 te besluit om tipiese Tswananame aan strate in Ikageng, die nuwe Bantoewoongebied van Potchefstroom, toe te ken.

Sedert 1959 is die adviserende Bantoekomitee van Potchefstroom ten volle ingespan in die administrasie van die Bantoewoongebied en vir praktiese doeleindes is dit eintlik 'n Bantoeraad. Die

---

77) Stadsraad van Potchefstroom. Lêer no. P1/69.
78) Byvoorbeeld seduksie, huweliksprobleme en rusies.
79) Stadsraad van Potchefstroom. Lêer no. P1/69.

tradisionele bestuursvorm van die Tswana[80] is as basis geneem, en die lede van die adviserende Bantoekomitee vorm nie-amptelik 'n lekgotla soos dit tradisioneel in die tuislande voorkom. Hier= die komitee voer ook gesag oor minder belangrike politieke en reg= terlike sake soos dit in Ikageng van toepassing is. Die advise= rende Bantoekomiteestelsel het sodanig ontwikkel dat die komi= teelede in toenemende mate nie slegs skakeling met die betrokke stadsraad gesoek het nie, maar dat hulle in werklikheid ook die tradisionele leiers van die Bantoes in die stadsgebied van Potchefstroom geword het wat direkte skakeling met hulle tuis= lande bewerkstellig het. Hierdie adviserende Bantoekomiteelede is tans nie slegs politieke leiers nie, maar neem ook die lei= ding op ekonomiese, opvoedkundige en regterlike gebied.

As gevolg van herhaalde probleme wat ondervind is om siviele sake tussen Bantoes in Potchefstroom bevredigend op te los is daar op 'n vergadering van die adviserende Bantoekomitee van 11 Maart 1965 besluit om die nie-amptelike lekgotla-stelsel sodanig te herorganiseer dat die tradisionele bestuursvorm van die Tswana in 'n groter mate toegepas kan word.[81] Die lekgotla sou in die vervolg ook nie-amptelik uit eie geledere 'n kgosi moet kies. Die leier of kgosi wys weer vir hom drie lede van= uit die lekgotla aan wat hom bystaan as 'n binneraad of khuduthamaga[82] wat tot 1969 almal kapteinsverteenwoordigers was.[83] Verder word dit as 'n reël aanvaar dat 'n tuislandver=

---

80) Raadpleeg Hoofstuk 2.
81) Stadsraad van Potchefstroom. Lêer no. 11/14.
82) Dit kan ook as 'n bestuurskomitee beskou word.
83) Ingevolge die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961 (Wet nr. 79 van 1961). Sedert die einde van 1969 het een kapteins= verteenwoordiger se gewildheid sodanig afgeneem dat hy nie tot die khuduthamaga herkies is nie. Ingevolge arti= kel 8 van die Derde Wysigingswet op Bantoewetgewing 1970 verval die amptelike erkenning wat aan die kapteinsverteen= woordigers verleen was ook.

teenwoordiger 'n verkose lid van die adviserende Bantoekomitee moet wees en dat die verteenwoordiger ook 'n lid van die binne=raad of khuduthamaga is. In die verskillende wyke of blokke in die Bantoewoongebied het elke verkose lid van die adviserende Bantoekomitee as voorsitter van sy wyk en lid van die lekgotla, vir hom 'n nie-amptelike wykskomitee of lekgotlana aangewys.[84) ] Hier word dus 'n kenmerkende Tswana-stambestuurstelsel, aange=pas by Westerse omstandighede, in die Bantoewoongebied van Potchefstroom aangetref.

Indien daar enige probleme in 'n wyk ontstaan, moet dit eers by die lekgotlana aangemeld word. Die gedingvoerende partye het die reg om, indien hulle nie tevrede is met die beslissing van die tona of blokman bygestaan deur die lekgotlana nie, na die khuduthamaga te appelleer. Vanaf die laasgenoemde raad word na die Bantoedorpbestuurder geappelleer. Die tradisionele lekgotla en sy laer gesaginstansies word dus deur die Bantoes van Potchefstroom beskou as die gesag van eerste instansies, na wie hulle kan gaan om sake voortspruitende uit die huwelik, seduksie en ander geringe siviele sake, te bereg, nadat die fa=milie nie die geskil kon oplos nie.

Die drie lede en die leier van die khuduthamaga oefen alle be=heer uit oor 'n sekere aantal portefeuljes, naamlik huurvor=dering, dissipline, welsyn en instromingsbeheer.[85)]

Aangesien die adviserende Bantoekomitee van Potchefstroom goed

---

84) Riekert. Skakeling van die stedelike Bantoe met hul tuislande, p. 33.
85) Stadsraad van Potchefstroom. Lêer no. 11/3.

funksioneer, is gevind dat baie min sake en probleme sover as die Bantoedorpbestuurder van die Bantoewoongebied vir besleg= ting kom. Dit is ook gevind dat deur die aktiewe deelname van die adviserende Bantoekomitee in die administrasie van die Ban= toewoongebied, tsotsisme uitgeroei is, egskeidings tot die mi= nimum beperk word en dat minder siviele en ander kriminele sake deur die Bantoesakekommissaris en landdroshof respektiewelik be= reg word. Verder word baie min Bantoe inwoners vervolg vir die wanbetaling van huur en ander gelde en kan elke finansiële jaar afgesluit word met geen uitstaande gelde nie vir sowel die Ban= toewoongebied as die hostel. Op hierdie wyse is die Staat baie geld en tyd bespaar deur die feit dat die landdroshof nie sy tyd met huursake verkwis het nie. Werkgewers is ook baie tyd en geld bespaar deur die feit dat die Bantoes nie gedurig aangehou word vir agterstallige huurgeld nie. Die lede van die khuduthamaga word deur die Bantoes van Potchefstroom ook nie slegs as plaaslike dorpsleiers aanvaar nie, maar ook as leiers wat die tradisionele gesagsinstellings in die tuislande verteen= woordig. Daar is ook 'n direkte skakeling tussen die hoogste ge= sag in die gesagstruktuur van die Bantoes in die stadsgebied van Potchefstroom en die tradisionele leiers in die tuislande.

Onder leiding van die adviserende Bantoekomitee of nie-amptelike lekgotla word ook nog steeds pogings aangewend om 'n belangstel= ling in die leiers van die Tswanatuisland by die stedelike Ban= toes van Potchefstroom aan te wakker. As die Bantoegesagsvoer= ders oor die Bantoes van Potchefstroom vorm die adviserende Ban= toekomitee ook die sentrale liggaam waardeur die skakeling van die Bantoes met hulle relevante tuislande moet plaasvind. Die neiging het egter ontwikkel om in toenemende mate te steun op die gesagsbron soos gesetel in die Tswanatuisland. Die gevolg hiervan is dat die inisiële khuduthamagastelsel as 'n oorgang= stadium tussen die adviserende Bantoekomitee en die jongste be=

deling van 'n stelsel van 'n breë politieke skakeling tussen die Bantoes van die tuisland- en die stedelike Bantoe beskou kan word.[86)]

Tydens 'n vergadering van die adviserende Bantoekomitee, gehou op 25 November 1969, is eenparig deur die komitee aanvaar dat die Bantoewoongebied van Potchefstroom vir administratiewe doel= eindes in twee wyke verdeel sal word, met 'n kapteinsverteen= woordiger in bevel van elke wyk. Die ou khuduthamagastelsel was op die algemene bestuurspatroon van 'n Tswanastam ingestel. Die beheer wat deur die khuduthamaga in die verlede uitgeoefen is, word nou oorgedra na die twee kapteinsverteenwoordigers. Die nuwe stelsel van hierdie twee kapteinsverteenwoordigers is ge= baseer op die feit dat twee van die drie lede van die voormalige khuduthamaga reeds voorheen baie nou met die Tswanatuisland ge= skakel het en goed bekend is met die verskillende tuislandre= gerings asook die verskillende politieke leiers in die Tswana= tuisland.

Dit is baie belangrik om daarop te wys dat met behulp van die ad= viserende Bantoekomitee die politieke skakeling van die Bantoes in die stadsgebied van Potchefstroom met die Bantoes in die Tswanatuisland reeds sodanig in omvang toegeneem het dat die Bantoes van Potchefstroom hulle as deel van die Tswana in die tuisland beskou. Reeds op 29 September 1965 het die leier van die adviserende Bantoekomitee en 'n kapteinsverteenwoordiger tydens 'n verkiesingsveldtog onder andere verklaar: "Let us build our towns in the homelands... Let us be proud of our

---

86) Stadsraad van Potchefstroom. Lêer no. 11/14.

homelands, our own customs and our culture like other nations".[87)]

In aansluiting by hierdie verklaring is die versoek van die adviserende Bantoekomitee gedurende Augustus 1966 dat, aange=sien die tuislande ekonomies versterk moet word, daar geen verdere gesinshuisvesting in die Bantoewoongebied van Potchef=stroom of in enige ander Blankbeheerde stadsgebied opgerig moet word nie, maar wel in die tuislande self.[88)]

Ook het die adviserende Bantoekomitee verder versoek dat die lone van trekarbeiders uit die tuislande teruggehou moet word en mettertyd aan gesinslede in die tuislande oorbetaal word. Op aanbeveling van die adviserende Bantoekomitee het die Stads=raad van Potchefstroom, fondse beskikbaar gestel om busvervoer na die Tswanatuisland te subsidieer ten einde enkellopende ge=sinshoofde in staat te stel om hulle gesinne gereeld te besoek ten einde te verhoed dat hierdie trekarbeiders kontak met hulle tuislande en hulle gesinsbande verloor.[89)]

Uit die voorgaande kort bespreking blyk dit duidelik dat advi=serende Bantoekomitees 'n positiewe instrument kan wees in die proses van tuislandgerigte administrasie in Blankbeheerde ge=bied. Alhoewel huurvordering, dissipline, welsyn en instromings=beheer voorgeskrewe funksies van adviserende Bantoekomitees is, moet dit nie as hulle hooftaak gesien word nie. Die adviserende

---

87) Ibid.
88) Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, week=likse uitgawe, No. 17, 3 Junie - 7 Junie 1968, kolom 6771.
89) Stadsraad van Potchefstroom. Lêer no. 18/5.

Bantoekomitees kan vir solank as wat hulle funksioneer, meehelp om die Bantoes in Blankbeheerde gebied tuislandbewus te maak en sodoende 'n bydrae te lewer tot die bou van die verskillende Bantoevolkere. Solank as wat die adviserende Bantoekomitees hulle met die bevordering van tuislandbelange besighou, dien hulle 'n groot en belangrike taak. Waar daar egter gepoog word om van 'n adviserende Bantoekomitee 'n stadsraad te maak moet die komitee gesien word as 'n struikelblok in die proses van tuislandgerigte administrasie, aangesien die komitee in 'n ge=bied fungeer waar die Bantoes tydelik is alleen om sy arbeids=lewering. Die sukses wat behaal is met die adviserende Bantoeko=mitee van Potchefstroom kan grootliks toegeskryf word aan die tuislandgeoriënteerde benadering van die plaaslike owerheid en amptenare. Dit beklemtoon die rol wat die amptenaar kan speel in die uitvoering van 'n tuislandgerigte administrasie.

HOOFSTUK 4

# AFSONDERLIKE ONTWIKKELING EN TUISLANDGERIGTE ADMINISTRASIE VAN DIE BANTOEBEVOLKING IN DIE BLANKE GEBIED (vervolg)

## 4.1 Stedelike Bantoerade

Die eerste poging van owerheidsweë om die onbevredigende situa= sie ten opsigte van bestuursdeelname vir die Bantoes in Blank= beheerde gebiede die hoof te bied was met die publisering van die Wetsontwerp op Stedelike Bantoe-owerhede[1)] gedurende 1952. Hierdie wetsontwerp het vir die instelling van stedelike Bantoe-owerhede en -howe voorsiening gemaak; dit wil sê die vervanging van die adviserende komiteestelsel met 'n tradisio= nele administratiewe en judisiële stelsel waaraan die Bantoes gewoond was. Daar is dus owerhede met uitgebreide administra= tiewe en uitvoerende gesag in die vooruitsig gestel wat 'n Bantoedorpsbestuur in "embrio" sou wees.[2)] Die heterogene aard van die stedelike Bantoebevolking is in aanmerking geneem en deur die stelsel van etniese groepering is enersyds gehoop dat die stedelike owerhede so 'n belemmering sou oorkom, en ander= syds dat 'n goeie skakel tussen die stedelike en plattelandse Bantoe-owerhede bewerkstellig sou kon word.

Die destyds beoogde stedelike Bantoe-owerhede sou aan die ste= delike plaaslike owerhede ondergeskik wees. Daar was geen spra= ke van selfstandige of outonome bestuursliggame vir die stede= like Bantoes nie. Die owerheid wou slegs aan die stedelike Ban= toes 'n sekere mede-seggenskap deur bestuursverantwoordelikheid

---

1) Buitengewone Staatskoerant, No. 47, 91, 22 Februarie 1952.
2) Van As. Moontlike alternatiewe vir adviserende Naturelle-Komitees in die Unie, p. 75.

gee in die administrasie van Bantoewoonbuurtes op 'n basis "... ondergeskik aan die blanke stadsraad en met steeds dui= delike omskrewe beperkte magte, ..."[3] Die Wetsontwerp op Ste= delike Bantoe-owerhede het egter nie wet geword nie hoofsaaklik omdat die tyd daarvoor nie ryp was nie. Verskillende plaas= like owerhede het die inhoud, bedoeling en werksmoontlikhede daarvan nie kon rym met die aanvaarde beleid nie, terwyl Ban= toeleiers dit met agterdog bejeën het.[4] Trouens, daar is ge= voel dat die stelsel vir die Bantoegebiede ontwerp is en nie sonder meer van toepassing gemaak kon word op die Blankbe= heerde stedelike gebiede nie. Die stedelike agtergrond en opset was geheel en al verskillend van die plattelandse Ban= toegebiede; en etniese groepering in die stedelike gebiede sou op sigself nog nie daardie verskille uit die weg geruim het nie.

Verder moet ook in aanmerking geneem word dat die Bantoe-ower= heidstelsel in die Bantoegebiede op daardie stadium self, on= danks sy lewensvatbaarheid, nog nie tekens van sukses kon toon nie. Daar is toe van owerheidsweë besluit dat die stelsel eers in die Bantoegebiede op die proef gestel moes word alvorens dit in die stedelike gebiede toegepas kon word. Met die uit= vaardiging van die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbe= stuur, 1959, is die aangeleentheid sydelings aangeraak. Hoewel die klem nou meer op die skakelingsgedagte geval het, het artikel 4(i) voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n ver= teenwoordiger van 'n gebiedsowerheid binne die regsgebied van

---

3) Verwoerd. Plaaslike owerhede en die staat, p. 19.
4) Ibid.

'n stedelike plaaslike owerheid. So 'n verteenwoordiger by 'n betrokke volkseenheid in 'n stadsgebied behartig namens die gebiedsowerheid (artikel 5(i)), die belange van daardie volks= eenheid en verkry verder ook regsplegende bevoegdhede.[5] Voor= dat die masjinerie deur laasgenoemde wet in die praktyk ge= implementeer is en die toepasbaarheid daarvan bepaal kon word, is die Wet op Stedelike Bantoerade[6] in 1961 uitgevaardig. Om te kan bepaal in watter mate daar in die Wet op Stedelike Ban= toerade, 1961, voorsiening gemaak is vir tuislandgerigte ad= ministrasie van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede deur die Bantoes self, sal 'n ontleding van die wet _in extenso_ gedoen moet word.

4.1.1 Instelling van stedelike Bantoerade

'n Bantoesake-administrasieraad kan volgens artikel 2 van die Wet[7] op Stedelike Banoterade, 1961, 'n stedelike Bantoeraad instel. Die woord _kan_ word gebruik, wat daarop dui dat 'n Ban= toesake-administrasieraad nie verplig is om dit wel te doen nie, behalwe in gevalle wat later bepsreek sal word. Met die instelling van 'n stedelike Bantoeraad is die bevolkingsame= stelling van die Bantoes in die regsgebied van 'n Bantoesake-administrasieraad bepalend vir die tipe raad wat ingestel staan te word. In die eerste instansie kan 'n Bantoeraad[8] ingestel word vir 'n Bantoewoongebied onder die gesag van 'n Bantoesake-administrasieraad, of 'n gedeelte van so 'n gebied

---

5) Artikel 5(2).
6) Wet no. 79 van 1961.
7) Verder sal na die Wet op Stedelike Bantoerade verwys word as die Wet.
8) Stedelike Bantoeraad ook verder genoem Bantoeraad.

of so 'n gebied plus 'n gedeelte van 'n ander gebied, of twee of meer sodanige gebiede of twee of meer gedeeltes van sodanige gebiede gesamentlik.[9]

In die tweede instansie kan 'n stelike Bantoeraad ingestel word vir die Bantoes behorende tot 'n bepaalde volkseenheid[10] wat in 'n stedelike Bantoewoongebied woonagtig is, of 'n gedeelte van so 'n gebied, of in so 'n gebied en so 'n gedeelte of twee of meer sodanige gebiede of twee of meer gedeeltes van sodanige gebiede.[11] Vir elk van die twee soorte rade is daar nog vyf moontlike gebiede of samestellings van gebiede waar Bantoerade ingestel kan word.

Voordat 'n Bantoesake-administrasieraad 'n Bantoeraad vir 'n ge= bied of 'n gedeelte van 'n gebied kan instel, moet die advise= rende Bantoekomitee van daardie gebied vir sover daar een be= staan, eers geraadpleeg word. Waar daar nie 'n adviserende ko= mitee bestaan nie, moet die Bantoegemeenskap egter geraadpleeg word. Die wet lê dus slegs 'n verpligting op die Bantoesake-administrasieraad om die Bantoes, hetsy as gemeenskap of 'n ko= mitee as verteenwoordigend van die gemeenskap, te raadpleeg. Hier is dus geen sprake van instemming of goedkeuring deur die Bantoes nie.

Benewens die bevoegdheid wat die Bantoesake-adminsitrasieraad het om uit eie beweging 'n stedelike Bantoeraad in te stel,

---

9) Die Stedelike Bantoeraad Ningizumu te Durban sluit byvoor= beeld ses Bantoewoongebiede in.
10) Soos uiteengesit in die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur, 1959, artikel 2(1).
11) Wet op Stedelike Bantoerade, 1961, artikel 2(1)(b).

onderworpe aan bestaande voorbehoude, moet hy 'n stedelike Bantoeraad instel indien hy deur 'n adviserende Bantoekomitee daartoe versoek word tensy die Minister anders gelas. Met ander woorde, indien die adviserende komitee hom nie versoek om 'n stedelike Bantoeraad in te stel nie, verval die verpligting ook. Teoreties is dit dus moontlik dat waar 'n adviserende komitee bestaan en hy die owerheidsbeleid nie goedgesind is nie, en dus nie 'n stedelike Bantoeraad ingestel wil hê nie so 'n versoek tot instelling eenvoudig net nie gerig word tot die Bantoesake-administrasieraad nie.

Daarteenoor moet 'n stedelike plaaslike bestuur 'n Bantoeraad vir 'n gebied instel indien die Minister na oorlegpleging met die betrokke Bantoegemeenskap van so 'n gebied, die Bantoe=sake-administrasieraad daartoe gelas.

Ingevolge sub-artikel (4), van artikel 2, kan 'n Bantoesake-administrasieraad op versoek van 'n stedelike Bantoeraad die gebied waarvoor of ten opsigte waarvan hy ingestel is, ver=ander deur enige stedelike Bantoewoongebied onder sy gesag of enige gedeelte van so 'n gebied daarby te voeg of daarvan uit te sluit. Die Bantoesake-administrasieraad kan ook op versoek van 'n stelike Bantoeraad, wat deur hom ingestel is, sodanige Bantoeraad ontbind en 'n ander Bantoeraad in die plek daarvan instel. Ook in hierdie gevalle rus daar geen verpligting op die Bantoesake-administrasieraad om dit wel te doen nie. Die wet maak egter nie voorsiening vir afskaffing of ontbinding van 'n stedelike Bantoeraad deur 'n Bantoesake-administrasieraad op eie inisiatief nie, maar sub-artikel (5)[12] van hierdie

---

12) Ingevoeg deur Wet No. 76 van 1963.

artikel bepaal dat wanneer die Minister dit in die openbare belang ag om dit te doen, hy, na oorlegpleging met die betrokke Bantoesake-administrasieraad, by skriftelike kennisgewing aan sodanige Bantoesake-administrasieraad, kan verklaar dat met in= gang van 'n datum in daardie kennisgewing vermeld, die betrokke stedelike Bantoeraad ophou om te bestaan. Hierna hou die lede van so 'n raad op om hulle amp te beklee, waarna 'n nuwe stede= like Bantoeraad of rade op die voorgeskrewe wyse ingestel kan word.

4.1.2 Samestelling van stedelike Bantoerade

In die samestelling van 'n stedelike Bantoeraad word deur die wet slegs voorsiening gemaak vir verkose lede.[13] Die Bantoe= sake-administrasieraad bepaal die getal lede van 'n stedelike Bantoeraad en altesaam mag daar nie minder as ses lede wees nie; met dien verstande dat 'n Bantoesake-administrasieraad behou= dens bostaande voorbehoud, op versoek van 'n stedelike Bantoe= raad die aantal lede van die raad te eniger tyd kan vermeerder of verminder.

13) Ingevolge artikel 8 van die Derde Wysigingswet op Bantoe= wetgewing, 1970 verval die amptelike erkenning wat aan kapteinsverteenwoordigers verleen is en word gekose lede nie meer tot 'n stedelike Bantoeraad toegelaat nie. Vergelyk ook Maritz, op. cit., pp. 190-198.

Slegs Bantoes wat in die betrokke stadsgebied woonagtig is en wat die voorgeskrewe kwalifikasies[14)] besit, is bevoeg om as lede van 'n stedelike Bantoeraad verkies te word en om as ver=kose lede daarvan aan te bly. Indien 'n stedelike Bantoeraad ingestel word vir Bantoes behorende tot 'n bepaalde volkseen=heid, moet die verkose lede tot daardie volkseenheid behoort en binne die gebied woonagtig wees. Daarbenewens moet hulle ook oor die voorgeskrewe kwalifikasies beskik.

Die verkose lede word, in die geval van 'n stedelike Bantoe=raad wat ingestel is vir Bantoes van 'n bepaalde volkseenheid, verkies deur Bantoes wat tot daardie volkseenheid behoort en wat in die gebied ten opsigte waarvan die Raad ingestel word, woonagtig is en die deur regulasies voorgeskrewe kwalifikasies

---

14) Die modelregulasies vir stedelike Bantoerade bepaal in artikel 4 dat iemand nie kwalifiseer indien hy

(a) nie in die stadsgebied woonagtig is nie;
(b) agterstallig is met enige gelde betaalbaar aan die Bantoesake-administrasieraad;
(c) in die 5 jaar voor nominasie skuldig was aan 'n misdryf en gevonnis is met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van een maand of met die keuse van boete vir 'n tydperk van meer as ses maande;
(d) deur 'n bevoegde instansie as geestelik gekrenk of ge=brekkig verklaar is;
(e) as werknemer 'n winsgewende amp of winsbetrekking beklee onder die Bantoesake-administrasieraad;
(f) deur artikel 2(3) van die wet op Oproerige Byeen=komste, 1956, verbied is om samekomste by te woon;
(g) deur artikel 5(1)(e) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, verbied is om samekomste by te woon of ingevolge artikel 4(10) gelys is; en
(g) 'n persoon onderworpe aan die bepalings van artikel 12 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet, 1945.

besit. In die geval van enige ander stedelike Bantoeraad word die verkose lede verkies deur Bantoes wat woonagtig is in die gebied waarvoor die Raad ingestel is en wat dié, deur regulasie voorge= skrewe, kwalifikasies besit.

'n Bantoe wat nie in die Republiek of die gebied Suidwes-Afrika gebore is nie, is nie bevoeg om as lid van 'n stedelike Bantoe= raad verkies te word nie, en so 'n Bantoe is ook nie bevoeg om by die verkiesing van sodanige lede te stem nie.

4.1.3 Bevoegdhede, funksies en pligte van Bantoerade

Kragtens artikel 4 van die Wet is daar sekere funksies wat 'n stedelike Bantoeraad uit die aard van die saak moet uitoefen ter= wyl sekere funksies, bevoegdhede en pligte aan hom gedelegeer kan word. Dit kom daarop neer dat 'n stedelike Bantoeraad en die lede daarvan alle funksies uitoefen en pligte verrig wat inge= volge die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, of enige ander wet, verleen is aan of gelê is op sowel die adviserende komitee, ingestel deur genoemde Wet, as die lede daarvan. Met ander woorde, as sodanig funksioneer die Raad asof dit 'n ad= viserende komitee is.

'n Stedelike Bantoeraad oefen ook namens en onder leiding van 'n Bantoesake-administrasieraad die bevoegdhede van 'n Bantoe= sake-administrasieraad uit en verrig die funksies en pligte daar= van "... ten opsigte van die gebied waarvoor dit ingestel is, ten opsigte van een of meer van die volgende ondergenoemde aan= geleenthede in verband met Bantoes wat die Bantoesake-admini= strasieraad na oorlegpleging met die betrokke Administrateur aan so 'n raad opdra met die instemming en onderworpe aan die

voorwaardes bepaal deur die Minister".[15] Prakties kom dit daarop neer dat 'n Bantoeraad namens en onderworpe aan die voorskrifte van die betrokke Bantoesake-administrasieraad die bevoegdhede van 'n Bantoesake-administrasieraad uitoefen en die funksies en pligte verrig wat ingevolge subartikel (1) van artikel 4 aan hom verleen is. 'n Bantoesake-administrasieraad kan dus vir sover dit die Bantoes in 'n Bantoewoongebied raak, sekere aangeleenthede oordra of reserveer vir die Bantoeraad nadat daardie aangeleenthede deur die Administrateur en Minister goedgekeur is. Die aangeleenthede wat in die Wet ge= noem word en onderworpe aan die nodige goedkeuring van 'n ste= delike Bantoeraad oorgedra kan word, is:

(a) die uitlê van 'n Bantoewoongebied,
(b) die huisvesting van Bantoes wat geen familielewe lei nie,
(c) die verwydering van persone wat onwettiglik in die gebied woonagtig is,
(d) die onwettige okkupasie van grond en geboue,
(e) die bestuur van en beheer oor die gebied (met in= begrip van die vasttelling van die voorrangsorde wat by die toewysing van woongeriewe gevolg word) en die handhawing van die goeie orde daarin,
(f) die oprigting en gebruik van wonings, geboue en ander bouwerke, en die verwydering of sloping van ongemagtigde of verlate geboue of strukture,
(g) die toekenning van persele vir kerk- of onderwys= doeleindes,
(h) die verbod op of die reëling of beperking van die aantal diere asook die toesig oor die beweiding van gemeenskaplike weiveld,

15) Artikel 4(2)a.

(i) die reëling van binnekoms of tydelike verblyf in die gebied,

(j) die verskaffing van sanitêre, gesondheids- en me= diese dienste in die gebied en

(k) die sedelike en maatskaplike welsyn van die persone wat in die gebied woonagtig is.

Benewens bogenoemde funksies en pligte verkry stedelike Bantoe= rade ook nog verder uitgebreide bevoegdhede. Artikel 4(2)(b) bepaal dat 'n Bantoeraad bevoeg is om 'n gemeenskapswag te be= heer en te bestuur as so 'n wag vir 'n gebied ingestel is. Die Hoof-Bantoesakekommissaris of die Bantoesakekommissaris kan ook enige aangeleentheid wat wenslik geag word, na 'n Bantoeraad vir oorweging en verslag verwys. Insgelyks kan 'n Bantoeraad oor enige aangeleentheid 'n verslag aan die Hoof-Bantoesakekommis= saris of Bantoesakekommissaris voorlê.

Verder word 'n verpligting op 'n stedelike Bantoeraad geplaas om enige verteenwoordiger, ingestel vir 'n bepaalde volkseen= heid,[16] bystand en advies te verleen in verband met aangeleent= hede wat daardie Bantoes raak. Die Minister kan enige ander bevoegdheid, funksie of plig wat hy nodig ag, na oorlegpleging met die Administrateur en met instemming van die betrokke Ban= toesake-administrasieraad, aan die stedelike Bantoeraad op= dra. 'n Stedelike Bantoeraad verkry ook die bevoegdheid om, waar hy dit raadsaam ag met inagneming van die bepalings van enige toepaslike wet, voorsiening te maak vir enige aangeleentheid ter uitvoering van sy funksies of pligte. Hierdie bevoegdheid sluit onder meer in die delegering van uitvoerende bevoegdhede aan 'n komitee van die Bantoeraad of slegs aan 'n Bantoe deur

16) Die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur, 1959, artikel 4.

hom aangewys.

Volgens artikel 4(3) van die wet word ook voorsiening gemaak vir optrede ingeval dit die Bantoesakekommissie bevind dat 'n Bantoesake-administrasieraad op onredelike wyse sy instemming weerhou wanneer die Minister enige ander bevoegdhede, funksies of pligte aan 'n Bantoeraad wil opdra. In so 'n geval kan die Minister eenvoudig net daardie bevoegdhede, funksies en pligte wat hy wenslik ag, opdra aan 'n Bantoeraad, sonder die instem= ming van die Bantoesake-administrasieraad. In artikel 4(4) be= skerm die wet egter Bantoesake-administrasierade deur te be= paal dat die magte en funksies kragtens sub-artikel (2) aan Bantoerade verleen, nie vertolk moet word as synde 'n vermin= dering van die magte, funksies en bevoegdhede van 'n Bantoesa= ke-administrasieraad nie. Enige aldus verleende magte, funksies en bevoegdhede kan na raadpleging met die Administrateur en on= derworpe aan die goedkeuring van die Minister, teruggetrek word deur die Bantoesake-administrasieraad.

Daar bestaan nie die minste twyfel dat dit die bedoeling is dat genoemde magte aan stedelike Bantoerade oorgedra moet word nie. Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het dit dan ook baie duidelik gestel gedurende die tweedelesings= debat van die Wetsontwerp deur te verklaar: "Ons stel munisipa= liteite in die geleentheid om meer magte aan Bantoe-stedelike Rade te delegeer, en ek hoop dat dit nooit vir my nodig sal wees om in hierdie verband in te gryp nie, maar dat munisipaliteite hulle verantwoordelikhede so sal aanvoel dat hulle gewilliglik die nuwe magte aan die stedelike Bantoerade sal gee ten einde hulle ook in staat te stel om goeie werk te doen".[17)]

---

17) Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, deel 1, 5 Junie tot 27 Junie 1961, kolom 8316.

4.1.4 <u>Siviele en kriminele regsmag aan Bantoes</u>

Die Minister kan aan 'n Bantoe wat lid is van 'n stedelike Ban=toeraad, dieselfde bevoegdhede en regsmag verleen wat ingevolge die Bantoeadministrasiewet, 1927,[18] aan 'n Bantoekaptein of hoofman verleen word. Sodanige bevoegdheid of regsmag geld dan slegs ten opsigte van die gebied waarvoor so 'n Bantoeraad in=gestel is.

Die toepaslike bepalings (artikels 12 en 20) van die Bantoead=ministrasiewet, 1927, en alle regulasies daarkragtens uitgevaar=dig, is <u>mutatis mutandis</u> van toepassing ten opsigte van die be=voegdheid en regsmag van die persoon aan wie dit in die stedelike gebied verleen is. Artikel 6 bepaal ook dat geen beslissing, op=drag of bevel gedoen of uitgereik deur 'n persoon aan wie soda=nige regsmag verleen is in die uitoefening van sy bevoegdhede, ongeldig sal wees bloot op grond van die feit dat so 'n persoon met 'n stedelike Bantoeraad of 'n lid daarvan oorleg gepleeg het nie.

Deur die verlening van regterlike bevoegdhede aan stedelike Ban=toerade blyk dit duidelik dat die owerhede met die Bantoerade nie dieselfde bestuursvorm in gedagte gehad het as dié van die Blankes nie. Dit neig eerder na die tradisionele stelsel waarin die kraalbestuur administratief en judisieel hiërargies inge=skakel het by die stambestuur.

---

18) Die Bantoeadministrasiewet 1927, artikels 12 en 20.

### 4.1.5 Gemeenskapswagte

In Artikel 7 van die Wet maak die wetgewer voorsiening vir die instelling van 'n gemeenskapswag deur die Minister. Sodanige instelling geskied na oorlegpleging met die Minister van Justi=sie en 'n stedelike Bantoeraad of twee of meer rade gesament=lik vir die gebied of gebiede waarvoor die raad of rade inge=stel is. In hoofsaak kom die funksies van so 'n gemeenskaps=wag neer op:

a) die versekering van die veiligheid van die inwoners van die betrokke gebied,
b) die handhawing van reg en orde in so 'n gebied, en
c) die voorkoming van misdaad in daardie gebied.

Die Minister bepaal en skryf verder die samestelling, funk=sionering en pligte van so 'n gemeenskapswag voor. 'n Gemeen=skapswag waar ingestel, vervang nie die Suid-Afrikaanse Poli=sie ten opsigte van bevoegdhede, funksies en pligte nie. Dit moet eerder aanvullend wees. 'n Gemeenskapswag is 'n belangrike faktor in die goeie en ordelike administrasie van so 'n woonge=bied. Die gemeenskapswag-beginsel pas ook baie goed aan by die tradisionele wyse van die hou van orde in die stamgebied. Dit is egter die skrywer hiervan se mening dat hierdie tuiswagte onder streng beheer van die Suid-Afrikaanse Polisis geplaas sal moet word om wanpraktyke uit te skakel.

### 4.1.6 Finansies van 'n stedelike Bantoeraad

Baie belangrik is die feit dat 'n stedelike Bantoeraad deur die wet gemagtig word om met geld te werk en geldsake te han=

teer. Daar moet egter op gelet word dat uitdruklik bepaal word dat alle gelde wat 'n stedelike Bantoeraad invorder, aan die Bantoesake-administrasieraad oorbetaal moet word en in die Ban=toe-inkomsterekening[19] gestort moet word. Die inkomste van 'n stedelike Bantoeraad kan kom uit

(a) alle gelde ontvang uit hoofde van die uitoefening van bevoegdhede, funksies en pligte van so 'n Bantoe=raad en
(b) alle boetegeld ingevorder ten opsigte van boetes op=gelê deur iemand in die uitoefening van strafregte=like jurisdiksie aan hom verleen.

Die Bantoe-inkomsterekening van die betrokke Bantoesake-admini=strasieraad word belas met

(a) die uitgawes deur 'n Bantoesake-administrasieraad aan=gegaan in verband met 'n stedelike Bantoeraad deur hom ingestel,
(b) alle uitgawes aangegaan deur 'n stedelike Bantoeraad of 'n lid daarvan in die uitvoering van sy bevoegdhede en funksies, maar onderworpe aan die goedkeuring van die Bantoesake-administrasieraad, en
(c) alle uitgawes aangegaan deur 'n persoon aan wie regs=mag verleen is in die uitoefening van sy strafregtelike jurisdiksie. Ook hierdie uitgawes is onderworpe aan die goedkeuring van die Bantoesake-administrasieraad.

---

19) Ingestel ingevolge artikel 19 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945.

Indien 'n stedelike Bantoeraad ingestel is, is 'n Bantoesake-administrasieraad verplig om sy jaarlikse begroting ten opsigte van die Bantoe-inkomsterekening na oorlegpleging met die Ban=toeraad te doen. As die Minister oortuig is dat die oorlegple=ging nie na wense is nie, kan hy 'n wyse van oorlegpleging voor=skryf.

4.1.7 Afskaffing van adviserende Bantoekomitees

Sodra 'n stedelike Bantoeraad ingestel word vir of ten opsigte van 'n gedeelte van 'n gebied waarvoor 'n adviserende Bantoe=komitee ingestel is ingevolge artikel 21 van die Hoofwet,[20] hou sodanige komitee op om ten opsigte van die gedeelte van sodanige gebied enige bevoegdheid uit te oefen of funksie of plig te verrig, en indien so 'n raad ingestel word vir of ten opsigte van die hele gebied waarvoor die adviserende Bantoeko=mitee aldus ingestel is, hou sodanige komitee op om te bestaan.

In die tweede instansie moet 'n Bantoesake-administrasieraad op versoek van 'n adviserende Bantoekomitee wat deur hom ingestel is, sodanige komitee ontbind. Nadat die Wet op Stedelike Ban=toerade ingestel is, kan geen adviserende Bantoekomitee meer ingestel word nie. Hier word egter slegs na nuwe adviserende Bantoekomitees verwys en het dit nie betrekking op die hersa=mestelling van 'n adviserende Bantoekomitee wat reeds ingestel is nie.

'n Verdere bevestiging van die Staat se voorneme dat stedelike

---

20) Wet no. 25 van 1945.

Bantoerade in die plek van adviserende komitees gestel moet word, is vervat in artikel 9(4) ingevolge waarvan 'n verwysing in die Hoofwet[21] of enige ander wet na 'n adviserende Bantoe=komitee uitgelê moet word as 'n verwysing na 'n stedelike Ban=toeraad indien so 'n raad ingestel is vir so 'n gebied.

Henning[22] wys daarop dat alhoewel dit teoreties wil blyk asof die wet uitgebreide bestuursbevoegdhede aan die stedelike Ban=toe gee, dit in die praktyk daarop neerkom dat 'n Bantoesake-administrasieraad die in artikel 4(2)(a) genoemde funksies, magte en bevoegdhede onderworpe aan sekere voorwaardes aan 'n Bantoeraad kan gee. Hierdie artikel in die wet sowel as die modelregulasies,[23] laat ruimte vir verskillende interpretasies vir sover dit die verlening van magte en funksies aan Bantoe=rade betref.

Blykens artikel 4(2)(a) word die reg aan 'n Bantoesake-admini=strasieraad toegewys om te besluit welke bevoegdhede, magte en funksies aan 'n Bantoeraad gegee kan word. Die verlening daar=van is ook nog onderworpe aan voorwaardes wat die Minister mag bepaal. Vervolgens berus dit ook by Bantoesake-administrasie=rade om te bepaal tot welke mate die aangeleenthede, wat in die Wet genoem[24] word, deur 'n Bantoeraad slegs oorweeg en by die Bantoesake-administrasieraad aanbeveel mag word of ten volle uitgevoer moet word.

---

21) Ibid.
22) Henning, op. cit., pp. 160-165.
23) Die modelregulasies opgestel deur die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling dien as handleiding vir Bantoesake-administrasierade by die opstel van hulle re=gulasies.
24) Artikel 4(2)(a)(i) - (xi).

Alhoewel daar in die Wet voorsiening gemaak is dat Bantoesake-administrasierade bestuursbevoegdhede aan die Bantoerade kan toeken ooreenkomstig die ontwikkeling en bestuurservaring van die stedelike Bantoe, is daar tot dusver nog nie verder gevor= der as adviserende funksies nie. 'n Voorbeeld van die mate waarin 'n Bantoesake-administrasieraad die bevoegdhede, magte en funksies van 'n Bantoeraad bepaal en omskryf, kan in die praktiese implementering van die regulasies[25)] vir die funksio= nering van die stedelike Bantoeraad van Carletonville gevind word.[26)]

Die magte en funksies van die stedelike Bantoeraad van Carle= tonville is hoofsaaklik adviserend ten opsigte van feitlik al= le aangeleenthede genoem in artikel 4(2)(a) van die Wet. So byvoorbeeld moet die stedelike Bantoeraad kommentaar lewer en aanbevelings maak aan die Bantoesake-administrasieraad oor die aanlegplan van 'n Bantoewoongebied en enige wysigings daarvan.

Ten opsigte van artikel 4(2)(a)(v) van die Wet moet die stede= like Bantoeraad "... aansoeke vir die gebruik van die gemeen= skapsaal oorweeg en by die Bantoesake-administrasieraad aan= bevelings maak....". Dit blyk dus duidelik dat waar die uitdruk= kings "oorweeg", "kommentaar lewer" en "aanbevelings maak" en alle bevoegdhede wat aan die Bantoeraad verleen is, voorkom, die Bantoerade nie veel verskil van die ou adviserende komitee= stelsel nie.

---

25) Administrateurskennisgewing, no. 233 van 1968.
26) In 'n soortgelyke intensiewe studie van die regulasies vir die funksionering van die stedelike Bantoeraad van Welkom kom Henning, op. cit., pp. 161-163, ook tot die gevolg= trekking dat daar slegs adviserende magte aan die Bantoe= raad toegeken is en dat dit nie veel verskil van die ou adviserende komiteestelsel nie.

By 'n kritiese beoordeling van die stedelike Bantoeraadstelsel moet dit gestel word dat die Bantoerade nie inpas by die beleid van die tydelikheid van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede nie en nie strook met die bou van Bantoevolkere as politieke eenhede in hulle eie gebiede nie. Bogenoemde voorbeelde illustreer ook duidelik dat die interpretasie van die Wet asook die praktiese implimentering daarvan van gebied tot gebied kan verskil. Teo=reties kan een Bantoesake-administrasieraad al die in die Wet genoemde bestuursbevoegdhede aan 'n Bantoeraad verleen terwyl 'n ander Bantoesake-administrasieraad slegs adviserende bevoegd=hede sal gee. Indien al die magte waarvoor die betrokke Wet voorsiening maak wel prakties aan so 'n raad toegeken word, dan sal dit 'n derdevlak-regeringsinstansie meebring met die onder=skeid dat dit sal bestaan uit Bantoes alhoewel in Blankbeheerde gebied. Alhoewel geargumenteer kan word dat nie al die magte waar=voor in die Wet voorsiening gemaak word aan die Bantoerade toege=ken sal word nie, bestaan daar geen waarborg dat 'n volgende re=gering dit nie sal toeken nie. Net die feit dat daar in die Wet voorsiening gemaak word vir die oordrag van al die magte van Ban=toerade, moedig die rade aan om daarvoor te aspireer en indien dit nie toegeken word nie, skep dit frustrasie en ontevredenheid.

'n Verdere gevaar in die stelsel is dat, veral waar die voorsit=ters van die Bantoerade en ook dié van die adviserende Bantoe=komitees "beketting" word en lede van die rade en komitees be=hang word met togas, die Bantoes gesterk mag word in hulle oor=tuiginge dat hulle permanent in die Blankbeheerde gebied is. Die stelsel bemoeilik weer alle pogings om die stedelike Bantoe po=sitief te veranker aan sy tuisland, en kan dus beskou word as 'n belemmerende element in die proses van tuislandgerigte admini=strasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede.

Alhoewel daar dus ernstige besware bestaan teen die daarstelling van stedelike Bantoerade, is die verlening van siviele en straf=regtelike jurisduksie[27] aan sekere lede van die Bantoerade 'n positiewe stap om ook die regstelsel van die verskillende Bantoe=volkseenhede in die stedelike gebiede buite die Bantoetuislande te erken, en om daardeur die Bantoes in die Blankbeheerde ste=delike gebiede te betrek by die uitbouing van 'n eie regstelsel. Vanselfsprekend sal die Bantoe wat so met regsmag beklee is, die regstelsel van die volkseenheid wat hy verteenwoordig in sy hof toepas. Indien die heterogene aard van die stedelike Bantoebevolking nou in aanmerking geneem word, ontstaan die vraag egter tog of die judisiële masjinerie daargestel deur die Wet, behalwe in die geval van 'n Bantoeraad wat ingestel is vir 'n bepaalde volkseenheid, doeltreffend kan funksioneer.

Henning[28] wys tereg daarop dat daar in die wet tog ook positiewe elemente is, veral vir dorpstigting oor die algemeen en dan in die besonder vir die beheer en bestuur van daardie tuislanddorpe. Volgens Henning moet daar gepoog word om die groot getalle Ban=toes wat langdurig in Blankbeheerde stedelike gebiede woonagtig is, ervaring van plaaslike bestuur te laat opdoen, sodat hulle dit in belang van hulle tuisgebiede kan gebruik. In artikel 8 van die wet word dan ook voorsiening gemaak dat die stedelike Bantoeraad ervaring van geldsake kan opdoen. Onder die ou advi=serende komiteestelsel was daar geen geleentheid vir die stede=like Bantoes om van hierdie belangrike bestuursfunksie enige positiewe ervaring op te doen nie en gevolglik was hulle eise en versoeke dikwels onredelik en onrealisties. Op alle bestuurs=

---

27) Artikel 5 en artikel 6.
28) Henning, op. cit., p. 164.

vlakke is dit noodsaaklik dat kennis en ervaring van finansiële sake nie losgemaak of weerhou word van diegene wat veronderstel is om daarby te baat nie.

Coertze[29] sien egter die adviserende Bantoekomitees en stede=like Bantoerade as amptelike onderdele van die Blanke bestuurs=masjiene, waarvan die samestelling en pligsvervulling noodwendig 'n baie sterk steun sal vertoon vir omvangryker politieke skake=ling met die Blankes in Suid-Afrika. Hy wys verder daarop dat die liggame hulle nie as ondersteuners van die skakeling met die tuislande sal betoon nie en dat enige poging om skakeling met die tuisland te vind, aanvanklik teen die invloede van hierdie wetlik- en administratief-geborgde instellings sal moet stry. Indien Coertze gelyk het in sy bevindings, en daar is geen rede om daaraan te twyfel nie, moet die adviserende Bantoekomitees sowel as die stedelike Bantoerade beskou word as struikelblokke in die weg van tuislandgerigte administrasie. Wat stedelike Ban=toerade betref, kan dit ook gestel word dat die Bantoerade, se=dert die amptelike erkenning wat aan kapteinsverteenwoordigers verleen is, verval het, terug gereduseer is tot maar weer advi=serende Bantoekomitees.

## 4.2 Tuislandverteenwoordigers en volksverteenwoordigende rade

Die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur, 1959, maak voorsiening vir die aanstelling van tuislandverteenwoordigers[30] in Blankbeheerde stedelike gebiede, deur die hoogste gesagsin=

---

29) Coertze. Stad en tuislandskakeling in stedelike Bantoe-ad=ministrasie - Volkekundig, p. 72.
30) Artikel 4 van Wet No. 46 van 1959.

stansie van elkeen van die agt verskillende Bantoevolkseen=hede,[31] met die goedkeuring van die Staatspresident. Waar die Kommissaris-generaal die ambassadeur van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika by die bepaalde volkseenheid is, is die tuislandverteenwoordigers weer die ambassadeurs van die ver=skillende tuislandregerings by die betrokke Bantoevolkseenhede in die Blankbeheerde stedelike gebiede. Volgens artikel 4(a)(b) word ook 'n aantal Bantoepersone benoem wat die tuislandver=teenwoordiger bystaan in die uitvoering van sy werksaamhede en pligte. Hierdie persone staan bekend as die assistente van die tuislandverteenwoordiger. Deur die aanstelling van die tuis=landverteenwoordigers word gepoog om 'n lewende band tussen die

---

31) Die aanwysing van stamverteenwoordigers in die Blankbeheerde stedelike gebiede is oorspronklik deur die Bantoe self toe=gepas sedert die veertigerjare. Verder het 'n neiging tot die vorming van organisasies op 'n stam- of etniese grond=slag in stedelike gebiede ontstaan vir die bekamping van maatskaplike euwels en vir die uitdraging van stamgesag na sodanige gebiede. As enkele voorbeelde van die liggame kan genoem word die Lekgotla la Bakgowana ba Transvaal (die Raad van kapteinseuns van Transvaal) wat reeds baie jare in Pretoria en Johannesburg bestaan. Naas die doel van skakeling tussen die kapteinsgesag en stamgenote in Blanke stedelike gebiede en die breë koördinasie van Tswanabelange in die stedelike gebiede, het die liggaam ook 'n welsyns=oogmerk gehad deur die bekamping van maatskaplike euwels en beslegting van geskille. Ander bekende organisasies is die Ba Rolong Association op die goudvelde van die Oranje-Vrystaat, die Ibandla le'nkosi te Durban en die Amancamane, 'n Swazi-organisasie. Dit was egter nie-amp=telike liggame wat nie deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling erken of geraadpleeg is nie.

verskillende tuislande en die Bantoes in die Blankbeheerde stads= gebiede daar te stel.[32] Aangesien die Bantoes in die Blankbe= heerde stedelike gebiede nie meer almal binne stamverbande leef nie, is dit logies dat enige organisasie, leiers, persoon of dan tuislandverteenwoordiger wat vir dié Bantoes aanvaarbaar wil wees, moet berus op 'n wyer verband as die stamverband. Indien so 'n organisasie doeltreffend wil funksioneer, is dit noodsaaklik dat dit sal bestaan uit leierspersone wat kan vol= doen aan die vereistes en standaarde wat deur die stedelike Ban= toes aan 'n leier gestel word.

'n Tuislandverteenwoordiger stig ook 'n volksverteenwoordigende raad volgens artikel 5(1)(b) in elke Bantoewoonbuurt binne die gebied ten opsigte waarvan hy aangestel is om hom by te staan in die uitvoering van sy werksaamhede en pligte. Deur middel van volksverteenwoordigende rade en met behulp van klerke wat die tuislandregerings beskikbaar stel, word volksorganisasies onder tuislandverteenwoordigers opgebou wat primêr gemoeid is met die skakeling van hulle volksgenote in die Blankbeheerde stedelike gebiede met die tuislande op die geestelike, kulture= le, maatskaplike en politieke vlak.

---

32) Mnr. S.S. Modise van Johannesburg, wat 'n stamlid is van die Bahwadubastam onder kaptein Mathibe, is op 24 September 1965 ingevolge Goewermentskennisgewing No. 1425 aangestel as tuislandverteenwoordiger van die huidige Bophuthatswana vir die volgende stedelike plaas= like besture, nl. Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Carletonville, Edenvale, Fochville, Germiston, Johannes= burg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Nyl= stroom, Orkney, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Stilfontein, Vanderbijlpark, Vereeni= ging, Warmbad, Westonaria en Witbank.

'n Belangrike taak van die tuislandverteenwoordigers is om die tuislandregerings van raad in verband met die algemene belange van volksgenote binne hulle regsgebied te bedien. Om nou te bepaal tot watter mate die tuislandverteenwoordigers en hulle rade 'n bydrae kan lewer in die proses van tuislandge= rigte administrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede is dit noodsaaklik om hulle funksies en pligte ook in extenso te bespreek.

Eerstens is dit belangrik om daarop te wys dat 'n tuisland= verteenwoordiger of 'n assistent van so 'n verteenwoordiger regsplegende bevoegdhede ontvang volgens artikel 5(2) en vir die doeleindes van die Bantoe-administrasiewet, 1927, word so 'n verteenwoordiger of sy assistent geag 'n behoorlik aan= gestelde hoofman te wees.[33] Hy kan regsprekend namens sy volkseenheid binne die gebied waarvoor hy aangestel is, optree. Ten einde by wyse van arbitrasie geskille tussen lede van 'n volksgroep in hulle gebiede te besleg, moet die tuislandver= teenwoordiger en sy rade arbitrasiehowe instel en organiseer waar die getalle van 'n bepaalde volksgroep dit regverdig.

Tuislandverteenwoordigers behoort aandag te skenk aan die arbeidsake van hulle volksgenote deur hulle te adviseer aan= gaande die wettige kanale waarlangs werksgeleenthede bekom kan word en deur voorligting te verskaf in verband met werksplasing. Volksgenote kan ook moeilikhede wat hulle met hulle werk onder= vind met die tuislandverteenwoordiger bespreek. Waar daar reeds hulpsentrums ingevolge artikel 25 van die Wet op Bantoe-arbeid,

---

33) Bepaaldelik ten opsigte van die bepalings van artikel 12 en artikel 20.

1964 ingestel is vir beheeroortreders kan die verteenwoordigers en hulle rade ook 'n belangrike rol speel. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat vir sover dit die toepassing van wette en regulasies betref, insake gevalle wat voortspruit uit loonvas= stellings, nywerheidsooreenkomste en die werking van die Wet op Bantoe-arbeid (Beslegting van geskille), 1959, so 'n ver= teenwoordiger geen jurisdiksie verkry nie.

In die opsporing en kanalisering van entrepreneurs en oues van dae na die tuislande kan die verteenwoordigers en hulle rade 'n noodsaaklike funksie vervul deurdat hulle voortdurend in aanra= king met die Bantoes in Blankbeheerde stedelike gebiede is. Hier word natuurlik nie beoog dat die verteenwoordiger en sy rade hulle volksgenote na die tuislande moet forseer nie, en hulle sal in die verband deur die betrokke Bantoesakekommissaris met die nodige inligting en advies bygestaan word.

Die tuislandverteenwoordiger word ook in toenemende mate betrek by die identifikasie van persone met betrekking tot volkseen= heidsverband. 'n Sertifikaat deur hom uitgereik is voldoende vir reklassifikasie van volkseenheidburgerskap. Heelwat bewys= boeke is op hierdie wyse reeds verander van Suid-Sotho na Tswana. Die volksverteenwoordigende rade kan ook hierin 'n bydrae lewer deur die paslike gevalle onder die aandag van die tuisland= verteenwoordiger te bring. Verder is dit noodsaaklik dat die tuislandverteenwoordiger en sy volksverteenwoordigende raad direk gemoeid moet wees met onderwysaspekte soos skoolkomitees, skoolrade, jeugbewegings en vakansiekampe of jeugsaamtrekke in tuislande. Hierdeur kan die Bantoejeug bereik word, tuisland= gerig ingestel word en kan verseker word dat onderwys vir die Bantoes volksentries uitgevoer word. Probleme wat persone in verband met materiële belange in die tuisland het, kan deur sul=

ke persone by die tuislandverteenwoordiger aanhangig gemaak word.[34] Dit moet ook duidelik gestel word dat hierdie tuis=landverteenwoordigers en hulle rade hulle gesagsfunksie direk van die onderskeie tuislandregerings ontvang en dit dan daad=werklik in Blankbeheerde gebiede uitoefen.

Die stelsel waar die bestaan van 'n stedelike Bantoeraad of adviserende Bantoekomitee naas 'n volksverteenwoordigende raad in dieselfde Bantoewoongebied gewettig word, is egter baie ge=gewens en skep baie verwarring by die plaaslike Bantoes. Rie=kert stel dit dan ook so: "Indien 'n inwoner van 'n Bantoewoon=gebied 'n klagte het oor 'n lekkende kraan of gebarste woning, moet hy sy verteenwoordiger op die stedelike Bantoekomitee raad=pleeg terwyl hy die volkseenheidskomitee moet raadpleeg in ver=band met sy huislike moeilikhede."[35] Hierdie dualisme is iets wat 'n Bantoe, wat nie geanker is aan sy tuisland nie, nie mak=lik kan begryp nie. Dit gee ook aanleiding tot 'n gedurige ge=twis tussen die twee groepe instansies tot nadeel van die ak=tivering en skakeling van die stedelike Bantoe met sy tuisland.

Die adviserende Bantoekomitees voel dat die pas gestigte volks=verteenwoordigende rade 'n inbreuk maak op regte en pligte wat hulle vir hulself en met goedkeuring van plaaslike owerhede oor die loop van jare toegeëien het. Hier kan veral verwys word na

---

34) Republiek van Suid-Afrika. Departement van Bantoe-admini=strasie en -ontwikkeling, omsendbrief no. F54/23/2, 10 Februarie 1969.
35) Riekert, Presidentsrede, Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke aangeleenthede (Suidelike Afrika). Notule van verrigtinge van die sestiende jaarkongres, 29 Septem=ber 1969 tot 2 Oktober 1969, p. 17.

artikel 19 en artikel 21 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsoli= dasiewet, 1945, wat sekere magte en funksies statutêr aan 'n ste= delike Bantoeraad of adviserende komitee opdra. Artikel 19(5) bepaal uitdruklik dat die Bantoe-inkomsterekening na oorleg= pleging met die stedelike Bantoeraad of adviserende Bantoekomi= tee opgestel moet word. Die Bantoe-inkomsterekening kan beskou word as 'n beleidsverklaring en bevat heelwat items wat nie net te doen het met suiwer plaaslike bestuursaangeleenthede nie. Hier kan genoem word skenkings vir die ontwikkeling van die tuislande, hervestiging van oues van dae, ontwikkeling van tuis= landdorpe en besoeke aan tuislande deur lede van stedelike Ban= toerade en adviserende Bantoekomitees. Artikel 21 van die Bantoe (Stadsgebiede), Konsolidasiewet, 1945, bepaal weer dat die advi= serende Bantoekomitees weer sekere sake wat die Bantoepubliek in Blankbeheerde gebiede raak, moet oorweeg. Hier kan verwys word na sake soos voorwaardes van verblyf in Bantoewoongebiede en te= huise, toekenning van huise, handelspersele, kerkpersele, hand= hawing van goeie orde, gesondheid, sanitasie, verbod op binne= koms en verkiesingsaangeleenthede. In kort sluit dit die volle= dige administrasie van 'n Bantoewoongebied in. By implikasie word sommige van die statutêre magte deur middel van verklarings en omsendbriewe aan volksverteenwoordigende rade opgedra. Volksver= teenwoordigende rade verkry egter nie hierdie statutêre magte ter uitsluiting van die adviserende Bantoekomitees en stedelike Bantoerade nie.

Die stedelike Bantoerade en adviserende Bantoekomitees beweer ook dat hulle alle inwoners in die Bantoewoongebiede in Blank= beheerde gebiede verteenwoordig en nie net 'n sekere etniese groep nie. Teenoor hierdie benadering is die amptelike stand= punt van die Regering dat hulle slegs 'n rat in die administra= sie van 'n Bantoesake-administrasieraad is. Die standpunt van die

Regering van die Republiek van Suid-Afrika word baie duidelik gestel wanneer verklaar word dat "... sulke rade hulle slegs be= sig sal hou met daardie munisipale bestuursaangeleenthede ten opsigte van hul woonbuurte wat aan hulle opgedra is. Die reg wat sekere persone hulle vir sulke rade in die verlede toege= eien het om hulleself te bemoei met die wel en wee van die breëre Bantoepubliek om voorspraak te doen en advokaat te speel vir mense oor algemene sake en om hulle met politieke aange= leenthede in te laat, is heeltemal verkeerd".[36] Dit moet ook besef word dat Bantoes in die Blankbeheerde gebied die onder= dane van die onderskeie tuislandregerings is en derhalwe is sulke Bantoes onderhewig aan die gesag van die tuislandverteen= woordigers en volksverteenwoordigende rade.

Die vraag ontstaan nou of die bestaande stelsel van volksverteen= woordigende rade nie uitgebrei en aangepas moet word ter ver= vanging van die stedelike Bantoerade en adviserende Bantoekomi= tees nie. Daar kan vir elke volkseenheid soveel verteenwoordigers as wat benodig word, op 'n streeksbasis aangestel word. Hierdie volksverteenwoordigende rade kan dan waar nodig geraadpleeg word in verband met administratiewe sake van Bantoes in Blankbeheer= de gebiede en gebruik word in die administrasie van die Bantoe= woongebiede. Ondervinding het geleer dat waar 'n tuislandverteen= woordiger met oorleg gekies word en waar die administrasie van die Bantoewoongebiede in Blankbeheerde gebiede tuislandgerig is, hierdie verteenwoordigers deur die betrokke Bantoegemeenskap as leiers aanvaar word. Volksverteenwoordigende rade kan ook 'n be=

36) Botha. Amptelike opening van die tweede tweejaarlikse saam= trek van die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede (Suidelike-Afrika), 22ste Oktober tot 24ste Oktober 1968, p. 8.

langrike bydrae lewer, en 'n rol speel in die proses van tuis=landgerigte administrasie in Blankbeheerde gebiede aangesien dit liggame is wat hulle gesag ontleen aan die betrokke tuislandre=gerings.

4.3 Die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet 1945 (Wet no. 25 van 1945, soos gewysig)

Die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971,[37] maak spe=sifiek daarvoor voorsiening dat 'n Bantoesake-administrasieraad binne sy administrasiegebied tot uitsluiting van enige ander lig=gaam of owerheid beklee en belas word met al die regte bevoegd=hede, werksaamhede, pligte en verpligtings van 'n stedelike of plaaslike bestuur ingevolge die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolida=siewet, 1945. Hierdeur word gepoog om die beleid van die sentrale owerheid met betrekking tot die administrasie en beheer van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede toe te pas. Die bevoegdhede, funksies en verantwoordelikhede van 'n Bantoesake-administra=sieraad volgens dié wet is besonder uitgebreid en omvattend, maar is hoofsaaklik daarop gerig om 'n doeltreffende administra=tiewe stelsel vir die Bantoes in Blankbeheerde gebiede daar te stel.

Volgens die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, moet elke Bantoesake-administrasieraad[38] onder andere 'n afsonderlike Bantoe-inkomsterekening open waarin alle gelde gestort moet word ten opsigte van die betrokke Bantoe-inwoners, byvoorbeeld uit boetes, verkoop van Bantoebier,[39] huurgelde, registrasie van

---

38) Ingevolge artikel 19(1).
39) Inkomste verkry uit die verkoop van Bantoebier word in 'n afsonderlike sub-rekening gestort bekend as die Bantoebier=rekening.

dienskontrakte en inkomste verkry ingevolge die Wet op Heffings van Bantoedienste, 1952.[40] Artikel 19(2) en (3) van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, bepaal nou onder andere dat fondse uit die Bantoe-inkomsterekening tot die algemene voordeel van die Bantoes aangewend mag word. Bantoesake-admini= strasierade kan dus van die surplus-fondse aanwend om die Ban= toes in die Blankbeheerde gebiede weer in te skakel en te kop= pel aan hulle volksgenote in die verskillende Bantoetuislande.

Ingevolge artikel 19(2)(a) kan die Bantoe-inkomsterekening ook belas word met die verskaffing van dienste ten opsigte van 'n terrein wat afgesonder is vir 'n Bantoedorp of 'n tehuis, in= dien sodanige dorp of tehuis deur die Bantoesake-administrasie= raad geadministreer word. Hiervolgens kan 'n Bantoesake-admini= strasieraad, met die nodige goedkeuring van die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling hierdie fondse uit die Bantoe-inkomsterekening aanwend om 'n soortgelyke Bantoedorp in die tuisland te ontwikkel. Artikel 19(2)(b) bepaal ook ver= der dat elke diens wat ingevolge wetgewing op daardie rekening belasbaar verklaar mag word, uit die Bantoe-inkomsterekening gefi= nansier mag word. 'n Bantoesake-administrasieraad mag dus volgens dié bepaling, met die nodige goedkeuring, fondse uit die Bantoe-inkomsterekening aan tuislandregerings voorskiet om in die tuislan= de byvoorbeeld die landbou in die algemeen te verbeter en te ont= wikkel, opvoedkundige geriewe uit te brei en behuising te voorsien.

Ingevolge artikel 19(3)(b) mag die Bantoebierrekening ook be= las word om die maatskaplike verkeer van of ontspanning vir Bantoes in Blankbeheerde stedelike gebiede te verbeter of te

---

40) Inkomste verkry kragtens Wet no. 64 van 1952 word ook in 'n afsonderlike rekening, bekend as die Heffingsfonds vir Bantoedienste, gestort.

bevorder. Gevolglik mag hierdie fondse dus ook aangewend word om behuising aan stedelike oues van dae en ander pensionarisse in die tuislande te voorsien. Dit is staatsbeleid dat ouetehuise verkieslik nie in stedelike Bantoewoongebiede opgerig moet word nie maar indien enigsins prakties moontlik in Bantoetuislande. Oue= tehuise behoort in dorpe binne tuislande opgerig te word sodat dit 'n eenheid met so 'n dorp vorm. Die skema moet so aantrek= lik moontlik gemaak word en sover prakties moontlik van alle nodige geriewe voorsien word. Die samewerking van die ou Bantoes en van die hele stedelike Bantoegemeenskap moet verkry word, want anders sal die skema nie suksesvol deurgevoer kan word nie. Familiebetrekkinge kan dan uit die stedelike gebiede gereelde besoeke aan die oues van dae bring. Kleinkindertjies uit stede= like gebiede behoort ook vir bepaalde periodes toegelaat te word om by hul grootouers te gaan kuier. Verder kan onproduktie= we Bantoes ook na die tuislande oorgeplaas en aldaar gevestig word en nogtans hulle skakeling met gesinslede in die Blankbe= heerde stadsgebiede behou. Deur die ontwikkeling van dorpe in die Bantoetuislande, die voorsiening van fondse vir opvoedkun= dige geriewe en behuising en die hervestiging van onproduktiewe Bantoes in die tuislande word 'n belangrike bydrae gelewer in die proses van tuislandgerigte administrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede.

Alhoewel die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, arti= kels bevat wat bevorderlik is vir tuislandgerigte administrasie kan die wet tog ook gesien word as 'n struikelblok in die weg van die uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Krag= tens artikel 10 word in drie gevalle[41)] permanente verblyfreg in Blankbeheerde gebiede aan Bantoes gegee, naamlik:

41) Vergelyk artikel 10(a)(b) en (c).

(a) aan die wat daar gebore is en onafgebroke in daardie gebied woonagtig is,
(b) aan Bantoes wat tien jaar onafgebroke vir dieselfde werkgewer in dieselfde voorgeskrewe gebied gewerk het en
(c) aan Bantoes wat vir 'n periode van vyftien jaar onaf=gebroke in daardie gebied wettiglik woonagtig is.

Bantoemans wat na 10 of 15 jaar permanente verblyf gekry het, word gewoonlik gevolg deur hulle vroue en kinders. Gevolglik was die instroming van afhanklikes in die vyftigerjare baie groter as die van mans. Mans, vroue en kinders kom dan permanent in Blankbeheerde stadsgebiede woon en alle kinders wat daarna ge=bore word, bly ook hier as permanente inwoners. Die logies ver=wagte uitvloeisels van hierdie permanente vestiging, naamlik deelname aan die plaaslike bestuur en finansiële sake en die verkryging van gevestigde regte op grond, het egter geheel en al uitgebly en is selfs verbied. Hierdie is blykbaar een van die grootste botsings in die wetgewing op Bantoes in Blankbe=heerde gebiede.

Aangesien die rede waarom 'n Bantoe in 'n Blankbeheerde stads=gebied verkeer in die meeste gevalle arbeidsdoeleindes is, behoort hy geen vrystelling te kan verwerf nie - wat in elk ge=val deur die Bantoe as 'n reg beskou word en ook die indruk skep dat sy verblyf in 'n Blankbeheerde gebied permanent van aard is. Die nadelige uitwerking van genoemde kwalifikasies op die Bantoes, sowel as die invloed daarvan op die proses van tuislandgerigte administrasie, is legio; hier volg 'n paar voor=beelde:

(a) kieskeurigheid in so 'n mate dat hy maande lank as 'n parasiet by sy familie sal inwoon omdat die werk wat hy juis verlang, nie op die oomblik beskikbaar is nie, terwyl daar talle ander vakatures bestaan;

(b) leeglopery veral onder die jonger geslag wat dan deur hulle ouers onderhou moet word;

(c) onwettige handeldryf, smous en smokkel;

(d) die verskynsel dat Bantoevroue (weduwees en geskeides) in 'n redelike mate uit "Shebeens" en gepaardgaande euwels 'n bestaan maak;

(e) die onwilligheid om die Blankbeheerde gebied te ver= laat by Bantoes wat hulle kwalifikasies verbeur het of vir wie die arbeidsbeampte 'n verdere artikel (10)(1)(d)-toestemming geweier het en wat nog gesins= verbande in die voorgeskrewe gebied het. Wat die aan= geleentheid nog verder vererger is die feit dat hulle gesinne wat kwalifiseer[42] om in 'n stadsgebied te woon, selde indien ooit bereid is om die man te ver= gesel;

(f) verwaandheid en die lewering van 'n swak gehalte werk;

(g) teenkanting om met die volkseenheid (tuisland) gekoppel te word en

(h) die verwerwing van verblyfskwalifikasies deur bedrog.

Daar bestaan dus geen twyfel nie dat artikel 10(a)(b) en (c) 'n uiters nadelige uitwerking op die Bantoes sowel as op die pro=

---

42) Artikel 10(1)(a) of (b).

ses van tuislandgerigte administrasie het en in elk geval in 'n groot mate teenstrydig met landsbeleid is.

Die tydelikheid van die Bantoes in die Blankbeheerde stadsge= biede en die reg om daar te wees gegrond op sy dienslewering, word egter in paragraaf (d) van artikel 10 beliggaam. Ingevol= ge hierdie paragraaf moet 'n Bantoe wat nie tot die vrygestel= de kategorieë (a), (b) en (c) behoort nie, vergunning om in die stadsgebied te kan wees van die Bantoesake-administrasie= raad verkry sodra hy onbevoeg raak om daar te kan bly, dit wil sê deur byvoorbeeld diensbeëindiging, moet hy die gebied verlaat. Hierdie artikel blyk meer in ooreenstemming te wees met die beleid. 'n Teoretiese probleem in hierdie verband is die vraag in hoeverre 'n kategorie (d)-Bantoe later kan kwali= fiseer om in terme van paragraaf (b) aanspraak op permanente verblyf te maak.

## 4.4 Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke aangeleenthede

Sedert 1948 het daar 'n hele omwenteling in stedelike Bantoe-Administrasie plaasgevind, en vir die eerste keer was daar doelgerigte beleidstellings. Hiermee gepaardgaande volg dan ook noodwendig toereikende wetgewing om die beleid van afson= derlike ontwikkeling deur te voer en in die praktyk toe te pas. Trouens, in hierdie era word so 'n diversiteit van wetgewing gevind dat dit die taak van die Bantoeadministrasie-amptenaar uiters gekompliseerd maak. Die amptenaar se aktiwiteite het ver= breed en word oor 'n wye veld versprei en daarmee saam het die verantwoordelikhede wat gedra moet word ook aansienlik toege= neem. In die verslag oor die Paarl-onluste word by her= haling die noodsaaklikheid van spesiale opleiding vir diegene wat met die administrasie van Bantoesake gemoeid is, beklemtoon

en word onder andere verklaar dat "The men to administer such a policy must be specially trained for the work. They must be men who understand the social as well as the economic aspects involved. Men with patience, sympathy and understanding, and above all men of the highest integrity. They must be acceptable to and respected by the Bantu people".[43)]

Een van die belangrikste verwikkelinge op die gebied van oplei= ding van Bantoeadministrasie-amptenare in die afgelope aantal jare was die stigting van die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede gedurende 1951. Uit die akte van op= rigting van die Instituut blyk dit duidelik dat met die Insti= tuut 'n daadwerklike poging aangewend is om die standaard van opleiding van amptenare te verhoog. Die hoofdoel van die In= stituut is "... om die bekwaamheid van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede te verhoog en om hul tegniese en professionele kennis te bevorder en te verbeter; om toekomstige Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede op te lei en om met die oog daarop die bevoegdheid van sulke persone by wyse van eksamens vas te stel;....[44)] Gedurende 1961 het die Instituut sy sillabus geweldig uitgebrei om die hele veld van stedelike Bantoe-administrasie te dek.

Om hierdie professionele opleiding en eksaminering vir hom te behartig het die Instituutraad 'n raad van eksaminatore wat uit vier lede bestaan, aangestel. Die skriftelike eksamen bestaan

---

43) Report of the Commission appointed to inquire into the events on the 20th to 22nd November, 1962, at Paarl and the causes which gave rise thereto, paragraaf 169.
44) Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke aangeleent= hede, Grondwet.

uit twee vraestelle van drie uur elk, benewens 'n mondelinge ek=samen in sommige gevalle. Die eksamen staan bekend as die Insti=tuut se huishoudelike eksamen. Voordat 'n amptenaar egter kan kwalifiseer vir lidmaatskap van die Instituut moet hy, benewens die huishoudelike eksamen, in die eksamen vir ten minste 'n laer diploma in Bantoekunde ook geslaag het. Hierdeur word Ban=toeadministrasie-amptenare gedwing om hulle kwalifikasies en kennis ten opsigte van die Bantoe te verbeter. Deurdat die Insti=tuut verseker dat alle Bantoeadministrasie-amptenare hulle kennis en kwalifikasies moet verhoog en verbeter, lewer die Instituut 'n belangrike bydrae in die proses van tuislandgerigte administrasie.

Dit is uiters noodsaaklik dat 'n Bantoeadministrasie-amptenaar die nodige opleiding ontvang aangesien hy die persoon is wat daagliks gemoeid is met elke aspek van die kultuur van die Bantoes en moet ook 'n bydrae lewer in die proses van tuislandskakeling op 'n kul=turele basis. Met die oog hierop moet die amptenary van 'n Bantoe=sake-administrasieraad die vertroue van die betrokke plaaslike Bantoes wen. Dit kan alleenlik bereik word wanneer 'n grondige studie van die kultuur van die verskillende Bantoevolkseenhede wat in daardie gebied verteenwoordig is, te maak. Sodoende kan die tradisies en gebruike van elke Bantoevolkseenheid en -stam, woonagtig in die gebied van die Bantoesake-administrasieraad ten alle tye ook in die daaglikse administrasie erken word. Dit kan daartoe bydra dat daardie wetgewing wat in stedelike Bantoead=ministrasie toegepas moet word, nie slegs volgens die letter van die wet uitgevoer word nie, maar dat die breë riglyne en bedoe=linge van die wetgewer ook steeds in aanmerking geneem word.

Waar kommunikasie tussen 'n amptenaar, (wat die betrokke Bantoe=gewoontes ken) en Bantoes sover moontlik op 'n persoonlike vlak plaasvind, kan die amptenaar die Bantoes positief motiveer en

sal tuislandgerigte administrasie doeltreffender inslag by die Bantoes vind. Riekert stel dit baie duidelik in die volgende woorde: "Daar bestaan 'n noue verband tussen suksesvolle ad=ministrasie, administrasie wat tuislandgerig is en die volkekun=dige (Bantoekundig) opgeleide amptenaar".[45)]

### 4.5 Die Etniese indeling van 'n Bantoewoongebied, lokasie of Bantoetehuis

Gedurende 1954 het die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling aan stedelike plaaslike besture te kenne gegee dat hy verlang dat alle nuwe lokasies, Bantoewoonbuurte en Bantoetehuise, op 'n basis van etniese indeling beplan en ont=wikkel moet word, en dat bestaande lokasies, Bantoewoonbuurte en Bantoetehuise, waar moontlik, in ooreenstemming met die be=paalde beleid, heringedeel moet word.[46)] Die beplanning van 'n lokasie, Bantoewoonbuurt of Bantoetehuis op 'n etniese grondslag is dus verpligtend.

Om te kan verstaan wat die onderliggende gedagte by hierdie be=leid was, is dit volgens dié memorandum noodsaaklik om te let op sekere taalkundige, historiese en ander aangeleenthede in ver=band met die tradisionele etniese indeling van die Suid-Afrikaanse

---

45) Riekert. Interaksie tussen Akkulturasie en Stedelike Bantoe-administrasie, p. 15.
46) Unie van Suid-Afrika. Departement van Bantoe-administrasie en -Ontwikkeling. Memorandum 120/313/28, 26 Augustus 1954.

Bantoe.[47]

Dit is noodsaaklik dat 'n Bantoesake-administrasieraad 'n et= niese opname in elke lokasie, Bantoewoonbuurt of Bantoetehuis in sy eie gebied moet maak en sodoende die persentasie same= stelling van die verskillende volkseenhede te bepaal en dan daarvolgens sy nuwe of bestaande lokasies, Bantoewoonbuurte of Bantoetehuise te beplan. Wanneer dit blyk dat die een of ander groep se getalle minimaal is in vergelyking met die an= der groepe, is dit nie nodig om 'n afsonderlike indeling vir hulle te maak nie, maar kan daar met goedkeuring van die Mi= nister vir hulle voorsiening gemaak word as 'n onderdeel van 'n groter etniese groep of groepe.

---

47) (a) Die Oostelike helfte en veral die kusgebiede van die Republiek van Suid-Afrika word bewoon deur Bantoes wat taalkundig, kultureel en histories baie na aanmekaar verwant is, en as sodanig saam gegroepeer en getipeer word onder die hoofklassifikasie "Nquni". Tot hierdie groep behoort die Xhosa's van Oos-Kaapland en die Tran= skei, die Zoeloes van Natal, die Swazi's van Swaziland en Oos-Transvaal en die Ndebele van Sentraal- en Noord-Transvaal;

(b) Die sentrale en westelike dele van die Republiek van Suid-Afrika (veral Noord-Kaapland, die Vrystaat en Transvaal) word bewoon deur Bantoes wat soos bo aange= dui, op verskillende gebiede verwant is en as sodanig saamgegroepeer word onder die hoof-klassifikasie "Sotho". Tot hierdie groepe behoort die Sotho's van Lesotho en die Oranje-Vrystaat en Kaapland (bekend as Suid-Sotho), en die Tswana van Botswana en Wes-Transvaal (bekend as Wes-Sotho), asook die merendeel van die Bantoe van Sen= traal- en Noord-Transvaal (bekend as Noord-Sotho) waar= van die Pedi van Sekhukhuniland die bekendste is.

(c) Losstaande van bogenoemde groepe is daar nog die Venda van Louis Trichardt - Sibasagebiede wat as etniese groep bekendstaan as die Vendagroep.

(d) 'n Kleiner en onafhanklike groep is die Tsonga van Noordoos-Transvaal.

In Memorandum 120/313/28 van 26 Augustus 1954, word die vol= gende voordele verbonde aan etniese indeling gegee:

(a) onderwys van kinders in die moedertaalmedium sal vergemaklik en bevorder word en dienooreenkomstig sal die voordeel wat hulle uit die onderwys put, verhoog word;
(b) insgelyks sal onderwysers se taak vereenvoudig word;
(c) skole kan so beplan word dat hulle maklik deur kin= ders van dieselfde etniese groep bereikbaar is;
(d) dit sal lei tot die ontwikkeling van 'n versterkte gemeenskapsgevoel;
(e) kontak met stamowerhede kan beter behou word;
(f) inwoners sal opsien na leiers wie se invloed verkry word van hulle status en die stam van die distrik van herkoms;
(g) sodanige leiers sal bekend word aan en erken word deur munisipale beamptes aangesien die neiging van hierdie leiers sal wees om dissipline en gevolglik wetsgehoorsaamheid en orde te handhaaf, soos deur hulle in hul huislike omgewing gedoen sou word;
(h) die begeerte is om stedelike Bantoes sowel as Ban= toes van die Bantoegebiede 'n mate van selfbestuur te verleen met die oog op die vervanging van advi= serende Bantoekomitees met liggame wat verantwoor= delik sal wees vir die uitvoer van sekere uitvoerende pligte onder toesig van plaaslike besture;
(i) die grondslag van sodanige liggame sal geskool wees op beginsels wat deur die betrokke Bantoes verstaan word;
(j) gevolglik sal hulle meer doeltreffend funksioneer on= der 'n stelsel van groepering met Bantoes wie se wette en gewoontes identies is met die wat in dieselfde ge= bied woon;

(k) met sodanige groepering kan Bantoehowe gestig word om met aangeleenthede te handel soortgelyk aan die wat deur kapteins in die reservate behartig word;

(l) sulke howe kan ook handel met sekere kriminele oor=tredings sonder dat gebelgdheid gewek word wat die geval sal wees as die etniese verband nie dieselfde is nie;

(m) munisipale beheer sal vergemaklik en bevorder word;

(n) 'n lokasiesuperintendent wat een taal vlot kan praat kan maklik gevind word maar min persone is bevoeg in al die verskillende tale;

(o) Bantoeklerke, polisie en ander amptenare kan gekies word uit lede van die groep wat hulle moet dien en as gevolg daarvan sal daar 'n minimum wrywing wees omdat sodanige beamptes hul pligte doeltreffender sal kan uitvoer en

(p) munisipale beheer sal voordeel trek uit die dissipline vermeld in die paragraaf oor stamdissipline terwyl hierdie voordeel nie teenwoordig sal wees in die af=wesigheid van etniese groepering nie.

Die etniese indeling van 'n lokasie, Bantoewoonbuurt of Bantoe=tehuis moet so beplan word dat voorsiening gemaak word vir 'n uitbreidingsgebied ten opsigte van elke etniese groep. Alhoewel die voordele ten opsigte van 'n etniese indeling van 'n lokasie, Bantoewoonbuurt of Bantoetehuis reeds gedurende 1954 aangedui is, blyk dit tog duidelik tot watter groot mate etniese indelings die

proses van tuislandgerigte administrasie kan vergemaklik.[48)]

Die toelating van Bantoewerknemers tot die Blankbeheerde ste=delike gebiede behoort, afgesien van bestaande wetgewing, oor=deelkundig plaas te vind en wel in die sin dat voorkeur aan Ban=toes wat etnies verwant is aan die etniese groep wat oorwegend in die verskillende stedelike gebiede aangetref word, gegee be=hoort te word. Indien die Bantoes in 'n bepaalde stedelike ge=bied, byvoorbeeld oorwegend Tswana is, behoort aan Bantoewerkne=mers afkomstig uit die nabygeleë Bantoetuislande om in Blank=beheerde stedelike gebiede te gaan werk voorkeur gegee te word bo die Bantoes wat van verafgeleë gebiede afkomstig is. Die ar=beid wat so etnies selektief ingevoer word, vind dadelik aanslui=ting by hulle volksgenote in die stedelike gebied en sodoende word die stedelike Bantoes weer geskakel aan hulle volksgenote in die bepaalde tuisland. Prakties kom dit ook daarop neer dat daar gesoneer moet word vir sover dit arbeidverskaffing aanbe=tref. Op hierdie wyse kan 'n homogene volksgroep in die betrokke stedelike gebied opgebou word, wat dan makliker tuislandgerig administreerbaar as 'n heterogene groep is.

---

48) Ook in die groot inboorlingwoonbuurt Katutura by Windhoek met sy 28 000 Ovambo's, Okavango's, Damaras, Namas en Here=ro's het etniese indeling 'n sukses geblyk te wees. Gedurende 1973 was daar 4 116 huise wat vir die verskillende bevolkings=groepe op 'n etniese grondslag ingedeel is. Dié deel van Katutura met die duisende huise het nooit moeilikheid nie. Maar in Katutura is daar ook 'n groot kampong vir 5 500 Ovambo's en Okavango's - dit is kontrakwerkers wat net ty=delik daar is - en enkelkwartiere vir Namas, Damaras en Herero's langsaan. Dit is juis in die kampongs waar groot oproer in die laaste jare kort-kort opgevlam het.

## 4.6 Hulpsentrums

'n Groot leemte wat ondervind word by die praktiese uitvoering van tuislandgerigte administrasie ten opsigte van Bantoes in Blankbeheerde gebiede is dat Bantoebeheeroortreders in Blank=gebied, gevonnis en aangehou word totdat hulle straf uitgedien is. Hierdie beheeroortreders word dan weer vrygelaat in die Blankbeheerde gebiede. Dit is vanselfsprekend dat hierdie ge=bruik daartoe lei dat aansienlike getalle Bantoebeheeroortreders vir jare in voorgeskrewe gebiede onwettig vertoef sonder dat hulle ooit na hulle tuisland of distrik van registrasie of domi=silium terugkeer. 'n Interdepartementele komitee het dan ook te=reg bevind dat "... die strawwe wat opgelê word vir oortredings be=treffende Bantoebeheer en in besonder die Stadsgebiedewet, nie die gewenste uitwerking het nie en aanleiding gee tot 'n bose kringloop van vervolgings en veroordelings sonder dat die Bantoes daardeur afgeskrik word of dat oortredings in die verband enig=sins afneem."[49] Dit moet ook vir sodanige Bantoebeheeroortreders ironies en selfs belaglik voorkom dat hulle vrygelaat word juis in die gebied waar hulle aangekla is weens gebrek aan toestem=ming om aldaar te wees. Sodanige beheeroortreders ondervind dan ook geen moeite om weereens deur 'n Blanke werkgewer onwettig in diens geneem te word nie.

In die praktyk lewer 'n plaaslike arbeidsburo, distrikasrbeidsbu=ro, die arbeidskakelbeampte, die stedelike skakelbeampte en die Bantoesakekommissaris, self reeds 'n hulpdiens aan sodanige Ban=toebeheeroortreders. Die plaaslike arbeidsburo verduidelik aan

---

49) Republiek van Suid-Afrika. Interdepartementele komitee insake ledige en nie-werkende Bantoes in stedelike gebiede, 1962, paragraaf 225.

die Bantoe waarom hy nie in die voorgeskrewe gebied mag werk nie asook welke kanale hy moet volg om in diens geplaas te word. Hy word dan deur middel van 'n endossement in sy bewysboek òf na die distriksburo òf na sy tuisdistrik verwys.

Die Distriksarbeidsburo verduidelik weereens wat die wetlike vereistes en prosedures is. Na gelang van die aard van die werk=soeker se omstandighede[50] sal werk in die nie-voorgeskrewe ge=bied aan hom verskaf word of sal hy teruggeëndosseer word na sy tuisdistrik. Indien werk aangebied word, word die arbeidskakel=beampte geraadpleeg, welke beampte vanweë daaglikse skakeling met plattelandse werkgewers altyd op die hoogte bly van platte=landse arbeidsbehoeftes.

Die probleem word egter ondervind dat sodanige aanbiedinge van werk in die nie-voorgeskrewe gebiede gewoonlik summier van die hand gewys word. Soms word dit <u>mala fides</u> aanvaar met die doel om by die eerste beste geleentheid te dros en weer onwettig die voorgeskrewe gebied in te sypel. Ontstamde Bantoes, afkomstig van Blankbeheerde gebiede, onder andere Wes-Kaapland, is selfs werk in voorgeskrewe gebiede (die tipe vakature wat moeilik gevul kan word) aangebied met die voorbehoud dat die gesin as sodanig ves=tiging in die tuislande aanvaar. Daar is ondervind dat hierdie aanbod òf summier van die hand gewys òf <u>mala fides</u> aanvaar word met die gevolg dat die familie binne 14 tot 21 dae weer onwettig in die Blankbeheerde stadsgebied ingesypel het.

Dit is ook ondervind dat Bantoes en hulle gesinne wat ingevolge

---

50) Gesinsverband, tuisdistrik en vorige diensrekords.

artikel 14 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, na hulle tuisdistrikte onder geleide gestuur word, voor of kort op die hakke van die geleide hulle weg na die Blankbeheerde ste= delike gebiede terugvind. Bantoes wat hulle verblyfskwalifikasies verbeur het en wat nog gesinsverbande in die voorgeskrewe gebied het, is eenvoudig nie bereid om die gebied te verlaat nie. Wat die aangeleenthede nog verder vererger, is die feit dat gesinne selde indien ooit bereid is om die Bantoemans te vergesel en sodoende hulle stedelike verblyfskwalifikasie prys te gee.

Oortuigingswerk ten opsigte van gesinne wat weier om die Bantoe= mans te vergesel word deur die Bantoesakekommissarisse persoon= lik onderneem - ongelukkig met bitter min sukses.

Gedurende 1964 is deur wetgewing[51)] voorsiening gemaak vir die instelling van hulpsentrums waardeur gepoog word om hierdie leem= tes in die stelsel van tuislandgerigte administrasie te vul.

### 4.6.1 Doelstellings

Hulpsentrums beoog hulpverlening aan elke Bantoe wat om hulp aanklop of daarheen verwys word. Hierdie hulp sal hoofsaaklik gaan oor advies en voorligting in verband met die korrekte pro= sedure en wetlike vereistes vir sover dit instromingsbeheer= maatreëls en indiensplasing betref. Verder word beoog om gevalle wat vir beheermaatreëls aangekla is, behoorlik te ondervra en 'n behandelingswyse voor te skryf. Dit sal enersyds die geval uit die hof en gevangenis hou en andersyds 'n herhaling van die

51) Artikel 25 van Wet no. 67 van 1964.

misstap bekamp.

Daar moet in gedagte gehou word dat die Bantoes in die Blankbe=heerde stedelike gebiede vertoef vanweë die beskikbaarheid van werk. In hierdie verband geld die basiese beginsel dat Bantoes nie self buite hulle tuisland of regmatige woongebied moet werk soek nie, maar slegs op aanvraag daarbuite mag werk. 'n Aanvraag verseker, met ander woorde, dat daar wel vakatures is, sodat die geregistreerde werkers dadelik tot hulle reg kom son=der eers rond te dwaal om later in die moeilikheid te beland. Die toepassing van hierdie beginsel verseker ook dat daar nie onregverdige mededinging met die wagtende geregistreerde werk=soekers in die tuislande is nie.

In die algemeen sal hulpsentrums die instromingsbeheeroortreders, persone sonder bewysboeke, <u>bona fide</u> werksoekers en persone wat klagtes oor werksaangeleenthede het, te woord staan en hulle help inlig oor die regte handelwyse en kanale. Met ander woorde, 'n opvoedingstaak moet verrig word. Optrede by die hulpsentrums deur beamptes moet vanselfsprekend van so 'n aard wees dat die sentrums nie in diskrediet gebring word nie.

4.6.2 <u>Funksies</u>

'n Ontleding van die gevalle waarmee by 'n hulpsentrum te doen gekry word, toon duidelik dat daar tussen twee groepe Bantoebeheer=oortreders onderskei kan word. Eerstens is daar die Bantoes wat 'n Blankbeheerde stedelike gebied onwettig binnekom. Hierdie groep wissel van die onskuldige Bantoe wat so pas in die gebied aangekom het tot die mees geslepe, ongeregistreerde werker of leeglêer wat selfs met 'n vervalste bewysboek beheeroptrede in die wiele ry. Tweedens is daar die wettige Bantoe-inwoners wat

om die een of ander rede hulle verblyfskwalifikasies volgens artikel 10 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, verbeur het. Hierdie groep wissel vanaf die geharde misdadiger en leeglêer tot by die werksgewillige wat oortollig geraak het.

Hulpsentrums wend 'n doelbewuste poging aan om Bantoes wat moeilikhede ondervind aan te moedig om hulle vrywillig aan te meld. Sodanige Bantoes kan heelwaarskynlik ook beheeroortre=ders wees, hoewel hulle nog nie in hegtenis geneem is nie. In so 'n geval moet die Bantoes ingelig word omtrent die korrekte prosedure wat gevolg moet word. So byvoorbeeld moet sulke Ban=toes na die toepaslike arbeidsburo's in die tuisland verwys word alwaar hulle vir werk geregistreer moet word en waar be=sonderhede van werkgeleenthede beskikbaar is. So 'n persoon ont=vang ook dokumente waarop die plek waarheen hy moet gaan en die tyd waarbinne hy die Blankbeheerde stedelike gebied (waar hy wederregtelik is) moet verlaat, aangedui is. Hulpsentrums be=vorder ook koördinasie tussen alle instansies wat met Bantoe=beheeroortreders werk.

Hulpbehoewendes moet noukeurig by die hulpsentrums geïdentifi=seer word en gegewens wat tydens ondervraging of deur dokumen=tasie verkry is, moet met die Bewysburo gekontroleer word. Die doel is hier om 'n doeltreffende rekord van die geval op te bou wat dan miskien later nuttig in howe gebruik kan word. Indien 'n Bantoebeheeroortreder van 'n tuisland kom, sal hy onder die gesag van sy owerheid teruggeplaas word, met die nodige verduide=liking van die voorgeskrewe prosedure. Sou die Bantoebeheeroor=treder egter van 'n plaas of ander stedelike Bantoewoongebied kom, sal hy teruggekanaliseer word na daardie gebied. Indien die beheeroortreder 'n regmatige inwoner van die voorgeskrewe gebied is en nie vir werk geregistreer is nie, moet hy na die

plaaslike arbeidsburo verwys word. Persone wat aansoek om duplikaat bewysboeke doen, moet na die distrik of gebied van herkoms verwys word vir sodanige uitreiking. Dokumentêre dekking vir 72 uur sal aan hulle verstrek word. Plaaslike arbeidsburo's moet in kennis gestel word van wettige werkloses wat by die sentrum aandoen met die oog op indiensplasing.

Bantoebeheeroortreders moet ook in aanraking gebring word met hulle tuislandverteenwoordigers en volksverteenwoordigende rade in Blankbeheerde gebiede. Tuislandverteenwoordigers moet ook sorg dra dat hulle tuislandregerings kennis sal neem van hulle "verdwaalde" en "moedswillige" onderdane. Hierdie optrede kan tuislandregerings se tradisionele gesag en verantwoordelikheid verstewig en stimuleer. Die tuislandverteenwoordigers moet ook voortdurend die beginsel van arbeidsvraag en -aanbod aan werklose Bantoes en beheeroortreders oordra sodat die voordele van werk en die nadele van "kieskeurigheid" ten opsigte van bepaalde tipes werk tuisgebring kan word by die Bantoes.

Die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het ook besluit[52] dat 'n rehabilitasiesentrum en jeugkamp wat in een kompleks moet wees, vir elke volksgroep in hulle afsonderlike tuislande ingestel moet word. Alhoewel die huidige beleid bepaal dat sodanige inrigtings op 'n boerderygrondslag moet funksioneer, kan daar moontlik met die verloop van tyd na paslike opleiding oorgegaan word om aan die nywerheidsontwikkeling van die tuislande te voldoen.

---

52) Republiek van Suid-Afrika. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, memorandum, C.176/2, 8 September 1969.

Bantoebeheeroortreders sal na gelang van die geval en omstandighede na 'n rehabilitasiesentrum of jeugkamp gestuur word.[53)] Die Bantoebeheeroortreder sal sodoende in sy tuisland aangehou word waar hy by sy familie is en sal dus in die omgewing waar hy tuishoort, vrygelaat word. Die naasbestaandes van 'n aangehoudene moet aangemoedig word om, indien prakties moontlik, hom gereeld te besoek sodat die bande met die tuisland weer verstewig kan word, waardeur permanente vestiging in die tuisland vergemaklik word. Indien 'n aangehoudene te eniger tyd sou verkies om in diens geplaas te word óf in die tuisland óf op die rekwisisiestelsel, moet daar onmiddellik parool gereël kan word. Ook is dit vanselfsprekend dat sodanige inrigting in noue voeling met die Bantoeowerheid se arbeidsburo moet wees.

'n Bantoebeheeroortreder sal reg georiënteer word deurdat dit tot hom sal deurdring dat hy nie alleenlik aan 'n tuisland gekoppel word nie, maar dat die enigste wyse waarop hy werksgeleenthede kan benut, wel deur middel van die arbeidsburostelsel is.

Daar moet gepoog word om tuislandregerings by die stelsel te betrek en bewus te maak van die omvang van hulle beheeroortreders. Die tuislandregerings en hulle tuislandverteenwoordigers en volksverteenwoordigende rade in Blankbeheerde stedelike gebiede kan die nodige druk en invloed uitoefen, om die euwel te bekamp en sodoende hulle eie gesag verstewig. Hier word veral gedink aan die feit dat Bantoe- en stamowerhede self van 'n aangehoudene se arbeid gebruik kan maak. Die huidige Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het dan ook verklaar dat "... ver=

---

53) Hetsy ingevolge 'n bevel van 'n hof of ingevolge 'n bevel in terme van subartikel 25(4)(b) van Wet no. 67 van 1964.

teenwoordigers van volksowerhede sal ook 'n belangrike rol kan speel in verband met die identifikasie van en hulpverlening aan volksgenote wat onder die aandag van hulpsentrums kom".[54)]

Beheeroortreders wat inderdaad nie misdadigers is nie, sal nie langer aan die invloed van die misdadiger onderworpe wees soos dit tans die geval is nie. Die besef dat vonnisse in die tuisland uitgedien moet word, sal die beheeroortreders tot nadenke noop, veral ten opsigte van die vrugtelose uitgawes wat deur hom aan=gegaan word om sy weg na 'n voorgeskrewe gebied te vind waaruit hy eenvoudig weer verwyder sal word.

Dit sal ook vir 'n beheeroortreder duidelik word dat hy tot 'n bepaalde volksgroep behoort. So 'n beheeroortreder sal dan min=der geneig wees om na die Blankbeheerde stedelike gebiede terug te keer.

Die Bantoebeheeroortreder wat dan met die nodige oortuigingswerk van die hulpsentrum in die tuisgebied gevestig word, kan 'n posi=tiewe bydrae tot die opbou van sy volkseenheid lewer. Deur die beheeroortreder in kontak met sy eie volkseenheid te bring en tussen sy eie mense te vestig, kan die hulpsentrums 'n belangrike rol in die volvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling speel. Op hierdie wyse sal die Bantoes se getalle in die Blank=beheerde stedelike gebiede dan ook verminder en dusdoende die proses van tuislandgerigte administrasie bevorder.

---

54) Botha, op. cit., p. 11.

## 4.7 Die wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, Wet no. 88 van 1967

Dit word as vanselfsprekend aanvaar dat indien die beleid van afsonderlike ontwikkeling suksesvol deurgevoer wil word, die lande van die Bantoevolke duidelik afgebaken sal moet word en dat alle lede van die volke staatkundig daarby ingeskakel sal moet word. In hierdie geval is dit noodsaaklik dat ekonomiese inskakeling ook moet volg. In hierdie proses sal dit beslis die fisiese hervestiging van die "stedelike Bantoes" meebring, asook 'n afname in die getalle Bantoes wat vir die Blanke arbeidsmark beskikbaar is. Langtermynbelange vereis dat ontwikkeling nie on= bepaald in Blankbeheerde gebiede gekonsentreer kan word en daar= mee gepaardgaande vreemde arbeid hierheen te lok of ervare wer= kers wat vir die opbou van hulle tuislande nodig is hier te hou nie. Aangesien dit 'n geldende beginsel is dat 'n volk se ekono= mie ontwerp moet word om sy kultuur en sy groot nasionale ideale ten beste te dien wend die Suid-Afrikaanse regering dan ook daadwerklike pogings aan om werkgeleenthede vir die burgers van die verskillende tuislande binne of naby die grens van die tuis= lande te skep.

Gedurende 1960 is die Permanente Komitee van Nywerheids= vestiging gestig[55)] en is daar sedertdien gepoog om grensnywer= hede daar te stel in 'n poging om werksgeleenthede aan die Ban= toes te voorsien. Die grootskaalse verskuiwing van nywerheidsont= wikkeling vanaf die bestaande nywerheidsentra na die grensgebie= de, maak dus 'n onderdeel uit van daardie ontwikkelingsprogram wat moet uitmond in 'n multi-nasionale Suid-Afrika. 'n Grensge=

---

55) Republiek van Suid-Afrika. Departement van Beplanning, Ver= klaring uitgereik deur die Eerste Minister, 2 Junie 1960, p. 6-10.

bied kan beskou word as 'n gebied aangrensend aan of geleë naby 'n Bantoetuisland, waarin nywerheidsontwikkeling plaasvind, hoofsaaklik as gevolg van die inisiatief van die Blanke en onder sy beheer. Dit is sodanig geleë dat die betrokke Bantoewerkers binne bereik van hulle wonings en gesinslewe in die aangrensende Bantoetuislande is.

Deur verskillende aansporingsmaatreëls of grensnywerheidsvoordele poog die Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging om ekonomies minder belowende grensgebiede by die totale program van nywer=heidsontwikkeling te betrek. Die aansporingsmaatreëls sluit on=der andere voordele in soos inkomstebelastingtoegewings, die huur of aankoop van nywerheidspersele teen lae pryse, finansiële steun verleen deur die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, 'n korting van 15 persent op spoor- en padvervoertariewe ten opsigte van grensnywerheidsprodukte, die voorsiening van voldoende arbeid met behoud van loondifferensiasie, finansiële hulp ten opsigte van alle tipes huisvesting en die verskaffing van basiese dien=ste soos krag-, water- en verbindingsdienste. Die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967, speel ook 'n be=langrike rol in die daarstelling van grensnywerhede deurdat dit groter stimulus aan die ontwikkeling van grensnywerhede verleen deur die bekamping van nywerheidsontwikkeling in die groot Blank=beheerde stedelike gebiede wat gebaseer is op Bantoearbeid. Die wet word baie goed opgesom wanneer verklaar word dat dit "... 'n aanvulling is van die regstreekse en onregstreekse mid=dels waaroor die owerhede reeds beskik om industriële ontwikke=ling te rig, te desentraliseer, en in harmonie te bring met die eise van afsonderlike ontwikkeling".[56)]

56) Die Burger, Vrydag, 26 Mei 1967, p. 1.

4.7.1 Toepassing van die Wet

Artikel 2 van die Wet bepaal dat sonder die voorafgaande skrif= telike goedkeuring van die Minister van Beplanning geen dorps= aanleg- of dorpsbeplanningskema of enige wysigings daarvan waar= in voorsiening gemaak word vir die sonering vir nywerheidsdoel= eindes van grond wat nie vir daardie doeleindes gesoneer is nie, goedgekeur mag word nie. Ook mag geen grond wat vir nywerheids= doeleindes gesoneer is, onderverdeel word nie, en geen nywer= heidsdorp mag sonder die goedkeuring van die Minister gestig word nie. Die Minister kan sy goedkeuring na goeddunke weerhou of verleen en as hy dit verleen, kan hy die voorwaardes stel wat hy goedvind, met inbegrip van voorwaardes in verband met arbeid, behuising, waterverbruik, of enige ander geleentheid wat na sy oordeel ter sake is.

Kortliks beteken dit dat die Minister van Beplanning volle beheer oor die beskikbaarstelling en gebruik van nywerheidsgrond uit= oefen.

Die Wet bepaal[57)] dat geen fabriek sonder die voorafgaande skrif= telike goedkeuring van die Minister van Beplanning opgerig of uitgebrei mag word nie. Hier beteken die uitbreiding van 'n fa= briek enige vermeerdering van die getal Bantoewerknemers wat op 19 Januarie 1968 in diens van 'n bepaalde fabriek was.

57) Artikel 3.

Hierdie artikel wat in bepaalde distrikte[58)] van toepassing ver= klaar is, het op 19 Januarie 1968 van krag geword. Dit beteken dat vanaf daardie datum geen Bantoe in diens geneem mag word sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Minister van Beplanning nie. Inderdaad dus 'n streng instromingsbeheermaat= reël.

Aanvanklik is die aantal Bantoes in diens van 'n werkgewer, soos op 19 Januarie 1968 by die Plaaslike Arbeidsburo's geregistreer, aanvaar as sy kwota waarop hy geregtig is. Talle werkgewers het egter beswaar gemaak teen die basis met betrekking tot die vasstelling van die kwota waarop hulle geregtig sou wees om= dat van hulle werknemers op daardie betrokke tydstip met verlof was. Deur die kwota, soos reeds vermeld, te bepaal of te baseer op die wettige aantal Bantoes in diens van 'n werkgewer is ook probleme ondervind, aangesien sommige werkgewers se werknemers nie almal geregistreer was nie.

Indien 'n werkgewer dus 40 Bantoes op 19 Januarie 1968 in diens gehad het, asook 30 Bantoes wat nie geregistreer was nie, dan is sy kwota waarop hy geregtig is 70. Met ander woorde: enige onwet= tige Bantoes in sy diens moet ook in berekening gebring word met die vasstelling van sy kwota waarop hy geregtig is. Die werklike

---

58) Kaap-provinsie: Belville, Kaapstad, Paarl, Port Elizabeth, Simonstad, Somerset-Wes, Stellenbosch, Strand, Uitenhage, Wellington, Worcester, Wynberg.
Oranje-Vrystaat: Bloemfontein, Sasolburg.
Transvaal: Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Ger= miston, Heidelberg, Johannesburg, Kemptonpark, Klerksdorp, Krugersdorp, Middelburg, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, (Rosslyn ingesluit), Randfontein, Roodepoort, Springs, Standerton, Vanderbijlpark, Vereeniging en Witbank.

getal Bantoes in diens van 'n werkgewer, wettig of onwettig, word gekontroleer deur die diensstate van werkgewers noukeurig na te gaan soos dit van toepassing was op 19 Januarie 1968. Hierin speel die Plaaslike Arbeidsburo 'n belangrike rol.

Ingevolge artikel 9 van die Wet mag die Minister enigeen van sy bevoegdhede aan beamptes van sy Departement opdra. Daardie beamptes moet dan sodanige magte uitoefen in oorleg met aange= wese verteenwoordigers van die volgende staatsdepartemente:

(a) Arbeid,
(b) Bantoe-administrasie en -ontwikkeling,
(c) Ekonomiese sake,
(d) Indiërsake,
(e) Kleurlingsake en
(f) Waterwese.

In die praktyk vorm hierdie amptenare 'n komitee wat alle aan= soeke ingevolge artikels 2 en 3 van die Wet oorweeg en aanbeve= lings aan die Minister voorlê.

Voortspruitende uit die inwerkingtreding van die betrokke wet is 'n algemene omsendbrief wat aan alle stedelike plaaslike besture gestuur is waarin die rol van plaaslike arbeidsburo's met betrek= king tot sekere bepalings van die wet uiteengesit is. Onder an= dere bepaal paragraaf 11 van die betrokke omsendbrief[59)] die volgende:

---

59) Republiek van Suid-Afrika. Departement van Bantoe-administra= sie en -ontwikkeling, algemene omsendbrief no. 16 van 5 Julie 1968, Lêer no. C.142/17 verwys.

"A Municipal or District Labour Officer receiving any application from an employer (on a form substantially similar to form Ba.1004 = the 36th Schedule to the Bantu Labour Regulations, 1965) for the registration of a worker, must satisfy himself that such registration will not cause a contravention of this Act and if that should be the case, he must refuse registration. The authority for such refusal is to be found in section 22(6)(b)(iv) of the Bantu Labour Act, 1964, which provided that a labour officer may refuse to sanction the employment or the continued employment of a Bantu in his area if he is satisfied.

(iv) That such Bantu is not permitted by this Act or any other law to take up employment".

Uit voorafgaande is dit dus duidelik dat die arbeidsbeampte die registrasie en/of werwing van arbeid ten opsigte van 'n werkgewer kan weier mits die arbeidskwota van die betrokke werkgewer, soos bepaal op 19 Januarie 1968, oorskry sou word. Dit is verder dui=delik dat Bantoearbeidsburo's 'n belangrike rol speel in die uit=voering van die Wet.

4.7.2 Waarneming

In hierdie eeu van die masjien is dit gebiedend noodsaaklik dat ook die nyweraar in 'n steeds toenemende mate aandag gee aan die maksimale benutting van meganisasie. 'n Ander belangrike aspek is die groter indiensname van arbeiders uit ander rassegroepe. Dit is nie realisties om Bantoearbeid van elders in te voer na plekke waar daar byvoorbeeld werkloosheid onder die Kleurlinggroep be=staan nie. Riekert stel dit duidelik wanneer hy verklaar: "Die nywerheidsontwikkelingsbeleid het egter nou newedoelstellings by=gekry sover dit die indiensnemingspatroon van die onderskeie bevol=

kingsgroepe aangaan".[60)]

In Wes-Kaapland wat die tradisionele tuiste van die Kleurling en die Blanke is, word reeds gepoog om die indiensneming van groot getalle Bantoefabriekswerkers te verhoed. Die vraag moet gestel word of die onmiddellike voordeel wat uit nywerheidsontwikkeling in die gebied gehaal word, opweeg teen die geweldige maatskap=like euwels wat voortvloei uit die vermenging van die Kleurlinge en die Bantoes. Nyweraars moet besef dat Bantoes in intensiewe bedrywe nie hier gevestig sal kan word nie. Gebruik sal slegs van Kleurlingarbeid gemaak kan word by die uitbreiding van ny=werhede. So 'n beleid sal verhoed dat Bantoes van buite die Wes-Kaap ingevoer word terwyl daar Kleurlinge werkloos rondloop. Deur slegs van Kleurlingarbeid gebruik te maak kan die instroming van Bantoes na hierdie gebied heelwat verminder word.

In die geval van die Bantoe moet daar doelbewuste pogings aange=wend word om die skepping van nuwe werkgeleentheid weg te keer van die vier hoof nywerheidskomplekse met die doel om hulle in=diensneming in of so naby moontlik aan hulle tuislande te laat plaasvind. Die belangrikheid van nywerheidsdesentralisasie as 'n noodsaaklike hulpmiddel in die proses van tuislandgerigte admi=nistrasie blyk duidelik wanneer verklaar word "... so 'n desen=tralisasie sou nie alleen die sosiaal ekonomiese euwels van 'n verdere ongebreidelde konsentrasie in en om die bestaande blanke stede verhoed nie, maar ook die Bantoe in staat stel om binne die gesinsverband tot volledige ontplooiing te kom".[61)]

---

60) Riekert. Industrialisasie in Suid-Afrika, (Ongepubliseerde memorandum).
61) Pelzer. Verwoerd aan die woord, p. 79.

Sover dit die Bantoe aangaan, staan die beleid van nywerheids=desentralisasie op twee bene, naamlik die grensgebiedontwikkeling en nywerheidsontwikkeling binne die Bantoetuislande. Dit is immers duidelik dat die Bantoes na die Blankbeheerde stedelike gebiede kom, nie soseer omdat hulle deur die blink ligte van die stad getrek word nie, maar omdat hulle die dorpe en stede sien as plekke waar hulle 'n bestaan kan maak. Met ander woorde, die ekonomiese wet van aanvraag en aanbod skryf voor. As daar dus in geslaag kan word om die aanvraag te kanaliseer na gebiede nader of eerder binne die tuislande, moet die voorsiening van arbeid wat ver van die tuislande af is, noodwendig geraak word. Die uitstro=ming van Bantoes uit die Blanke gebiede moet noodwendig hierop volg. 'n Daling van die Bantoes se getalle in Blankbeheerde ste=delike gebiede kan gevolglik verwag word.

Die belangrike rol van grensnywerhede is derhalwe duidelik en word verhoog as gevolg van die Wet op Fisiese Beplanning. Daardeur word die indiensneming van Bantoes in nuwe en uitbreidende nywerhede beperk. Die Nywerheidsontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika be=raam[62)] dat daar vanaf 1971 jaarliks 23 5000 Bantoewerkers in grensnywerhede opgeneem moet word. Volgens Stadler[63)] moet 39 000 Bantoemans jaarliks addisioneel van werk voorsien word ten einde die netto immigrasie uit die tuislande te stuit. Daar moet van=weë die oorbevolking in die landbou, ook voorsiening gemaak word om 'n gedeelte van die surplus-landboubevolking in ander ekonomie=se bedryfstakke te absorbeer. Indien konserwatief geraam word dat daar 10 000 Bantoemans jaarliks uit die landbou onttrek moet word, styg bogenoemde syfer tot 49 000 per jaar.[64)]

---

62) Nywerheid - Ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika: Jaar=verslag en rekeninge vir die jaar tot 30 Junie 1968, p. 12.
63) Stadler. Nywerheidsontwikkeling in die Bantoetuislande, p. 176.
64) Smit. Die ontwikkeling van die Bantoetuislande - Probleme en vooruitsigte, p. 8.

Sedert daar in 1960 met grensnywerheidsontwikkeling begin is, het 'n totale besteding daaraan tot 31 Desember 1968 meer as R314 miljoen beloop en is werk addisioneel aan 54 000 Bantoes verskaf. Die gemiddelde jaarlikse indiensneming bedra tussen 6 000 en 7 000 en is derhalwe nog veel laer as wat vir die tydperk vanaf 1971 in vooruitsig gestel word. Vanaf 1960 tot 1967 was die totale nuwe Bantoe-indiensneming in Suid-Afrika se nywerheidsektor 161 000.[65)]

Daar moet besef word dat die daarstelling van die nodige infra= struktuur tyd in beslag neem en dat sodra dit voltooi is, die grensgebiede 'n groter suigkrag op die Bantoes in die Blankbe= heerde gebiede sal uitoefen. Groter getalle Bantoes sal dan ook deur die grensgebiede van arbeid voorsien kan word.

Die belangrike rol wat grensnywerheidsontwikkeling vervul, is uit die voorafgaande duidelik en moet beslis nie onderskat word nie. Hierdie beleid word sedert 1960 uitgevoer deur middel van die Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging, wat aanbevelings aan die Minister van Ekonomiese Sake maak oor die toestaan van 'n verskeidenheid belastings- en ander voordele aan nywerhede wat hulle in grensgebiede vestig. Die nywerhede moet naby genoeg aan 'n Bantoetuisland wees, sodat Bantoewerkers uit die tuisland wat daar in diens geneem word, daagliks of hoogstens weekliks na hulle gesinne in die tuisland kan terugkeer. In die eerste sta= dium het die Permanente Komitee hom veral daarop toegelê om grensgebiede wat naby die bestaande nywerheidskomplekse geleë is, te ontwikkel, byvoorbeeld Hammarsdale in Natal, Rosslyn (net

---

65) McCrystal. Middele om desentralisasie in die nywerheid te bevorder, p. 9.

noord van Pretoria) en Pietermaritzburg. Die redes hiervoor was in die eerste plek dat die nodige ekonomiese infrastruktuur daar gouer beskikbaar gestel kon word as elders, en in die tweede plek dat dit makliker was om nyweraars se vooroordeel teen ves= tiging buite die bestaande nywerheidskomplekse te oorkom deur hulle aanvanklik nie te ver van daardie komplekse af te probeer weglok nie.

Hierdie eerste stadium van die beleid was so suksesvol dat veral Hammarsdale en Rosslyn se beskikbare grond reeds volledig beset is en die aandag nou op verder geleë groeipunte in die grensge= biede toegespits kan word. Met hierdie doel is die voordele wat die Permanente Komitee gemagtig is om aan grensgebiednywerhede toe te staan, aansienlik uitgebrei. 'n Begin is byvoorbeeld reeds gemaak by Brits en Ladysmith, en daar kan verwag word dat die toe= komstige grensgebiedontwikkeling hoofsaaklik in die volgende gebiede sal plaasvind:

(a) Oos-Londen/King Williams Town/Queenstown;
(b) Ladysmith/Colenso;
(c) Empangeni/Richardsbaai;
(d) Pietersburg/Tzaneen/Phalaborwa;
(e) Brits/Rustenburg/Zeerust/Mafeking.

Wat betref die ontwikkeling binne die Bantoetuislande self is die Bantoebeleggingskorporasie reeds vir 'n aantal jare gemoeid met die ontwikkeling van onder meer die sekondêre nywerheid in die tuislande. Met die stigting van die Xhosa-ontwikkelingskor= porasie is ook 'n begin gemaak met die skepping van afsonderli= ke ontwikkelingsliggame vir die onderskeie tuislande. Die skep= ping van 'n toereikende ekonomiese infrastruktuur in die Bantoe= gebiede neem natuurlik baie tyd in beslag vanweë die algemene on=

derontwikkeldheid van die gebiede, terwyl die gebrek aan 'n er=vare ondernemersklas onder die Bantoes ook die tempo van nywer=heidsontwikkeling in die tuislande strem.

In die mate waarin die desentralisasiebeleid suksesvol sal wees, sal die verstedeliking, wat vir die res van hierdie eeu met die verdere industrialisasie van Suid-Afrika gepaard sal gaan, dus die vorm aanneem van 'n meer gelykmatig verspreide ontwikkeling van dorpe en mettertyd kleiner stede in die grensgebiede en Bantoetuislande. Dit sal in teenstelling wees met die vestigings=patroon wat in die verlede min of meer spontaan ontstaan het, naamlik steeds groter wordende stede, feitlik uitsluitlik binne vier geografies beperkte gebiede. As daar op groot skaal voor=siening kom vir werkgeleentheid in die grensnywerheidsontwikke=lingsgebiede en veral in die Bantoetuislande moet aanvaar word dat daar 'n groeiende toestroming van Bantoearbeid na hierdie gebiede verwag kan word. Dié toestroming van arbeid sal na ver=wagting uit twee rigtings na hierdie gebiede beweeg. Eerstens behoort daar 'n toestroming uit die kern of sentrale gedeeltes van die Blankbeheerde gebiede te kom. Tweedens kan grensgebied-ontwikkeling ook 'n aantrekkingskrag wees vir arbeid uit die be=trokke Bantoetuislande self. Die saamvloei van hierdie twee stro=me kan die kulturele skakeling tussen die Bantoes uit die tuislan=de en die Bantoes uit die Blankbeheerde gebiede aansien=lik verstewig. Hierdeur kan die proses van tuislandgerigte ad=ministrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede tot 'n mate be=vorder word.

Op langtermyngrondslag hou die grensgebiedskema in teenstelling met die breër desentralisasieskema egter wesenlike gevare in wat die proses van tuislandgerigte administrasie kan benadeel. Die normale patroon van aktiwiteite in 'n land is, grafies gesien, pi=

ramidaal: bedrywighede bereik 'n hoogtepunt in die hartgebied, en doof dan geleidelik uit in die rigting van eie grense. Sekon= dêre konsentrasies kom gevolglik nie op die grense te staan nie, maar iewers tussen die hartgebied en die grensgebied, en steeds gekoppel aan die hartgebied.[66] Die grensnywerheidskema pro= beer hierdie piramide feitlik omkeer: dit probeer die sekon= dêre aktiwiteitsgebied gekonsentreer kry op die grense in plaas van in die tussengebied tussen kerngebied en grens.

Potgieter[67] wys daarop dat dit 'n wêreldwye verskynsel is dat so 'n stad nie geïsoleer staan van sy omgewing nie: die stad dien as nodale punt waar mense van die omgewing hulle arbeid en hulle produkte verkoop, en waar hulle hulle dienste kry. In hierdie stad-omlandverhouding ontstaan 'n omgewingstruktuur wat toegespits is op die stad: die paaie gaan soontoe, die watervoor= siening, die kraglyne, die vervoerkanale - alles straal radiaal van die stad uit of na die stad toe in die beïnvloedbare omge= wing. Daar ontstaan dus 'n infrastruktuur wat feitlik alle sen= trale aktiwiteite trek na die stad toe.

In die lig van bogenoemde ontstaan die vraag dan wat die uit= einde van die grensgebiedeprogram sal wees by sulke plekke. Potgieter[68] vra dan ook tereg: "Sal dit moontlik wees om in 'n later stadium weer hierdie infrastruktuur tot niet te maak of om sy magnetiese krag te verminder, en teen watter koste? Sal die tuislande met hul wankelrige ekonomieë in staat wees om ooit 'n

---

66) Potgieter. Die Grensnywerheidskema in Suid-Afrika, p. 12.
67) Ibid., p. 13.
68) Ibid.

na binne gerigte struktuur op te bou teen die krag in van 'n sterk ekonomie op hul grense wat hulle juis na buite trek?"

Grensnywerhede verklein dus die kanse vir Bantoetuislandontwik= keling wat uiters noodsaaklik is vir die toepassing van 'n tuis= landgerigte administrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede. Dit is egter bemoedigend dat "... in die lig van die verbreding van die desentralisasieprogram is dit moontlik dat ontwikke= ling binne die tuislande self 'n werklikheid sal word voordat 'n te gevestigde infrastruktuur op hul grense tot stand kom, ...".[69)]

4.8 <u>Die Wet op die Burgerskap van Bantoetuislande, 1970, Wet no. 26 van 1970</u>

Die Bantoe het sedert 1951 aansienlike vordering gemaak op die staatkundige terrein. Die Wet op die Bevordering van Bantoe= selfbestuur, 1959, het die algemene begrip Bantoe vervang deur erkenning te verleen aan die bestaande Bantoevolkseenhede.[70)] Dit is 'n erkenning van die natuurlike weg van veelvolkigheid. Hierdie nasionale volksgevoel het nie net by daardie deel van die Bantoevolke wat in die tuislande is, na vore gekom nie, maar ook onder die groepe Bantoes wat hulle nog in Blankbeheerde gebie= de bevind. Dit is dan ook die taak van die regering van die Re= publiek van Suid-Afrika om hierdie latente volksaspirasie van elke Bantoevolk in 'n positiewe rigting te kanaliseer. As gevolg hiervan is die tradisionele bestuursorganisasie van elkeen van hierdie Bantoevolke uitgebou en is selfbesturende bevoegdhede

---

69) Ibid., p. 14.
70) Artikel 2.

binne die tuislande aan hulle verleen. Gesien teen die agter=grond van hierdie sosiale en staatkundige ontwikkeling het daar nou 'n belangrike vereiste na vore getree, naamlik dié van wettige volkslidmaatskap of te wel burgerskap.[71] Dit het nood=wendig gelei tot die aanname van die Wet op Burgerskap van Bantoetuislande, 1970. Hierdie wet verteenwoordig die afronding van die proses van volkswording deur die instelling van burgerskap vir elke tuislandregering.

Hierdie wet bepaal in artikel 2(2) dat elke Bantoepersoon in die Republiek, indien hy nie 'n burger van 'n selfregerende Bantoe=gebied in die Republiek en nie 'n verbode immigrant in die Re=publiek is nie, ooreenkomstig die bepalings van artikel 3 'n burger van die een of ander gebiedsowerheidsgebied is. 'n Bantoe kan 'n burger van 'n bepaalde Bantoetuisland word en stemreg in daardie gebied uitoefen, indien hy in dié gebied gebore is, in die gebied gedomisilieer is deur die Bantoetaal te praat wat ge=besig word deur die Bantoebevolking van daardie gebied met inbe=grip van elke Bantoepersoon wat behoort tot 'n aanverwante taal=groep wat 'n dialek van so 'n taal normaalweg besig of deur hom=self met 'n deel van daardie bevolking te vereenselwig.[72]

'n Burgerskapsertifikaat, wat as statusdokument deur die houer beskou moet word, sal deur sy tuislandregering aan hom uitgereik word. Dit is belangrik om daarop te wys dat burgerskap hier as 'n staatkundige begrip beskou moet word. 'n Bantoe wat so 'n sertifi=kaat ontvang, ontleen sy nasionaliteit soos reeds vermeld aan 'n sekere gebied en word dus onder die owerheidsgesag van daardie ge=

---

71) Artikels 7 en 8 van die Transkeise Grondwet, 1963, Wet no. 48 van 1963 het dan ook voorsiening gemaak vir Transkeise bur=gerskap gedurende 1963. As gevolg van die verlening van self=bestuur daarna aan die meeste ander Bantoevolke, het hierdie noodsaaklikheid ook vir hulle ontstaan.

72) Artikel 3.

bied ingeskakel. Dit kan dus gebeur dat 'n Bantoepersoon wat etnies deel is van die Zoeloevolk, as gevolg van domisillie in die Tswanatuisland wettig Tswanaburgerskap kan verkry. Dit is ook belangrik om daarop te wys dat volgens artikel 2(4) 'n bur= ger van 'n Bantoetuisland nie as 'n vreemdeling in die Republiek beskou word nie, maar aangesien die Bantoetuislande 'n deel uit= maak van die Republiek bly burgers van die Bantoetuislande nog steeds burgers van die hele Republiek, en word volle beskerming ingevolge die internasionale reg deur die Republiek aan hulle verleen.

Hierdie wetgewing kan beskou word as 'n belangrike faktor wat aanleiding gegee het tot vreedsame naasbestaan en die totstand= koming van volwaardige Bantoevolkere in die Republiek van Suid-Afrika. Tot met die uitvaardiging van die wetgewing moes daar by die lede van die verskillende Bantoevolke 'n groot mate van vertwyfeling en verwarring oor 'n burgerskap bestaan het. Dikwels is die argument gehoor dat sekere Bantoes wat reeds van= af geboorte in die Blankbeheerde gebiede woonagtig is, tot so 'n mate verwesters het dat hulle geen bande met die tuisland meer het nie. Dit is egter so dat elke mens in sy diepste wese begeer om lid van 'n bepaalde volk of gemeenskap te wees en om 'n burger van 'n land te word. Sonder sodanige bande en volksidentiteit is 'n mens sonder anker, onbetroubaar en oral ontuis. Indien hierdie wetgewing nie deurgevoer is nie, sou groot getalle Bantoes in Blankbeheerde gebiede na burgerskap in die Blanke gedeelte van die Republiek gestrewe het, wat weer 'n geweldige belemmerende invloed op die proses van tuislandgerigte administrasie sou uit= geoefen het. Die koppeling aan hulle tuislande van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede op die grondslag van burgerskap is dus 'n belangrike voorvereiste voordat onafhanklikheid aan die tuis= lande verleen kan word.

Dit moet beklemtoon word dat die blote verwerwing van burger=skap en die daarmee gepaardgaande inskakeling by die wel en wee van 'n bepaalde volksgroep, kan nie op sigself van 'n Bantoe 'n ten volle tevrede mens maak nie. Omstandighede in 'n land op ekonomiese, politieke en kulturele gebied moet sodanig wees dat die Bantoeburgers trots kan wees op hulle land van herkoms. On=gunstige ekonomiese en politieke toestande in 'n bepaalde land was nog altyd van die grootste dryfvere wat mense geaktiveer het om na ander lande te immigreer. Daar moet dus sorg gedra word dat die klimaat in die Bantoetuislande op ekonomiese, politieke en kulturele gebiede gunstig is vir volkerebou. Op die politieke gebied het die Regering dan ook voorsiening gemaak vir die on=afhanklikwording van die tuislande deur die afkondiging van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971.[73)]

Die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande is ook in volle gang. Vordering is al gemaak met ekonomiese ontwikkelings=programme vir die vestiging van en werkverskaffing aan Bantoes binne die Bantoetuislande en die vestiging van Bantoes binne so=danige gebiede met werkgeleenthede in naby geleë Blanke grensge=biede. Bantoesake-administrasierade kan egter hierin 'n belangrike rol speel. Daar kan geldelike skenkings deur Bantoesake-administra=sierade uit hulle inkomsterekenings vir die algemene ontwikkeling van die tuislande, of meer spesifiek vir onderwys en welsynsdien=ste in die gebiede, gemaak word. 'n Belangrike doel met die sken=kings moet wees om die goeie verhouding tussen die Bantoes in Blankbeheerde stedelike gebiede en die in die tuislande op te bou en om dit by die stedelike Bantoes in te skerp dat hy ook finan=

---

73) 'n Ontleding van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971, Wet no. 21 van 1971 val egter buite die studieveld van hierdie proefskrif.

sieel en andersins moet bydra tot die ontwikkeling van sy eie tuisland. Riekert[74] wys ook daarop dat alvorens die skenkings= bedrag vir goedkeuring op die begroting geplaas word, dit eers vooraf met die adviserende Bantoekomitee of stedelike Bantoe= raad bespreek, en hulle goedkeuring verkry moet word. Verder is dit belangrik dat sodanige skenkings nie onpersoonlik moet geskied nie, maar verkieslik tydens 'n spesiale geleentheid waar sowel die Bantoes uit die tuislandgebiede as die betrokke volksgenote uit die Blankbeheerde stedelike gebiede teenwoordig is. Dit sal ook die belangstelling van die Bantoes in Blankbe= heerde gebiede prikkel indien die skenking persoonlik deur die leiers van die adviserende Bantoekomitees of stedelike Bantoe= rade gemaak word.

Bantoesake-administrasierade kan ook 'n bydrae lewer in die pro= ses van tuislandgerigte administrasie deur hulp te verleen met die fisiese verskuiwing van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede na hulle tuislande deur die stigting van tuislanddorpe. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat daar eers 'n mate van tuis= landgerigtheid by die Bantoes in Blankbeheerde stedelike gebiede gekweek moet word alvorens daar 'n begin gemaak kan word met die werklike fisiese verskuiwing van die Bantoes. Dit is dus nodig dat die Bantoes in Blankbeheerde gebied taal-, kultuur- en tuis= landbewus gemaak word. Dit is ook belangrik dat die Bantoe in Blankbeheerde stedelike gebiede gereeld vanuit die tuislande be= soek word deur lede van die verskillende tuislandowerhede. Daar moet egter toegesien word dat die status van die besoekers uit die tuisland gehandhaaf word. Deur tydens vergaderings op te tree, amptelike funksies soos die opening van skole, kerke en administratiewe geboue in die Blankbeheerde stedelike gebiede by

74) Ibid., pp. 29-30.

te woon, word die tradisionele leiers ook aan die Bantoes in die Blankbeheerde gebiede bekend gestel.

Daar moet ook gereël word dat adviserende Bantoekomitees en stedelike Bantoerade besoeke aan die verskillende Bantoetuis=lande kan aflê. Die besoeke moet na 'n tyd weer opgevolg word sodat die vooruitgang in die tuislande waargeneem kan word. In die besoeke moet die persoonlike kontak en verhouding vooropge=stel word. Dit moet onthou word dat baie Bantoes in Blankbeheerde stedelike gebiede, as gevolg van negatiewe propaganda, nog altyd skepties staan teenoor die beleid van afsonderlike ontwikkeling en die daarmee gepaardgaande proses van tuislandgerigte admini=strasie. Die besoekende Bantoes moet dus tyd gegun word om op sy tydsame manier die nodige kontak te maak en die nodige waarne=mings te doen. Aanvanklik moet lede van volkseenhede ook net be=soeke aan hulle eie tuisland bring. Indien Bantoes uit die tuisland besoeke aan hulle familie in die Blankbeheerde stedelike gebiede wil bring, behoort daar aan hulle ook die nodige hulp in die ver=band verleen te word. Boonop moet broodwinners van gesinne wat reeds in die tuislandgebiede gevestig is, waar moontlik, 'n waarborg ontvang dat hulle weer hulle arbeid in hulle oorspronk=like stadsgebied in Blankbeheerde gebied sal kan gaan aanbied. Dit kan bydra tot die verkryging van 'n wedersydse kontinuïteit in die proses van stad- en tuislandskakeling.

Dit is ook uiters noodsaaklik dat hoofdirekteure van Bantoesake-administrasierade en hulle personeel besoeke aan die verskillende Bantoetuislande bring. Hierdie amptenare behoort ten volle op hoogte te wees van die Bantoetuislande en die ontwikkeling wat daar reeds plaasgevind het. Soos reeds gemeld, is dit die direk=teure van Bantoesake-administrasierade wat daaglikse kontak met die Bantoes in Blankbeheerde gebiede het en dit is dus hierdie amptenare en die betrokke afdelings van die Departement van Ban=

toe-administrasie en -ontwikkeling, in medewerking met die ad= viserende Bantoekomitees, stedelike Bantoerade en volksverteen= woordigende rade wat die Bantoes bewus moet maak van hulle volks= identiteite en die nodige oortuigingswerk moet doen in die proses van tuislandgerigte administrasie. Om dit te kan doen moet hulle altyd op hoogte wees van die nuutste ontwikkeling wat in die Ban= toetuislande plaasvind. Die huidige Minister van Bantoe-admini= strasie en -ontwikkeling stel dit dan ook dat "Dit is derhalwe ons almal se plig om in ons optrede en prosesse van administrasie ten opsigte van die Bantoevolke voortdurend hierdie feite te onthou en die uitbouing van die kultuureie binne die lewenspatroon van elkeen van hierdie volke ook van ons kant te stimuleer en te be= vorder".[75)]

75) Botha. Openingstoespraak, Derde tweejaarlikse saamtrek van beamptes van die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke aangeleenthede (Suidelike Afrika) 9de tot 11de November, 1970, Pretoria, p. 6.

## HOOFSTUK 5

## TUISLANDGERIGTE ADMINISTRASIE VAN BANTOES OP 'N STREEKSGRONDSLAG DEUR DIE INSTELLING VAN BANTOESAKE-ADMINISTRASIERADE

Sedert 1960 is daar verskeie pleidooie[1)] gelewer dat die beheer en administrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede wat deur stedelike plaaslike besture behartig was, deur die sentrale rege= ring oorgeneem en uitgeoefen moes word. Nadat bloedige onluste gedurende November 1962 in die Paarl uitgebreek het, het die re= gering 'n kommissie aangestel om ondersoek in te stel na die ge= beure en die oorsake wat daartoe aanleiding gegee het.

Om die dieper liggende motiewe agter die onluste vas te stel het die kommissie onder andere ondersoek ingestel na die funksionering van die afdeling Nie-Blankesake van die Paarlse stadsraad en on= der andere tot die gevolgtrekking gekom dat "The delegation of the administration of Bantu Affairs to local authorities in Ur= ban Areas interrupts the continuity of policy and the Administra= tion by the Central Government... It is questionable whether any small local authority such as that of the Paarl can be expected competently to handle so highly specialised an administration".[2)]

Die kommissie het dan ook weer die vraagstuk van sentralisasie of desentralisasie pertinent beklemtoon deur te verklaar dat alhoe= wel die wyse van beheer en administrasie van Bantoes in die Paarl veel te wense oorgelaat het, die swak skakel daarin geleë was

---

1) Die Vaderland, Dinsdag 20 Januarie 1962.
2) Report of the commission appointed to inquire into the events on the 20th to 22nd November 1962 at Paarl and the causes which gave rise thereto, p. 13.

dat die sentrale regering nie self die beheer oor en administra= sie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede uitoefen nie maar die funksie aan plaaslike owerhede delegeer. Hierdie stelsel of swak skakel soos dit deur die kommissie genoem word, is voor Unie= wording in die vier provinsies gevolg, en die beginsel het na Uniewording behoue gebly. Die probleem of swak skakel het egter nou eers, na soveel jare, pertinent op die voorgrond getree, aangesien die getal Bantoes in Blankbeheerde gebiede in die af= gelope aantal jare vinnig toegeneem het en hulle met die onder= wysfasiliteite wat tot hulle beskikking gestel word, besig is om te ontwikkel en te ontwaak; daar bestaan reeds 'n sterk na= sionale gevoel by die onderskeie etniese groepe in Blankbeheer= de gebiede. Die grondbeginsels van nasionalisme bestaan ook reeds in Blankbeheerde gebiede, naamlik die verbintenis van die individu met 'n volk, met 'n sekere grondgebied en die aanwesig= heid van politieke ontwikkeling en aspirasies.

Konsekwente deurvoering van staatsbeleid het dus dringend nood= saaklik geword en van die regering van die dag word vereis om 'n administratiewe stelsel vir die Bantoes in Blankbeheerde gebiede daar te stel wat die konsekwente deurvoering van staatsbeleid kan verseker. Eerstens moet daar dus nou 'n ontleding van die vraagstuk van sentralisasie of desentralisasie gemaak word.

## 5.1 Sentralisasie en desentralisasie

Die staatsinstelling of -reëling waaronder die Blanke volk van die Republiek van Suid-Afrika leef, is die vrug van 'n historie= se proses en faktore van verskillende aard het die stelsel be= invloed en laat ontwikkel soos dit vandag bestaan. Dit staat self kan beskrywe word as "... 'n organisasie van mense in samelewing,

d.w.s. 'n eenheidsreëling van menslike samelewing, gekenmerk deur die onderskikking van die groot meerderheid in die same= lewing as onderdane onder 'n minderheid as owerheid".[3] Wie ten aansien van die verhoudinge en feite wat op staatkundige gebied geopenbaar word, 'n prinsipieel antirevolusionêre standpunt in= neem, vind in die staatsreëling sekere elemente wat hom aantrek omdat hulle die kenmerk van die Christelike lewensbeskouing dra.

Die bestuur van die vier provinsies en plaaslike bestuursligga= me van die Republiek van Suid-Afrika vorm 'n belangrike onder= deel van ons staatsinstelling, en dan kom ons aanstons voor die vraag te staan wat die plek van sulke liggame in die nasionale geheel is en watter karaktertrekke van die sentrale regering deur hulle tot openbaring kom. Is hulle nie maar net territoriale onderdele van die land - soos dit gedurende die sestiende eeu in Engeland die geval was - onderdele wat moet dien om die bestuur en die administrasie van die anders te groot geheel te vergemak= lik nie? Of word hulle binne sekere perke beskou as selfstandige groothede wat in die verband van hulle aard en geskiedenis reg op 'n eie bestaan het en daarom as lewende lede van een groot nasio= nale liggaam erken en beskou behoort te word? Of word hulle dalk, soos in Engeland die geval was, beskou as minderwaardige onder= geskikte organe van die sentrale owerheid?

By die beantwoording van hierdie vrae bots twee beskouinge teen mekaar. Die een berus op die beginsels van die Franse Revolusie

---

3) Du Plessis. Die moderne staat, p. 3.

en die ander vind sy steunpunt in die Skrif en die geskiedenis.[4] Vanuit 'n antirevolusionêre oogpunt beskou, is 'n stelsel van sentralisasie, geskoei op Franse oorsprong, ongewens vir die Republiek van Suid-Afrika met sy vier provinsies en verskillende plaaslike besture. In so 'n stelsel van sentralisasie word daar nie rekening gehou met die groot verskille wat daar tussen die bewoners van die verskillende landstreke aangetref word nie. Daar=in is geen plek vir differensiasie tussen Blank of Bantoe nie. Sonder onderskeiding word elkeen van genoemde groepe as 'n deel=tjie van een ondeelbare volk beskou en almal moet daarom son=der onderskeiding, dieselfde regte geniet. Wat nooit uit die oog verloor mag word nie, is hierdie revolusionêre opvatting wat in botsing kom met ons Christelike beskouing van die verskeidenheid wat God in Sy Skepping daargestel het, en dat so 'n stelsel hier=die verskeidenheid in Suid-Afrika, met sy massas beskawingson=mondige heidendom, sal uitwis. Hierdie opvatting voer aan dat, alleen omdat die regstreekse bestuur van so 'n groot oppervlakte weens afstand en plaaslike gesteldheid prakties nie moontlik is nie, plaaslike besture geskep moet word om die sentrale bestuur by te staan, sonder om feitlik self ook maar enige selfstandig=heid te besit.

Dat in hierdie gedagtegang die burgervryheid en die posisie van die gesin ewe veel in die gedrang kom as die selfstandigheid van

---

4) Colijn. Toelichting-op-het antirevolutionair beginselprogram, p. 221. Hy wys daarop dat die revolusionêre maghebbers in Frankryk gedurende die Franse Revolusie, met 'n volkome mis=kenning van wat met die loop van die eeue in Frankryk gewor=tel was, die land gedurende die einde van die agtiende eeu in 'n willekeurige aantal departemente verdeel het. Hierdie hele verdeling het egter slegs een oogmerk gehad, naamlik om die bestuur van die hele land vanuit een sentrum moontlik te maak.

die provinsies en plaaslike besture, het geen verdere betoog no= dig nie. Niks belemmer die ontwikkeling van die politieke be= langstelling so erg as die oorweging dat die mens deur middel van 'n administrasie wat oor die hele land vertak is, vanuit één sentrum geregeer word, en dat die plaaslike besture feitlik niks anders as marionette in die hande van die sentrale owerheid is nie.[5] Aan die burgery moet 'n geleentheid gebied word om aan die politieke proses deel te neem, want so 'n deelname is die uitbreiding van sy fundamentele status as lid van sy gemeenskap. So 'n deelname kweek 'n belangstelling by die burger sodat sy plaaslike bestuursaangeleenthede sy belangstelling afdwing, met die gevolg dat hy dit nie net teoreties ken nie maar ook prakties, dit wil sê dat hy nie net by magte is om 'n begrip daaromtrent te vorm nie, maar ook om aktief daarin op te tree.[6]

Teenoor hierdie stelsel van sentralisasie staan die stelsel van desentralisasie. Die voorstanders van die stelsel van desentrali= sasie sien 'n volk nie as 'n samevoeging van 'n toevallige aantal individue wat op een stuk grond saam woon en nou verder bestuur moet word nie. Hulle sien die volk in sy skeppingsverband waarin hy hom in loop van die eeu tot 'n eenheid ontwikkel het.[7] Dit is nie 'n volkseenheid wat om administratiewe redes onderverdeel is nie, want plaaslike besture moet ter wille van die mens be= staan, en nie die mens ter wille van plaaslike besture nie. Die vernaamste doel van desentralisasie moet dan ook die ontwikkeling van die openbare belang wees. Hierdie term word egter in 'n breë betekenis gebruik en beteken nie net dat deur die voorsiening van dinge soos goeie strate, mooi parke en gerieflike busse lokaliteite

---

5) Colijn, op. cit., p. 223.
6) Wilson. Essays on local government, p. 21.
7) Colijn, op. cit., p. 222.

tot stand gebring word wat aantreklik is om in te woon nie. Dit sluit ook die opvoedkundige, politieke, sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die individuele inwoner van 'n plaaslike loka= liteit in.[8] Om reg aan hierdie doel te laat geskied en om de= sentralisasie tot sy reg te laat kom is dit dus nodig dat die land in kleiner eenhede of lokaliteite verdeel word waarin die inwoners van die verskillende lokaliteite deur middel van hulle gekose verteenwoordigers 'n volle deelname het aan die bestuur van die lokaliteit waarin hulle woon.[9]

Die verband tussen die beginsels van desentralisasie en die an= tirevolusionêre lewensbeskouing lê daarin dat die antirevolusionêr nog 'n sin het vir die werklikheid; dat hy die mag van die kwaad erken; dat hy op grond van Gods woord en die ervaring bely dat alle menslike werke onvolmaak is en dat, by alle strewe na ver= betering, tog altyd in gedagte gehou moet word dat die mens, ook by die verryking van sy kultuur, altyd onvolmaak sal bly. Daarom moet 'n goeie staatsbestuur waarborge bevat teen die voortwoeke= ring van bepaalde beleidsfoute wat tot nadeel van die bevolking en die land strek. Hierdie waarborg word onder andere gevind in 'n gedesentraliseerde stelsel, want daarin word geen opeenhoping van mag in die hande van een of van slegs enkele persone gevind waardeur misbruik in die hand gewerk kan word nie maar magsver= deling, waardeur die staatsbeleid in 'n behoorlike ewewig gehou word. Hierdie behoorlike ewewig kan alleen behou word deur die selfstandigheid van die verskillende plaaslike owerhede te er= ken.[10]

---

8) Akpan. Epitaph to indirect rule, p. 69.
9) Ibid., p. 50.
10) Noteboom. Leidraad voor antirevolutionair gemeentebeleid, p. 42.

Die ondersteuners van 'n desentralisasiebeleid is die mening toe=gedaan dat 'n goeie ontwikkeling van die volkslewe daardeur be=vorder word. Die hele opvatting spruit immers voort uit die grondgedagte dat 'n volk as 'n eenheid in die skeppingsverskei=denheid beskou moet word, dit wil sê, elke volk moet toegelaat word om afsonderlik te ontwikkel. So 'n volk word opgebou uit gesinne, en saam met ander inwoners van bepaalde lokaliteite word plaaslike besture gevorm. Wie die saak van die land en volk uit so 'n gesigspunt beskou, het nog waardering vir wat God in die huisgesin, die dorp en die land as geheel selfstandig laat groei het.[11)]

Die beginsels van desentralisasie hang ten nouste saam met die vraagstuk van die selfstandigheid en selfbestuur van plaaslike owerhede. Die begrippe van selfstandigheid en selfbestuur moet deeglik van mekaar onderskei word. Die reg van die provinsies en van plaaslike besture om selfstandig hulle eie huishoudelike be=lange te behartig is 'n statutêre bevoegdheid. In die uitoefening van hierdie reg is genoemde liggame bevoeg om op eie inisiatief ordonnansies en regulasies te maak. Die bevoegdheid en die plig van die provinsies en van plaaslike besture om aan die sentrale regering medewerking ter uitvoering van sy wette en besluite te verleen, is selfbestuur.[12)]

Veral hierin kom die desentralisasie van die staatsbestuur tot sy reg. Al moes die uitoefening van hierdie bevoegdheid, by die tot=standkoming van die Unie in 1910, in belang van die staatsgeheel

---

11) Colijn, op. cit., p. 223.
12) Ibid., p. 224.

aan beperkinge en kontrole onderworpe raak en al is plaaslike besture tans onderworpe aan toesig deur die sentrale en provin= siale besture, neem dit nog nie weg dat die selfstandigheid en bevoegdheid van die gevestigde bewoners, in belang van 'n geson= de demokratiese ontwikkeling en as waarborg teen magskonsentra= sie en magsmisbruik, sover moontlik in ag geneem moet word nie. 'n Mondige en veerkragtige burgery, wat selfstandig die publieke belange in die bepaalde lokaliteite kan versorg, al is dit ook onder kontrole van 'n sentrale gesag, word deur die toename van verantwoordelikheidsbesef en belangstelling vir die publieke saak 'n aanwins vir die sentrale gesag of regering.

Deur die toepassing van die beginsels van desentralisasie, dele= gasie van bevoegdhede, selfstandigheid en selfbestuur kan 'n ge= sonde belangstelling van die kant van die burgery vir die open= bare lewe verwag word. Elkeen sien dan van naby hoe die plaas= like belange in eie beperkte lokaliteite behartig word. Dit prik= kel tot nadenke en kritiek en versterk die drang om deel te neem aan plaaslike besture, wat op sy beurt weer aanleiding gee tot belangstelling in die landspolitiek.[13] Dit is belangrik om te beklemtoon dat administrasie nie immuun teen politiek kan wees nie, alhoewel daar 'n sterk begeerte bestaan om dit te bewerk= stellig. Die owerheidspersoon word deur histories-politiese mags= vorming - hetsy deur politieke partye, drukgroepe of individue - in die amp geplaas. Dieselfde politieke wedloop word ook in plaaslike besture ondervind en daarom moet die burgery leer om op dieselfde politieke vlak te organiseer vir die verkryging van seggenskap in hulle plaaslike besture. Hierdie vraagstuk dat

---

13) Colijn, op. cit., p. 223.

administrasie nie immuun kan wees teen politiek nie, het dan ook 'n besondere invloed uitgeoefen op die administrasie van Bantoes op plaaslike bestuursvlak, soos later volledig aangetoon sal word.

Besondere omstandighede kan egter ontstaan wat aanleiding daartoe kan gee dat die selfstandigheid en selfbestuur van plaaslike owerhede grotendeels beperk of selfs heeltemal opgehef word. Bepaalde funksies van plaaslike owerhede kan hulle ook geheel en al ontneem word wanneer dit in die algemene belang van die land as geheel blyk te wees. Aangesien die beheer oor die Ban=toes in Blankbeheerde stedelike gebiede berus het by plaaslike owerhede wat gewissel het van opponerende tot samewerkende en van belangelose tot belangstellende instellings, kon 'n krag=dadige eenvormige deurvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie bewerkstellig word nie. Die beheer oor Bantoes in Blankbeheerde gebiede kon dus nie langer in die hande van plaaslike besture gelaat word nie.

### 5.1.1 Redes vir die beëindiging van beheer oor Bantoes deur plaaslike owerhede

In die Republiek van Suid-Afrika is die samewerking met die sen=trale regering baie nodig om te verseker dat die plaaslike ower=hede hulle identiteit behou en in staat gestel word om hulle funksies doeltreffend te vervul. Die sentrale regering moet help met die voorkoming en verwydering van chaotiese toestande in verband met vraagstukke soos vervoer, water, lugbesoedeling en Bantoeadministrasie. Aan die prestasies op dié gebiede word die sentrale regering getoets en nie die plaaslike bestuur nie. Vir verpligtings soos die bou van strate, dorpsbeplanning en die onderverdeling van grond, biblioteke en verkeersreëlings word die plaaslike owerhede spesifiek verantwoordelik gehou. In hierdie

sake sowel as in sake rakende munisipale belastings en personeel kan die plaaslike owerheid derhalwe sy eie beleid toepas, en is hy in 'n groot mate vry om te bepaal wat gedoen moet word en hoe die besluite ten uitvoer gebring moet word.

Die situasie is egter geheel en al verskillend in die geval van daardie belangrike funksies van nasionale belang waarvoor die plaaslike en sentrale regerings saam verantwoordelik is. In sul= ke gevalle word die beleid hoofsaaklik op die nasionale vlak be= paal en word die sentrale regering verantwoordelik gehou vir die uitvoering van die beleid. In sake soos Bantoeadministrasie, behui= sing, welsyn en beheermaatreëls oor openbare gesondheid, indiens= neming en nywerhede is die plaaslike owerheid se beleid van onder= geskikte belang. In hierdie geval is dit die funksie en die ver= antwoordelikheid van die plaaslike owerheid om, met inagneming van die plaaslike omstandighede, die oogmerke van die nasionale beleid te help bevorder. Dit sal op die beste wyse geskied wanneer noue onderlinge samewerking, oorlegpleging en ooreenkoms bereik kan word. Daar moet ook aanvaar word dat, wanneer beleid op die na= sionale vlak bepaal is, die sentrale owerheid dit as sy verant= woordelikheid sal beskou om toe te sien dat daardie beleid doel= treffend toegepas en uitgevoer sal word. Wanneer plaaslike ower= hede nou in konflik kom met die sentrale regering oor beleid en in besonder oor die uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling, dan kan alleen vertraging en verydeling van die be= leid meegebring word. Dit kan selfs die karakter van plaaslike owerhede aantas, want wanneer die plaaslike owerheid sekere van sy funksies nie vervul nie, dan is die sentrale regering verplig om sy eie masjienerie te skep om daardie funksies te vervul.

Samewerking tussen sentrale regering en plaaslike owerheid word in 'n groot mate belemmer deur partypolitieke invloede en die stelsel

van plaaslike verkiesings op 'n partygrondslag. Die politieke party is 'n georganiseerde groep wat daarna strewe om die beheer te verkry oor die personeel en oor die beleidsfunksies van die regering. Dit is die kanaal waardeur die kiesers hulle toestemming gee vir bepaalde beleidsvoorstelle en die aanwysing van personeel wat die voorstelle uitvoer. Die toestemming van die kiesers kan alleen gegee word vir breë beleidsrigtings, wat eers later in be= sonderhede geformuleer kan word met die oog op praktiese toepas= sing. Dit is in hierdie later stadia, en veral in die toepassing, dat die plaaslike owerheid se samewerking uiters noodsaaklik is. Politieke partye het egter nou 'n heel verstaanbare vrees dat die breë beleidsrigting benadeel kan word indien die toepassing in die hande van amptenare wat nie aktiewe ondersteuners daarvan is nie, gelaat word. Partye het dus maar altyd 'n neiging om in die poli= tiek van plaaslike owerhede in te meng. Die politieke party is immers vir sy bestaan en doeltreffendheid afhanklik van voortdu= rende aktiwiteit binne die gemeenskap.

Met die verkiesing van stedelike plaaslike besture wat, soos reeds gemeld, meesal geskied op 'n basis van die bestaande party-inde= ling, kan dit gebeur dat die plaaslike owerheid beheer word deur 'n ander party as dié wat die sterkste in die sentrale regering is en dus die beleid ten opsigte van Bantoes moet formuleer. In= dien die sentrale regering wat deur een party beheer word, 'n sekere beleid neerlê en die uitvoering daarvan aan plaaslike owerhede oorgelaat word wat 'n ander beleid huldig, kan dit die kragdadige deurvoering van die beleid van afsonderlike ontwikke= ling vertraag en belemmer.

In die Republiek van Suid-Afrika is die belangrikste verskil tus= sen die twee sterkste politieke partye dan ook in hulle Bantoebe= leid te vind. Sedert 1948 is die Nasionale Party die regerende party in die sentrale regering, terwyl die Verenigde Party byvoor=

beeld die sterkste party in die Johannesburgse stadsraad is. As die regerende party in die sentrale regering bepaal die Nasionale Party die staatsbeleid ten opsigte van Bantoesake, en moet die beleid deur die plaaslike owerheid uitgevoer word. Die Verenigde Party-beheerde stadsraad van Johannesburg moet dus die Bantoe= beleid van die Nasionale Party uitvoer, afgesien van wat hulle sienswyse of gevoelens ook al mag wees. Die teelaarde vir kon= flik is dus baie gunstig en die gevolg kan wees dat die Verenig= de Party-beheerde stadsraad traag kan wees in die uitvoering van die staatsbeleid van afsonderlike ontwikkeling.

Konflik[14)] het dan ook ontstaan tussen die sentrale regering en die Verenigde Party-beheerde stadsraad nadat die staat bemerk het dat daar in Johannesburg nie uitvoering aan sy beleid gegee word wat betref die uitoefening van beheer oor Bantoes en hulle ves= tiging in doeltreffende wonings in die agterbuurtes Sophiatown, New Clare en Martindale nie. Die opruimingsvoorstelle van die sen= trale regering is ook telkens verwerp deur die Johannesburgse

---

14) Om te verseker dat plaaslike owerhede die staatsbeleid, beheer en administrasie oor Bantoes in Blankbeheerde stedelike ge= biede na wense sal uitvoer, bepaal die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 in artikel 41 (gelees saam met arti= kels 3 en 4) dat, indien 'n stedelike plaaslike bestuur in gebreke bly om enige van die verpligtinge van dié wet na te kom, of dit op so 'n wyse uitvoer dat daar nie aan die oogmerke en doelstellings van die wet voldoen word nie, die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling die mag sal besit om so 'n stedelike plaaslike bestuur skrif= telik te gelas om sodanige verpligtinge binne 'n vasgestelde tyd uit te voer. Indien die betrokke stedelike plaaslike be= stuur nie aan die skriftelike bevel voldoen nie, kan die Minister, na skriftelike kennisgewing aan die stedelike plaas= like bestuur, self daardie taak verrig en alles doen wat nodig mag wees om sodanige taak te verrig. Vir dié doel word die Minister beklee met al die regte en bevoegdhede wat die ste= delike plaaslike bestuur in verband met die uitvoering van daardie pligte besit.

stadsraad. Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwik= keling het dan ook, deur middel van sy departement herhaalde samesprekings met die stadsraad gevoer oor die toestande om 'n oplossing te probeer vind, dog dit het duidelik geblyk dat daar nooit tot 'n vergelyk gekom sou word tussen die staat en dië stadsraad oor die wyse waarop die opruiming van die gebiede moet geskied nie. Die Minister het daarop besluit om self die oprui= ming van die gebiede deur te voer. Vir hierdie doel het die Minister dit nodig geag om 'n liggaam, die Raad vir die Herves= tiging van Bantoes, daar te stel. Op 30 Junie 1945 het die Wet vir die Hervestiging van Bantoes[15)] van krag geword.

Die doeltreffende wyse waarop die sentrale regering deur mid= del van die Raad vir die Hervestiging van Bantoes sy beleid uit= gevoer het, toon dat die stelsel van suiwer staatsbeheer 'n doel= treffender stelsel is as die stelsel van beheer deur plaaslike owerhede, wat beheer kan word deur 'n politieke party wat nie die beleid van die sentrale regering positief steun nie. In hierdie dekade waarin die positiewe deurvoering van afsonderlike ontwik= keling dringend noodsaaklik geword het, moes daar dus gepoog word om die beheer en administrasie van Bantoes in Blankbeheerde ge= biede buite die invloedsfeer van verskillende politieke partye te laat geskied, sodat dit nie vertraag of gedwarsboom kan word deur opponerende en andersdenkende plaaslike owerhede nie.

Die suksesvolle uitvoering van die Bantoebeleid oor die algemeen vereis as noodsaaklike voorwaarde 'n eenvormige beheer oor die Bantoes in die algemeen en die stedelike Bantoe in die besonder.

---

15) Wet no. 19 van 1954.

Met die aanname van die Stadsgebiede Wet in 1923 was die sen=trale owerheid, in beleid sowel as in administrasie, nog nie be=voeg of gereed om stedelike Bantoeadministrasie ook te behartig nie, en daarom is dit aan plaaslike owerhede oorgelaat. Omstan=dighede het verander, Bantoebeleid het ontwikkel en in 'n toe=stand beland waar dit veel groter eise vir die uitvoering daar=van stel as 'n halwe eeu gelede. Daarby moet in aanmerking ge=neem word dat Bantoebeleid vandag in meerdere mate in die poli=tieke arena verkeer, en dat die suksesvolle uitvoering daarvan dikwels plaaslike owerhede daarheen meesleur. "Terwyl die sen=trale owerheid nou die beleid neerlê, en die uitvoering daarvan op die stedelike terrein as basiese onderdeel van die groter ge=heel aan 'n verskeidenheid plaaslike owerhede oorlaat, kan die gewenstheid daarvan reeds bevraagteken word."[16)]

Wanneer 'n plaaslike owerheid beheer word deur 'n ander party as die regerende party in die parlement, bestaan ook die moontlik=heid dat sodanige plaaslike owerheid net politiek eendersdenkende amptenare in beheer van hulle Departement Nie-Blankesake sal aanstel. Daar sal ook deur sodanige plaaslike owerhede gepoog word om, ten spyte van die wetlike voorsiening wat daar in artikel 22 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, gemaak is om munisipale administrateurs te beskerm, politiek-andersdenkende amptenare wat die staatsbeleid positief uitvoer, te beïnvloed of te verhinder in die uitvoering van hulle pligte, of hulle werks=omstandighede so te bemoeilik dat die amptenare verplig voel om te bedank. Artikel 22(1) van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsoli=dasiewet, 1945, bepaal ook uitdruklik dat die amptenare wat deur 'n plaaslike owerheid aangestel is om 'n lokasie, Bantoedorp of Bantoetehuis te bestuur sowel as die beampte wat aan die hoof

---

16) Henning, op. cit., p. 286.

staan van die departement Nie-Blankesake van 'n plaaslike ower= heid nie hulle dienspligte kan aanvaar voordat hulle nie eers op die voorgeskrewe wyse 'n lisensie, uitgereik deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, ontvang het nie.

Die doel met die lisensiëring van die superintendente of bestuur= ders is enersyds om toe te sien dat die amptenare die staatsbe= leid sal uitvoer en andersyds om die amptenaar te beskerm teen onbillike optrede deur die plaaslike owerhede indien hy met hul= le in botsing sou kom vanweë die uitvoering van sy statutêre plig= te. Volgens artikel 22 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasie= wet, 1945, word 'n bestuurder verplig om aan die stedelike plaas= like owerheid enige onreëlmatigheid wat onder sy aandag kom, te rapporteer. Binne sewe dae na ontvangs van die rapport moet 'n afskrif daarvan aan die sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gestuur word. Hierdie bepaling het bestuurders van Nie-Blankesakedepartemente in 'n nog moeiliker posisie geplaas, aangesien dit daarop neerkom dat hulle hulle werkgewers by hulle lisensiegewers of sentrale regering moes rapporteer indien hulle werkgewers nie die staatsbeleid van afsonderlike ontwikkeling wou deurvoer nie. Deur die administrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede buite die invloedsfeer van plaaslike owerhede te laat geskied sal die halfhartige uitvoering van staatsbeleid deur amp= tenare wat vrees dat hulle loopbane geskaad sal word indien hulle teen die wense van die plaaslike owerhede handel, geheel en al uitgeskakel word. Verder sal die gevaar dat stadsraadslede amp= tenare beïnvloed in die uitvoering van die beleid van afsonder= like ontwikkeling ook geneutraliseer word. Riekert verklaar tereg: "Hierdie inmenging van stadsraadslede in die administrasie van Naturelle in 'n stadsgebied is 'n verdere rede waarom dit nood= saaklik is dat stedelike naturelle-administrasie nie deur plaas=

like besture behartig behoort te word nie".[17]

Die tekort aan bevoegde en opgeleide Bantoeadministrasie-amptenare is ook 'n struikelblok in die uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling, want, sê Riekert: "Die suksesvolle toepassing van die wet en regulasies hang ten nouste saam met die amptenaar wat dit moet uitvoer".[18] Ook het die situasie ontstaan dat die groot persentasie bekwame amptenare in diens staan van die groot kapitaalkragtige plaaslike owerhede aangesien kleinere plaaslike owerhede dit nie kan bekostig om opgeleide amptenare aan te stel nie. Die kommissie wat aangestel is om ondersoek in te stel na die Paarl-onluste, het dan ook bevind dat "... suitably qualified men are unlikely to accept employment with a small local authority which can offer them little opportunity for promotion".[19] Indien Bantoeadministrasie in Blankbeheerde gebiede egter op 'n streeksbasis kan geskied, sal dit verseker dat die opgeleide amptenaar se kragte aangewend kan word in 'n groter gebied, dit wil sê ook in die gebied van die kleiner plaaslike bestuur.

Wanneer daar gedink word aan die funksie en verantwoordelikheid van plaaslike owerhede ten opsigte van die Bantoebevolking in Blankbeheerde gebiede, moet die fundamentele doelstellings van plaaslike bestuur nie uit die oog verloor word nie. Dit is naamlik om die ideale en aspirasies van mense so te vertolk en die onderlinge maatskaplike verhoudings so te reël, dat die hele gemeen=

---

17) Riekert, op. cit., 1963, pp. 107-108.
18) Ibid., p. 139.
19) Report of the commission appointed to inquire into the events on the 20th to 22nd November 1962 at Paarl and the causes which gave rise thereto, p. 13.

skap saam kan optree ter verwesenliking van hulle gemeenskaplike oogmerke. Hierdie basiese funksies word uiters moeilik, en in die geval van die Republiek van Suid-Afrika, feitlik onmoontlik wan= neer die lewenswyse en die algemene kulturele agtergrond van die groepe onder die beheer van een plaaslike bestuur so uiteenlopend is dat daar, op die primêre vlak altans, weinig of geen sprake van gemeenskaplike ideale en aspirasies kan wees nie. Groot ste= delike plaaslike besture het met ernstige vraagstukke te kampe omdat die bevolkingselemente wat in fundamentele opsigte van mekaar verskil, nie op 'n streeksbasis geskei is nie, en stad en platteland dus nie in een gemeenskaplike kultuur geïntegreer is nie. Die aanwesigheid van al die etniese groepe in dieselfde dorp of stad, onder een plaaslike bestuur, het die taak van die plaaslike owerheid so ingewikkeld gemaak dat hy nie by magte was om dit te hanteer nie. Die sentrale regering het in heelwat aspek= te ingegryp om chaos uit die weg te ruim of te voorkom. Die be= langrikste take ten opsigte van die Bantoebevolking in Blankbe= heerde stedelike gebiede is dan ook vandag gesamentlike onderne= mings van die sentrale en plaaslike owerhede.

Weens die snelle aanwas in getal van die Bantoes in Blankbeheer= de gebiede en die feit dat die Bantoes in die toekoms die ver= stedelikingsproses al meer sal oorheers, word dit vir die plaas= like besture al moeiliker om hulle funksies te vervul, en is die toenemende deelname van die sentrale regering in plaaslike aan= geleenthede onvermydelik. Die Blankes sal binne die volgende paar dekades onbeduidende minderhede in die stedelike gebiede in Blankbeheerde gebiede vorm met verreikende maatskaplike, ekono= miese en politieke implikasies. Die toekomstige stedelike ontwik= keling moet dus bewustelik en drasties in die rigting van die Bantoetuislande gestuur word. Die sentrale regering het reeds die weg aangewys en die ekonomiese take vir die land as geheel duidelik omlyn. Die patroon is een van skeiding van die rasse=

groepe op 'n breë gebiedsbasis sodat stad en platteland binne dieselfde etniese en kulturele verband sal wees. Hierdie nuwe wending sal belangrike implikasies hê vir die bestaande stede en dorpe in Blankbeheerde gebiede waar die bevolkingsamestelling nog uiters heterogeen is. Indien plaaslike owerhede dus op 'n streeksgrondslag georganiseer word, kan byvoorbeeld streeksdorpe in die Bantoetuislande ontwikkel word. 'n Enkele plaaslike ower=heid sal nie by magte wees om dorpstigting in die Bantoetuis=lande te onderneem nie weens finansiële beperkinge.

Daar is ook bevind[20] dat die instromingsbeheervraagstuk van Bantoes na Blankbeheerde gebiede nie soseer 'n misdaadvraag=stuk is nie. Hoewel statutêre voorsienings, polisie-optrede en vervolgings die toestand redelik onder beheer hou, bied dit nie die oplossing nie, omdat mense se optrede deur maatskaplike en ekonomiese faktore beïnvloed word eerder as deur 'n verbod wat deur wet en regulasies voorgeskryf word. Hierdie bevinding word deur Coetzee onderskryf wanneer hy verklaar: "Instromingsbeheer sonder voldoende werkgeleenthede en moontlikhede om aan die Bantoekant van die grens net so veel, en net so maklik en net so gereeld te verdien kan die stadswaartse trek van die Bantoe nie verhelp nie... Die korrekte volgorde moes gewees het ekonomiese ontwikkeling en verdienmoontlikhede en daarna wette - indien laasgenoemde nog nodig sal wees".[21]

Aangesien die instromingsbeheervraagstuk dus hoofsaaklik 'n so=sio-ekonomiese vraagstuk is, kan dit alleen opgelos word deur

---

20) Serfontein. Instromingsbeheer in stedelike Bantoeadministra=sie, p. 152.
21) Enkele gedagtes oor die ontwikkeling van die Unie se Bantoe=gebiede, p. 8.

elke Bantoetuisland sosio-ekonomies uit te bou om 'n heenkome aan 'n optimum aantal onderdane te verskaf. Stedelike Bantoe=administrasie op 'n streeksbasis kan met die nodige fondse tot hulle beskikking 'n belangrike bydrae lewer om voldoende werk=geleenthede in die Bantoetuislande te voorsien.

Die administrasie van die Bantoes in die Blankbeheerde stede=like gebiede moet aanvullend wees tot dié in die tuislande en, gesien teen die diversiteit in die toepassing van die beleid deur verskillende plaaslike owerhede, kan daar weinig sprake wees van 'n tuislandgerigte stedelike Bantoeadministrasie. Ten=sy een instansie verantwoordelik is vir beleid en beheer, sal daar ook nie werklik aanvullende administrasies van die Bantoes in die Blanke dorpe en Bantoetuislande kan wees nie. Om die probleem van uiteenlopende beleidsvertolkings en 'n diversiteit van beleidsuitvoerende maatreëls te voorkom beveel Henning aan dat daar gesoek moet word na een of ander vorm van plaaslike bestuur van stedelike Bantoeaangeleenthede, waardeur 'n groter mate van eenvormigheid verkry kan word. As 'n moontlike oplos=sing van die probleem stel Henning dan voor: "Bantoeadministra=sie op 'n streeksbasis. Op min of meer 'n soortgelyke wyse as wat streekswoonbuurtes georganiseer en beheer word, kan stedelike Bantoeadministrasie as geheel verder gesentraliseer en ontwikkel word om alle aspekte daarvan in te sluit".[22)]

Op 22 Mei 1965 het die huidige Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling 'n interdepartementele komitee aangestel om ondersoek in te stel na die toepassing van beheermaatreëls en

---

22) Henning, op. cit., p. 311.

aanverwante aangeleenthede ten opsigte van Bantoeadministrasie in Blankbeheerde gebiede. Hierdie komitee het gedurende 1967 hulle ondersoek voltooi en in hulle verslag onder andere aanbe= veel dat "... regulasies uitgevaardig word om onder andere die beweging van werkers en die kanalisering van werksoekers binne die Blankegebied op 'n distriks- en bedryfsgrondslag te regu= leer".[23)]

Op 27 Februarie 1968 is daar verder 'n private mosie[24)] by die Volksraad ingedien, waarin die regering versoek is dat die be= heer en bestuur van Bantoeadministrasie deur plaaslike ower= hede deur 'n raad of rade onder toesig van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling oorgeneem word.[25)] In dié mosie is daarop gewys dat die Republiek van Suid-Afrika tans staan voor die tweede fase van die regering se Bantoebeleid, naamlik die terugvloei van Bantoes na hulle eie gebiede. Verder is verklaar dat die nodige maatreëls vir die doeltreffende toe= passing van die regering se Bantoebeleid in die Blankbeheerde stedelike gebiede lank reeds op die wetboek geplaas is. Dit het egter geblyk dat die stadsrade van Johannesburg, Kaapstad, Durban en Port Elizabeth - wat deur die Verenigde Party beheer word - soms doelbewus daarop uit was (is) om regeringsbeleid te onder= myn. Gedurende die bespreking van die mosie het dit ook duidelik

---

23) Republiek van Suid-Afrika, Departement van Bantoe-administra= sie en -ontwikkeling. Verslag van die interdepartementele komitee insake beheermaatreëls, 1967, p. 114.
24) Ingedien deur mnr. G.P.C. Bezuidenhout, L.V. vir Brakpan.
25) Die Transvaler, Woensdag, 28 Februarie 1968; Die Vaderland, Woensdag, 28 Februarie 1968; The Cape Times, Wednesday, 28th February 1968; Rand Daily Mail, Wednesday, 28th Februa= ry, 1968 en The Star, Wednesday, 28th February, 1968.

geword dat nie net plaaslike owerhede wat beheer word deur 'n ander party as dié wat die regerende party in die sentrale orgaan is, hulle skuldig maak aan negatiewe deurvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie, aangesien daar ook 'n aanval teen die administrasie van Bantoes deur die plaaslike owerheid van Bloemfontein gedoen is.[26)] Konflik kan dus ook ontstaan tus= sen staat en plaaslike owerhede, al word die plaaslike owerheid beheer deur dieselfde party as die regerende party in die sen= trale orgaan. Eie belang, ekonomiese motiewe en wedywering tussen twee naburige plaaslike besture kan as moontlike motiewe aange= voer word waarom 'n plaaslike bestuur die beleid van die sentra= le regering nie so kragdadig uitvoer as wat van hom verwag word nie, of dat hy selfs direk teenstrydig met die beleid optree. Daar is dus in die mosie gepleit vir die instelling van 'n goed= gesinde raad of rade wat die beleid van afsonderlike ontwikkeling onder beheer van die Departement van Bantoe-administrasie en -ont= wikkeling doeltreffend kan deurvoer.

'n Belangrike uitvloeisel wat wel gevolg het op die aanbevelings van die Interdepartementele Komitee insake Beheermaatreëls, 1967, sowel as op die privaat mosie op 27 Februarie 1968 was die opstel= ling van 'n konsepwetsontwerp om voorsiening te maak vir die in= stelling van Rade op Bantoearbeid om voorsiening te maak vir wy= sigings aan die Wet op Bantoearbeid, 1964, en om voorsiening te maak vir ander bykomstige aangeleenthede.

---

26) Die Burger, Woensdag, 28 Februarie 1968.

## 5.2 Bantoearbeidsrade

Ingevolge die konsepwetgewing[27] sal dit moontlik wees om 'n Bantoearbeidsraad in te stel vir enige gebied, wat een of meer voorgeskrewe gebiede[28] of gedeeltes daarvan of gebiede buite voorgeskrewe gebiede kan insluit. Dit is beoog dat so 'n Ban= toearbeidsraad normaalweg sou bestaan uit 'n landdrosdistrik wat dus 'n stedelike en 'n landelike gebied kan insluit. So 'n Bantoearbeidsraad sou bestaan uit 'n staatsamptenaar as voorsit= ter, asook verteenwoordigers van 'n plaaslike owerheid of ower= hede, die boeregemeenskap en ander werkgewers wat in die raadsge= bied ingesluit word. Die hooffunksie van 'n Bantoearbeidsraad was om te besin oor beleidsake betreffende Bantoearbeid vir 'n bepaalde werksoort in sy gebied. Die Raad sou, egter geen regs= bevoegdheid hê ten opsigte van sake soos die behuising van werk= gewers en lokasieadministrasie nie.

Die besluite van die Bantoearbeidsraad moes uitgevoer word deur die bestaande munisipale of staatsarbeidsbeamptes dog voorsiening is ook gemaak vir die aanstelling, indien nodig, van sy eie per= soneel of vir die toewysing tot sy diens van staats- of munisipa= le amptenare met die nodige instemming van die betrokke owerhede. Deur die wetgewing is ook beoog om die uitruiling van arbeid tus= sen dorp en distrik te vergemaklik. Die wetsontwerp sou daarbene= wens ook arbeidsbeheer op 'n bedryfsbasis in plaas van op die ba=

---

27) Raadpleeg Bylae A oor die detail van die Wetsontwerp.
28) 'n Voorgeskrewe gebied is in terme van artikel 9 bis (2) van Wet no. 25 van 1945 "... elke stadsgebied, indien nie reeds by 'n voorgeskrewe gebied ingesluit nie en elke gebied voor die inwerkingtreding van hierdie artikel kragtens sub-artikel (1) van artikel drie-en-twintig geproklameer".

sis van individuele werkgewers of volgens voorgeskrewe en nie-voorgeskrewe gebiede bevorder. Daar is ook herhaaldelik beklem=toon "... dat die grootste oorweging by die maatreël is dat die=gene wat Bantoes in diens neem, self betrek moet word om binne die patroon van beleid sy probleme uit te stryk".[29)]

Daar is ook gehoop dat kleiner plaaslike owerhede wat probleme ondervind om hulle beheermasjinerie te finansier, aansienlik sou baat deur die beoogde maatreël terwyl die las van landdroste en Bantoesakekommissarisse wat ook met die sake van ander departe=mente belas is, aansienlik verlig sou word betreffende arbeids=aangeleenthede. Nouer samewerking met Bantoeowerhede is ook in die vooruitsig gestel deur die konsepwetgewing.[30)]

As verdere motivering vir die konsepwetgewing op Bantoearbeids=rade is aangevoer dat klagtes van boere dat hulle hulle arbeid aan stedelike gebiede verloor, oorkom sou word deur hulle 'n aan=deel te gee in die reëling van arbeidsaangeleenthede. Daar is ook beweer dat die Bantoearbeidsrade nie adviserend van aard kan wees nie, aangesien dit dan nutteloos sou wees. Daar is derhalwe mag=te aan die rade toegesê sodat hulle die publiek kon kondisioneer om te aanvaar dat Bantoearbeid nie meer maklik bekombaar is nie en derhalwe effektief benut moet word.[31)]

---

29) Instituut van Administrateurs van Nie-Blankeaangeleenthede (Suidelike Afrika). Notule van bespreking wat 'n sub-komitee (aangestel deur die Instituutraad op 9 Februarie) op Dinsdag 13 Februarie 1968 met die Adjunksekretaris (Bantoe-arbeid) in Pretoria gehad het, p. 4.
30) Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Dek=kende diensbrief no. N113/49, insake die Wysigingswetsontwerp op Bantoe-arbeid 1968: Bantoearbeidsrade.
31) Institute of Administrators of Non-European affairs (Southern Africa). Record of discussions in the Board room of the Non-European Affairs Department, Pretoria, on Friday, 19th January 1968, p. 5.

Gedurende 'n bespreking van die konsepwetgewing het dit ook ge=blyk dat daar 'n leemte aan eenvormigheid van beleidsuitvoering bestaan, en om hierdie rede dink die staat reeds geruime tyd daaraan om stedelike Bantoeadministrasie oor te neem. Aangesien oorname van stedelike Bantoeadministrasie nie onmiddellik ge=implementeer kon word nie, moes daar intussen 'n tipe van "wag=hond"-instansie geskep word om te verseker dat die beleid uit=gevoer word.[32)]

### 5.2.1 Redes waarom die konsepwetgewing op Bantoearbeidsrade nie 'n oplossing bied vir doeltreffender administrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede nie

By monde van die Adjunk-Sekretaris (Bantoearbeid en Dokumenta=sie) van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikke=ling is, soos reeds vermeld, verneem dat "... die grootste oor=weging by die maatreël is dat diegene wat Bantoes in diens neem, self betrek moet word om binne die patroon van beleid hulle pro=bleme uit te stryk".[33)] Geen probleme sal egter hierdeur opgelos word nie. Dit word inteendeel voorsien dat selfs meer probleme geskep sal word, aangesien dit verwag kan word dat werkgewers=groepe, uit die aard van hulle belange, 'n subjektiewe uitkyk oor Bantoearbeid moet en sal hê. Daar kan ook geen waarborg be=staan dat sulke persone die invoer van arbeid in 'n stadsgebied altyd in verband sal bring met die beskikbaarheid al dan nie van huisvesting nie. Ook moet daarop gewys word dat daar natuurlik ook geen waarborg sal bestaan dat werkgewersgroepe wat op Bantoe=

---

32) Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede (Suidelike Afrika). Vergadering van Transvaalse Provinsiale afdeling, gehou op 26 Januarie 1968 te Johannesburg, p. 2.
33) Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede, op. cit., 13.2.1968, p. 4.

arbeidsrade sitting sal hê, met die "patroon van die beleid" vertroud sal wees of trouens bereid sal wees om sodanige beleid streng uit te voer nie.

Dit moet aanvaar word dat, vir die doelmatige administrasie van Bantoes in Blankbeheerde stedelike gebiede, die verskaffing van huisvesting en die seggenskap en beheer oor die binnekoms en re=gistrasie van Bantoes in daardie gebied onafskeidbaar verbonde is. Swanepoel onderskryf ook hierdie stelling wanneer hy verklaar dat: "... die besware prinsipieel van aard is, aangesien behui=sing en arbeid geskei word. Die voorgestelde wetgewing was dua=listiese wetgewing, en nóg amptenaar nóg plaaslike bestuur sal weet waar hy staan, aangesien daar dan nog 'n outoriteit in die lewe geroep sal word".[34)]

Bestaande wetgewing bevat reeds voldoende bepalings[35)] ingevolge waarvan die Direkteur van Bantoearbeid munisipale arbeidsburo's kan verplig om arbeidsaangeleenthede in sy gebied ooreenkomstig staatsbeleid te bestuur en te beheer. Waar alle personeel ver=bonde aan munisipale arbeidsburo's werknemers van die arbeidsraad sou word, en dus moet optree volgens opdragte van die arbeidsraad en nie meer volgens opdragte ontvang van die persoon gelisensieer deur die Minister om 'n Afdeling Nie-Blankesake te beheer en be=stuur nie, kan dit tot algehele chaos in die toepassing van wet=gewing ten opsigte van Bantoeadministrasie lei, veral as nog boon=

34) Swanepoel. Notule van bespreking wat 'n afvaardiging van die Verenigde Munisipale Bestuur op 22 Februarie 1968, in Marks=gebou, Kaapstad, met Sy Edele die Adjunk-Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, p. 1.;
Vergelyk ook Riekert, op. cit., 1963, p. 209.
35) Artikel 22(1) ter van Wet no. 25 van 1945.

op in ag geneem word dat, volgens die voorgestelde wysiging van artikel 28(1)(ee) van die Wet op Bantoearbeid verskillende regu= lasies vir verskillende arbeidsburo's binne so 'n Bantoearbeids= raad se gebied gemaak kan word. Die Bantoes sal dan nog minder 'n beeld kan vorm van die bepalings waaraan hulle moet voldoen.

In die konsepwetgewing word dit ook gestel dat die hooffunksie van die Bantoearbeidsrade is om te besin oor beleidsake betref= fende Bantoearbeid vir 'n bepaalde werksoort in sy gebied. Die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, asook plaaslike besture, het egter bestaande administratiewe masjine= rie met genoegsame kennis en ervaring om oor hierdie aangeleent= heid raad te gee. Bantoearbeidsaangeleenthede het reeds 'n hoogs gespesialiseerde terrein geword, en in die hantering daarvan be= hoort staatsbeleid en -doelwitte steeds in gedagte gehou te word. Om werknemersgroepe en Bantoearbeidsrade by mekaar te voeg, sal dus beteken dat gespesialiseerde kennis en ervaring oorboord ge= gooi word en staatsbeleid en -doelwitte bemoeilik word deur die subjektiewe benadering van diegene wat by Bantoearbeid belang het.

Indien die bronne van inkomste wat deur die staat in verband met arbeidsreëlings geskep is, in die gevalle van sommige kleiner plaaslike besture onvoldoende is, dan moet die prys wat Blanke werkgewers vir Bantoearbeid moet betaal, die onderwerp van be= studering word, liewer as om splinternuwe liggame soos Bantoe= arbeidsrade te skep wat eweneens op 'n finansiële verlies kan werk, veral indien hulle tog op dieselfde bronne van inkomste aangewys sal wees. Indien hulle nuwe bronne van inkomste sal hê, kan daardie bronne insgelyks aan die bestaande instansies beskik= baar gestel word om hulle rekenings te laat balanseer.

Daar kan ook nie gesien word hoe die las van landdroste en Bantoesakekommissarisse in verband met Bantoearbeidsaangeleent= hede deur die instelling van Bantoearbeidsrade verlig sal word nie. Dit is die skrywer hiervan se oorwoë mening dat hulp eer= der aan hulle gegee moet word deur 'n helderder omlyning van beleid deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ont= wikkeling en tweedens deur groter gedelegeerde magte aan geli= sensieerde munisipale amptenare om aangeleenthede af te handel. Die instelling van Bantoearbeidsrade sal vir hierdie amptenare meer druk beteken, aangesien dit 'n addisionele bron van gesag sal wees wat opdragte kan uitreik.

Waar dit 'n taak van die Bantoearbeidsrade is om die publiek te kondisioneer om te aanvaar dat Bantoearbeid nie meer maklik bekombaar is nie, is dit egter die beskouing dat die publiek lankal reeds hierdie situasie besef, maar sal voortgaan met eise om meer arbeid vir solank daar 'n liggaam of instansie is waardeur hy sodanige arbeid kan verkry. Indien daar daadwerklik wal gegooi moet word teen die ligtelike "invoer" van Bantoear= beid na stedelike gebiede, sou veel meer bereik word deur 'n statutêre studiegroep wat kan bepaal wat die redelike arbeids= vereistes van nywerhede en industrieë is. Versekering van die mees doeltreffende benutting van Bantoearbeid deur hierdie ka= naal, sal met baie meer sukses bekroon word as wat die geval sal wees met die newelagtige invloed van die voorgestelde Bantoe= arbeidsrade.

Die bron van die beleid ten opsigte van die stedelike Bantoe= administrasie is die sentrale regering. Die verantwoordelikheid om beleid te formuleer berus by die regering of die sentrale owerheid. Die plaaslike owerhede tree slegs as agente van die sentrale owerheid op vir sover dit stedelike Bantoeadministrasie

betref. Dit was die posisie in 1923 met die aanname van die eerste Stadsgebiede Wet en ook in 1961 met die inwerkingtreding van die nuwe grondwet.[36] Dit word aanvaar dat heelwat probleme voortspruit uit gebrek aan eenvormigheid in die toepassing van staatsbeleid deur plaaslike owerhede. Die staat is dus volkome geregtig om die Bantoeadministrasiefunksies wat deur plaaslike besture namens die staat verrig word, terug na eie geledere te bring. Daar bestaan egter ernstige twyfel of die voorgestelde Bantoearbeidsrade sodanige eenvormigheid sal verseker. Hulle mag dit wel verseker in hulle eie gebiede, maar die geleentheid vir verskillende optrede deur verskillende rade is waarskynlik groter as wat dit die geval is tussen verskillende plaaslike be=sture. Uit bogenoemde feite blyk dit dus duidelik dat daar na 'n meer doeltreffende masjinerie vir stedelike Bantoeadministrasie gesoek moes word wat dan noodsaaklikerwys volle beheer moes oor=neem oor alle aspekte van stedelike Bantoeadministrasie.

### 5.3 <u>Ministeriële opdrag aan die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke aangeleenthede en die ontstaan van Bantoesa=ke-administrasierade</u>[37]

Tydens 'n onderhoud van die Verenigde Munisipale Bestuur en die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede met die gewese Adjunk-Minister dr. P.G.J. Koornhof en amptenare van

---

36) Artikel III, Wet no. 32 van 1961.
37) Gegewens en inligting oor die afdeling is hoofsaaklik verkry uit verskillende lêers van die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede sowel as uit persoonlike onder=houde wat gevoer is met lede van die sub-komitee van die Instituut wat die aangeleentheid van groter beheergebiede moes ondersoek en verslag daaroor moes doen.

die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling op 30 September 1968 te Pretoria, is die Instituut versoek om aan die Adjunk-Minister verslag te doen oor die manier waarop gro= ter beheergebiede daargestel kan word binne die raamwerk van be= staande wetgewing en sonder die instelling van Bantoearbeids= rade. Die gewese Adjunk-Minister het dit pertinent gestel dat hy 'n stelsel verlang wat 'n goed beheerde arbeidspatroon met sekuriteit van arbeid aan die werkgewer en aan die Bantoewerker en die verwydering van oortollige en onwettige arbeid sal ver= seker.

Gedurende die onderhoud het dit duidelik geword dat die Depar= tement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling nog steeds die mening toegedaan was dat die antwoord op hierdie probleme soos tevore in die volgende rigtings gevind moet word:

(a) Die samevoeging van dorp en distrik vir doeleindes van arbeidsvoorsiening en benutting en om bestaande beheerinstansies in so 'n gebied van die huidige paar beheerinstansies na slegs een beheerinstansie, te wete 'n arbeidsraad, te verminder. Anders gestel: terwyl groter arbeidsgebiede voorgestaan word ten einde bot= sende belange tussen dorp en distrik te vereenselwig, bevind die Departement dat dit noodsaaklik is dat 'n sentrale beheerliggaam in die vorm van 'n arbeidsraad daargestel word.

(b) Die Departement meen ook dat by die toekenning van groter beweeglikheid aan die Bantoe om sy arbeid in die groter arbeidsgebied te verkoop, hy sekere van sy "regte" onder artikel 10 van die Bantoe (Stads= gebiede) Konsolidasiewet, 1945, moet prysgee.

Na aanleiding van die Adjunk-Minister se opdrag het die Instituut=raad op 22 November 1968 'n sub-komitee benoem om die aangeleent=heid van groter beheergebiede te ondersoek en verslag daaroor te doen. Die sub-komitee het verskillende besprekings gehou met groepe munisipale administrateurs van Bantoeadministrasie wat byeengekom het te Germiston, Welkom, Kaapstad en Durban, en die sub-komitee het daarin geslaag om 'n duideliker beeld te vorm in verband met arbeidsprobleme in die algemeen en oplossings in die rigting wat deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en die Adjunk-Minister beoog word.

5.3.1 <u>Gevolgtrekkings waartoe die sub-komitee gekom het</u>

Die sub-komitee het dit belangrik geag om reg aan die begin te konstateer dat munisipale beamptes, sonder uitsondering, sterk ten gunste van groter beheergebiede vir Bantoeadministrasie in Blankbeheerde gebiede is. Alhoewel daar geen tekens gevind is van grootskaalse opdamming van arbeid in voorgeskrewe gebiede nie, is daar algemene ooreenstemming dat groter beheergebiede tot beter voorsiening en benutting van Bantoearbeid sal lei, wat op hulle beurt verdere toestroming van Bantoes na die Blank=beheerde gebiede tot 'n minimum sal beperk.

Daar is ook bevind dat streeksbeheer 'n ontsaglike bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van die Bantoetuislande as deel van die uitbouing van staatsbeleid, met ander woorde die daarstelling van daadwerklike skakels met Bantoetuislande in verband met arbeidsvoorsiening aan Blankbeheerde gebiede en die benutting daarvan binne sodanige gebiede. Die instelling van groter beheer=gebiede moet permissief wees, want die behoefte vir die instelling van sodanige gebiede verskil van plek tot plek. Faktore wat wel in

aanmerking geneem moet word, is onder andere die geografiese ligging van die gebiede, die loonstruktuur van toepassing in sodanige gebiede en die geaardheid van die gebiede, naamlik of hulle nywerheidsintensief of net residensieel is.

Samevoeging van dorp en distrik, of van twee of meer dorpe en hulle distrikte, of enige ander kombinasie van aangrensende gebiede vir doeleindes van streeksbeheer, kan binne die bestek van bestaande wetgewing op een van die volgende wyses geskied:

(a) Groter beheergebiede wat meer as een voorgeskrewe gebied kan insluit en waarin die Minister 'n plaaslike bestuur of ander instansie kan aandui wat regsbevoegdheid in sodanige gebied sal hê kragtens artikel 9 bis van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945. Artikel 9 bis voorgeskrewe gebiede, wat 'n paar voorgeskrewe gebiede insluit, bestaan reeds veral in Kaapland maar ook in Transvaal en funksioneer met groot sukses. In so 'n geval beteken dit dat 'n plaaslike bestuur aangewys word om as "moeder-liggaam" vir alle aspekte van die administrasie van Bantoes in die groter gebied op te tree.

(b) Vrywillige samewerking ingevolge ooreenkomste aangegaan kragtens artikel 40 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945. Enkele streekswoonbuurtes, soos Tembisa en Soweto, vir naburige stedelike gebiede het reeds volgens ooreenkomste tot stand gekom. Aansienlike sukses is daarmee behaal, en dienste wat andersins geduplisseer sou word, is uitgeskakel. Deur so 'n sentralisasie van Bantoewoonbuurtes word naas besparing van kapitaal ook nog die bont voorkoms van die sogenaamde Blank=

beheerde gebiede tot 'n groot mate verander. Hierdie nuwe rigting in die beplanning en admini= strasie van Bantoewoonbuurtes is egter op 'n sta= dium begin toe dit reeds te laat was. Bestaande Bantoewoonbuurtes kan nie sonder geweldige kapitale verliese op 'n streeksbasis omvorm of gesentraliseer word nie. Slegs nuwe uitbreidings sal in daardie rigting kan geskied. Die sub-komitee van die Insti= tuut het egter tot die gevolgtrekking gekom dat, al= hoewel artikel 40 - ooreenkomste ten opsigte van Bantoebehuising tot dusver uitstekend gewerk het, dit betwyfel word of streeksbeheer deur onderlinge ooreenkomste suksesvol sal funksioneer.

(c) Die daarstelling van 'n statutêre liggaam te wete 'n bestuursraad kragtens artikel 40 bis van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945. Volgens artikel 40 bis kan twee of meer plaaslike besture met mekaar of met die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling saamwerk by die uitvoering of nako= ming van enige of al die bepalings van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, die Bantoearbeid Regelingswet, 1911, en alle regulasies wat daarkrag= tens uitgevaardig is en betrekking het op die afson= dering, aanlê en bestuur van Bantoewoonbuurtes. Ar= tikel 40 bis maak verder voorsiening vir die instelling van bestuursrade, indien sodanige samewerking deur die betrokke Minister goedgekeur word. So 'n bestuursraad het dieselfde pligte, magte, funksies en bevoegdhede as 'n plaaslike bestuur ten opsigte van die Bantoes in die gebied waarvoor dit ingestel is. Naas groter een= vormigheid in stedelike Bantoeadministrasie kan deur so 'n stelsel van streeksbeheer ook beter beleidsoor= eenstemmend opgetree word. Deurdat die sentrale owerheid

deur so 'n stelsel 'n direkte skakel met die be= stuursrade verkry, kan stedelike Bantoeadministrasie, wat nou met die ontwikkeling van 'n hele streek ge= koördineer is, makliker tuislandgerig ingestel word. Gedurende die ondersoekperiode van die sub-komitee het daar slegs een artikel 40 bis - bestuursraad by Sebokeng gefunksioneer. Op daardie stadium het die bestuursraad van Sebokeng slegs behuisingsfunksies vervul vir die plaaslike besture van Vereeniging en Vanderbijlpark. Hierdie bestuursraad se funksies is wel later uitgebrei om ook alle aspekte van Bantoe= administrasie vir die onderhawige gebiede in te sluit.

Die sub-komitee het ook tot die belangrike gevolgtrekking gekom dat streeksbeheer volgens watter patroon ook al die volgende voordele inhou:

(a) uniformiteit van administrasie en beheer word onmid= dellik verseker;
(b) daarstelling van een owerheid vir die volle omvang van stedelike Bantoeadministrasie insluitende behuising, ontspanning, gesondheidsdienste, Bantoebier en tuis= landskakeling;
(c) beter voorsiening in die gemeenskapsbehoeftes van die Bantoebevolkings van kleinere dorpe binne die groter gebied;
(d) opruiming van slordige "lokasies" en ander onooglike Bantoewonings langs hoofpaaie, met behoorlike voor= ligting aan die betrokkenes en desnoods lenings aan hulle vir die daarstelling van behoorlike Bantoebehui= sing op geskikte terreine;
(e) finansiële verligting vir kleiner plaaslike besture binne die groter beheergebied en

(f) die aanstelling deur die beheerinstansie van behoor=lik opgeleide en bekwame personeel met redelike diens=voorwaardes vir die streeksbeheer ter vervanging van laag besoldigde en gevolglik ontoereikende personeel waarop veral kleiner plaaslike besture tans aangewe=se is.

Groter arbeidsgebiede leen hulle ook ideaal tot die behoorlike sonering van arbeidsbronne soos voorsien in die regulasies vir die daarstelling van arbeidsburo's in die Bantoetuislande, as=ook tot daadwerklike hulp deur die Blankearbeidsgebied vir die ontwikkeling van die Bantoetuisland vanwaar die gebied sy arbeid trek. Wanneer vaste kanale dan tussen Blanke arbeidsge=biede en bepaalde Bantoetuislande bestaan, kan die staat sy streeks- en distrikarbeidskantore desnoods hersien, aangesien hulle funksie dan in so 'n arbeidsgebied oorbodig mag word. "Arbeidsambassadeurs" tussen tuisland en Blanke arbeidsgebied sal dan die funksie van arbeidsvoorsiening en -beplanning waar=skynlik beter hanteer. Huidige omstandighede skyn aan te dui dat, indien daar opdamming van arbeid is, dit liewer buite voor=geskrewe gebiede as daarbinne gevind word.

Die ondersoek het ook aan die lig gebring dat waar 'n paar voor=geskrewe en gewese nie-voorgeskrewe gebiede in een groter be=heergebied saamgevoeg word, dit steeds noodsaaklik sal wees om 'n arbeidskwotavasstelling vir die boerderybedryf deur 'n komitee van die boerderybedryf daar te stel. Die sub-komitee was ook van mening dat die kwessie van groter beheergebiede nie in verband gebring behoort te word met enige wysiging van artikel 10 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 nie. Artikel 10 behoort aandag te geniet nadat groter beheergebiede wel in prak=tyk daargestel is en miskien vir 'n tyd gefunksioneer het.

'n Laaste gevolgtrekking van die sub-komitee was dat dit gekon= stateer moet word dat algehele teenstand in getuienis ondervind is teen 'n Bantoearbeidsraad soos deur die konsepwetgewing aan die begin van 1968 in die vooruitsig gestel is. Punte van belang wat in hierdie verband geopper is, is die volgende:

(a) Beheer van Bantoearbeid binne 'n groter beheergebied sou deur die daarstelling van 'n addisionele beheerin= stansie soos 'n Bantoearbeidsraad lomp gemaak word in plaas van vaartbelyn.

(b) 'n Oorhoofse beheerliggaam met uitvoerende magte (soos in die konsepwetgewing beoog) mag botsings veroorsaak tussen so 'n liggaam en bestaande beheer= instansies byvoorbeeld munisipaliteite.

(c) Die verskillende tipes personeel[38)] waarmee so 'n in= stansie sal moet werk, kan nie bevorderlik wees vir doeltreffendheid, doelgerigtheid en lojaliteit teen= oor die aangewese beleid nie.

(d) Ondervinding in Wes-Kaapland het getoon dat werkgewers wat 'n stem op 'n arbeidsorganisasie gegee word, gedurig neig om 'n subjektiewe beskouing daarop na te hou, ver= al wanneer hulle ook geraak word; getuienis is aan die sub-komitee gelewer dat die arbeidskomitees wat in Wes-Kaapland bestaan vir die vervanging van Bantoear= beid deur Kleurlingarbeid, in wese ontaard het in 'n platform vir die invoer van meer Bantoearbeid.

---

38) Gesekondeerde munisipale amptenare, gesekondeerde staats= amptenare en eie aanstellings deur die instansies self.

(e) Die Verenigde Munisipale Bestuur, as mondstuk van munisipaliteite, het reeds gedurende Februarie 1968 konsepwetgewing op sterk wyse teengestaan en munisi= pale steun sal dus moeilik vir die voorgestelde ar= beidsrade verkry kan word.

(f) Dit is duidelik dat munisipaliteite bereid is om met die staat saam te werk. Goedgunstigheid is heel duidelik waarneembaar. Wetgewing om hulle te dwing om iets te aanvaar waarvan hulle die noodsaaklikheid en waarde nie kan begryp nie, omdat dit bykomend is en niks vervang nie, skyn dus die risiko te loop om te vervreem waar daar tans entoesiastiese steun bestaan.

(g) Die instelling van die voorgestelde arbeidsrade sal die verdere kompartementering van Bantoeadministrasie, wat as hoogs onwenslik beskou word, tot gevolg hê.

5.3.2 <u>Aanbevelings van die sub-komitee</u>

Die sub-komitee het dit baie pertinent gestel dat die behoefte aan 'n enkele administrasie- en beheerowerheid in groter gebie= de waarin dorp en distrik as 'n eenheid beskou word, vir doel= eindes van stedelike Bantoeadministrasie as doelwit gestel moet word, aangesien beleid ten opsigte van tuislandontwikkeling en die teenwoordigheid van Bantoes in Blankbeheerde gebiede deur so 'n opset baie beter as onder huidige omstandighede bevorder kan word. Die sub-komitee het dit egter beklemtoon dat 'n enkele instansie verantwoordelikheid vir alle aspekte van stedelike Bantoeadministrasie moet aanvaar.

Dit is beklemtoon dat daar nie noodwendig gepoog moet word om een enkele oplossing of <u>pro forma</u> ten opsigte van groter beheer= gebiede te vind wat vir die hele Republiek toepaslik sal wees

nie. Plaaslike omstandighede moes na ondersoek en raadpleging met belanghebbendes bepaal watter tipe sentrale beheerinstansie geskep moet word.

Hoofsaaklik as gevolg van dié aanbevelings van die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede het 'n konsep=wetsontwerp wat voorsiening maak vir groter Bantoebeheergebiede en die daarstelling van Bantoeadministrasierade in sodanige gro=ter gebiede op 22 April 1969 die lig gesien. Na verdere wysi=gings aan die konsepwetsontwerp is die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971,[39)] op 2 Junie 1972 deur die Staatspresident goedgekeur.

5.4 Afbakening van Bantoesake-administrasierade

Gedurende 1971 het die Minister van Bantoe-administrasie en -ont=wikkeling 'n komitee onder voorsitterskap van die voorsitter van die Bantoesakekommissie aangestel wat behulpsaam moes wees met die praktiese toepassing van die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971, met klem op die afbakening van Bantoesake-administrasiegebiede. Om te verseker dat die komitee, beter be=kend as die Bantoesake-administrasierade-implementeringskomitee, verteenwoordigend sou wees van al die verskillende instansies wat direkte belang het by die toepassing van dié Wet, het die Insti=tuut van Stadsklerke, Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede, Instituut van Munisipale Tesoureirs en Reken=meesters, Verenigde Munisipale Bestuur en die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling verteenwoordigers op die komitee gehad.

---

39) Wet no. 45 van 1971.

Met die hou van 'n aantal openbare vergaderings deur die land het die Bantoesake-administrasierade-implimenteringskomitee be=lange groepe soos die georganiseerde landbou, handel en nywer=heid en plaaslike besture geraadpleeg in verband met die afba=kening van Bantoesake-administrasiegebiede.

Wanneer bepaal moet word watter faktore deur die Bantoesake-administrasierade-implementeringskomitee met die afbakening van die verskillende gebiede in ag geneem is, is dit noodsaaklik om vas te stel wat die doel van die staat, die wetgewer, met die wetgewing is. Die tersaaklike doel word baie duidelik uiteengesit deur die Adjunk-Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling wanneer hy verklaar: "... hierdie wetsontwerp moet dus gesien word as 'n opregte soeke na 'n doeltreffende administratiewe stelsel wat hoofsaaklik aan drie vereistes sal moet beantwoord, naamlik:

(a) om groter beweegbaarheid van Bantoe-arbeid te gee,
(b) om 'n doeltreffende administratiewe masjinerie ten opsigte van Bantoesake oor 'n veel groter gebied daar te stel en
(c) om die beste talent vir die bereiking van gemelde doelstellinge gesien uit die oogpunte van kennis van Bantoesake en daadwerklike belang by die Bantoe-arbei=der as -werker - en as mens - in 'n statutêre liggaam saam te snoer".[40)]

Aansluitend by die vorige is dit as 'n duidelike voorwaarde vir

---

40) Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, weeklikse uitgawe no. 5, 1 Maart 1971 tot 5 Maart 1971, kolom 1978.

die instelling van so 'n Bantoesake-administrasieraad gestel dat dit finansieel selfstandig moet wees. Die Adjunk-Minister het dan ook verklaar: "Dit word benadruk dat van rade verwag word om finansieel onafhanklik te wees sodat die Tesourie nie genader hoef te word om fondse nie".[41] Uit die voorgaande is dit dus duidelik dat 'n Bantoesake-administrasiegebied aan vier primêre vereistes moet voldoen, naamlik:

(a) so 'n gebied moet sonder finansiële steun kan bestaan;
(b) die gebied moet hom leen vir groter beweeglikheid van Bantoearbeid;
(c) vir die gebied moet 'n doeltreffende administratiewe masjienerie geskep kan word en
(d) vir die gebied moet 'n doeltreffende statutêre liggaam, vertroud met Bantoesake en wat die Bantoe as werker en as mens positief kan beheer, ingestel kan word.

Die Bantoesake-administrasierade moet gesien word as een van die ratte in die masjien wat te make het met die uitvoering van die staat se beleid van afsonderlike ontwikkeling ten opsigte van die Bantoes in die Republiek van Suid-Afrika. Alhoewel hierdie rade hoofsaaklik handel met die Bantoes in Blankbeheerde gebiede kan dit nie gekompartementeer word as 'n liggaam losstaande van die res van die masjienerie wat daar bestaan vir die uitvoering van die staat se Bantoebeleid nie. Dit was dan ook 'n belangrike as= pek wat wel deeglik in ag geneem was by die indeling van gebiede in administrasiegebiede.

---

41) Ibid., Kolom 1984.

Daar is ook deurgaans gepoog om die verskillende administrasie= gebiede aan 'n Bantoetuisland te laat grens. Dit moet egter aan= vaar word dat dit nie in alle gevalle prakties uitvoerbaar was nie. Dit is as beleid aanvaar dat geen verdere gesinshuisvesting meer in stedelike Bantoewoongebiede opgerig mag word nie, maar slegs huisvesting vir alleenlopers, waar nodig. Verder word al= le ekonomies onproduktiewe Bantoes in voorgeskrewe gebiede in etnies verwante tuislande op 'n gesins- of individuele basis gevestig. Die gesinshuisvesting waarvoor daar in voorgeskrewe gebiede 'n behoefte ontstaan - en in sommige gevalle geld dit ook vir enkelhuisvesting - moet in etnies verwante tuislande opgerig word. Die behoefte aan Bantoearbeid in Blankbeheerde gebiede moet op 'n trekarbeidbasis uit die nabygeleë tuislande aangevul word en wel op so 'n wyse dat die trekarbeider op 'n daaglikse- naweek- of een-naweek-per-maand-basis, by sy gesinsle= de kan wees.

Vir die globale uitvoering van staatsbeleid ten opsigte van die Bantoes in Suid-Afrika, wat kortliks neerkom op die beklemtoning van die tydelikheid van die Bantoes se verblyf in Blanke gebied - en dan slegs ter wille van sy arbeid - en die daarstelling van afsonderlike Bantoevolke, waarvan dié in Blankbeheerde gebiede 'n integrale en onafskeidbare deel vorm, hou die begrensing deur 'n tuisland die volgende voordele[42)] in:

---

42) Potchefstroom, Stadsraad van, Departement Bantoe-aangeleent= hede. Memorandum insake die afbakening van 'n Bantoesake-administrasiegebied in Wes-Transvaal ingevolge Wet 45 van 1971, voorgelê aan die Implimenteringskomitee tydens sy sitting gehou op 3 en 4 November 1971 te Potchefstroom, p. 4.

(a) Die Bantoetuislande kan dien as 'n arbeidsbron vir die administrasiegebied, en aan die vereistes vir trekar= beid soos hierbo gestel, voldoen.

(b) Die beginsel van sonering van arbeid kan veel makliker en wetenskapliker in so 'n gebied toegepas word met al die voordele daaraan verbonde.

(c) Vervoer van "trekarbeiders" op 'n daaglikse, naweek- of maandbasis van en na hulle werkplekke, en huis= vesting kan in so 'n geval veel makliker en goed= koper gedoen word.

(d) Die Bantoesake-administrasieraad kan as agent van die Suid-Afrikaanse Bantoetrust en die betrokke tuisland= regering die ontwikkeling van Bantoedorpe in die aan= grensende tuisland onderneem. Aan plaaslike besture op 'n gesamentlike en individuele grondslag is meer en meer die ontwikkeling van sodanige dorpe in Bantoe= tuislande opgedra. So 'n administrasieraad kan dit met veel minder omslagtigheid doen.

(e) Waar tuislandskakeling, naamlik die skepping van 'n le= wende verband tussen Bantoes in die Blankbeheerde ge= bied en hulle volksgenote in die verskillende tuislan= de 'n funksie nie net van die staat is nie, maar ook van die plaaslike besture, kan dit beter en meer doeltref= fend in so 'n groot gebied deur 'n administrasieraad gedoen word.

Die Bantoebevolkingsamestelling was ook 'n bepalende faktor by die indeling van die administrasieraadsgebiede. Dit sou die ideaal wees om Bantoes behorende tot dieselfde volk in die ge= bied te hê, want daardeur kan die proses van tuislandskakeling en volksbou meer doeltreffend gedoen word. Verder kan groot ar=

beidstevredenheid by Bantoewerkers in die gebied bewerkstellig word en arbeidswerwing vergemaklik word.

Dit was dus noodsaaklik om 'n globale beeld te vorm van aangren= sende gebiede voordat op 'n betrokke indeling besluit kon word. Daar is waar moontlik gepoog om 'n administrasiegebied so in te deel dat dit doeltreffende beheer en administrasie van Bantoes ten gevolg sal hê. Die indeling is ook so gemaak dat daar aan= grensend ook lewensvatbare gebiede kan bestaan. Veral op die platteland was dit van wesenlike belang aangesien groot nie-voor= geskrewe gebiede met feitlik geen inkomste, betrokke was. Die gebiede is dan ook hoofsaaklik by ekonomies sterk gebiede inge= deel.

Met die bogenoemde faktore in ag geneem, is daar 'n Bantoesake-administrasiegebied vir Wes-Transvaal soos volg ingestel:

(a) in die provinsie Transvaal, die distrikte Bloemhof, Christiana, Coligny, Delareyville, Klerksdorp, Koster, Lichtenburg, Marico, Oberholzer, Potchefstroom, Schweizer-Reneke, Swartruggens, Ventersdorp, Wolma= ransstad; en

(b) in die provinsie Kaap die Goeie Hoop, in die distrik Mafeking - Mafekingdorp en -dorpsgrond Grl-18, en die plase Roslin, Maf. Q2-25, New Park, Maf. Q2-24, Heathfield Maf. Q2-28, Westwood Park Maf. Q3-31, Drumard Maf. Q2-23, Knowle Park Maf. Q2-22, Trumpeters Rost Maf. 2-26, Oak Lands Maf. Q2-27, Bugler's Post Maf. Q2-29, Hartbeest Laagte Maf. Q2-30, Sunnyside Maf. Q2-31, Weldon Maf. Q2-32, Fairview Maf. Q2-33, Thorn Dale Maf. Q2-34, Lucy Dale Maf. Q2-16, Good Hope Maf. Q2-17, Bellevue Maf. Q2-35, Victoria Maf. Q2-18,

Sanric Maf. Q2-19, Fresh Water Maf. Q2-13, Hell Gate Maf. Q2-14, Union Jack Maf. Q2-15, Devondale Maf. Q2-1, Lolga Maf. Q2-2, Spring Valley Maf. F3-1 en Rooigrond Gr. 28/1915.[43)]

## 5.5 Die funksionering van Bantoesake-administrasierade met be= sondere verwysing na die Bantoesake-administrasieraad van Wes-Transvaal

### 5.5.1 Die instelling van 'n Bantoesake-administrasieraad

Wanneer daar 'n administrasieraadsgebied deur die Minister goed= gekeur word, verkry die sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling nominasies vir raadslede en sekundi van plaaslike besture, die georganiseerde landbou en handel en nywerheid waar= uit die Minister dan 'n ondervoorsitter, raadslede en plaasver= vangende raadslede aanstel. Dit is belangrik om daarop te wys dat die persone wat genomineer word vir raadslede deur die ver= skillende instansies, persone moet wees wat vertroud is met Ban= toeaangeleenthede. Van staatsweë word 'n senior Bantoesakekommis= saris uit die betrokke administrasiegebied as 'n lid aangestel. Die Minister stel terselfdertyd 'n voorsitter van sy keuse aan.

Die betrokke administrasiegebied word per Goewermentskennisgewing afgekondig en 'n voorbereidingsperiode van ongeveer drie maande word vanaf afkondiging tot inwerkingtreding van die raad toege= laat, terwyl die tyd en plek van die eerste amptelike vergadering van die raad ook daarin bepaal word. Terselfdertyd word die name van die voorsitter, ondervoorsitter, en lede van 'n raad by alge= mene kennisgewing in die staatskoerant bekendgemaak.

---

43) Proklamasie no. 1445 van 18 Augustus 1972.

Gedurende die voorbereidingsperiode belê die voorsitter soveel nie-amptelike vergaderings as wat hy nodig ag om die voorberei= dende werk van die raad af te handel, op voorwaarde egter dat alle raadsbesluite daar geneem, op die eerste amptelike verga= dering van die raad bekragtig word. Gedurende hierdie periode benoem die raad ook 'n waarnemende hoofdirekteur en tref reëlings vir die sekondering van 'n kernpersoneel uit die geledere van plaaslike besture in sy regsgebied om hom by te staan.[44)]

Die waarnemende hoofdirekteur en die kernpersoneel word deur die Raad versoek om 'n volledige konsep van die hele opset van die administrasieraad voor te berei. Die waarnemende hoofdirekteur moet dus benewens die personeelopset van die administrasieraad ook verslag doen en reëlings tref vir die opstel van ooreenkom= ste met plaaslike besture vir die verskaffing van die nodige dien= ste. Hierdie konsep moet by 'n informele vergadering van die Raad goedgekeur word en by sy eerste formele vergadering bekrag= tig word. Daar word ook bepaal dat die uitgawes verbonde aan die pos van hoofdirekteur sowel as sy kernpersoneel deur die sterk= ste Bantoe-inkomsterekening binne die gebied van die amdinistra= sieraad gedra word tot tyd en wyl die administrasieraad formeel ingestel is. Daar is ook deurgaans gepoog dat die oorname van Administrasierade met die finansiële jaar van die betrokke plaas= like besture saamval aangesien dit 'n aansienlike taak was om die finansies van al die plaaslike besture te ontrafel.

Bantoesake-administrasierade word ook ooreenkomstig hulle werk= saamhede, finansies wat hanteer word en Bantoebevolking in drie

---

44) Republiek van Suid-Afrika. Departement van Bantoe-administra= sie en -ontwikkeling. Memorandumn, no. C.212/8, 16 Novem= ber 1972.

kategorieë ingedeel, naamlik A- en B-rade en spesiale rade. Afhangende van die indeling van 'n raad word die jaarlikse vergoeding van voorsitters, ondervoorsitters, lede van die Uitvoerende Komitee asook lede en plaasvervangende lede, deur die Minister ingevolge die bepalings van artikel 19(5) van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, goedgekeur. Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is as 'n A-raad ingedeel.

### 5.5.2 Samestelling van Bantoesake-administrasierade

'n Bantoesake-administrasieraad bestaan eerstens uit 'n voorsitter, wat die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling aanstel. Dit moet aanvaar word dat die betrokke Minister 'n persoon sal aanstel wat die beleid van afsonderlike ontwikkeling goedgesind is. Hierdeur word dan verseker dat die administrasie in die gebied tuislandgerig uitgevoer sal word. Die probleem wat dus in die verlede ondervind was, naamlik dat Bantoeadministrasie beheer is deur stedelike plaaslike besture wat die beleid van die regering nie goedgesind was nie, word dus nou hier uitgeskakel. Die aantal lede van die Raad word deur die Minister vasgestel, en bestaan uit:

(a) een of meer lede wat hoofsaaklik op grond van hulle bekendheid met en wye kennis van arbeidsaangeleenthede met betrekking tot Bantoes in die landbou in die raad se administrasiegebied, en na oorlegpleging met die organisasies wat volgens die oordeel van die Minister verteenwoordigend is van persone wat die landbou beoefen, aangestel word;

(b) een of meer lede hoofsaaklik op grond van bekendheid met en wye kennis van arbeidsaangeleenthede met betrekking

tot Bantoes in die handel en 'n ander nywerheid in sodanige administrasiegebied, na oorlegpleging met die organisasies wat volgens die oordeel van die Minister verteenwoordigend van die betrokke werkgewers is, aangestel word;

(c) een of meer lede aangestel ten opsigte van elke landdros= distrik in 'n Bantoesake-administrasieraad se gebied. Hierdie persone wat op 'n landdrosdistriksbasis aan= gestel word moet lede wees van plaaslike besture en word aangestel op grond van hulle wye kennis van plaas= like bestuur. Hierdie persone word deur die Minister gekies uit 'n lys name van soveel persone as wat die Minister verlang deur daardie liggame aan hom voorge= lê moet word. Hier word aan die Minister weer 'n keu= se gelaat om persone aan te wys wat die beleid van afsonderlike ontwikkeling goed gesins is en

(d) een of meer persone wat in die heeltydse diens van die staat is. Van staatweë word 'n senior Bantoesakekommis= saris uit die betrokke administrasiegebied as 'n lid aangestel. Waar hier voorsiening gemaak word vir een of meer persone in die heeltydse diens van die staat, word hier, afgesien van die Bantoesakekommissaris, ruimte gelaat om na goeddunke van die raad aan die Departemen= te van Justisie en die Suid-Afrikaanse Polisie ook sit= ting op die raad te verleen.

Die samestelling van 'n Bantoesake-administrasieraad kan die indruk skep dat die moontlikheid bestaan dat die raad kan ont= aard in 'n "pleitbesorgersraad" van verskillende drukgroepe. Die Bantoesake-administrasierade het egter te doen met ge= biedsbelange en nie groepsbelange nie. Die versekering is dan ook verkry dat "In die praktyk die Minister sal kyk na die beste

mense wat gebiedsbelange kan behartig".[45] Uit die bogenoemde lede wys die Minister ook 'n ondervoorsitter vir die raad aan. Wanneer die voorsitter afwesig is of nie in staat is om enige van sy werksaamhede te verrig nie, kan die ondervoorsitter dan in sy plek optree.

Dit is belangrik om daarop te wys dat in die praktyk slegs een lid en sy plaasvervanger van elke belangegroep in die Bantoe=sake-administrasiegebied aangestel word op 'n sodanige raad. Die Minister kan egter in 'n oorheersend industriële gebied, byvoorbeeld, volgens sy eie oordeel die aantal verteenwoordigers van die handel en nywerheid verhoog. Dieselfde beginsel word ook in oorheersend landbougebiede toegepas.

'n Bantoesake-administrasieraad moet ook 'n uitvoerende komitee aanstel wat moet bestaan uit die voorsitter van die Raad, die ondervoorsitter en drie ander lede van die raad waarvan:

(a) een 'n verteenwoordiger van die handel en nywerheid moet wees;
(b) een 'n verteenwoordiger van die landbou moet wees;
(c) die derde persoon 'n lid van 'n plaaslike bestuur moet wees indien die voorsitter nie 'n lid van 'n plaaslike bestuur is nie en
(d) een of twee bykomende lede van die raad, indien die Minister dit nodig ag.

---

45) Koornhof. Bespreking tussen Sy Edele die Adjunk-Minister, dr. P.G.J. Koornhof, en 'n afvaardiging van die Verenigde Munisipale Bestuur, tesame met verteenwoordigers van die Instituutraad, in Pretoria, op Vrydag, 29 Augustus 1969, p. 8.

So 'n uitvoerende komitee, kan tussen vergaderings van sodanige raad al die bevoegdhede van sy raad uitoefen en al sy werksaam= hede verrig. Stappe wat deur sodanige uitvoerende komitee ge= doen is, of 'n besluit deur hom geneem, is egter onderworpe aan hersiening op die eersvolgende vergadering van sy raad.

Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter, verteenwoordigers van 25 plaaslike bestuursliggame, 'n verteenwoordiger van die Transvaalse Raad vir die ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, drie verteen= woordigers van die handel en nywerheid, drie verteenwoordigers van die landbou en 'n verteenwoordiger van die staat. Na die mening van die skrywer hiervan is 'n ledetal van 33 egter baie lomp vir enige tipe vergadering.

5.5.3 Finansies

'n Bantoesake-administrasieraad moet finansieel ten volle afhank= lik kan funksioneer, en sal onder geen omstandighede deur die staat finansieel ondersteun word nie. Om die nodige finansiële onafhanklikheid van 'n raad te verseker maak die Wet op die Ad= ministrasie van Bantoesake, 1971, dan ook voorsiening in arti= kel 12 dat wanneer 'n Raad ingestel word, die bates (met inbe= grip van grond) of regte verkry in verband met enige aangeleent= hede ten opsigte waarvan daar ingevolge hierdie Wet bevoegdhede uitgeoefen of werksaamhede verrig kan word deur daardie raad, oorgedra word van plaaslike owerhede in die gebied na die raad. Boonop word alle gelde wat onmiddellik voor die datum met ingang waarvan die raad ingestel is, op krediet van die Bantoe-inkomste= rekenings van die verskillende plaaslike besture gestaan het, oorgedra na die Bantoesake-administrasieraad. Volgens artikel 19 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, moes alle

plaaslike besture hulle begroting van inkomste en uitgawes aan die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling voor= lê vir goedkeuring. Dieselfde beginsel geld ook vir Bantoesake-administrasierade met die verskil dat hulle begrotings meer om= vattend en 'n groter verskeidenheid van aktiwiteite insluit. Die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971, bepaal ook dat die boeke en rekenings en balansstaat van 'n raad deur die Kontroleur en Ouditeur-Generaal geouditeer moet word.

Op 20 Oktober 1973 het die Wet op Bydraes ten opsigte van Ban= toe-arbeid, 1972,[46] in werking getree. In hierdie wet word voorsiening gemaak dat die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling van tyd tot tyd volgens kennisgewing in die staatskoerant, 'n sekere gebied buite die Bantoetuislande kan verklaar tot 'n gebied waarbinne bydraes volgens dié Wet betaal= baar is deur elke werkgewer vir elke Bantoewerknemer in sy diens. Verder moet bydraes betaal word deur elke Bantoe wat toestemming verkry het om as 'n los werker werk te aanvaar, elke Bantoe wat in sy eie winsgewende besigheid werk en elke onafhanklike Ban= toekontrakteur.

Verskillende datums van inwerkingtreding en verskillende tariewe van bydraes kan vasgestel word vir die verskillende kategorieë van werkgewers in 'n gebied, vir Bantoes wat as onafhanklike werkers optree en hulle eie besighede behartig of vir 'n gedeelte van die verklaarde gebied. Geen bydraes sal egter in die geval van werkgewers die bedrag van twee rand vyftig sent per maand oorskry nie. Vir Bantoes wat vir hulle eie rekening werk of wat as 'n los arbeider werk, sal die bydrae egter nie een rand per

---

46) Wet no. 29 van 1972.

maand oorskry nie.

Voorsiening word in dié Wet gemaak dat die verskillende bydraes betaalbaar binne 'n Bantoesake-administrasiegebied aan die Ban=toesake-administrasieraad betaal moet word. Bydraes betaalbaar volgens die Wet op Bydraes ten opsigte van Bantoearbeid, 1972, sal aangewend word vir die algemene administrasie van die gebied en sluit in die voorsiening van voldoende vervoer en ontspan=ningsgeriewe vir Bantoes in die gebied. Daar word gehoop dat die bydraes volgens die Wet op Bydraes ten opsigte van Bantoe=arbeid, 1972, al die koste verbonde aan die administrasie van Bantoes in die gebied sal kan bestry, sodat winste op drankver=kope uitsluitlik aangewend sal kan word vir Bantoetuislandont=wikkeling.

Soos reeds gestel is een van die primêre vereistes waaraan 'n administrasiegebied moet voldoen die feit dat dit finansieel selfonderhoudend moet wees. Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiegebied is dan ook so ingedeel dat die finansieel sterk gebiede die swakkere gebiede met gemak kan dra. Wat die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad betref, moet dit egter finansieel veel meer nog as slegs selfonderhoudend wees aangesien 'n aantal van die plaaslike besture[47)] wat binne die administrasiegebied val kontraktueel gebonde is om finansieel by te dra tot die fisiese ontwikkeling van die dorp Itsoseng.[48)]

---

47) Lichtenburg, Coligny, Biesiesvlei, Koster, Wolmaransstad, Leeudoringstad, Klerksdorp, Hartebeesfontein, Orkney, Stil=fontein, Ventersdorp, Fochville, Carletonville, Potchef=stroom en moontlik Sannieshof.

48) Artikel 5(a)(ii) van die kontrak tussen die Suid-Afrikaanse Bantoetrust en die Lichtenburgse Stadsraad ten opsigte van Itsoseng bepaal dat die Lichtenburgse Stadsraad alle finan=siële bydraes deur plaaslike besture sal ontvang.

Die normale bronne van inkomste vir 'n Inkomsterekening van 'n Bantoesake-administrasieraad is hoofsaaklik die volgende:

(a) Bantoebier en Blankedrank,
(b) dienskontrak- en arbeidsgelde,
(c) lisensiëring van persele,
(d) huurgelde uit Bantoewoongebiede,
(e) heffingsgeld,
(f) hofboetes en
(g) terugbetaling Staatsgesondheid.

Die grootste bron van finansiering is die brou en verkoop van Bantoeboer. In die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiege= bied is daar drie broueryе wat konvensionele Bantoebier ver= vaardig, naamlik die Streeksbrouery te Potchefstroom, Klerksdorp en Carletonville. In die geval van Klerksdorp het die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling op aanbeveling van 'n Ministeriële Bantoebier Ad Hoc-Komitee, beslis dat die brouery slegs beperk uitgebrei mag word en dat sy verdere behoeftes van die Streeksbrouery te Potchefstroom verkry moet word. Voor die instelling van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasie= raad het die plaaslike besture van Lichtenburg en Ventersdorp poeierbier vervaardig terwyl verpakte Bantoebier van die Streeks= brouery te Potchefstroom aangekoop is.

Die streeksbrouery te Potchefstroom is ook 'n koöperatiewe broue= ry. Na deeglike ondersoek ingestel is en nadat aan Klerksdorp 'n aanbod gemaak is om ook koöperatief saam te werk, en dit van die hand gewys is, het die stadsrade van Potchefstroom, Orkney en Stilfontein ingevolge die Wet op Bantoebier, 1962, 'n koöpera= tiewe ooreenkoms aangegaan vir die brou van Bantoebier deur die Potchefstroomse Brouery met Potchefstroom as beherende owerheid.

In die praktyk kom die koöperatiewe reëling daarop neer dat die drie plaaslike besture Bantoebier teen produksiekoste van die brouery aankoop vir die verkoop in hulle eie verspreidingsge= biede. Aan die stadsrade van Orkney en Stilfontein is elk 16 persent-aandele teen 'n nominale bedrag verkoop. Die stap is geneem om 'n maksimum samewerking daar te stel en 'n goeie kwaliteit bier teen die laags moontlike koste te produseer. Benewens hierdie ooreenkoms is 'n vervoerooreenkoms tussen die stadsrade van Potchefstroom en Stilfontein vir die vervoer van Bantoebier deur Potchefstroom vir Stilfontein gesluit.

Die drie brouerye in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administra= siegebied het vir die jaar 1970/71 'n totaal van 41 000 000 liter Bantoebier geproduseer.[49] Die potensiaal van die Streeksbrouery te Potchefstroom is 44 500 000 liter per jaar en met 'n geringe kapitaalbesteding kan dit vermeerder word na 60 000 000 liter. Konserwatief[50] bereken, kan die omset van Bantoebier teen 10 liter per kop per maand in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraadsgebied gereken word. Met 'n bevolking van ± 530 000 sal dit dus 'n omset gee van 530 000 x 10 x 12 = 63 600 000 liter per jaar. Gestel dat die verbruik om die helfte verpakte- en onverpakte bier is, dan kan dit die volgende omset lewer:[51]

| | | |
|---|---|---|
| Onverpakte bier | | R1 908 000,00 |
| Verpakte bier | | R2 444 000,00 |
| | Totaal | R4 452 000,00 |

49) Potchefstroom 30 700 000 liter; Carletonville 3 502 000 liter en Klerksdorp 7 040 000 liters.
50) Volgens 'n berekening gebaseer op statistiek van die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede in verband met Bantoebier en werklike syfers verkry uit die bedienings= gebied van Potchefstroom.
51) Onverpakte bier gereken teen 6 sent per liter en verpakte bier teen 8 sent per liter.

Produksie en verspreidingskoste gereken teen:

Onverpakte bier 3,4 sent per liter en verpakte bier 5,1 sent per liter

| | | |
|---|---|---|
| Dus: | Onverpakte bier | R1 081 200,00 |
| | Verpakte bier | R1 621 800,00 |
| | Totaal | R2 703 000,00 |
| Beraamde netto wins | | R4 452 000,00 |
| | min koste | R2 703 000,00 |
| | | R1 749 000,00 |

Met 'n beter benutting van die mark en bygereken die aantal ver= bruikers in die Tswanatuisland wat nou reeds vanaf Potchefstroom bedien word, kan die netto wins nog groter wees. Aangesien Bantoeadministrasie in Blankbeheerde gebiede veel meer insluit as net die blote toepassing van relevante wette en regulasies en dit 'n deel vorm van die masjien wat daargestel is vir die bou van Bantoevolke in Suid-Afrika is dit nou belangrik om die surplus kapitaal in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administra= sieraad te bepaal:

TABEL 10

OPGEHOOPTE FONDSE EN BATES OORGENEEM DEUR DIE WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD OP 1 OKTOBER 1972

Opgehoopte Fondse:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Surplusse: | Algemene rekening | | | R 454 382 |
| | Bantoebierrekening | | | R1 708 146 |
| | | | | R2 162 528 |

Trustfondse:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skoolheffingsfonds | | | | R 139 558 |
| Diensheffingsfonds | | | | R1 102 974 |
| Hernuwingsfondse: | Algemeen | R223 472 | | |
| | Bantoebier | R178 753 | | |
| | Drank | R 38 943 | R441 168 | |
| | Behuising | | R757 255 | |
| | Reserwe vir Slegte skuld | | R 93 725 | R1 292 148 |
| Begiftigingsfonds | | | | R 21 629 |
| Leningsdelgingsfonds | | | | R 11 695 |
| | | | | R4 730 532 |

Bates

| | |
|---|---|
| Totale waarde van bates oorgeneem | R9 289 847 |

Die waarde van die bates word deur die volgende bedrae verteenwoordig:

| | | |
|---|---|---|
| Lenings | R4 377 500 | |
| Lenings terugbetaal | R1 372 027 | |
| Bydrae uit inkomste | R1 462 126 | |
| Algemene kapitaal (Bydraes uit Trustfondse en skenkings) | R2 078 194 | R9 289 847 |

Aangesien die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiegebied 'n jaarlikse netto wins op Bantoebier van ± R1 700 000 kan lewer en begin het met 'n surplus van R4 730 532 beskik die gebied dus oor voldoende surplusgelde om interne lenings waar nodig af te los en die uitgawes in verband met kantoorakkommodasie, wat byvoorbeeld die aanskaffing van eiendomme insluit, te dek. Belangriker is egter die feit dat die Wes-Transvaalse Bantoe=sake-administrasieraad se finansies kerngesond is, en die Hoof-Direkteur kan dus sy administrasie tuislandgerig uitvoer. Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad kan dus nie slegs die ontwikkeling van Itsoseng behartig nie maar kan ook ander dorpe as agent van die Suid-Afrikaanse Bantoetrust en die Tswana-regering in Bophuthatswana ontwikkel. Die voorsitter van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad[52)] het tereg verklaar dat: "... die Bantoebierbedryf in Suid-Afrika 'n baie belangrike plek inneem in die ontwikkeling van geriewe vir die Bantoe, nie net in die Blanke gebiede nie, maar ook in die tuis=land".

5.5.4 <u>Funksies van 'n Bantoesake-administrasieraad</u>

Die funksies van 'n Bantoesake-administrasieraad kan verdeel word in verskeie kategorieë. So is daar die funksies wat 'n raad krag=tens die onderskeie wette van toepassing gemagtig is om te ver=rig, die wat kragtens die Wet op die Administrasie van Bantoe=sake, 1971, aan hom opgedra kan word en 'n verdere kategorie naamlik dié wat by implikasie by hom berus. Enige wetgewer het ook doelstellings en funksies wat nie altyd in 'n wet omskryf kan word nie, selfs nie ten dele nie, maar wat moet voortvloei uit die optrede van die mense wat met die uitvoering van die

52) Die Vaderland. Dinsdag 23 Oktober 1973, p. 6.

wet belas is.

Die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971, maak in ar= tikel 11 spesifiek daarvoor voorsiening dat 'n administrasie= raad binne sy administrasiegebied tot uitsluiting van enige ander liggaam of owerheid beklee en belas word met al die regte bevoegdhede, werksaamhede, pligte en verpligtings van 'n ste= delike plaaslike bestuur ingevolge:

(a) die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet no. 25 van 1945),
(b) die wet op Heffings van Bantoedienste, 1952 (Wet no. 64 van 1952),
(c) die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961 (Wet no. 79 van 1961),
(d) die Wet op Bantoearbeid, 1964 (Wet no. 67 van 1964),
(e) die Wet op Bantoebier, 1962 (Wet no. 63 van 1962),
(f) vir sover dit op die behuising van Bantoes betrekking het ingevolge die Behuisingswet, 1966 (Wet no. 4 van 1966) en
(g) artikel 100 bis van die Drankwet, 1928 (Wet no. 30 van 1928).

Eerstens neem Bantoesake-administrasierade alle administratiewe funksies wat deur stedelike plaaslike besture met betrekking tot stedelike gebiede, kragtens die onderskeie wette van toepassing vervul was, oor. Dit behels hoofsaaklik die administrasie van stedelike Bantoewoongebiede wat die voorsiening van behuising op getroude en enkellopende basis aan diegene wat daarvoor kwa= lifiseer en die voorsiening van dienste soos elektrisiteit, wa= ter en sanitasie insluit. Hiermee gepaardgaande is die invorde=

ring van die voorgeskrewe huurgelde en fooie en in die algemeen alle funksies wat met so 'n administrasie saamval.

'n Verdere funksie wat kragtens wetgewing by 'n Bantoesake-administrasieraad berus, is die bestuur van die onderskeie ste=delike arbeidsburo's in sy regsgebied. Dit behels sulke pligte soos die voorsiening en koördinasie van arbeid, registrasie van dienskontrakte en invordering van die toepaslike gelde. Ten ein=de te verseker dat alle toepaslike wetgewing, reëls en regula=sies nagekom word, het die Bantoesake-administrasierade elkeen ook 'n inspeksie-afdeling op die been gebring, en in hierdie opsig word die funksies, magte en pligte van inspekteurs vol=ledig omskryf in artikel 17 van die Wet op die administrasie van Bantoesake, 1971.

Afgesien van die funksies van Bantoesake-administrasierade met betrekking tot die stedelike gebiede of voorgeskrewe gebiede, maak die Wet ook voorsiening dat sekere funksies wat tot dusver deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling ten opsigte van plattelandse gebiede verrig word, aan 'n Bantoe=sake-administrasieraad opgedra kan word. Geen van hierdie funk=sies en bevoegdhede gaan egter outomaties oor op hierdie Bantoe=sake-administrasierade nie. In die opsig kan distriksarbeids=buro's, ingestel onder die bepalings van die Wet op Bantoear=beid, 1964, volgens die diskresie van die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, nou van die Departement oorge=dra word as 'n funksie waarvoor die Bantoesake-administrasierade verantwoordelikheid sal aanvaar. Dit is uiters belangrik dat die distriksarbeidsburo behoue moet bly. Die Bantoesake-administra=sierade kan dus 'n parallelle arbeidsburostelsel onder een dak bestuur aangesien die distriksarbeidsburo se arbeidsveld in die nie-voorgeskrewe gebied lê en daar 'n gespesialiseerde diens aan

die werkgewers in die landelike gebiede gelewer moet word.

Verder kan 'n raad by die toepassing van die bepalings van Hoofstuk IV van die Bantoetrust en -grondwet, 1936,[53] op daardie deel van sy administrasiegebied wat buite 'n voorge= skrewe gebied val, onder die voorwaardes en vir sover as die Minister dit gelas, 'n bevoegdheid uitoefen of 'n werksaam= heid verrig van 'n Bantoesakekommissaris of 'n arbeidskakel= beampte ingevolge die genoemde wetgewing. In die praktyk kom dit daarop neer dat Bantoesake-administrasierade die distriks= arbeidsburo's wat deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling deur middel van sy distrikskantore bestuur is, kan oorneem en, onder sekere omstandighede, ook die funksies en pligte van 'n Bantoesakekommissaris of 'n arbeidskakelbeampte, kragtens Hoofstuk IV van die Bantoetrust en -grondwet, 1936, wat hoofsaaklik handel oor die verblyf van Bantoes en aanver= wante aangeleenthede in nie-voorgeskrewe gebiede.

In verband met Hoofstuk IV van die Bantoetrust en -grondwet, 1936, het die Georganiseerde Landbou tydens die bespreking van die wetsontwerp op Bantoesake-administrasierade gevra dat die Plakkerdiensbode-kontrolerade en Bantoearbeidsbeheerrade uit= gebou moet word en nie oorgedra moet word na Bantoesake-ad= ministrasierade nie. Hierdie versoek van die Georganiseerde Landbou is dan ook toegestaan. 'n Plakkerdiensbode-kontroleraad bestaan uit die Landdros of Bantoesakekommissaris van 'n be= paalde nie-voorgeskrewe gebied en drie plaaslike boere, wat dan die getal gemagtigde plakkerdiensbodes wat op 'n boer se plaas mag wees,[54] vasstel.

---

53) Wet no. 18 van 1936.
54) Artikel 28 van Wet no. 18 van 1936.

So 'n Plakkerdiensbode-kontroleraad kan deur die Minister deur kennisgewing egter omskep word in 'n Bantoearbeid-beheerraad,[55) wat dan jurisdiksie uitoefen ten opsigte van alle Bantoes in diens van 'n werkgewer. 'n Vasstelling van die getal werkers wat in diens geneem mag word, word dan deur die Bantoearbeid-beheerraad bepaal en die getal mag dan nie oorskry word nie.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kan vol= gens artikel 11(5) van die Wet op die administrasie van Bantoe= sake, 1971, deur kennisgewing in die staatskoerant enige bevoegd= heid van 'n Bantoesakekommissaris of 'n arbeidskakelbeampte in= gevolge die bepalings van Hoofstuk IV van die Bantoetrust en -grondwet, 1936 aan 'n Bantoesake-administrasieraad oordra. 'n Funksie wat dus ook nou aan 'n Bantoesake-administrasieraad oor= gedra kan word, is om die bevel wat in 'n besondere geval, deur 'n Plakkerdiensbode-kontroleraad of 'n Bantoearbeids-beheerraad gegee is, te ontvang, en daardie bevel in 'n register aan te te= ken soos wat Hoofstuk IV van die Bantoetrust en -grondwet, 1936, verlang. Verder moet 'n register bygehou word van alle plakkers; hernuwingsaansoeke vir lisensies ten opsigte van plakkers moet hanteer word en die uitreiking van lisensies ingevolge Hoof= stuk IV van die Bantoetrust en -grondwet, 1936, moet behartig word. 'n Bantoearbeids-beheerraad kan ook 'n vasstelling maak van die getal Bantoes wat op 'n Arbeidsplaas[56) gehuisves behoort te word en die boer moet die getal dienooreenkomstig verminder. Ban= toesake-administrasierade moet nou toesien en verseker dat vas=

---

55) Artikel 28 bis en artikel 29 van Wet no. 18 van 1936.
56) 'n Arbeidsplaas word omskryf as een (of 'n gedeelte van een) wat uitsluitlik hoofsaaklik vir die behuising van Bantoes gebruik word en nie vir bona fide boerderybedry= wighede nie. Artikel 38 quin van Wet no. 18 van 1936.

stellings nagekom word. Verlening van goedkeuring aan 'n eie= naar van grond om sekere kategorieë Bantoes soos evangeliste, onderwysers en bejaardes toe te laat om op grond te woon, die uitreiking van permitte aan Bantoes om op alluviale delwerye te woon, die opeising van opgawes van 'n eienaar oor Bantoes op sy grond en die oproep tot verskyning voor 'n raad indien die eienaar nie gehoor gegee het aan die versoek nie, is ook funk= sies wat deur 'n Bantoesake-administrasieraad behartig kan word.

Volgens artikel 11(1)(e)(ii) van die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971, kan die Minister na oorlegpleging met die Administrateur, sekere funksies deur middel van ordonnansies deur kennisgewing in die Staatskoerant aan Bantoesake-admini= strasierade opdra. Funksies wat moontlik onder hierdie katego= rie ingedeel kan word, is die volgende:

(a) die behartiging van aansoeke om bewysboeke,
(b) invordering en verrekening van Bantoebelasting,
(c) behartiging van aansoeke om pensioene en ander sosiale hulpskemas,
(d) registrasie van geboortes en sterfgevalle,
(e) behartiging van minder belangrike klagtes en geskille veral met betrekking tot die werkgewer, werknemer verhouding en
(f) die inspeksie van Bantoebehuising by myne en bedrywe deur inspekteurs van Bantoearbeiders.

Soos reeds gestel, was daar by afbakening van die Bantoesake-administrasiegebiede gepoog om, waar moontlik, sulke gebiede aan Bantoetuislande te laat grens. Hierdie oogmerk is nie son= der rede nagestreef nie, maar omdat die rade belangrike funksies het om te vervul met betrekking tot die Bantoetuislande. Een van

die belangrikste funksies van 'n Bantoesake-administrasieraad is die voorsiening, koördinering en verspreiding van arbeid deur sy regsgebied. Waar dit beleid is om die uitbreiding van die bestaande gesinshuisvesting in stedelike Bantoewoongebiede te beperk in die verwagting dat die behoefte aan gesinsbehuising wat sodoende ontstaan, aangevul sal word deur behuising wat in die etnies verwante tuislande opgerig word, sal daar derhalwe in 'n toenemende mate van trekarbeid uit die tuislande gebruik gemaak word. Ten einde te verseker dat daar voortdurend vol= doende werkers beskikbaar sal wees, sal noue samewerking tus= sen die Bantoesake-administrasierade en die betrokke tuisland= regerings noodsaaklik wees. Om te kan bepaal tot watter mate die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad beantwoord aan die funksie van doeltreffende voorsiening, koördinering en versprei= ding van arbeid deur sy regsgebied is ondersoek ingestel na die vloei van Bantoearbeid in die plaaslike bestuursgebiede van Klerksdorp, Stilfontein en Orkney en word die bevindings hier= onder verstrek:

TABEL 11

TOEVLOEI VAN BANTOEARBEID IN DIE PLAASLIKE BESTUURSGEBIEDE VAN KLERKSDORP, STILFONTEIN EN ORKNEY

| Gebiede vanwaar arbeid vloei | Persentasie toevloei in - (a) Klerksdorp % | (b) Stilfontein % | (c) Orkney % |
|---|---|---|---|
| Transkei | 9 | 11,60 | 11,2 |
| Natal | 3,7 | ,25 | ,04 |
| O.V.S. en Witzieshoek | 2 | 6,98 | 11,5 |
| Oos-Transvaal | ,15 | - | ,36 |
| Witwatersrand | ,1 | 2,76 | 6,24 |
| Noord-Transvaal | 6,2 | 6,40 | 11,24 |
| Kaap-provinsie | 1,8 | - | 1,39 |
| Jan Kempdorp/Hartswater/ Warrenton | 3 | - | 2,12 |
| Taungs | 20,6 | 32,50 | 18,36 |
| Klerksdorp (nie-stedelike gebiede) | 28,6 | - | - |
| Bloemhof | ,2 | ,11 | ,34 |
| Delareyville | ,3 | ,30 | - |
| Hartebeesfontein | 1 | ,48 | - |
| Koster | ,1 | - | - |
| Orkney | - | ,48 | - |
| Leeudoornstad | ,2 | ,32 | 1,14 |
| Lichtenburg | 3,5 | 1,32 | 4,16 |
| Mafeking | 9 | 6 | 19,1 |
| Makwassie | ,5 | ,75 | ,88 |
| Ottosdal | 1 | ,64 | - |
| Pilaansberg/Rustenburg | 2 | ,56 | 1,18 |
| Potchefstroom | ,1 | 8,52 | ,4 |
| Schweizer Reneke | ,6 | ,28 | 1,28 |
| Ventersdorp | 1,3 | 2,08 | - |
| Klerksdorp | - | 10,92 | 5,48 |

Tabel 11 (vervolg)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wolmaransstad | 2 | 2,20 | 3,66 |
| Res van Wes-Transvaal | 3 | - | - |
| Stilfontein | - | - | ,02 |
| Swartruggens | - | ,04 | - |
| Coligny | - | ,28 | - |
| Christiana | - | 1,21 | - |

Die volgende afleidings kan van bovermelde besonderhede gemaak word:

(a) Die meeste Bantoes werksaam in die drie gebiede is respektiewelik veral afkomstig vanaf Taungs, Mafeking en Lichtenburg.

(b) Sowel Mafeking, Lichtenburg en Taungs grens aan die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad sodat die voorsiening, koördinering en verspreiding van Bantoearbeid verseker kan word.

(c) Daar kan maklik in 'n toenemende mate van trekarbeid gebruik gemaak word, aangesien die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad aan sy "voedings"-gebiede in die Bantoetuislande grens.[57)]

(d) Die arbeidsmag van Klerksdorp, Stilfontein en Orkney bestaan weens herkoms hoofsaaklik uit Tswanas.

In die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiegebied is daar

57) Raadpleeg ook die kaart van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad, Bylae B.

119 208 Bantoes werksaam in die myne wat meestal nie-Tswana is. Die Bantoebevolking van die gebied het 'n totaal van 608 047 siele, ingeslote die mynbantoes. Aangesien 'n Bantoe=sake-administrasieraad nie direkte beheer oor mynbantoes het nie, kan die getal van die groot totaal afgetrek word en gee dit dus 'n groot totaal van 488 839 Bantoes. Etnies is die be=volking soos volg saamgestel:

| | | |
|---|---|---|
| Tswana | | 346 497 |
| Xhosa | | 56 878 |
| Suid-Sotho | | 43 636 |
| Shangaan | | 3 885 |
| Zoeloe | | 13 558 |
| Pedi | | 6 228 |
| Swazi | | 1 408 |
| Noord-Ndebele | | 1 169 |
| Suid-Ndebele | | 2 036 |
| Venda | | 788 |
| Ander | | 12 756 |
| | Totaal | 488 839 |

Heelwat van die Nquni, naamlik Xhosa, Zoeloe, en Ndebele, asook die Shangaan en Venda is egter trekarbeiders wat mettertyd met Tswana vervang kan word. Die persentasie Tswana in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiegebied is 72 persent. Deur die sonering van arbeid kan hierdie syfer egter aansienlik verhoog word.

Aangesien daar met die instelling van Bantoesake-administrasie=rade beoog is om 'n meer "... doeltreffende en eenvormige ad=

ministrasie oor groter gebiede te verkry"[58] is die Wes-Trans= vaalse Bantoesake-administrasieraad dan ook in vier streke verdeel met 'n hoofsetel te Potchefstroom.[59] Hierdeur is ver= seker dat die administratiewe masjinerie nie te lomp word om die administrasie en beheer oor Bantoes doeltreffend uit te voer nie.

In die voorgeskrewe gebiede van die ses groter plaaslike besture in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiegebied naamlik Carletonville, Potchefstroom, Orkney, Stilfontein, Klerksdorp en Lichtenburg, is artikel 3 van die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967, van toepassing en ingevolge die Witskrif insake Desentralisasie van Nywerhede, 1971, is die arbeidsverhouding Blank : Bantoe vasgestel op 1 : 2,5 met seke= re uitsonderinge. Daar is dus geen sprake van 'n toevloei van arbeid uit dele van die voorgestelde gebied na die industrieel sterk gebiede nie.

Die arbeidsterkte in voorgeskrewe gebiede in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiegebied is naasteby 115 000 Bantoes. Met die stigting van die Bantoedorp Itsoseng, is 'n arbeidsbron vir

58) Republiek van Suid-Afrika. Verklarende memorandum oor die Wetsontwerp op die administrasie van Bantoesake, 1971, WP.3-71.
59) Die vier streke is die Potchefstroomstreek wat bestaan uit Carletonville, Fochville, Koster en Ventersdorp; die Klerks= dorpse streek bestaande uit Klerksdorp, Coligny, Hartbees= fontein, Orkney, Ottosdal en Stilfontein; die Lichtenburg= streek bestaande uit Lichtenburg, Biesiesvlei, Groot Marico, Mafeking, Ottoshoop, Swartruggens en Zeerust; en die streek Verre Wes-Transvaal bestaande uit die gebiede Wolmaransstad, Bloemhof, Christiana, Delareyville, Leeudoringstad, Makwas= sie, Sannieshof en Schweizer Reneke. Raadpleeg ook die kaart van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad, Bylae B.

die plaaslike besture geskep sowel as vir die Bantoesake-admini= strasiegebied. Soos reeds hierbo vermeld is die stelsel van trekarbeid as beginsel deur die Departement van Bantoe-admini= strasie en -ontwikkeling aanvaar. In ooreenstemming hiermee het die Minister dan ook 'n Interdepartementele Vervoerkomitee in die lewe geroep om sy departement te adviseer in verband met die ver= voer, veral oor naweke, van Bantoes uit die Blankbeheerde gebiede na die onderskeie Bantoetuislande.[60)] Om hierdie stelsel sukses= vol toe te pas is dit nodig om, soos Potchefstroom reeds sedert 1960 doen, 'n stelsel van sonering van arbeid in te voer. Dit be= teken dat, met die oog op volksbou, periodieke vervoer van trek= arbeiders na hulle tuislande en die beter benutting van arbeid, arbeiders uit 'n bepaalde naby geleë tuisland getrek moet word. Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiegebied leen homself pragtig vir so 'n stelsel van sonering van arbeid wat ten ge= volg kan hê dat slegs Tswana in die toekoms in die gebied werk= saam sal wees. Met ander woorde, die hele administrasie kan meer tuislandgerig en stamsentries geskied.

Doeltreffende arbeidsvoorsiening uit die Bantoetuislande hang op sy beurt weer grootliks af van 'n doeltreffende vervoerstelsel wat werkers op 'n daaglikse basis, indien naby genoeg aan die tuislande en 'n weeklikse of maandelikse basis indien verder verwyder, van hulle werksplekke na hulle tuiste in die tuislande kan vervoer. Sodoende kry die werker die geleentheid om soveel moontlik van sy vrye tyd in die tuislande, tussen sy eie mense deur te bring. Nie alleen word die gesinsverband hierdeur ver= sterk nie maar lei dit tot 'n oortuiging by die Bantoe dat hy

---

61) Die Hoofdirekteur van die Wes-Transvaalse Bantoesake-admini= strasieraad is 'n lid van hierdie komitee.

deur sy volk en owerheid aanvaar word en dat hy 'n plek het waar hy sy aspirasies kan uitleef. Bantoesake-administrasierade kan veel bydra tot die daarstelling van 'n doeltreffende vervoerstel=sel en derhalwe ook tot 'n tevrede, gevestigde werkerskorps in hulle gebiede.

'n Verdere belangrike funksie van die Bantoesake-administrasie=rade met betrekking tot die tuislande is die verlening van fi=nansiële en tegniese bystand tot die ontwikkeling daarvan. Daar is in die verlede reeds veel vermag deur plaaslike besture wat individueel of gesamentlik die taak op hulle geneem het om hier=toe 'n bydrae te lewer. Daar is ook menige plaaslike besture wat, alhoewel hulle begerig was om tot hierdie doel 'n bydrae te lewer, daarvan weerhou was deur 'n gebrek aan die nodige middele daartoe. Aangesien die beste talent wat betref die ad=ministrasie van Bantoesake in die Blankbeheerde gebiede, tesame met die nodige middele daartoe, oor veel groter gebiede in admi=nistrasiegebiede saamgesnoer word, is daar goeie vooruitsigte dat die onderskeie rade veel sal kan bydra tot die ontwikkeling van die tuislande. Die voorsitter van die Wes-Transvaalse Bantoe=sake-administrasieraad het tereg verklaar: "Die instelling van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad beteken 'n kon=solidering van kapitaal, arbeid en rasionalisering... Ons gaan liewers met gemotiveerde manne wat betaal word as met 'n klomp half-betaalde amptenare werk".[61)]

As agent van die Suid-Afrikaanse Bantoetrust en die betrokke

---

61) Grobler. Nuwe Bantoeraad setel in Potchefstroom. Die Nuus, Volume 13, no. 941, Vrydag, 13 Oktober 1972, p. 6.

tuislandregerings kan 'n Bantoesake-administrasieraad nou met baie minder omslagtigheid byvoorbeeld die oprigting van huise of die voorsiening van dienste in die Bantoedorpe in die aangren=sende tuislande onderneem. Al sou 'n administrasiegebied nie aan 'n tuisland grens nie - en dit is maar in enkele gevalle - be=hoort dit hom nie daarvan te weerhou om finansieel en tegnies by te dra tot die ontwikkeling van die tuisland of tuislande waar=vandaan sy arbeid afkomstig is nie. Twee of meer Bantoesake-ad=ministrasierade kan self hulle kragte saamsnoer ten einde hier=die doel te bereik.

Aanverwant aan die voorsiening van behuising in die tuislande is daar 'n verdere belangrike funksie wat die verantwoordelikheid van Bantoesake-administrasierade word, naamlik tuislandvestiging. Dit is bevind dat daar in gevalle waar by die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling aansoek gedoen word (is) om uitbreiding van bestaande huisvesting in stedelike Bantoe=woongebiede, deur ondersoek vasgestel is dat 'n groot deel van beskikbare behuising dikwels deur onproduktiewes opgeneem word, dit wil sê diegene wat weens hoë ouderdom, swak gesondheid, on=geskiktheid of ander geldige redes nie meer in staat is om enige lonende werk te verrig nie.[62] Hierdie ongelukkige mense het dik=wels 'n heenkome in die tuislande of 'n heenkome kan vir hulle daar voorsien word. As gevolg van 'n gebrek aan aanmoediging en bystand het hulle egter gebly waar hulle is. Waar dit in die verlede die taak van individuele plaaslike besture was, elkeen ten opsigte van sy eie regsgebied, om behulpsaam te wees met die vestiging in die tuislande van hierdie onproduktiewes en sodoende

---

62) Van Rensburg. Adjunk-sekretaris Bantoearbeid en Behuising, Onderhoud gevoer op 8 Januarie 1973, Pretoria.

beskikbare behuising ten volle te benut, word dit nou oor veel groter gebiede, insluitende beide voorgeskrewe en nie-voorge=skrewe gebiede 'n funksie van die Bantoesake-administrasierade.

Elke Bantoesake-administrasieraad moet hom dit ten doel stel om die Bantoe-individu in sy regsgebied terug te koppel na sy volkseenheid[63)] binne die tuislande en moet, waar enigsins moontlik, poog om hom tuislandbewus te maak. Dit beteken dat hy sodanig geïnspireer word dat die natuurlike uitvloeisel daarvan die oorplasing van sy belange in die Blankbeheerde ge=biede na die grondgebied van sy volkseenheid sal wees. Wanneer sy dienste dan nie meer in die Blankbeheerde gebiede benodig word nie, of hy weens ongeskiktheid nie meer sy pligte kan ver=vul nie, is dit alleen menslik dat die Bantoe-individu begerig sal wees om hom permanent in sy tuisland te vestig waar hy, deur middel van die kennis en vaardigheid in die Blankbeheerde gebied opgedoen, 'n waardevolle bydrae tot die ontwikkeling van sy tuisland en sy mense kan lewer.

Bantoesake-administrasierade kan ook grootliks bydra tot die formulering en behoud van gesonde verhoudings tussen Blanke en Bantoe. Hulle sal tot 'n groeiende mate die instansies word waarvan die Bantoewerker afhanklik sal wees vir sy liggaamlike en geestelike welvaart terwyl hy in die Blanke gebiede tydelik verkeer. Die amptenare van die administrasierade staan op die eerste vlak van kontak tussen die Blanke owerheid en die onder=dane van verskillende Bantoeregerings en om hierdie rede is dit so noodsaaklik dat die Bantoe-individu, as onderdaan van 'n ander

---

63) Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad het dan ook 'n spesifieke afdeling vir die bevordering van Stad en Tuis=landskakeling.

volk, met die nodige agting en begrip behandel word. In die oë van die Bantoe sal die Bantoesake-administrasieraad en sy amp= tenare onafskeidbaar wees van die regering en juis hierom is die benadering tot die Bantoe as werker en as mens van kardina= le belang, aangesien dit grootliks kan bydra tot beter verhou= dinge tussen Blank en Bantoe en derhalwe ook tussen volkere wat so noodsaaklik is vir die suksesvolle toepassing en uitvoering van tuislandgerigte Bantoe-administrasie.

Die funksies van Bantoesake-administrasierade moet vanselfsprekend volgens die heersende beleid van afsonderlike ontwikkeling uit= gevoer word. Omdat die "kliënt" van die Bantoesake-administrasie= rade hoofsaaklik die immigrante Bantoe of trekarbeiders is, is die beleid wat ter sake is, nie slegs die beleid met betrekking tot arbeid en al die diensfasiliteite daaraan verbonde in die Blankbeheerde gebiede nie, maar ook ten opsigte van tuislandbe= leid omdat die rade ook terwille van die welsyn van die Bantoe= werker as inwoner en as 'n burger van 'n tuisland, op hoogte van Bantoetuislandbeleid met betrekking tot arbeid en ontwikkeling moet wees. Omdat werkgewers deur georganiseerde liggame op die Bantoesake-administrasierade verteenwoordig word, kan die rade as die administratiewe orgaan in die Blankbeheerde gebiede die beleid van afsonderlike ontwikkeling help uitdra en oordra aan elke werkgewer, elke Bantoewerker en werksoeker. Noudat die ge= bruikers van Bantoearbeid in een georganiseerde liggaam, naamlik die Bantoesake-administrasierade, saamgesnoer is, kan die belange= groepe wat in ons bedryfslewe in die verlede ontwikkel het, geak= tiveer word tot 'n meer positiewe benadering van Bantoearbeid en die uitvoering van tuislandgerigte administrasie.

Dit is ook die funksie van Bantoesake-administrasierade om die beleid van afsonderlike ontwikkeling met al sy vertakkinge te bevorder afgesien daarvan of dit moontlik teenstrydig is met be=

paalde groepe se belange. Die rade kan onder geen omstandighede 'n lokaal wees waar belangegroepe kan meeding om beskikbare ar=beid of waar arbeid toegeken word aan die werkgewer wat die meeste voordele bied nie. Inteendeel moet daar deur die Bantoesake-ad=ministrasierade na alle werkgewers se belange, binne die raam=werk van beleid, in 'n gelyke mate omgesien word. Geen traagheid met die nakoming van wetsvereistes kan geduld word nie, en daar sal strenger opgetree moet word om enige onreëlmatighede te be=kamp in veral sulke belangrike sake soos onwettige indiensne=mings, die Bantoesake-administrasierade sal moet optree teen bei=de die werknemer en werkgewer waar dit wel voorkom. Lede van Bantoesake-administrasierade - elk met deskundige kennis op sy gebied - verteenwoordig nie groepsbelange nie maar lewer in die eerste plek 'n bydrae tot die breë doelstellings waarvoor die rade ingestel is. 'n Onhoudbare toestand kan ontwikkel indien administrasieraadslede hulle met groepsbelange identifiseer en die raad wil gebruik om hierdie belange te bevorder.

Wetlike bepalings en beleid beskerm alreeds die breë belange van alle werkgewers, en die taak van rade is dus slegs om toe te sien dat dit behoorlik toegepas word deur die uitvoerende personeel van Bantoesake-administrasierade. Die rade moet aktief meehelp om beleidsuitvoering te vorm en te formuleer, en daar kan dus slegs raadslede met 'n grondige kennis van afsonderlike ontwikkeling op die Bantoesake-administrasierade aangestel word. Indien 'n Bantoesake-administrasieraad aan al die bogenoemde funksies kan voldoen, sal Bantoeadministrasie tuislandgerig uitgevoer word en kan die deurvoering van die beleid van afsonderlike ontwikke=ling sodoende bevorder word.

5.5.5 Die invloed van die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971 op die beweeglikheid van Bantoe=arbeid in Blankbeheerde gebiede

Die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971, hou verskeie implikasies vir beide werkgewer en werknemer in en aangesien dit die beweeglikheid van Bantoearbeid insluit, sal hierdie hele aangeleentheid as 'n eenheid behandel word. Wat betref die werkgewer, word die administratiewe prosedures by arbeidsin=diensneming vereenvoudig en sekere beperkings op die beweging van Bantoearbeid opgehef. Onder die ou stelsel van administrasie kon 'n Bantoe slegs in die stedelike gebied waar hy verblyfkwa=lifikasies onder artikel 10 van die Bantoes (Stadgebiede) Kon=solidasiewet, 1945 verwerf het, in diens wees. Teenswoordig kan so 'n Bantoewerker nou sy dienste vryelik aanbied binne voorge=skrewe gebiede in 'n Bantoesake-administrasiegebied sonder dat hy die gevaar loop, soos in die verlede, om sy verblyfkwalifika=sies te verbeur. Hierbenewens kan die vraag na arbeid in een voorgeskrewe gebied nou uit 'n ander gebied, waar daar 'n sur=plus van arbeid is, aangevul word. Hierdie reëlings behoort al=lerweë aanleiding te gee tot beter benutting van beskikbare ar=beid. In die verlede is ook die probleem ondervind dat fabrieke in byvoorbeeld Johannesburg, wat as gevolg van uitbreiding na ander voorgeskrewe gebiede aan die Witwatersrand moes verskuif, nie van hulle ervare opgeleide Bantoewerkers kon saamneem nie, aangesien hierdie mense in die voorgeskrewe gebied van Johannesburg onder artikel 10 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, deur lang diens regte verkry het. Die gevolg was dus oortol=lige Bantoearbeid in een voorgeskrewe gebied en die invoer van arbeid na 'n ander gebied.

Sekere kategorieë werkgewers, byvoorbeeld in die bou- en kon=struksiebedrywe waar noodsaaklikerwys daagliks tussen voorgeskrewe

gebiede met hulle Bantoewerkers beweeg moet word, was onderhewig aan die vereiste dat hulle eers by beide plaaslike owerhede toe= stemming moes verkry alvorens hulle met hulle Bantoewerkers van een na die ander gebied kon gaan. Hierdie proses was frustrerend en tydrowend en menige werkgewer het liewer die risiko van ver= volging geloop as om kosbare tyd te verloor deur nakoming van 'n omslagtige prosedure. In 'n Bantoesake-administrasieraads= gebied word hierdie omslagtighede egter nou uitgeskakel en is 'n eenmalige registrasie by enige sub-kantoor van 'n raad vol= doende.

Alhoewel die oorkoepelende administrasie van 'n Bantoesake-ad= ministrasieraad deur sy hoofkantoor behartig word, bly die on= derskeie bestaande kantore as sub-kantore van die raad voort= bestaan. Arbeidsregistrasie by een sub-kantoor geld ten opsigte van die hele administrasiegebied. Dit is derhalwe nie meer, soos in die verlede, vir die werkgewer wat van plek tot plek met sy arbeid moet beweeg, nodig om by elke afsonderlike kantoor aan te meld nie. Die voordeel vir die Bantoewerker is dat hy ook nie meer die gevaar loop om onder sulke omstandighede sy verblyfkwa= lifikasies te verloor waar hy langer as die bepaalde tyd buite die voorgeskrewe gebied waar hy woonagtig is, noodsaaklikerwys diens moet verrig nie. Voorgeskrewe en nie-voorgeskrewe gebiede bly egter voortbestaan, en beweging van Bantoearbeid van nie-voorgeskrewe na voorgeskrewe gebiede word steeds beperk ter beskerming van die werkgewer in die nie-voorgeskrewe gebied, byvoorbeeld dié in die landbou.[64] Die kontrakwerker kan ewen=

---

64) Koornhof. Bantoes kan nou wyer werk soek. Die Vaderland, Vrydag 18 Augustus 1972, p. 1.
Janson. Nuwe arbeidsreëling. Krapperigheid verdwyn gou. Die Transvaler, Vrydag 22 September 1972, p. 6.
Janson. Een angel uit paswet gehaal. Rapport, 17 Desem= ber 1972, p. 15.

eens met sy werkgewer binne 'n Bantoesake-administrasiegebied beweeg maar is nie vry om sy dienste sonder meer aan 'n ander werkgewer beskikbaar te stel nie.

Die bepalings van die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967, geld ook ten opsigte van elke Bantoesa= ke-administrasieraadsgebied en enige arbeidsvasstelling wat mag bestaan, bly derhalwe van krag. Die Wet op die administrasie van Bantoesake, 1971, maak dit egter nou moontlik om beskikbare ar= beid doeltreffender aan te wend aangesien werklose Bantoes son= der nadeel in 'n gepaste alternatiewe betrekking in ander voor= geskrewe gebiede geplaas kan word. Hoër produktiwiteit kan ver= kry word waar beskikbare Bantoearbeid betrek by bepaalde skemas nou nie hoef te verwissel van werkgewer waar verskeie voorgeskre= we gebiede betrokke mag wees nie. Nywerheidsdesentralisasie moet egter steeds nagestreef word. 'n Verdere voordeel is ook dat 'n Bantoewerker nou in 'n ander voorgeskrewe gebied as dié waarin hy werksaam is, gehuisves kan word. Op hierdie wyse kan hy moont= lik baie nader aan sy werksplek huisvesting bekom met 'n gevolg= like besparing aan vervoerkostes, of waar behuising onbekombaar is in die gebied waarin hy werksaam is, kan hy in die opsig moontlik in 'n aangrensende voorgeskrewe gebied geholpe raak.
Wat betref die beweeglikheid van Bantoearbeid maak die Wet op die administrasie van Bantoesake, 1971, benewens vir beweeg= likheid van arbeid binne bepaalde Bantoesake-administrasiege= biede ook in artikel 22(3)(e) voorsiening dat die Minister re= gulasies kan uitvaardig vir die daarstelling van sodanige be= weeglikheid van een Bantoesake-administrasieraadsgebied na 'n ander en vir die verdeling van Bantoearbeiders tussen verskil= lende werkskategorieë in so 'n gebied.

Die administratiewe prosedures wat betref indiensneming en be= huising is nou heelwat vereenvoudig in 'n Bantoesake-administra=

sieraadsgebied tot voordeel van die werkgewer en werknemer. Waar daar so dikwels in die verlede gevind is dat elke plaaslike be= stuur sy eie vertolking van prosedurevoorskrifte toegepas het tot groot frustrasie en ongerief van die werkgewer en die werk= nemer, lei die administratiewe opset onder 'n Bantoesake-admini= strasieraad tot 'n eenvormige toepassing en vertolking van sulke voorskrifte. Bantoesake-administrasierade is evolusionêr, want dit is die resultaat van geleidelike ontwikkeling, die produk van gespesialiseerde kennis en rype ondervinding; dit is die kul= minasie van 'n groeiproses waarin werkgewer, werknemer en admi= nistrateur nader aan mekaar beweeg. Dat die Bantoesake-admini= strasierade en die gepaardgaande Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971, radikaal is in hulle benadering, veral gesien teen die aanvaarde patroon van die administrasie van Bantoesake tot hiertoe, ly geen twyfel nie. Op vooruitstrewende en realis= tiese wyse bring dit groot veranderings aan by die uitvoering van die administrasie van Bantoesake op plaaslike owerheidsvlak en word "... beslis die ruimte gelaat vir eenvormige beleids= uitvoering asmede 'n tuislandgerigtheid".[65)]

---

65) Henning. Inougurele rede. Die P.U.-kaner, Vrydag, 11 Junie 1971.

## HOOFSTUK 6

## BANTOETUISLANDSKAKELING IN DIE WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE=ADMINISTRASIEGEBIED AS 'N VOORWAARDE VIR DORPSTIGTING EN HER=VESTIGING VAN BANTOES UIT BLANKBEHEERDE GEBIEDE IN DIE TUISLAND=SE DORPE

### 6.1 Die Betekenis van Stad-Tuislandskakeling

Die administrasie van die Bantoes in die Blankbeheerde gebiede moet sodanig ingestel en uitgevoer word dat dit die regte kli=maat vir 'n noodsaaklike, doeltreffende skakeling tussen die Bantoes in die Bantoesake-administrasieraadsgebiede en hulle stamgenote in die tuislande kan verseker. In die eerste instan=sie dui die skakeling van die Bantoes in die Blankbeheerde ge=biede met hulle volkseenheid in die tuisland op die verplasing van die politieke belange van die Bantoe-individue in die Ban=toesake-administrasieraadsgebiede na die tuislande van hulle on=derskeie volkseenhede.[1] Indien hierdie politieke skakeling suk=sesvol uitgevoer kan word, is daar die verdere moontlikheid dat die Bantoes in die Blankbeheerde gebiede ook op ekonomiese, so=siale, opvoedkundige en regsgebied, dit wil sê, op die totale front van sy kulturele lewe weer met sy tuisland en volkseenheid verbind kan word.

Aangesien die koppeling van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede op die totale front van sy kulturele lewe met 'n tuisland ook 'n

---

1) Coertze. Stad en tuislandskakeling in stedelike Bantoe-ad=ministrasie - Volkekundig, Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede (Suidelike Afrika), Sestiende Jaar=kongres, 29 September tot 2 Oktober 1969, p. 62.

doelstelling van die sentrale regering is, impliseer dit onver= mydelik ook mettertyd die fisiese verplasing van Bantoe-indivi= due in Bantoesake-administrasieraadsgebiede na die tuislande van hulle onderskeie volke. Doelgerigte en konsekwente stad-tuis= landskakeling is dus 'n noodsaaklike eerste fase ten opsigte van dorpstigting vir die Bantoes en die hervestiging van die Bantoes in hulle onderskeie tuislande. Indien die noodsaaklike skake= ling nie bestaan nie, sal die Bantoes in Blankbeheerde gebiede moeilik tuislandgerig ingestel kan word en kan die Bantoewoon= buurtes in die Blankbeheerde gebiede uiteraard ook nie die funk= sie van leerskool vir die beheer en administrasie van tuislandse dorpe vervul nie. Henning geklemtoon die feit dat, deur middel van stad-tuislandskakeling "... die stedelike Bantoes tuislandbe= wus gemaak moet word, hulle moet weer aan 'n bepaalde tuisland en sy besondere kultuur vasgeknoop word. As doeltreffende skakeling kan plaasvind, sal baie probleme op die weg van hervestiging van die stedelike Bantoe in die tuislandse dorpe wegval".[2)]

By stad-tuislandskakeling wat die hervestiging van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede in die Bantoetuislande as einddoel stel, moet in gedagte gehou word dat verstedeliking, as kultuurkenmerk, met uitsondering van dele van die Sothovolke,[3)] nie inherent deel van die tradisionele kulture van die Bantoevolke was nie. Die patroon van verstedeliking volgens Westerse voorbeeld waaraan die Bantoes in Blankbeheerde gebiede onderhewig geraak het, is en was aan geen een van die Bantoekulture bekend nie. Terugskakeling van die Bantoes uit Blankbeheerde gebiede na hulle tuislande sal met hierdie feit rekening moet hou. Algehele sukses, ook in die

---

2) Henning. Dorpstigting in die Bantoetuislande, p 306.
3) Vergelyk hoofstuk 2.

sin van fisiese verplasing, kan alleen verseker word as dit kan geskied met inagneming van omstandighede in die tuislande wat toestande in Bantoewoonbuurtes in Blankbeheerde gebiede oortref. Om op sukses te reken wanneer van die Bantoes wat aan verstedelik= te woonomstandighede verknog geraak het, verwag word om na 'n plattelandse lewensfeer te verskuif, of om sy belange daarheen oor te plaas, grens aan wensdenkery. Coertze beweer: "... aan= skakeling van Bantoevolkslede in Blanke gebiede by hulle onder= skeie tuislande impliseer, na ons oordeel, die invoering van verstedeliking volgens Westerse voorbeeld as 'n nuwe kultuur= element in die tuislande".[4] Dit moet egter beklemtoon word dat die ontwikkeling van dorpe en stede in die Bantoetuislande die moontlikheid van stad-tuislandskakeling vanuit die tuislande heelwat vergemaklik het en tot 'n werklikheid deurgevoer het. Dit is immers makliker om met 'n massa Bantoes waar hulle byeenge= bring is, te skakel, as waar hulle yl gesaai oor 'n groot ge= bied woonagtig is.

Die ekonomiese suigkrag in die Blankbeheerde gebiede teenoor die ekonomiese stootkrag in die Bantoegebiede het 'n vloei van Ban= toe-arbeiders na die Blankbeheerde stede en -dorpe teweeggebring wat met verloop van tyd ten minste twee en in die meeste gevalle drie[5] groepe Bantoe-inwoners in Blankbeheerde gebiede teweegge= bring het, naamlik:

---

4) Coertze, op. cit., 1969, p. 66.
5) Mayer. Townsmen or tribesmen, p. 4, verdeel die stedelike Bantoebevolking van Oos-Londen in twee klasse naamlik "Townsmen" en "tribesmen". Longmore The dispossessed, p. 11 en Maritz op. cit., p. 168 volg egter ook bogenoemde drie= ledige indeling.

(a) die trekarbeider wat slegs sy arbeid verkoop en met gereelde tussenposes na sy tuisland terugkeer. Hier bestaan dus nog 'n skakeling in sy natuurlike vorm;

(b) die semi-verstedeliktes wat op 'n gesinsbasis in die Blanke dorpe en stede woon, maar wat nog met sy land van herkoms in verbinding bly. Om hierdie vertraagde proses van kultuurvervreemding te strem, het 'n toe= nemende mate van beplande skakeling al noodsaakliker geword;

(c) die reeds verstedelikte Bantoes, dit wil sê, die per= sone wat alle kontak met die tuisland verloor het.

Aangesien Bantoesake-administrasierade beheer uitoefen oor Ban= toes in voorgeskrewe gebiede sowel as nie-voorgeskrewe gebiede[6)] kan hier ook nog 'n vierde groep Bantoes onderskei word, naam= lik:

(d) die Bantoes in nie-voorgeskrewe gebiede wat op plase in Blanke gebiede gebore is, haas geen kontak met die tuisland meer het nie, en hulleself beskou as part en deel van die Blanke plattelandse gebiede.

Die skakeling van groep (a) - die trekarbeiders - met hulle on= derskeie tuislande lewer feitlik geen probleme op nie aangesien hulle steeds tuislandgeoriënteerd is en daar ook meganismes bestaan wat hulle tot 'n groot hoogte daarvan weerhou om stede=

6) Plattelandse gebiede waarbinne die verblyf van Bantoe gereël word volgens Hoofstuk IV van die Bantoe Trust en Grondwet, 1936, Wet no. 18 van 1936.

linge te word. Volgens Maritz bied die tuislandse opset bevredi= gende kanale vir hierdie groep, en kan dit ook "... sonder vrees vir teenspraak beweer word dat hierdie groep nie belangstel in die politiek van stedelike gebiede nie - die tuislandse houvas is daarvoor nog te groot".[7)]

Groep (b) weifel op twee weë. Hulle staan met die een voet in die tuisland en met die ander in die Blankbeheerde stadsgebied. Die houding van die groep teenoor die tuisland, en ook teenoor die Blankbeheerde stedelike gebied, is 'n ambivalente: aan die een kant trek die sosio-ekonomiese sekuriteit wat die tradisionele orde bied en die vastigheid wat daaruit voortvloei vir die indi= vidu - terwyl die ambisie om meester te wees van die magsmiddele wat die stadskultuur bevat, ewe swaar na die anderkant trek. Die mate waartoe die kontak met die tuisland reeds deur hierdie groep verbreek is, verskil van individu tot individu. Binne die groep bestaan daar ook verskillende lae waarvan die lidmaatskap bepaal word deur die tyd van verblyf in Blankbeheerde stedelike gebiede en die mate van geskooldheid. Alhoewel die onderste laag moont= lik nog ingeskakel kan word onder die stamregering in die tuis= land sal dit nie met sukses uitgevoer kan word in die geval van die middel- en bolae nie: hierdie lae sal 'n oplossing uit die stedelike milieu self verlang.[8)]

Die grootste uitdaging vir die proses van stad-tuislandskakeling is egter in groep (c) geleë. Onder hierdie groep word prokureurs, handelslui, onderwysers, klerke, dokters, ensovoorts, gereken.

---

7) Maritz, op. cit., p. 170.
8) Ibid., p. 172.

Hulle gesels oor internasionale politiek, sosiale hervorming en Bantoe-onderwys. Hulle leef soos die Blanke middelklas, terwyl hulle in gesprekke met mekaar, veral as die geselsers nie tot dieselfde taalgroep behoort nie, Engels as taalmedium gebruik. Kultureel bevind hulle hulle in die tussengebied tussen die Blanke en Bantoe.[9] Dit is egter bemoedigend om te kan vermeld dat hierdie groep Bantoes nie buite hulle nasionale verbande in 'n struktuurlose massa ontaard wat op Westerse grondslag in een gemeenskap saamgesnoer kan word nie. Daar kan ook gekonstateer word dat daar verwestersing met behoud van eie identiteit in=tree ondanks die feit dat die Bantoes binne Blankbeheerde stede=like gebiede buite die Bantoetuislande woonagtig is. Die groep het in hulle eie reg die vermoë om naas die Blanke voorbeeld ver=dere variante van die Westerse beskawing tot stand te bring.

Groep (d) wat hulleself beskou as part en deel van die Blanke plattelandse gebiede of nie-voorgeskrewe gebiede, het die afge=lope dekade hulle opleidingspeil geweldig verhoog, 'n toenemende koopkrag vertoon en 'n ooglopende strewe tot die bereiking van 'n uiterlike volledig Westerse lewenspatroon nagevolg. Die verande=ring van die lewe van die groep plattelanders tot 'n uiterlike beandering van die Westerse lewenspatroon is voorwaar omvangry=ker as wat algemeen besef word. Hierdie Bantoes het egter geen onduidelikheid oor hulle etniese aanhorigheid nie en hulle besig feitlik volledig een van die Bantoetale as huistaal.

In die daarstelling van stad-tuislandskakeling moet daar nou twee strome Bantoes, naamlik die Bantoes in Blankbeheerde gebiede

---

9) Ibid.

en die in die Bantoetuislande by mekaar gebring en aangepas word. Hier is dit veral uiters noodsaaklik dat die verstedelikte Ban= toes en die Bantoes in die nie-voorgeskrewe gebiede wat met die tuisland geen kontak meer het nie, weer tuislandbewus ingestel en aan 'n tuisland gekoppel word. Dit is 'n sosiologiese waar= heid dat die Bantoes in Blankbeheerde gebiede en die Bantoes in die tuislande hulle in twee afsonderlike, moeilik versoenbare gemeenskappe bevind. Hierdie sosiologiese afsonderlikheid geld egter nie in die Blankbeheerde gebiede wanneer die klem op die breë nasionale grondslae of volkseenheid val nie. Die beklemto= ning van die volkseenheid deur stedelike plaaslike besture as= mede die amptenare in beheer van die administrasies het die af= gelope aantal jare wel inslag by die gemiddelde Bantoes in Blank= beheerde gebiede gevind. 'n Negatiewe aspek is egter die feit dat die Bantoes grootliks slegs van owerheidsweë en die administra= sie van sy volkseenheid bewus gemaak is en dit nog nie vir hom duidelik is wat dit behels, hoe dit hom tot voordeel mag strek en hoe dit sy toekomstige lewenspatroon kan beïnvloed nie. Die noodsaaklikheid van korrekte inligting, ook oor die wese en be= tekenis van die beleid van afsonderlike ontwikkeling, kan nie genoeg beklemtoon word nie en om dit deur middel van die pers te propageer is 'n onpersoonlike proses met onsekere resultate.

Volgens die S.A. National Readership Survey[10)] is naastenby 55 per= sent van die lesers van die veertien Engelse dagblaaie Blankes, 12 persent is Kleurling, 8 persent is Asiate en 25 persent is Bantoes. Die syfers vir die ses Afrikaanse dagblaaie[11)] is: Blankes 90 persent, Kleurlinge 8 persent, Asiate 0,2 persent en

10) Die Vaderland. Woensdag 7 Maart 1973, p. 2.
11) Oggendblad uitgesluit.

Bantoes 1,4 persent. Wat die Engelse weekblaaie betref is die syfers: 59 persent Blankes, 16 persent Kleurlinge, 9 persent Asiate en 16 persent Bantoes. Afrikaanse weekblaaie se lesers=kring bestaan uit 79 persent Blankes, 18 persent Kleurlinge, 'n halwe persent Asiate en net oor die twee persent Bantoes. Die Engelstalige pers oefen dus 'n baie groter invloed op die Ban=toes uit as die Afrikaanse koerante - wat die beleid van afson=derlike ontwikkeling dus betref, sal 'n korrekte beeld dus moei=lik deur middel van die pers aan die Bantoes oorgedra kan word. Hierdie leemte kan egter in 'n mate aangevul word deur persoon=like kontak met die Bantoes in Blankbeheerde gebiede en met be=hulp van volksverteenwoordigende rade.

Radio Bantu kan ook 'n bydrae lewer om die Bantoes in Blankbe=heerde gebiede van hulle volkseenheid bewus te maak en sodoende die proses van stad-tuislandskakeling te bevorder. Die effek van Radio Bantu ten opsigte van die gehoor wat getrek word spreek uit 'n ondersoek van Market Research Africa,[12)] waaruit die vol=gende toename in luisteraarsyfers blyk:

| | 1962 | 1966 | 1967 | 1969 | 1970 |
|---|---|---|---|---|---|
| Luisteraars: | 0,8 milj. | 1,2 milj. | 1,5 milj. | 2,3 milj. | 2,8 milj. |

In 1966 het Radio Bantu om 8.00 nm. 'n luistergehoor van ± 500 000 gehad; in 1969 groei dit na 1 100 000 en in 1970 na 1 580 000. Langschmidt[13)] toon verder aan dat Radio Bantu in

---

12) Market Research Africa. 'n Verslag oor luistergewoontes in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika: eerste kwartaal 1970, p. 11.
13) Langschmidt. Some characteristics of the urban Bantu market, p. 17.

1968 reeds die enkele medium was waaraan die meeste Bantoes in die stede blootgestel was - 36,0 persent stedelike Bantoes het toe na die radio geluister, terwyl 28 persent 'n weekblad in die Bantoetale gelees het, 23,8 persent Bantoetydskrifte gelees het en 15,2 persent Engelse Sondag- of weekblaaie gelees het.

Met stad-tuislandskakeling word direk met die politieke en kul= turele aspekte van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede in aan= raking gekom. Die politieke[14)] implikasies van stad-tuislandska= keling is baie duidelik. Geen stad-tuislandskakeling sal egter positiewe resultate kan toon indien dit die kulturele aspek bui= te rekening laat nie. Die apparaat vir stad-tuislandskakeling moet so elasties wees dat kulturele aspekte daarby ingeskakel kan word. Kultureel moet daar vir die Bantoes in Blankbeheerde gebiede 'n evolusie bewerkstellig word wat as basis moet dien vir die psigologies-vereiste uitlewing op maatskaplike en poli= tieke vlak. Na die Bantoes in Blankbeheerde gebiede kan nie eint= lik verwys word as ontstam nie, maar eerder vereuropeaniseerd,[15)] die lojaliteit, hoewel verdeeld, teenoor die stam bestaan nog, hoewel dit nie 'n dinamiese kontak is nie maar eerder 'n passie= we. Die moontlikheid word egter ook voorsien dat stamverdelinge op een of ander wyse mettertyd in die toekoms van minder belang sal word as die verdelinge volgens 'n breëre nasionale bewussyn van die verskillende volkseenhede.

Om nou in hierdie situasie die stamverband baie sterk te beklem=

---

14) Die politieke aspek van stad-tuislandskakeling val buite die bestek van die ondersoek. Waardevolle ondersoek in die verband is alreeds gedoen. Maritz, op. cit., hoofstuk V.

15) Alhoewel Hodgkin Nationalism in colonial Africa, p. 81 be= swaar maak teen die term voel Maritz, op. cit., p. 173 egter ook dat die term gepas is.

toon sal die doel van stad-tuislandskakeling, naamlik om van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede aktiewe deelnemers in hulle eie welsyn te maak, verydel. Kultuur is nie die voorreg van 'n spesi=fieke groep nie, maar is aanleerbaar deur die individu om hom in die beste vermoë te stel om aan die eise van sy omgewing te vol=doen. Die Westerse kultuur is reeds in so 'n groot mate deur die Bantoes in Blankbeheerde gebiede aanvaar en aangeleer, dat 'n be=klemtoning van stamverband in die huidige omstandighede 'n oorbe=klemtoning sal wees van dit wat in die huidige fase van evolusie soek na balans. Die kapteingetroue Bantoe in Blankbeheerde gebie=de is dikwels 'n kultuurstagnante wat nie oor die intellektuele vermoë beskik om daardie normale begeerte om erken te word kan be=vredig nie.[16)]

Die Bantoes in Blankbeheerde gebiede leef in 'n kompromis-kultuur=milieu waar kultuur konsepte bots omdat geen kultuurvakuum nog ooit bestaan het nie. Uit hierdie botsing is die Bantoes in Blankbeheerde gebiede besig om 'n sintese te bewerkstellig tussen Westerse en stamkultuurkonsepte. Die Bantoes is gedurig onderwor=pe aan 'n legio prikkels en stimili afkomstig van die sosiale, ekonomiese, politieke en godsdienstige instellings van 'n goed gevestigde Blanke kultuur. Aangesien die natuurlike reaksie, naam=lik integrasie, deur vir die Blanke noodsaaklike sosiale grense verbied word, is die kultuursintese wat uit die kontak ontstaan, verplig om wortel te skiet in die beskikbare tradisionele tuis=landkultuurbasis. Die Bantoes in Blankbeheerde gebiede is dus nog gewortel in die kultuurbasis terwyl die kultuurtak wat ontstaan het uit die kontak met die Westerse kultuur in die Blankbeheerde stedelike gebiede, na 'n punt tussen die twee kultuurkerns groei en om 'n oplossing uit daardie omgewing vra.

---

16) Hierdie begeerte om erken te word openbaar sigself onder an=dere op die politieke vlak.

Omdat alle ware nasionale strewes die ondersteuners alleen werk=lik kan verenig as hulle gevoel van samehorigheid op die besit van 'n gemeenskaplike kultuurerfenis gebou is, moet dit as 'n normale handeling beskou word wanneer die Bantoes in Blankbe=heerde gebiede (elkeen na sy aanhang van die kultuur van sy volk) met hierdie opkomende volksnasionalismes sal meewerk. Dit kan ook gestel word dat die stamgrense vir die Bantoes in Blankbeheerde gebiede vervaag het om plek te maak vir die etniese grens. Hier=die stamoorspannende volkseenheidsgevoel by die Bantoes in Blank=beheerde stedelike gebiede moet gesien word as 'n normale sosio=logiese proses tot volkswording indien vroegtydig gekanaliseer. As gevolg van die stamoorspannende volkseenheidsgevoel tree daar dan ook 'n nuwe dimensie na vore indie proses van stad-tuisland=skakeling. Skakeling met en belangeverplasing na die tuislande hoef nou vir die Bantoes in Blankbeheerde gebiede nie noodwendig te begin en te eindig met ondergeskikstelling aan die gesag van 'n besondere stam en sy kaptein nie, maar sal aangevoor kan word as 'n versterking van die bande met die volkseenheid as sodanig, met die apparaat van die betrokke tuislandregering as die oorkoe=pelende liggaam in die besondere nasionale tuiste.

Uit bogenoemde uiteensetting blyk dit dat die politieke en kultu=rele koppeling van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede gepaard moet gaan met die stigting van dorpe en stede en die skepping van werksgeleenthede in die Bantoetuislande. Stad-tuislandska=keling moet gepaard gaan met die ekonomiese ontwikkeling van die tuislande op alle vlakke. Stad-tuislandskakeling en tuislandont=wikkeling is twee onafskeidbare fasette van die beleid van af=sonderlike ontwikkeling. Stad-tuislandskakeling sal nie daarin slaag om die Bantoes in Blankbeheerde gebiede wat gewoond is aan "running water and electric lights", te oortuig tot hervestiging in die Bantoetuislande nie, alvorens ekonomiese ontwikkeling in die tuislande dieselfde of selfs beter voordele kan bied nie. In=

dien stad-tuislandskakeling en ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande nie met mekaar rekening hou nie kan 'n gefrus= treerde en verwarde Bantoegemeenskap in Blankbeheerde gebiede ontstaan, want sodra politieke en kulturele stad-tuislandskake= ling plaasgevind het, ontstaan daar 'n hunkering en 'n behoefte by die Bantoes aan 'n eie ontwikkelende tuisland.

Positiewe stappe om stad-tuislandskakeling en uiteindelike vestiging van die Bantoes deur middel van dorpstigting moontlik te maak is die volgende:

(a) Die toelating van Bantoewerkers vanuit tuislanddorpe tot die Blankbeheerde gebiede behoort voorkeur te ge= niet wanneer vakatures in Blankbeheerde gebiede ont= staan. Geen Bantoewerknemer in Blankbeheerde gebiede sal na die tuisland wil verskuif indien sy kanse op werkkeuse daardeur aan bande gelê word nie.

(b) Dit is nodig dat voldoende maatskaplike geriewe in die tuisland dorpe voorsien word. Ouetehuise behoort in dorpe in tuislande opgerig te word sodat dit 'n eenheid vorm met so 'n dorp. Klein kinders in Blank= beheerde stedelike gebiede kan dan vir bepaalde pe= riodes by hulle grootouers gaan kuier en sodoende tuislandbewus ingestel word. Tehuise vir siekes en kleuters behoort ook opgerig te word. Wanneer die no= dige sportfasiliteite voorsien word, kan byvoorbeeld die jaarlikse Suid-Afrikaanse Bantoe-atletiekkampioen= skappe in die tuislande gehou word.[17] Hierdeur sal 'n

---

17) Op die huidige stadium word die jaarlikse Suid-Afrikaanse Bantoe-atletiekkampioenskappe op die baan van een of ander myngroep in die Blankbeheerde gebiede gehou.

groot aantal Bantoes weer met hulle tuisland skakel. Dit is logies dat ook die nodige akkommo= dasie aan die deelnemers verskaf moet word, wat net soos in die geval van die stadion aan sekere mini= mumvereistes moet voldoen. Heelwat Bantoes in Blank= beheerde gebiede is bereid om te verhuis maar weens 'n gebrek aan voldoende fasiliteite in die tuisland= dorpe kan dit in die praktyk nie in werking gestel word nie.

(c) Behuising in die tuislanddorpe behoort minstens net so goed of selfs beter te wees as die in Blank= beheerde gebiede en moet van die nodige moderne geriewe voorsien word. Die beplanning self moet op moderne stadsbeplanningslees geskoei wees. Dit is algemene beleid om water, riolering en straatligte te verskaf maar wonings behoort ook van meet af aan vir kragvoorsiening bedraad te word. Kragvoorsiening is vandag nie meer 'n luukse artikel nie en as 'n Bantoe in Blankbeheerde gebiede na die tuisland ge= trek word, behoort die fasiliteite en dienste nie swakker te wees nie.

(d) Behoorlike besigheidsfasiliteite kan die stad-tuis= landskakeling ook heelwat bevorder en vergemaklik. Waar daar supermarkte of ander groothandelaarsbesig= hede is wat direk met die publiek handel drywe, kan dit selfs meebring dat inwoners in die nabygeleë Blankbeheerde gebiede hulle inkopies in die tuisland= dorpe kom doen. Dit sal ook verhoed dat duisende Ban= toe-inwoners in tuislanddorpe verplig word om vir hierdie doel na die Blankbeheerde gebiede te gaan. Aantreklike en modern beplande besigheids- en ander geboue in tuislanddorpe kan ook baie daartoe bydra dat die "vaal" indruk wat die Bantoe in Blankbeheerde

gebied vir hom van die tuislande gevorm het, in iets baie meer aantrekliks omskep word.

(e) By die toelating van Bantoewerknemers tot die Blankbeheerde gebiede, behoort voorkeur verleen te word aan Bantoes wat etnies verwant is aan die groep wat oorwegend in 'n bepaalde gebied aan=getref word. Verder behoort voorkeur gegee te word aan Bantoewerknemers afkomstig uit die naby=geleë Bantoetuislande om in Blankbeheerde gebiede te gaan werk bo die Bantoes wat van verafgeleë gebiede afkomstig is. Die arbeid wat so etnies-selektief ingevoer word, vind dadelik aansluiting by hulle volksgenote in die Blankbeheerde gebiede en sodoende word die Bantoes in Blankbeheerde ge=biede weer stewig geskakel aan sy mense in die tuisland.

(f) Enkelbehuising moet ook vir Bantoemans en waar no=dig vir -vrouens in die tuislanddorpe verskaf word.

(g) Namate die ekonomiese lewe van die tuislanddorpe meer gesofistikeerd raak en groter konsentrasie van koopkrag in daardie dorpe ondervind word, sal Ban=toehandelaars in Blankbeheerde gebiede geneig wees om hulle eie besighede in die tuislanddorpe te ves=tig. Hierdie Bantoe-ondernemers op handelsgebied kan met verloop van jare 'n nukleus uitmaak om die terrein van die fabrieksnywerheid te betree.

(h) Goeie beplanning is 'n noodsaaklike vereiste. Dorpe en stede in die tuislande moet gevestig word waar daar 'n mark vir die arbeidspotensiaal bestaan of sal bestaan.

(i) Doeltreffende en ekonomiese vervoerfasiliteite van en na die tuislanddorpe kan ook stad-tuislandskake=ling bevorder.

(j) Indien Bantoesake-administrasierade beheer oor Bantoedorpe in die ontwikkelingsstadium kan uit=oefen, sal dit eenvormigheid in die uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling in Blankbeheerde gebiede sowel as die tuislande verseker - wat 'n verdere stukrag aan stad-tuis=landskakeling kan verleen.

## 6.2 Stad-Tuislandskakeling in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraadsgebied

In hierdie hoofstuk word nou bepaal tot watter mate die Bantoes in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraadsgebied deur middel van stad-tuislandskakeling reeds weer aan hulle tuislande gekoppel en geaktiveer is tot vestiging in tuislanddorpe. Behal=we die administratiewe verband van hierdie ondersoek sal dit ook aansienlike pragmatiese waarde hê vir die toekomstige beplanning van dorpe in die Bantoetuislande. Vir dié hoofstuk is gegewens verkry uit beskikbare dokumente, lêers en notules van die 26 streeksdorpe van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasie=raad. Waardevolle inligting is ook verkry van individuele amp=tenare van die raad. Onderhoude is ook gevoer met lede van die verskillende adviserende Bantoekomitees en stedelike Bantoe=raad[18)] om die standpunt ten opsigte van tuislandbewustheid en tuislandgerigtheid van die Bantoes persoonlik te kon bepaal. In=ligting in verband met die Bantoes in die nie-voorgeskrewe ge=biede kon alleenlik verkry word deur persoonlike ondervraging van die Bantoes self. Voor die oorname deur Bantoesake-administra=

---

18) Slegs een stedelike Bantoeraad funksioneer in die Bantoesake-administrasieraadsgebied te Carletonville.

sierade van alle Bantoes in Blankbeheerde gebiede is weinig aandag gegee aan die Bantoes op die Blanke platteland en in be= sonder op die plase van Blankes. Die standpunt van die Bantoes is egter belangrik aangesien die Bantoes nie net persone is wat hulle moet onderwerp aan administratiewe reëls en regulasies nie, maar ook mense is met 'n eie denke en kultuur. Daar is eg= ter deurgaans gewaak teen onbetroubare en subjektiewe elemente wat'n rol in die ondersoek kon speel.

6.2.1 <u>Stad-tuislandskakeling in die Potchefstroomstreek</u>

In die Potchefstroomstreek van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad, bestaande uit die streeksdorpe Potchefstroom, Carletonville, Fochville, Koster en Ventersdorp, word 'n hetero= gene bevolkingsamestelling aangetref. Die Tswanainwoners maak egter nog die grootste persentasie van die bevolking van die gebied uit. Die heterogeniteit van die Bantoebevolking kan groot= liks toegeskryf word aan die ontwikkeling van die goudmynbedryf wat die streeksdorpe Carletonville, Fochville en die nie-voor= geskrewe gebied as 'n geheel gevoed het met onwettige en wettige nie-Tswana-arbeiders. In Potchefstroom en Ventersdorp het die persentasie nie-Tswana's veral toegeneem as gevolg van nywer= heidsontwikkeling en natuurlike aanwas. Daar word egter deurgaans gepoog om die persentasie Tswana's in die streek te verhoog deur 'n streng toepassing van die beginsel van arbeidsonering. Die persentasie Tswana in die streek word in die onderstaande tabel aangetoon:

TABEL 12

PERSENTASIE TSWANA- EN NIE-TSWANA IN DIE POTCHEFSTROOMSTREEK GEDURENDE 1970[19)]

| Streeksdorp | % Tswana | % nie-Tswana |
|---|---|---|
| Potchefstroom | 68 | 32 |
| Carletonville | 46 | 54 |
| Fochville | 58 | 42 |
| Koster | 91 | 9 |
| Ventersdorp | 83 | 17 |
| Nie-Stedelik | 56 | 44 |
| Gemiddelde % | 66 | 34 |

6.2.1.1 Potchefstroom

Met die viering van die Uniefees deur die Bantoes in die Ikageng-Bantoewoongebied op 9 April 1960 is 'n aanvang in Potchefstroom

19) Republiek van Suid-Afrika. Departement van Statistiek. Bevolking van stede, dorpe en nie-stedelike gebiede. Verslag no. 02-05-01.

gemaak met die proses van stad-tuislandskakeling.[20] Gedurende die feesviering is deurgedring tot die gewone werkende Bantoes deur klem te lê op die tradisie van die Bantoe. Die feesverrig= tinge was sodanig georganiseer, soos uit die program blyk, dat tipiese Bantoegebruike en tradisionele kultuurgoedere by daardie geleentheid op die voorgrond geplaas is.[21] Die Westerse vlaghy=

---

20) Opperman. Stedelike Bantoetuislandskakeling met die Wes-Trans= vaalse Streeksvestigingsgebied, met besondere verwysing na die rol van Potchefstroom, p. 122.
Waardevolle gegewens is uit hierdie verhandeling verkry veral sover dit die oorspronklike beplanning van die afdeling betref. 'n Afsonderlike ondersoek na die stad-tuislandskakeling wat reeds bestaan is egter ook deur skrywer gedoen ten opsigte van elkeen van die 26 streeks= dorpe van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasie= raad, aangesien heelwat nuwe feite eers na die instelling van die Raad op 1 Oktober 1972 aan die lig gekom het. So is daar byvoorbeeld gedurende 1969 aan Opperman meegedeel dat die adviserende Bantoekomitee van Swart= ruggens 'n belangrike bydrae lewer om die Bantoes be= wus te maak van die voordele verbonde aan tuislandska= keling. Aan die begin van 1973 het ondersoeker egter ge= vind dat daar geen adviserende Bantoekomitee te Swart= ruggens bestaan nie. Eers gedurende Mei 1973 het die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad daarin geslaag om adviserende Bantoekomitees vir die twee Ban= toewoonbuurte van Swartruggens in te stel.

21) Item 3(iv) van die feesprogram het byvoorbeeld onder andere die volgende ingesluit:

(a) Stamdanse
(b) Koorsang
(c) Toesprake
(d) Aansteek van seremoniële vuur
(e) Aanbieding van geregte en geskenke (tipiese voorbeelde van die materiële kultuurelemente van die Bantoe)
(f) Vleisbraai en Bantoebier
(g) Blanke raadslede sal uitgenooi word.

singseremonie is byvoorbeeld deur die seremonie van die aansteek van die vure vervang en die beeste is op seremoniële wyse geslag.

Die Uniefeesverrigtinge is deeglik deur die Bantoeleiers van Potchefstroom gebruik om hulle volgelinge weer tuislandbewus te maak, hulle te aktiveer en hulle ondersteuning te kry in hulle pogings om skakeling met hulle tradisionele leiers in die tuis= lande te verkry. Die wyse waarop die Bantoe-inwoners van Ikageng hulle laat meevoer het deur die feesverrigtinge was vir die amp= tenare en Bantoeleiers 'n aanduiding dat die Bantoes hulle eie kultuurgoedere nog steeds bewaar en herwaardeer het en dat die skakeling met hulle volksgenote in die tuislande nog kon plaas= vind.

Met die konstitusionering van die Tswanagebiedsowerheid geduren= de 1961 te Potchefstroom het die eerste werklike skakeling plaas= gevind. Al die vernaamste tradisionele leiers van die Tswanavolks= eenheid het Potchefstroom gedurende die geleentheid besoek en die Bantoeleiers van Ikageng het as gashere opgetree. Die Ban= toeleiers van Ikageng het huisvesting aan al die tradisionele leiers verskaf en die verrigtinge van die verskillende vergade= rings tydens die byeenkoms as waarnemers bygewoon. Hierdie ska= keling wat in Potchefstroom plaasgevind het, was van 'n sodanige aard dat die uitvoerende komitee van die destydse Tswanagebieds= owerheid[22)] besluit het om die leier en een lid van die advise= rende Bantoekomitee van Potchefstroom uit te nooi na die eerste

---

22) Sedert 1 Junie 1971 is Bophuthatswana egter 'n selfregerende gebied, volgens die inwerkingtreding van die Bophuthatswana= grondwetproklamasie 1972 ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971. (Wet no. 21 van 1971).

opening van die Tswanagebiedsowerheid te Mafeking op 12 Desem=ber 1961.

Hierdie uitnodiging is amptelik deur die stadsraad van Potchef=stroom aanvaar wat terselfdertyd 'n bedrag van R1 400 en 2 273 liter Bantoebier aan die Tswanagebiedsowerheid as 'n skenking saamgestuur het. Die Bantoes in die stadsgebied van Potchefstroom was op daardie stadium reeds sodanig geaktiveer en tuislandgerig ingestel deur hulle plaaslike leiers dat hulle op eie ingewing 'n telegram aan die Tswanagebiedsowerheid gestuur het met die vol=gende boodskap: "Geluk met die instelling van die Gebiedsower=heid. Laat die herinnering aan Potchefstroom se aandeel aan die wording van die Gebiedsowerheid die murgbene by ons vreugdevure wees en die Owerheid se leiding aan ons die brandhout op die vure van ons winternagte".[23]

Die adviserende Bantoekomiteestelsel van Potchefstroom het ook gedurende die periode sodanig ontwikkel dat die komiteelede in toenemende mate nie slegs skakeling met die betrokke stadsraad gesoek het nie, maar dat hulle in werklikheid ook die tradisio=nele leiers van die Bantoes in die stadsgebied van Potchefstroom geword het wat direkte skakeling met hulle tuisland bewerkstellig het. Hierdie adviserende Bantoekomiteelede is tans nie slegs po=litieke leiers nie, maar neem ook die leiding op ekonomiese, op=voedkundige en regterlike gebied. Gevolglik beweeg die proses van stad-tuislandskakeling in sy totale omvang tans deur hierdie een kanaal van die adviserende Bantoekomitee. 'n Volksverteen=woordigende raad kon om praktiese redes nog nie vir Potchefstroom ingestel word nie.

---

23) Stadsraad van Potchefstroom. Lêer no. 11/12.

Die kultuur van 'n mens as lid van 'n volk of stam is veranderbaar maar nie aflegbaar nie. Erkenning en gebruik van die belangrikste aspekte van die sosiale organisasie van die Bantoes in die admi= nistrasie van 'n Bantoesake-administrasieraad kan aanleiding gee tot 'n terugkeer na die kultuureie van die Bantoes. Dit kan al= leen geskied indien die amptenaar, deur bestudering van die vol= kekunde, bewus is van die kultuurelemente van die verskillende volksgroepe. Die Tswana het in sy sosiale organisasie nie meer 'n sibbestelsel nie, maar totemistiese verskynsels en diere kom tog algemeen onder die verskillende stamme voor. Daar is wel nie 'n besondere band tussen totemlede nie, maar hulle beskou hulle= self tog op een of ander mistieke wyse verbonde aan 'n bepaalde totem. Indien vasgestel kan word aan watter totem 'n Bantoe be= hoort, kan sy stamverwantskap dus ook bepaal word.[24)]

In die Bantoewoongebied van Potchefstroom is die verskillende totems van die verskillende Tswanastamme op die ingangsboog in mosaïek aangebring. Die reaksie van die Bantoe-inwoners sowel as van besoekers was besonder gunstig en dit het baie bygedra tot die bevordering, die behoud en uitbouing van hulle eie kul= tuur, wat 'n voorvereiste is vir stad-tuislandskakeling.[25)] Dit het in Potchefstroom ook daartoe bygedra dat baie van die inwoners weer stamgebonde geword het en dat hulle hulle tradi= sionele leiers as hulle natuurlike leiers aanvaar het.

As 'n verdere poging om die Bantoe tuislandgerig in te stel, is daar deur die stadsraad van Potchefstroom besluit om die open= bare geboue wat in die Bantoewoongebied Ikageng opgerig word,

---

24) Riekert, op. cit., 1967, p. 171.
25) Ibid.

sodanig te beplan dat dit iets van die Tswana se materiële kul= tuurelemente bevat. Op hierdie wyse is die tradisionele lapa onder andere argitektonies ingeskakel by die gastehuis, open= bare biblioteek, administratiewe kantore en vorm dit selfs deel van een van die moderne Bantoekerke in die Bantoewoongebied. Die muurversierings van die Tswana is ook baie prakties inge= werk in die versiering van geboue. Die Tswana het slegs die driehoekmotief as versiering van sy wonings, as gevolg van die droë klimaat waarin hy oorspronklik gewoon het. Die bogenoemde benutting van Bantoekultuurelemente in Ikageng werk in 'n mate die vinnige tempo van verwestersing teë. Langs hierdie weg word daar gepoog om die Bantoe materieel terug te voer na sy volks= eie. Dit dra weer op sy beurt daartoe by dat die Bantoe op 'n natuurlike en geleidelike wyse, ook geestelike skakeling met sy volksgenote in die tuislande vind.

Onder leiding van die adviserende Bantoekomitee word gedurig pogings aangewend om belangstelling in die leiers van Bophuthatswana by die Bantoe in die Blankbeheerde stedelike ge= bied van Potchefstroom aan te wakker. As die Bantoegesagvoerders oor die Bantoe-inwoners van Ikageng, is die plaaslike adviserende Bantoekomitee die sentrale punt waarom die skakelingsaksie as 'n geheel plaasvind. Die adviserende komiteelede beskou dit dan ook as hulle plig om persoonlik gereeld besoeke aan hulle tuis= lande te bring. Sedert 1961 is die huidige Bophuthatswana ge= reeld besoek deur die lede van die adviserende Bantoekomitee en die betrokke amptenare. Die rol van die Blanke amptenary om hierdie skakelingsproses suksesvol deur te voer moet beklemtoon word, aangesien die Bantoes dikwels op die nodige leiding en advies van akademies opgeleide amptenare steun. Deur middel van die besoeke aan die tuisland is die politieke en ekonomiese ont= wikkelings in die tuislande noukeurig deur die Bantoe in die Blankbeheerde stedelike gebied van Potchefstroom gevolg. Lede van

die adviserende Bantoekomitee lewer gereeld verslag aan hulle blokkomitees van wat hulle gesien en gehoor het gedurende 'n be= soek aan die tuisland.

Gedurende besoeke van die adviserende Bantoekomitee van Potchef= stroom aan die verskillende tuislandgebiede word daar ondersoek ingestel na ontwikkelingsprojekte en instansies wat finansiële[26] hulp benodig. Met die opstel van die jaarlikse begroting van die Bantoe-inkomsterekening word daar dan verslag gedoen en daarna 'n aanbeveling aan die stadsraad gemaak, watter gebiede of in= stansies finansiële hulp moet ontvang. Gebiede wat reeds sken= kings ontvang het, word mettertyd weer besoek om te bepaal of die fondse wel vir die aanbevole doel aangewend word. Die wyse waarop die skenkings oorhandig word, speel ook 'n belangrike rol in die proses van stad-tuislandskakeling. Die adviserende Bantoekomitee van Potchefstroom vaardig gewoonlik twee of meer lede af om on= der die leiding van die betrokke tuislandverteenwoordiger aan die gebied waar hulp belowe is die kontantbedrag tydens 'n pitso of stamvergadering aan die tradisionele leiers te oorhandig.

Die skenking word dan namens die stedelike Bantoes van Potchefstroom en nie slegs namens die adviserende Bantoekomitee of stadsraad van Potchefstroom gedoen nie. Dat hierdie persoonlike oorhandiging daartoe bydra om 'n lewende band tussen die Bantoes in die tuis= land en die in die Blankbeheerde gebied daar te stel word beves= tig deur Froneman wanneer hy verklaar dat "... wat die gemeenskap van Potchefstroom doen op die regte wyse gedoen word en juis daar= die warme persoonlike band smee wat aan die skenking betekenis ver=

---

26) Ingevolge artikel 19(2) en 19(3) van Wet no. 25 van 1945, word Bantoesake-administrasierade gemagtig om uit die Bantoe-inkomsterekening skenkings toe te wys vir dienste gelewer deur Bantoe-owerheidsinstellings in die tuislande.

leen".[27]

Hierdie skakelingsproses het egter nie slegs vanuit die stads=gebied van Potchefstroom na Bophuthatswana uitdrukking gevind nie, maar die tradisionele leiers uit die tuisland het ook ver=skeie amptelike besoeke aan Potchefstroom afgelê. Van 1961 af het die tradisionele leiers uit Bophuthatswana gereelde besoekers aan Potchefstroom geword en is hulle vandag der mate bekend dat elke skoolkind weet wie kaptein Pilane of kaptein Mangope is. Ten einde die status van besoekende tradisionele leiers uit die tuisland te handhaaf, is daar deur die stadsraad van Potchefstroom besluit om 'n gerieflike gastehuis in die Bantoewoongebied op te rig waar hoogwaardigheidsbekleërs tydens hulle besoeke gehuisves kan word. Hier kan die Bantoeleiers uit die tuislande en die plaaslike Bantoe mekaar ontmoet en gedagtes wissel.

Aangesien dit die Bantoejeug is wat in die grootste onkunde leef wat hulle tuislande betref, het die stadsraad van Potchefstroom daarop besluit om busvervoer aan Bantoeskoolkinders van Potchef=stroom beskikbaar te stel vir besoeke aan die Tswanatuisland. Sodoende word die kinders meer van hulle eie tuisland geleer en word hulle as volksgenote opgevoed om in die toekoms Tswanabur=gerskap waardig te wees.[28] Die positiewe resultate van die be=soeke blyk duidelik uit die volgende skrywe van 'n 17-jarige leer=ling waarin hy verklaar: "I expected to see small shanties of ron=davels. I expected to see people half naked and filthy. But to my

---

27) Froneman, Tswana-Gebiedsowerheid. Proceedings... at the general session of 1964..., Minute no. 3.
28) Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, week=likse uitgawe, no. 17, 3 Junie - 7 Junie 1968, kolom 6771.

surprise they were better off than what we are here in the town=ship".[29)]

Hierdie geopenbaarde onkundigheid in die skrywe van die 17-jarige leerling in verband met die ontwikkeling in sy eie tuisland het die leier van die Potchefstroomse adviserende Bantoekomitee laat opmerk: "... my Board and I think it far better to do this, which is preferable to showing them Lourenco Marques and zoological gardens, not denying the fact that such sightseeing is educational, but the reason being that town generations run away with the idea that the homelands are only means for backward people".[30)]

In Potchefstroom is daar ook sedert 1961 doelbewuste pogings aan=gewend om die stamverband onder die Tswana's weer gevestig te kry. Alhoewel hiermee 'n mate van sukses behaal is, blyk dit duidelik uit onderhoude wat met vooraanstaande Tswana's gevoer is dat die Tswana's in die stadsgebied van Potchefstroom hulle as Tswana's beskou wat nie maklik in stamme onderverdeel kan word nie. Die bestaan van 'n stamoorspannende volkseenheidsgevoel word hier baie duidelik aangetref. Getuienisse van entoesiasme vir die nuwe gedag=te van Tswananasionalisme wat algemeen gevind word, is 'n duidelike waarskuwing dat die administrateur hier met die stimulering van latente krag besig is waarvan die gevolge besondere eise aan die ekonomiese ontwikkeling van die tuisland en in besonder dorpstig=ting in die tuislande gaan stel.

---

29) Ibid., kolom 6804.
30) Ibid.

Stad-tuislandskakeling het in Potchefstroom reeds tot so 'n mate geslaag dat daar begin moes word met die fisiese hervestiging van die Bantoes uit die stadsgebied van Potchefstroom na die tuislande. As gevolg van 'n behuisingstekort in die Ikageng-Bantoewoongebied het die Bantoeleiers van Potchefstroom gevoel dat die oues van dae en die onproduktiewe gesinne wat die een of ander pensioen of toelaat ontvang, in die tuislande hervestig moet word. Dit was verder die mening dat hierdie onproduktiewes en veral oues van dae sodanig gevestig moet word dat Bantoebesoekers uit die Blankbeheerde gebied gerieflik ontvang kan word en die gesins- en familiebande sodoende behoue kon bly.

Gedurende September 1968 is daar 23 onproduktiewe gesinne met die hulp van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling deur die stadsraad van Potchefstroom in die Tswanatuisland te Itsoseng naby Lichtenburg gevestig. Gratis vervoer is aan die ge= sinne verskaf en elke persoon wat verhuis het, het 'n kontant toelaag van R2,50 en voedsel ter waarde van R10,00 ontvang. Die Bantoeleiers en betrokke amptenary van Potchefstroom besoek hierdie gesinne nog gereeld en 'n nasorgdiens word in stand ge= hou. Hoewel daar aanvanklik heelwat probleme ondervind is, is hierdie gesinne tans gelukkig gevestig en was daar gedurende Julie 1973 'n waglys van 208 gesinne wat ook na dieselfde gebied wil verhuis sodra die nodige huisvesting aan hulle voorsien kan word.

Gedurende 1970 was daar 1 797 onproduktiewe Bantoes in die Ikageng-Bantoedorp en Potchefstroomdistrik wat soos volg saam= gestel is.

TABEL 13[31)]

ONPRODUKTIEWE BANTOE POTCHEFSTROOM 1970

(a) Ikageng-Bantoedorp

| | | | |
|---|---|---|---|
| Weduwees | 338 | Tswana | 528 |
| Getroudes | 259 | Zoeloe | 94 |
| Ongetroudes | 124 | Suid-Sotho | 72 |
| Wewenaars | 63 | Xhosa | 56 |
| Geskeides | 4 | Noord-Sotho | 21 |
| | | Ndebele | 14 |
| | | Shangaan | 3 |
| Totaal | 788 | | 788 |

(b) Potchefstroomdistrik

| | | | |
|---|---|---|---|
| Getroud | 584 | Tswana | 525 |
| Weduwees | 230 | Xhosa | 300 |
| Ongetroud | 118 | Suid-Sotho | 101 |
| Wewenaars | 74 | Zoeloe | 46 |
| Geskei | 3 | Noord-Sotho | 15 |
| | | Ndebele | 11 |
| | | Swazi | 4 |
| | | Shangaan | 4 |
| | | Damara | 2 |
| | | Venda | 1 |
| Totaal | 1 009 | | 1 009 |

31) Beherkomitee. Itsoseng projek, Lêer no. 23/2/1.

Uit bostaande tabel blyk dit dat die getal onproduktiewe Bantoes 'n heterogene samestelling toon. Lede van die Tswana-eenheid vorm egter die grootste persentasie onproduktiewes. By verdere onder=soek het dit ook geblyk dat 'n groot persentasie van die onpro=duktiewe Bantoes behorende tot die ander etniese eenhede, bereid is om volle Tswanaburgerskap te aanvaar. Veral onder die Xhosa-element is 'n baie positiewe houding ten opsigte van Tswanabur=gerskap ondervind en kan die Bantoes dus almal in Bophuthatswana gevestig word. Hierdeur kan die tekort van 207 gesinshuise in Potchefstroom dan ook geheel en al opgelos word. Die suksesvolle toepassing van stad-tuislandskakeling en die toepassing van tuis=landgerigte administrasie in Potchefstroom blyk ook duidelik uit 'n vraelys wat aan 100 vooraanstaande Bantoes woonagtig te Ikageng gestuur is. Van die 100 Bantoes het 83 persent[32)] hulle bereid verklaar om hulle in die tuislande te gaan vestig indien die nodi=ge werkgeleenthede en huisvesting aldaar verseker kan word.

6.2.1.2 <u>Carletonville</u>

Alhoewel die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraadsgebied beskou word as die natuurlike arbeidsveld van die Tswana, vorm hulle slegs 46 persent van die totale Bantoebevolking van Carle=tonville. Die ander 54 persent bestaan hoofsaaklik uit lede van die Ngunigroep waarvan die grootste meerderheid Xhosasprekend is sowel as lede van die Suid-Sothogroep. Teen die agtergrond van hierdie heterogene samestelling van die Bantoe in die Blankbeheer=de stadsgebied van Carletonville is daar in die verlede gepoog om

---

32) Hier is van die veronderstelling uitgegaan dat die sewe per=sone wat nie op die vraelyste gereageer het nie negatief ten opsigte van tuislandvestiging staan.

stad-tuislandskakeling op administratiewe vlak deur te voer. Daar is daadwerklike pogings deur die amptenare aangewend om die leiers van die verskillende belangrikste volkseenhede, naamlik die Tswana-, Xhosa-, Zoeloe- en Suid-Sotho-volkseenhede tuislandbe=wus in te stel en te aktiveer in die proses van stad-tuisland=skakeling. Nadat die voordele van stad-tuislandskakeling aan die heterogeen saamgestelde stedelike Bantoeraad verduidelik is, is hulle medewerking in die proses verkry. Gedurende 1968 het die tuislandverteenwoordiger van die huidige Bophuthatswana ook daarin geslaag om die lede van die Tswana-volkseenheid sodanig te aktiveer dat 'n volksverteenwoordigende raad met 'n ledetal van 18 vir die Tswana saamgestel is.

Deur middel van die stedelike Bantoeraad en die volksverteenwoor=digende raad vir die Tswana is die Bantoe-inwoners van Carleton=ville op 'n stelselmatige wyse tuislandbewus gemaak. Deur die stad-tuislandskakeling, wat as resultaat het die vasknoping van die Bantoe in Blankbeheerde gebiede met die in die tuisland, is in Carletonville bevind dat die sedelike en morele verval van die Bantoes tot 'n mate gestuit is. Hierdeur is die stelling bewys dat in enige gemeenskap wat kultuurgebonde is, nie so 'n groot in=sinking op sedelike gebied ondervind word nie.

Op politieke gebied word gereeld met die tradisionele leiers in die Bantoetuislande geskakel. By verskeie geleenthede is die tra=disionele leiers ook deur die Bantoe-inwoners van Carletonville ontvang en is geleenthede geskep sodat hulle met hulle volgelinge kon skakel. 'n Spesiale gastehuis is ook in Carletonville opgerig waar belangrike leiers uit die Bantoetuislande ontvang kan word. Die gebou is ook gedeeltelik volgens die tradisionele boustyle van die Bantoe beplan. Deur middel van 'n rondawel-tipe dak en 'n lapamuur is erkenning verleen aan die tradisionele materiële

kultuur van die Tswana. Die beplanning van die gastehuis is van 'n sodanige aard dat vergaderings van beperkte omvang daar gehou kan word en indien groter byeenkomste daar gehou word, is voor= siening gemaak vir 'n luidsprekerstelsel. Lede van die stedelike Bantoeraad en die volksverteenwoordigende raad vir die Tswana, het al verskeie besoeke aan die Tswana-tuisland gebring.[33)]

Stad-tuislandskakeling is so suksesvol deur die amptenare van Carletonville toegepas dat daar ook sedert 1969 vrywillige ves= tiging van Tswana-gesinne te Itsoseng, Ga-Rankuwa en Hammanskraal in Bophuthatswana plaasgevind het. Aan al die gesinshoofde wat hervestig is, is die versekering gegee dat hulle nie afstand van hulle werkgeleenthede in die Blankbeheerde gebied van Carleton= ville hoef te doen nie. Op die huidige stadium is die Bantoe-inwoners van Carletonville sodanig tuislandgerig ingestel dat daar 'n waglys van 308 persone is wat hulle in die Bantoetuis= lande wil gaan vestig sodra die nodige huisvesting voorsien kan word. Verder bestaan hier ook 'n besondere behoefte aan dorp= stigting in die Bantoetuislande as gevolg van 'n tekort van 387 huise vir gesinne.

6.2.1.3 <u>Fochville</u>

Stad-tuislandskakeling het in so 'n mate reeds inslag by die Bantoe-inwoners van Fochville gevind dat daar gedurende 1972 'n volksverteenwoordigende raad bestaande uit vyf lede vir die Tswana ingestel is. Die tswana vorm 58 persent van die totale

---

33) Stadsraad van Carletonville. Lêer no. 66/2/41/(A)1.

Bantoebevolking van Fochville. Die volle ondersteuning van die adviserende Bantoekomitee word ook verkry in die skakelingspro= ses. Nog slegs twee besoeke is deur lede van die adviserende Bantoekomitee aan die Tswanatuisland gebring waardeur die skake= ling met die tuisland verstewig is.

Daar is reeds so 'n mate van sukses behaal met stad-tuislandska= keling dat Bantoegesinne op 'n vrywillige grondslag begin aan= soek doen het om hulle in die Tswanatuisland te vestig.[34] Lede van die adviserende Bantoekomitee het die amptelike toekenning en oorhandiging van die eerste woning te Itsoseng wat deur die Lichtenburgse stadsraad as agent van die Suid-Afrikaanse Bantoe= trust namens die Wes-Transvaalse plaaslike besture gebou is, deur die Adjunk-Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, op 26 Maart 1973 bygewoon. Die moet derhalwe aanvaar word dat so= dra die nodige behuising in die tuisland beskikbaar gestel word, daar 'n groot persentasie van die Bantoe-inwoners hulle vrywillig in die Tswanatuisland sal vestig.

6.2.1.4 Koster

As gevolg van die finansiële implikasies verbonde aan stad-tuis= landskakeling is daar tot met die oorname deur die Bantoesake-administrasieraad van Wes-Transvaal nog geen daadwerklike poging aangewend om die proses te bevorder nie. Stad-tuislandskakeling is verder bemoeilik deur die feit dat gesinshoofde aan die Wit= watersrand en elders in diens geneem is, terwyl die gesin in die Bantoewoonbuurt van Koster bly woon het. Na verloop van tyd het

---

34) Dorpsraad van Fochville. Lêer no. Ba.28/1.

die moeder ook die gesin verlaat en haar by die vader aangesluit. Kinders wat uit hierdie huwelike gebore is of word, bly agter in of word na Koster terug gestuur om deur die grootouers opgevoed te word. Hierdie gesinne is egter bereid om in die tuisland te gaan woon. Al wat vir hierdie gesinne belangrik is, is die se= kuriteit van 'n woning en dit word nie as 'n vereiste gestel dat die woning in Koster voorsien moet word nie. Die adviserende Bantoekomiteelede van Koster het hulle dan ook ten gunste van vestiging in die Tswanatuisland uitgespreek.

6.2.1.5 Ventersdorp

Die skakeling van die Bantoe-inwoners van die Blankbeheerde ste= delike gebied van Ventersdorp toon soveel vordering dat ook hier reeds fisiese verplasing na die Tswanatuisland plaasgevind het. Nadat die belangstelling van die lede van die adviserende Bantoe= komitee verkry is, is daar eerstens besoeke gebring aan die Tswa= nastamme wat op tradisionele wyse 'n bestaan op plase in die distrik van Ventersdorp maak. Hierdie besoeke het geweldig daar= toe bygedra om die adviserende Bantoekomitee tuislandbewus te maak sodat ook besoeke aan die Tswanatuisland gebring is. Uit hierdie kontak wat gemaak is, het besoeke van die leiers uit die Tswanatuisland voortgevloei.[35]

Hoofsaaklik as gevolg van die samewerking van die adviserende Bantoekomitee is daar aansienlike sukses behaal met die fisiese oorplasing van die Bantoe uit Ventersdorp na Itsoseng en ander gebiede naby Pilansberg. Die Ventersdorp-Bantoe-woonbuurt huis=

---

35) Stadsraad van Ventersdorp. Lêer no. V/BA.3.

ves 120 onproduktiewe gesinne waarvan 58 self aangebied het om na die Tswanatuisland te verskuif. Van die 120 gesinne is 107 Tswana en die ander bestaan uit lede van die Nguni-groep wat ook bereid is om volle Tswanaburgerskap te aanvaar.

### 6.2.2 Stad-tuislandskakeling in die Klerksdorpstreek

Hierdie streek bestaan uit Klerksdorp, Coligny, Hartbeesfontein, Orkney, Ottosdal en Stilfontein. Die volgende tabel toon die persentasie Tswana en nie-Tswana aan soos dit gedurende 1970 in die onderskeie dorpe voorgekom het.

TABEL 14
PERSENTASIE TSWANA- EN NIE-TSWANA IN DIE KLERKSDORPSTREEK GEDURENDE 1970[36)]

| Streeksdorp | % Tswana | % Nie-Tswana |
|---|---|---|
| Klerksdorp | 51 | 49 |
| Coligny | 79 | 21 |
| Hartbeesfontein | 90 | 10 |
| Orkney | 9 | 91 |
| Ottosdal | 77 | 23 |
| Stilfontein | 54 | 46 |
| Nie-Stedelik | 72 | 28 |
| Gemiddelde % | 61 | 39 |

36) Republiek van Suid-Afrika. Departement van Statistiek. Bevolking van stede, dorpe en nie-stedelike gebiede. Verslag no. 02-05-01.

As gevolg van die goudmynbedryf het daar 'n instroming van 'n groot persentasie Bantoes van die nie-Tswanavolksgroepe na Klerksdorp, Orkney en Stilfontein plaasgevind. Veral in Orkney is die persentasie Tswanagesinne in vergelyking met die persen= tasie nie-Tswanagesinne ver in die minderheid. In die drie Blank= beheerde dorpe word ook groot getalle van die Nguni- en Suid-Sotho-Bantoegroepe aangetref en sal stad-tuislandskakeling ook na hierdie tuislande moet geskied. Die probleem van heteroge= niteit in die gebiede is verder verhoog deur die feit dat werk= gewers aangedring het op werknemers uit die Nguni-groep. Die Bantoesake-administrasieraad poog egter nou om hierdie probleem enigsins te verlig deur middel van die sonering van Bantoearbeid. Aangesien Coligny, Hartbeesfontein en Ottosdal op die Wes-Trans= vaalse platteland geleë is, waar die ekonomiese bedrywighede hoofsaaklik om landbouproduksie sentreer, was daar in hierdie dorpe nie 'n groot toestroming van arbeiders uit die nie-Tswana= volkseenhede nie en moet stad-tuislandskakeling in hierdie ge= valle slegs met Bophuthatswana geskied.

6.2.2.1 Klerksdorp

As gevolg van die heterogene samestelling van die Bantoe-inwo= ners van Klerksdorp is die skakeling van hierdie Bantoes met hulle volksgenote in die verskillende tuislande in die verlede slegs op beperkte skaal aangepak. Voor die instelling van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is ook die stand= punt deur die amptenare van die afdeling Nie-Blankesake van Klerksdorp gehuldig dat die kulturele skakeling van die Bantoes met hulle tuislande nie op groot skaal aangepak moet word nie, aangesien die fisiese skakeling wat hierop moet volg, nie deur= gevoer kan word nie as gevolg van 'n tekort aan geskikte huis= vesting en werksgeleenthede in die tuislande. Die aktivering en bewusmaking van die Bantoe sonder die fisiese verplasing sal 'n

verwarde en gefrustreerde Bantoegemeenskap tot gevolg hê.[37)]

Alhoewel Klerksdorp gereeld besoek is deur tradisionele Tswana=leiers uit die Tswanatuisland het daar tog nie 'n hegte kulturele band tussen die Bantoes in die Blankbeheerde gebied van Klerks=dorp en hulle volksgenote in die Bantoetuisland tot stand gekom nie. Die skakelingsproses is in die verlede deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling in noue samewerking met die betrokke amptenare van die afdeling Nie-Blankesake van die plaaslike besture behartig. Waar die laasgenoemde amptenare nie daadwerklik en ten nouste die beginsel van stad-tuislandska=keling gesteun het nie, is die skakeling bemoeilik. Die administra=teur in stedelike administrasie en sy personeel is in daaglikse kontak met die Bantoes en baie van die oortuigingswerk moet deur hierdie amptenare met die steun en samewerking van die stedelike Bantoeraad of die bestaande adviserende Bantoekomitee gedoen word.[38)] Hierdie werk moet met entoesiasme gedoen word en die gesindheid van hierdie amptenare moet reg wees.

Alhoewel daar dus nie 'n hegte band tussen die Bantoes in die Blankbeheerde gebied van Klerksdorp en hulle volksgenote in die tuislande tot stand gekom het nie, is daar tog gedurende 1969 'n volksverteenwoordigende raad vir die Tswana saamgestel en met besoeke van tradisionele leiers en lede van tuislandregerings word die betrokke funksies en vergaderings in samewerking met die volksverteenwoordigende raad gereël en georganiseer. Alhoewel die adviserende Bantoekomitee slegs gedurende 1967 en 1970 besoe=

---

37) Voortsettingskomitee. Stigting van 'n Bantoedorp in die Tswanatuisland, Notule van 'n vergadering van 17 Plaaslike Besture, Potchefstroom, Februarie 1969, p. 68.
38) Riekert, op. cit., 1965, p. 5.

ke aan die Tswanatuisland gebring het, was hulle houding geduren= de 1973 met 'n besoek aan die Bantoedorp Itsoseng baie gunstig ten opsigte van tuislandvestiging. Slegs die Sekretaris van die adviserende Bantoekomitee[39] het hom teen tuislandvestiging uit= gespreek.

'n Tekort van 600 wonings word in Klerksdorp ondervind. Hierdie probleem van 'n tekort aan gesinshuisvesting kan grootliks opge= los word deur die hervestiging van die 59 onproduktiewe Tswana= gesinne,[40] 34 Suid-Sothogesinne en 35 Ngunigesinne wat hulle binne die gebied bevind. Heelwat produktiewe gesinne sal ook vry= willig uit hierdie gebied hervestig moet word indien die behui= singstekort geheel en al opgelos wil word.

6.2.2.2 Coligny

Alhoewel die stedelike plaaslike bestuur van Coligny die beleid van stad-tuislandskakeling baie goedgesind is, kon dit nie in die praktyk gerealiseer word nie as gevolg van 'n tekort aan fondse in hulle Bantoe-inkomsterekening.

Stad-tuislandskakeling en die fisiese verplasing wat daaruit voortvloei, is ook deur Coligny as 'n oplossing gesien vir die tekort aan gesinshuisvesting wat hulle ondervind het. Gedurende

---

39) Die teenkanting van mnr. B. Crutse moet egter hoofsaaklik toegeskryf word aan sy gebrekkige kennis en onkunde aan= gaande die ontwikkeling van die Tswanatuisland.
40) 'n Gesin word hier as onproduktief beskou indien die gesins= hoof onproduktief is.

1970 het daar reeds 'n tekort aan 20 gesinshuise bestaan. Daar is bevind dat indien die onproduktiewe gesinne in die tuisland gevestig kon word, daar voldoende wonings vir die natuurlike aanwas van die Bantoebevolking beskikbaar sou wees.

Die adviserende Bantoekomitee is egter gereeld ingelig oor die ontwikkeling van die Bantoetuisland en die voordele van stad-tuislandskakeling is ook aan hulle verduidelik. Sedert die in=stelling van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad het lede van die adviserende Bantoekomitee reeds besoek gebring aan die Bantoedorp Itsoseng. As gevolg van die nabyheid aan Bophuthatswana bring Bantoe-inwoners ook gereeld besoeke aan die tuisland. Die Bantoe-inwoners van Coligny is bewus van die ontwikkelinge wat in Bophuthatswana aan die gang is en stel ak=tief daarin belang.[41)]

### 6.2.2.3 Hartbeesfontein

Net soos in die geval van Coligny het die gesondheidskomitee van Hartbeesfontein ook 'n tekort in die Bantoe-inkomsterekening on=dervind en kon slegs die basiese dienste aan die Bantoe-inwoners gelewer word. Reeds gedurende 1970 was daar 'n tekort van 35 ge=sinshuise in die Bantoewoongebied van Hartbeesfontein. Daar is egter bevind dat die probleem verlig kon word deur die herves=tiging van die 79 onproduktiewe Tswanagesinne, 8 Suid-Sothogesin=ne en 12 Ngunigesinne.

---

41) Voortsettingskomitee, op. cit., p. 54.

Die adviserende Bantoekomitee sowel as die Lokasiesuperintendent van die Gesondheidskomitee van Hartbeesfontein was egter die pro= ses van stad-tuislandskakeling in die verlede baie goedgesind, en die Bantoe-inwoners is tog tot 'n mate geaktiveer en tuisland= bewus gemaak. Indien 'n volksverteenwoordigende raad vir die Tswana in die gebied ingestel kan word, sal dit baie kan bydra tot die skakeling van die Bantoes met hulle tuisland.[42)]

6.2.2.4 Orkney

In die stedelike plaaslike bestuursgebied van Orkney vorm die Tswana slegs 9 persent van die totale Bantoebevolking. Stad-tuis= landskakeling in die gebied het hoofsaaklik met die Suid-Sotho= tuisland geskied, aangesien die Suid-Sotho 59 persent van die Ban= toe-inwoners behels.[43)] Die skakeling tussen die Tswana in die Blankbeheerde stadsgebied van Orkney met dié in hulle eie tuis= land is egter nie geheel en al gestaak nie, maar is hoofsaaklik deur die adviserende Bantoekomitee behartig. Die lede van die adviserende Bantoekomitee het by vier verskillende geleenthede reeds besoeke aan die Tswanatuisland gebring. As gevolg van die besoeke is daarin geslaag om 'n algemene beeld te vorm van die ontwikkelinge in die tuisland. Hierdie waarnemings is aan die Tswana in die Bantoewoongebied van Orkney oorgedra ten einde dié mense tuislandbewus te maak en te aktiveer tot die skakeling met die tuisland.

Aangesien die amptenare van die stedelike plaaslike bestuur van Orkney oor 'n goeie kennis van die Tswanatuisland beskik het, het

42) Ibid., p. 40.
43) Die Suid-Sothotuisland is 360 kilometer van Orkney geleë.

hulle 'n aktiewe aandeel gehad in die bewusmaking van die Tswana in hulle tuisland. As gevolg van noue samewerking tussen amp=tenare en die adviserende Bantoekomitee is daarin geslaag om fi=siese skakeling met die Tswanatuisland suksesvol deur te voer. Sedert 1967 is daar 52 produktiewe gesinne op 'n vrywillige grondslag in verskillende gebiede in die Tswanatuisland gevestig. Heelwat van die gesinne het daarin geslaag om met sukses tot die handel toe te tree en besit tans sakeondernemings in die Bantoedorp Itsoseng. Dit is belangrik om daarop te wys dat 'n groot persen=tasie van die gesinshoofde wat na die Tswanatuisland verhuis het, nie weer hulle dienste in die Blankbeheerde gebied van Orkney as trekarbeiders kom aanbied het nie. Hierdie Bantoes het feitlik deur die bank hulle dienste deur middel van arbeidsburo's in die tuisland, in die Pretoria-, Witwatersrand- en Vereeniginggebied aangebied.[44)] Gedurende 1970 het daar alreeds 'n tekort van 300 gesinshuise bestaan, ten spyte van hervestiging.

Sedert die oorname van die Bantoewoongebied van Orkney deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is daar besluit dat die woongebied etnies Suid-Sotho bevolk behoort te word. Dit kan geskied deur Suid-Sothogesinne met ander in dié Bantoewoongebied uit te ruil. Dit moet as 'n positiewe stap beskou word, wat stad-tuislandskakeling heelwat gaan vergemaklik. Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad het ook besluit dat 'n gekombineerde Suid-Sothoskool in die Orkneyse Bantoewoongebied opgerig moet word. Hierdeur sal al meer Suid-Sotho na Orkney getrek word, so=

---

44) Ingevolge regulasies 3 en 6 van die Bantoe-arbeidsregulasies (Bantoegebiede), afgekondig by Proklamasie no. R74 van 29 Maart 1968, is daar vir elke stamowerheid in die onderskeie tuislande 'n arbeidsburo ingestel en kan enige Bantoe wat by die betrokke arbeidsburo geregistreer is, in enige Blankbe=heerde gebiede as 'n enkellopende arbeider in diens geneem word.

dat daar in die toekoms slegs met die Suid-Sothotuisland geska= kel kan word.[45]

6.2.2.5 Ottosdal

Voor die oorname deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administra= sieraad was stad-tuislandskakeling in Ottosdal hoofsaaklik geneu= traliseer deur 'n tekort aan personeel. Alhoewel daar sur= plusfondse in die Bantoe-inkomsterekening bestaan het, kon dit nie aangewend word vir stad-tuislandskakeling nie as gevolg van die personeelvraagstuk.[46]

Waar moontlik is tog gepoog om die Bantoes in die Blankbeheerde gebied van Ottosdal in te lig in verband met hulle tuisland en die implikasies wat stad-tuislandskakeling inhou. Gedurende 1967 het 'n lid van die adviserende Bantoekomitee ook 'n uitgebreide toer deur die Tswanatuisland meegemaak in 'n poging om die ska= keling met die tuisland te versterk. Geen besoeke is nog deur enige tuislandleier aan die gebied gebring nie en dit word as 'n leemte beskou in die proses van stad-tuislandskakeling. In Ottos= dal word ook nie slegs 'n probleem met onproduktiewe gesinne on= dervind nie, maar word ook heelwat onproduktiewe enkelinge van beide geslagte aangetref. Aangesien daar nie groot ekonomiese uitbreiding in Ottosdal plaasvind nie kan die natuurlike aanwas van die Bantoe-inwoners nie almal van werksgeleenthede voorsien word nie. Hier bestaan dus 'n groot behoefte aan die hervestiging

---

45) Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad, Verslae van die tiende vergadering van die Raad gehou op 7 Maart 1973, p. 9.
46) Voortsettingskomitee, op. cit., p. 53.

van die natuurlike aanwas in 'n tuislanddorp waar hulle van die nodige werksgeleenthede voorsien kan word.

6.2.2.6 Stilfontein

Aangesien daar geen beplande arbeidsonering in die verlede in die administrasie van Bantoe-aangeleenthede te Stilfontein toegepas is nie maak die Tswana slegs 54% van die totale Ban= toe-inwoners uit. Die onbeplande arbeidsonering blyk duidelik uit die onderstaande gegewens van trekarbeiders.

TABEL 15
TREKARBEIDERS IN STILFONTEIN GEDURENDE 1970

| Distrik van Herkoms | Getal Trekarbeiders | Distrik van Herkoms | Getal Trekarbeiders |
|---|---|---|---|
| Taung | 366 | Bethlehem | 3 |
| Wolmaransstad | 15 | Mafeking | 112 |
| Viljoenskroon | 17 | Vredefort | 2 |
| Kroonstad | 9 | Sebasa | 9 |
| Ventersdorp | 18 | Bosbokrand | 52 |
| Zeerust | 10 | Klerksdorp | 30 |
| Odendaalsrus | 8 | Christiana | 110 |
| Welkom | 30 | Vryburg | 1 |
| Senekal | 4 | Lichtenburg | 17 |
| Hammanskraal | 4 | Zululand | 35 |
| Potchefstroom | 21 | Transkei | 172 |
| Bothaville | 3 | Suid-Wes Afrika | 8 |
| Vereeniging | 12 | Lesotho | 125 |
| Coligny | 12 | Swaziland | 9 |
| Pietersburg | 54 | Portugees Oos-Afrika | 15 |

Die heterogeniteit van die Bantoe-inwoners is ook heelwat verhoog nadat die Gesondheidskomitee van Stilfontein 'n aantal plakker= kampe binne sy voorgeskrewe gebied ontruim het en hierdie Bantoe= gesinne in sy Bantoewoongebied hervestig het.[47)] Die Gesondheids= komitee van Stilfontein het egter kennis geneem van die probleem en daadwerklike pogings aangewend om die Tswana te aktiveer tot tuislandskakeling.

Gedurende 1969 is daar ook 'n volksverteenwoordigende raad, be= staande uit 19 lede vir die Tswana saamgestel, met die uitsluit= like doel om stad-tuislandskakeling met die Tswanatuisland te be= vorder. Hierdie Raad het in die verlede reeds begin om ingevolge arbitrêre bevoegdhede aan kulturele aangeleenthede, huwelikspro= bleme en etniese groepering aandag te skenk.[48)] Gedurende 1972 met die heraanstelling van die raad is sy ledetal verminder tot 7 lede.

Deur middel van gereelde besoeke van tradisionele Tswanaleiers uit Bophuthatswana heers daar reeds groot belangstelling in 'n eie tuisland by die Bantoe-inwoners van Stilfontein. As gevolg van dié gereelde besoeke aan die Tswanagemeenskap van Stilfontein het skakeling op politieke vlak reeds sodanig gevorder dat 'n uitno= diging aan die adviserende Bantoekomitee van die Bantoewoongebied van Stilfontein gerig is om die amptelike opening van die jaarlik= se sitting van die destydse Tswanagebiedsowerheid gedurende 1969 by te woon. Gedurende 1970 is ook 'n verdere uitgebreide besoek[49)]

---

47) Voorgeskrewe gebied ingestel kragtens artikel 9 van die Ban= toe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945.
48) Vergelyk ook Hoofstuk 4 afdeling 2.2.2.3.
49) Die toer deur die Tswanatuisland is gereël deur die Voortset= tingskomitee vir die vestiging van dorpe in die Tswanatuisland en is meegemaak deur 18 Tswanas, lede van die adviserende komi= tees van Potchefstroom, Stilfontein, Klerksdorp, Orkney en Lichtenburg en die Stedelike Bantoeraad van Carletonville.

aan die Tswanatuisland deur die adviserende Bantoekomitee meege= maak ten einde 'n groter agtergrondkennis van die Tswanatuisland te verkry. Deur middel van 'n aanbeveling van die adviserende Ban= toekomitee van Stilfontein is daar alreeds 'n bedrag van R150,00 jaarliks vir 3 jaar aan die Pinogare Skool vir die opleiding van die seuns van kapteins en hoofmanne geskenk. Dit moet gesien word as 'n poging van die Tswana in die Blankbeheerde gebied van Stil= fontein om te verseker dat hulle tradisionele leiers vir hulle taak as toekomstige volksleiers die nodige opleiding ontvang. Aangesien ook reeds gedurende 1970 'n tekort van 10 gesinshuise in die Bantoewoongebied van Stilfontein bestaan het, word hier ook 'n behoefte gevoel vir die stigting van die nodige dorpe in die Tswanatuisland.

### 6.2.3 Stad-tuislandskakeling in die Lichtenburgstreek

'n Besondere kenmerk van die streek wat bestaan uit Lichtenburg, Biesiesvlei, Groot Marico, Mafeking, Ottoshoop, Swartruggens en Zeerust is die homogeniteit van die Bantoe-inwoners. Die Tswana vorm 91 persent van die Bantoebevolking van die streek. In die onderstaande tabel word die persentasie Tswana en nie-Tswana soos hulle gedurende 1970 in die onderskeie dorpe voorgekom het, aangedui.

TABEL 16

PERSENTASIE TSWANA- EN NIE-TSWANA IN DIE LICHTENBURGSTREEK GEDURENDE 1970[50)]

| Streeksdorp | % Tswana | % Nie-Tswana |
|---|---|---|
| Lichtenburg | 86 | 14 |
| Biesiesvlei | 100 | - |
| Groot Marico | 97 | 3 |
| Mafeking | 83 | 17 |
| Ottoshoop | 95 | 5 |
| Swartruggens | 95 | 5 |
| Zeerust | 90 | 10 |
| Nie-stedelik | 85 | 15 |
| Gemiddelde % | 91 | 9 |

Die etniese homogeniteit van die Bantoebevolking wat hoofsaaklik uit Tswana bestaan, het in die streek tot gevolg gehad dat stad-tuislandskakeling slegs in die rigting van die aangrensende Tswa=natuisland plaasgevind het en nog steeds plaasvind. In die Blank=beheerde dorpe Groot Marico en Mafeking word daar nie meer voor=siening gemaak vir 'n Bantoe-woonbuurt nie en word daar slegs ge=bruik gemaak van Tswanatrekarbeiders vanuit die nabygeleë Tswana=tuisland.

6.2.3.1 Lichtenburg

Voor die oorname deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasie=

50) Republiek van Suid-Afrika. Departement van Statistiek. Be=volking van stede, dorpe en nie-stedelike gebiede. Verslag no. 02-05-01.

raad, het die amptenare in beheer van die afdeling Nie-Blanke= sake te Lichtenburg die standpunt gehuldig dat suksesvolle ska= kelingslyne tussen stad en tuisland vanuit die Blankbeheerde ge= bied na die tuisland gesoek moet word. Die amptenare het besef dat die Bantoes wat vanuit die Blankbeheerde stedelike gebiede hulle aan familie, kapteins en stamme geskakel ag, vir die doel= treffende verbandlegging tussen volkslede in tuislande en Blankbeheerde stedelike gebiede geen probleme oplewer nie. Hier= die Bantoes is geskakel en uitbouing van hierdie verband sal uit die aard van die saak vanuit die tuislande geloods kan word. Daar is egter bevind dat nie veel sukses behaal word met 'n ska= kelingsaksie vanuit die tuisland met dié Bantoe wat aan die stad geheg geraak het nie. Die amptenare was van mening dat op grond van die nuwe verwesterde beliggaming van die kultuurerfenis van elke volkseenheid, die gemeenskaplike taalbesit en 'n gemeenskap= like volksbewussyn, dit wel moontlik is om hegte skakelbande tus= sen stadsgeborenes en hulle tuislande vanuit die Blankbeheerde ge= bied te bewerkstellig. As gevolg van die positiewe optrede van die amptenare was stad-tuislandskakeling so suksesvol deurgevoer dat die Blankbeheerde gebied van Lichtenburg vandag een van die min dorpe in Suid-Afrika is waar die Blankes 'n getallemeerderheid teenoor die Bantoes handhaaf.[51)]

Verdere faktore wat bygedra het tot die suksesvolle stad-tuis= landskakeling is eerstens die feit dat die naaste punt aan Bophuthatswana slegs 24 kilometer van die stedelike plaaslike be= stuursgebied van Lichtenburg geleë is. Tweedens is daar gedurende 1964 deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling begin met die ontwikkeling van die Bantoedorp Itsoseng in die aan=

51) Volgens die 1970 Bevolkingsensus woon daar 6 824 Blankes en 5 911 Bantoes in Lichtenburg.

grensende tuisland. Derdens het die Permanente Komitee vir Ny=werheidsvestiging die stedelike plaaslike bestuursgebied van Lichtenburg tot 'n gedesentraliseerde nywerheidsgebied verklaar met al die voordele van grensnywerheidsontwikkeling wat daarmee gepaard gaan. Dit is reeds bevind dat daar 'n aansienlike instro=ming van Bantoe-trekarbeiders na grensnywerheidsgebiede plaasvind. Hierdie instroming beweeg vanuit twee rigtings na dié gebiede. Eerstens is daar 'n instroming uit die hartland van die tuislande. Tweedens vind daar ook 'n instroming plaas vanuit die Blankbeheer=de stadsgebiede. Die saamvloeiing van hierdie twee strome in die grensnywerheidsgebiede het tot gevolg dat die kulturele skakeling tussen die Bantoe vanuit die tuisland en die Blankbeheerde stede=like gebiede versterk word. Hierdie proses het alreeds in 'n mate te Lichtenburg plaasgevind. Alhoewel grensnywerheidsontwikkeling uit 'n beplanningsoogpunt[52] gevare inhou, bevat dit dié positiewe element dat dit die tuisland-Bantoe en sy volksgenote in Blank=beheerde gebiede weer kultureel sterker aan mekaar koppel.

As gevolg van die stigting van die Bantoedorp Itsoseng naby Lich=tenburg in Bophuthatswana is daar ook besluit om alle verdere uit=breidings ten opsigte van gesinshuisvesting vir die Bantoes in die Blankbeheerde stedelike gebied van Lichtenburg te staak. Die bevriesing van die uitbreiding aan gesinshuisvesting het weer aan=leiding gegee tot die gedagte om ook onproduktiewe gesinne na Itsoseng oor te plaas. Daar is gehoop om sodoende te kan voorsien in die vraag na huisvesting vir die natuurlike aanwas van die Ban=toe-inwoners in die Blankbeheerde stedelike gebied van Lichtenburg. Aangesien die standpunt hier gehuldig is soos reeds vermeld, dat stad-tuislandskakeling vanuit die Blankbeheerde gebied na die tuis=

52) Potgieter. Die Grensnywerheidskema in Suid-Afrika, p. 33.

land gesoek moet word, is gepoog om hoofsaaklik die adviserende Bantoekomitees[53] vir die doel aan te wend. Aanvanklik het die le= de van die adviserende Bantoekomitees nie veel belanggestel in die gedagte van stad-tuislandskakeling en die hervestiging van onproduktiewe gesinne wat daaruit sou voortvloei nie.

Deur middel van 'n steekproef ten opsigte van 50 onproduktiewe Bantoegesinne is inligting egter ingewin om te bepaal op welke wyse die Bantoe van sy tuisland bewus gemaak kon word. Op grond van die vraagstukke geopper ten opsigte van tuislandvestiging is die Bantoegesinne toe in groepe van 10, vir inligtingsdoeleindes, verdeel. Hierdie groepe is daarna op 'n intensiewe, planmatige en oordeelkundige wyse van tuislandskakeling bewus gemaak. Praktiese probleme soos die verkryging van huisvesting, oorplasing van pen= sioene na die tuisland en vervoerreëlings is dientengevolge tot tevredenheid van die Bantoegesinne, opgelos.[54] Die gevolg hier= van was dat samewerking op 'n breë vlak verkry is en dat veral die lede van die adviserende Bantoekomitees hulle ondersteuning aan die proses van stad-tuislandskakeling gegee het. Die aktiewe samewerking van die adviserende Bantoekomitees het daartoe byge= dra dat 'n stadium bereik is waar oorgegaan kon word tot die fi= siese hervestiging van Bantoegesinne uit die Bantoewoongebied van Lichtenburg na die Bantoedorp Itsoseng.

Sodoende is daar reeds 210 onproduktiewe gesinne en 56 produktiewe gesinne in Bophuthatswana hervestig. Gedurende 1970 was daar nog net 10 onproduktiewe gesinne in die Bantoewoongebied van die

---

53) Lichtenburg het twee Bantoewoonbuurte elk met sy eie advise= rende Bantoekomitee.
54) Stadsraad van Lichtenburg. Lêer no. 23/1.

Blankbeheerde stedelike gebied van Lichtenburg gevestig.

Om verdere stad-tuislandskakeling te bevorder het die amptenare bevind dat Bantoestudente en -skoliere hulle studies aan inrig=tings in die tuislande moet voltooi. Daar is besluit om jaarliks vier studiebeurse ten bedrae van R25,00 elk aan Bantoestudente en -skoliere toe te staan vir opleidingsdoeleindes in Bophuthatswa=na. Verder het die amptenare besef dat stad-tuislandskakeling 'n wye kennis van die ekonomiese en politieke ontwikkeling van die Bantoetuislande vereis. Die amptenare van die afdeling Nie-Blan=kesake van die Blankbeheerde stedelike gebied van Lichtenburg so=wel as die lede van die adviserende Bantoekomitees het reeds elf besoeke aan die Tswanatuisland gebring. Stad-tuislandskakeling het in Lichtenburg reeds sodanig gevorder dat bestaande gesins=huisvesting vir die Bantoe nie meer ten volle benut kan word nie. Heelwat van die wonings wat deur gesinne ontruim is, is as enkel=kwartiere vir Bantoetrekarbeiders uit Bophuthatswana ingerig. Dit kan ook voorsien word dat, as gevolg van die belangstelling wat daar heers vir tuislandvestiging die Bantoesake-administrasieraad in die nabygeleë toekoms daarin sal slaag om alle gesinne in die Bantoewoongebied van Lichtenburg te hervestig en daar slegs van trekarbeiders gebruik gemaak sal word.

6.2.3.2 Biesiesvlei

Die Bantoewoonbuurt van die Gesondheidskomitee van Biesiesvlei, bestaan uit 24 gesinshuise. Met die oorname deur die Wes-Trans=vaalse Bantoesake-administrasieraad het daar 'n nie-amptelike adviserende Bantoekomitee, bestaande uit 5 lede, gefunksioneer. Geen poging is in die verlede aangewend om stad-tuislandskakeling te aktiveer nie. Die Bantoe-inwoners bestaan slegs uit lede van die Tswanavolksgroep wat nog sterk aan hulle tuisland gekoppel is.

Uit onderhoude het dit ook geblyk dat die inwoners baie belang=stel in tuislandvestiging. Dit moet aanvaar word dat die Bantoe=sake-administrasieraad al die gesinne in die nabye toekoms in die Bantoedorp Itsoseng sal hervestig en dat daar te Biesiesvlei slegs van trekarbeiders gebruik gemaak sal word.

6.2.3.3 Ottoshoop

In die verlede het die Gesondheidskomitee magtiging verkry om 34 persele beskikbaar te stel vir bewoning deur Bantoes.[55] Geen adviserende Bantoekomitee is hier ingestel nie en geen aan=dag is in die verlede aan stad-tuislandvestiging geskenk nie. Uit onderhoude het dit egter geblyk dat net soos in die geval van Biesiesvlei die Bantoes nog baie nou geskakel is met hulle tuis=land en dat hulle bereid is om in die Bantoedorp Itsoseng te gaan woon.

6.2.3.4 Swartruggens

Voor die instelling van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administra=sieraad het die Blankbeheerde stedelike plaaslike bestuur van Swartruggens nie veel aandag geskenk aan stad-tuislandskakeling nie. Alhoewel daar gedurende 1968 reeds 108 Bantoegesinne in die Bantoedorpe Lehurutshe en Madikwe gevestig is, kan dit nie nood=wendig as die resultaat van tuislandskakeling beskou word nie om=dat dit onwettige inwoners in die stedelike Bantoewoongebied was.

55) Volgens artikel 6 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasie=wet, 1945, Wet no. 25 van 1945.

Gedurende 1973 het die Bantoesake-administrasieraad begin met die instelling van adviserende Bantoekomitees vir die twee Bantoe=woonbuurte van Swartruggens. 'n Lewendige belangstelling het on=der die inwoners geheers vir die verkiesing van die lede van die adviserende Bantoekomitees.[56] Die Bantoe-inwoners van Swartrug=gens was nie-amptelik verteenwoordig met die amptelike toeken=ning en oorhandiging van die eerste woning in die Bantoedorp Itsoseng op 26 Maart 1973. Aangesien Bophuthatswana slegs 56 ki=lometer van die stedelike plaaslike bestuursgebied van Swartrug=gens geleë is, bestaan daar nog 'n noue skakeling met die Tswana=tuisland en stel heelwat inwoners belang in hervestiging.

6.2.3.5 Zeerust

Nadat die samewerking van die adviserende Bantoekomitee verkry is, het die Blankbeheerde stedelike plaaslike bestuur van Zeerust 'n doelgerigte poging aangewend om die Bantoe in sy Bantoewoonge=bied bewus te maak van die voordele verbonde aan stad-tuisland=skakeling. Die proses van stad-tuislandskakeling is ook verder bevorder deur middel van besoekende tradisionele leiers vanuit Bophuthatswana. Daar is alreeds 'n aantal gesinne op 'n vrywil=lige basis in die Bantoedorp Lehurutshe hervestig. Indien Zeerust egter oor die nodige fondse beskik het, sou hier al veel meer ver=mag gewees het aangesien die Bantoes alreeds ten volle tuisland=gerig is. Hier word dus 'n sprekende motivering gevind vir die oorname, beheer en administrasie van alle Bantoes in Blankbeheerde

---

56) Met die oorname van die Bantoewoonbuurte van Swartruggens, deur die Bantoesake-administrasieraad is die streeksdirekteur deur die plaaslike bestuur van Swartruggens meegedeel dat daar nie meer adviserende Bantoekomitees bestaan het nie, as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling by die Bantoe-inwoners.

gebiede deur kapitaalkragtige Bantoesake-administrasierade wat ook die hervestiging van die Bantoe kan behartig.

6.2.4 Stad-tuislandskakeling in die verre Wes-Transvaalstreek

Die Blankbeheerde plaaslike bestuursgebiede van Wolmaransstad, Bloemhof, Christiana, Delareyville, Leeudoringstad, Makwassie, Sannieshof en Schweizer Reneke wat hierdie streek vorm, is almal gebiede waar die ekonomiese bedrywighede hoofsaaklik om landbou=produksie sentreer. As gevolg van die afwesigheid van grootskaal=se mynboubedrywighede en ander swaar nywerhede was daar in hierdie streek nie 'n grootskaalse instroming van arbeiders uit die nie-Tswanavolkseenheid nie. In die onderstaande tabel word die persentasie Tswana en nie-Tswana soos hulle gedurende 1970 in die onderskeie dorpe voorgekom het, aangedui.

TABEL 17

PERSENTASIE TSWANA- EN NIE-TSWANA IN DIE VERRE WES-TRANSVAALSTREEK GEDURENDE 1970[57)]

| Streeksdorp | % Tswana | % nie-Tswana |
|---|---|---|
| Wolmaransstad | 86 | 14 |
| Bloemhof | 78 | 22 |
| Christiana | 77 | 23 |
| Delareyville | 86 | 14 |
| Leeudoringstad | 79 | 21 |
| Makwassie | 66 | 34 |
| Sannieshof | 71 | 29 |
| Schweizer Reneke | 85 | 15 |
| Nie-stedelik | 84 | 16 |
| Gemiddelde % | 78 | 22 |

57) Republiek van Suid-Afrika. Departement van Statistiek. Bevol=king van stede, dorpe en nie-stedelike gebiede. Verslag no. 02-05-01.

Uit bostaande tabel blyk dit dat die lede van die Tswanavolks= eenheid 'n gemiddelde van 78 persent van die Bantoes wat in hier= die streek voorkom, verteenwoordig. Heelwat nie-Tswanastamme het reeds as gevolg van assimilasie, Tswana-identiteit aanvaar en is bereid om Tswanaburgerskap te aanvaar. Stad-tuislandskakeling be= hoort in hierdie streek deurgaans met die Tswanatuisland te kan geskied.

#### 6.2.4.1 Wolmaransstad

As gevolg van 'n tekort in sy Bantoe-inkomsterekening, het die Blankbeheerde stedelike plaaslike bestuur van Wolmaransstad nie in die verlede aan stad-tuislandskakeling aandag geskenk nie.[58) ] Hierdie tekort aan fondse was so groot dat daar gedurende 1969 slegs 200 huise in die nuwe Bantoewoongebied opgerig is. Die grootste gedeelte van die produktiewe gesinne is op daardie sta= dium nog in die ou Bantoewoongebied gehuisves en derhalwe moes daar nog 150 huise gebou word en sou enige verskuiwing van on= produktiewe gesinne nie die posisie oplos nie.

Gedurende 1967 het 'n lid van die adviserende Bantoekomitee eg= ter 'n uitgebreide besoek (gereël in samewerking met die Depar= tement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling) aan die Tswana-tuislande gebring. Bantoekapteins vanuit Bophuthatswana het ook alreeds verskeie besoeke aan die Bantoe-inwoners van Wolmaransstad gebring. Gedurende 1969 het die stedelike verteenwoordiger van Bophuthatswana ook 'n besoek aan Wolmaransstad gebring in 'n po= ging om 'n volksverteenwoordigende raad saam te stel.

---

58) Voortsettingskomitee, op. cit., p. 53.

Alhoewel die stedelike verteenwoordiger nie daarin kon slaag om 'n volksverteenwoordigende raad saam te stel nie, bestaan daar tog 'n behoefte by dié Bantoes aan nouer skakeling met Bophuthatswana. Gedurende 1970 het daar alreeds 'n behoefte be= staan vir die hervestiging van 81 onproduktiewe Bantoegesinne in Bantoedorpe in Bophuthatswana.

6.2.4.2 Bloemhof

Bloemhof is een van die kleiner stedelike plaaslike besture wat heelwat sukses met stad-tuislandskakeling in die verlede behaal het. Die amptenare van die stedelike plaaslike bestuur het met behulp van die heelhartige samewerking van die adviserende Ban= toekomitee die Bantoe-inwoners tot so 'n mate geaktiveer dat daar 'n baie sterk gevoel bestaan vir skakeling met Bophuthatswana. Werkgewers en werkgewerorganisasies is ook geaktiveer en gemotiveer om hulle Bantoes in staat te stel om vir naweke of periodiek hul= le familielede en vriende in die tuislande te besoek, om op daar= die manier die skakeling met hulle volksgenote te bevorder. Aan die begin van 1972 is daar 'n volksverteenwoordigende raad, be= staande uit 6 lede, vir Bloemhof ingestel. Hierdie raad het die skakeling met die Tswanatuisland heelwat uitgebou, en daar bestaan op die oomblik 'n positiewe gesindheid onder die Bantoes ten op= sigte van hervestiging in 'n eie tuislanddorp.

6.2.4.3 Christiana

Die Blankbeheerde stedelike plaaslike bestuur van Christiana het in die verlede gepoog om die samewerking van die adviserende Ban= toekomitee te verkry, alhoewel dit aanvanklik moeilik was om die voordele verbonde aan stad-tuislandskakeling by hulle tuis te bring. In samewerking met die adviserende Bantoekomitee is die

Bantoe-inwoners toe gereeld ingelig omtrent en op beplande wy= se bewus gemaak van hulle tuislande en hulle volksgenote wat aldaar aangetref word. 'n Behoefte aan hervestiging in die Tswa= natuisland bestaan vandag onder die inwoners van die Bantoewoon= gebied van Christiana. Hierdie vraag na gesinshuise kan hoofsaak= lik aan twee faktore toegeskryf word naamlik die onvoldoende be= huisingstoestand wat daar heers en tweedens aan die doelbewuste stad-tuislandskakelingsproses.

6.2.4.4 Delareyville

Alhoewel die stedelike plaaslike bestuur van Delareyville oor die nodige fondse beskik het, het daar in die verlede geen stad-tuislandskakeling plaasgevind nie.[59] Aangesien Delareyville slegs 14,48 kilometer van die naaste punt van die Tswanatuisland geleë is, het die Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging dié Blank= beheerde stedelike plaaslike bestuursgebied aanvaar as 'n gede= sentraliseerde nywerheidsgebied. Teneinde 'n konstante bron van Bantoearbeid vir die grensnywerhede te verseker het die Blankbe= heerde stedelike plaaslike bestuur van Delareyville die ontwikke= ling van 'n Bantoedorp in Bophuthatswana naby Marotzi oorweeg. Daar is besluit om nie met die proses van stad-tuislandskakeling te begin voordat sekerheid verkry is oor die ontwikkeling van die Bantoedorp nie.

Die plaaslike besture van Delareyville, Wolmaransstad, Ottosdal, Makwassie en Hartbeesfontein het gedurende 1969 die stigting van 'n Bantoedorp in die Tswanatuisland naby Marotzi sterk ondersteun.

---

59) Voortsettingskomitee, op. cit., p. 54.

Daar is bevind dat die stigting van 'n Bantoedorp naby Marotzi beslis wenslik en voordelig sal wees en wel om die volgende ge= noemde redes:[60]

(a) Dit is slegs 14,48 kilometer vanaf die grensnywer= heidsgebied van Delareyville geleë en arbeid kan dus gerieflik daagliks heen en terug beweeg of vervoer word.

(b) Die Bantoedorp by Itsoseng naby Lichtenburg is bykans 96,54 kilometer verder geleë en vervoer van arbeid sal dus baie duurder en moeiliker wees.

(c) Vir alle dorpe hierbo genoem sal arbeid dan nader be= skikbaar wees met gepaardgaande voordele.

(d) Dit is nie wenslik om arbeid slegs op een plek in die tuisland te konsentreer nie. Met die oog op die ontwik= keling van die hele tuisland is dit beslis wenslik om dorpe so te stig en te versprei dat die tuisland as 'n geheel ontwikkel en arbeid nogtans vir die arbeidsmarkte so geplaas word dat dit die maklikste en op die mees ekonomiese wyse bereik kan word.

(e) 'n Geologiese opname van die onderaardse waterbronne in die distrik van Marotzi het bewys dat groot voorrade onderaardse water by die grens van die Bantoetuisland baie naby aan die voorgestelde dorpsgebied beskikbaar is.

Die Blankbeheerde stedelike plaaslike bestuur van Delareyville het verder gevoel dat die Bantoevolke gelei moet word om onaf= hanklik te ontwikkel in hulle eie tuislande. Hulle moet dus daar woon en slegs in Blankbeheerde gebied werk. Gevolglik gaan die proses van stad-tuislandskakeling en die tuislandvestigingsbeleid

---

60) Dorpsraad van Delareyville. Lêer no. 13/9.

hand aan hand met die beleid ter vestiging van grensnywerhede. Die Bantoes moet so in di etuislande geplaas word dat hulle maklik daarvandaan die arbeidsmark in die Blanke gebied kan bereik. An=dersyds moet arbeidsmarkte weer in die Blanke gebied binne be=reik van die tuisland-Bantoe gebring word deur die vestiging van grensnywerhede.

Na verdere samesprekings gedurende 1970 het die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling sy goedkeuring verleen vir die ontwikkeling van 'n Bantoedorp naby Marotzi. Daar is met die skrywe hiervan nog nie oorgegaan tot die ontwikkeling van die Ban=toedorp nie. Indien die dorp egter in die toekoms 'n werklikheid word, sal dit 'n groot bydrae kan lewer tot die tweede fase van stad-tuislandskakeling naamlik die fisiese vestiging van die Ban=toes.

6.2.4.5 Leeudoringstad

Alhoewel die dorpsraad van Leeudoringstad 'n tekort aan fondse in die Bantoe-inkomsterekening ondervind het, het hulle nogtans die moontlikhede vir die skakeling van die Bantoe binne sy stads=gebied met hulle tuislande ondersoek.[61] Aangesien daar reeds ge=durende 1970 'n tekort aan 135 gesinshuise vir die Bantoe-inwo=ners bestaan het, en die natuurlike aanwas van die Bantoebevolking boonop vinnig toeneem, is stad-tuislandskakeling en die fisiese hervestiging wat daaruit voortvloei as 'n moontlike oplossing vir die behuisingsvraagstuk gesien.

61) Voortsettingskomitee, op. cit., p. 50.

Daar is 'n besoek gebring aan die Tswanatuisland in 'n poging om vas te stel waar 'n geskikte gebied gevind kon word waar Bantoes vanuit die Bantoewoongebied van Leeudoringstad hervestig kon word. Die samewerking van die adviserende Bantoekomitee is verkry om stad-tuislandskakeling te bevorder. Daar is egter gestuit teen die probleem van onvoldoende fondse en die nodige personeel kon ook nie aangestel word om stad-tuislandskakeling in sy volle konsekwensies deur te voer nie.

Die beoogde ontwikkeling van 'n Bantoedorp deur Delareyville naby Marotzi is ook verwelkom deur die Blankbeheerde stedelike plaaslike bestuur van Leeudoringstad, aangesien daar gehoop is dat dit 'n oplossing sou bied vir die behuisingsprobleem. Marotzi is ook 65 kilometer nader aan Leeudoringstad as wat die naaste ander bestaande Bantoedorp in die tuisland is. Leeudoringstad is nogeens 'n sprekende voorbeeld van die noodsaaklikheid vir die oorname van Bantoeadministrasie deur 'n kapitaalkragtige liggaam soos die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad.

6.2.4.6 Makwassie

Die Blankbeheerde stedelike plaaslike bestuur van Makwassie het reeds sedert 1964 'n tekort aan gesinshuisvesting ten opsigte van die Bantoe in sy stadsgebied. Hierdie tekort en die gepaard=gaande probleme het tot gevolg gehad dat Makwassie in die proses van stad-tuislandskakeling 'n oplossing vir sy Bantoebehuisings=probleme gesien het. Daar is bevind dat indien die onproduktiewe gesinne in die tuisland gevestig kon word, voldoende wonings vir die natuurlike aanwas van die Bantoebevolking beskikbaar sal wees.

Die Blankbeheerde stedelike plaaslike bestuur van Makwassie het hom in die verlede sterk ten gunste van stad-tuislandskakeling uit=

gespreek. Geen daadwerklike stappe is egter geneem om met die Bantoes in hierdie stadsgebied met die oog op die bevordering van hulle skakeling met die tuislande te onderhandel nie. Die vernaamste enkele vertragende faktor wat hiertoe bygedra het, was die tekort aan fondse in hulle Bantoe-inkomsterekening. Die oor= name van alle Bantoe-aangeleenthede deur die Wes-Transvaalse Ban= toesake-administrasieraad deur die stedelike plaaslike bestuur van Makwassie is verwelkom.

6.2.4.7 Sannieshof

Sedert 1969 was die Blankbeheerde stedelike plaaslike bestuur van Sannieshof sterk ten gunste van stad-tuislandskakeling. Daar is gevoel dat stad-tuislandskakeling so omvattend deurgevoer moet word dat nie slegs onproduktiewe Bantoegesinne in die Tswanatuis= land gevestig behoort te word nie, maar ook produktiewe gesinne. Die mening het bestaan dat dit sinneloos sou wees om Bantoedorpe teen groot koste te beplan en te vestig slegs om onproduktiewe Bantoe te hervestig. Algehele verskuiwing moet dus die doelwit wees.[62)]

Die stedelike plaaslike bestuur van Sannieshof het ook besluit dat daar ondersoek ingestel moet word na die moontlikheid om drie verskillende streeksvestigingsgebiede in Wes-Transvaal te ontwikkel, naamlik gebiede in die omgewings van Lichtenburg, Delareyville en Swartruggens. Met 'n sodanige stap sal daarin geslaag word om die Bantoes teen 'n vinniger tempo meer ekonomies en oor 'n veel groter gebied met hulle tuisland te laat skakel

---

62) Dorpsraad van Sannieshof. Raadsbesluit, 31 Maart 1969.

en aldaar te vestig. Verder moet verbindingsdienste met die be= trokke Bantoe-tuislande ondersoek word en waar nodig, met die hulp van die Departement van Beplanning, dermate verbeter word sodat Bantoetuislandskakeling daardeur versnel kan word.[63)]

Tot met die oorname van die Bantoewoonbuurt van Sannieshof deur die Bantoesake-administrasieraad van Wes-Transvaal is daar egter nog nie oorgegaan tot die daadwerklike skakeling van die plaas= like Bantoes in die stadsgebied van Sannieshof met hulle volks= genote in die Tswanatuisland nie. Gedurende 1970 het daar ook alreeds 'n tekort aan 50 gesinshuise vir Bantoe in Sannieshof bestaan. Uit 'n onderhoud met die adviserende Bantoekomitee van Sannieshof het dit ook geblyk dat hulle ten gunste van alge= hele vestiging in die Tswanatuisland is, indien die Bantoesake-administrasieraad van Wes-Transvaal die nodige behuising in Bophuthatswana kan voorsien.

6.2.4.8 Schweizer Reneke

Die stadsraad van Schweizer-Reneke het in die verlede, waar moontlik, aandag aan stad-tuislandvestiging geskenk. Aanvanklik is probleme ondervind om die Bantoe in die stadsgebied van Schweizer-Reneke te aktiveer om skakeling met hulle tuisland te vind. Die samewerking van die adviserende Bantoekomitee is ook eers verkry nadat verskeie vergaderings belê is om die implika= sies van stad-tuislandskakeling te verduidelik. Mettertyd is daar egter soveel sukses behaal dat daar 'n behoefte by die Bantoe aan hervestiging in hulle eie tuisland ontwikkel het.

---

63) Ibid.

Alhoewel die stedelike plaaslike bestuur van Schweizer-Reneke gedurende 1970 'n vergadering ter bevordering van die stigting van 'n Bantoedorp in die Tswanatuisland naby Marotzi bygewoon het, was hulle tog van mening dat hervestiging van die Bantoe-inwoners van Schweizer-Reneke eerder in die Taunggebied moet geskied.[64] Met die oorname van die Bantoewoongebied van Schweizer-Reneke deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administra=sieraad het daar egter nog geen hervestiging plaasgevind nie.

6.2.5 Nie-stedelik

Die Tswanavolkseenheid vorm nog 74 persent van die Bantoes in die nie-voorgeskrewe gebiede onder beheer van die Wes-Transvaal=se Bantoesake-administrasieraad. Voor die oorname van alle Bantoes deur Bantoesake-administrasierade het daar geen skakeling tussen hierdie groep Bantoes en hulle tuisland plaasgevind nie. Met die ondervraging van 100 Bantoegesinne wat verteenwoordigend van al die nie-voorgeskrewe gebiede is, het dit duidelik geblyk dat die groep Bantoes op die Blanke platteland nie so intensief as die stedelike Bantoes met ander Bantoekulture in aanraking gekom het nie. Ten spyte daarvan dat daar wel 'n groot verskeidenheid be=volkingsgroepe in die onderskeie nie-voorgeskrewe gebiede aange=tref word, is die kultuurkomponente van die groter bevolkings=groep, naamlik die Tswana, geredelik deur die kleiner groepe by hulle lewenswyse geïntegreer. Negentig persent van die ondervraag=de gesinshoofde het hulle ook bereid verklaar om Tswanaburgerskap te aanvaar.

---

64) Notule van 'n vergadering van belanghebbendes, ten einde die stigting van 'n Voortsettingskomitee ter bevordering van die stigting van 'n Bantoedorp in die Tswanatuisland naby Marotzi (ongeveer 15 kilometer vanaf Delareyville) te oorweeg. Delareyville, 5 Maart 1970, p. 6.

Uit die onderhoude wat gevoer is, het dit ook duidelik geblyk dat daar ook geen grond meer bestaan om te aanvaar dat skakeling tussen Bantoes in nie-voorgeskrewe gebiede en lede van dieselfde stamverband in die tuislande verkry kan word indien dit oorgelaat sou word aan die spontane wedersydse instandhouding van verwant=skapsbande of die verband wat enige stamkaptein met stamlede wat buite die stamgebied woon, in stand kan hou nie. Hierdie faktore kon meesal slegs stad-tuislandskakeling instand hou vir sover die Bantoe in nie-voorgeskrewe gebiede nog in die tuislande ge=bore is. Vir die Bantoe wat in die nie-voorgeskrewe gebiede ge=bore is, moet daar egter so spoedig moontlik 'n doelgerigte stad-tuislandskakelingsprogram ingestel word waardeur hy weer aan sy tuisland gekoppel kan word. In hulle lewenspatroon en taalgebruik is die plattelandse Bantoes egter nog nie geheel en al sonder verband met hulle volksgenote in die tuisland nie.

Op grond van die kultuurerfenis van elke volkseenheid, die gemeen=skaplike taalbesit en 'n gemeenskaplike volksbewussyn, is dit eg=ter moontlik om 'n doeltreffende skakelingsnetwerk tussen die plattelanders en hulle tuislande daar te stel. Nadat die voorde=le verbonde aan stad-tuislandvestiging aan die 100 gesinne gestel is, het 97 persent hulle ten gunste van stad-tuislandskakeling uitgespreek. Verder het 79 persent van dié Bantoe hulle ten gun=ste van vestiging in die Tswanatuisland uitgespreek. Dit moet dan ook verwag word dat heelwat Bantoes op die Blankbeheerde platte=land in die toekoms deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administra=sieraad in hulle eie tuislande gevestig sal word.

### 6.2.6 Stad-tuislandskakeling en skoolgeriewe

Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad het die volgende besluite geneem ten opsigte van die daarstelling van skoolgeriewe

vir Bantoes wat 'n positiewe invloed sal uitoefen op die proses van stad-tuislandskakeling:

(a) Alle hoërskole (Standerd VIII-X) behoort in die tuisland opgerig te word;
(b) Dit sou die ideaal wees om ook hoër, primêre en sekondêre skole in die tuislande op te rig;
(c) Die raad kan by wyse van skenkings aan stamowerhede in die tuisland help om voldoende hoërskoolfasiliteite vir kinders in die raad se regsgebied te voorsien;
(d) Sonering van arbeid behoort doelbewus toegepas te word sodat slegs vir een etniese groep skoolgeriewe voorsien hoef te word;
(e) Orkney se stedelike Bantoewoongebied behoort etnies Suid-Sotho bevolk te word. Dit kan geskied deur Suid-Sothogesinne met ander in dié Bantoewoongebied uit te ruil. 'n Gekombineerde skool (Suid-Sotho) be=hoort in die Orkneyse Bantoewoongebied opgerig te word;
(f) Aangesien in Jouberton (Klerksdorp) reeds 'n Xhosa-me=diumskool is, behoort in dié Bantoewoongebied 'n Xhosaskool te wees;
(g) Waar moontlik moet nie afsonderlike laer, primêre en hoër primêre skole opgerig word nie maar gekombineerde skole;
(h) In Bloemhof behoort nie 'n hoër primêre skool opgerig te word nie maar die bestaande laer primêre skool moet uitgebrei word as 'n gekombineerde skool en
(i) By Christiana in die reeds geproklameerde Bantoewoonge=bied behoort 'n gekombineerde skool opgerig te word wat later vir ander doeleindes aangewend kan word nadat al=le gesinne verskuif is.[65]

---

65) Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad. Verslae van die tiende vergadering van die Raad gehou op 7 Maart 1973, p. 9.

Deurdat hoërskoolopleiding slegs in die Bantoetuislande voorsien sal word, sal dit die leerlinge vanuit die Blankbeheerde gebied weer met hulle tuislande skakel en sal hulle op hierdie wyse weer tuislandbewus gemaak word. Daardeur word hierdie Bantoekin=ders ook afgekanaliseer na die tuislande waar hulle dienste nodig is. Aangesien daar slegs in die Bantoewoongebied Jouberton, te Klerksdorp, 'n Xhosa-mediumskool voorsien word, moet aanvaar word dat almeer Xhosagesinne hulle in die toekoms daar sal vestig. Die skakeling met die Xhosatuisland kan dan ook heelwat vergemak=lik word. Uit die besluite blyk dit ook dat die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad die tydelikheid van die Bantoe in Blankbeheerde gebied as 'n besliste feit aanvaar het en dat daar 'n doelbewuste poging aangewend sal word om soveel moontlik Bantoes in hulle eie tuislande te hervestig.

Soos blyk uit die voorgaande ondersoek is daar voor die instelling van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad hoofsaaklik onproduktiewe Bantoes in Bophuthatswana hervestig. Die tuisland=se dorpe behoort egter nie net die hervestigingsoorde van slegs on=produktiewe Bantoes uit die Blankbeheerde stedelike gebiede te word nie, maar ook van die produktiewes in die Blankbeheerde ge=biede moet daar hervestig word.

Dorpstigting en -ontwikkeling in die Bantoetuislande is reeds in 'n groot mate afhanklik van die hervestiging van ekonomies pro=duktiewe Bantoes, wat op die oomblik in die Blankbeheerde stede=like gebiede nie tot hulle volle potensiaal benut kan word nie. Die uitskakeling van aansienlike getalle Bantoearbeiders uit Blankbeheerde stedelike gebiede behoort, naas al die voordele wat dit vir daardie gebiede inhou, ook nog 'n geweldige bydrae te kan lewer tot dorpsontwikkeling in die tuislande.

Die uitskakeling of vermindering van ekonomies bedrywige of produktiewe Bantoearbeiders in die Blankbeheerde stedelike gebie=de kan slegs tot heil van die Blanke gebiede strek en terselfder=tyd 'n belangrike bydrae lewer tot die ontwikkeling van die tuis=landse dorpe as groeipunte in ontwikkelende gebiede. Terwyl hervestiging van daardie kategorie stedelike Bantoes vir die Blanke gebiede 'n groter mate van arbeidsonafhanklikheid sal verseker, kan dit vir die tuislande, naas bodempotensiaal en ver=meerdering van kapitaal, ook die aanwending van eie arbeidskrag=te in die wydste sin van die woord beteken.

In die verlede is die produktiewe arbeidskragte uit die tuislande na die ontwikkelende Blankbeheerde gebiede gedreineer, terwyl die onproduktiewes, die oues van dae en vrouens, vir die ontwikkeling van die gebiede verantwoordelik was. Deur die uitskakeling van ekonomies produktiewe Bantoes in die Blanke gebiede en hulle her=vestiging in tuislandse dorpe, behoort daardie mannekrag weer tot voordeel van die tuislande gebruik te kan word. Dit is egter nie net uitgeskakelde stedelike Bantoewerknemers wat in die tuisland=se dorpe nodig is en daar hervestig behoort te word nie. Daar is ook die Bantoe-ondernemer, die sakeman en die professionele per=soon wat tuislandbewus gemaak moet word en in daardie dorpe her=vestig behoort te word. Die voorsitter van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad stel dit dan ook dat "... dit ook noodsaaklik en wenslik is dat nie net onproduktiewe gesinne na die tuisland moet trek nie, maar ook die produktiewe gesinne".[66]

66) Potchefstroom Herald. Dinsdag, 6 November 1973, p. 13.

HOOFSTUK 7

# DORPSTIGTING IN DIE WES-TRANSVAALSE STREEKSVESTIGINGSGEBIED DEUR DIE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD VAN WES-TRANSVAAL

## 7.1 Verstedeliking

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat die Bantoes in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiegebied deur middel van tuislandgerigte administrasie tuislandbewus gemaak word. In 'n mate is daar ook geslaag om die Bantoe aan 'n bepaalde tuisland en sy besondere kultuur vas te knoop. Aangesien goeie vordering ten opsigte van skakeling tussen stad en tuisland dus in hier= die gebied plaasvind, is die probleme op die weg van hervestiging van die stedelike Bantoe in die tuislandse dorpe grotendeels uit= geskakel. Daar heers 'n groot belangstelling by die Bantoe in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiegebied vir vestiging in die tuislande. Hieruit vloei weer voort die stigting en ontwikke= ling van volwaardige dorpe en stede in die Bantoetuislande waarin die Bantoe in Blankbeheerde stedelike gebiede hervestig kan word.

Die Republiek van Suid-Afrika is nog in 'n unieke posisie vir so= ver dit dorpstigting en beplanning in die Bantoetuislande aangaan. Waar ander lande vandag te doen het met hernuwingskemas en herbe= plannings van ou dorpe en stede het die huidige regering nog die geleentheid om in 'n groot mate van vooraf te beplan. Groot ge= deeltes van die Bantoetuislande is nog in 'n vroeë ontwikkeling= stadium of heeltemal onderontwikkel.

Waar dit in hierdie hoofstuk gaan oor verstedeliking in die Ban= toetuislande en die rol van die Wes-Transvaalse Bantoesake-ad= ministrasieraad in die proses, is dit op dié stadium nodig om eers duidelikheid te kry oor die begrip "verstedeliking". Mumford

beskryf eerstens 'n stedelike samelewing as die punt van maksi= mum konsentrasie vir die kultuur, handel en administrasie van 'n gemeenskap wanneer hy verklaar: "It is the place where the diffused rays of many separate beams of life fall into focus with gains in both effectiveness and significance".[1] Hieraan gemeet is die verstedelikingsproses in die Bantoetuislande nog in 'n relatief vroeë stadium. Die meeste dorpe wat reeds daarge= stel is, se invloed strek nie veel verder as hulle onmiddellike omgewing nie en daardie invloed is in der waarheid baie beperk.

Andersyds is verstedeliking die proses van oorskakeling van land= bou na die sekondêre en tersiêre bedryfsektore. 'n Stad word dan ook gedefinieer as 'n samelewing waarin die meeste inwoners in nie-landboukundige aktiwiteite betrek is.[2] Die hoër lone en beter geleenthede in die sekondêre en tersiêre bedrywe tesame met die genoeglikheid van samesyn in stedelike gemeenskappe dien as sti= muli tot verstedeliking. Tegnologiese ontwikkeling, gebore uit nood of uit 'n drang om hierdie bates nog verder te vergroot, het hierdie tendens nog verder aangehelp. Green stel dit so: "Yet, as national economics increasingly forsook agriculture for industry and commerce, new technical means of production and distribution set in motion a remarkable townward drift. As the years passed, this drift became a flood swollen, by a stream of inventions in the spheres of transport and communications, water supply, sani= tation, heat, light power and all those basic municipal services now taken for granted, and by the relentless pull of the higher incomes and higher standards of living to be found in the towns".[3]

---

1) Mumford. The culture of cities, p. 3.
2) Bergel. Urban Sociology, p. 8.
3) Green. Provincial metropolis, p. 15.

'n Dorp of stad moet ook gesien word as die nodale punt van 'n funksionerende gemeenskap, en dit verrig, hetsy groot of klein, 'n diens - ekonomies, sosiaal of administratief - aan 'n omringende streek. Hierdie diens aan sy hinterland vorm die be=staansreg van so 'n dienspunt.

Die stedelike ontwikkeling of verstedeliking wat daar in die verlede onder die Bantoes van Suid-Afrika plaasgevind het, be=staan in die eerste plek daarin dat daar by elke Blankbeheerde dorp of stad 'n stedelike Bantoewoonbuurt of -lokasie ontstaan het. In hierdie Bantoewoonbuurte het die Bantoes egter geen eiendomsreg nie, hulle het baie min bestuursbevoegdhede en ver=der kan die Bantoewoonbuurte nie beskou word as volwaardige Bantoedorpe of stede nie. Selfs hulle groeioorsaak is nie in hulle self geleë nie, want hulle is afhanklik van die Blankbe=heerde dorpe. Die Bantoebevolking van Suid-Afrika het dus wel 'n mate van verstedeliking in die verlede deurgemaak, alhoewel nie in die Bantoetuislande self nie. Die verstedeliking wat in die Blankbeheerde dorpe en stede plaasgevind het, toon enersyds die neiging by die Bantoes om vinnig te verstedelik en andersyds tot 'n indirekte verstedeliking in die Bantoegebiede, hoofsaaklik meegebring deur die stelsel van trekarbeid. Henning[4)] wys ook daarop dat die mens 'n sekere mate van kulturele ontwikkeling moet bereik voordat stedelike ontwikkeling kan intree. Na die aanraking met die Blanke en sy kultuur, met die gepaardgaande akkulturasie, het die neiging om te verstedelik by die Bantoes in=slag gevind. Die belangrikste redes waarom daardie latente ver=stedelikingsdrang nie in die verlede in die tuislande uitge=leef is nie, is hoofsaaklik die volgende:[5)]

---

4) Henning, op. cit., p. 168.
5) Ibid., p. 172.

(a) Die pastorale lewenswyse van die Bantoe, sy on=derontwikkeldheid en primitiewe landboumetodes, gepaard met 'n bevolkingsdruk, het daartoe gelei dat groot getalle na die Blankbeheerde gebiede moes gaan om daar 'n heenkome te vind. Terwyl die Bantoe=tuislande die bevolking weggestoot het, het die ont=wikkelende Blanke gebiede daardie Bantoes getrek. Die ekonomiese ontwikkeling van die Blankbeheerde gebiede enersyds en die relatiewe onderontwikkeld=heid van die Bantoetuislande andersyds, was dus 'n belemmerende faktor in die verstedeliking van die tuislande.

(b) Die produktiewe Bantoe het sy tuisland verlaat en die ontwikkeling van die gebiede in die hande van die onproduktiewes, die vrouens, kinders en oues van dae gelaat. Daardeur is die Bantoetuislande dikwels van hulle beste kragte vir 'n uiteindelike stedelike ontwikkeling ontneem.

(c) Die geskiedenis van stedebou bewys dat 'n bevolkings=druk normaalweg aanleiding gee tot 'n konsentrasie van mense in digte nedersettings wat die voorlopers van dorpe kan wees. So 'n konsentrasie van mense sti=muleer dan weer die produksie in die landbousektor. In die Bantoetuislande kon daardie ontwikkeling nie plaasvind nie omdat die surplus landboubevolking na die Blanke ontwikkelingsgebiede uitgewyk het.

(d) Geografiese en historiese faktore wat bepalend vir die sosio-ekonomiese vorming van die Bantoegebiede was, was ewe-eens ook bydraend tot die afwesigheid van dorpe en stede. Hier kan gewys word op die plekgebondenheid van die goudmynbedryf in Suid-Afrika en die mate waarin dit dorpstigting in die Blanke sektor tot gevolg gehad het ten koste van 'n soortgelyke ontwikkeling in die Bantoe=tuislande.

(e) Die plekgebondenheid van die land se sekondêre nywerhede het ook 'n belangrike invloed uitgeoe= fen op dorpstigting in die Bantoegebiede. In die meeste lande is die arbeidsbronne 'n belangrike lokalisasiefaktor vir die nywerhede, maar in Suid-Afrika het die sekondêre nywerhede om die goudmyne en die verskillende hawens gegroepeer. Sodoende was die nywerhede ook plekgebonde en gesentraliseer, waardeur 'n verdere suigkrag op die tuislandse Bantoes uitgeoefen is.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die stimulus om die tuis= lande te ontwikkel en dorpe en stede daar te stig dus noodwen= dig van die Blanke moes kom. Die huidige regering het besef dat die instroming van die Bantoes na die Blanke gebiede al= leen gestuit kan word deur die ontwikkeling van die Bantoetuis= lande in die algemeen en deur middel van dorpstigting in die besonder. Dorpstigting en hervestiging in die Bantoetuislande deur die Bantoesake-administrasierade moet dus gesien word as een van die finale fases in die proses van tuislandgerigte ad= ministrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede. Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling stel dit dat "One of the chief aims of my Department is to bring to fruition the State policy of reversing the stream of Bantu to the White areas and to bring about an exodus of these Bantu to their Homelands. This can only effectively be brought about inter alia by the provision in the Homelands of housing, services, facilities and amenities to enable the Department to receive the Bantu in the various Homelands".[6)]

---

6) Botha, op. cit., p. 5.

## 7.2 Die plek van dorpstigting en hervestiging in die uitvoering van beleid

Gedurende die afgelope dekades het die beleid van afsonderlike ontwikkeling duidelik waarneembare karaktertrekke ontwikkel wat in 'n groot mate die vroeë onsekerheid oor wat die presiese betekenis daarvan is, uitgeskakel het. Eerstens dui dit op die ontwikkeling van spesifieke tuislande vir die verskillende volke - beide Blank en Nie-Blank - wat in Suid-Afrika gevestig is. Die klem val hier op die verskillende volke, en dit word aanvaar dat elkeen mettertyd die "reg van selfbeskikking" sal ontvang. Hierdie strewe wat die geskiedenis van die Westerse state deur=vleg, word nou ook op die Bantoes van toepassing gemaak. Dit berus op die veronderstelling dat elke volk ongeag sy aard en samestelling kan aanspraak maak op die uitlewing van sy besondere lewensbeskouings, polities, ekonomies, en maatskaplik. Die klem val hier op die volk en sy reg op 'n selfstandige voortbestaan.

Tweedens dui die beleid, soos tans geformuleer, op die beginsel dat elke volk op 'n spesifieke en besondere grondgebied aanspraak het. In 'n staatkundige sin dui dit op 'n duidelike afgebakende grondgebied wat aan die volk deur ooreenkoms of andersins toegesê is. Hierdie grondgebied word aanvaar en bestaan vir die uitsluit=like gebruik van die volk ooreenkomstig sy tradisies en gewoontes, of soos besluit mag word. Derdens kom die beleid daarop neer dat hierdie volke in hulle eie grondgebied vroeër of later selfstan=digheid kan bereik. Alhoewel selfstandigheid, en daar is verskil=lende grade van selfstandigheid, nie onmiddellike onafhanklikheid inhou nie, veronderstel dit tog ontwikkeling en beweging tot on=afhanklikheid in 'n vroeë of later stadium. Onafhanklikheid bete=ken die aanvaarding van daardie gemeenskap as 'n selfstandige soewereine staat met al die regte, verantwoordelikhede en pligte wat eie aan state is.

Die taak van die Blanke regering is dus fundamenteel om die verskillende volke in Suid-Afrika te lei tot selfversorgende eenhede in onafhanklike tuislande. Hierdie taak van volksontwik= keling het drie komponente, naamlik bepaling van burgerskap, mensontwikkeling en bodemontwikkeling. Een van die doelstellings van volksontwikkeling is die skepping van homogene bestuursge= biede deur die samesnoering van die lede van elke volk in hulle tuisland. Dorpstigting en die gepaardgaande hervestiging van Bantoes in die Bantoetuislande moet dus plaasvind waar volke geïdentifiseer is en dáár moet bymekaargebring word wat byme= kaar hoort.

Die hoofdoel van dorpstigting en ontwikkeling in die Bantoetuis= lande is dus nie net die hervestiging van persone wat nie in 'n ander se gebied nodig is nie, maar hoofsaaklik die konsolidasie van volke. Dorpstigting moet dus beskou word as "... die kernpunt in die uitvoering van regeringsbeleid want hierby sal bepaal word of die bevolkingsaanwas absorbeer kan word en of daar 'n terugvloei kan plaasvind na die Bantoegebiede - d.w.s. om huis= vesting te verskaf aan terugkerendes en tweedens om as groei= punte te dien in die ontplooiing van 'n eie ontwikkelingsproses".[7] Dit moet dus aanvaar word dat die dorpstigtingsbeleid algaande ontwikkel het namate die beleid van afsonderlike ontwikkeling sy beslag gekry het.

Aanvanklik, veral in die vroeë vyftigerjare, is dorpe in die Bantoetuislande beskou as nedersettings wat by die besondere aard en ontwikkeling van die tuislandse Bantoes moes aanpas. Volgens

---

7) Pepler. Bantoetuislandontwikkeling, p. 125.

Henning[8] was daar aanvanklik geen beswaar teen beplande dorpies wat bestaan het uit 'n groep tradisionele kleihutte nie. Gedu= rende 1945 het die destydse Departement van Naturellesake 'n ske= ma vir die rehabilitasie van die Bantoegebiede opgestel en dit aan die Transkeise en Ciskeise Algemene Rade voorgelê. Daardie skema wat deur beide rade goedgekeur is, het naas die algemene herwinningswerk, onder andere ook voorsiening gemaak vir die stigting van plattelandse dorpe in die Bantoegebiede. Volgens die rehabilitasieskema het die Departement drie soorte Bantoe= dorpe in gedagte gehad, naamlik:

(a) buitestedelike dorpe waarheen die werknemers aan die einde van die dag se werk in 'n Blanke dorp sou terugkeer;
(b) nywerheidsdorpe waarin werknemers van nywerhede en bosbouprojekte binne die Bantoegebiede gehuisves moet word en
(c) plattelandse dorpe waar die gesinne van trekarbeiders moet woon.[9]

Aanvanklik was daar dus slegs die ontwikkeling van "woondorpe" in die Bantoetuislande beoog.

Die verslag van die Tomlinsonkommissie wat in 1956 voor beide huise van die Parlement gelê is het egter 'n positiewe bydrae gelewer om veral 'n heroriëntering van die funksionele betekenis van tuislanddorpe te bewerkstellig. Die kommissie het naamlik aanbeveel dat volwaardige dorpe en stede ontwikkel moet word waar=

---

8) Henning, op. cit., p. 245.
9) Ibid., p. 182.

in die Bantoes eiendomsreg op die grond kan kry. In alle opsigte moet dit voldoen aan alle vereistes van 'n moderne dorp en stad, maar dit moet terselfdertyd ook Bantoegeoriënteer en -be= heer word.[10] Na aanleiding van die rigtinggewende aanbevelings van die Tomlinsonkommissie het die owerheid in sy vyfjaarplan vir die ontwikkeling van die tuisland 'n nuwe betekenis aan Bantoedorpe gegee. Hierdie nuwe benadering tot Bantoedorpe word baie duidelik gestel deur die Minister van Bantoe-administra= sie en -ontwikkeling wanneer hy verklaar: "... in sulke dorpe kan die Bantoe dan volle grondbesit verkry en onder behoorlik beplan= de dorpsomstandighede woon en, sover moontlik, ook opgaan in sakebelange, bestuursaangeleenthede en alles wat met dorpsaan= leg saamgaan... In sulke Bantoedorpe kan die Bantoe in elke op= sig gedy: maatskaplik, ekonomies, opvoedkundig en veral ook po= lities".[11]

Uit bogenoemde verklaring blyk dit duidelik dat die regering met die dorpe in dietuislande iets in gedagte het wat tog we= sentlik verskil van die bekende Bantoewoonbuurtes in die Blank= beheerde gebiede. Aan die hand van die beleid kan dit dus gestel word dat die Bantoedorpe ware dorpe sal wees en nie potensiële stedelike Bantoelokasies in die Bantoetuislande nie. Dorpstig= ting in Suid-Afrika se Bantoetuislande is 'n noodsaaklike maar duur onderneming. Uit 'n finansiële oogpunt besien, kan die land nie bekostig dat dit 'n mislukking moet wees nie. Veel belangriker nog is die invloed wat daardie dorpe op die uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling uitoefen; dit is "... in=

10) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die kommissie vir die so= sio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, hoofstuk 37, p. 10. Raadpleeg ook Hen= ning, op. cit., pp. 190-207.
11) Botha. Ons stedelike Bantoebeleid teen die agtergrond van ons landsbeleid, p. 16.

derdaad ook bewys dat dorpstigting die kern van die beleids= uitvoering in die tuislande behoort te wees".[12)]

## 7.3 Kategorieë Bantoes wat hervestig moet word

'n Stad of dorp is 'n fungerende of werkende sisteem bestaande uit 'n lewelose skelet van geboue, strate, pype, en kabels, waardeur voertuie, goedere en mense sirkuleer. Tesaam is dit 'n ingewikkelde sisteem wat werk, maar ook defekte kan ontwik= kel of selfs tot stilstand kan kom en verval. Die mens is die belangrikste element in enige stad, want die "lewe" van 'n stad of dorp is geleë in die mens se bedrywighede. 'n Stad of dorp het baie funksies soos byvoorbeeld woon-, handels-, nywerheids-, tegniese, administratiewe, opvoedkundige en sosiale funksies. Hierdie funksies het grade van essensialiteit. So byvoorbeeld het die ekonomiese funksies so 'n hoë graad van onontbeerlik= heid dat 'n stad of dorp daarsonder nie kan bestaan nie. Dit word beoefen deur die ekonomies bedrywige bevolking wat die dui= sende essensiële werke of take verrig en die lewenskrag opwek, waarsonder geen stad of dorp kan bestaan nie. Dit blyk dus dui= delik dat daar eers bepaal moet word watter kategorieë Bantoes deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad hervestig word voordat daar oorgegaan word tot die bespreking van die stigting van dorpe self.

Dit is aanvaarde regeringsbeleid dat die Bantoe net tydelik in die Blankbeheerde gebiede van Suid-Afrika verkeer, terwyl hy daar sy arbeid aanbied. Sodra 'n Bantoe vir een of ander rede nie lan=

---

12) Henning, op. cit., p. 281.

ger arbeisgeskik is nie of oortollig raak in dié arbeidsmark, word dit verwag dat hy moet terugkeer na sy land van herkoms of die gebied van die volkseenheid waar hy etnies inpas indien hy nie in dietuisland gebore is en groot geword het nie. Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad poog ook om Ban=toes wat nodig is om hulle tuislande te help ontwikkel, te her=vestig. Dit sluit in enige persoon met fisiese vermoëns, met breinkrag, met kapitaal en bestuursvermoë.

Die Bantoes in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiege=bied wat in die tuislande hervestig staan te word, kan soos volg ingedeel word:

(a) oues van dae, ongeskiktes, weduwees, vrouens met afhanklike kinders en ook gesinne wat nie ingevolge die bepalings van die Bantoe (Stadsgebiede) Wet, 1945 vir familiehuisvesting in die Blankbeheerde stedelike gebiede kwalifiseer nie;
(b) Bantoes op Blanke plase wat oortollig raak as gevolg van ouderdom, ongeskiktheid of die toepassing van Hoofstuk IV van die Bantoetrust en -Grondwet, 1936 en Bantoeplakkers wat vanaf sendingplase en swartkol=le wat opgeruim word, afkomstig is;
(c) professionele Bantoes soos dokters, prokureurs, agente, handelaars en nyweraars. Hierdie mense word ook nie as noodsaaklik vir die Blanke arbeidsmark beskou nie en as sodanig moet hulle ook in die tuis=lande gevestig word, vir sover hulle nie nodig is om hulle volksgenote in die Blankbeheerde gebiede te bedien nie. Hulle is normaalweg gegoede Bantoes en deur hierdie koopkragtige mense in die tuislande te vestig kan 'n groot bydrae gelewer word om die ont=wikkeling van die tuisland dorpe te bevorder.

Uit die voorgaande bespreking blyk dit dus duidelik dat die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad nie van die Ban=toetuislande die aflaaiplek maak van Bantoes wat na jarelange diens in Blankbeheerde gebied onbruikbaar geraak het nie. Daar sal ook gepoog word om van die beste beskikbare kragte daarheen te stuur.

7.3.1 <u>Wyse van hervestiging</u>

Die vestiging in die Bantoetuislande van die bogenoemde drie kategorieë Bantoes kan op die een of ander van die volgende ma=niere geskied:

(a) In volwaardige Bantoedorpe in die tuislande waar volle dienste voorsien is vir sover daar plek is en die Bantoes wat gevestig moet word finansieel in staat is om die koste van verblyf daar te kan dra. Hierdie dorpe word hoofsaaklik ontwikkel om ooreenkomstig regeringsbeleid die Bantoewoongebiede van Blanke dorpe of stede wat naby die grense van die tuislan=de geleë is, te vervang of om huisvesting te voor=sien aan Bantoes en hulle families wat in nywerhede wat in die grensgebiede gestig word, werksaam is. Hierdie dorpe word deeglik vooraf beplan en uit Suid-Afrikaanse Bantoetrusfondse en geldelike bydraes van Bantoesake-administrasierade ontwikkel.

Wonings van vier en vyf vertrekke en volle dienste soos water, spoelsanitasie, strate en straatbeligting word voorsien. Ban=toes kan ook hulle eie wonings volgens vooraf goedbekeurde plan=ne uit eie fondse oprig. Die persele word deur landmeters afge=baken en die inwoners, mits hulle aan die volkseenheid behoort

in wie se gebied die dorp geleë is, is geregtig om die persele met of sonder wonings te koop en in hulle naam te laat regi= streer.[13)]

Huurgelde of kooppaaiemente en gelde ten opsigte van dienste wat in hierdie dorpe gelewer word, is maandelike betaalbaar en dit is gebaseer op die prys van die grond en koste van ontwikkeling van die huise sowel as die koste om die lopende dienste te lewer insluitende onderhoud. 'n Voorbeeld van hierdie dorpe is Itso= seng wat deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad[14)] as agent van die Suid-Afrikaanse Bantoetrust ontwikkel word.

(b) In dorpe in die tuislande, met rudimentêre dienste en behuising. Hierdie dorpe is gewoonlik dieper in die tuislande geleë. Beplanning en afbakening van per= sele geskied net soos vir die dorpe genoem onder (a) hierbo, maar die dienste en behuising is meer rudi= mentêr van aard. So byvoorbeeld word water normaalweg net op gerieflike plekke in die strate in staankrane aangelê en sover moontlik word gebruik gemaak van put= latrines, terwyl die huise wat deur die Suid-Afrikaanse Bantoetrust gebou word, ook gewoonlik uit voorafver= vaardigde een of tweevertrek geboue bestaan wat óf ge= koop óf gehuur kan word. Die maandelikse huurgelde, kooppaaiemente en dienstegelde is aansienlik laer as die van dorpe genoem in (a) hierbo.

---

13) Ooreenkomstig die bepalings van Proklamasie no. 293 van 1962.
14) Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad. Notule van die vyfde vergadering, item 24, p. 16.

Hierdie dorpe word hoofsaaklik ontwikkel vir families waarvan die broodwinners gewoonlik as trekarbeiders in Blankbeheerde gebiede werksaam is of vir oues van dae, weduwees en vrouens met afhanklike kinders.

(c) In digter woongebiede op persele van 1/16de tot 1/8ste morg wat op geskikte plekke in die tuislande aangelê word. Normaalweg word net 'n rudimentêre beplanning op die basis van landbouwoongebiede onderneem en af=bakening hoef nie deur 'n landmeter gedoen te word nie, aangesien die persele nie vir verkoop aangebied word nie. 'n Gemeenskaplike waterbron of bronne waar die inwoners hulle water kan gaan haal, hetsy 'n boor=gat(e) toegerus met 'n pomp, 'n fontein, 'n rivier of 'n dam, is 'n vereiste. Van die inwoners word ook ver=wag om self hulle eie putlatrines gelyktydig met die wonings[15] op te rig. Hierdie nedersettings bied hoof=saaklik 'n heenkome vir plakkers, afkomstig van Blanke plase, swartkolle en sendingplase, aan wie persele toe=geken kan word waarop hulle eie wonings kan oprig.[16]

(d) Op beskikbare Trustgronde waar die families volgens 'n stelsel van beheerde plakkery gevestig word sodat hulle nie ander ontwikkelings- of uitbreidingswerke aldaar hinder nie, eerder as dat hulle as plakkers in Blankbeheerde gebiede aanbly. Hulle kan mettertyd, in=dien nodig, na enige van die dorpe onder (a) of (b) of 'n digtere woongebied onder (c) hierbo genoem, verhuis.

---

15) Tradisioneel of andersins.
16) 'n Huurgeld van R1,00 per maand is betaalbaar ooreenkomstig Proklamasie no. 92 van 1949.

Die terrein moet vinnig op die basis van 'n landbou=nedersetting uitgelê en die persele afgebaken word. Hier is ook geen sprake van die verkoop van die per=sele nie. 'n Gemeenskaplike waterbron soos onder (c) hierbo genoem moet beskikbaar wees alvorens vestiging kan geskied. Hierdie metode van vestiging word ook gebruik om plakkers afkomstig van Blanke plase, swart=kolle of sendingplase vinnig te vestig, en daar kan hulle dan hulle eie tradisionele tipe wonings van put=latrines voorsien.[17)]

### 7.3.2 Prosedure wat gevolg word met hervestiging van die ver=skillende kategorieë Bantoes

#### 7.3.2.1 Oues van dae, ongeskiktes, weduwees en vrouens met af=hanklike kinders en ander oortollige Bantoes in Blankbeheerde stedelike gebiede woonagtig

By hierdie groep is dit eerstens belangrik om te bepaal of die Bantoes 'n gereelde inkomste ontvang hetsy in die vorm van 'n pensioen, of toelaat van watter aard ook al, en tweedens moet vasgestel word of hulle kwalifiseer onder artikel 10(1)(a) of (b) van die Bantoe (Stadsgebiede) Wet, 1945 om in 'n bepaalde Blankbeheerde stadsgebied te woon. Indien 'n persoon of familie wel kwalifiseer kan hulle alleenlik in die tuisland gevestig word mits hulle daartoe instem. Oorredingswerk moet dus voort=durend gedoen word deur amptenare van Bantoesake-administrasie=rade in samewerking met tuislandverteenwoordigers om mense wat

---

17) 'n Huurgeld van R1,00 per maand is betaalbaar ooreenkomstig Proklamasie no. 92 van 1949.

kwalifiseer en nie bereid is om hervestig te word nie, te oor= reed om in dorpe in hulle tuislande op etniese grondslag geves= tig te word. Die voordele verbonde aan vestiging in die tuis= landdorpe vir hierdie normaalweg armlastige mense is die volgen= de:

(a) Gratis huisvesting word vir die Bantoes beskikbaar gestel, gewoonlik in dorpe genoem onder 7.3.1(b) en (c) hierbo, maar sodanige huisvesting kan ook, waar nodig, in die dorpe, genoem onder 7.3.1.(a) hierbo, voorsien word vir plaaslike mense.

(b) Dienste wat in die dorpe voorsien word, is gratis tot hulle beskikking.

(c) Enige pensioen of ongeskiktheidstoelaag wat deur die staat aan hulle in die Blankbeheerde gebiede betaal word, sal ook by vestiging in die tuisland aan hulle betaal word. Oordrag van die pensioen of toelaag na die distrik waar hervestiging geskied, moet gereël word sodat daar geen onderbreking van betalings ge= skied nie. In die geval van weduwees en vrouens met afhanklike kinders word daar soms probleme ondervind omdat hulle nog werksgeskik is, maar geen inkomste het nie. Vir hulle moet daar òf werkgeleenthede geskep word teen betaling van 'n maandelikse loon òf hulle moet van rantsoene voorsien word. Laasgenoemde is 'n ongesonde beginsel wat sover moontlik vermy moet word. Daar moet gevolglik aan hierdie mense werk voorsien word, hoe elementêr dit ook al mag wees, byvoorbeeld strate skoonmaak, sypaadjies aanlê en skoffel, bome aanplant in die strate en nat hou of enige ander werk wat hulle in staat mag wees om te onderneem, moet ge= skep word. Met ander woorde, hulle moet 'n teenpresta= sie lewer vir die lone wat aan hulle betaal word. Die kontantlone sal normaalweg laag wees maar dit kan na

gelang van die grootte van die gesin aangevul word deur middel van rantsoene wat as deel van die loon beskou moet word.

(d) Vir maatskaplike pensioenarisse of ongeskiktes wat nie kan werk nie en wat afhanklikes het, word daar aanvullende rantsoene voorsien. Waar nodig word daar in verdienstelike gevalle ook noodsaaklike klere en komberse voorsien, maar in sulke gevalle word daar eers vooraf deeglik ondersoek ingestel om te verse= ker dat daar wel 'n behoefte bestaan.

In daardie gevalle waar oues van dae afhanklike kinders, gewoon= lik die kinders van hulle eie kinders wat nog in die Blankbe= heerde gebiede werksaam is, saam met hulle na die tuislanddor= pe wil neem, moet dit verwelkom word maar dan moet daar deeg= lik vooraf ondersoek ingestel word en waar nodig, reëlings ge= tref word vir die onderhoud van sulke kinders deur hulle eie ouers wat in die Blankbeheerde gebiede werksaam is, sodat staatsfondse nie onnodig gebruik word vir die onderhoud in die tuislande nie.

(e) Oues van dae wat weens ouderdomswakte nie meer self= versorgend is nie, kan in tehuise vir bejaardes in die Bantoetuislande opgeneem word. Die tehuise is uitsluit= lik bedoel vir Bantoes afkomstig vanuit die Blanke ge= biede. Daar moet egter eers gepoog word om sodanige Bantoe by familie of vriende in die Bantoetuislande te hervestig.

(f) Voorsiening is ook gemaak vir die versorging van chroniese liggaamlik ongeskikte Bantoes in herberge in die Bantoetuislande.[18]

---

18) Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Algemen omsendbrief no. 6 van 1963.

(g) Enige persoon of familie wat geen vaste inkomste in die Blankbeheerde gebied het nie, sal by vesti= ging in die tuisland, bo en behalwe vry huisves= ting en dienste, van 'n heenkome voorsien word tot tyd en wyl hulle paslike werk aangebied kan word om 'n eie bestaan te kan maak. Arbeidsgeskikte Ban= toes sal so gou moontlik deur middel van die Distriksarbeidsburo's van werk voorsien word. Ban= toes wat normaalweg geregtig is op 'n pensioen of toelaag, soos oues van dae of ongeskiktes en wat dit nie ontvang nie, sal gehelp word om dit te kry, indien moontlik, nog voor hervestiging, maar met die duide= like verstandhouding dat hulle daarna in die tuisland hervestig word.

(h) Enige vaste eiendomme of belang in vaste eiendomme wat hulle mag besit in die Bantoewoongebiede in Blankbe= heerde gebiede sal deur die Bantoesake-administrasie= raad teen betaling van redelike vergoeding oorgeneem word. Die Bantoesake-administrasieraad sal ook die koste verbonde aan die vervoer, insluitende al die be= sittings van die betrokke families tot by die dorp van hervestiging in die tuisland dra. Die koste verbonde aan oorname van eiendomme en vervoer moet uit die Ban= toe-inkomsterekening van die betrokke Bantoesake-admini= strasieraad gefinansier word. Genoegsame rantsoene vir drie dae word aan elke familie voorsien met hulle ver= skuiwing na dietuisland, waar hulle dan weer in staat sal wees om hulle eie lewensmiddele te bekom in die Bantoe= dorp waar hervestiging geskied.

7.3.2.2 <u>Plakkerfamilies afkomstig vanaf Blanke plase, swartkolle en sendingstasies</u>

Vir hierdie families kan huisvesting aangebied word in dorpe onder 7.3.1(b) hierbo bespreek indien dit beskikbaar is en hulle die huurgelde kan betaal, maar normaalweg behoort perse= le aan hulle toegeken te word in nedersettings soos uiteenge= sit onder 7.3.1(c) of 7.3.1(d). In die geval van plakkers af= komstig van Blanke plase besit hulle gewoonlik 'n aantal vee wat hulle moet verkoop alvorens hulle in die Bantoetuislande gevestig kan word. Dieselfde geld vir plakkerfamilies afkom= stig van swartkolle en sendingstasies en wat ook ruim vergoed word vir enige verbeterings wat hulle op die swartkolle of sen= dingstasies prysgee; met ander woorde al hierdie plakkerfamilies is nie armlastiges soos die oues van dae wat uit Blankbeheerde stedelike gebiede afkomstig is nie en gevolglik kan hulle bekos= tig om hulle eie wonings op tradisionele wyse of andersins in die nedersettings soos bespreek in 7.3.1(c) en (d) op te rig.

Enige koste verbonde aan die vervoer van plakkerfamilies afkom= stig van swartkolle, sendingstasies en Blanke plase tesame met hulle besittings, hetsy per trein of vragmotor, word deur die staat gedra. Met hierdie verskuiwings word daar ook net soos in die geval van die vestiging van oues van dae uit Blankbeheerde gebiede, rantsoene voorsien vir drie dae. Dit is nie moontlik, weens gebrek aan voldoende grond, om al hierdie mense tesame met hulle vee in dietuislande op 'n landboubasis te vestig nie en gevolglik is dit gebiedend noodsaaklik dat, alvorens hulle in een of ander dorp of nedersetting gevestig word, hulle eers hulle vee, groot en klein, moet verkoop. Sodra hierdie plakkers met hulle families in die tuislande gevestig is, word onmiddellik stappe gedoen om hulle van arbeid te voorsien, indien moontlik in die tuisland of op Blanke plase of elders, op 'n trekarbeids=

basis.

### 7.3.2.3 Professionele Bantoes soos dokters, handelaars en nyweraars in Blankbeheerde gebiede woonagtig

Daar is tans groot getalle ekonomies produktiewe Bantoes soos handelaars en nyweraars in die Bantoewoongebiede van Bantoesa=ke-administrasierade in Blankbeheerde gebiede woonagtig wat in der waarheid nie daar nodig is om aan die behoeftes van hulle eie mense te voorsien nie. In die Bantoetuislande aan die an=derkant, is daar weer talle besighede wat aan Blanke en Indiër=handelaars en nyweraars behoort, wat ingevolge regeringsbeleid deur Bantoes oorgeneem moet word. Na gelang die tuislande ont=wikkel, ontstaan daar ook van tyd tot tyd nuwe geleenthede vir handels- en nywerheidondernemings. So word daar byvoorbeeld dorpe gestig, landbouwoongebiede word geskep of besproeiingske=mas word ontwikkel.

Daar word nou ook in al hoe groter mate toegespits op die ont=wikkeling van die tuislande op industriële gebied. Dit is ge=volglik baie wenslik dat die kapitaalkragtige Bantoes, dit wil sê die besigheidslui wat tans grotendeels in die Blankbeheerde gebiede woonagtig is, te aktiveer en te oorreed om hulle in die tuislande te vestig waar hulle 'n groot bydrae kan lewer tot die ontwikkeling, uitbouing en opheffing van hulle eie tuisge=biede. Indien hierdie groep Bantoes deur die verskillende amp=tenare van die Bantoesake-administrasierade oortuig kan word tot hervestiging in die tuislanddorpe, kan verseker word dat die dorpe nie net "slaapdorpe" word nie, maar volwaardige dorpe.

Gedurende 1959 is die Bantoebeleggingskorporasie van Suid-Afrika

Beperk[19] in die lewe geroep om die handel onder die Bantoes in al die tuislande te bevorder en te stimuleer. Gedurende 1965 is die Xhosa-ontwikkelingskorporasie tot stand gebring om die handel en nywerheidsontwikkeling in die Transkei en Ciskei op groot skaal uit te brei en te bevorder.[20] Ingevolge Wet no. 86 van 1965 word daar ook voorsiening gemaak vir die skepping van soortgelyke liggame vir al die ander volkseenhede, en na= mate ontwikkeling in hulle gebiede plaasvind, kan korporasies ook daar in die lewe geroep word. Genoemde liggame verleen fi= nansiële hulp in die vorm van langtermyn lenings sowel as deur leiding, raad, advies en selfs opleiding aan Bantoes in die tuislande op die gebied van handel en nywerheid. Vergoeding word ook deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ont= wikkeling aan Bantoehandel- en nywerheidsondernemings betaal wat uit die Blankbeheerde gebiede na die tuislande verskuif.

In daardie gevalle waar Blanke of Indiërhandelsondernemings in die tuislande teen hoë koste deur die Bantoetrust oorgeneem word, is die Departement bereid om die besighede teen 'n ver= minderde huur of verkoopprys aan geskikte Bantoehandelaars be= skikbaar te stel. Dit word gedoen in samewerking met en deur be= middeling van die Bantoebeleggingskorporasie. Indien 'n Bantoe= handelaar of nyweraar in Blankbeheerde gebied bereid is om na die tuisland te verskuif moet die betrokke Bantoesake-administra= sieraad, indien die geboue aan sodanige handelaar of nyweraar be= hoort, die besigheidsgeboue of wonings oorneem teen 'n redelike waardasie. Die kapitale koste verbonde aan sodanige oorname kan uit die Bantoe-inkomsterekening van die Bantoesake-administrasieraad

---

19) Volgens Wet no. 34 van 1959.
20) Ingevolge Wet no. 86 van 1965.

gefinansier word. Die vervoerkoste van die handelaar, sy fami= lie en hulle besittings tot by die stasie of halte naaste aan die plek van vestiging in die tuislanddorp moet ook deur die Bantoesake-administrasieraad gefinansier word.[21)]

Terwyl die getal Bantoes uit die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraadsgebied wat tot dusver in besighede in die tuislande gevestig kon word, klein was, is dit baie duidelik dat die belangstelling in die ontwikkeling van die tuislande vin= nig toeneem onder die Bantoes in die Wes-Transvaalse Bantoesa= ke-administrasieraadsgebied. Namate die dorpstigting daar vor= der en bestaande Blanke en Indiëreienaars van besighede in die tuislande ook al hoe meer besef dat die Regering ernstig is in sy beleid van afsonderlike ontwikkeling, word dit verwag dat meer en meer geleenthede vir besighede[22)] in die Bantoetuislan= de sal ontstaan en dat groter getalle Bantoes geleidelik daar gevestig sal kan word.

In die geval van ander professionele Bantoes soos dokters en prokureurs wat tans in Blankbeheerde gebiede werksaam is, moet amptenare van die Bantoesake-administrasierade voortdurend hier= die mense op hoogte hou van verwikkelinge in die Bantoetuislande ten einde hulle belangstelling te wek met die oog op uiteindelike verskuiwing van hulle aktiwiteite na die tuislande. Daar word tans verskeie groot stede, hospitale en klinieke in die tuislande ontwikkel waar daar reeds uitstekende geleenthede bestaan vir

---

21) Indien spoorvervoer nie die goedkoopste is nie, moet van padvervoer gebruik gemaak word.
22) Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad ontwikkel 'n volwaardige besigheidsentrum te Itsoseng.

professionele Bantoes soos dokters, prokureurs en verpleegsters om hulle daar met welslae te vestig. Bantoes wat besighede in die Blankbeheerde gebied besit en wat werklik belangstel in be= staande Blanke ondernemings in die tuisland wat te koop aan Bantoes aangebied word, kan ook aansoek doen dat die koste van vervoer om sulke besighede te gaan besigtig met die oog op oorname daarvan, uit staatsbronne gefinansier word. Dorpstigting in Bantoetuislande is reeds in 'n groot mate afhanklik van die hervestiging van ekonomies produktiewe Bantoes wat op die oom= blik in die Blankbeheerde stedelike gebiede nie tot hulle volle potensiaal benut kan word nie. Die uitskakeling van aansienlike getalle Bantoearbeiders uit Blankbeheerde stedelike gebiede be= hoort, naas al die voordele wat dit vir daardie gebiede inhou, ook nog 'n baie groot bydrae te kan lewer tot dorpsontwikkeling in die tuislande.

## 7.4 Dorpstigting deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administra= sieraad

### 7.4.1 Agtergrond van daarstelling van Itsoseng deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad

Gedurende November 1968 het die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling samesprekings gevoer met senior amptenare van plaaslike besture van die hele Republiek van Suid-Afrika oor die wyse waarop plaaslike besture met die ontwikkeling van die tuis= lande van die Bantoevolke kan help. Die Republiek is toe in stre= ke verdeel, en 'n sameroeper vir elke streek benoem met die op= drag dat die wyse waarop sodanige hulp verleen kan word, onder= soek moet word. Wes-Transvaal was een van hierdie streke en op

13 Februarie 1969 het verteenwoordigers van sewentien[23] plaas=like besture te Potchefstroom vergader om die stigting van 'n Bantoedorp in die Tswanatuisland te bespreek en te oorweeg. Uit die vergadering is dan ook 'n voortsettingskomitee gekies, wat bestaan het uit die bestuurders van Bantoesake van die plaas=like besture van Potchefstroom, Carletonville, Stilfontein, Klerksdorp, Orkney en Lichtenburg, met die opdrag om die ver=skillende moontlikhede vir die vestiging van die Bantoes in Wes-Transvaal in 'n tuislanddorp of dorpe.

Hierdie voortsettingskomitee het op 5 Maart 1969 heel korrek eerstens samesprekings met die destydse uitvoerende komitee van die Tswanagebiedsowerhede gevoer. Die komitee het dit baie dui=delik aan die uitvoerende komitee gestel dat die moontlikheid ondersoek word of dit nie prakties uitvoerbaar is om eerder 'n dorp in die Tswanatuisland te ontwikkel as om verder aan die Ban=toewoongebiede in Blankbeheerde dorpe en stede uit te brei nie. Die Bantoe wat in so 'n dorp gevestig sou word, sal op 'n trek=arbeid basis in die Blankbeheerde gebiede werk. Dit bring weer mee dat meer kapitaal na die tuisland sal vloei. Belangrik is ook dat daar aangedui is dat dit die gedagte is om 'n behoorlike dorp met alle noodsaaklike geriewe te beplan en te ontwikkel. Nadat daar op twee verdere geleenthede samesprekings gevoer is, is die welwillende goedkeuring en steun van dié destydse uitvoe=rende komitee verkry vir die ontwikkeling van dorpe in die Tswana=tuisland deur die Wes-Transvaalse plaaslike besture.

---

23) Potchefstroom, Klerksdorp, Orkney, Leeudoringstad, Fochville, Lichtenburg, Carletonville, Coligny, Stilfontein, Hartebees=fontein, Ottosdal, Wolmaransstad, Delareyville, Ventersdorp, Koster, Swartruggens en Sannieshof. Waardevolle gegewens vir die voltooiing van die hoofstuk is verkry uit die 23/2/1 - 23/2/5 reeks Lêers van die Beheerkomitee van die Itsoseng-projek.

Nadat die voortsettingskomitee nege keer bymekaar gekom het,[24] het die komitee op 1 Februarie 1970 tot die volgende gevolg= trekkings gekom:

(a) Dit blyk dat daar 'n totaal van minstens 2 106 onpro= duktiewe gesinne in Blankbeheerde stadsgebiede en min= stens 1 766 onproduktiewe gesinne buite Blankbeheerde stadsgebiede in Wes-Transvaal is, waarvan die oorgro= te meerderheid Tswana's is.

(b) Volgens inligting ontvang gedurende Januarie 1970, werk die volgende trekarbeiders in die betrokke Blankbeheerde stadsgebiede:

| | |
|---|---|
| Stilfontein | 1 284 |
| Ventersdorp | 166 |
| Klerksdorp | 4 727 |
| Leeudoornstad | 20 |
| Hartbeesfontein | 9 |
| Fochville | 97 |
| Wolmaransstad | 136 |
| Potchefstroom | 1 361 |
| Delareyville | 50 |
| Lichtenburg | 3 050 |
| Carletonville | 3 283 |
| | 14 183 |

---

24) Hierdie byeenkomste het die volgende ingesluit: Ses verga= deringe, drie samesprekings met senior amptenare van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, twee samesprekings met die uitvoerende komitee van die Tswanage= biedsowerheid, samesprekings met mnr. H.J.D. van der Walt, samesprekings met amptenare van die Suid-Afrikaanse Spoor= weë en van Greyhound Busdiens (Edms.) Bpk. asook met die Hoofbantoesakekommissaris te Mafeking.

Daar is bevind dat van die 14 183 trekarbeiders in bogenoemde 11 Wes-Transvaalse dorpe 60 persent Tswana's is terwyl die res deur die ander etniese groepe saamgestel word.

(c) Indien die beskikbare getalle van onproduktiewe Bantoe in Blankbeheerde gebiede in ag geneem word, moet aanvaar word dat, met die oog op die uitvoering van landsbeleid, daar drastiese stappe geneem moet word om die vestiging van die Bantoe in hulle eie tuislande te bespoedig.

(d) Die trekarbeiderstelsel is nie net in Suid-Afrika in werking nie, dit kan prakties werk en moet al hoe meer toegepas word sodat al hoe meer produktiewe gesinshoofde op 'n enkelbasis in die Blankbeheerde gebiede werk terwyl hulle gesinne in die tuislande gevestig is. Die natuurlike aanwas van die Bantoe=bevolking moet in hulle tuislande gevestig word. Die komitee het bevind dat die gesinshuisvesting van Bantoes in Blankbeheerde gebiede bevries behoort te word en dat dit selfs geleidelik verminder kan en moet word.

(e) Volgens die bogenoemde getalle van onproduktiewe ge=sinne in Blankbeheerde gebiede en met die aanvaarding van die beleid van trekarbeid en die daarmee gepaard=gaande bevriesing en selfs vermindering van Bantoege=sinsbehuising in Blanke gebiede, blyk dit dat 'n baie groot behoefte aan gesinsbehuising in die Bantoetuis=lande bestaan en verder sal groei. Dit is hier waar alle moontlike kragte saamgesnoer moet word om die groot agterstand in te haal. Daar is besef dat die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, met sy beskikbare personeel en fondse, nie alleen dié

agterstand kan inhaal nie en dat hulp verleen sal moet word. Plaaslike besture kan sodanige hulp verleen, die kennis en ondervinding van hulle per= soneel kan gebruik word en fondse van hulle Bantoe-inkomsterekening kan daarvoor gebruik word.

(f) Na behoorlike ondersoek en met inagneming van ver= skeie faktore blyk die verdere ontwikkeling van die Bantoedorp Itsoseng by De Hoop in die Lichtenburg= distrik die aangewese rigting te wees. Gewone hos= pitaal- en Teringhospitaalgeriewe is byvoorbeeld in die omgewing beskikbaar. Die komitee was verder ook van mening dat die meriete van die daarstelling en ontwikkeling van verdere dorpe oorweeg kan word. By Itsoseng was daar ook nog 'n minimum van 1 200 morge grond beskikbaar vir verdere ontwikkeling en genoegsame water is beskikbaar vir hierdie ontwikke= ling.

Die Departement het reeds 'n verdere 302 morge by Itsoseng be= plan en 'n raadgewende ingenieur is aangestel vir die beplanning van dienste vir 'n gedeelte van hierdie beplande terrein. Sanitê= re en ander dienste kan beskikbaar gestel word. Die totale koste per 4-vertrekhuis met volledige dienste sal ongeveer R1 000 beloop.

(g) Die komitee het ook baie sterk gevoel dat Wes-Trans= vaal die arbeidsveld van die Tswanavolk moet wees en dat Wes-Transvaal dan aangewese moet wees op die Tswa= navolk vir sy arbeid. Met 'n ontleding van die posisie van trekarbeiders in Wes-Transvaal, is daar bevind dat daar te veel arbeiders van ander volke in Wes-Trans= vaal teenwoordig is en dat met die oog op tuislandves= tiging, tuislandskakeling en besoeke aan die tuislande

geleidelik sonering van arbeid toegepas moet word.

(h) Die voorgenome uitbreiding van die Bantoedorp Itsoseng sou gesamentlik deur die Departement en plaaslike besture ontwikkel word. Dié uitbreiding sou 'n integrale deel van 'n groot dorp uitmaak en sou in sy geheel deur die Departement geadministreer word. Vir dié doel kan amptenare van plaaslike besture na die Departement gesekondeer word.

(i) Die komitee het tot die gevolgtrekking gekom dat die Bantoe in Blankbeheerde gebiede heelwat meer tuislandbewus is as wat algemeen aanvaar word en ook dat 'n program van aktivering vir die vestiging aangepak sal moet word in Blankbeheerde stadsgebiede sowel as Blankbeheerde gebiede buite stadsgebiede. Dié aktivering moet egter tred hou met die beskikbaarheid van huisvesting in die tuisland.

(j) Geen program van vestiging het enige hoop op sukses nie indien goeie en goedkoop vervoer ontbreek. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë het egter te kenne gegee dat hulle op daardie stadium nie belangstel in sodanige vervoer nie. Hulle tarief vir padvervoer het 1,67 sent per passasiersmyl bedra. Onderhandelinge is toe met die Greyhound Busdiens aangeknoop en hulle het 1,25 sent per passasiersmyl kwoteer. Die Departement het beslis dat dié maatskappy aansoek moet doen vir die nodige vrystellings. Die subsidie op die vervoer is in alle opsigte oorweeg en volgens die komitee moet dit van so 'n aard wees dat dit die tarief vir die Bantoe so laag sal hou dat die Bantoe graag daarvan sal gebruik maak. Nadat die komitee samesprekings met

die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gevoer het, is die versekering ver= kry dat 'n subsidie definitief betaal sal word en dat dit moontlik betaal sal word uit fondse van die 80 persent op drankwinste wat aan die Departement betaal word.[25] Soos wat die skema egter ontwikkel, moet die moontlikheid van spoorvervoer altyd in ge= dagte gehou word en wanneer die getalle dit regver= dig, moet pogings aangewend word om die spoorvervoer daargestel te kry.

(k) Besighede in hierdie Bantoedorpe moet so aantreklik gemaak word dat die Bantoes nie nodig sal hê om na die omliggende Blanke dorpe te gaan vir inkopies nie.

(l) Wat die finansiering van die projek aanbetref was die komitee van mening dat die bydrae van plaaslike besture geheel en al op 'n vrywillige basis sal ge= geskied en dat die opgehoopte fondse van die 1/3de- en 2/3de-Bantoebierrekeninge, heffingsfondse vir die daarstelling van dienste en algemene surplusse van die Bantoe-inkomsterekening daarvoor aangewend moet word. Daar sou ook nie beswaar wees indien plaaslike besture vrywillig 'n heffing op hulle Bantoebierverkope vir die die doel plaas nie.[26] Indien die voortsettingskomitee van byvoorbeeld die Wes-Rand besluit om saam te werk

---

25) Ingevolge subartikel (7) van artikel honderd bis van die Drankwet, 1928 het die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling bepaal dat "Na aftrekking van die bedryfs- en administrasiekoste, 80% van die winste aan die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling oorbetaal moet word vir aanwending in die algemene belang van die Bantoes, insluiten= de Bantoes in die afgesonderde of oopgestelde Bantoegebiede soos in die bylaes van die Bantoe Grond Wet, 1913 en die Bantoetrust en -grondwet, 1936 omskryf".

26) Byvoorbeeld 1 sent per 4 liter verkope.

met die oog op die vestiging van hulle onproduk= tiewe Tswanagesinne te Itsoseng, sal hulle finan= sieel tot die skema moet bydra.

Die Voortsettingskomitee het verder aanbeveel dat die betrokke 17 stedelike plaaslike besture van Wes-Transvaal die volgende oorweeg:

(a) ondersteuning van die beleid van vestiging in die tuislande en die daarmee gepaardgaande bevriesing van gesinsbehuising in stedelike Bantoewoongebiede,
(b) die ondersteuning van die beleid om meer van tuis= landarbeid op enkellopende basis gebruik te maak,
(c) ondersteuning van die skema dat plaaslike besture behulpsaam sal wees met die daarstelling van gesins= behuising in die tuislande en die beskikbaarstelling van enige moontlike surplus-fondse daarvoor,
(d) ondersteuning van die verdere ontwikkeling van die Bantoedorp Itsoseng en
(e) dat voorlopig gekonsentreer word op die vestiging van die Tswanavolk aangesien hulle die grootste groep in Wes-Transvaal is en hulle tuisland die naaste is. Daar sal dan mettertyd ook aandag aan die ander volke gegee word in samewerking met ander voortsettingskomi= tees.[27)]

Ten slotte is besluit dat die Wes-Transvaalse plaaslike besture die verdere ontwikkeling[28)] van Itsoseng moet aanpak en veral

---

27) Voortsettingskomitee. Voorsiening van gesinshuisvesting vir Bantoe (Wes-Transvaal), Verslag aan betrokke Plaaslike Bestu= re, p. 6.
28) Die bestaande dorp het op hierdie tydstip 1 700 huise gehad en 'n verdere 2 700 woonpersele was beplan.

weens sy geografiese ligging in verhouding met Itsoseng, is be=sluit dat die stadsraad van Lichtenburg, namens die ander Wes-Transvaalse plaaslike besture, as agent van die Suid-Afri=kaanse Bantoetrust vir hierdie ontwikkeling verantwoordelik moes word. 'n Ooreenkoms is gesluit tussen die Lichtenburgse stadsraad en die Suid-Afrikaanse Bantoetrust waarvolgens Itso=seng ontwikkel sou word deur die stadsraad van Lichtenburg na=mens en ten behoewe van die Suid-Afrikaanse Bantoetrust. Die projek is aanvanklik ontwikkel deur die stadsraad van Lichten=burg wat al sy bevoegdhede aan twee van sy amptenare, die bestuur=der van Bantoesake en die stadstesourier, gedelegeer het, wat weer onder toesig van 'n beheerkomitee gewerk het. Hierdie be=heerkomitee het bestaan uit die Sekretaris van die Hoofminister van Bophuthatswana as voorsitter, die Sekretaris van Werke van dié regering, twee amptenare van die stadsraad van Lichtenburg, twee lede van die voortsettingskomitee en die Direkteur van Fi=nansies van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwik=keling. Met die oorname van die ontwikkeling van Itsoseng deur die Wes-Transvaalse Bantoesakeadministrasieraad[29] is die beheerkomitee soos volg hersaamgestel:

(a) die Sekretaris van die Departement van Werke van die Bophuthatswanaregeringsdiens, wat ook as voor=sitter optree;
(b) die Direkteur van Finansies van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, of sy genomi=neerde;

29) Ontwikkeling van Bantoedorp Itsoseng. Ooreenkoms tussen die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad en die Suid-Afrikaanse Bantoetrust, No. C.5/23/2.

(c) die voorsitter van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad of sy genomineerde;
(d) die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad se hoofdirekteur of sy genomineerde;
(e) die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad se Direkteur van Finansies of sy genomineerde.

Die voortsettingskomitee het vertoë tot die Wes-Transvaalse plaaslike besture gerig vir die skenking van fondse uit hulle Bantoe-inkomsterekenings vir hierdie ontwikkeling van Itsoseng en die volgende skenkings is belowe en op 31 Maart 1973 ten volle oorbetaal:

| | |
|---|---|
| Potchefstroom | R 630 000,00 |
| Carletonville | R 160 000,00 |
| Klerksdorp | R 69 000,00 |
| Orkney | R 55 000,00 |
| Stilfontein | R 50 000,00 |
| Lichtenburg | R 36 400,47 |
| Potchefstroom namens 'n aantal kleiner plaaslike besture - uit Bantoebier | R 17 507,52 |
| 'n Totaal van | R1 017 907,99 |

Benewens hierdie bedrag van plaaslike besture het die Suid-Afri= kaanse Bantoetrust vir die 1971/72 boekjaar R450 068,77 beskik= baar gestel en 'n verdere R200 000,00 vir die boekjaar 1972/73.

Gedurende 1972 het die Wes-Transvaalse Bantoesakeadministrasie= raad ook die Departement van die Hoofminister van Bophuthatswana versoek dat die toekenning van verdere handelsregte in Itsoseng

tydelik bevries word totdat 'n behoorlike besigheidsentrum daar=gestel is.

7.4.2 <u>Beskrywing van die Itsoseng-kompleks</u>

Die beplande dorp Itsoseng lê ongeveer 57 kilometers noordwes van Lichtenburg op die plaas De Hoop. Die dorp word bereik deur 'n 13 kilometer-teerpad wat suid uit die Lichtenburg-Mafeking-teerpad afdraai.

Die dorp bestaan uit 5 eenhede, naamlik:

| Eenheid | | Woonerwe |
|---|---|---|
| 1 | | 1 304 |
| 2 | | 1 807 |
| 3 | | 2 733 |
| 4 | | 1 317 |
| 5 | | 1 923 |
| | Totaal | 9 084 |

Woonhuise is reeds op byna al die persele van Eenheid 1 gebou, maar slegs op 512 erwe geleë in die noordelike deel van Eenheid 2.[30)]

Volgens die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling is die ander persele in Eenheid 2 weens die hoë watertafel onbeboud gelaat, aangesien putlatrines nie sal funksioneer nie. Hierdie deel word egter nou herbeplan deur die Departement met kleiner er=

---

30) Hierdie gegewens is versamel ten tye van die skrywe van hierdie werk, naamlik gedurende Februarie 1973.

we aangesien 'n behoorlike spoelrioolstelstel nou geïnstalleer sal word. Die grootte van erwe in Eenhede 1 en 2 is oorwegend ± 903 vierkante meter terwyl die kleiner erwe van Eenheid 3 wat deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad ontwikkel word, oorwegend 450 vierkante meter is. Voorsiening word ook ge=maak vir groter woonerwe vir 'n luukse woonbuurt in Eenheid 4. Die grootte van dié erwe is oorwegend 40 meter by 20 meter. Waar daar behoefte ontstaan aan groter erwe kan 'n individu meer as een erf aankoop en dit dan laat konsolideer vir boudoeleindes.

In Eenhede 1 en 2 wat deur die Suid-Afrikaanse Bantoetrust na=mens die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling ontwikkel is, word die volgende tipes huise aangetref:

(a) een-vertrek vooraf vervaardigde huise met buite-latrine
(b) twee-vertrekhuise met buite-latrine
(c) vier-vertrekhuise met buite-latrine en
(d) vier-vertrekhuise met binne-latrine.

Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad het egter be=sluit om slegs die volgende huise te bou in Eenhede 3, 4 en 5:

(a) vier-vertrekhuise met binne-latrine en 'n stort
(b) 600 meer luukse huise wat nog beplan moet word
(c) luukse huise kan ook self deur Bantoes in die luukse woonbuurt gebou word.

Die koste verbonde aan die vier-vertrekhuise met binne-latrine en stort soos gebou deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-admini=strasieraad is soos volg:

| | |
|---|---|
| Fondamente met fondamentmure en vloere | R121,00 |
| Mure met deure, vensters | R340,00 |
| Dak | R105,00 |
| Balkvulling | R 12,00 |
| Loodgietery | R 45,00 |
| Cemwash | R 13,00 |
| Verf | R 12,00 |
| Beglasing | R 13,00 |
| Omheining | R 37,00 |
| Toesig en Diverse | R 32,00 |
| Totaal | R730,00 |

Dit is belangrik om daarop te wys dat met die bou van die huise daar slegs van Bantoearbeid en van plaaslik vervaardigde sement=stene gebruik gemaak word. Met die maak van die stene word nie gebruik gemaak van stukwerk of van die betaling van bonusse vol=gens produksie nie, aangesien dit die gehalte van die stene kan affekteer. Genoeg stene word op die oomblik geproduseer sodat 'n 1 000 huise per jaar gebou kan word. Die koste verbonde aan die vervaardiging van die sementstene is as volg:

| | R |
|---|---|
| Arbeid per 1 000 stene | 3,61 |
| Grond | 4,50 |
| Klipbrekersand | 0,50 |
| Sement | 6,30 |
| | 14,91 |
| Toesighoudende koste | 0,50 |
| Mengerkoste | 1,00 |
| Masjienkoste en instandhouding | 0,50 |
| Totaal | 16,91 |

Dit blyk dus dat die plaaslik vervaardigde sementstene R7,09 per 1 000 stene goedkoper is as gewone bakstene.

Die beraamde koste vir die volledige ontwikkeling van Eenhede 3, 4 en 5[31] van die Bantoedorp Itsoseng deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is soos volg:

| | |
|---|---|
| 5 400 gewone wonings teen R900 (insluitende elektrisiteit) | R 4 900 000 |
| 600 meer luukse wonings teen R3 000 | R 1 800 000 |
| Elektrisiteitaanleg en verspreiding | R 1 850 000 |
| Wateraanleg en netwerk | R 1 250 000 |
| Riolering - hoofriool en netwerk | R 3 750 000 |
| Riooluitvalwerke | R 1 400 000 |
| Strate en stormwaterdreinering | R 1 750 000 |
| Teer- en toevoerpad | R 300 000 |
| Skole en koshuise | R 500 000 |
| Klinieke | R 50 000 |
| Sakesentrum | R 500 000 |
| Polisiestasie en ander staatsgeboue | R 500 000 |
| Sportstadion | R 300 000 |
| Totaal | R18 850 000 |

Waar hier dus 'n geweldige groot kapitale besteding deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad aangegaan word, is die belangrikste enkele vraag en ook die beslissende vraag nou of hier 'n volwaardige Bantoedorp ontwikkel word. Indien die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad nie daarin kan slaag om

31) Eenhede 3, 4 en 5 sluit 6 000 woonpersele in.

die kiem van selfontwikkeling in hierdie nuwe kompleks te plaas nie, en Itsoseng dus nie as volwaardige dorp ontwikkel nie, kan dit ook nie aan die hoogste eise van afsonderlike ontwikkeling en die daarmee gepaardgaande tuislandgerigte administrasie vol= doen nie. As dit ook maar 'n satelliet van die Blankegebied word, sal dit nie veel bydra tot die uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie. Dan sal dit slegs as 'n ver= heerlikte vorm van afsonderlike woonbuurtes met eienaarskap vir die Bantoe beskou kan word. Gedurende 1970 het Moolman dan ook verklaar: "Dorpstigting is die grootste enkele item op die jaar= likse uitgawerekening van tuislandontwikkeling... Teen die beste= ding het ek nie beswaar nie... maar wat bereik ons hiervoor? Is ons nie maar net besig om outydse lokasies in die tuislande te bou nie - en miskien die fondamente te lê vir toekomstige slums nie?"[32] Dit is dus uiters noodsaaklik dat hier nou verder aan in hierdie hoofstuk die aandag bepaal word by die mate waarin die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad poog om Itsoseng uit te bou tot 'n volwaardige Bantoedorp.

### 7.4.3 <u>Die bruto ekonomiese potensiaal van Itsoseng</u>[33]

#### 7.4.3.1 <u>Inleiding</u>

Net soos in die geval van 'n land of streek binne 'n land kan die ekonomiese ontwikkeling en groei van 'n stad of dorp gemeet word aan die inkome van die dorp en veranderings in sodanige inkome=

---

32) Moolman. Tuislandontwikkeling - 'n Program vir die sewentiger= jare, p. 49.
33) Waardevolle gegewens vir die voltooiing van die afdeling van hoofstuk 7 is verkry uit volume 23/2/4 van die lêers van die Beheerkomitee van die Itsoseng projek.

peil. Volgens die makro-ekonomiese teorie[34] word die inkome=
peil in 'n land of streek bepaal deur die omvang van die besteding soos gestel in die bekende formule:

Y = C + I + G + X - M, waar


Y = inkome
C = private verbruiksbestedings
I = investering
G = owerheidsuitgawes
X = uitvoere
M = invoere.

Hierdie formule kan nou gebruik word om die inkomepeil van Itsoseng en veranderings in hierdie inkomepeil te verklaar. Ba= sies is daar 4 bestedingseenhede in Itsoseng, naamlik:

(a) huishoudings wat plaaslike of ingevoerde verbruiks= goedere en dienste koop,
(b) sake-ondernemings wat finale en intermediêre goedere en dienste koop en arbeid in diens neem,
(c) Tswana-owerheidsliggame wat plaaslike en ingevoerde goedere en dienste koop en arbeid in diens neem en
(d) die eksterne sektor wat buitelandse huishoudings, sa= ke-ondernemings en owerheidsliggame insluit.

Die vloei van geld tussen die verskillende bestedingseenhede word in figuur 1 geïllustreer.

34) Bailey. National income and the price level, pp. 3-24.
Dernburg en McDougall. Macro-economics, pp. 1-15 en pp. 70-73.




$Y_M$ = INKOME DEUR HUISHOUDINGS IN ITSOSENG ONTVANG VAN EKSTERNE SEKTOR.

$Y_H$ = INKOME DEUR HUISHOUDINGS ONTVANG VAN TSWANA-OWERHEIDSLIGGAME.

$Y_S$ = INKOME DEUR HUISHOUDINGS ONTVANG VAN SAKE-ONDERNEMINGS IN ITSOSENG.

$C_B$ = AANKOPE DEUR HUISHOUDINGS VAN VERBRUIKSGOEDERE EN DIENSTE VANAF SAKE-ONDERNEMINGS.

$C_H$ = AANKOPE DEUR HUISHOUDINGS VAN GOEDERE EN DIENSTE VANAF TSWANA-OWERHEIDSLIGGAME.

$M_C$ = AANKOPE DEUR HUISHOUDINGS VAN VERBRUIKERSGOEDERE EN DIENSTE VANAF EKSTERNE SEKTOR.

$M_B$ = AANKOPE VAN GOEDERE EN DIENSTE DEUR SAKE-ONDERNEMINGS VANAF EKSTERNE SEKTOR.

$M_O$ = AANKOPE VAN GOEDERE EN DIENSTE DEUR TSWANA-OWERHEIDSLIGGAME VANAF EKSTERNE SEKTOR.

$T_B$ = BELASTINGS DEUR SAKE-ONDERNEMINGS BETAAL AAN TSWANA-OWERHEIDSLIGGAME.

$T_M$ = BELASTINGS DEUR SAKE-ONDERNEMINGS BETAAL AAN EKSTERNE SEKTOR.

$T_{HP}$ = BELASTINGS DEUR HUISHOUDINGS BETAAL AAN TSWANA-OWERHEIDSLIGGAME.

$T_H$ = BELASTINGS DEUR HUISHOUDINGS BETAAL AAN EKSTERNE SEKTOR.

B = INTERMEDIÊRE AANKOPE DEUR SAKE-ONDERNEMINGS ONDERLING AANGEKOOP.

$X_B$ = VERKOPE VAN FINALE GOEDERE EN DIENSTE DEUR SAKE-ONDERNEMINGS AAN EKSTERNE SEKTOR.

$G_O$ = AANKOPE VAN FINALE GOEDERE EN DIENSTE DEUR TSWANA-OWERHEIDSLIGGAME VANAF SAKE-ONDERNEMINGS

S = BESPARING DEUR HUISHOUDINGS.

$I_H$ = INVESTERING IN BEHUISING.

$I_B$ = INVESTERING DEUR SAKE-ONDERNEMINGS.

$I_O$ = INVESTERING DEUR TSWANA-OWERHEIDSLIGGAME.

7.4.3.1.1 Huishoudings

Huishoudings ontvang inkome in die vorm van salarisse en lone van sake-ondernemings ($Y_S$), Tswana-owerheidsliggame ($Y_H$) en die eksterne sektor ($Y_M$). Inkome vanaf die eksterne sektor be= staan uit die verdienstes van pendelare en migrasiewerkers in Blankbeheerde stedelike gebiede asook die verdienstes van werkers wat deur die eksterne sektor binne Itsoseng self in diens geneem word.

Die besteding van huishoudings bestaan ten eerste uit uitgawes op verbruikersgoedere en dienste wat van sake-ondernemings in Itsoseng aangekoop word ($C_B$), van Tswana-owerheidsliggame aange= koop word ($C_H$) en van die eksterne sektor aangekoop word ($M_C$). Soos later in meer besonderhede aangetoon sal word, hang die grootte van die Itsoseng-verbruiksvermenigvuldiger en dus die groei van inkome in Itsoseng ($A_Y$) baie af van die grootte van die laasgemelde bestedingsstroom naamlik ($M_C$).

'n Gedeelte van die inkome van huishoudings word egter gespaar (S), terwyl hulle ook belastings betaal aan Tswana-owerheidslig= game ($TH_p$) en aan die eksterne sektor ($T_H$).

7.4.3.1.2 Sake-ondernemings

Sake-ondernemings koop goedere en dienste binne (B) en buite ($M_B$) Itsoseng en betaal plaaslike ($T_B$) en nie-plaaslike belastings ($T_M$), terwyl hulle ook investeer ($I_B$).

7.4.3.1.3 Tswana-owerheidsliggame

Tswana-owerheidsliggame in Itsoseng koop plaaslike ($G_O$) en ingevoerde goedere en dienste ($M_O$) en investeer ($I_O$).

7.4.3.1.4 Die Eksterne Sektor

Die eksterne sektor voer goedere en dienste van Itsoseng in ($X_B$) en voer goedere en dienste uit ($M_C + M_B + M_O$).

'n Makro-model van die inkome (Y) van Itsoseng is dus:

$$Y = (Y_H + Y_S + Y_M) = C_B + C_H + I_H + I_B + I_O + G_O + X_B - (M_C + M_B + M_O).$$

($M_C + M_B + M_O$) verteenwoordig invoere en is verliese of lekkasies uit die Itsoseng-ekonomie. Vir die groei van die inkome van Itsoseng is dit nodig dat die investering ($I_H + I_B + I_O$) of owerheidsuitgawes ($G_O$) of uitvoere ($X_B$) of verbruiksbesteding ($C_B + C_H$) styg.

As die getal huishoudings in Itsoseng byvoorbeeld toeneem (soos wat beplan word) deur die verskuiwing van gesinne daarheen sonder dat die werk en inkome van die gesinshoofde in die Blankbeheerde gebied daardeur beïnvloed word, sal die inkomestroom ($Y_M$) in figuur 1 toeneem. Die uiteindelike invloed hiervan op die inkome $Y = (Y_M + Y_H + Y_S)$ van Itsoseng sal egter afhang van die bestedingskanale wat hierdie ekstra inkome gaan volg. Meer presies gestel, dit sal afhang van die marginale verbruiksgeneigdheid (c) en die marginale invoergeneigdheid (m) in Itsoseng. Die grootte van die vermenigvuldiger is:

$$k = \frac{1}{1 - (c - m)} \text{ waar}$$

c = marginale verbruiksgeneigdheid

m = marginale invoergeneigdheid

(c-m) = marginale interne bestedingsgeneigdheid.

In die hieropvolgende afdeling sal nou bepaal word wat die drumpelvraag na verskillende tipes goedere en dienste is, dit wil sê wat die minimum peil van verkope (omset) is wat nodig is om 'n bepaalde diens te ondersteun, en in die tweede plek, wat die totale vraagpotensiaal na verskillende tipes goedere en dienste van Itsoseng na verwagting sal wees. In die derde plek is dit belangrik om te raam watter gedeelte van die totale vraag na 'n bepaalde artikel of diens in Itsoseng self uitgeoe=fen sal word, en watter gedeelte in nabygeleë Blankbeheerde stedelike gebiede, uitgeoefen sal word.

In hierdie gedeelte val die klem hoofsaaklik op die vraagpoten=siaal, dit wil sê op die totaal van die bestedingstrome $C_B + M_C + C_H$ in figuur 1.

7.4.3.2 <u>Vraagpotensiaal ($C_B + M_C + C_H$)</u>

Die vraagpotensiaal van Itsoseng na verskillende tipes verbruiks=goedere en dienste word bepaal deur die inkomes van huishoudings in Itsoseng en die bestedingspatrone van huishoudings, en pogings is dus aangewend om sowel die inkome as bestedingspatrone te raam aan die hand van beskikbare gegewens.

7.4.3.2.1 Bestedingspatrone

'n Aanduiding van die bestedingspatroon van Itsoseng kan verkry word deur te let op die bestedingspatrone van meervoudige Ban= toehuishoudings in agt van die vernaamste stedelike gebiede in Suid-Afrika en die geweegde gemiddeldes soos hulle tot uiting kom in Bylaes C en E. Indien dit sou blyk dat die bestedingspatrone in die betrokke agt stedelike gebiede onderling nie aanmerklik verskil nie, sou daar redelikerwys aangeneem kon word dat dieself= de patroon wat in ander stedelike gebiede geld, ook in Itsoseng sal geld. Volgens die gegewens in tabel 4, blyk dit dat daar 'n redelike noue ooreenkoms tussen die bestedingspatrone in die ver= skillende gebiede bestaan, en daar is dus gronde om te beweer dat huishoudings in 1970 hul inkomes bestee het in ooreenstemming met die patroon wat in die laaste kolom van Bylae C en Bylae F getoon word.

Die vraag wat natuurlik gestel moet word, is of hierdie patroon met verloop van tyd nie baie sal verander nie, veral namate inkomes toeneem. Die mate waarin hierdie patroon sal verander, sal onder meer afhang van die sogenaamde inkome-elastisiteit van die vraag na verskillende tipes goedere en dienste en ook van veranderings in die relatiewe pryse van verskillende tipes produkte. Volgens die bekende wet van Engel,[35] sal die persentasie van inkome wat aan voedsel bestee word, daal namate inkome toeneem, hoewel die absolute

35) Dorfman. The price system, pp. 54-56.
Id. Prices and markets, pp. 80-82.
Ferguson. Microeconomic theory, pp. 36-37.
Prais. Non-sinear estimates of the Engel curves, pp. 87-104.

bedrag wat op voedsel spandeer word, nog sal toeneem. Hierdie verskynsel is duidelik waarneembaar uit die gegewens in Bylae J wat toon dat Blankes in 1968 slegs 18,82 persent van hul inkomes op voedsel bestee het, terwyl die persentasie in die geval van Bantoes op 37,99, in die geval van Kleurlinge op 43,51 en in die geval van Asiërs op 40,98 te staan gekom het. Die opvallende feit dat Bantoegesinne 'n kleiner persentasie van hul inkome op voed=sel bestee as Kleurlinge en Asiërs hoewel hulle inkomes laer is as dié van Kleurlinge en Asiërs, kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat Bantoes meer voedsel in die vorm van natu=ravergoeding ontvang as Kleurlinge en Asiërs.

Indien die gegewens in Bylaes F en G met mekaar vergelyk word, blyk dit dat die persentasie van inkome wat aan voedsel bestee word, geleidelik daal, terwyl die persentasie wat aan klerasie, skoeisel en toebehore bestee word, geleidelik styg.

Gegewens omtrent die inkome-elastisiteit van die vraag van Ban=toehuishoudings in Pretoria na sekere tipes produkte verskyn in Bylae I. Daarvolgens blyk dit dat die inkome-elastisiteit van die vraag na voedsel, 0,84 is, dit wil sê, indien inkomes met een persent styg, styg die besteding op voedsel met slegs 0,84 persent. In die geval van klerasie, skoeisel en toebehore is die inkome-elastisiteit 1,57, terwyl dit in die geval van huur=kooppaaiemente[36] 2,45 is.

Hoewel gegewens omtrent die inkome-elastisiteit van die vraag van Bantoehuishoudings baie moeilik presies bepaal kan word omdat die

---

36) Wat hoofsaaklik meubels insluit.

vraag ook deur talle ander faktore afgesien van inkome beïnvloed word, is dit nietemin nodig om daarmee rekening te hou wanneer die vraagpotensiaal van Itsoseng na verskillende tipes produkte geraam word.

In hierdie werk is daar op grond van die gegewens omtrent inko=me-elastieiteit in Bylae I sekere aansuiwerings in die geraamde vraagpotensiaal van Itsoseng aangebring soos wat van die gegewens in Bylae M opgemerk sal word. Dit verteenwoordig egter slegs 'n rowwe poging om die moontlike invloed van veranderings in inkome te illustreer en kan hersien word namate meer resente gegewens omtrent inkome-elastisiteit beskikbaar kom.

7.4.3.2.2 Inkome

'n Steekproef[37)] gebaseer op 103 aansoeke van gesinshoofde in Itsoseng om huise het getoon dat die gemiddelde inkome van die gesinshoofde R58,87 per maand beloop, dit wil sê R706,44 per jaar. Gedurende Februarie 1973 was daar 1 693 huishoudings in Itsoseng wat daarop neerkom dat die steekproef 6,1 persent van alle huis=houdings verteenwoordig. By die inkome van die gesinshoofde moet egter ook nog die inkome van ander verdieners gevoeg word. Volgens die gegewens in Bylae J verteenwoordig die inkome van gesinshoofde 71,9 persent van die totale inkomes van huishoudings. Gegrond op hierdie persentasie en die inkome van gesinshoofde van R706,00

---

37) Die steekproef is gedurende Februarie 1973 uitgevoer. Daar is deurgaans gepoog om die aansoeke ewekansig te kies, sodat 'n streekgerigtheid uitgeskakel is. Ook is aansoeke uit verskillende tydperke geneem sodat die resultaat ook nie kan dui op repatriasiedruk op 'n besondere groep nie.

per jaar kom die beraamde inkome per huishouding in Itsoseng vir 1972 op R982,00 per jaar te staan.

Volgens die gegewens in Bylae J het die gemiddelde jaarlikse in= kome van Bantoehuishoudings in agt van die vernaamste stedelike gebiede in 1970 op R959,00 te staan gekom. Indien daar op grond van die gegewens in Bylae K aanvaar word dat hierdie inkome van 1970-1972 teen 'n koers van 5,5 persent per jaar toegeneem het, kom die geraamde gemiddelde inkome per huishouding vir die betrok= ke gebiede vir 1972 op R1 067,00 te staan wat slegs R85,00 per jaar hoër is as die geraamde inkomesyfer vir Itsoseng. Indien dit in gedagte gehou word dat inkomes wat in plattelandse stedelike gebiede verdien word gewoonlik laer is as dié wat in groter stede= like gebiede verdien word, lyk 'n gemiddelde jaarlikse inkomesy= fer van R1 000,00 per huishouding vir Itsoseng in 1972 nie onrea= listies nie. In elk geval is daar alle aanduidings dat die inkomes van Bantoes in die nabye toekoms baie vinniger sal styg as in die verlede, en selfs al sou die inkomesyfer van R1 000,00 per huis= houding dus effens hoog wees, mag die inkomeramings in Bylae M wat gegrond is op die tendense in die verlede, nog konserwatief blyk te wees.

7.4.3.2.3 <u>Vraagpotensiaal van Itsoseng</u>

Op grond van die bestedingspatrone van Bantoehuishoudings in an= der stedelike gebiede soos hulle in die geweegde gemiddeldes in Bylae C en E tot uiting kom en 'n inkome per huishouding van R1 000,00 per jaar vir 1972 wat teen 'n geskatte koers van 6 per= sent per jaar styg, is die vraagpotensiaal van Itsoseng na ver= skillende tipes produkte vir die jare 1972, 1975 en 1978 geraam. Die ramings vir 1972 is gebaseer op 1 693 huishoudings terwyl dié vir 1975 en 1978 gegrond is op die veronderstelling dat alle

beplande huise in daardie jare voltooi en bewoon sal wees, naamlik 'n totaal van 9 084 huise.[38)]

Indien die gemiddelde grootte van elke huishouding volgens die gegewens in Bylae J op 5,43 te staan sou kom, beteken dit dat Itsoseng, wanneer huidige beplanning voltooi is, 'n de jure be= volking van ± 50 000 sal huisves.

Die jaarlikse inkome van hierdie bevolking sal na raming in 1975 op R10 800 000,00 te staan kom of ± R220,00 per kop. Die verskil= lende items waarop hierdie inkome na verwagting bestee sal word, word in Bylae M getoon. Soos opgemerk sal word, sal die grootste gedeelte van die inkome teen 1978 (indien daar geen voorsiening vir die invloed van inkome-elastisiteit gemaak word nie) na ver= wagting op voedsel spandeer word, naamlik R5 miljoen; op klerasie, skoeisel en toebehore R1,6 miljoen en op meubels en toerusting R1,1 miljoen.

Indien daar egter aansuiwerings gemaak word om voorsiening te maak vir die invloed van inkome-elastisiteit kom die verwagte vraag na voedsel vir die jaar 1978 op R4,8 miljoen te staan, dit wil sê, sowat R168 000,00 minder, terwyl die vraag na klerasie, skoeisel en toebehore heelwat styg, naamlik met R238 000,00.

7.4.3.3 <u>Lekkasies uit die Ekonomie van Itsoseng</u>

Die sleutelvraag wat ontstaan is natuurlik watter gedeelte van die

---

38) Vergelyk ook punt 7.4.2.

totale vraag na goedere en dienste na sake-ondernemings in Itsoseng self sal vloei, dit wil sê bestedingskanaal ($C_B$) in fi= guur 1 sal volg en watter gedeelte na sake-ondernemings in die nabygeleë Blankedorpe sal vloei, dit wil sê bestedingskanaal ($M_C$) sal volg. Hieromtrent kan daar slegs bespiegel word, omdat dit van 'n groot aantal faktore sal afhang, waarvan slegs enkele belangrikes genoem word, naamlik:

(a) die werkplekke van die inkomeverdieners in Itsoseng,
(b) die grootte van die inkoopsentrum in Itsoseng,
(c) die aard en kwaliteit van dienste[39)] wat aangebied sal word en
(d) vooroordeel onder die inwoners - 'n baie sterk krag.

7.4.3.3.1 <u>Werkplekke van Inkomeverdieners</u>

Die oorgrote meerderheid van inkomeverdieners in Itsoseng sal na verwagting in verskillende Wes-Transvaalse dorpe werk, en die vol= gende klassifikasie van inkomeverdieners is dus moontlik:

(a) plaaslike werkers, dit wil sê persone wat in Itsoseng self sal werk,
(b) pendelaars, dit wil sê persone wat op 'n daaglikse grondslag van hulle woonplekke in Itsoseng na hul werkplekke in nabygeleë Blankedorpe soos byvoorbeeld Lichtenburg sal reis,
(c) weekwerkers, dit wil sê persone wat gedurende die week in die Blanke dorpe waar hulle werk, sal woon en slegs naweke na Itsoseng sal terugkeer en

---

39) Insluitende diensure.

(d) termynwerkers of kontrakwerkers, dit wil sê persone wat vir langer periodes as 'n week in dorpe of elders in Blanke gebied sal werk en slegs by tye na hulle ge= sinne in Itsoseng sal terugkeer.

Gedeeltelik kan aanvaar word dat die lekkasie van koopkrag uit Itsoseng groter sal wees in die geval van die termynwerkers as in die geval van die weekwerkers; groter in die geval van week= werkers as in die geval van pendelaars; en groter in die geval van pendelaars as in die geval van plaaslike werkers. Hierdie ge= volgtrekking berus op die veronderstelling dat die plek waar 'n werker se salaris of loon aan hom uitbetaal word - veral as dit in kontant aan hom uitbetaal word - asook die tydperk tussen be= soeke aan sy woonplek 'n belangrike invloed sal uitoefen op die plek waar hy hierdie salaris of inkome sal bestee.

Vir sover die voorgaande waar is, beteken dit dat lekkasies van koopkrag uit Itsoseng in die heel eerste plek verminder sou kon word, deur die uitbetaling van lone en salarisse - altans dié van pendelaars en weekwerkers - in Itsoseng self te laat plaas= vind. Dit sou byvoorbeeld gedoen kan word indien werkgewers bewys= strokies aan Bantoewerkers oorhandig wat in Itsoseng uitbetaalbaar is, dit is 'n prosedure wat op verskillende gronde geregverdig kan word, maar veral omdat dit

(a) die lekkasie van koopkrag uit Itsoseng sal verminder, die groei van die inkome van Itsoseng sal stimuleer en daardeur die ekonomiese ontwikkeling van Bophuthatswana sal bevorder;
(b) in verskillende opsigte vir die individuele Bantoewerker veiliger is om 'n bewysstrook of tjek by hom te dra as kontant;

(c) sal meehelp om gesinsverwaarlosing te voorkom deurdat werkers hulle salarisse of lone verkwis terwyl hulle van hul gesinslede afwesig is;

(d) tot groter besparings en dus die groei van finansiële instellings in Itsoseng aanleiding sal gee.

In die geval van termynwerkers, sou daar in hulle dienskontrakte wat met werkgewers aangegaan word, voorsiening gemaak kon word vir verpligte maandelikse terugsendings aan afhanklikes asook vir die uitbetaling van 'n sekere gedeelte van lone en salarisse aan die einde van die kontraktydperk in Itsoseng self.

Aangesien arbeid in die geval van al die tuislande 'n uitvoerproduk is, kan daar baie gedoen word om te verseker dat die tuislande groter voordele uit hierdie uitvoerproduk ontvang as wat in die verlede die geval was. Die belangrikheid van arbeid as uitvoerpro= duk en as stimulant van ekonomiese groei en ontwikkeling in Itsoseng, Bophuthatswana en enige ander Bantoetuisland kan nie genoeg beklem= toon word nie, te meer noudat daar aanduidings is van skerp stygings in die inkomes van Bantoes. Die ideaal moet egter altyd wees dat 'n stadium bereik kan word waar die grootste persentasie arbeid binnelands vir die opbou van die Bantoetuislande aangewend kan word.

7.4.3.3.2 <u>Grootte van Inkoopsentrum en aard en kwaliteit van Dienste</u>

Die uitbetaling van salarisse en lone in Itsoseng sal opsigself nie verseker dat 'n groot deel daarvan nogtans uitlek na nabyge= leë Blankedorpe nie, en daarom moet daar ook aandag gegee word aan die grootte van die beplande inkoopsentrum vir Itsoseng en die

aard en kwaliteit van dienste wat aangebied sal word.

Dit is 'n algemeen erkende feit dat die meeste dorpe in die ver= skillende Bantoetuislande binne die klein- en groothandelin= vloedsfeer van Blanke dorpe of Blanke metropolitaanse gebiede val, en dat die grootste gedeelte van die koopkrag na die Blanke gebied vloei. In hierdie verband het Moolman[40)] gedurende 1970 verklaar: "Ondervinding met Ga-Rankuwa, ... wat al 10 jaar oud is en reeds ongeveer 40 000 inwoners het, wys geen tekens dat dit besig is om 'n eie ekonomiese basis te ontwikkel nie. Die sakekern is soos dié van 'n heel klein plattelandse dorpie en die handel is meestal beperk tot noodsaaklike lewensmiddele ... Volgens 'n onlangse opname is die ganse handelsomset van Ga-Rankuwa R32 000,00 per maand of gelykstaande aan een beskeie onderneming in Pretoria".

'n Opname onder 'n sewentigtal kleinhandelaars in die sentrale gedeelte van Pretoria deur die Buro vir Marknavorsing[41)] beklem= toon die volgende faktore waarom Bantoe verkies om by Blanke handelaars te koop:

(a) "They get good service here. 13 Shops made comment that the Bantu can open accounts at their shops, that they have confidence in the advice they receive there, that the European is regarded as being honest in his dealings and that the service is friendly and helpful".

---

40) Moolman, op. cit., p. 51.
41) Universiteit van Suid-Afrika, Buro vir Marknavorsing. "Motivational factors in Bantu buying behaviour", Navorsings= verslag No. 15, 1966, p. 7.

(b) "They get quality goods here. 11 Shops commented on this aspect. A further 3 stressed the wider range of products available, 2 said they sold products that could not be bought elsewhere and a further one stressed the up-to-date aspect of their goods".

(c) "It is convenient for them. 8 Shops pointed out the number of Bantu working either on their premises or nearby"; en

(d) "It gives them status and prestige to shop here. 5 Shops made this comment, adding that the Bantu like to buy in European stores, especially the more exclusive ones, and then leave the dockets laying around at home so that visitors will be aware that they are clients of so-and-so in town".

Die tipes produkte wat in die sentrale gedeelte van Pretoria deur die meeste Bantoes gekoop word in orde van aantal kopers is onder andere die volgende:[42)]

(a) sagte ware,
(b) aptekersware,
(c) vroue- en kinderklere,
(d) mansklere,
(e) goedkoop juweliersware,
(f) radios, radiogramme en elektriese ysters en
(g) skryfbehoeftes - hoofsaaklik vir skoolgebruik.

---

42) Ibid., p. 8.

Die tipes winkels wat besoek word, gemeet in terme van die per= sentasie van die totale getal kopers is:


(a) Kettingwinkels - 76 persent
(b) Gewone spesialiteitswinkels - 4 persent
(c) Beter klas spesialiteitswinkels - 10 persent
(d) Afdelingswinkels - 8 persent
en (e) Eksklusiewe spesialiteitswinkels - 12 persent.[43)]

Uit die voorgaande blyk dit baie duidelik dat Pretoria veral uit die oogpunt van die handel 'n sogenaamde nodale groeipunt is met 'n belangrike invloed op die handelsaktiwiteite binne 'n groter gebied om hom as sy eie grense. Hierdie invloedsfeer kan voorge= stel word in terme van 'n aantal swaartekraglyne van afnemende intensiteit om Pretoria.

Wat vir Pretoria geld, kan ook vir Lichtenburg en Itsoseng wat binne die klein- en groothandelsinvloedsfeer van Lichtenburg val, geld en wat die groot- en kleinhandel betref dus sal neig om 'n satelliet van Lichtenburg te word, tensy die swaartekrag van Lichtenburg geneutraliseer kan word.

---

43) Ibid., p. 11.




Hoe verder die bogemelde struktuur toegelaat word om uit te kristalliseer, hoe moeiliker gaan dit wees om dit later te ver= ander omdat verbruikers eers oorreed sal moet word om weg te breek van gevestigde inkooppatrone terwyl daar ook weerstand sal kom van sake-ondernemings wat intussen op grond van die be= staande struktuur 'n gevestigde belang in Lichtenburg verkry het. McCrystal[44)] sê in hierdie verband onder andere dat "Lines of influence and spheres of influence of the major settlements, tends to hold in position the established pattern and to cause it to exhibit a high degree of permanency", en gaan dan verder om te beweer: "... this makes it very difficult to introduce, in= to the system, a new element which has a chance of independant survival and growth without becoming a satellite of one of the existing cities".[45)]

---

44) McCrystal. City, Town or country, The economics of concentra= tion and dispersal with particular reference to South Africa, p. 30.
45) Ibid., p. 35.

Waar hier oor 'n politieke grens tussen Suid-Afrika en Bophuthatswana beweeg word, ontstaan die moontlikheid van ta=riefmure, en wil dit voorkom asof 'n moontlike oplossing daarin geleë is om Itsoseng so vinnig as moontlik so groot as moontlik te maak, en om 'n inkoopsentrum daar te bou wat gunstig sal ver=gelyk met wat tans in Lichtenburg bestaan. Verder sal daar stap=pe gedoen moet word om te verseker dat die dienste wat in dié sentrum sal aangebied word in alle opsigte gunstig sal vergelyk met dienste wat in Lichtenburg beskikbaar is. Indien hierin ge=slaag word, behoort die afstand tussen Itsoseng en Lichtenburg te verseker dat Itsoseng 'n groeikrag van sy eie sal ontwikkel.

Verklarings vir die ruimtelike verspreidingspatroon van klein=handelsondernemings met behulp van swaartekragmodelle, of die Boumol-Ide model, kan help om die noodsaaklikheid van 'n pres=tige inkoopsentrum vir Itsoseng te beklemtoon.

Die mees algemene swaartekragmodel[46)] is die volgende:

$$F_{ij} = K\frac{A_j.L}{d_{ij}.B} \quad \text{waar } F_{ij} = K \cdot \frac{A_j.L}{d_{ij}.B}$$

$F_{ij}$ = verwagte veelvuldigheid van wisselwerking tussen punt (i) (byvoorbeeld woonplek van koper) en bestemming (j) (winkel of inkoopsentrum),

$A_j$ = aantrekkingskrag van bestemming (j), (winkel of inkoopsentrum),

$d_{ij}$ = afstand tussen (i) en (j),

K = 'n konstante,

46) Richardson. Regional economics, location theory, urban structure and regional change, p. 133.

L en B = eksponensiale parameters, waarvan die waardes geskat moet word.

In die kleinhandelsverband, kom die bostaande daarop neer dat die potensiële besteding van 'n verbruiker by verskillende kleinhandelsentrums ('n individuele winkel of meer waarskynlik 'n inkoopsentrum) in 'n direkte verhouding staan tot die aantreklikheid (of grootte) van die sentrum en in 'n inverse of omgekeerde verhouding tot die afstand tussen die woonplek van die verbruiker en elke sentrum.

Die uitbetaling van lone en salarisse in Itsoseng self soos vroeër aanbeveel, kan slegs dien om die invloed van ($d_{ij}$) in die bestaande model te verminder. Om te verseker dat kopers hierdie inkome in Itsoseng sal bestee, moet die aantrekkingskrag ($A_j$) van kleinhandelsentrums in Itsoseng verhoog word wat beteken dat faktore soos grootte van individuele winkels, aard, reeks en kwaliteit van goedere en dienste, gehalte van dienste en winkelure, almal die nodige aandag moet geniet.

Die Baumol-Ide model[47)] beweer dat 'n verbruiker by 'n bepaalde kleinhandelsentrum sal koop indien sy vraagfunksie sodanig is dat:

$$F(N, D) = wp(N) - v[CdD + C_n \sqrt{(N)} + C_i]$$

positief is waar:

47) Ibid., p. 136.

$F(N, D)$ = verwagte netto voordeel wat die verbruiker ontvang deur by 'n bepaalde sentrum te koop. Dit word beïn=vloed deur (D), die afstand van die sentrum en N, die getal items wat te koop aangebied word,

$Cd$ = vervoerkoste wat proporsioneel afhanklik is van af=stand,

$C_N \sqrt{N}$ = koste van goedere en dienste aangekoop,

$C_i$ = geleentheidskoste van ander aankoopgeleenthede,

$p(N)$ = die waarskynlike nutfunksie,

$w, v$ = subjektiewe gewigte deur die verbruiker toegeken.

Net soos die swaartekragmodel beklemtoon die model ook die aan=trekkingskrag van 'n bepaalde inkoopsentrum via die belangrik=heid van die nutfunksie p(N) in die model.

Die oprigting van 'n prestige winkelsentrum in Itsoseng mag dit nodig maak dat invidieuele handelsondernemings wat aldaar geves=tig word, vir 'n sekere tydperk gesubsidieer moet word. Sodanige subsidie sou egter beskou kan word as 'n kleuterhandelsubsidiebe=leid wat op dieselfde gronde geregverdig kan word as die kleuter=nywerheidsbeskermingsbeleid. 'n Ander belangrike faktor is dat so 'n inkoopsentrum heelwat later sal moet sluit as handelsonderne=mings in byvoorbeeld Lichtenburg, sodat pendelaars nog hul inko=pies sal kan doen nadat hul van hul werkplekke in nabygeleë Blanke dorpe teruggekeer het.

Soos blyk uit die voorgaande bespreking bestaan daar dus by 'n nuwe dorp soos Itsoseng wat omring is deur gevestigde dorpe, 'n lekkasie van potensiële besteebare koopkrag waarvan die grootte nie akkuraat beraam kan word nie. Sommige van die faktore wat grootliks verantwoordelik is vir sodanige lekkasie is egter geïden=tifiseer in die voorgaande bespreking. In die volgende afdeling van

hierdie hoofstuk sal egter nou aangetoon word hoe die Wes-Trans= vaalse Bantoesake-administrasieraad in die beplanning van Itsoseng beplan om die lekkasie te neutraliseer en poog om die ideaal van afsonderlike ontwikkeling te bereik deur 'n volwaardige Bantoe= dorpkompleks in Bophuthatswana te ontwikkel.

### 7.4.4 Itsoseng 'n volwaardige Bantoedorp

'n Volwaardige stad of dorp, is 'n fungerende sisteem bestaande uit geboue, mense, voertuie, kommunikasielyne, waterlyne, bewe= gende goedere ensovoorts. Dit ontwikkel 'n groot aantal funksies waarmee die inwoners hulle besig hou, en 'n groot stad of dorp ontwikkel mettertyd duidelik omlynbare maar interafhanklike een= hede soos 'n sentrale stadskern waar die meeste besighede en ad= ministratiewe funksies saamgetrek is en waarheen die meeste mense daagliks kom om te werk of om ander sake te verrig. Dit ontwikkel sekondêre sakekerne, nywerheidswyke, verskillende soorte woonge= biede, ontspanningsterreine, kulturele, opvoedkundige en gods= dienstige inrigtings. In 'n volwaardige stad of dorp met 'n self= opwellende ekonomiese basis ontstaan daar voortdurend nuwe werk= geleenthede en kan die Bantoe dus van heelwat werkgeleenthede voor= sien word in so 'n stad of dorp. Daarom verklaar Moolman dan ook: "Ons hoofdoel moet nie wees om 'n woonbuurt vir Bantoes te skep nie, maar wel 'n lewende, fungerende, volwaardige stad".[48)]

---

48) Moolman. Die vestiging van die Bantoe in Pretoria, 1969, p. 61.

7.4.4.1 Ontwerpbeginsel van die sakesentrum vir Itsoseng[49)]

As hoof-ontwerpbeginsel soos gestel deur die Wes-Transvaalse Ban= toesake-administrasieraad is die kardinale vereiste dat die sen= trum lewensvatbaar moet wees, gestel. By nastrewing van hierdie ideaal word die volgende oorwegings in ag geneem:

(a) konsentrasie van alle gemeenskapsaktiwiteite,
(b) konsentrasie van die totale koopkrag van die inwoners,
(c) aanwakkering van kooplus deur die voorsiening van winkels gelykwaardig in voorkoms en kwaliteit aan dié in die Blankbeheerde gebiede,
(d) aanpassing van winkelure vir die gerief van die inkoper,
(e) daarstelling van 'n loon-uitbetalingsentrum,
(f) konsentrasie van luukse en hoë-digtheidsbehuising aan= grensend aan die sentrum met die gevolglike konsentrasie van 'n koopmag en
(g) konsentrasie van alle openbare vervoerfasiliteite.

7.4.4.2 Motorvoertuig en voetgangersirkulasie

Die beweging in bane, in vooropgestelde bewegingspatrone van motorvoertuig- en voetgangerverkeer, is die lewensare van 'n skema, en om die sukses daarvan te verseker mag daar geen ver= menging van die twee strome plaasvind nie behalwe by diffusie-areas soos parkeerterreine en busstasies. Tans kan die vervoer= stels soos volg verdeel word:

---

49) Waardevolle gegewens vir die voltooiing van die afdeling in hoofstuk 7 is verkry uit volume 23/2/4 van die lêers van die beheerkomitee van die Itsoseng projek.

(a) primêre vervoer - openbare busdiens
(b) sekondêre vervoer - huurmotors; en
(c) tersiêre vervoer - private motorvoertuie.

Aangesien die sekulêre skaal van bogenoemde stelsels met toene=mende welvaart sal verander, is die stelsels gelykwaardig be=handel tydens die ontwerp.

7.4.4.2.1 <u>Openbare busdiens</u>

Aangesien 'n busdiens deur 'n konsentrasie van passasiers geken=merk word, is hierdie diens by Itsoseng so sentraal moontlik ge=paas om loopafstande te verkort. Aangesien hierdie diens ook on=gunstig op die geraasindeksskaal vertoon, word die busstasie so ver moontlik van die luukse woonbuurt geplaas.

Ten einde kooplus by die inkoper aan te wakker, behoort hy geleent=heid te kry om ten minste een uur by die sakesentrum te vertoef alvorens hy die volgende bus haal. Busse sal dan ook in Itsoseng in gereelde en bekende siklusse vanaf die busstasie vertrek.

7.4.4.2.2 <u>Busstasie</u>

Die hoofdoel van die busstasie is om gerieflike onderdag-wag=ruimtes en toilette vir mans en dames te voorsien. Geen winkel, soos 'n boekwinkel of kafee, sal in die busstasie voorsien word nie aangesien sulke winkels voornemende inkopers sal ontmoedig om die winkelsentrum te besoek.

7.4.4.2.3 Plasing van administratiewe geboue ten opsigte van Busstasie

Die administratiewe kantore moet ten minste een keer per maand deur elke gesinshoof besoek word vir die betaling van huurgelde. Hierdie gebruik sal dan 'n gedragspatroon skep wat vanweë die plasing van die geboue in Itsoseng 'n groot deel van die bevolking sal dwing om deur die winkelsentrum te stap, wat terselfdertyd 'n belangrike faktor vir die aanwakkering van kooplus vorm.

7.4.4.2.4 Huurmotors

Ten einde 'n ordelike vervoerstelsel te skep, is dit noodsaaklik dat hierdie tipe vervoer gekanaliseer word. Daarom moet die huur=motorstaanplek by die busstasie ingerig word sodat die passasiers van die stasie gebruik kan maak, dit het die verdere voordeel dat die vertrektye van busse meer elasties word, dit wil sê, dat in=dien 'n persoon 'n sekere tyd wil vertrek en daar nie 'n bus be=skikbaar is nie, hy altyd 'n huurmotor kan neem.

7.4.4.2.5 Privaatmotors

Twee eienskappe van motorverkeer, naamlik die plastisiteit daar=van en die behoefte aan groot parkeerruimte is in ag geneem by die beplanning van Itsoseng. 'n Ander eienskap van die beplanning van Itsoseng is die groter verspreiding van die passasierskonsen=trasie, waardeur die geraasindeks veel laer is en dit dus moontlik is om die hoofparkeerterrein sentraal te plaas om sodoende loopaf=stande te verkort.

In die lig van die inleidingsparagraaf is daar besluit om ook par=

kering op die omtrek van die terrein van die sakesentrum te ver= skaf wat die bestuurder in staat sal stel om sy loopafstand self te bepaal - normaalweg die kortste moontlike loopafstand.

7.4.4.2.6 Voetgangerverkeer

Voetgangerverkeer is deurgaans volkome van motor- en busverkeer geskei, behalwe soos reeds vermeld by diffusieruimtes. Die voor= dele van hierdie stelsel is die volgende:

(a) Veiligheid van voetgangers word moontlik gemaak.
(b) 'n Ontspanne en aangename atmosfeer kan geskep word deur die gebruikmaking van grasperke en blombakke in die plaveisel van voetganger loopvlakke.
(c) Motorparkeerruimtes is nie ingesluit deur die geboue en winkelafdakke nie. Anders as die situasie in Blank= beheerde stede waar die motors tussen die winkels ge= parkeer staan, sal die lug veel suiwerder wees en waar die voetgangers beweeg, sal dit koeler en stiller wees.

7.4.4.3 Diensruimtes

Hierdie ruimtes kan as addisionele diffusieruimtes gesien word ten opsigte van motorvoertuigsirkulasie. Aangesien die wissel= werking van aflewering van goedere en die verwydering van afval hier geskied, is die diensruimtes tot geïsoleerde gebiede be= perk. Hierdie beginsel is veral uiters belangrik by die doeltref= fende en gladde funksionering van 'n winkelsentrum. Vergelyk die onaangename situasie soos dit tans in ouer stede aangetref word, waar aflewering en vullisverwydering oor die sypaadjies geskied.

7.4.4.4 Die plasing en gradering van geboue, parkeerterreine en die busstasie

Die geboue en terreine is volgens geraasindeks gegradeer. Hier=volgens sal die biersaal en busstasie, beide geboue met 'n hoë geraasindeks, aan die suidekant van die terrein ontwikkel word, en geboue met 'n lae geraasindeks, soos die stadsaal en hotel, aan die noordekant, aangrensend aan die luukse woonerse.

7.4.4.5 Ontwerpseenheid en ontwerpsidioom

Ontwerpseenheid tussen die verskillende geboue is baie belangrik maar die gevaar dat eenderslykende geboue eentonig kan raak en boonop 'n geforseerde karakter kan hê, is nie uit die oog ver=loor nie. Vergelyk byvoorbeeld 'n winkelsentrum en 'n staatsge=bou.

Dit is dus beter om 'n ontwerpsidioom te kies en deurgaans vol=gens meriete toe te pas. In die geval van Itsoseng sal 'n U-vor=mige niersteenelement gebruik word op so 'n wyse dat die karakter van elke tipe gebou duidelik geopenbaar word met die behoud van ontwerpeenheid vir 'n aangename estetiese geheelbeeld. Winkelsen=trums sal gekenmerk word deur 'n tiperende aansigbehandeling, dit wil sê, loopvlakke voor die winkelvertoonvensters, oordek met 'n baldakyn. In hierdie geval sal die U-vormige ontwerpsidioon aan die buitekant van die baldakyn op ongereelde afstande gebruik word, en wel as reënwater afvoerpunte. Die tiperende karakter van die winkelsentrums sal dus geaksentueer word deur die ontwerpsidioom met behoud van 'n estetiese geheelbeeld.

7.4.4.6 <u>Materiale wat aangewend word vir die bou van die sake=sentrum</u>

Die boumateriale wat in Itsoseng aangewend sal word, word geken=merk deur vier hoofvereistes, naamlik:

(a) duursaamheid;
(b) lae onderhoudskoste;
(c) voorkoms en
(d) koste.

Die praktyk bewys dat die kwaliteit en voorkoms van 'n materiaal eweredig styg met die koste daarvan. Hoe mooier en beter die ma=teriaal, des te duurder en laer die onderhoud en andersom. 'n Ver=dere belangrike faktor is die beskikbaarheid van materiale en dus ook die vervoerkoste. Met die beplanning van Itsoseng is daar deur=gaans gepoog om van maklik beskikbare materiale gebruik te maak, waarvan die belangrikste die plaaslik vervaardigde terreinstene is. Selfs in die sakesentrum word hierdie stene as hoofboumate=riaal gebruik met verskillende afwerkings, byvoorbeeld Cemwash en aangevul met siersteen, as ontwerpsidioom.

Aanvullende materiale is asbes, staal, en glas, wat deurgaans in beperkte hoeveelhede gebruik sal word. Geplaveide oppervlaktes sal bestaan uit betonpanele, geprofileer met baksteenpatrone. 'n Ba=lans tussen duursaamheid, onderhoudskoste, koste en voorkoms sal deur hierdie materiaalkeuse outomaties eweredig gehandhaaf word deur die gebruiksverhouding tussen die materiale te wysig.

By 'n duurder tipe gebou soos 'n staatsgebou sal daar van meer sierstene gebruik gemaak word ten koste van terreinsteenpanele. Hierdeur sal die koste van die gebou verhoog word maar die duur=saamheid en voorkoms sal verbeter en onderhoud sal verlaag word. Die omgekeerde, soos in die geval van die biersaal, is ook waar.

7.4.4.7 <u>Arbeid</u>

Die standpunt van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasie= raad is dat daar slegs van plaaslike Bantoearbeid in die bou= program gebruik gemaak moet word. Daar is gepoog om soveel Bantoes as wat moontlik is, in diens te neem as messelaars, pleisteraars, skrynwerkers, verwers, loodgieters en elektri= siëns. Moolman verklaar tereg dat "Al gaan die program stadiger en al is die wonings selfs duurder, sal dit veel beter wees as die Bantoe in die proses geleer word om self bouer en bo alles boukontrakteur te word".[50] Die onmiddellike nadeel hiervan is dat plaaslike arbeid oor die algemeen minder kundig is. Hierdie oorwegings is egter in ag geneem by die ontwerp van die geboue vir Itsoseng sodat die plaaslike Bantoebouspanne dit kan oprig.

Daar sal gepoog word om die gebruik van gewapende betonkolomme te verminder deur staalkolomme en gewigdraende mure by die winkel= sentrum te gebruik. By verdiepinggeboue sal gewigdraende mure binne en buite gebruik word aan die buitekant, waar die U-vormige siersteen-ontwerpsidioom van die gebou die dra- en konstruksie element vorm.

Die gebruik van eenvoudige details word moontlik gemaak deur 'n maklik verstaanbare ontwerp. 'n Ingewikkelde detail sou byvoor= beeld die gebruikmaking van voorafgegote betonbekledingspanele, bevestig teen 'n betonraamwerk met verstelbare weekstaalanker= elemente en die gepaardgaande waterdigtingstegnieke noodsaak.

---

50) Moolman, op. cit., p. 61.

Op die plan is die geboue deurgaans hoekig en haaks, met die weglating van ingewikkelde of ronde planvorms.

Dit is baie duidelik dat die beplande geboue wegbeweeg van die tradisionele boustyl. Sekere volkekundiges mag hierteen beswaar inbring. Maar die tuislanddorpe moet modern en in alle opsigte vergelykbaar met dié in die Blankbeheerde gebiede wees. 'n Ban= toe, soos enige ander mens, verruil nie iets goeds vir iets swakkers nie. Terwyl geboue vir Bantoewoonbuurtes in Blankbeheer= de gebiede tradisionele motiewe kan hê, behoort tuislanddorpe 'n "moderniserende" effek te hê. Per slot van rekening sal die her= vestigde Bantoe die Tuisland nie vergelyk met die Bantoewoonbuurt in Blankbeheerde gebied nie maar met die Blanke woonbuurt.

7.4.4.8 <u>Winkelsentrum</u>

7.4.4.8.1 <u>Hantering van die lekkasie van koopkrag met betrekking tot winkelruimtevoorsiening</u>

Om te voorsien in die werklikheid van die aanvanklike lekkasie van koopkrag uit Itsoseng na die naburige Blanke dorpe het die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad vier selfonderhou= dende volledige winkeleenhede beplan. Daar sal aanvanklik slegs een kompleks gebou word, waarin dan vir alle tipe winkels wat re= delikerwys benodig word vir so 'n dorp, voorsiening gemaak word. Streng beheer oor uitreiking van lisensies sal ook hier toegepas word.

Namate die lekkasie na buite verminder word en die dorp aangroei, sal 'n vraag na addisionele winkelruimte ontstaan. By aanbouing van 'n verdere kompleks kan dan 'n herverdeling van winkelruimte

plaasvind, sodat elke tipe winkel die ruimte kan verkry soos wat die behoefte ontwikkel. Daar kan ook tussen die twee een=hede 'n herverdeling van tipe winkels plaasvind soos dit nodig word.

Die ander aspekte wat betrek word by hantering en bekamping van lekkasies soos dit by Itsoseng voorkom, word verder af=sonderlik behandel.

7.4.4.8.2 Plasing van winkels

Die plasing van die winkels in Itsoseng is daarop gemik om die voornemende koper by winkels wat meer van toevallige verkope af=hanklik is, verby te laat beweeg, byvoorbeeld die plasing van die supermark as lokmiddel op die verste punt vanaf die busstasie en parkeerterreine.

Die slagter en droogskoonmaker daarenteen waar die gevaar van slegte reuke bestaan, is op buitehoeke geplaas.

7.4.4.8.3 Voetgangerverkeer

Deur die loopafstande na die winkelsentrum tot die minimum te beperk word die lewensvatbaarheid van die sentrum verhoog. Die winkelsentrum sal dus so geplaas word dat dit die maksimum voet=gangertoeloop sal bevorder deurdat dit aan drie kante begrens word deur parkeerterreine en aan die vierde kant deur die bussta=sie. Die hoofas van die terrein, wat tussen die administratiewe kantore, hotel, bioskoop, biersaal, busstasie en polisiestasie deurloop, gaan deur die middel van die winkelsentrum.

7.4.4.8.4 Dienste

Die diensruimtes word deur die rangskikking van die geboue vol=kome geïsoleer, soos duidelik uit die plan in bylae N blyk.

Die diensruimte word in 'n algemene diensruimte vir die gebruik van alle winkeleienaars en private diensruimtes of werwe, bereik=baar slegs vanaf die algemene diensruimte, verdeel. Hierdie pri=vate diensruimtes kan deur die onderskeie huurders toegebou en benut word na eie goeddunke. Die algemene dienswerf is 18 meter breed, wat voldoende is om 'n groot vragmotor in te draai.

7.4.4.8.5 Erfindeling

Die erfindeling word op die plan in die bylae getoon. Die bedoe=ling is dat elke winkelier sy eie erf, onderworpe aan sekere voorwaardes, kan koop.

Die erwe moet verkoop word onder 'n tipe van deeltitelwet met die aanpassing dat geen dubbelmure tussen winkels gebou word nie en met 'n gemeenskaplike dak. Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad het ook besluit dat daar geen wysigings aan die meesterplan of algemene planvorm toegelaat sal word nie. In=terne beplanning van die winkel, toilette en pakkamers sal binne die raamwerk van die algemene gesondheidsregulasies, na goeddunke van die winkeleienaar gedoen word.

Volgens die Suid-Afrikaanse Privaatreg bestaan die reël dat elke gebou afsonderlik moet bestaan waar aangrensende persele deur verskillende eienaars besit word. Dit gee aanleiding tot oneko=nomiese bouwerk aangesien daar nou op die grens tussen twee stand=

plase twee 225 mm mure gebou moet word en die dak vir elke gebou volledig los van mekaar moet kan staan. Wetgewing is dus nodig om private besit van standplase en geboue te bewerkstellig in die geval waar die dak as 'n eenheid oor grense strek en waar die tussenmuur slegs 225 mm dik is en dwarsoor die grens staan.

Winkeleienaars (winkels 1, 2, 3, 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 24 en 25) wat gebruik maak van die algemene diensarea, sal hulle by die bepalings van die dorpsbestuur moet neerlê veral wat net=heid en sindelikheid betref. Bestaande winkeleienaars sal by die toesegging van erwe in 'n nuwe winkelsentrum voorkeurbehandeling ontvang. Winkeleienaars van erwe 4 tot 11 en 19 tot 23 mag na goed=dunke skeidsmure aan weerskante van hulle onderskeie dienserwe oprig.[51] Die bou van die winkelafdak of baldakyn volledig met winkelstoep, binne die raamwerk van die meesterplan, is verplig=tend.

7.4.4.8.6 <u>'n Enkelvlakkige of meervlakkige winkelsentrum</u>

Daar is besluit om die winkelsentrum slegs tot een vlak te beperk om die volgende redes:

(a) Die terrein is groot genoeg om die groter koste van 'n meervlakkige struktuur uit te skakel.
(b) 'n Meervlakkige struktuur op 'n betreklike waterpas=terrein het die neiging om vertikale voetgangersirku=lasie te ontmoedig tensy elektriese hysers en/of rol=trappe voorsien word; en

---

51) Dit word deur 'n stippellyn in bylae N aangedui.

(c) Dienslewering word bemoeilik wanneer goedere ver=tikaal vervoer moet word sonder die gebruik van 'n dienshyser.

7.4.4.8.7 <u>Kantoorruimte</u>

Sodra daar 'n behoefte aan kantoorruimte by die privaatsektor ontstaan, sal een van die nuwe sake-eenhede as dubbelverdieping ontwerp word om die kantore op die eerste verdieping te huisves.

7.4.4.8.8 <u>Stadsaal, administratiewe, munisipale en landdroskan=tore</u>

Hierdie kantore vir Itsoseng is in een gebou saamgevat weens die volgende redes:

(a) 'n Drieverdieping gebou word dikteer deur die landdros=kantoor, wat, ten einde 'n totale bevolking van 77 000 persone doeltreffend te kan bedien, 'n oppervlakte van 17 600 vierkante meter moet beslaan, verdeel in drie verdiepings om 'n doeltreffende sirkulasiepatroon tus=sen hofbeamptes en howe, prisoniers en howe en publiek en howe daar te stel.

(b) In hierdie lig gesien is dit dus onekonomies om van los=staande geboue gebruik te maak weens die hoër koste van dienste, afwerkings en buitemure. Vergelyk die stadsaal waar daar drie buitemure is wat duursaam afgewerk moet word terwyl die vierde muur na die aangrensende lugskag teen die kantoorblok gekeer is.

(c) Daar bogenoemde geboue se funksies noodsaak dat daar noue onderlinge skakeling moet wees, verkort dié eenheid sirkulasie-afstande tussen die verskillende kantore.

(d) Die diensruimte word deur die geboue omsluit en dus volkome geïsoleer. Losstaande geboue sal die gebruik=making van skermmure om die diensruimtes noodsaak.

(e) Een kompleks soos hierdie, waar al die kantore in saamgevat is, sal in hierdie spesifieke geval esteties baie beter vertoon in terme van die skaalbeplanning van die hele terrein.

7.4.4.8.9 Woonstelle

Om te verseker dat sterk koopkrag rondom die sakesentrum gekon=sentreer sal word, word voorsiening gemaak vir drieverdieping woonstelblokke aan die suid-oostekant van die sakekompleks. Hier=die woonstelle sal ook voorsien in die vraag na behuising vir jong getroude pare. Soos hulle behoeftes toeneem, kan hulle dan mettertyd huise bekom. Dit word beoog om die plaaslike bouspan ook vir die oprigting van hierdie woonstelle in te span.

7.4.4.9 Tegniese aspekte

7.4.4.9.1 Ligging van stadsentrum

Ten einde die konsentrasie van besteding in Itsoseng te bewerk=stellig word die stadsentrum so sentraal moontlik geplaas. Wan=neer in aanmerking geneem word dat die dorp met 'n addisionele 500 ha noord van die bestaande eenhede gaan uitbrei, is die hui=dige plasing van die stadsentrum die aangewese oplossing aange=sien dit geleentheid skep vir vernuwing en uitbreiding van die luukse woongebied in 'n noordelike rigting oor die aansluitingspad.

Dit plaas die sentrum op die huidige stadium binne loopafstand van

van die oorgrote meerderheid van die woonerwe, wat die grootste koopkrag sal genereer. Die verste erf in die dorp lê 2 700 meter vanaf die stadsentrum.

7.4.4.9.2 Vervoerkanale

Om te verseker dat daar 'n gedurige toeloop van mense na die stadsentrum en sakekompleks sal wees en sodoende die lekkasie van koopkrag uit Itsoseng te probeer verminder, sal alle open= bare vervoerkanele deur die kompleks gekanaliseer word. Om dit te bewerkstellig, is reeds besluit dat die hoofpad vanaf Polfon= tein, wat noord van die bestaande dorp geleë is, nie geteer sal word nie. Daar is besluit om eerder 'n behoorlik geteerde toe= voerpad deur eenhede 4 en 5 binne die dorp te bou. Hierdie teer= pad sal langs die stadsentrum verbyloop, sodat verkeer gedurig by die sentrum verby sal beweeg. Dit sal die bestaan van die sentrum en die fasiliteit wat dit aanbied gedurig onder die aandag van die inwoners van die dorp en omliggende streke bring. Deur die sentrale busterminus binne die sentrum te plaas, ont= staan daar ook 'n wagperiode wat met busvervoer gepaard gaan, hetsy in die op- of afklimproses, langs die sakesentrum wat dan die geleentheid skep vir besteding in daardie sakesentrum.

7.4.4.9.3 Toevoerpaaie en parkeerruimtes

Die hooftoevoerpad vanaf Lichtenburg word dwarsdeur eenheid 4 geneem om langs die stadsentrum verby te loop. Daar is deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad besluit dat die pad geteer moet word. Dit moet aanvaar word dat, sodra dié pad geteer is, dit sal neig om die motorvervoer daarop te trek. Motorvervoer sal sodoende verby die sentrum gekanaliseer word met die verwagte voordele daaraan verbonde soos reeds beskryf.

Alle parkeerruimtes sal ook van 'n teerblad voorsien word om be= hoorlike parkering in alle klimaatsomstandighede te verseker. Die noord-suid hoofstraat tussen eenhede 3, 4 en 5 sal ook ge= teer word. Dit sal meebring dat die busse uit Polfontein verby die stadsentrum gekanaliseer sal word, aangesien daar dan 'n be= hoorlike teerpad beskikbaar sal wees.

7.4.4.10 <u>Groter erwe vir luukse woonbuurt</u>

Ten einde te verseker dat die stadsentrum nie as 'n beplannings= frats te voorskyn sal tree nie, word die groter woonerwe, langs die stadsentrum aan die noordekant in eenheid 4 aangelê. Dit skep dus 'n sentrale kernstrook van erwe met 'n relatief hoë waardasie waarop alle geboue die relatiewe aantreklikheid van die kern sal verhoog. Daar word ook ruimte gelaat vir toekomsti= ge uitbreiding aan die noordekant oor die pad wanneer 'n behoefte aan verdere groter standplase ontstaan. Aanvanklik is dit egter noodsaaklik dat hierdie relatief hoër inkomegroepe so naby die stasentrum moontlik gekonsentreer word totdat die drumpel van outonome groei deur die sakesentrum oorgesteek is, met ander woorde totdat die lekkasie van koopkrag uit Itsoseng betekenis= loos klein geword het.

Die groter erwe word geplaas aan daardie kant van die stadsen= trumkompleks waar die geraaspeil vir die grootste tydsperiode die laagste sal wees, naamlik langs die stadsaal en die hotel. Verder word die luukse woonbuurt afgesonder van die algemene woonerwe deur bufferstroke soos volg:

(a) aan die oostekant 'n bufferstrook wat as 'n park met bome en grasperke uitgelê word,
(b) aan die suidekant deur twee skoolterreine,

(c) aan die westekant deur 'n dubbellaanteerpad, en
(d) aan die suid-westekant deur die stadsaal, hotel en parkruimte daaromheen.

Die erwe is sentraal tot teenaan die stadsentrumgronde geneem om te voorkom dat verkeer deur die gebied 'n kortpad wil soek. Die grootte van die erwe is oorwegend 40 meter by 20 meter. Waar daar 'n behoefte ontstaan aan groter erwe, kan 'n individu meer as een erf aankoop en dit dan laat konsolideer vir boudoeleindes. Vir die huidige word in die beplanning voorsiening gemaak vir 182 groter woonerwe. Sodra 'n paar luukse wonings opgerig is, sal die strate ook geteer word. Die oopstel vir verkope van op= eenvolgende blokke vir aankoop en boudoeldeindes sal ook die boubedrywighede konsentreer en voorsiening van teerpaaie meer doeltreffend maak. Die aanplant van inheemse bome op sypaadjies om die algemene indruk te verbeter sal ook geskied.

Alhoewel dit uit die voorgaande ekonomiese bespreking en beplan= ning duidelik blyk dat die Wes-Transvaalse Bantoesake-administra= sieraad poog om die strewe na 'n volwaardige Itsoseng sterk op die voorgrond te plaas kan 'n finale woord oor die volwaardigheid nie gespreek word alvorens die funksionele bekleding van Itsoseng bepaal is nie want "... a fundamental trait of both town and city in all ages has been that they are institutional centers (commer= cial, cultural, and administrative) for their surrounding terri= tory".[52)]

---

52) Dickinson. The scope and status of Urban Geography and assesment, p. 11.

7.4.5 Funksionele bekleding van Itsoseng

Alhoewel die verhouding tussen dorpe en hul omgewings verander het na die Industriële Revolusie, het die verandering beslis geen verbreking tussen die twee teweeggebring nie. Hulle is nog steeds onderling afhanklik, ekonomies sowel as sosiaal en vorm so 'n geïntegreerde entiteit. Die bestaan van die een, on= afhanklik van die ander, is byna ondenkbaar, omdat die hoofdoel van stedelike sentra juis die voorsiening van sentrale funksies aan sy omliggende area is. Selfs industriële dorpe en vakansie= oorde, wat die gevolg was van moderne ontwikkelinge het, alhoewel hulle vreemd in oorsprong en uitkyk mag wees van hulle landelike omgewing, hulle dienste beskikbaar gestel aan mense buite hul grense. Feitlik alle dorpe, in hul hoofrol as dienssentra, ongeag die rede van hul totstandkoming, voorsien dus vir 'n bevolking bo en behalwe hul eie.[53)]

Dit is wel moontlik dat die graad van eenheid tussen die twee kan varieer. Indien die verhouding baie los is, kan 'n eensydige ak= sie van die één verreikende reperkussies inhou vir die ander. Indien die verhouding intiem is, sal die een sy stempel ongetwy= feld op die ander afdruk. So kan die natuurlike toestande en die karakter van die mense en hul lewenswyse in die omliggende area grootliks bydra tot die vorming en karakter van 'n stad.

Uit 'n beplanningsoogpunt wys menige skrywer op die totaliteit van

---

53) Green. Community of interest areas: Notes on the hierarchy of central places and their hinterlands.
Smailes. The Geography of towns.

die sentrum en sy diensarea. Smailes[54)] meen dat enige stedelike opname (vir beplanning) wat net beperk is tot die stedelike area (beboude dele) onvolledig en onrealisties is, omdat die twee on= skeidbaar is - beide geografies en sosiaal. Spelt onderskryf ook die stelling van Smailes deur te verklaar dat "If modern town planning wants to measure up to its task, it will have to plan for both city and umland as one unit. Town and umland are only two different aspects of one and the same coherent, whole".[55)] Verskeie faktore kan hierdie eenheid tussen sentrum en diensarea verstewig. Moderne kommunikasies, om maar een faktor te noem, kan 'n dorp grootliks in staat stel om die reikwydte van sy dienste uit te brei. Sodoende kan die omliggende bevolking in direkter kontak met die stedelike lewe en instellings gebring word.

Wat die beplanning van Itsoseng betref, blyk dit dat daar in die beplanning slegs vir die dorp self voorsiening gemaak word en die omliggende streek buite rekening gelaat is. Hierdie leemte in die beplanning van Itsoseng moet gesien word as 'n belangrike struikel= blok in die weg van 'n strewe na 'n volwaardige dorp. Voordat daar nie 'n wisselwerking te weeg gebring word tussen Itsoseng en sy omliggende area nie, sal daar dus geen sprake kan wees van 'n vol= waardige dorp nie.

Von Thünen[56)] wys ook daarop dat 'n ideale diensarea sirkelvormig is, met die sentrum presies in die middel en toeganklikheid moont= lik is in alle rigtings. Soos uit figuur 2 blyk, word Itsoseng van=

---

54) Smailes. The Analysis and delimitation of urban fields, p. 151.
55) Spelt. Towns and umlands, p. 362.
56) Ullman. A Theory of location for cities, soos gepubliseer in Mayer & Kohn.
Readings in Urban Geography, p. 202.

weë sy geografiese ligging vanuit die noordelike, oostelike en suidelike rigtings beperk deur die politieke grens tussen Suid-Afrika en Bophuthatswana. Aangesien politieke grense die moont=likheid van tariefmure laat ontstaan, word Itsoseng se diensarea dus beperk en beantwoord dit beslis nie aan die ideale sirkelvor=mige diensarea soos deur Von Thünen gestel nie. Die vraag ont=staan dus of 'n ekonomiese en funksionele basis vir verstedeliking geskep kan word met so 'n beperkte diensarea. Dorpe wat 'n krag=dadige ekonomiese en sosiale konsentrasie ontwikkel, verkry dit gedeeltelik in samewerking met die betrokke diensarea wat die arbeid, roustowwe en ruimte vir sub-stedelike uitbreidings voor=sien. Terselfdertyd deel die diensarea se bevolking in die fasi=liteite van die dorp en ondersteun die sentrale funksies.


Volgens Perloff en Dodds[57)] het dorpe wat geleë is in omgewings met ryk potensiaal van primêre produkte in die landbou en/of myn=bou en wat baie goed verbind is met sulke markte en wat wye en groeiende funksies het, beslis 'n voorsprong bo dorpe wat nie dieselfde voordele geniet nie. Sulke dorpe sal dus meer groei=krag toon en aan die ander kant kan die ander dorpe moontlik te=kens van kwyning toon.

Aangesien privaat dienste meestal onafhanklik van enige politieke of ander druk is, kan dit blykbaar as 'n goeie parameter gebruik word om die funksionele rangorde van Itsoseng te bepaal. Net soos die feit dat 'n dorp eers van belang word wanneer dit amptelik er=ken is as 'n dorp, is dit ook waar dat die voorsiening van openbare

---

57) Perloff & Dodds. How a region grows: Area development in the U.S. economy, p. 36.

Figuur 2


DIENSAREA VAN ITSOSENG
MAFEKING 2
IDEALE DIENSAREA
SIRKELVORMIG
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA
BOPHUTHATSWANA
BEPERKTE DIENSAREA VAN ITSOSENG
ITSOSENG
POLITIEKE GRENS EN TARIEFMUUR
LICHTENBURG
DITSOBATLA 3

dienste, dit wil sê die erkenning deur regeringsliggame dat 'n sekere dorp geskik is om funksies wyer as bloot aan sy eie en onmiddellike bedieningsgebied te verskaf, van belang is in die funksionele klassifikasie van dorpe. Dit is dus noodsaaklik om beide tipes dienste te gebruik vir so 'n indeling.

By die keuse van kriteria om 'n dorp se invloedsarea te meet, moet die essensiële funksies, hetsy ekonomies of sosiaal, in ge= dagte gehou word. Die verkose kriteria reflekteer dus nie net 'n dorp se vernaamste funksies nie, maar ook dié waarvan die in= woners van die invloedsarea die meeste gebruik maak.

Daar is beslis 'n wye keuse in die bepaling van geskikte kri= teria. Dorpe se ekonomiese funksie sluit onder andere dienste in soos werkverskaffing, die ontvangs, bemarking en verspreiding van produkte en goedere uit die omliggende area en die voorsiening van handels- en ander lewensmiddels. Onder die sosiale funksie voorsien die dorp in gesondheids-, ontspannings- en kulturele dienste en behoeftes. Meer abstrak dien hulle as "... crystalli= sing points of regional and district feeling and thought as well as disseminators of external influences".[58) ] Laastens dien hulle as verkeersknoop van die distrik of streek en is by uitstek die ontmoetingsplek en die fokus van bevolkingsamekoms, "... the hub of its social life, and the clearing-houses of opinions and ideas".[59)]

By die bestudering van die funksionele bekleding van Itsoseng is 'n stelsel van rangordening gevolg. Die orde is bepaal volgens

---

58) Smailes, op. cit., p. 152.
59) Ibid.

dienste wat aan die omgewing gebied word. Inligting vir die be= paling van die rangorde van Itsoseng is verkry deur waarnemings en 'n opname tydens veldwerk. Vir 'n skaal van rangordening is gebruik gemaak van 'n stelsel soos voorgestel deur Borchert en Adams[60)] soos gewysig en aangepas deur die departement Stads- en Streeksbeplanning van die Potchefstroomse Universiteit.[61)] Volgens dié stelsel is dienste wat die algemeenste voorkom, on= der aan die skaal van rangordening geplaas; die volgende net daar= bo ensovoorts. Groothandelsdienste is uitgehou en in die twaalf hoogste posisies geplaas, ook gerangskik volgens frekwensie van voorkoms. Die gevolglike skaal van rangorde toon 62 dienste, op die volgende wyse:

---

60) Borchert and Adams soos aangehaal in: Fox and Kumar : The functional economic area.

61) Alhoewel dié metode ontwikkel en aangepas is vir blankedorpe sal Bantoedorpe ook aan dieselfde standaarde moet voldoen aangesien beplanning vir verstedeliking in die Bantoetuis= lande ook noodwendig beplanning vir ontwikkeling moet beteken.


SKAAL VAN RANGORDENING VAN SENTRALE PLEKKE

Loodgietersgereedskap
Verf
Elektries
Motoronderdele
Ysterware
Aptekersware
Industrieel-gereedskap
Papier
Ru-olie
Tabak en bier
Boumateriaal
Algemeen

Kunssaal
Reisagentskap
Biblioteek
Afdelingswinkel
Kinderklere
Bioskoop
Konstruksiemaatskappy
Klubs
Radio en elektries
Verf, glas en muurpapier
Sportgoedere
Fotograaf
Juwelier
Skoenwinkel
Afslaer
Boekwinkel
Skoolraad
Kruidenier
Bande en batterye
Droogskoonmaker

Bouaannemer
Afdelingsraad
Meul
Drankwinkel
Loodgieter en verkoeling
Ysterware
Apteek
Landdros
Prokureur
Meubels
Hout- en boumateriaal
Mans-, dames- en kinderklere
Dameswinkel
Lykbesorger
Vervoerkontrakteur
Hospitaal
Hoërskool
Eetplek

Dokter
Plaas- en tuingereedskap
Hotel
Koöperasie
*Motorhawe
Vleis, vrugte, groente en melk
Kerk
Polisie
Bank
*Laerskool
*Poskantoor
*Algemene handelaar




*Verpligtend vir tweede en alle hoërrangordes

Itsoseng is in 'n sekere ordegroep geplaas volgens die voor=koms van verskillende soorte dienste en nie volgens die totale aantal diensinstellings nie. Twee motorhawens op 'n plek ver=teenwoordig byvoorbeeld een dienssoort, maar twee diensinstel=lings.

'n Sentrale plek wat nie beskik oor 'n algemene handelaarswin=kel, poskantoor, laerskool en motorhawe nie, word volgens die stelsel, ongeag die aantal instellings, as 'n plek van die eer=ste orde geklassifiseer.

'n Sentrale plek wat vir die tweede orde kwalifiseer, moet ten minste beskik oor ses van die eerste twaalf dienste op die skaal, waaronder 'n algemene handelaarswinkel, poskantoor, laerskool en motorhawe moet voorkom. Hierdie vier dienste moet ook aanwesig wees by alle plekke wat vir hoër rangordes kwalifiseer. 'n Sen=trale plek wat vir die derde orde kwalifiseer, moet ten minste beskik oor 20 van die eerste 30 dienste.

Vir die vierde orde moet 'n sentrale plek ten minste beskik oor 30 van die eerste 50 dienste.

'n Sentrale plek van die vyfde orde moet ten minste beskik oor 40 van die eerste 50 dienste. Verder moet dié plek ook beskik oor ten minste vier groot handeldienste.

'n Sentrale plek van die sesde orde moet ten minste oor 45 van die eerste 50 dienste beskik en oor al 12 die groothandeldienste.

Onderstaande tabel toon die verskillende soorte van dienste, wat op 1 Oktober 1973 in Itsoseng bestaan het.

| Dienssoorte | Aantal |
|---|---|
| Algemene handelaar | 2 |
| Slaghuis | 1 |
| Restaurant en vars produkte | 1 |
| Drankwinkel | 1 |
| Lykbesorger | 1 |
| Bank (Bantoe-Beleggingskorporasie) | 1 |
| Fotograaf | 1 |
| Motorhawe | 1 |
| Poskantoor | 1 |
| Landdros | 1 |
| Laerskool | 2 |
| Hoërskool | 2 |

Itsoseng kan dus in die tweede orde geplaas word aangesien daar gedurende 1973 elf dienssoorte aanwesig was. Alhoewel Itsoseng in die tweede orde geplaas word, kan op hierdie stadium die voorsie= ning van huisvesting aan mense as hooffunksie gesien word.

Soos reeds aangetoon het 'n dorp egter nie net die funksie van residensie nie; daar is ook ander basiese funksies wat Itsoseng moet kan lewer. Tot op datum is die inwoners feitlik uitsluitlik in die Blanke gebied werksaam. Slegs 'n klein persentasie word in die dorp self van werksgeleenthede voorsien. Itsoseng vind ook nog geen aansluiting by sy omgewing nie. 'n Oplossing vir hierdie probleem sal gevind moet word aangesien die bestaan van 'n dorp, onafhanklik van sy omgewing, baie onwaarskynlik is, omdat die hoof= doel van stedelike sentra juis die voorsiening van sentrale funk= sies aan sy omliggende area is. Funksioneel en struktureel is Itsoseng nog 'n Bantoewoonbuurt van 'n aangrensende Blanke gebied. Op sigself kan dit nog nie bestaan nie en is dit 'n ekonomiese aan=

hangsel van 'n Blanke gebied. Henning stel dit dan ook so: "Hier=by moet in gedagte gehou word dat dit nie om die residensie per se moet gaan nie. Die mense moet ook hulle brood daar verdien".[62]

Ten opsigte van sy administratiewe funksie is Itsoseng nog Blank=beheerd. Alhoewel Blanke beheer op hierdie stadium noodsaaklik is, behoort die inwoners self 'n geleentheid tot bestuurserva=ring te kry. Dit is belangrik om daarop te wys dat administrasie as stedelike groeipunt nie beteken administrasie van die dorp ter wille van homself nie, maar 'n administratiewe sentrum van 'n veel groter gebied.

Gunnar Myrdal[63] wys daarop dat die aantrekkingskrag van baie stedelike kerns aanvanklik bloot historiese toevallighede was - 'n suksesvolle projek is byvoorbeeld begin terwyl dit net sowel op enige ander plek begin kon gewees het. Daarna is daar egter baie faktore (waarvan die beskikbaarheid van geskoolde arbeid en goeie kommunikasies maar net twee is) wat bepaal welke kern gaan groei en welke staties en/of kwynend gaan word. Op die huidige stadium is die tekort aan geskoolde arbeid 'n stremmende faktor in die ontwikkeling van Itsoseng en sy funksies.

Wat sy handelsfunksies betref, speel Itsoseng nog 'n onbeduidende rol. Die geld wat buite die dorp in die Blankbeheerde gebied ver=dien word, word nie alles weer binne die dorp bestee nie. Daar is reeds gewys op die feit dat die inwoners nog te veel geneig is om in Lichtenburg te koop. Daar is geen groothandelaars in die dorp nie. Die handelaars in Itsoseng kan as gevolg van mededingende han=del van Lichtenburg, asook beperkte kapitaal, nie groot voorrade

---

62) Henning, op. cit., p. 240.
63) Myrdal. Rich lands and poor, p. 27.

aanhou soos gevestigde besighede in Lichtenburg nie.

Onderwysfasiliteite word goed voorsien, en in hierdie opsig lewer Itsoseng reeds 'n basiese diens aan sy inwoners.

Aangesien Itsoseng nog in die beginstadium van sy ontwikkeling is, kan nie verwag word dat alle funksies van 'n volwaardige dorp reeds aanwesig sal wees nie. Om egter te voorkom dat dit vir altyd net 'n Bantoewoondorp met beperkte funksies sal bly, sal daar in die toekoms nog groeipuntskeppende instellinge en ak= tiwiteit in meerdere mate ontwikkel moet word. Die ekonomiese afhanklikheid van die Blanke sektor sal verminder moet word met gepaardgaande selfstandigheid deur die daarstelling van sekondêre bedrywe. "Dit moet met ander woorde nie net as arbeidsreservoir vir die Blanke gebied dien en 'n eiland in die tuisland bly nie, maar ook 'n funksionele betekenis vir sy hinterland hê".[64)]

Die gevaar bestaan egter dat Bantoedorpe in die Bantoetuislande naby die grense tuislandgerigte administrasie op die lange duur negatief kan beïnvloed want "... eweneens kan die grensnywerhede en die Bantoedorpe in die Tuislande naby die grense nie beskou word as verstedeliking van die tuisland nie - hulle is slegs aanhang= sels van die Blanke ekonomie en bring nog weinig ontwikkeling bin= ne die Tuisland".[65)] Tuislandgerigte administrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede kan alleenlik slaag indien die Bantoetuis= lande ontwikkel tot ekonomiese onafhanklike lande.

---

64) Henning, op. cit., p. 243.
65) Page. Die opkoms van 'n stadstruktuur vir die Bantoetuis= lande, p. 2.

### 7.4.6 Vervoer

Alhoewel die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad Itso=seng probeer ontwikkel tot 'n organies lewende dorp sal daar nog vir 'n geruime tyd 'n groot aantal van die inwoners afhanklik wees van werkgeleenthede in die Blankbeheerde gebiede. Die daag=likse vervoer en naweekse vervoer van Bantoes tussen Itsoseng en hulle werkgeleenthede in die Wes-Transvaalse Bantoesake-ad=ministrasiegebied, bied egter groot moontlikhede om die uitbrei=ding van die aantal Bantoegesinne wat in die Bantoesake-admini=strasiegebied woon, te verminder.

Die daaglikse vervoer van Bantoes vanuit Itsoseng na hulle werk=geleenthede in die Blankbeheerde gebiede, kan slegs gedoen word vir enkellopende Bantoes wat tans in Blankbeheerde gebiede woon=agtig is, vir Bantoes met gesinne in Blankbeheerde gebiede met die veronderstelling dat die Bantoegesin in geheel gevestig word in Itsoseng, en vir Bantoes wat reeds in Itsoseng of die tuisland woonagtig is en wie se werkkrag benodig word in die uitbreidende arbeidsbenodigdhede in die Blanke gebied.[66] Met die hervestiging van Bantoes in Itsoseng en ander dorpe in die Bantoetuislande moet daar dus voorsiening gemaak word vir daaglikse en naweekse ver=voer na en van die tuislande. Op die oomblik word 2 200 werkers daagliks per bus na Lichtenburg vervoer. Aangesien daar nou ook reeds 200 gesinne uit ander Wes-Transvaalse gebiede in Itsoseng gevestig is en daar ook verder gesinne hervestig word teen 'n tem=

---

66) Streng gesproke moet vir laasgenoemde egter voorsiening gemaak word in grensnywerhede en in die tuisland self.

po van tussen 15 en 20[67] gesinne per week, het die voorsiening van naweekvervoer dringend noodsaaklik geword.[68]

67) Dit was die hervestigingsgetal gedurende Februarie 1973.
68) In hoofstuk 8 word aanbevelings gedoen in verband met die daaglikse sowel as naweekvervoer.

## HOOFSTUK 8

## BEVINDINGS EN ENKELE AANBEVELINGS

In die voorafgaande hoofstukke is 'n breë uiteensetting gegee van verskillende faktore wat invloed kan uitoefen op die proses van tuislandgerigte administrasie van Bantoes in Blankbeheerde ge= biede. Dit moet duidelik gestel word dat baie van die faktore wat in daardie hoofstukke aangeraak is, hulle leen tot 'n verdere afsonderlike ondersoek wat hier nie onderneem is nie omdat dit die navorsingswerk te ver op ander vakterreine as dié van die na= turelleadministrasie sou gelei het. Dit was nie wenslik en moontlik om binne die raamwerk van hierdie proefskrif in volle besonderhede op al daardie faktore in te gaan nie. Nogtans is dit moontlik om uit die reeds verstrekte en verwerkte gegewens, seke= re basiese gevolgtrekkings te maak.

Wanneer Bantoeadministrasie buite die Bantoetuislande geëvalueer word, wil dit voorkom, veral wat die Blankbeheerde stedelike ge= biede betref, asof daar nie groot vordering gedurende die afgelo= pe vyftig jaar gemaak is nie. Dié stagnasie kan grootliks toege= skryf word aan die beheptheid met die idee dat die Bantoes in Blankbeheerde gebiede, plattelands en veral stedelik, as "tydelik" gesien kan word.[1)] Daar was verder, en is beslis, nog die hoop

---

1) Waar daar in vorige hoofstukke verwys is na die "tydelikheid" van die Bantoe in Blankbeheerde gebiede sluit dit hoofsaaklik die volgende begrippe in:
   (a) die erkenning van die feit dat die Bantoes wat hul in die Blankbeheerde gebiede bevind, 'n integrale deel uitmaak van een van die Bantoevolke in Suid-Afrika. Geen erkenning word verleen aan die gedagte dat die Bantoes in Blankbeheerde ge= bied as 'n eie afsonderlike groep lós van dié in een van die Bantoetuislande beskou word nie,
   (b) die Bantoe mag in Blankbeheerde gebiede geen gevestigde reg= te verkry nie, en
   (c) die aanwesigheid van die Bantoe in Blankbeheerde gebiede hou oorwegend verband met die aanbieding van sy arbeid teen ver= goeding.

dat groot getalle Bantoes uit Blankbeheerde gebiede met die industrialisering en algemen ontwikkeling van die Bantoetuislande daar hervestig kan word.

Hierdie hervestiging van die Bantoes vanuit Blankbeheerde gebiede is egter in die verlede tot 'n groot mate gedwarsboom deur die verbod op Blanke kapitaal in die Bantoetuislande. Daar moet be=sef word dat die Bantoes op die stadium nie oor die kapitaal, vernuf of ondernemingstradisie beskik om nou al grootskaalse ont=wikkeling in hulle eie gebiede aan te pak nie. Daarby is die daar=stelling van sodanige ontwikkeling van staatsweë alleen nie bevre=digend nie. Intussen is juis in die sestiger-hoogtyjare, Blanke nyweraars toegelaat om vryelik nywerhede in Blankbeheerde gebiede uit te brei, wat weer honderde duisende Bantoes na die gebiede getrek het. Sodoende het Bantoegetalle in Blankbeheerde Suid-Afri=ka sterk toegeneem.

Vandag moet daar met die situasie van groot getalle Bantoes in Blankbeheerde gebiede beplan en saamgeleef word. Dit moet aan=vaar word dat die Bantoes in Blankbeheerde Suid-Afrika nog baie jare aanwesig gaan wees - miskien selfs vir altyd. Dit is onver=mydelik. Baie van dié Bantoes groei tot 'n hoër sosio-ekonomie=se klas, wat op sy beurt 'n verhoging van die behoeftes aan ge=riewe wat aanpas by die beskawingspeil van die mense, meebring.

Afgesien van frustrasie en vernederende ongerief, is gebrekkige geriewe 'n afspringplek vir onrus en opstand, wat weer 'n nega=tiewe invloed op die proses van tuislandgerigte administrasie kan uitoefen. Meer nog in Suid-Afrika is 'n groeiproses na 'n verhoudingspatroon aan die gang, 'n proses waarin menswaardigheid en naasbestaan sodanig uitgebou moet word dat daar in die afson=derlikheid tog sover moontlik met gelyke mate gemeet moet word.

Van die een groep mag nie verwag word om tevrede te wees met minder as die ander groep nie.

Dit is vernederende diskriminasie wat gebou is op minagting van die regte en behoeftes van ander. Daardeur word afsonderlike ontwikkeling en die daarmee gepaardgaande proses van tuisland=gerigte administrasie verdag gemaak as 'n stelsel wat onder=worpenheid en belediging van die Bantoes wil vestig. Die uit=skakeling van hierdie soort diskriminasie is 'n wesenlike konse=kwensie en groeipunt van die beleid van afsonderlike ontwikkeling.

Die aanwesigheid van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede het nog dringender na vore getree met die huidige opkoms van nuwe swart politieke mag in die vorm van die tuislandowerhede en die toekomstige onafhanklikwording van die Bantoetuislande. Daar moet nou heel realisties begin word om iets te doen om die posisie van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede op 'n gesonde grondslag te plaas. Hier kan die Bantoesakeadministrasierade 'n belangrike bydrae lewer deur die daarstelling en toepassing van die volgende:

(a) hotelle waar besoekende Bantoes in Blankbeheerde ste=delike gebiede kan oornag;
(b) ontspanningsgeriewe en eetplekke vir Bantoes in Blank=beheerde stedelike gebiede;
(c) sportterreine vir Bantoes in hulle eie en in Blankbe=heerde gebiede waar nodig;
(d) die koördinasie van die vervoer van Bantoes in en om Blankbeheerde gebiede sodat oorvleueling uitgeskakel kan word;
(e) koördinasie van gesondheidsdienste in samewerking met die Departement van Gesondheid en
(f) die uitvoering van 'n tuislandgerigte administrasie in Blankbeheerde gebiede.

In die nuwe konstellasie van politieke mag in Suid-Afrika kan daar nie meer net stil gestaan word by die gedagte of "formule" dat die Bantoes eenvoudig "tydelik" in Blankbeheerde gebiede is nie.

Die hele vraagstuk van Bantoes in Blankbeheerde gebiede en die daarmee gepaardgaande toepassing van 'n tuislandgerigte admini= strasie deur die Bantoesake-administrasierade sentreer om twee kardinale punte, naamlik:

(a) dat die Bantoes nog vir baie jare in Blankbeheerde gebiede aanwesig sal wees en
(b) dat dié Bantoes in Blankbeheerde gebiede onbetwisbaar aan hulle onderskeie tuislande verbonde bly.

Suid-Afrika worstel nie meer met 'n rassevraagstuk nie. Dit het nou 'n ernstige volkeretaak geword waarin ook aan die verskillen= de Bantoevolke bestaansreg gegee word as afsonderlike entiteite met eie gebiede, eie ekonomie en ten slotte eie burgerskap.[2)] As gevolg van die feit dat baie Bantoes oor die jare heen 'n ty= delike heenkome in die Blankbeheerde gebiede gevind het, het die verkeerde siening ontstaan dat 'n inheemse volk verdeel kan word in twee groepe: een wat aan 'n bepaalde volksgemeenskap in 'n be= paalde tuisland verbonde is en 'n ander ontstamde groep wat hulle in die Blankbeheerde gebiede bevind. Volkslidmaatskap word egter nie so maklik van 'n persoon weggeneem nie. Inteendeel, 'n eie volkstaal, kultuur en norme, wat van ouer op kind oorgedra word,

---

2) Volgens die Wet op die Burgerskap van Bantoetuislande, 1970, Wet no. 26 van 1970.

maak van 'n kind 'n volwaardige lid van sy bepaalde volk. Volgens afkoms moet dus erkenning verleen word aan die volkslidmaatskap en burgerskap van individue. In die praktyk vind ons dat bur= gers van byvoorbeeld Lesotho en Botswana wat in die Blankbeheer= de stede en dorpe van Suid-Afrika leef en werk, nogtans hulle po= litieke regte in hulle tuislande uitoefen en burgers van daardie state bly. Dieselfde beginsel moet ten opsigte van alle opkomen= de Bantoestate in Suider Afrika gehandhaaf word.

Bantoesake-administrasierade kan in die toepassing van 'n tuis= landgerigte administrasie veel bydra om die volksbewussyn van die individuele Bantoe in Blankbeheerde gebiede te stimuleer. Volkslidmaatskap of burgerskap is 'n saak wat met status beklee moet word. Amptenare van Bantoesake-administrasierade moet by die Bantoe die besef tuisbring dat 'n persoon wat burgerskap van 'n bepaalde tuisland hoog ag en aanvaar, met veel groter gemak as gelyke aanvaar en ontvang kan word as diegene wat meen dat bur= gerskap van die Blanke staat hulle bokant hulle eie mense sal ver= hef.

Aangesien die stelsel van kontrakarbeid ook nou uitbrei en Bantoe-owerhede meer en meer beheer begin uitoefen oor uitstroming, moet Bantoesake-administrasierade toesien dat persone sonder burgerskap van hulle eie land uit die aard van die saak nie toegelaat moet word om in die Blankbeheerde gebiede te kom werk nie. Waar groot nuwe projekte aangepak word, soos die Saldanhaprojek, sal dit baie verkeerd wees om Bantoes daar hoegenaamd in diens te neem wat nie burgerskap het en met die medewete en medeverantwoordelikheid van hulle regerings daarheen kom nie. Bewys van burgerskap moet so gou as moontlik 'n algemene vereiste vir indiensneming gemaak word.

In die uitvoering van 'n tuislandgerigte administrasie en die daarmee gepaardgaande stimulering van die volksbewussyn van die

Bantoes in Blankbeheerde gebiede is dit ook 'n teenstrydigheid om 'n bepaling soos artikel 10 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsclidasiewet, 1945, nog te handhaaf. Alhoewel dit geen bur= gerskap of besondere burgerregte aan Bantoes in Blankbeheerde gebiede verleen nie, skep dit tog verwagtings by hulle wat nie verwesenlik sal kan word nie, en wat op die duur tot ontevreden= heid en onrus aanleiding kan gee. Dit sal die uitvoering van tuislandgerigte administrasie en die aanvaarding van burgerskap teëwerk en politieke aktiwiteit, soos die stigting van partye om hulle vir politieke mag in die Blankbeheerde gebiede te bey= wer, stimuleer. Die reg van Bantoes om in Blankbeheerde stedelike gebiede te bly word oënskynlik streng beperk deur artikel 10(1)(c) ten einde permanente vestiging in Blankbeheerde gebie= de aan bande te lê.

Kragtens artikel 10(1), gelees met subartikel (4), is dit 'n oor= treding vir 'n Bantoe om in 'n voorgeskrewe gebied te bly vir langer as twee-en-sewentig uur, tensy hy bewys lewer dat hy ge= regtig is om daar te bly uit hoofde van een van die vrystellings in sub-paragrawe (a) tot (d) van sub-artikel (1) genoem. Die enig= ste vrystelling wat spesifiek op Bantoevrouens van toepassing is, is dié genoem in sub-paragraaf (c) wat bepaal dat "... sodanige Bantoe die vrou, ongetroude dogter of seun onder die ouderdom waarop hy aanspreeklik word vir algemene belasting... is van 'n in paragraaf (a) of (b) van hierdie sub-artikel bedoelde Bantoe en na 'n wettige binnekoms in daardie voorgeskrewe gebied, gewoon= lik by daardie Bantoe in daardie gebied woon".[3)]

---

3) Die sinsnede "... na 'n wettige binnekoms in daardie voorge= skrewe gebied..." is in 1964 ingevoeg. Dit blyk dus dat daar toe probeer is om 'n wettige verbod op die binnekoms van so= danige Bantoevrouens vir langer as 72 uur te plaas.

Die praktyk het egter bewys dat wat aanvanklik as beperking be= doel was, hedendaags die grondslag vorm vir aanspraak op perma= nente vestiging in Blankbeheerde stedelike gebiede. Steeds meer Bantoes kwalifiseer jaarliks kragtens artikel 10 om op grond van dienstermyn of verblyfperiode tot die "bevoorregte klas van per= manente inwoners" gereken te word. Dit het 'n ideaal geword waarna baie Bantoe strewe en hulle word deur mede "stedelike Bantoes" in Blankbeheerde gebied ontmoedig om selfs vir kort periodes na die tuislande terug te keer aangesien dit hulle kan= se om eendag te kan kwalifiseer, verswak.

Hierbenewens blyk dit ook nou, dat die vrou van 'n kwalifiserende Bantoe geregtig is om 'n voorgeskrewe gebied binne te kom en sonder permit by haar man mag bly solank as die man geregtig is om in die gebied te bly en solank as sy "gewoonlik by hom woon".[4)]

In die saak S. v. Mjakuca: 1967(3) S.A. 352(c) het die hof beslis dat geen uitdruklike toestemming nodig is om 'n Bantoevrou te magtig om in 'n voorgeskrewe gebied te bly indien haar man krag= tens artikel 10(1)(b) geregtig is om in die gebied te bly nie, mits hulle gewoonlik saam woon in 'n struktuur wat hulle wettiglik mag bewoon. Dit kan dus gestel word dat daar niks in die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, is wat sodanige Bantoevrou verhinder om by haar man in 'n voorgeskrewe gebied te kom woon nie, mits hulle in 'n hut of huis woon wat hulle wettiglik mag be= woon. Die sinsnede "gewoonweg saam woon" beteken volgens ander hofuitsprake[5)] niks meer nie as dat hulle wettiglik geregtig is om

4) S. v. Mjakuca: 1967(3) S.A. 352(c).
5) Vergelyk byvoorbeeld S. v. Mapheele, S.A. 651 (A.D.) en S. v. Mlisa, 1967 (2) S.A. 397(c).

die huis waarin hulle woon te bewoon.

Dit wil dus voorkom asof die sinsnede "na 'n wettige binnekoms in daardie voorgeskrewe gebied" wat in 1964 deur die wetgewer by artikel 10(1)(c) ingevoeg is, in praktyk geen betekenis het met betrekking tot Bantoevrouens nie, aangesien daar geen wetti= ge verbod op binnekoms geplaas word in die Wet nie. By implika= sie beteken dit dan ook dat

(a) enige Bantoevrou onder die 72 uur grasietydperk 'n voorgeskrewe gebied kan binnekom om by haar man, wat vir permanente verblyf in daardie gebied kwalifiseer kragtens artikel 10(1)(a) of (b) van die Wet en oor huisvesting beskik wat hulle wettiglik geregtig is om te bewoon, aan te sluit met die doel om in die toekoms gewoonlik saam met hom daar te woon;

(b) 'n ongetroude Bantoevrou onder dekking van die 72 uur grasietydperk of met 'n besoekerspermit 'n voorgeskre= we gebied kan binnegaan, en terwyl sy daar is, met 'n Bantoe trou wat vir permanente verblyf kwalifiseer en oor wettige huisvesting beskik en daarna aanspraak kan maak op verblyfregte kragtens artikel 10(1)(c) en dat

(c) 'n getroude Bantoevrou 'n voorgeskrewe gebied met 'n besoekerspermit kan binnegaan en daarna van plan kan verander en besluit om haar permanent by haar kwalifi= serende man, wat oor huisvesting beskik, te vestig.

'n Verdere afleiding wat uit die voorgaande gemaak kan word is dat ook die "ongetroude dogter of seun onder die ouderdom waarop hy aanspreeklik word vir algemene belasting" sowel as 'n tweede of meer vrouens met hulle kinders by so 'n kwalifiserende Bantoe mag kom bly sonder permit en dat hulle dus nie vir sodanige ver=

blyf suksesvol vervolg sal kan word kragtens artikel 10(4) nie.

Hierteenoor is die amptelike beleid van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling dat Bantoevrouens, wat voor= nemens is om in voorgeskrewe gebiede te gaan bly, toestemming kragtens artikel 10(1)(d) van die Bantoe (Stadsgebiede) Konso= lidasiewet, 1945 moet verkry van die betrokke Bantoesake-admini= strasieraad en word van beamptes verwag om permitte te weier waar die toelating van Bantoevrouens gevare van permanente vestiging inhou. Dit is dus nie in belang van die verklaarde staatsbeleid dat die vrouens en kinders van kwalifiserende Bantoes toegelaat word om in voorgeskrewe gebiede te vestig nie.

Die vraagstuk waarvoor Bantoesake-administrasierade as gevolg van die voorgaande vertolking van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsoli= dasiewet, 1945 te staan kom, is dat dit baie gou onder die Ban= toebevolking bekend raak en tot gevolg het dat Bantoevrouens en hulle kinders ongehinderd by hulle kwalifiserende mans kan kom woon. Die geringe mate van beheer wat Bantoesake-administrasiera= de daaroor het (in die vorm van huisvesting wat goedgekeur moet wees) is nie voldoende om vestiging van sodanige families te ver= hoed nie.

Om reg te laat geskied aan die Wet op die Administrasie van Ban= toesake, 1971 en die Bantoesake-administrasierade wat daardeur tot stand gekom het, behoort daar van owerheidsweë nogeens ern= stig besin te word oor die bestaan van enige wetsbepaling wat die moontlikheid van verdere permanente vestiging van Bantoegesinne in Blankbeheerde gebiede inhou en waardeur 'n tuislandgerigte Ban= toeadministrasie verydel word. Die toekenning van die reg van ou= tomatiese binnekoms aan Bantoevrouens met die klaarblyklike doel van permanente verblyf in die Blankbeheerde gebiede hou 'n morele

reg in vir hulle en hul nageslagte op uiteindelike volle deelname aan die politieke, ekonomiese en sosiale samelewing in daardie gebied. Hoe langer daardie reg van vrye binnekoms en gevolglike permanente vestiging behou bly, hoe meer teenkanting sal ondervind word van persone van wie dit ontneem word. Dit het dus in die lig van die beleid van afsonderlike ontwikkeling uiters noodsaaklik geword dat die geleenthede vir verwerwing van verblyfregte deur Bantoes in Blankbeheerde gebiede moet ophou om te bestaan. Die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, moet dus gewysig of vervang word om by die beleid van afsonderlike ontwikkeling aan te pas.

Dit word toegegee dat die wettige regte van families wat reeds tot die "permanent gevestigde elite" behoort, hulle nie sonder meer ontneem kan word nie. Daar kan egter niks mee verkeerd ge=vind word dat 'n potensiële moontlikheid tot permanensie in Blankbeheerde gebiede vir nie-kwalifiserende Bantoes nie meer sal bestaan nie. Daarom word voorgestel dat artikel 10(1)(c), van die Bantoe(Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, in sy huidi=ge vorm geskrap en vervang moet word met 'n bepaling wat slegs die regte beskerm van Bantoes wat reeds tot 'n bepaalde datum daar=kragtens kwalifiseer. Na daardie datum moet enige verdere moont=likheid om ingevolge 'n wetsbepaling vir permanente vestiging te kwalifiseer nie bestaan nie.

Tuislandgerigte Bantoeadministrasie moet aanvullend wees by die ontwikkeling en administrasie van die Bantoetuislande en hulle dorpe, maar solank as die wetgewende masjinerie op 'n wyse soos hierbo aangedui, die Blankbeheerde gebiede tot permanente tuiste van groot getalle Bantoes maak, sal teorie en praktyk steeds ver=der uiteen beweeg en kan die uitvoering van tuislandgerigte admi=nistrasie grootliks bemoeilik word. Enige nuwe wetgewende maat=reël ten opsigte van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede behoort

gefundeer te wees op die beginsels vervat in die Wet op Bantoe-owerhede, 1951, die Wet op Bevordering van Bantoeselfbestuur, 1959, en die Wet op die Burgerskap van Bantoetuislande, 1970. Hierdeur sal die uitvoering van 'n tuislandgerigte administrasie ten opsigte van Bantoes in Blankbeheerde gebiede heelwat verge= maklik word.

Die afgelope aantal jare het daar heelwat pleitbesorgers vir die standpunt dat die Bantoes in Blankbeheerde stedelike gebiede aan= vaar moet word as volle burgers van Blanke Suid-Afrika, na vore getree. Netso verkeerd as die standpunt oor "tydelikheid" word daar deur hierdie mense met woorde gespeel en gesê dat die Ban= toes in Blankbeheerde stedelike gebiede "permanent" hier is. Die een stelling is net so betekenisloos soos die ander. Want hier gaan dit nie hoofsaaklik oor permanentheid of tydelikheid nie, maar oor politieke regte. Die hele kwessie van politieke regte moet egter sodanig hanteer word dat dit nie aanleiding sal gee tot die oorheersing van die een groep oor 'n ander nie. Indien die Bantoe in Blankbeheerde gebiede politieke regte sou verkry, kan dit slegs een resultaat tot gevolg hê, naamlik die oorheersing van Bantoe oor Blanke want dis eenvoudig 'n feit dat die "stedelike" Bantoe die Blanke getalle heelwat oortref.[6)]

Deur die Bantoe in Blankbeheerde stedelike gebiede te wil laat aansluit by die Blanke nasie wat politieke regte betref, maak voorts ook onsin van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en 'n daarmee gepaardgaande tuislandgerigte administrasie. Dit is dus baie duidelik dat, wat hulle politieke regte betref, die Ban=

---

6) Vergelyk hoofstuk 1.

toe in Blankbeheerde gebiede aansluiting moet vind by hulle on= derskeie tuislande.

Die grootste uitdaging waarvoor die Bantoesake-administrasierade in die uitvoering van 'n tuislandgerigte administrasie te staan kom, is dan nou die vraag van hoe die posisie van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede bestendig en ontplooi kan word tot 'n situasie waar dit vir Blanke sowel as Bantoe bevredigend en aanneemlik is. Dit wil sê nie alleenlik ten opsigte van die uit= oefening van politieke regte nie maar ook die voer van 'n ordelike en menswaardige bestaan.

In die uitvoering van die bovermelde belangrike taak, het dit nou ook noodsaaklik geword dat 'n permanente kommissie of lig= gaam in die lewe geroep moet word wat die verskillende Bantoe= sake-administrasierade van die nodige advies en leiding kan be= dien. Hierdie liggaam moet ook toesien dat daar 'n eenvormige tuislandgerigte administrasie deur die verskillende Bantoesake-administrasierade uitgevoer word. Hierdie liggaam moet los staan van die huidige Departement van Bantoe-administrasie en -ontwik= keling, wat hom dan uitsluitlik moet besig hou met die ontwikke= ling van die Bantoetuislande. Dit sal goed wees as die huidige regering en sy opposisie die hele kwessie van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede uit die politieke arena wil wegneem en ge= meenskaplike gronde vir samewerking kan kry om die probleme te oorkom. Dit kan gedoen word soos wat dit al die geval is met landsveiligheid en met Suidwes-Afrika. Uit optredes en verkla= rings[7] blyk dit egter dat waar lede van die opposisie op Ban=

7) Die Vaderland. Woensdag, 27 Junie 1973, p. 3; Die Vaderland. Vrydag 20 Julie 1973, p. 4.

toesake-administrasierade dien, hulle party hierdie mense se posisies gaan misbruik. Dit sal dus slegs probleme oplewer indien die opposisie verteenwoordiging verkry in so 'n permanente lig=gaam wat moet toesien dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling en die daarmee gepaardgaande tuislandgerigte administrasie deur=gevoer moet word.

Daar bestaan ook geen regverdiging vir die pleidooie dat Bantoes verteenwoordiging op die verskillende Bantoesake-administrasie=rade moet verkry nie. Die Bantoesake-administrasierade is Blanke instellings wat daargestel is om Bantoes in Blankbeheerde ge=biede se sake vir hulle te administreer. Die rade funksioneer uitsluitlik in Blankbeheerde gebiede en daarom kan geen Bantoes op die rade dien nie. Die nodige konsultasie met Bantoes is eg=ter wel nodig en vind reeds plaas. Dit moet besef word dat die Bantoes in Blankbeheerde gebiede nie 'n volk is nie maar 'n deel van 'n volk. Stedelike Bantoewoongebiede word etnies ingedeel in eenhede waar lede van die verskillende volksgroepe saamwoon. Dit word gedoen met die oog op volksbou, aangesien dit bevor=derlik is vir die handhawing van verskillende Bantoevolke. Aan=gesien die behoeftes van die verskillende etniese eenhede verskil=lend is, sal 'n Bantoe wat op 'n Bantoesake-administrasieraad dien, dus nie verteenwoordigend kan optree nie.

Dit is ook belangrik om daarop te wys dat die bestaande stelsel van "sambreel" stedelike Bantoerade en adviserende Bantoekomi=tees aangepas sal moet word by die daarstelling van Bantoevolke en die beginsel dat die Bantoe hoofsaaklik ter wille van sy ar=beid in Blankbeheerde gebiede is. Die stelsel van volksverteen=woordigende rade naamlik, verteenwoordigers van die verskillende Bantoevolke in Blankbeheerde gebied as kommunikasiemedia tussen volk en volksgenoot, kan as 'n doeltreffende en positiewe vervan=gende stelsel vir die bogenoemde twee uitgediende stelsels, dien.

Die volksverteenwoordigende rade sal egter nie naas die twee be= staande instansies, naamlik stedelike Bantoerade en adviserende Bantoekomitees, tot sy reg kan kom nie. Diplomatieke skakeling van owerhede met hulle onderdane in Blankbeheerde gebiede moet op 'n veel hoër vlak kom as tans en groter erkenning geniet. Dit sal 'n onbegonne taak wees solank stedelike Bantoerade en adviserende Bantoekomitees bly voortbestaan. Dit is instellings wat op pluralisme gegrond is, wat in beginsel onverdedigbaar is en in die pad staan van werklike gesonde skakeling met die tuislandowerhede.

Skakeling tussen die tuislandowerhede en hulle onderdane in die Blankbeheerde gebied kan ook heelwat vergemaklik word deur die sonering van arbeid. Alhoewel die Tswanavolksgroep 72 persent van die Bantoebevolking van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad uitmaak, moet daar gepoog word om hierdie persentasie Tswana's deur middel van die toepassing van 'n streng beleid van sonering van arbeid te verhoog. Dit is onwenslik in die uitvoering van 'n tuislandgerigte administrasie om lede van alle volke oral toe te laat. Tuislandgerigte administrasie kan ook baie vergemaklik word indien die huisvesting van verskillen= de volksgroepe in Blankbeheerde gebiede in die toekoms al verder van mekaar af geleë kan wees.

Deur middel van stad-tuislandskakeling is daar in die Wes-Trans= vaalse Bantoesake-administrasiegebied daarin geslaag om volks= gebondenheid van die Bantoe te verstewig. Wat bestempel is as volksbewustheid - in teenstelling met geografiese grense - is bewys as werklik en effektief, en omdat die volksentiment so 'n sterk faktor in menslike verhoudinge is, sal dit vir baie jare in die toekoms nog so bly. Aangesien die Wet op die Administrasie van Bantoesake 1971, in artikel 11(5) voorsiening maak dat Ban=

toes wat buite 'n voorgeskrewe gebied val, ook onder beheer van 'n Bantoesake-administrasieraad kan kom, is dit dringend nood=saaklik dat die nie-stedelike Bantoe in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasiegebied ook onder beheer van die raad kom. Sodoende kan Bantoes buite stedelike gebiede of voorge=skrewe gebied in Wes-Transvaal dieselfde aandag kry ten opsigte van tuislandskakeling en volksbewusmaking as dié in stedelike gebiede. Daardeur sal die Wes-Transvaalse Bantoesake-administra=sieraad ook arbeidsdistribusie sodanig kan beheer dat naas 'n beter korrelasie tussen aanbod en aanvraag, ook bevolkingsver=spreiding op 'n streeksgrondslag beplan en beheer sal kan word.

Indien die oorgrote meerderheid van die Bantoebevolking egter in die Blankbeheerde gebiede gevestig raak sonder fisieke kontak met die tuislande sal die etniese bande mettertyd al hoe meer verbreek word. So 'n ontwikkeling sal die hele begrip van tuis=landgerigte administrasie en veelvolkigheid bedreig. Soos aan=gedui is die bande met die tuislande op die oomblik nog sterk, en kan dit vir 'n geruime tyd nog so bly. Dit is die regering en die Bantoesake-administrasierade se grasietydperk, en dit moet só benut word dat die opkomende Bantoestate die geestelike tuis=tes van al hulle burgers en die fisieke tuistes van die meeste van hulle bly. Dit verg vasberader optrede op 'n omvattender en duurder skaal as wat in die verlede onderneem is. Van die prioriteite is 'n versnelde ekonomiese ontwikkeling van die tuis=lande; geleenthede vir hulle burgers binne hulle grense, en nie daarbuite nie; nywerheidsdesentralisasie, en 'n vervoerom=wenteling wat groot getalle Bantoewerkers in staat sal stel om in Blankbeheerde gebiede te werk terwyl hulle daagliks of week=liks na hulle eie lande kan terugreis.

Aangesien die suksesvolle toepassing van die beleid van afsonder=

like ontwikkeling tot 'n baie groot mate afhang van die wyse waarop die tuislande ontwikkel en beheer gaan word, is dit van die allergrootste belang dat tuislandgerigte Bantoeadministrasie soos toegepas deur die Bantoesake-administrasierade as 'n basie=se komponent van tuislandadministrasie gesien moet word. Dit is een van die belangrikste vereistes wat byvoorbeeld vir die suk=sesvolle verstedeliking van die Bantoetuislande gestel kan word. Dit is belangrik dat die verstedelikingsdrang van die Bantoe in die uitvoering van tuislandgerigte administrasie na sy eie tuis=lande gekanaliseer word omdat daar vir hom geen beperking op sy ontwikkelingsmoontlikhede geplaas kan word nie.

Behuising in die Bantoetuislande moet dus 'n hoë voorkeur geniet. Bantoesake-administrasierade moet hierin 'n sleutelrol speel, en dit moet vir hulle moontlik wees om in die ope mark geld vir dié doel te leen. Die dorpe wat ontwikkel word, moet nie net "slaap=dorpe" wees nie, maar daar moet gepoog word om dorpe te ontwik=kel wat kan dien as ekonomiese groeipunte vir die Bantoetuislan=de. Elke dorp moet 'n ontstaansbasis sowel as 'n groeibasis hê. Indien dorpe in die Bantoetuislande sonder sulke ekonomiese ont=staans- en groeibasisse gestig gaan word, sal dit niks anders as arbeidsreservoirs wees waarin mense saamgetrek word nie. Dit sal hoegenaamd nie lewensvatbaar wees nie en beslis nie kan onwikkel tot volwaardige dorpe wat op hulle beurt weer groei=punte in die tuislande kan word nie.

Derhalwe is dit van die grootste belang dat ekonomiese basisse vir die tuislandse dorpe gevind moet word. Dorpe behoort nie net staatkundig nie, maar ook ekonomies reg geplaas te word. Sorg sal veral gedra moet word dat daar vir elke dorp 'n ontstaans- of primêre basis gevind word met die moontlikheid van ander groei- of sekondêre basisse.

Dit moet egter beklemtoon word dat dit nie sal help as ekonomiese basisse slegs in die grensgebiede gevind word en nie ook diep in die "hart" van die tuislande nie. Om 'n gebalanseerde versprei=ding van dorpe te verseker, behoort ekonomiese basisse strategies gevind, geëksploiteer en ontwikkel te word. Dorpe wat so sal ont=staan, behoort streeksversorgers in die ware sin van die woord te word. Vir 'n ewewigtige en gebalanseerde politieke ontwikke=ling is dit 'n vereiste dat die dorpe gedesentraliseer word en nie slegs in die grensgebiede ontwikkel word nie.

Sekere aspekte van die grensgebiedskema, in teenstelling met die breër desentralisasieskema, is strydig met die oogmerke waarvoor dit ingestel is:

(a) Die plekke waar die meeste sukses behaal is, is naby Blankbeheerde stede soos Pretoria, Durban en Oos-Lon=den. Die aanvanklike verwagting dat plattelandse dorpe sou baat, is nie vervul nie en die skema het dus prak=ties op meer nywerheidsgebiede vir reeds ontwikkelde Blankbeheerde gebiede uitgeloop.

(b) Die verwagting dat die Bantoekoopkrag wat in die grens=gebiede opgewek word na die betrokke Bantoevolk sou vloei, is ook nie vervul nie, omdat dit nog na sterk nabygeleë Blankbeheerde stede gegaan het. Dit beteken nog steeds uitbreiding van 'n bestaande metropolitaanse kompleks.

(c) Daarbenewens het die grensgebiede Bantoes uit die hart=lande getrek eerder as uit Blankbeheerde gebiede. Daar word dus te doen gekry met volksverskuiwing, ontvolking van die hartlande en met plakkery, wat tot al die na=dele van vroeëre toestroming na Blankbeheerde stede aanleiding kan gee: agterbuurtes, oorbewoning, jeug=misdaad, gesinsontwrigting, politieke onstabiliteit en=sovoorts.

(d) Net soos dinamiese stedelike groei grensgebiedontwikke= ling aanvanklik teëgehou het, so kan dinamiese grens= komplekse hartlandontwikkeling strem, met as gevolg 'n nog vinniger groei van metropolitaanse Bantoebevolkings al is dit dan net oor die grens by Pretoria, Durban en Oos-Londen.

Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad moet so spoe= dig moontlik begin met die ontwikkeling van meer dorpe in Bophuthatswana aangesien daar 'n groot vraag is na huisvesting in die Bantoetuisland. Nuwe dorpe moet egter so geplaas word dat dit ingesluit kan word in die konsep-voorstelle van die Wes-Trans= vaalse Bantoesake-administrasieraad vir die konsolidasie van Bophuthatswana in een of meer gebiede wat vir 'n selfstandige ekonomie vatbaar is. Deur die konsolidasie van Bophuthatswana in 'n aaneengeslote gebied, in plaas van die huidige ses gebie= de, word 'n lewensvatbaarheid aan Bophuthatswana gegee wat dit andersins nie sal hê nie. Sonder 'n ekonomies groeiende kern in Bophuthatswana, sal tuislandgerigte administrasie deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad geweldig bemoeilik word. Erf- en diensskemas moet ook weer ingestel word met die nodige hulp vir selfbouprojekte. Hier word veral gedink aan Bantoes wat vanaf Blanke plase hervestig sal word. Vir dié Ban= toes is dit nog algemene gebruik om hulle eie huise op Blanke plase op te rig; hulle kan dus maklik inskakel by die erf- en diensskema.

Vinnige vervoerstelsels wat werkers daagliks of oor naweke tussen hulle woonplekke in die tuislande en hulle werkplekke in die Blankbeheerde gebied neem, is 'n baie noodsaaklike ontwikke= ling wat gelyktydig met die bou van stede moet plaasvind. Aan= gesien die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad gedurende

Maart 1973 reeds 200 gesinne uit Wes-Transvaal in Itsoseng ge= vestig het en steeds voortgaan met die vestiging teen 'n tempo van tussen 15 en 20 gesinne per week, het die tyd aangebreek dat 'n begin gemaak moet word met die voorsiening van 'n naweekver= voerdiens na Itsoseng sowel as die subsidiëring daarvan.

Aangesien die Suid-Afrikaanse Spoorweë nie in die lewering van so 'n diens belanggestel het nie, het 'n busvervoermaatskappy reeds 'n vrystelling van die padvervoerraad verkry om 'n naweek= vervoerdiens vanaf Potchefstroom oor Stilfontein, Klerksdorp, Hartbeesfontein, Coligny en Lichtenburg na Itsoseng te lewer. Die voorwaardes van dié vrystelling is soos volg:

Vertrek Potchefstroom - Vrydae 7.15 nm. - Saterdae 1.30 nm.
Vertrek Stilfontein - Vrydae 8,00 nm. - Saterdae 2.15 nm.
Vertrek Klerksdorp - Vrydag 8.30 nm. - Saterdae 2.45 nm.
Arriveer te Itsoseng - Vrydag 11.15 nm. - Saterdae 5.30 nm.
Vertrek Itsoseng - Sondae 4.30 nm.
Arriveer te Klerksdorp - Sondae 7.15 nm.
Arriveer te Stilfontein - Sondae 7.45 nm.
Arriveer te Potchefstroom - Sondae 8.30 nm.

(Indien Vrydag of Maandag vakansiedae is, kan die diens voor of na die betrokke Vrydag of Sondag gelewer word.)

Die tarief is soos volg:

Retoer vanaf Potchefstroom R3,15.
Retoer vanaf Stilfontein R2,50.
Retoer vanaf Klerksdorp R2,10.

Dit blyk dat volgens die goedgekeurde rooster en tarief geen pas=

sasiers te Hartbeesfontein, Coligny en Lichtenburg opgelaai of afgelaai mag word nie. Hierdie posisie is egter toe te skryf aan die feit dat 'n ander busvervoermaatskappy tydens die oor=weging van dié aansoek gedurende 1971 beswaar daarteen gemaak het omdat hulle toe reeds 'n daaglikse vervoerdiens tussen Ma=feking en Klerksdorp gelewer het. Sedertdien egter het eersge=noemde maatskappy die ander een uitgekoop; daar sal dus nie pro=bleme met dié drie plekke wees nie, behalwe Lichtenburg, aange=sien 'n gesubsidieerde diens reeds tussen Lichtenburg en Itso=seng bestaan.

Gebaseer op die bogenoemde tariewe behoort die retoertariewe en tye volgens die busvervoermaatskappy soos volg te wees:

| Plek | Retoer | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|
| Hartbeesfontein | R1,70 | 9,15 nm. | 3.30 nm. | 6.30 nm. |
| Coligny | R1,00 | 10,00 nm. | 4.15 nm. | 5.45 nm. |

Die bogenoemde tariewe sal, volgens die busvervoermaatskappy se oorspronklike voorwaardes, slegs van toepassing wees indien hul=le verseker is dat die busse heeltemal vol sal wees en dat òf die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad òf die staat, veral aan die begin, 'n sekere minimum inkomste vir so 'n na=weekrit moet waarborg en wel teen 'n tarief van R0,55 per afge=legde myl, wat daarop neerkom dat 'n bedrag van R137,50 vir die retoerrit van 415 kilometer gewaarborg sal moet word.

Aangesien die aansoek van die Wes-Transvaalse Bantoesake-ad=ministrasieraad dat die 80 persent drankwinste wat tans aan die staat oorbetaal word, deur die Raad vir die vervoer van die Bantoes na hulle tuislanddorpe aangewend word, nog deur die De=partement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling oorweeg

word, sal die Administrasieraad dus maar self dié verantwoorde= likheid moet aanvaar. Dit kom dan daarop neer dat die raad van tyd tot tyd 'n bus vir 'n spesifieke naweek teen R137,50 sal moet huur, en kaartjies vir die bus sal moet verkoop; die ver= skil tussen R137,50 en die bedrag waarvoor kaartjies verkoop is, sal dan die subsidie vir die betrokke naweek uitmaak. Die boge= noemde tariewe van byvoorbeeld R3,15 per retoerkaartjie vanaf Potchefstroom is heeltemal te hoog om die vestiging in Itsoseng aan te moedig en te laat slaag. So 'n diens sal tot ongeveer 50 persent gesubsidieer moet word, sodat die tariewe vir die Bantoes redelik kan wees.

Indien die vestiging so verloop dat 'n bus vanaf Potchefstroom vol is, sal 'n aparte bus of busse vanaf Klerksdorp ook moet loop teen 'n koste van ongeveer R104,50. Die beginsel moet ook aanvaar word dat die subsidie pro-rata hoër behoort te wees vir die plekke wat verder van Itsoseng geleë is as dié wat nader ge= leë is. Om nou 'n realistiese beslissing oor die mate van subsi= diëring te maak kan na die volgende veronderstellings gekyk word:

(a) Veronderstel 'n bus kan vanaf Potchefstroom gevul word en die 65 sittende en tot 25 staande passasiers betaal elk byvoorbeeld R1,50 per retoer, dan sal die inkomste daaruit soos volg wees:
Slegs sittendes (65) - R97,50 (subsidie dus R40,00 of 30 persent).
Totaal (90) - R135,00 (subsidie dus R2,50).

(b) So ook kan bereken word dat, indien so 'n bus slegs 50 passasiers sou hê, die inkomste R75,00 sal wees en die subsidie dus R62,50 of 43 persent.

(c) So kan 'n bus vanaf Klerksdorp ontleed word; veronderstel byvoorbeeld die kaartjies word teen R1,20 verkoop:

Slegs sittendes (65) - R78,00 (subsidie R26,50 of 25 persent).
Totaal (90) - R108,00 (Wins R3,50).
Of slegs 50 - R60,00 (Subsidie R44,50 of 43 persent.)

(d) Dan moet daar ook bespiegel word oor die moontlikheid van 'n bus wat by al die plekke passasiers sal moet op=laai om dit vol te kry. In so 'n geval is daar baie moontlikhede maar die volgende voorbeeld kan genoem word:

| | |
|---|---|
| 30 passasiers van Potchefstroom teen R1,50 | R45,00 |
| 10 passasiers van Stilfontein teen R1,30 | R13,00 |
| 30 passasiers van Klerksdorp teen R1,20 | R36,00 |
| 5 passasiers van Hartbeesfontein teen R1,00 | R 5,00 |
| 5 passasiers van Coligny teen 50 sent | R 2,50 |
| Totaal 65 sittende en 5 staande - | R101,50 |

In so 'n geval sal die subsidie ongeveer R36,00 beloop of onge=veer 26 persent. Indien so 'n bus egter nie gevul word nie sal die subsidie natuurlik hoër wees.

'n Belangrike faktor wat in ag geneem sal moet word met die be=paling van die retoertariewe is dat die vasstelling sodanig moet wees dat dit nie gou weer verhoog sal word nie. So ook is dit baie belangrik dat gesubsidieerde kaartjies slegs retoere moet wees en dat sulke kaartjies slegs in die Blankbeheerde gebied verkoop moet word om byvoorbeeld te verhoed dat 'n Bantoe van die tuisland gesubsidieer word om vir 'n week in die Blankbeheer=de gebied te kom kuier. Dit sal aanvanklik ook uiters moeilik wees om te bepaal hoe gereeld so 'n diens gelewer sal moet word, maar daar kan tog 'n begin gemaak word deur die diens een naweek per maand in te stel. Die aanvraag daarvoor sal dan mettertyd be=paal of dit meer gereeld ingestel moet word.

Die beheer en administrasie van die vervoerdiens, naamlik die verkoop van en inspeksie vir kaartjies, verdien ook aandag. Dit word aanbeveel dat daar vir elkeen van die betrokke vyf dorpe retoerkaartjies gebruik sal moet word. Personeel van die Bantoesake-administrasieraad sal dan by die verskillende plekke op die betrokke tye beskikbaar moet wees om die kaartjies te verkoop en so 'n amptenaar sal van byvoorbeeld Klerksdorp ook af en toe die kaartjies moet kan nagaan.

Alternatiewelik kan die busvervoermaatskappy versoek word om die gesubsidieerde kaartjies namens die Wes-Transvaalse Bantoe=sake-administrasieraad te verkoop en die raad dan te debiteer met die verskil tussen byvoorbeeld R137,50 en die bedrag waar=voor kaartjies wel verkoop is, maar dan moet nogtans die reg behou word om die kaartjies op 'n betrokke bus, byvoorbeeld te Coligny, na te gaan.

Samevattend kan dus aanbeveel word dat

(a) 'n naweekvervoer tussen die betrokke vyf dorpe en Itsoseng op 'n gesubsidieerde basis ingestel word;

(b) die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad voorlopig die subsidiëring finansier op die basis dat retoerkaartjies beskikbaar gestel word en wel soos volg:
Potchefstroom - R1,50,
Stilfontein - R1,30,
Klerksdorp - R1,20,
Hartbeesfontein - R1,00,
Coligny - ,50 sent;

(c) die diens voorlopig ingestel word slegs vir die eerste naweek van elke maand of op die end van die maand met

die voorbehoud dat die hoofdirekteur van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad mag=tiging kan verleen vir addisionele dienste indien die aanvraag dit regverdig;

(d) die Raad 'n busvervoermaatskappy vra om die kaartjies namens die raad teen die tariewe in (b) voorgestel te verkoop en indien dit nie kan geskied nie, die raad reëlings tref om self die kaartjies te verkoop;

(e) die raad die reg behou om inspeksie van kaartjies op die busse op enige plek op die roete te kan doen;

(f) die raad met die busvervoermaatskappy onderhandel om die vertrektye op Vrydae te vervroeg en op Sondae later te maak;

(g) die beskikbaarheid van die diens, deur die personeel van die Bantoesake-administrasieraad by die betrokke vyf plekke te laat adverteer;

(h) die stilhouplekke van dié busse soos volg sal wees:
Potchefstroom - Ikagengkantore,
Stilfontein - Koekemoerstasie,
Klerksdorp - Mark- en Joubertine-afdraaipad,
Hartbeesfontein - gewone busstop net voor afdraai na Coligny,
Coligny - by spooroorgang net buite Coligny.

Daar word op die oomblik ook 2 200 werkers daagliks vanaf Itsoseng te Lichtenburg vervoer. Teen 1975 sal hierdie syfer maklik op 3 000 te staan kom. Die maatskappy Whites S.A.P.C. Co. Ltd. het serwitute van die staat verkry vir die ontginning van kalk op die plase Springbokpan, Polfontein en Driefontein, aldrie geleë in Bophuthatswana. Een van die voorwaardes van die betrokke serwituut bepaal dat 'n begin met die grootskaalse ver=wydering van kalk van die drie plase voor die middel van 1975 gemaak moet word. Die maatskappy beoog dan ook om 'n spoor=

lyn[8] vanaf punt B tot by D oor 'n afstand van 40 kilometer te bou en die spoorlyn laastens teen die middel van 1975 voltooi te hê. Hierdie spoorlyn sal gebou word om te voldoen aan die standaarde van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en hulle mag selfs swaarder spoorstaal as die Spoorweë gebruik.

Die maatskappy beoog om aanvanklik ongeveer 1 miljoen ton kalk per jaar van hierdie bogenoemde plase na die fabriek te vervoer en 'n verdere 1 miljoen ton vanaf die Lovedale gebied. Met die oog op voorgenome uitbreidings aan die fabriek sal hierdie syfers egter verhoog word na ongeveer 1,5 miljoen ton elk per jaar. Dit sal meebring dat 'n totaal van ongeveer 1 200 ton kalk per dag vir vyf dae per week vervoer sal moet word. Die gedeelte AB van die spoorlyn sal dus die volle 12 000 ton kalk per dag dra, ter= wyl die gedeelte BD slegs die helfte daarvan sal dra. Die maat= skappy het beraam dat dié hoeveelheid kalk in twee skofte of in 16 uur per dag hanteer sal kan word. Die serwitute vir die spoor= lyn is al reeds geregistreer en die plasie KLMN ook aangekoop waar die maatskappy beoog om die lyn oor 'n gedeelte van die af= stand K en M te verdubbel met die oog op kruising van die treine. Oor die res van die lyn is die verkrygde serwitute 50 Kaapse voet wyd - in elk geval wyd genoeg vir 'n dubbellyn indien die aan= vanklike lyn dienooreenkomstig meer aan die een kant daarvan aan= gelê word. Vanaf punt C tot by D loop die beoogde lyn deur die Tswanatuisland. Deur middel van die wysiging van die roete van die spoorlyn kan 'n beter vervoerdiens aan Itsoseng gelewer word. Hierdeur kan verseker word dat enkellopende werkers wat tans in Lichtenburg werksaam is, daagliks na Itsoseng terugkeer.

---

8) Vergelyk die sketsplan, waarop die spoorlyn en plekke hierbo genoem aangetoon word in Bylae R.

Die hooftoevoerpad na Itsoseng kom uit die Mafekingpad by punt V tot by Z; net wes van Z gaan dit in die dorp in en wel langs die suidelike grens daarvan tot by punt H, waarna dit noordwaarts swenk en in die middel van die dorp langs loop tot by die ou ge= deelte daarvan, dit wil sê tot by die stadsentrum. Om nou 'n be= ter vervoerdiens aan die inwoners van Itsoseng te lewer, bestaan daar een van vier moontlike wysiginge aan die roete van die spoorlyn, naamlik:

(a) deur 'n verlenging van die lyn KC tot by punt E, sodat dit ongeveer in die middel tussen Z en X teen die dorp kom en dan langs die dorp tot by G. In hierdie geval sal die afstand CEG wat 7,6 kilometer beloop, ongeveer 1 kilometer verder wees as die be= plande roete CG wat 6,6 kilometer is;
(b) deur 'n swaai van die lyn vanaf punt C na 'n punt verder oos van E en wel punt H, om regoor die hoof= toevoerpad te swaai en noord te wees en dan ook weer al langs die suidelike grens van die dorp tot by G. Die verskil in die afstand tussen CHG wat 8,6 kilome= ter beloop en CG wat 6,6 kilometer is, is dan ongeveer 2,1 kilometer;
(c) deur die verandering van die roete, nie eers van C af nie, maar reeds van K af en wel dan KPHG waar die lengte 11,0 kilometer sal wees teenoor die 9,0 kilometer volgens die roete KCG of 'n verskil van 2,0 kilometer; of
(d) deur die moontlike verandering van die roete om vanaf punt E reguit deur Itsoseng na punt D te gaan.

In die geval van (a), (b) en (d) sal die wysiginge van die roe= te slegs binne Bophuthatswana geskied, wat nie groot probleme en koste vir die serwitute hoef op te lewer nie. In die geval van

(c) wat blyk die beste roete te wees, moet die roete KC in Blankbeheerde gebied gewysig word na KP, wat ook maklik deur=gevoer kan word aangesien die roete dan nie skuins oor die plaas CPQR sal loop nie maar slegs al langs een van sy grense.

Aangesien die gebruikmaking van dié spoorlyn vir die vervoer van Bantoepassasiers 'n beter daaglikse vervoerdiens aan inwo=ners van Itsoseng kan verseker, sal die volgende moontlikhede, die nodige aandag moet geniet:

(a) 'n aansluiting van die Whites-spoorlyn met dié van die Suid-Afrikaanse Spoorweë net noord van die Lichtenburg-spoorwegstasie;
(b) 'n wysiging van die lyn, suid van Itsoseng, en wel ver=kieslik die roete KPHG in plaas van KCG;
(c) die daarstelling van stasies by punte F en H om die inwoners behoorlik te kan bedien;
(d) reëlings vir 'n behoorlike ondersoek na die koste van so 'n passasiersdiens;
(e) onderhandelinge met Whites S.A.P.C. Co. Ltd. sowel as met die betrokke staatsdepartemente oor die moontlik=heid en die wyse waarop dié spoorlyn gewysig en ge=bruik kan word;
(f) reëlings met die Suid-Afrikaanse Spoorweë oor die moontlike beskikbaarstelling van passasierswaens vir die gebruik deur Whites S.A.P.C. Co. Ltd. of die moontlike oorname van die lyn deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë;
(g) reëlings oor die finansiering van die bogenoemde aspekte;
(h) reëlings oor die subsidiëring van hierdie vervoer deur een of ander owerheid en
(i) onderhandelings met die Botswana Passenger Enterprises

(Edms.) Bpk. deur die Bantoebeleggingskorporasie in verband met die verskuiwing van die meerderheid busse wat tans passasiers tussen Itsoseng en Lichten=burg vervoer word na ander soortgelyke roetes.

Die daaglikse en naweekse vervoer van Bantoes tussen die tuis=lande en hulle werkgeleenthede in Blankbeheerde gebiede bied groot moontlikhede om die uitbreiding van die aantal Bantoe=gesinne wat in Blankbeheerde gebied woon, te verminder.

Tuislandgerigte administrasie van Bantoes in Blankbeheerde ge=biede kan dus hierdeur heelwat vergemaklik word. Navorsing oor sodanige vervoer van Bantoes is reeds deur die Buro vir Ekono=miese Navorsing insake Bantoeontwikkeling, beter bekend as BENBO, met behulp van vervoerraadgewers gedoen. Dit is egter duidelik dat positiewe stappe deur die regering nodig is insake 'n algemene beleid, die daarstelling van 'n geskikte liggaam om die beplanning, uitvoering en kontrole van sodanige vervoer te hanteer, en die daarstelling van die nodige vervoerfasiliteite.

In die uitvoering van 'n tuislandgerigte Bantoeadministrasie het dit ook noodsaaklik geword dat die rekord kaartstelsel, wat ten opsigte van elke Bantoewerker in Blankbeheerde gebiede gehou word deur die verskillende arbeidsburo's van die Wes-Transvaalse Ban=toesake-administrasieraad, vervang moet word deur 'n rekenouto=maatstelsel. Indien 'n tipe rekenoutomaat soos inwerking by die Suid-Afrikaanse Lugdiens aangewend kan word, beteken dit dat 'n rekenaarsentrale by die hoofkantoor van die Bantoesake-administrasieraad geplaas moet word en dan verder per poskan=toorkabel met die verskillende takke of streeksdorpe geskakel kan word. Elkeen van die streeksdorpe sal dan sy eie besigtingstoe=stel verkry, waarin en waaruit enige inligting in verband met

enige Bantoewerknemer in die hele Bantoesake-administrasiegebied geplaas of verkry kan word. Enige inligting in verband met opga= wes of byvoorbeeld die aantal Tswana kassiers, wat in die gebied geregistreer is, kan dan binne minute by enige streeksdorp ver= kry word.

Wanneer die bogenoemde rekenoutomaatstelsel in die praktyk toege= pas word, sal dit beteken dat die hou van rekordkaarte van elke Bantoewerkgewer nie meer nodig sal wees nie. Die rekenoutomaat sal die plek kan inneem van die rekordkaarte, met ander woorde die hantering, verloor en vervalsing van die kaarte word uitgeskakel. Ook die probleem van die oorplasing van kaarte word hierdeur uit= geskakel, foute word verminder, algehele eenvormigheid word be= reik en spoed, ongekend tot dusver in arbeidsburo's, word be= werkstellig. Dieselfde rekenoutomaat kan verder ook aangewend word om huishuur, loseerdersgelde en winkelhuur oombliklik te pos met die uitskakeling van die daarmee gepaardgaande registers en skryfwerk. Selfs Blanke salarisse, Bantoelone, Arbeidsbewegings= register en begrotingsbeheer kan deur middel van die rekenoutomaat gedoen word.

'n Gesinsbeplanningsprogram moet amptelik deur die sentrale ower= heid in die lewe geroep word om die vinnige bevolkingsaanwas in Blankbeheerde gebiede, veral onder die Bantoes, te stuit. As dit nie gedoen word nie, kan onbeheerde groei die beleid van af= sonderlike ontwikkeling en die daarmee gepaardgaande proses van tuislandgerigte administrasie verydel. So 'n program moet status hê en vertroue inboesem. Daarom moet dit sy oorsprong op die hoogste regeringsvlak hê. Daarvandaan kan dit weer deur openbare gesondheidsdienste en ander kanale gedesentraliseer word. So kan die Bantoesake-administrasierade 'n belangrike opvoedingstaak vervul ten opsigte van gesinsbeplanning by die Bantoes in Blank= beheerde gebiede.

Om status en gesag aan 'n gesinsbeplanningsprogram te verleen, sal dit in die geval van Suid-Afrika se onderontwikkelde volke nodig wees om elke betrokke volksregering se steun te verkry en dan die beplanning van daardie owerhede af te laat uitgaan. 'n Plan wat deur vreemde owerhede ontwerp is en deur vreemde leiers aanbeveel word, sal nie veel vertroue inboesem nie. 'n Organisasie binne die regeringstruktuur, wat direk met dié saak handel, is dus wenslik en die daadwerklike leiding van ver=andering op hierdie gebied moet van die volksleiers self uitgaan.

'n Faktor wat 'n tuislandgerigte administrasie kan belemmer, is dié van verhoudinge en die totstandkoming van soewerein-onaf=hanklike state langs mekaar, maar wat nogtans met mekaar in so 'n mate moet skakel dat daar steeds inter-afhanklike bande sal wees wat sterk gehou word. Goeie verhoudinge veronderstel ken=nis en begrip van ander volke en van die ontwikkelinge in Blankbe=heerde gebiede en in Bantoetuislande.

Dit is eerstens noodsaaklik dat Parlementslede wat met die Blanke publiek skakel hulle op hoogte van die toestand hou. Deur kontak te maak met Bantoes binne hulle kiesafdelings kan Parlementslede ook 'n bydrae lewer om die Bantoes in Blankbeheerde gebiede tuis=landgerig in te stel. Bantoes in Blankbeheerde stedelike gebiede toon 'n lewendige belangstelling in die parlementêre verrigtinge en sommige van hulle is redelik goed ingelig deur Radio Bantu se nuusdienste en ook deur koerante wat hulle lees.

Hoewel Parlementslede geen Bantoekiesers verteenwoordig nie, is daar tog Bantoes in hulle kiesafdelings wat hulle openbare optre=des en toesprake met belangstelling volg. Deur met van die Ban=toes te skakel kan hulle positief ingestel word ten opsigte van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en 'n tuislandgerigte ad=

ministrasie. Die korrekte manier om kontak te maak is om, deur die betrokke amptenaar van 'n Bantoesake-administrasieraad aansluiting te vind by die Bantoeleiers soos verteenwoordig in die adviserende Bantoekomitees of stedelike Bantoerade. Dit is ook nodig dat Parlementslede sinvolle dialoog met Bantoeleiers in hulle kiesafdelings sal voer, maar dan moet die rigting van die gesprek vooraf versigtig beplan, en die Bantoes op 'n mens=waardige manier ontvang word.

Die amptenary belas met stedelike administrasie, speel 'n sleu=telrol in die toepassing en deurvoering van 'n tuislandgerigte administrasie. Die amptenary oefen 'n baie groot invloed uit op Bantoes, veral in die administrasie van die Bantoewoongebied. Die praktyk het reeds bewys dat daar 'n noue verband bestaan tussen suksesvolle tuislandgerigte Bantoeadministrasie en die Bantoekundig opgeleide amptenaar. Hierdie amptenaar, opgelei in die Volkekunde en Naturelleadministrasie, kan leiding gee aan die Bantoe in die Blankbeheerde stedelike gebiede deur hom by te staan om sy voete op die pad van selfbeskikking te plaas. Gewoonlik pas die onopgeleide amptenaar in sy beslissing Blanke norme toe wat nie net ontwrigtend inwerk op die kultuur van die volksgroepe nie, maar die Bantoe onbewus help om van sy kultuur=eie af te sien. In baie gevalle is dit vir hierdie amptenaar moeilik om die beleid van afsonderlike ontwikkeling self te ver=staan en oor te dra aan die Bantoe in Blankbeheerde gebiede.

Daar is nog heelwat amptenare wat nie voldoende opgelei is nie en wat die administrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede sien as die stroombelynde en onwrikbare toepassing van vele wette en regulasies en daarom die verkryging van regskennis as die alfa en omega vir stedelike administrasie en Bantoe-admini=strasie in die algemeen, beskou. Aangesien die onopgeleide ampte=naar nie die beleid van afsonderlike ontwikkeling wil of kan ver=

staan nie, en omdat hy die Bantoes in Blankbeheerde gebiede on=der sy beheer nie sien as lede van 'n volksgroep met 'n eie kul=tuur nie, behandel hy dié Bantoes as 'n afsonderlike groep per=manente inwoners van die Blankbeheerde gebiede.

Dit is vandag ondenkbaar dat 'n persoon wat nie 'n akademiese opleiding in Naturelleadministrasie en Volkekunde het nie, 'n uitvoerende pos in Bantoesake-administrasierade kan beklee. Hier=die amptenare moet vertroud wees met die verskillende fasette van die kulture van die Bantoevolke wie se lede hulle vir korter of langer periodes in 'n bepaalde Bantoesake-administrasiegebied bevind. 'n Administrasie kan nie 'n instrument in 'n volksboupro=ses wees as sy amptenary nie vertroud is met die kultuur van daardie volk nie. Geen amptenaar kan ook leiding gee aan die Ban=toe wat verstrik en verward raak in die Blankbeheerde gebied as gevolg van die proses van akkulturasie wat daar plaasvind, as hy self nie weet wat akkulturasie is nie. Amptenare moet aangemoe=dig word om in dié rigting te studeer. Die Wes-Transvaalse Ban=toesake-administrasieraad stel heel tereg 'n B.A.-graad in 'n Volkekundige of Naturelleadministrasierigting as minimum kwali=fikasie vir alle senior poste.

Ten slotte moet dit beklemtoon word dat 'n tuislandgerigte Ban=toeadministrasie en die gepaardgaande vraagstukke van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede wel op die grondslag van goeie verhou=dinge en samewerking met die regerings van die Bantoetuislande bevredigend deurgevoer en opgelos kan word. 'n Belangrike voor=waarde in dié verband is dat Blankes bewustelik internasionaal moet dink en optree teenoor Bantoes in Blankbeheerde gebiede en nie die regering se taak bemoeilik deur vas te klou aan koloniale oorblyfsels en denkbeelde nie. Die vraagstuk van die Bantoes in Blankbeheerde gebiede is omvattend, selfs sensasioneel in terme

van getalle, probleme en bedenkinge. Daar bestaan ongelukkig nie 'n ewe sensasionele kitsoplossing nie. Getalle en probleme kan nie met 'n pennestreep ongedaan gemaak word nie. Bantoesake-ad=ministrasierade kan egter, binne die perke van die redelike en die prakties moontlike, 'n langtermyn bydrae lewer om ook hier=die knellende vraagstuk te verlig deur die toepassing van 'n tuislandgerigte Bantoeadministrasie in Blankbeheerde gebiede.

LITERATUURVERWYSINGS

AFRIKAANSE STUDENTEBOND. Die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk. Referate gelewer tydens die twintigste bondskongres van die Afrikaanse Studentebonde, N.G.S.P. Potchefstroom, Julie 1968.

AKPAN, N.U. Epitaph to indirect rule. London, Cassel & Co. Ltd., 1956.

ANON. The native tribes of the Transvaal. London, Harrison and Sons, 1905.

BAILEY, Martin J. National income and the price level. New York, McGraw-Hill Book Company, 1962.

BEALS, R.L. Urbanism, urbanization and acculturation. American Antropologist, Volume 53, 1951.

BEHEERKOMITEE. Itsoseng-Projek, Lêer no. 23/2/1-23/2/5.

BERGEL, Egon Ernest. Urban sociology. London, McGraw-Hill Book Company, Inc., 1955.

BERRY, Brian and Garrison, William. The functional bases of the central place hierarchy, Economic Geography, Vol. 34 no. 3, April 1958.

BOSHOFF, J.L. Kwellinge van 'n eerlike Nasionalis. Die Vaderland, Maandag 19 Maart 1973.

BOTHA, M.C. Huidige en toekomstige tendense in Bantoeadministra= sie. Referaat, 11e Jaarkongres, I.A.N.A., 1962.

——————— Ons stedelike Bantoebeleid teen die agtergrond van ons landsbeleid. Tydskrif vir Rasseaangeleenthede, 15 : 12 - 21, 1964.

——————— Amptelike opening van die tweede tweejaarlikse saam= trek, I.A.N.A. Pretoria, 22ste Oktober tot 24ste Oktober 1968

BOTHA, M.C. Amptelike opening van die derde tweejaarlikse saam=trek, I.A.N.A., Pretoria, 9de tot 11de November 1970.

BREESE, G. Urbanization in newly developing countries. Englewood Cliffs, Prentice-Hall, 1966.

BREUTZ, P.L. The tribes of Rustenburg and Pilansberg districts. Departement van Naturellesake, Etnologiese Reeks no. 28. Die Staatsdrukker, Pretoria, 1953.

———————— The tribes of Mafeking district. Departement van Naturellesake. Etnologiese Reeks no. 32. Die Staatsdruk=ker, Pretoria, 1955.

———————— The tribes of the districts of Kuruman and Postmas=burg. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikke=ling. Etnologiese Reeks no. 49. Die Staatsdrukker, Preto=ria, 1963.

———————— The tribes of Vryburg district. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Etnologiese Reeks no. 46. Die Staatsdrukker, Pretoria, 1959.

BRUWER, J.P. van S. Die Bantoe van Suid-Afrika. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1963.

———————— Gevaartekens in hantering van Bantoebeleid. Die S.A. Beeld, 3 Julie 1966.

DIE BURGER, Woensdag 28 Februarie 1968.

CILLIERS, S.P. & Joubert, D.D. Sosiologie - 'n sistematiese inleiding. Stellenbosch, Kosmo-uitgewery (Edms.) Bpk., 1966.

THE CAPE TIMES, Wednesday, 28th February, 1968.

CLOETE, J.J.N. Munisipale regering en administrasie in Suid-Afrika. Pretoria, J.L. van Schaik, Beperk, 1971.

COERTZE, P.J. red. Inleiding tot die algemene volkekunde. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1965.

———————— Die plek van die Bantoe in die toekomstige open= bare administrasie. Tydskrif vir Rasseaangeleenthede, 21 : 11-24, 1970.

COERTZE, R.D. Die Bantoe in Blanke gebiede as politieke faktor. Referaat gelewer voor die kongres oor Bantoe buite die Tuislande, SABRA, Durban, 1972.

———————— Die adviserende komiteestelsel en politieke orga= nisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1957.

———————— Stad- en tuislandskakeling in stedelike Bantoe-administrasie - Volkekundig. Referaat, Sestiende Jaar= kongres, I.A.N.A., Durban 1969.

COETZEE, J.C. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. Th.D.-proef= skrif, P.U. vir C.H.O., 1964.

COETZEE, J.H. Moderne tendense in die ontwikkeling van die ste= delike Bantoe in die Unie. Referaat, 6e Jaarkongres, I.A.N.A., 1957.

———————— Enkele gedagtes oor die ontwikkeling van die Unie se Bantoegebiede, Afrika-Seminaar, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1961.

———————— Inboorling-owerhede en die politieke ontwikkeling van Afrika. Koers, 1962.

———————— Afrikanerdenke. Die Transvaler, Donderdag, 30 September 1971.

COLIJN, H. Toelichting-Op-Het Antirevolutionair Beginsel-program. N.V. Dagblad en Drukkerij. De Standaard, Amsterdam, 1934.

CRONJE, G. 'n Tuiste vir die nageslag. Stellenbosch, Pro Ecclesia Drukkery, (Edms.) Bpk., 1945.

———— Regverdige rasse-apartheid. Kaapstad, Citadel-Pers, 1947.

———— Voogdyskap en apartheid. Pretoria, J.L. van Schaik, beperk, 1948.

DAVENPORT, T.R.H. The beginnings of urban segregation in South Africa. The Natives (Urban Areas) Act of 1923 and its background. Occasional paper number fifteen, Insti= tute of Social and Economic Research, Rhodes University, Grahamstown, 1971.

DE CONING, C. Die stedelike Bantoeverbruiker. Referaat, 10e jaar= kongres, I.A.N.A., 1961.

DE KIEWIET, Cornelius William. The anatomy of South African misery. London, Oxford University Press, 1966.

DELAREYVILLE, dorpsraad, Lêer no. 13/9.

DE KLERK, W.J. The concepts "Verkramp and Verlig" (In Rhoodie, Nic. South African Dialogue. Johannesburg, McGraw-Hill Book Company, 1972).

DERNBURG, Thomas & McDougall, Duncan, M. Macroeconomics. New York, McGraw-Hill Book Company, 1969.

DICKINSON, Robert E. The scope and status of urban geography an assesment. (In Mayer, Harold M. en Kohn, Clyde F. Readings in Urban Geography. Chicaco, The University of Chicago Press, 1959.)

DORFMAN, Robert. The price system. New Jersey, Prentice-Hall, 1964.

DORFMAN, Robert. Prices and markets. New Jersey, Prentice-Hall, 1967.

DU PLESSIS, L.J. Apartheid, ja of nee of ja-nee? Pro Rege-Pers Beperk, Potchefstroom, 1957.

———————— Die moderne staat. Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1941.

DU PREEZ, van Wyk, A.H. Gesonde administratiewe praktyke vir die sentrale en provinsiale administrasie. Geleentheids=rede gelewer by die inwydingsplegtigheid van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Publieke Administrasie. Woensdag, 23 Oktober 1963.

DUVENAGE, S.C.W. Kerk, volk en jeug. Deel I. Die verhouding van kerk tot volk. Amsterdam, J. Heijnis Tsz., Zaandijk, 1962.

DWIGHT, Waldo. The administrative state. New York, The Ronald Press Company, 1948.

———————— Perspectives on administration. Alabama, Univer=sity of Alabama Press, 1956.

EISELEN, W.W.M. Harmonious multi-community development. Optima. March, 1959. Volume Nine, Number One.

———————— Die ontwikkeling van die Bantoe-volkseenhede na selfstandigheid. (In Lombard, J. Die ekonomiese politiek van Suid-Afrika. Kaapstad, H.A.U.M., 1967. pp. 101-116.)

ERASMUS, O.C.O. Die Godsdienstige begrip en uitlewing in 'n Tswanagemeenskap. D.Phil.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1970.

EVANS, Ifor L. Native policy in Southern Africa - An outline. Cambridge University Press, 1934.

EVANS, Michael K. Macroeconomic activity. Theory, forecasting and control. New York, Harper & Row, Publishers, 1969.

FERGUSON, C.G. Microeconomic theory. Homewood, Illinois, Richard D. Irwin, Inc., 1968.

FLOYD, T.B. Town planning in South Africa. Pietermaritzburg, Shuter & Shooter, 1960.

FORTES, M. & Evans-Pritchard, E.E. reds. African political systems. London, Oxford University Press, 1963.

FOUCHE, Jac. J. Die bevoegdhede van die staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika. D.Phil.-proefskrif, Univer= siteit van Stellenbosch, 1965.

FRONEMAN, G.F. van L. Tswana-Gebiedsowerheid. Proceedings in= corporating reports of select comitees at the session of 1964 and the proceedings of the special session 1965 as well as replies to the 1964 motions and estimates of revenue and expenditure for 1965-1966.

GARNER, J.F. Administrative law. London, Butterworths, 1967.

GENIEWSKY, P. A solution for the probleme of South African : Bantustans? Tydskrif vir Rasseaangeleenthede, 12 : 149 - 60, 1961.

GEY VAN PITTIUS, E.F.W. Volksregering met besondere verwysing na Suid-Afrika. Publikasies van die Universiteit van Pretoria. Reeks IV : Intreeredes no. 4, 1936.

—————— Plaaslike en sentrale bestuur en Suid-Afrika in teorie en praktyk. Pretoria, J.H. de Bussy, 1937.

GLADDEN, E.N. Approach to public administration. London Staples Press, 1970.

—————— An introduction to public administration. London, Staples Press, 1949.

GREEN, F.H.W. Community of interest areas. Notes on the hierarchy of central places and their hinterlands. Economic Geography. Vol. 34 (1958).

GREEN, H.L. Hinterland boundaries of New York city and Boston in Southern New England. Economic Geography. Vol. 26 (1950).

GREEN, L.P. Provincial metropolis. London, George Allen & Unwin Ltd., 1959.

GRIFFITH, J.A.G. Central departments and local authorities. London, George Allen & Unwin Ltd., 1966.

GROBLER, J.H. Nuwe Bantoeraad setel in Potchefstroom. Die Nuus, Vol. 13, no. 941. Vrydag, 13 Oktober 1972.

HAILEY, Lord. An African survey. London, Oxford University Press, 1938.

——————— An African survey, 1956 revised. London, Oxford University Press, 1957.

——————— Native Administration in the British African territories. London, H.M. Stationery Office, 1950. Parts 1-3.

HANSEN, Alvin H. Business cycles and national income. London, George Allen & Unwin, 1964.

HENNING, J.J. Die "Naturellen (Stadsgebieden) Wet" no. 21 van 1923. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1957.

——————— Dorpstigting in die Bantoetuislande. D.Phil.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1969.

——————— Inougurele rede. Die P.U.-Kaner, Vrydag, 11 Junie 1971.

HERHOLDT, A.J.N. Die taak van die Kommissaris-generaal. Pretoria, Tydskrif vir Rasseaangeleenthede. Volume 20, no. 4, Oktober 1969.

HERSKOVITS, M.J. Man and his works. New York, A. Knopf, 1952.

HODGKIN, T. Nationalism in colonial Africa. London, 1956.

———————— African political parties, an introductory guide. Middlesex, Penguin, 1961.

HOLLEMAN, F.D. Struktuur van die Bantoeregsgemeenskappe - Tswana. Stellenbosch, 1950.

HUNT, W.A. Social Science - an introduction to the study of society. New York, Macmillan, 1955.

HUNTER, M. Reaction to conquest. London, Oxford, University Press, 1961.

JANSON, T.N.H. Een angel uit paswet gehaal. Rapport, 17 Desember 1972.

———————— Nuwe arbeidsreëling. Krapperigheid verdwyn gou. Die Transvaler, Vrydag, 22 September 1972.

JEPPE, W.J.O. Die ontwikkeling van bestuursinstellings in die westelike Bantoegebiede (Tswana-Tuisland). D.Phil.-proefskrif, U.S., 1970.

JOHNSON, H.M. Sociology - a systematic introduction. London, Routledge & Kegal Paul, 1960.

KINGSLEY, S.F. Moontlike oplossings wat betref die verteenwoor= diging van Naturelle deur adviserende naturellekomitees. Referaat, sewende jaarkongres, I.A.N.A., 1958.

KOLLER, T.W.A. Magte van die adviserende Naturellekomitees - is hierdie magte doeltreffend. Referaat, sewende jaar= kongres, I.A.N.A., 1958.

KOORNHOF, P.G.J. Bantoes kan nou wyer werk soek. Die Vaderland. Vrydag, 18 Augustus 1972.

KOTZE, C.H. Die huidige stelsel van beheer in die praktyk in stedelike gebiede. Referaat 14de jaarkongres, SABRA, 1963.

KROEBER, A.L. Antropology. New York, Harcourt Brace and Company, 1948.

KUYPER, A. Antirevolutionaire staatkunde. Kampen, J.H. Kok, 1917.

LABUSCHAGNE, J.M.T. Blanke bestuurstelsels en hulle invloed op die tradisionele politieke instellinge in die Transkei. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1965.

―――――――――― Naturelleadministrasie, 'n vakwetenskaplike objektivering. D.Phil.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1968.

LANGSCHMIDT, W. Some characteristics of the urban Bantu market. Johannesburg, 1969.

LANGUAGE, F.J. Stamregering by die Tlaping. Kaapstad, Nasionale Pers, 1943.

LONGMORE, L. The dispossessed. Jonathan Cape, London, 1959.

MACLEAN, Colonel. A compendium of Kafir laws and customs. Mt. Coke, Wesleyan Mission Press, 1858.

MAIR, L.P. Studies in applied antropology, London, Athlone Press, 1957.

MALINOWSKY, B. The dynamics of culture change. Yale University Press, New Haven, 1962.

MARITZ, C.J. e.a. Sosiale differensiasie. Ongepubliseerde stu= diestuk, P.U. vir C.H.O., 1972.

―――――― Bestuursontwikkeling van die Tswana-stammegroep met besondere verwysing na die skakeling tussen stad en tuisland. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1965.

MAREE, N. Die probleem van kwynende dorpe en hulle instandhouding. M.Sc.-verhandeling, U.P., 1970.

MARKET RESEARCH AFRICA Ltd. An African day. A record study of life in the Townships, 1968.

——————————— 'n Verslag oor luistergewoontes in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika : eerste kwartaal 1970. Johannesburg, 1970.

MATANZIMA. Clarity on Transkei Migrants. The Star, Dinsdag, 16 Augustus, 1972.

MARX, Fritz Morstein. Elements of public administration. New Jersey, Prentice Hall, Inc., 1946.

MAYER, P. Townsmen or tribesmen. Kaapstad, Oxford University Press, 1961.

McCRYSTAL, L.P. Middele om desentralisasie in die nywerheid te bevorder. Die Standard Bank oorsig, 1967.

——————— City town or country, the economics of concen= tration and dispersal with particular reference to South Africa. Kaapstad, A.A. Balkema, 1969.

MEYER, N.S. Die geskiedkundige aspekte van die adviserende Naturelle-Komitees. Referaat, sewende jaarkongres, I.A.N.A., 1958.

MEYER, Paul. Administrative organization. A comparative study of the organization of public administration. Copenhagen, Stevens Sons Limited, 1957.

MUMFORD, Lewis. The culture of cities. London, Secker & Warburg, 1946.

——————— The city in history. Its origins, its transfor= mations, and its prospects. Middlesex, Penguin Books, 1961.

MOOLMAN, J.H. Die vestiging van die Bantoe in Pretoria. Die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys. Kongres, Potchefstroom, 8-11 Julie 1969.

MOOLMAN, J.H. Tuislandontwikkeling - 'n Program vir die sewen=
tigerjare. Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede, Johannesburg Hayne beperk, 1970.

NEL, A. & Van Zyl, J.A. Stad en dorp. Stellenbosch/Grahamstad, Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1962.

NORVAL, A.J. Bantustans and country towns. Commercial Opinion, 40(484) : 26-27, 1963.

NOTEBOOM, J.W. Leidraad voor antirevolutionair gemeentebeleid. Kampen.

MYRDAL, Gunnar. Rich lands and poor. New York, Harper and Brothers Publishers, 1957.

OPPERMAN, J.H. Stedelike Bantoe-tuislandskakeling met die Wes-Transvaalse Streeksvestigingsgebied, met besondere verwysing na die rol van Potchefstroom. M.A.-verhan=
deling, R.A.U., 1971.

PAGE, D. Die verstedeliking van die Bantoegebiede van Trans=
vaal. D.Litt et Phil.-proefskrif, Universiteit van S.A., 1964.

---------- Die opkoms van 'n stadstruktuur vir die Bantoetuis=
lande.

PAUW, B.A. The second generation. A study of the family among urbanized Bantu in East London. Cape Town, Oxford University Press, 1963.

PELZER, A.N. Verwoerd aan die woord. Toesprake 1948 - 1962. Afrikaanse Pers, 1964.

PEPLER, L.A. Bantoetuislandontwikkeling. Referaat, 15e Jaar=
kongres, I.A.N.A., 1967.

PERLOFF, Harvey S. & Dodds, Vera W. How a region grows : Area development in the U.S. economy. Committee for economic development, Supplementary paper no. 17. 1963. New York.

POTCHEFSTROOM STADSRAAD. Departement Bantoe-aangeleenthede. Memorandum insake die afbakening van 'n Bantoesake-Administrasiegebied in Wes-Transvaal ingevolge Wet 45 van 1971, 1971.

POTGIETER, F.J. Die vestiging van die blankes in Transvaal, (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing. D.Phil.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1955.

——————— Die Grensnywerheidskema in Suid-Afrika. Instituut vir Bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, Studiestuk no. 47.

PRAIS, S.J. "Non-linear estimates of the Engel curves", Review of Economic Studies, no. 52 (1952-53).

RADCLIFFE-BROWN, A.R. & Ford, D. African systems of kinship and marriage. London, Oxford University Press, 1962.

RAND DAILY MAIL. Woensdag, 28 Februarie 1968.

——————— 19 Januarie 1972. Government asked to study grievances.

RAUTENBACH, P.S. Secondary and tertiary development of the Bantu areas in South Africa. Tydskrif vir Rasseaangeleenthede, 12 : 12-35, 1960.

READER, D.H. The black man's portion. History, demography and living conditions in the native locations of East London. Cape Town, Oxford University Press, 1961.

RIEKERT, P.J. Bantoeadministrasie in Potchefstroom. M.A.-ver=handeling, P.U. vir C.H.O., 1963.

RIEKERT, P.J. Skakeling van die stedelike Bantoe met hul tuislande. Referaat SABRA, 1965.

——————— Toepassing van volkekundige beginsels in stedelike Bantoeadministrasie. Referaat 14e jaarkongres, I.A.N.A., 1967.

——————— Interaksie tussen akkulturasie en stedelike Ban=toeadministrasie. Voorlesing Randse Afrikaanse Univer=siteit, 1968.

——————— Presidentsrede 16e Jaarkongres, I.A.N.A., 1969.

——————— Die huweliksreg van die Bahurutshe onder die invloed van die Suid-Afrikaanse regsadministrasie. D.Phil.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1967.

——————— Die Tswana en sy tuisland. Tydskrif vir Rasseaan=geleenthede, 21 : 4 : 131-139, 1970.

RIGGS, F.W. Administration in developing countries. Boston, Houghton Mifflin Company, 1964.

ROBSON, William A. The governors and the governed. Louisiana State University Press, 1963.

ROGERS, H. Native administration in the Union of South Africa. Pretoria, Government Printer, 1949.

ROSSOUW, P.D. Die stad as funksionele kern van die Bantoetuis=land, met spesiale verwysing na die Hammanskraalgebied. M.Sc.-verhandeling, Universiteit Pretoria, 1963.

SADIE, J.L. Ekonomiese beleid vir Bantoestans in heroorweging. Mercator, 29-35, 1968.

SCHAPERA, I. Native land tenure in the Bechuanaland Protectorate (s.p. 1). Lovedale, 1943.

——————— Notes on the tribal groupings, history and customs of the Bakgalagadi. Communications from the School of African Studies. University of Cape Town. No. 13, 1945.

SCHAPERA, I. The political annals of a Tswana tribe. Communica= tions from the School of African Studies. University of Cape Town, no. 18, 1947.

——————— The Tswana ethnographic survey of Africa. London, International African Institute, 1953.

——————— Government and politics in tribal societies. Watts, 1956.

——————— A handbook of Tswana law and custom. London, Ox= ford University Press, 1955.

SCHMIDT, J.J. Stamverbondenheid van 'n stedelike Bantoegemeen= skap; 'n ondersoek na die mate van ontstamming van die Bantoebevolking binne die munisipaliteit van Klerks= dorp. D.Phil.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1965.

SCHOLTZ, G. Die ontstaan en wese van die Suid-Afrikaanse rasse= patroon. Tydskrif vir Rasseaangeleenthede, 9 : 143 - 168, 1958.

——————— 'n Swart Suid-Afrika? Johannesburg, Nasionale Boek= handel, 1964.

SCHÜLER, G.M.K. Die Bakolong van Thaba Nchu, O.V.S.: 'n Studie van kultuurverandering. D.Phil.-proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1965.

SERFONTEIN, C.H. Instromingsbeheer in stedelike Bantoeadministra= sie. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1970.

SMAILES, A.E. The Geography of towns. London, 1953.

SMITH, Andrew. The diary of ... edited by P.R. Kirby. Cape Town. Van Riebeeck Society, 1939.

SMIT, P. Die ontwikkeling van die Bantoetuislande - probleme en vooruitsigte. Openingsreferaat. Vierjaarlikse Kongres van die Vereniging vir Aardrykskunde - Onderwys, Potchefstroom, 1969.

SPELT, J. Towns and umlands. Review article. Economic Geography. Vol. 34, 1958.

STADLER, J.J. Nywerheidsontwikkeling in die Bantoetuislande. Tydskrif vir Rasseaangeleenthede, volume 18 : 32-54, 1967.

STOKER, H.G. Kristendom en wetenskap. Pretoria, Van Schaik, 1929.

THE STAR, Woensdag, 28 Februarie 1968.

——— "Urban Africans here to stay" - U.P. Policy. 23 Mei 1972.

——— U.P. plan has Urban Black assemblies. 26 Augustus 1972.

——— The urban African problem. 17 Januarie 1972.

SUID-AFRIKA REPUBLIEK. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961.

——— Die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961.

——— Modelregulasies vir Stedelike Bantoerade, 1961, opgestel deur Departement Bantoe-administrasie en -ont=wikkeling.

——— Debatte van die Volksraad.

——— Departement Inligting. The Price of Appeasement in Africa, Pretoria, Staatsdrukker, 1960.

——— Interdepartementele komitee insake ledige en nie-werkende Bantoes in stedelike gebiede, 1962.

——— Die Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1964.

——— Report of the Commission appointed to Inquire into the events on the 20th to 22nd November at Paarl and causes which gave rise thereto, Staatsdrukker, Pretoria, R.P. 51/1963.

——— Die Wet op Bantoearbeid, 1964.

SUID-AFRIKA REPUBLIEK. Die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967.

——————— Departement van Bantoe-administrasie en -ont= wikkeling. Algemene Omsendbrief no. 16 van 5 Julie 1968. Lêer no. C.142/17 verwys.

——————— Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Memorandum C.176/2 van 8 September 1969.

——————— Proklamasie R6, 1968, Buitengewone Staatskoe= rant, no. 1953/1968.

——————— Proklamasie R74, 1968, Buitengewone Staatskoe= rant, no. 2020/1968.

——————— Departement van Beplanning. Noord-Kaapland-Streekstudie: Volume VI. Bevolkings- en maatskaplike aspekte van Noord-Kaapland. 'n Verslag deur 'n hulpkomitee van die Beplanningsadviesraad van die Eerste Minister. Staatsdrukker, Pretoria, 1969.

——————— Die Wet op Burgerskap van Bantoetuislande, 1970.

——————— Die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971.

——————— Die Wet op die Administrasie van Bantoesa= ke, 1971.

——————— Verklarende memorandum oor die Wetsontwerp op die Administrasie van Bantoesake, 1971, W.P. 3-71.

——————— Proklamasie 1445. Verklaring van Bantoesake-administrasierade. Staatskoerant no. 3632/86, 18 Augustus 1972.

——————— Goewermentskennisgewing R1794. Regulasies be= treffende Bantoesake-administrasiegebiede en Bantoesake-administrasierade. Staatskoerant no. 3672/88, 6 Oktober 1972.

SUID-AFRIKA REPUBLIEK. Die Wet op Bydraes ten opsigte van Bantoe-arbeid, 1972.

——————— Departement van Statistiek. Bevolking van stede, dorpe en nie-stedelike gebiede. Verslag no. 02-05-01.

SUNDAY TIMES. Urban African Ideal a Non-Racial S.A. 14 Januarie 1972.

DIE TRANSVALER. Woensdag, 28 Februarie 1968.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. Die Grondwet van Zuid-Afrika, 1909.

——————— Die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923.

——————— Die Naturelleadministrasie Wet, 1927.

——————— Die Naturelletrust en -grond Wet, 1936.

——————— Die Wet tot wysiging van die Wette op Naturelle, 1937.

——————— Die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasie=wet, 1945.

——————— Die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, met regulasies.

——————— Die Wet op Bantoe-Owerhede, 1951.

——————— Die Wet op die Bevordering van Bantoe=selfbestuur, 1959.

——————— Verslag van die Kommissie vir die sosio-eko=nomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, Vol. 1 en 14.

——————— Samevatting van die verslag van die kommis=sie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoe=gebiede binne die Unie van Suid-Afrika, U.G. 61/1955.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. Besluite deur die regering oor die aan=bevelings van die kommissie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, W.P.F. 56.

———————— Memorandum ter verduideliking van die ag=tergrond en doelstellings van die Wetsontwerp op die Bevordering van Bantoeselfbestuur, 1959, W.P. 3-'59.

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA. Buro vir Marknavorsing. "Motivational factors in Bantu buying, behaviour". Navorsingsverslag, no. 15, 1966.

DIE VADERLAND, Dinsdag, 30 Januarie 1962, Vrydag, 15 Februa=rie 1968, Woensdag, 28 Februarie 1968, Woensdag, 7 Maart 1973 en Woensdag, 27 Junie 1973.

VAN AS, B.S. Enkele beskouings oor die Naturellebeleid van genl. J.B.M. Hertzog (In S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns Gedenkboek Generaal J.B.M. Hertzog, pp. 176-218.)

———————— Moontlike alternatiewe vir adviserende Naturelle-komitees. Referaat, 7e Jaarkongres, I.A.N.A., 1958.

VAN ONSELEN, I.P. Openingsrede. Tweejaarlikse Kongres van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede, Durban, 20 September 1972.

VAN RENSBURG, P.F.S.J. Grondslae van veelvolkige ontwikkeling in Suid-Afrika. Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleent=hede, Memorandum 69/2, 1967.

VAN WARMELO, N.J. A preliminary survey of the Bantu tribes of South Africa. Pretoria, The Government Printer, 1935.

VAN ZYL, H.J. 'n Volkekundige studie van die ekonomiese lewe en posisie van die Bakgatla Bagamosetlha. D.Phil.-proefskrif, Universiteit Pretoria, 1952.

VAN DER WALT, J.A. e.a. Rassesosiologie. Pretoria, Kaap en Transvaal Drukkers Bpk., 1967.

VERWOERD, H.F. Stedelike plaaslike owerhede en die staat. Pretoria, Departement Naturellesake, 1957.

VOORTSETTINGSKOMITEE. Voorsiening van gesinshuisvesting vir Bantoe (Wes-Transvaal). Verslag aan betrokke Plaaslike Besture.

VORSTER, B.J. Premier beloof beter lot vir stadsbantoe. Die Vaderland, Donderdag, 26 April 1973.

WALLACE, S. Sayre. Public administration: A comparative pers=pective. New Jersey, Prentice-Hall, Eng., 1966.

WARNER, Richard. The principles of Public Administration. London, Sir Isaac Pitman & Sons, Ltd., 1947.

WESSELS, Bernardi. Rethink urban African policy, Nats urged. Rand Daily Mail, 2 Februarie 1972.

WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD. Notules en Lêers.

WHITE, Leonard D. Introduction to the study of Public Administra=tion. New York, The Macmillan Company, 1929.

—————————— Introduction to the study of Public Administra=tion. New York, The Macmillan Company, 1954.

WILSON, C.H. & Basil Blackwell. Essays on Local Government. Oxford, 1948.

WILSON, M. & Mafeje, A. Langa. A study of social groups in an African Township. Cape Town, Oxford University Press, 1963.

BYLAE A

WETSONTWERP

Om voorsiening te maak vir die instelling van Rade op Bantoe-arbeid; om voorsiening te maak vir wysigings aan die Wet op Bantoe-arbeid, 1964, en om voorsiening te maak vir ander bykomstige aangeleenthede

Ingedien te word deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en van Bantoe-onderwys

Dit word bepaal deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, as volg:

Invoeging van artikel 22 bis in Wet 67 van 1964

1. Die volgende artikel word hierby in die Wet op Bantoearbeid, 1964 (hieronder die Hoofwet genoem) na artikel 22 ingevoeg:

"Instelling van Rade op Bantoe=arbeid

22 bis (1) Ondanks enige andersluidende bepaling in hierdie of 'n ander Wet kan die Minister, wanneer hy van oordeel is dat dit in die openbare belang is om dit te doen, by kennisgewing in die Staatskoerant verklaar dat vanaf 'n datum in bedoelde kennisgewing vermeld, 'n Raad op Bantoearbeid ingestel word vir die gebied in daardie kennisgewing genoem, wat een of meer voorgeskrewe gebiede of gedeeltes daarvan of gebiede buite voorgeskrewe gebiede kan insluit.

(2) 'n Raad op Bantoearbeid bestaan uit die Sekretaris of 'n beampte deur die Minister aangewys, wat voorsitter is, en sodanige verteenwoordigers van stedelike plaaslike besture, boere of ander werkgewers binne sy gebied wat deur die Minister aangestel is vir sodanige tydperke wat die Minister in elke geval mag bepaal.

(3) Wanneer 'n Raad op Bantoe=
arbeid vir 'n gebied ingestel is -

(a) hou die plakkerdiensbode=
kontroleraad of Bantoearbeid=
beheerraad wat ingevolge ar=
tikels 28 of 28 bis van die
Bantoetrust en -grond Wet,
1936 (Wet No. 18 van 1936)
vir daardie gebied ingestel
is, op om vir daardie ge=
bied te fungeer en word eni=
ge bevoegdhede, werksaam=
hede en pligte wat voorheen
deur so 'n plakkerdiensbo=
dekontroleraad of Bantoear=
beidbeheerraad uitgeoefen of
verrig is, deur die Raad op
Bantoearbeid uitgeoefen of
verrig;

(b) hou enige voorgeskrewe ge=
bied binne die gebied van
bedoelde Raad op Bantoear=
beid op om te bestaan;

(c) word bedoelde gebied geag
'n voorgeskrewe gebied te
wees vir doeleindes van
artikel 10 bis 11, 12 en
14 van hierdie Wet;

(d) word 'n munisipale of
distriksarbeidsbeampte in
bedoelde gebied vir die
doeleindes van die uitvoe=
ring van hierdie artikel en
van die regulasies geag 'n
beampte van die bedoelde Raad
te wees en is hy bevoeg om
sodanige stappe te doen wat
nodig mag wees om uitvoering
te gee aan 'n besluit van
bedoelde Raad.

(4) 'n Raad op Bantoearbeid -

(a) moet sover dienstig 'n ewe=
redige verspreiding van
Bantoearbeid in sy gebied

ooreenkomstig aanbod en aanvraag, 'n vermindering van die omset van Bantoe=arbeid, die paslike kanali=sering na die Bantoegebie=de van oortollige Bantoe=arbeid, bewerkstellig, goeie verhoudings tussen werkgewers en Bantoewer=kers bevorder, nakoming van die toepaslike wetlike vereistes betreffende die indiensneming van Bantoe=werkers deur werkgewers en Bantoewerkers verseker en die inwerkingstelling van arbeidsbesparende middele aanmoedig;

(b) kan 'n munisipale of distriksarbeidsbeampte of 'n Bantoesakekommissaris in sy gebied adviseer in=sake die behoeftes aan Bantoearbeid in sy gebied of in 'n bepaalde werk=soort;

(c) kan 'n munisipale of distriksarbeidsbeampte in sy gebied of 'n beampte in sy diens of tydelik na sy diens oorgeplaas, magtig om die magtiging te verleen wat by regulasie vereis word vir die indiensneming of voort=gesette indienshouding van Bantoes in 'n bepaalde werk=soort of vir enige verande=ring van werkgewer of werk=nemer in daardie werksoort;

(d) op sodanige bedinge en voor=waardes deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies goedgekeur, die personeel aanstel wat hy nodig ag vir die meer doeltreffende uitoefening van sy funksies.

(5) 'n Vergunning of ander mag= tiging of weiering deur 'n mu= nisipale of distriksarbeidsbe= ampte of 'n ander beampte in die diens van of tydelik oorgeplaas na die diens van 'n Raad op Bantoearbeid, handelende op die in sub-artikel (4) bedoelde advies of magtiging van bedoelde Raad, word geag die vergunning, magtiging of weiering van 'n munisipale of distriksarbeidsbe= ampte ingevolge hierdie of die toepaslike betrokke wet te wees.

(6) Niks in hierdie artikel word uitgelê -

(a) om die bevoegdhede van 'n munisipale of distriksarbeids= beampte aan te tas om 'n in= diensneming of die registra= sie van 'n dienskontrak te weier of om 'n dienskontrak te laat kanselleer op enige van die gronde uitgesit in die toepaslike betrokke Wet nie;

(b) om te verhoed dat 'n vergun= ning of magtiging verleen word of dat 'n bevel gemaak word wat binne die hele regsgebied van 'n Raad op Bantoearbeid van toepassing sal wees nie;

(c) om 'n by wet verleende reg van appèl teen of die her= siening van 'n besluit of bevel van 'n munisipale of distriksarbeidsbeampte aan te tas nie;

(d) om op enige wyse die verrig= ting van die werksaamhede van 'n Raad op Bantoearbeid op sy koste en onder sy op= drag en beheer deur -

(i) amptenare in die Staatsdiens wat op aan= beveling van die Staatsdienskommissie tydelik na bedoelde Raad se diens oorge= plaas word; en

(ii) amptenare in die diens van 'n stedelike plaas= like bestuur wat by reëling met daardie stedelike plaaslike bestuur na bedoelde Raad se diens oorge= plaas word,

aan te tas nie.

Wysiging van artikel 22 van Wet 67 van 1964.

2. Artikel 22(6)(b) van die Hoofwet word hierby gewysig deur na sub-paragraaf (vii) die volgende sub-paragrawe in te voeg:

"(viii) in die geval van 'n gebied in die regulasies omskryf, dat arbeid an= ders as Bantoearbeid beskikbaar is of beskikbaar word vir die arbeids= behoeftes in daardie gebied; of

(ix) dat huisvesting wat behoorlik deur 'n owerheid met regsbevoegdheid goed= gekeur is, nie vir daardie Bantoe beskikbaar is nie."

Wysiging van artikel 28 van Wet 67 van 1964

3. Artikel 28(1) van die Hoofwet word hierby gewysig -

(a) deur die voorbehoudsbepaling van paragraaf (u) te skrap;

(b) deur paragraaf (ee) deur die volgende paragrawe te vervang:

"(ee) (oor die algemeen vir die beter uit= voering van die doeleindes en oogmerke van hierdie Wet)

die prosedure gevolg te word by die aan= stelling en die bestuur van die verrig= tinge van Rade op Bantoearbeid, die be=

soldiging van die lede van sodanige Rade, die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van sodanige Rade en van amptenare in diens van of tydelik oorgeplaas na die diens van sodanige Rade, die beginsels gevolg of die aangeleenthede (wat die beskikbaarheid van ander as Bantoearbeid kan insluit) in aanmerking geneem te word deur sodanige Rade by die gee van enige advies of die verleen van enige magtiging ingevolge artikel 22 bis.

die prosedure gevolg te word en die per= soneel gebruik te word by die implemente= ring van sodanige advies of magtiging, die indien van opgawes of verslae aan be= doelde Rade deur werkgewers, munisipale of distriksarbeidsbeamptes, arbeidskakel= beamptes en stedelike plaaslike besture en die omstandighede waaronder 'n Bantoe toegelaat kan word om in die gebied van so 'n Raad te wees of daarin in diens ge= neem te word; Met dien verstande dat ver= skillende regulasies vir verskillende werksoorte uitgevaardig kan word;


(ff) oor die algemeen vir die beter uit= voering van die doeleindes en oogmerke van hierdie Wet".

Kort-titel en inwerking= treding

4. Hierdie wet heet die Wysigingswet op Bantoearbeid, 1968, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by pro= klamasie in die Staatskoerant bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| Nota: | (               ) | dui aan woorde/uitdruk= kings wat geskrap moet word |
| | ............... | dui aan woorde/uitdruk= kings wat ingevoeg moet word |
| | ............... | dui aan woorde/uitdruk= kings wat kursief gedruk moet word. |

BYLAE B




LANDDROSDISTRIKTEKAART VIR WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD

BYLAE C
DIE KONTANTBESTEDINGSPATRONE VAN MEERVOUDIGE BANTOEHUISHOUDINGS IN VERSKILLENDE STEDELIKE GEBIEDE, 1970 (RAND PER JAAR)

| Bestedingsitem | Johannesburg | Krugersdorp | Tembisa | Pretoria | Durban | Kaapstad | Port Elizabeth | Oos-Londen | Geweegde Gemiddelde | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | R | % |
| 1. Voedsel | 430,03 | 423,58 | 443,84 | 353,85 | 391,67 | 453,79 | 402,34 | 303,17 | 392,34 | 38,9 |
| 2. Klerasie, Skoeisel en Toebehore | 129,70 | 152,73 | 134,56 | 111,65 | 111,02 | 196,44 | 100,90 | 119,34 | 125,79 | 12,5 |
| 3. Behuising (insl. Elektrisiteit) | 77,52 | 48,37 | 50,45 | 69,42 | 69,96 | 71,17 | 57,84 | 42,52 | 62,86 | 6,2 |
| 4. Brandstof en Beligting | 46,58 | 37,79 | 31,82 | 31,32 | 22,10 | 30,51 | 22,00 | 14,12 | 28,75 | 2,9 |
| 5. Vervoer | 80,90 | 57,62 | 77,41 | 62,47 | 72,33 | 62,61 | 56,49 | 43,03 | 64,14 | 6,4 |
| 6. Mediese en Tandheelkundige Dienste | 2,86 | 7,27 | 7,70 | 5,22 | 8,09 | 5,93 | 4,60 | 3,55 | 5,45 | 0,5 |
| 7. Onderwys | 15,22 | 10,27 | 7,64 | 10,78 | 9,69 | 11,83 | 9,21 | 9,86 | 10,72 | 1,1 |
| 8. Versekering | 6,79 | 8,40 | 7,62 | 7,92 | 6,21 | 20,58 | 10,78 | 7,33 | 8,99 | 0,9 |
| 9. Ontspanning, Vermaaklikheid en Sport | 6,62 | 10,19 | 5,25 | 3,73 | 6,05 | 8,87 | 10,02 | 4,20 | 6,57 | 0,7 |
| 10. Meubels en Huishoudelike toerusting | 108,16 | 104,56 | 134,28 | 106,48 | 63,28 | 113,19 | 76,29 | 47,96 | 89,74 | 8,9 |
| 11. Alkoholiese Drank | 50,75 | 26,63 | 69,35 | 53,09 | 52,43 | 35,39 | 39,57 | 16,48 | 43,59 | 4,3 |
| 12. Sigarette en Tabak | 20,45 | 19,70 | 19,76 | 16,31 | 20,17 | 12,44 | 14,72 | 7,54 | 16,32 | 1,6 |
| 13. Was- en Skoonmaakmiddels | 21,04 | 21,95 | 17,57 | 22,29 | 16,63 | 19,74 | 21,86 | 13,14 | 19,32 | 1,8 |
| 14. Droogskoonmaak en Wasgoed | 17,73 | 27,87 | 32,71 | 18,34 | 10,13 | 16,82 | 13,12 | 10,12 | 16,54 | 1,6 |
| 15. Persoonlike Versorging en Patente Medisyne | 40,43 | 50,28 | 51,88 | 33,24 | 30,06 | 44,90 | 35,52 | 28,03 | 36,96 | 3,7 |
| 16. Kommunikasie | 0,92 | 1,52 | 0,31 | 0,94 | 0,29 | 2,36 | 1,36 | 2,13 | 1,17 | 0,1 |
| 17. Leesstof en Skryfbehoeftes | 6,90 | 4,39 | 2,15 | 3,51 | 2,68 | 4,38 | 5,73 | 4,70 | 4,38 | 0,4 |
| 18. Diverse | 9,00 | 18,09 | 14,50 | 9,70 | 10,11 | 9,54 | 17,08 | 9,99 | 11,71 | 1,2 |
| 19. Onderhoud van Familielede | 10,72 | 3,94 | 24,70 | 11,30 | 33,46 | 12,53 | 22,63 | 28,86 | 19,19 | 1,9 |
| 20. Vakansie-uitgawes | 0,71 | 0,34 | 0,58 | 0,82 | 0,37 | 1,54 | 0,69 | 0,17 | 0,64 | 0,1 |
| 21. Belasting | 9,12 | 11,33 | 15,37 | 6,64 | 9,50 | 14,26 | 8,18 | 11,78 | 10,01 | 1,0 |
| 22. Besparing | 25,99 | 49,60 | 55,48 | 28,02 | 42,32 | 30,55 | 18,02 | 33,62 | 33,04 | 3,3 |
| Alle items | 1 118,14 | 1 096,43 | 1 204,93 | 966,77 | 988,55 | 1 179,17 | 948,95 | 759,64 | 1 008,22 | 100,0 |
| Getal Huishoudings | 302 | 147 | 147 | 371 | 361 | 194 | 314 | 270 | 2 106 | |
| Getal Persone | 1 530 | 858 | 874 | 2 108 | 1 969 | 1 144 | 1 626 | 1 338 | 11 447 | |
| Gemiddelde grootte van Huishoudings | 5,07 | 5,84 | 5,95 | 5,68 | 5,45 | 5,90 | 5,18 | 4,94 | 5,4 | |

Bron: Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. Income and expenditure patterns of Non-White urban households, Navorsingsverslae, 1972.

BYLAE D

DIE KONTANTBESTEDINGSPATRONE VAN ENKEL BANTOEHUISHOUDINGS IN VERSKILLENDE STEDELIKE GEBIEDE, 1970 (RAND PER JAAR)

| Bestedingsitems | Johannesburg | Pretoria | Durban | Kaapstad | Port Elizabeth | Oos-Londen | Geweegde Gemiddelde | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | R | % |
| 1. Voedsel | 117,05 | 85,14 | 112,80 | 222,13 | 136,60 | 104,22 | 120,54 | 25,3 |
| 2. Klerasie, Skoeisel en Toebehore | 46,46 | 67,72 | 41,92 | 77,29 | 74,12 | 37,97 | 54,11 | 11,4 |
| 3. Behuising (insl. Elektrisiteit) | 23,21 | 37,21 | 22,87 | 25,92 | 37,19 | 21,22 | 27,17 | 5,7 |
| 4. Brandstof en Beligting | 5,01 | 3,36 | 3,63 | 13,15 | 4,61 | 2,17 | 4,83 | 1,0 |
| 5. Vervoer | 30,41 | 56,62 | 19,37 | 43,48 | 20,35 | 11,02 | 31,22 | 6,6 |
| 6. Mediese en Tandheelkundige Dienste | 1,01 | 1,83 | 5,14 | 2,88 | 2,02 | 2,34 | 2,55 | 0,5 |
| 7. Onderwys | 2,96 | 0,90 | 1,38 | 1,39 | 1,12 | 4,14 | 1,96 | 0,4 |
| 8. Versekering | 1,55 | 0,73 | 1,62 | 16,13 | 2,35 | 1,96 | 2,86 | 0,6 |
| 9. Ontspanning, Vermaaklikheid en Sport | 2,35 | 3,05 | 3,68 | 6,59 | 6,60 | 1,39 | 3,52 | 0,7 |
| 10. Meubels en Huishoudelike Toerusting | 20,77 | 47,09 | 13,84 | 65,83 | 32,95 | 19,77 | 29,11 | 6,1 |
| 11. Alkoholiese Drank | 40,86 | 23,60 | 41,31 | 85,29 | 27,75 | 11,80 | 38,19 | 8,0 |
| 12. Sigarette en Tabak | 16,00 | 11,15 | 13,39 | 21,97 | 9,12 | 3,15 | 13,28 | 2,8 |
| 13. Was- en Skoonmaakmateriaal | 4,90 | 4,53 | 3,17 | 8,37 | 5,31 | 3,66 | 4,66 | 1,0 |
| 14. Droogskoonmaak en Wasgoed | 10,41 | 9,63 | 8,10 | 19,88 | 10,36 | 6,61 | 10,25 | 2,2 |
| 15. Persoonlike Versorging en Patente Medisyne | 12,08 | 15,95 | 13,42 | 14,15 | 27,38 | 25,06 | 15,85 | 3,3 |
| 16. Kommunikasie | 0,13 | 0,35 | 0,19 | 1,07 | 0,51 | 0,64 | 0,35 | 0,1 |
| 17. Leesstof en Skryfbehoeftes | 1,85 | 1,83 | 0,93 | 2,39 | 2,72 | 1,38 | 1,71 | 0,4 |
| 18. Diverse | 5,06 | 3,92 | 2,75 | 4,96 | 6,63 | 4,35 | 4,36 | 0,9 |
| 19. Onderhoud van Familielede | 95,13 | 57,93 | 101,39 | 59,50 | 65,55 | 47,30 | 79,70 | 16,8 |
| 20. Vakansie-uitgawes | 1,18 | 0,26 | 0,47 | 0,55 | 0,13 | 0,23 | 0,59 | 0,1 |
| 21. Belastings | 3,97 | 3,50 | 4,80 | 5,77 | 3,81 | 2,38 | 4,10 | 0,9 |
| 22. Besparings | 36,61 | 19,14 | 17,61 | 17,38 | 28,24 | 18,88 | 24,65 | 5,2 |
| Alle Items | 47,9 | 48,44 | 433,78 | 716,07 | 504,52 | 331,64 | 475,56 | 100,0 |
| Getal Persone | 437 | 274 | 382 | 135 | 142 | 120 | 1 470 | |

Bron: Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. Income and expenditure patterns of Non-White urban households, Navorsingsverslae, 1972.

BYLAE E

GEMIDDELDE JAARLIKSE UITGAWES (R) DEUR MEERVOUDIGE BANTOEHUISHOUDINGS OP VOEDSEL EN MEUBELS, 1970

| Bestedingsitem | Johannesburg | Krugersdorp | Tembisa | Pretoria | Durban | Kaapstad | Port Elizabeth | Oos-Londen | Geweegde Gemiddelde | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | R | % |
| VOEDSEL | | | | | | | | | | |
| 1. Graanprodukte | 85,56 | 81,78 | 125,56 | 78,74 | 89,56 | 90,26 | 83,54 | 65,04 | 85,07 | 23,16 |
| 2. Vleisprodukte | 131,13 | 121,81 | 109,43 | 100,60 | 77,63 | 130,32 | 96,94 | 65,88 | 100,88 | 27,46 |
| 3. Visprodukte | 4,46 | 6,62 | 4,62 | 3,27 | 5,65 | 9,42 | 6,87 | 3,75 | 5,34 | 1,45 |
| 4. Vette en Olies | 6,41 | 7,11 | 4,46 | 6,11 | 13,31 | 6,19 | 10,99 | 6,35 | 8,11 | 2,21 |
| 5. Melkprodukte en Eiers | 44,81 | 40,18 | 48,20 | 32,75 | 40,39 | 61,09 | 33,49 | 33,05 | 40,15 | 10,93 |
| 6. Groente | 47,34 | 52,30 | 62,54 | 45,72 | 80,01 | 71,99 | 76,74 | 66,64 | 63,19 | 17,20 |
| 7. Vrugte en Neute | 17,57 | 25,37 | 29,70 | 14,82 | 17,12 | 20,49 | 14,86 | 12,31 | 17,59 | 4,79 |
| 8. Suikerprodukte | 25,24 | 30,35 | 17,94 | 22,57 | 18,92 | 23,44 | 25,92 | 18,12 | 22,56 | 6,14 |
| 9. Nie-alkoholiese Dranke | 14,22 | 12,64 | 7,99 | 10,49 | 11,32 | 16,34 | 16,54 | 11,07 | 12,66 | 3,45 |
| 10. Diverse | 8,04 | 8,26 | 5,49 | 7,50 | 6,76 | 8,41 | 9,37 | 4,74 | 7,37 | 2,00 |
| 11. Babakos | 3,67 | 6,12 | 4,51 | 2,79 | 5,38 | 7,44 | 4,80 | 2,89 | 4,45 | 1,21 |
| TOTAAL | | | | | | | | | | |
| 1. Tuisverbruik | 388,45 | 392,54 | 420,44 | 325,36 | 366,05 | 445,39 | 380,06 | 289,84 | 367,37 | 100,00 |
| 2. Buiteverbruik | 41,58 | 31,04 | 23,40 | 28,49 | 25,62 | 8,40 | 22,28 | 13,33 | 24,97 | |
| MEUBELS | | | | | | | | | | |
| 1. Meubelment | 60,53 | 54,46 | 72,55 | 48,13 | 29,61 | 55,14 | 46,89 | 25,04 | 46,38 | 51,68 |
| 2. Elektriese Toerusting | 3,89 | 1,26 | 6,07 | 9,84 | 3,47 | 6,29 | 1,97 | 0,64 | 4,35 | 4,85 |
| 3. Musiek Instrumente | 6,67 | 19,28 | 10,48 | 12,74 | 9,62 | 12,93 | 12,96 | 6,51 | 10,89 | 12,14 |
| 4. Nie-elektriese Toerusting | 25,79 | 15,06 | 29,61 | 20,33 | 9,24 | 16,62 | 4,44 | 3,12 | 14,57 | 16,24 |
| 5. Diverse Huishoudelike Toerusting | 3,15 | 5,29 | 3,82 | 4,61 | 4,91 | 9,62 | 3,49 | 3,76 | 4,63 | 5,15 |
| 6. Huishoudelike Linne en Sagteware | 8,13 | 9,22 | 11,75 | 10,83 | 6,43 | 12,59 | 6,54 | 8,91 | 8,92 | 9,94 |
| TOTAAL | 108,16 | 104,57 | 134,28 | 106,48 | 63,28 | 113,19 | 76,29 | 47,96 | 89,74 | 100,00 |
| Getal Huishoudings | 302 | 147 | 147 | 371 | 361 | 194 | 314 | 270 | 2 106 | |

Bron: Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. Income and expenditure patterns of Non-White urban households, Navorsingsverslae, 1972.

BYLAE F

DIE PERSENTUELE KONTANTBESTEDINGSPATROON VAN MEERVOUDIGE BANTOEHUISHOUDINGS IN VERSKILLENDE STEDELIKE GEBIEDE, 1970

| Bestedingsitem | Johannesburg | Krugersdorp | Tembisa | Pretoria | Durban | Kaapstad | Port Elizabeth | Oos-Londen | Geweegde Gemiddelde |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Voedsel | 38,46 | 38,63 | 36,84 | 36,60 | 39,62 | 38,48 | 42,40 | 39,91 | 38,9 |
| 2. Klerasie, Skoeisel en Toebehore | 11,60 | 13,93 | 11,17 | 11,55 | 11,23 | 16,66 | 10,63 | 15,71 | 12,5 |
| 3. Behuising (insl. elektrisiteit) | 6,93 | 4,41 | 4,19 | 7,18 | 7,08 | 6,04 | 6,10 | 5,60 | 6,2 |
| 4. Brandstof en Beligting | 4,17 | 3,45 | 2,64 | 3,24 | 2,24 | 2,59 | 2,32 | 1,86 | 2,9 |
| 5. Vervoer | 7,24 | 52,6 | 6,42 | 6,46 | 7,32 | 5,31 | 5,95 | 5,66 | 6,4 |
| 6. Mediese en Tandheelkundige Dienste | 0,26 | 0,66 | 0,64 | 0,54 | 0,82 | 0,50 | 0,48 | 0,47 | 0,5 |
| 7. Onderwys | 1,36 | 0,94 | 0,63 | 1,12 | 0,98 | 1,00 | 0,97 | 1,30 | 1,1 |
| 8. Versekering | 0,61 | 0,77 | 0,63 | 0,62 | 0,63 | 1,75 | 1,14 | 0,96 | 0,9 |
| 9. Ontspanning, Vermaaklikheid en Sport | 0,59 | 0,93 | 0,44 | 0,39 | 0,61 | 0,75 | 1,06 | 0,55 | 0,7 |
| 10. Meubels en Huishoudelike Toerusting | 9,67 | 9,54 | 11,14 | 11,01 | 6,40 | 9,60 | 8,04 | 6,31 | 8,9 |
| 11. Alkoholiese Drank | 4,54 | 2,43 | 5,76 | 5,09 | 5,30 | 3,00 | 4,17 | 2,17 | 4,3 |
| 12. Sigarette en Tabak | 1,83 | 1,80 | 1,64 | 1,68 | 2,04 | 1,05 | 1,55 | 0,99 | 1,6 |
| 13. Was- en Skoonmaakmiddels | 1,88 | 2,00 | 1,46 | 2,01 | 1,68 | 1,67 | 2,30 | 1,73 | 1,8 |
| 14. Droogskoonmaak en Wasgoed | 1,59 | 2,54 | 2,71 | 1,90 | 1,02 | 1,43 | 1,38 | 1,33 | 1,6 |
| 15. Persoonlike Versorging en Patente Medisyne | 3,62 | 4,59 | 4,31 | 3,44 | 3,04 | 3,80 | 3,74 | 3,63 | 3,7 |
| 16. Kommunikasie | 0,08 | 0,13 | 0,03 | 1,00 | 0,03 | 0,20 | 0,16 | 0,28 | 0,1 |
| 17. Leesstof en Skryfbehoeftes | 0,62 | 0,40 | 0,18 | 0,36 | 0,27 | 0,37 | 0,60 | 0,42 | 0,4 |
| 18. Diverse | 0,80 | 1,65 | 1,20 | 1,00 | 1,02 | 0,81 | 1,80 | 1,32 | 1,2 |
| 19. Onderhoud van Familie | 0,96 | 0,36 | 2,05 | 1,14 | 3,38 | 1,06 | 2,38 | 3,80 | 1,9 |
| 20. Vakansie-uitgawes | 0,06 | 0,03 | 0,05 | 0,08 | 0,04 | 0,13 | 0,07 | 0,02 | 0,1 |
| 21. Belasting | 0,81 | 1,03 | 1,28 | 0,69 | 0,96 | 1,21 | 0,86 | 1,55 | 1,0 |
| 22. Besparing | 2,32 | 4,52 | 4,60 | 2,90 | 4,29 | 2,59 | 1,90 | 4,43 | 3,3 |
| Alle Items | 100,00 | 100,00 | 100,00 | 100,00 | 100,00 | 100,00 | 100,00 | 100,00 | 100,0 |

Bron: Gebaseer op die gegewens in Bylae C.

BYLAE G

DIE PERSENTUELE BESTEDINGSPATRONE VAN BANTOETHUISHOUDINGS IN VERSKILLENDE STEDELIKE GEBIEDE GEDURENDE DIE SESTIGERJARE

| Item | Pretoria 1960/61 | Benoni 1961/62 | Soweto 1962/63 | Kaapstad 1963/64 | Durban 1964/65 | Port Elizabeth/Uitenhage 1964/65 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Voedsel | 40,7 | 42,6 | 41,9 | 49,1 | 42,5 | 49,2 |
| 2. Klere, Skoeisel en Toebehore | 10,5 | 7,3 | 8,8 | 6,6 | 11,9 | 12,1 |
| 3. Behuising | 11,2 | 10,3 | 8,4 | 9,0 | 8,4 | 5,0 |
| 4. Brandstof en Krag | 6,7 | 5,9 | 7,1 | 4,9 | 3,8 | 4,3 |
| 5. Vervoer | 5,5 | 4,9 | 6,0 | 6,0 | 6,5 | 3,6 |
| 6. Belasting | 0,7 | 0,7 | 0,7 | 0,6 | 0,6 | 0,6 |
| 7. Mediese en Tandheelkundige Dienste | 0,7 | 0,9 | 0,3 | 0,3 | 0,3 | 0,3 |
| 8. Onderwys | 0,8 | 0,5 | 0,9 | 0,5 | 1,1 | 0,6 |
| 9. Versekering | 1,1 | 0,7 | 0,5 | 0,9 | 0,4 | 0,6 |
| 10. Ontspanning, Vermaaklikheid en Sport | 0,9 | 1,2 | 0,7 | 0,4 | 0,7 | 0,8 |
| 11. Huurkooppaaiemente | 3,8 | 4,3 | 5,0 | 4,5 | 4,1 | 4,9 |
| 12. Loopkoste : Motorvoertuie | 0,9 | 1,4 | 1,1 | 1,3 | 0,4 | 0,4 |
| 13. Bantoebier en Alkoholiese Drank | 3,9 | 4,7 | 3,9 | 4,5 | 6,6 | 4,6 |
| 14. Sigarette en Tabak | 2,8 | 3,3 | 3,3 | 1,8 | 2,8 | 2,2 |
| 15. Was- en Skoonmaakmiddels | 3,6 | 3,3 | 3,3 | 2,3 | 2,1 | 2,5 |
| 16. Droogskoonmaak en Herstel | 2,7 | 3,0 | 2,7 | 1,7 | 1,4 | 1,9 |
| 17. Persoonlike Vervorging | 1,2 | 2,0 | 1,5 | 2,0 | 1,9 | 2,2 |
| 18. Diverse | 2,3 | 3,0 | 3,9 | 3,6 | 4,5 | 4,2 |
| Alle Items | 100,0 | 100,0 | 100,0 | 100,0 | 100,0 | 100,0 |
| Gemiddelde Maandelikse Besteding (R) | 47,58 | 57,30 | 62,69 | 64,67 | 67,40 | 63,89 |

Bron: Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. Navorsingsverslae.

BYLAE H

BESTEDING DEUR VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE OP VERSKILLENDE PRODUKGROEPE AS PERSENTASIE VAN TOTALE BESTEDING, 1968

| Items | Blankes | Bantoes | Kleurlinge | Asiërs | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. Voedsel | 18,82 | 37,99 | 43,51 | 40,98 | 23,87 |
| (a) Graanprodukte | 2,17 | 6,86 | 9,03 | 9,95 | 3,54 |
| (b) Vleisprodukte | 5,06 | 8,70 | 11,34 | 7,89 | 6,10 |
| (c) Vis | 0,60 | 0,84 | 2,14 | 2,63 | 0,80 |
| (d) Vette, Olies en Margerine | 0,32 | 0,67 | 1,24 | 0,01 | 0,42 |
| (e) Melkprodukte | 3,49 | 4,00 | 7,32 | 7,39 | 3,95 |
| (f) Groente | 1,82 | 3,41 | 4,73 | 6,43 | 2,38 |
| (g) Vrugte | 1,36 | 0,57 | 1,68 | 1,66 | 1,28 |
| (h) Suiker en Verwante Produkte | 1,17 | 2,17 | 2,33 | 1,81 | 1,41 |
| (i) Nie-alkoholiese Drank | 1,20 | 2,16 | 2,31 | 1,93 | 1,43 |
| (j) Ander Voedsel | 1,63 | 8,61 | 1,39 | 1,28 | 2,56 |
| 2. Klere | 9,99 | 15,27 | 12,35 | 12,44 | 10,95 |
| 3. Behuising | 14,46 | 6,40 | 9,58 | 11,27 | 12,91 |
| 4. Brandstof en Beligting | 1,78 | 4,01 | 4,98 | 5,20 | 2,42 |
| 5. Vervoer | 16,51 | 7,44 | 4,74 | 4,83 | 14,07 |
| 6. Mediese Dienste | 2,92 | 0,37 | 0,37 | 0,47 | 2,32 |
| 7. Onderwys | 2,59 | 0,58 | 0,22 | 0,97 | 2,10 |
| 8. Versekering en Pensioen | 6,34 | 0,77 | 1,59 | 2,47 | 5,12 |
| 9. Vermaak | 2,76 | 0,69 | 2,23 | 2,43 | 2,43 |
| 10. Meubels en Toerusting | 7,66 | 6,30 | 4,39 | 4,67 | 7,15 |
| 11. Bediende lone | 2,95 | 0,02 | 0,66 | 0,30 | 2,31 |
| 12. Alkoholiese Drank | 1,54 | 6,52 | 1,41 | 1,67 | 2,21 |
| 13. Tabak | 1,93 | 3,52 | 4,24 | 3,07 | 2,35 |
| 14. Was- en Skoonmaakmateriaal | 1,02 | 2,73 | 2,01 | 1,78 | 1,35 |
| 15. Was- en Droogskoonmaakdienste | 0,57 | 3,62 | 2,16 | 1,77 | 1,13 |
| 16. Persoonlike Versorging | 2,68 | 2,55 | 3,38 | 3,16 | 2,75 |
| 17. Diverse | 5,48 | 1,22 | 2,18 | 2,52 | 4,58 |
| TOTAAL | 100,00 | 100,00 | 100,00 | 100,00 | 100,00 |

Bron: Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. Income and expenditure patterns of Non-White urban households, Navorsingsverslae, 1972.

BYLAE I

DIE INKOME-ELASTISITEIT VAN DIE VRAAG VAN BANTOEHUISHOUDINGS NA ENKELE PRODUKTE IN PRETORIA, 1961

| Item | Inkome-elastisiteit |
|---|---|
| 1. Voedsel | 0,84 |
| 2. Klerasie, Skoeisel en Toebehore | 1,57 |
| 3. Behuising | 0,09 |
| 4. Brandstof en Ligte | 0,41 |
| 5. Vervoer | 1,57 |
| 6. Belasting | 1,17 |
| 7. Onderwys | 1,67 |
| 8. Versekering | 0,83 |
| 9. Sport en Ontspanning | 1,60 |
| 10. Huurkooppaaiemente | 2,45 |
| 11. Alkoholiese Drank | 0,92 |
| 12. Sigarette en Tabak | 1,43 |
| 13. Was- en Skoonmaakmiddels | 0,73 |
| 14. Droogskoonmaak | 1,41 |
| 15. Persoonlike Versorging | 1,22 |
| 16. Diverse uitgawes | 2,21 |

Bron: Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. Navorsingsverslag no. 18, September 1965, p. 23.

BYLAE J

GESINSGROOTTES EN INKOMES VAN MEERVOUDIGE BANTOEHUISHOUDINGS IN VERSKILLENDE STEDELIKE GEBIEDE, 1970

| | | Johannesburg | Krugersdorp | Tembisa | Pretoria | Durban | Kaapstad | Port Elizabeth | Oos-Londen | Geweegde Gemiddelde |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Gemiddelde grootte van Huishoudings | | 5,07 | 5,84 | 5,95 | 5,68 | 5,45 | 5,90 | 5,18 | 4,94 | 5,43 |
| 2. Gemiddelde getal verdieners per huishouding | | 1,70 | 1,73 | 1,90 | 1,74 | 1,61 | 1,67 | 1,68 | 1,56 | 1,68 |
| 3. Gemiddelde jaarlikse inkome per huishouding | (R) | 1 042,63 | 1 027,24 | 1 129,60 | 934,51 | 932,87 | 1 137,44 | 914,35 | 727,94 | 959,03 |
| 4. Gemiddelde jaarlikse inkome per verdiener | (R) | 614,99 | 592,18 | 595,16 | 536,69 | 580,63 | 681,06 | 543,76 | 466,85 | 568,80 |
| MINUS | | | | | | | | | | |
| (a) Natura Vergoedings | (R) | 14,80 | 22,10 | 22,84 | 30,19 | 31,37 | 31,03 | 32,71 | 26,57 | 27,09 |
| (b) Bybehuising | (R) | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,10 | 0,35 | 0,30 | 0,47 | 0,00 | 0,18 |
| (c) Toegerekende Huur | (R) | 0,46 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,10 | 0,00 | 0,00 | 0,23 | 0,11 |
| TOTAAL | (R) | 15,26 | 22,10 | 22,84 | 30,29 | 31,82 | 31,33 | 33,18 | 26,80 | 27,38 |
| 5. Gemiddelde besteebare inkome per verdiener | (R) | 599,73 | 570,08 | 572,32 | 506,40 | 548,81 | 649,73 | 510,58 | 440,05 | 541,42 |
| 6. Persentasie bydraes van verskillende verdieners | | | | | | | | | | |
| (a) Gesinshoofde | | 70,6 | 69,2 | 63,4 | 70,9 | 76,8 | 71,6 | 71,7 | 74,4 | 71,9 |
| (b) Vrouens | | 15,2 | 12,0 | 13,3 | 14,3 | 14,4 | 12,7 | 14,1 | 11,7 | 13,7 |
| (c) Ander | | 14,2 | 18,8 | 23,3 | 14,8 | 8,8 | 15,7 | 14,2 | 13,9 | 14,4 |

Bron: Vergelyk Bylae C.

BYLAE K

GEMIDDELDE JAARLIKSE TOENAME IN DIE INKOME VAN BANTOES, 1964 - 1968

| | Hoof ekonomiese streek | Sub-ekonomiese streek | Toename (% p.j.) |
|---|---|---|---|
| 01 | Kaapse Skiereiland | 0101 | 5,03 |
| 03 | Port Elizabeth/Uitenhage | 0301 | 6,19 |
| 08 | Durban/Pinetown | 0801 | 5,11 |
| 10 | P.W.V. | 1001 | 5,05 |
| | | 1002 | 4,84 |
| | | 1003 | 5,81 |
| | | 1004 | 5,67 |
| | | 1005 | 5,42 |
| | | 1006 | 5,88 |
| | | 1007 | 5,77 |
| Gemiddeld | | | 5,48 |

Bron: Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. Market potentials of consumer goods in the main metropolitan areas of the Republic of South Africa for 1968 by population group, Navorsingsverslag no. 26, 1971.

BYLAE L

DIE AARD EN GETAL VAN DUURSAME GOEDERE PER MEERVOUDIGE BANTOEHUISHOUDINGS IN VERSKILLENDE STEDELIKE GEBIEDE, 1970

| Item | Johannesburg | Krugersdorp | Tembisa | Pretoria | Durban | Kaapstad | Port Elizabeth | Oos-Londen | Totaal : Alle Gebiede |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Fiets | 0,2 | 0,05 | 0,07 | 0,07 | 0,008 | - | 0,01 | 0,02 | 0,03 |
| 2. Motorfiets | 0,003 | 0,007 | 0,007 | 0,008 | 0,006 | - | 0,003 | - | 0,004 |
| 3. Motorvoertuig (Privaat) | 0,03 | 0,05 | 0,06 | 0,05 | 0,05 | 0,06 | 0,06 | 0,03 | 0,05 |
| 4. Motorvoertuig (Besigheid) | 0,003 | - | - | 0,03 | 0,01 | 0,02 | 0,003 | 0,004 | 0,01 |
| 5. Radio | 0,21 | 0,23 | 0,37 | 0,22 | 0,35 | ,46 | 0,33 | 0,35 | 0,31 |
| 6. Radiogram en Platespeler | 0,36 | 0,72 | 0,35 | 0,38 | 0,30 | 0,34 | 0,35 | 0,16 | 0,35 |
| 7. Bandopnemer | 0,003 | 0,01 | 0,007 | 0,008 | 0,006 | - | 0,003 | 0,004 | 0,005 |
| 8. Naaimasjien | 0,21 | 0,22 | 0,31 | 0,25 | 0,40 | 0,24 | 0,20 | 0,25 | 0,26 |
| 9. Ys- en Vrieskas | 0,07 | 0,05 | 0,01 | 0,15 | 0,04 | 0,07 | 0,03 | 0,01 | 0,06 |
| 10. Warmwatertoestel | - | 0,007 | 0,01 | 0,01 | 0,01 | 0,005 | - | 0,004 | 0,007 |
| 11. Musiekinstrument | - | - | - | 0,005 | 0,01 | 0,005 | 0,006 | 0,004 | 0,005 |
| 12. Grammofoon | - | - | - | 0,002 | 0,008 | - | - | 0,007 | 0,003 |
| 13. Vloerpoleerder | - | 0,007 | - | 0,002 | - | - | 0,003 | - | 0,001 |
| 14. Stofsuier | - | - | - | - | - | 0,005 | 0,003 | - | - |
| 15. Elektriese Ketel | 0,04 | 0,007 | - | 0,11 | 0,008 | 0,03 | 0,03 | 0,007 | 0,04 |
| 16. Elektriese Strykyster | 0,05 | 0,02 | - | 0,38 | 0,036 | 0,08 | 0,09 | 0,01 | 0,10 |
| 17. Elektriese Menger | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 18. Elektriese Broodrooster | - | - | - | 0,01 | - | - | 0,003 | - | 0,003 |
| 19. Elektriese Stoof en Warmplaat | 0,03 | - | - | 0,09 | 0,04 | 0,08 | 0,05 | 0,004 | 0,04 |
| 20. Wasmasjien | - | 0,01 | - | 0,02 | 0,002 | 0,01 | - | - | 0,005 |
| 21. Ander | - | - | 0,007 | - | 0,02 | - | 0,01 | - | 0,006 |
| Getal Huishoudings | 302 | 147 | 147 | 371 | 361 | 194 | 314 | 270 | 2 106 |

Bron: Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika. Income and expenditure patterns of Non-White urban households, Navorsingsverslae, 1971/73.


BYLAE M

GERAAMDE KONTANTBESTEDING DEUR MEERVOUDIGE BANTOEHUISHOUDINGS IN ITSOSENG[1] (RAND PER JAAR)

| Bestedingsitem | Tans[2] 1972 | 1973[3] | 1978[4] | Aangesuiwerde ramings[5] | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1975 | 1978 |
| 1. Voedsel | 658 577 | 4 208 591 | 5 012 654 | 4 137 600 | 4 844 739 |
| 2. Klerasie, Skoeisel en Toebehore | 211 625 | 1 352 375 | 1 610 750 | 1 487 569 | 1 948 800 |
| 3. Behuising (insl. elektrisiteit) | 104 966 | 670 778 | 798 932 | 572 381 | 581 704 |
| 4. Brandstof en Beligting | 49 097 | 313 751 | 373 694 | 283 360 | 304 791 |
| 5. Vervoer | 108 352 | 692 416 | 824 706 | 761 636 | 997 786 |
| 6. Mediese en Tandheelkundige Dienste | 6 465 | 54 095 | 64 430 | | |
| 7. Onderwys | 18 623 | 119 009 | 141 746 | 132 989 | 177 021 |
| 8. Versekering | 15 237 | 97 371 | 115 974 | 94 588 | 109 436 |
| 9. Ontspanning, Vermaaklikheid en Sport | 11 851 | 75 733 | 90 202 | 83 716 | 110 215 |
| 10. Meubels en Huishoudelike Toerusting | 150 677 | 962 891 | 1 146 854 | | |
| 11. Alkoholiese Drank | 72 799 | 465 217 | 554 098 | 458 934 | 539 206 |
| 12. Sigarette en Tabak | 27 088 | 173 104 | 206 176 | 186 057 | 238 175 |
| 13. Was- en Skoonmaakmiddels | 30 474 | 194 742 | 231 948 | 185 952 | 202 598 |
| 14. Droogskoonmaak en Wasgoed | 27 088 | 173 104 | 206 176 | 185 441 | 236 600 |
| 15. Persoonlike Versorging en Patente Medisyne | 62 641 | 400 303 | 476 782 | 415 452 | 513 526 |
| 16. Kommunikasie | 1 693 | 10 819 | 12 886 | | |
| 17. Leesstof en Skryfbehoeftes | 6 772 | 43 276 | 51 544 | | |
| 18. Diverse | 20 316 | 129 828 | 154 632 | | |
| 19. Onderhoud van Familielede | 32 167 | 205 561 | 244 834 | | |
| 20. Vakansie-uitgawes | 1 693 | 10 819 | 12 886 | | |
| 21. Belasting | 16 930 | 108 190 | 128 860 | 111 345 | 136 479 |
| 22. Besparing | 55 869 | 357 027 | 425 238 | | |
| Alle items | 1 693 000 | 10 819 000 | 12 886 000 | | |

1) Gebaseer op die persentasies wat in die laaste kolom van Bylae C verskyn.
2) Aantal woonhuise 1973 = 1 693
   Inkome per huishouding = R1 000 p.j.
3) Veronderstelling dat alle beplande uitbreiding voltooi is, d.w.s. dat daar 9 084 woonhuise (huishoudings) is en dat die gemiddelde inkome per huishouding teen 'n gemiddelde koers van 6% per jaar toeneem.
4) Dieselfde veronderstelling as by (2).
5) Gebaseer op die inkome-elastisiteite soos aangetoon in Bylae H.

BYLAE N





| WINKELNOMMER | TOTALE VLOEROPPERVLAKTE. |
|---|---|
| 1 | 108 |
| 2 | 144 |
| 3 | 270 |
| 4 | 102 |
| 5 | 102 |
| 6 | 102 |
| 7 | 84 |
| 8 | 84 |
| 9 | 84 |
| 10 | 66 |
| 11 | 72 |
| 12 | 54 |
| 13 | 378 |
| 14 | 108 |
| 15 | 72 |
| 16 | 108 |
| 17 | 648 |
| 18 | 126 |
| 19 | 396 |
| 20 | 237 |
| 21 | 237 |
| 22 | 237 |
| 23 | 237 |
| 24 | 738 |
| 25 | 108 |
| | 4902 vk meter |

WINKELSENTRUM
DETAIL-PLAN.

Bron – Wes-Transvaalse Bantoesake-Administrasieraad.

BYLAE O





538

**WINKELSENTRUM ERFINDELING.**

*Bron ~ Wes-Transvaalse Bantoesake-Administrasieraad*

BYLAE P





STADSENTRUM MET BUSROETE.

*Bron ~ Wes-Transvaalse Bantoesake-Administrasieraad.*

BYLAE Q


# ITSOSENG - UITLEG




*Bron - Wes-Transvaalse Bantoesake - Administrasieraad.*

BYLAE R






# SKETSPLAN ~ SPOORLYN VAN WHITES S.A.P.C. Co. LTD. VANAF FABRIEK IN LICHTENBURG NA SPRINGBOKPAN / DRIEFONTEIN

-·-·-·-·- SPOORLYN AB ~ BESTAANDE SPOORLYN BMKCGD ~ VOORGESTELDE NUWE LYN

VOORGESTELDE WYSIGINGE AAN DIE BEOOGDE LYN MET DIE DOEL VAN PASSASIERSVERVOER ~ CEG OF CHG OF KPHG

S ~ LICHTENBURG SPOORWEGSTASIE XYZ ~ ITSOSENG BANTOEDORP KLMN ~ EIENDOM VAN WHITES S.A.P.C. Co LTD

-------- PROVINSIALE EN ANDER PAAIE —·—·—·— GRENS TUSSEN BLANKE GEBIED EN TSWANA TUISLAND

BERAAMDE AFSTANDE CG = 6,6 km. KCG = 9,0 km. CEG = 7,6 km. CHG = 8,7 km. KPHG = 11,0 km.

*Bron ~ Wes-Transvaalse Bantoesake-Administrasieraad.*